

***Die Jobdrama:***  
***‘n narratologiese ondersoek van die boek Job.***

DEUR:

IZAK ALDERT BRINK

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad:

**DOCTOR LITTERARUM (SEMITIESE TALE)**

in die

DEPARTEMENT ANTIEKE TALE

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

Universiteit van Pretoria

PROMOTOR: Prof. GTM PRINSLOO

Pretoria

Oktober 2005

AAN MY BESTE VRIEND EN LEWENSKAMERAAD

**SUSAN**

## **OPSOMMING**

### **Die Jobdrama:**

### **‘n Narratologiese ondersoek van die Boek Job.**

**deur**

**Izak Aldert Brink**

**Studieleier: Prof. G.T.M. Prinsloo**

**Departement: Antieke Tale (Semitiese Tale)**

**Graad: Doctor Litterarum (Semitiese Tale)**

In hierdie studie word ‘n Bybelse narratiewe teorie en metodologie nagevors en ontwikkel. Hierdie teorie en metodologie word dan toegepas op die boek Job. Die doel van die studie is dus tweeledig: eerstens is dit ‘n ondersoek na die teorie van narratologie, spesifiek gefokus op die Bybelse narratief; tweedens is dit ‘n toepassing van die teorie op die boek Job. Die hipotese vir die studie is dat die narratiewe metode heelparty antwoorde op vrae wat uit die navorsing op die boek Job ontstaan het, bied. Die oogmerk van die studie is nie om vorige Jobnavorsing verkeerd te bewys nie, maar om ‘n alternatiewe stem te wees wat saam oor die boek gesels. Die basiese voorveronderstelling in die studie is dat die boek Job as ‘n drama gelees kan word. In die toepassing van die teorie word eerstens gekyk na die gebeure in en plot van die boek Job. Vervolgens word die karakters, karakterisering, tyd en ruimte bestudeer. Laastens kom fokalisasie en die rol van die verteller aan die beurt. Sodoende word die boek Job as ‘n narratiewe literêre kunswerk by uitnemendheid waardeur. Die studie slaag daarin om ‘n narratiewe metode op die boek toe te pas en om nuwe perspektiewe te bied op ou probleme in Jobnavorsing.

### **SLEUTELTERME:**

Job, Die boek Job, Narratologie, Bybelse narratologie, Gebeure, Plot, Tyd, Ruimte, Karakters, Karakterisering, Fokalisasie, Verteller, Vertelinstansie

## **SUMMARY**

**The Job drama:**

**A narrative study of the Book of Job.**

**by**

**Izak Aldert Brink**

**Supervisor: Prof. G.T.M. Prinsloo**

**Department: Ancient Languages (Semitic Languages)**

**Degree: Doctor Litterarum (Semitic Languages)**

This study investigates and develops a Biblical narrative theory and methodology. The theory and methodology are then applied to the Book of Job. Thus the study has a twofold aim: firstly it is an investigation into the theory of narratology with specific emphasis upon Biblical narratives; secondly it is an application of the theory to the Book of Job. The hypothesis for the study is that the narrative method can provide answers to many of the questions raised during Joban research. The purpose is not to prove all previous research wrong, rather it wants to be an alternative voice in the scholarly conversation over Job. The basic presupposition of the study is that the Book of Job can be read as a drama. In the application of the theory attention is firstly paid to the events in and the plot of the book. Then the role of characters, characterization, time, and space are discussed. Lastly focalization and the role of the narrator receive attention. This study appreciates the Book of Job as an excellent narrative literary work of art. The study succeeds in applying narrative theory to the Book of Job and in the process sheds some new light on old problems raised in the book's history of research.

### **KEYWORDS:**

Job, Book of Job, Narratology, Biblical narratology, Events, Plot, Time, Space, Characters, Characterization, Focalization, Narrator.



## **VOORWOORD.**

*Die taal van die hart word geskryf in narratiewe taal. Ons hart praat nie in naakte feite van wiskunde of die abstrakte waarhede van sistematiese teologie nie. Ons hart praat in die beelde en emosies van stories. Kyk maar net die verskil in entoesiasme by ons wanneer ons die geleentheid kry om 'n handboek te bestudeer, teenoor die aanbod om 'n film te gaan kyk, 'n roman te lees of na die verhale van iemand anders se lewe te luister. Dit is soos Elie Wiesel beweer: "God het die mens geskep, omdat Hy van verhale hou."*

- John Eldredge -<sup>1</sup>

Ek wil dit waag om te sê dat mense se lewens afhang van stories. Soos wat die mens brood en water nodig het om te lewe, net so het die mens stories nodig. Sonder stories sal die mens sterf. Daarom dalk dat die Brood van die Lewe en die Lewenswater in die vorm van stories aangebied word ...

Waar hoor 'n mens mooier stories as die verhale in die Bybel, verhale oor God en mense en hulle verhouding met mekaar? Die persepsie bestaan dat die Bybel tans 'n steeds kleiner rol in die samelewing speel. Om grof te stereotipeer: dit lyk soms asof Bybelnavorsers die enigste mense is wat nog geïnteresseerd is in hierdie lewensveranderende verhale. Daarom wil hierdie werk slegs die storie van Job lees, en dit geniet!!

Die Ou Testament is 'n skatkis van kosbare stories wat millennia gelede al vir kinders van die Here vertel is. En Hy is 'n lewende God wat lief is vir stories. Sommige beweer dat ons in die hemel in 'n magdom kore vir God sal sing. Ek dink dis waar. Ek dink ook dat ons vir Hom sal stories vertel. Daar bestaan 'n Joodse legende wat dit bevestig. Dit klink (erg vereenvoudig en geparafraseer) só:<sup>2</sup>

---

<sup>1</sup> Groot aanhalingsboek, *Die*. (2004:324).

<sup>2</sup> *Stories vir die lewe*. (2002:27).

*Toe Jahwe begin soek het na 'n uitverkore volk, was daar 'n aantal kandidate op sy kortlys. Hy het Hom gewend tot die Grieke en aan hulle gevra wat hulle as volk Hom sou kon bied as Hy hulle sy spesiale volk sou maak. Die Grieke het aan Hom gesê dat hulle Hom sou eer met wysheid en filosofie uit die denke van die slimste denkers. Jahwe het dit van die hand gewys.*

*Daarna het Jahwe aan die Romeine gevra wat hulle het om Hom mee te eer as Hy hulle sy uitverkore volk sou maak. Die Romeine het belowe dat hulle Hom sou eer met die pragtigste geboue en argitektuur. Hulle sou hom ook eer met die beste oorlogtuig in die wêreld. Jahwe het die tender nie op die Romeine toegeslaan nie.*

*Jahwe het toe aan die klein en onbenullige Joodse volkie gevra wat hulle het om aan te bied. Die Jode het vir Jahwe gesê dat hulle 'n klein volkie is. Hulle is nie baie slim en geleerd nie. Hulle het nie juis vreeslik indrukwekkende argitektuur of oorlogtuig nie. Al wat kosbaar is wat hulle het om Hom mee te eer, is stories. Hulle sou die vermoë om verhale te vertel, gebruik om Hom te eer. Jahwe het die bod aanvaar.*

Die literêre uitnemendheid van die boek Job is bewys daarvan dat hierdie volk beter stories kon vertel as wat die Grieke kon dink en die Romeine kon bou! Die boek Job is die spreekwoordelike kersie op die Hebreeuse storiekoek. Wat 'n wonderlike voorreg was dit nie om met hierdie werk, ouer as twee millennia, te kon werk nie. Dankie aan die verteller van hierdie verhaal vir die verryking van my verhaal.

Alle lof aan die lewende Here vir die stories wat Hy vir ons kom gee het om te geniet. Alle eer aan Hom omdat Hy Homself kom deel maak het van my persoonlike storie. Alle dank en aanbidding aan Hom dat Hy my die vermoëns en geleenthede gegun het om hierdie proefskrif aan te pak en te voltooi. Mag Hy my bediening ook so seën. *Soli Deo Gloria!!*

Susan was die grootste dryfveer in my lewe. Sy het my al begin aanmoedig toe ek oorweeg het om Hebreus III te neem. Sy het my aan die gang gehou deur my MA en sy het my gemotiveer om hierdie proefskrif klaar te maak. Ons sewe sakke sout was sekerlik my akademie. Sy het so ywerig daaraan geëet dat sy dit lekker laat lyk het om my te ondersteun. Die opofferings wat sy gemaak het kan ek nie meet nie. Susan is 'n by-die-huis-bly-ma. Dit is haar roeping. In die tweede semester van 2004 het sy voltyds gaan werk, sodat ek kon skryf (hoewel ek soms gevoel het dat ek eerder 'n by-die-huis-bly-pa was – wat 'n groot voorreg). Ek kan nie groot genoeg dankie sê nie. Ek is bo alles die dankbaarste dat sy gekies het om

deel te wees van my lewensstorie. Hierdie proefskrif dra ek aan haar op, sy is my beste vriend en grootste bron van inspirasie. Dankie!!!

My twee seuns Gerrie en Aldert, wat te klein is om te besef dat hulle 'n bydrae gelewer het. Aldert was maar 6 maande oud toe ek in 2004 voltyds geskryf en Susan voltyds gewerk het. En Gerrie 'n woelige tweejarige. Dankie kêrels!

My pa en ma se ondersteuning, veral in 2004, was verskriklik kosbaar. Dit het soms gelyk asof dit vir hulle belangriker was dat ek die D afhandel as wat dit vir my was. My ma se huis in Hazyview was vir ons 'n woning, 'n tuiste in 2004 nadat hulle Chrissiesmeer toe getrek het. Haar huislikheid en gasvryheid was daar, al was hulle nie daar nie. My pa is my pa, my mentor en my vriend. Dankie dat julle ons drome deel!

Prof. Gert Prinsloo: Gert, dankie vir die afgelope jare se akademiese- en teologiese vaderskap. Dankie vir die toegevoegde waarde in my lewe. Dankie dat jy ook vir my 'n promotor in my roeping in die bediening is.

My neef Aldert Brink het my doktorsale studie swaarder aan sy sak gevoel as wat ek dit aan my eie sak gevoel het. Hy het my in 2004 ruim finansiële ondersteun. Dankie vir jou bydrae om hierdie droom van my 'n werklikheid te maak.

MC en Zelda wat vir 'haweloses' 'n hawe was – Dankie!!

Christine en Eugene, Ansi, Gerrie en Louise (my boeties en sussies) – dankie vir julle liefde.

'n Projek soos hierdie vra 'n span ondersteuners. Behalwe die bogenoemde mense is daar 'n menigte wat belang gestel en ondersteun het. Die personeel by Pen en Petra Kollege, Hazyview NG Gemeente en vele ander vriende. Aan die kerkraad en lidmate van die Ned. Geref. Kerk Kuruman-Die Oog is ek ook baie dank verskuldig vir die aanmoediging en tyd wat hulle my gegun het vir my studies. Baie duisende dankies!!

Mag die Here julle seën omdat julle my lewensstorie seën!

Aldert Brink

November 2005

## INHOUDSOPGAWE:

|                                                   |              |
|---------------------------------------------------|--------------|
| <b>AFDELING A: Die storie van dié studie ...</b>  | <b>12-65</b> |
| 1. Die storie van die studie – inleidende woorde. | 13-23        |
| 1.1 Probleemstelling                              | 13           |
| 1.2 Hipotese                                      | 15           |
| 1.3 Metode                                        | 19           |
| 1.4 Samevatting                                   | 23           |
| 2. Die studie van die storie – narratiewe teorie. | 24-40        |
| 2.1 Inleiding                                     | 24           |
| 2.2 Storie                                        | 24           |
| i. Gebeure                                        | 25           |
| ii. Karakters                                     | 26           |
| iii. Tyd                                          | 28           |
| a) Volgorde                                       | 28           |
| b) Duur                                           | 30           |
| c) Frekwensie                                     | 31           |
| iv. Ruimte                                        | 32           |
| 2.3 Narratief / Teks                              | 33           |
| i. Tyd                                            | 33           |
| ii. Plot / struktuur                              | 33           |
| iii. Stylfigure                                   | 33           |
| iv. Karakterisering                               | 34           |
| v. Fokalisasie                                    | 34           |
| 2.4 Vertelinstansie                               | 37           |
| i. Temporele verhouding                           | 37           |
| ii. Narratiewe vlak                               | 37           |
| 2.5 Samevatting                                   | 40           |
| 3. Die Bybelstorie – Bybelse narratiewe teorie.   | 41-65        |
| 3.1 Inleiding                                     | 41           |
| 3.2 Historiese kritiek                            | 41           |
| 3.3 Storie                                        | 45           |
| i. Gebeure                                        | 45           |
| ii. Karakters                                     | 47           |
| iii. Tyd                                          | 48           |
| a) Volgorde                                       | 48           |
| b) Duur                                           | 50           |
| c) Frekwensie                                     | 50           |
| iv. Ruimte                                        | 51           |
| 3.4 Narratief                                     | 51           |
| i. Tyd                                            | 51           |
| ii. Plot / struktuur                              | 53           |
| iii. Stylfigure                                   | 54           |
| a) Tipiese-toneel                                 | 54           |
| b) Uitdaging-reaksie stryd                        | 55           |
| iv. Karakterisering                               | 57           |
| v. Fokalisasie                                    | 58           |

|     |                             |    |
|-----|-----------------------------|----|
| 3.5 | Verteller / Vertelinstansie | 60 |
| 3.6 | Fokkelman se 10 vrae        | 61 |
| 3.7 | Narratiewe metode           | 62 |
| 3.8 | Samevatting                 | 64 |

## **AFDELING B: Narratiewe analise en interpretasie van die boek Job. 66-167**

|      |                                                             |         |
|------|-------------------------------------------------------------|---------|
| 4.   | Plot en gebeure.                                            | 67-95   |
| 4.1  | Inleiding                                                   | 67      |
| 4.2  | Plot en gebeure                                             | 67      |
| i.   | Bedryf I [1:1-2:13]                                         | 71      |
| a)   | Toneel 1 [1:1-5]                                            | 71      |
| b)   | Toneel 2 [1:6-12]                                           | 72      |
| c)   | Toneel 3 [1:13-22]                                          | 72      |
| d)   | Toneel 4 [2:1-10]                                           | 72      |
| e)   | Toneel 5 [2:11-13]                                          | 73      |
| ii.  | Bedryf II [3:1-26:14]                                       | 73      |
| a)   | Toneel 6 [3:1-26:14]                                        | 74      |
| iii. | Bedryf III [27:1-42:17]                                     | 77      |
| a)   | Toneel 7 [27:1-31:40]                                       | 77      |
| b)   | Toneel 8 [32:1-37:24]                                       | 78      |
| c)   | Toneel 9 [38:1-42:6]                                        | 78      |
| d)   | Toneel 10 [42:7-9]                                          | 78      |
| e)   | Toneel 11 [42:10-17]                                        | 79      |
| 4.3  | Die plot van Job in terme van 'n uitdaging-reaksie<br>stryd | 79      |
| 4.4  | Samevatting                                                 | 93      |
| 5.   | Karakters en karakterisering.                               | 96-122  |
| 5.1  | Inleiding                                                   | 96      |
| 5.2  | Karakterisering                                             | 96      |
| 5.3  | Karakters                                                   | 100     |
| i.   | Job die Usiet                                               | 102     |
| ii.  | Jahwe die Onbegryplike                                      | 106     |
| iii. | Satan die aanklaer                                          | 111     |
| iv.  | Die trio vriende                                            | 112     |
| v.   | Die jongman Elihu                                           | 114     |
| vi.  | Die bykarakters                                             | 115     |
| 5.4  | Die held van die Jobdrama                                   | 117     |
| i.   | Job as held                                                 | 117     |
| ii.  | Jahwe as held                                               | 118     |
| iii. | Die held – een of albei?                                    | 120     |
| 5.5  | Helpers en opponente                                        | 120     |
| i.   | Job se helpers en opponente                                 | 120     |
| ii.  | Jahwe se helpers en opponente                               | 121     |
| 5.6  | Samevatting                                                 | 121     |
| 6.   | Tyd en ruimte.                                              | 123-139 |
| 6.1  | Inleiding                                                   | 123     |
| 6.2  | Verteltyd                                                   | 124     |

|      |                                          |     |         |
|------|------------------------------------------|-----|---------|
| 6.3  | Vertelde tyd                             | 129 |         |
| i.   | Volgorde (chronologie)                   | 129 |         |
| ii.  | Duur (snelheid)                          | 131 |         |
| iii. | Frekwensie                               | 133 |         |
| iv.  | Samevatting: vertelde tyd                | 135 |         |
| 6.4  | Ruimte                                   | 135 |         |
| 6.5  | Samevatting                              | 139 |         |
| 7.   | Fokalisasie en verteller.                |     | 140-158 |
| 7.1  | Inleiding                                | 140 |         |
| 7.2  | Fokalisasie                              | 140 |         |
| i.   | Bedryf I [1:1-2:13]                      | 141 |         |
| a)   | Toneel 1 [1:1-5]                         | 141 |         |
| b)   | Toneel 2 [1:6-12]                        | 142 |         |
| c)   | Toneel 3 [1:13-22]                       | 143 |         |
| d)   | Toneel 4 [2:1-10]                        | 144 |         |
| e)   | Toneel 5 [2:11-13]                       | 144 |         |
| ii.  | Bedryf II [3:1-26:14]                    | 144 |         |
| a)   | Toneel 6 [3:1-26:14]                     | 145 |         |
| iii. | Bedryf III [27:1-42:17]                  | 146 |         |
| a)   | Toneel 7 [27:1-31:40]                    | 146 |         |
| b)   | Toneel 8 [32:1-37:24]                    | 146 |         |
| c)   | Toneel 9 [38:1-42:6]                     | 146 |         |
| d)   | Toneel 10 [42:7-9]                       | 147 |         |
| e)   | Toneel 11 [42:10-17]                     | 147 |         |
| iv.  | Samevatting: fokalisasie in die Jobdrama | 148 |         |
| 7.3  | Vertelinstantie                          | 152 |         |
| 7.4  | Samevatting                              | 157 |         |
| 8.   | Samevatting en slotopmerkings.           |     | 159-167 |
| 8.1  | Inleiding                                | 159 |         |
| 8.2  | Die narratiewe metode                    | 159 |         |
| 8.3  | Die hipotese                             | 161 |         |
| 8.4  | Die groot probleme                       | 162 |         |
| 8.5  | Die doel van die boek Job                | 166 |         |

## BIBLIOGRAFIE

168-180

## **TABELLE EN DIAGRAMME**

### **TABELLE:**

|                                                                     |     |
|---------------------------------------------------------------------|-----|
| Tabel 2.1: Eksterne- en interne fokalisasie.                        | 36  |
| Tabel 2.2: Beskrywing van vertelinstantie.                          | 39  |
| Tabel 4.1: Verdeling van Toneel 6-9.                                | 69  |
| Tabel 4.2: Die uitdaging-reaksie plot van die boek Job.             | 80  |
| Tabel 5.1: Karakterisering in die boek Job.                         | 97  |
| Tabel 5.2: Karakters in die Jobstorie.                              | 101 |
| Tabel 6.1: Verteltyd in Job.                                        | 124 |
| Tabel 6.2: Verteltyd van bedrywe in persentasies.                   | 126 |
| Tabel 6.3: Verteltyd van Tonele in Bedryf I in persentasies.        | 127 |
| Tabel 6.4: Verteltyd van Tonele in Bedryf III in persentasies.      | 128 |
| Tabel 6.5: Verteltyd in Toneel 6.                                   | 128 |
| Tabel 7.1: Die ses vereistes vir waarneembaarheid van 'n verteller. | 155 |

### **DIAGRAMME:**

|                                                                        |     |
|------------------------------------------------------------------------|-----|
| Diagram 2.1: Gebeurtenisse.                                            | 25  |
| Diagram 2.2: Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse.       | 27  |
| Diagram 2.3: Prolepse en analepse.                                     | 29  |
| Diagram 2.4: Fokalisasie.                                              | 35  |
| Diagram 3.1: Uitdaging-reaksie model.                                  | 56  |
| Diagram 3.2: Verhaalaspekte i.t.v. mekaar (i.t.v. die hele narratief). | 64  |
| Diagram 4.1: Bedrywe en tonele in die boek Job.                        | 68  |
| Diagram 4.2: Makro-plot van Job.                                       | 70  |
| Diagram 4.3: Plot van Bedryf I.                                        | 71  |
| Diagram 4.4: Plot van Bedryf II.                                       | 74  |
| Diagram 4.5: Plot van Bedryf III.                                      | 77  |
| Diagram 5.1: Karakters op drie asse.                                   | 116 |
| Diagram 6.1: Vergelyking tussen verteltyd van bedrywe.                 | 127 |
| Diagram 6.2: Vergelyking van verteltyd van tonele: Bedryf I.           | 127 |
| Diagram 6.3: Vergelyking van verteltyd van tonele: Bedryf III.         | 128 |
| Diagram 6.4: Vergelyking tussen verteltyd van karakters in Toneel 6.   | 129 |
| Diagram 7.1: Waarneembaarheid van verteller.                           | 156 |

***Die Jobdrama:***  
***‘n narratologiese ondersoek van die boek Job.***

DEUR:

IZAK ALDERT BRINK

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad:

**DOCTOR LITTERARUM (SEMITIESE TALE)**

in die

DEPARTEMENT ANTIEKE TALE

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

Universiteit van Pretoria

PROMOTOR: Prof. GTM PRINSLOO

Pretoria

Oktober 2005



AAN MY BESTE VRIEND EN LEWENSKAMERAAD  
**SUSAN**

## **OPSOMMING**

### **Die Jobdrama:**

### **‘n Narratologiese ondersoek van die Boek Job.**

deur

**Izak Aldert Brink**

**Studieleier: Prof. G.T.M. Prinsloo**

**Departement: Antieke Tale (Semitiese Tale)**

**Graad: Doctor Litterarum (Semitiese Tale)**

In hierdie studie word ‘n Bybelse narratiewe teorie en metodologie nagevors en ontwikkel. Hierdie teorie en metodologie word dan toegepas op die boek Job. Die doel van die studie is dus tweeledig: eerstens is dit ‘n ondersoek na die teorie van narratologie, spesifiek gefokus op die Bybelse narratief; tweedens is dit ‘n toepassing van die teorie op die boek Job. Die hipotese vir die studie is dat die narratiewe metode heelparty antwoorde op vrae wat uit die navorsing op die boek Job ontstaan het, bied. Die oogmerk van die studie is nie om vorige Jobnavorsing verkeerd te bewys nie, maar om ‘n alternatiewe stem te wees wat saam oor die boek gesels. Die basiese voorveronderstelling in die studie is dat die boek Job as ‘n drama gelees kan word. In die toepassing van die teorie word eerstens gekyk na die gebeure in en plot van die boek Job. Vervolgens word die karakters, karakterisering, tyd en ruimte bestudeer. Laastens kom fokalisasie en die rol van die verteller aan die beurt. Sodoende word die boek Job as ‘n narratiewe literêre kunswerk by uitnemendheid waardeur. Die studie slaag daarin om ‘n narratiewe metode op die boek toe te pas en om nuwe perspektiewe te bied op ou probleme in Jobnavorsing.

### **SLEUTELTERME:**

Job, Die boek Job, Narratologie, Bybelse narratologie, Gebeure, Plot, Tyd, Ruimte, Karakters, Karakterisering, Fokalisasie, Verteller, Vertelinstansie

## **SUMMARY**

**The Job drama:**

**A narrative study of the Book of Job.**

**by**

**Izak Aldert Brink**

**Supervisor: Prof. G.T.M. Prinsloo**

**Department: Ancient Languages (Semitic Languages)**

**Degree: Doctor Litterarum (Semitic Languages)**

This study investigates and develops a Biblical narrative theory and methodology. The theory and methodology are then applied to the Book of Job. Thus the study has a twofold aim: firstly it is an investigation into the theory of narratology with specific emphasis upon Biblical narratives; secondly it is an application of the theory to the Book of Job. The hypothesis for the study is that the narrative method can provide answers to many of the questions raised during Joban research. The purpose is not to prove all previous research wrong, rather it wants to be an alternative voice in the scholarly conversation over Job. The basic presupposition of the study is that the Book of Job can be read as a drama. In the application of the theory attention is firstly paid to the events in and the plot of the book. Then the role of characters, characterization, time, and space are discussed. Lastly focalization and the role of the narrator receive attention. This study appreciates the Book of Job as an excellent narrative literary work of art. The study succeeds in applying narrative theory to the Book of Job and in the process sheds some new light on old problems raised in the book's history of research.

### **KEYWORDS:**

Job, Book of Job, Narratology, Biblical narratology, Events, Plot, Time, Space, Characters, Characterization, Focalization, Narrator.

## VOORWOORD.

*Die taal van die hart word geskryf in narratiewe taal. Ons hart praat nie in naakte feite van wiskunde of die abstrakte waarhede van sistematiese teologie nie. Ons hart praat in die beelde en emosies van stories. Kyk maar net die verskil in entoesiasme by ons wanneer ons die geleentheid kry om 'n handboek te bestudeer, teenoor die aanbod om 'n film te gaan kyk, 'n roman te lees of na die verhale van iemand anders se lewe te luister. Dit is soos Elie Wiesel beweer: "God het die mens geskep, omdat Hy van verhale hou."*

- John Eldredge -<sup>1</sup>

Ek wil dit waag om te sê dat mense se lewens afhang van stories. Soos wat die mens brood en water nodig het om te lewe, net so het die mens stories nodig. Sonder stories sal die mens sterf. Daarom dalk dat die Brood van die Lewe en die Lewenswater in die vorm van stories aangebied word ...

Waar hoor 'n mens mooier stories as die verhale in die Bybel, verhale oor God en mense en hulle verhouding met mekaar? Die persepsie bestaan dat die Bybel tans 'n steeds kleiner rol in die samelewing speel. Om grof te stereotipeer: dit lyk soms asof Bybelnavorsers die enigste mense is wat nog geïnteresseerd is in hierdie lewensveranderende verhale. Daarom wil hierdie werk slegs die storie van Job lees, en dit geniet!!

Die Ou Testament is 'n skatkis van kosbare stories wat millennia gelede al vir kinders van die Here vertel is. En Hy is 'n lewende God wat lief is vir stories. Sommige beweer dat ons in die hemel in 'n magdom kore vir God sal sing. Ek dink dis waar. Ek dink ook dat ons vir Hom sal stories vertel. Daar bestaan 'n Joodse legende wat dit bevestig. Dit klink (erg vereenvoudig en geparafraseer) só:<sup>2</sup>

---

<sup>1</sup> Groot aanhalingsboek, *Die*. (2004:324).

<sup>2</sup> *Stories vir die lewe*. (2002:27).

*Toe Jahwe begin soek het na 'n uitverkore volk, was daar 'n aantal kandidate op sy kortlys. Hy het Hom gewend tot die Grieke en aan hulle gevra wat hulle as volk Hom sou kon bied as Hy hulle sy spesiale volk sou maak. Die Grieke het aan Hom gesê dat hulle Hom sou eer met wysheid en filosofie uit die denke van die slimste denkers. Jahwe het dit van die hand gewys.*

*Daarna het Jahwe aan die Romeine gevra wat hulle het om Hom mee te eer as Hy hulle sy uitverkore volk sou maak. Die Romeine het belowe dat hulle Hom sou eer met die pragtigste geboue en argitektuur. Hulle sou hom ook eer met die beste oorlogtuig in die wêreld. Jahwe het die tender nie op die Romeine toegeslaan nie.*

*Jahwe het toe aan die klein en onbenullige Joodse volkie gevra wat hulle het om aan te bied. Die Jode het vir Jahwe gesê dat hulle 'n klein volkie is. Hulle is nie baie slim en geleerd nie. Hulle het nie juis vreeslik indrukwekkende argitektuur of oorlogtuig nie. Al wat kosbaar is wat hulle het om Hom mee te eer, is stories. Hulle sou die vermoë om verhale te vertel, gebruik om Hom te eer. Jahwe het die bod aanvaar.*

Die literêre uitnemendheid van die boek Job is bewys daarvan dat hierdie volk beter stories kon vertel as wat die Grieke kon dink en die Romeine kon bou! Die boek Job is die spreekwoordelike kersie op die Hebreeuse storiekoek. Wat 'n wonderlike voorreg was dit nie om met hierdie werk, ouer as twee millennia, te kon werk nie. Dankie aan die verteller van hierdie verhaal vir die verryking van my verhaal.

Alle lof aan die lewende Here vir die stories wat Hy vir ons kom gee het om te geniet. Alle eer aan Hom omdat Hy Homself kom deel maak het van my persoonlike storie. Alle dank en aanbidding aan Hom dat Hy my die vermoëns en geleenthede gegun het om hierdie proefskrif aan te pak en te voltooi. Mag Hy my bediening ook so seën. *Soli Deo Gloria!!*

Susan was die grootste dryfveer in my lewe. Sy het my al begin aanmoedig toe ek oorweeg het om Hebreus III te neem. Sy het my aan die gang gehou deur my MA en sy het my gemotiveer om hierdie proefskrif klaar te maak. Ons sewe sakke sout was sekerlik my akademie. Sy het so ywerig daaraan geëet dat sy dit lekker laat lyk het om my te ondersteun. Die opofferings wat sy gemaak het kan ek nie meet nie. Susan is 'n by-die-huis-bly-ma. Dit is haar roeping. In die tweede semester van 2004 het sy voltyds gaan werk, sodat ek kon skryf (hoewel ek soms gevoel het dat ek eerder 'n by-die-huis-bly-pa was – wat 'n groot voorreg). Ek kan nie groot genoeg dankie sê nie. Ek is bo alles die dankbaarste dat sy gekies het om

deel te wees van my lewensstorie. Hierdie proefskrif dra ek aan haar op, sy is my beste vriend en grootste bron van inspirasie. Dankie!!!

My twee seuns Gerrie en Aldert, wat te klein is om te besef dat hulle 'n bydrae gelewer het. Aldert was maar 6 maande oud toe ek in 2004 voltyds geskryf en Susan voltyds gewerk het. En Gerrie 'n woelige tweejarige. Dankie kêrels!

My pa en ma se ondersteuning, veral in 2004, was verskriklik kosbaar. Dit het soms gelyk asof dit vir hulle belangriker was dat ek die D afhandel as wat dit vir my was. My ma se huis in Hazyview was vir ons 'n woning, 'n tuiste in 2004 nadat hulle Chrissiesmeer toe getrek het. Haar huislikheid en gasvryheid was daar, al was hulle nie daar nie. My pa is my pa, my mentor en my vriend. Dankie dat julle ons drome deel!

Prof. Gert Prinsloo: Gert, dankie vir die afgelope jare se akademiese- en teologiese vaderskap. Dankie vir die toegevoegde waarde in my lewe. Dankie dat jy ook vir my 'n promotor in my roeping in die bediening is.

My neef Aldert Brink het my doktorsale studie swaarder aan sy sak gevoel as wat ek dit aan my eie sak gevoel het. Hy het my in 2004 ruim finansiële ondersteun. Dankie vir jou bydrae om hierdie droom van my 'n werklikheid te maak.

MC en Zelda wat vir 'haweloses' 'n hawe was – Dankie!!

Christine en Eugene, Ansi, Gerrie en Louise (my boeties en sussies) – dankie vir julle liefde.

'n Projek soos hierdie vra 'n span ondersteuners. Behalwe die bogenoemde mense is daar 'n menigte wat belang gestel en ondersteun het. Die personeel by Pen en Petra Kollege, Hazyview NG Gemeente en vele ander vriende. Aan die kerkraad en lidmate van die Ned. Geref. Kerk Kuruman-Die Oog is ek ook baie dank verskuldig vir die aanmoediging en tyd wat hulle my gegun het vir my studies. Baie duisende dankies!!

Mag die Here julle seën omdat julle my lewensstorie seën!

Aldert Brink

November 2005

## **INHOUDSOPGAWE:**

|                                                  |                                                |              |
|--------------------------------------------------|------------------------------------------------|--------------|
| <b>AFDELING A: Die storie van dié studie ...</b> |                                                | <b>12-65</b> |
| 1.                                               | Die storie van die studie – inleidende woorde. | 13-23        |
| 1.1                                              | Probleemstelling                               | 13           |
| 1.2                                              | Hipotese                                       | 15           |
| 1.3                                              | Metode                                         | 19           |
| 1.4                                              | Samevatting                                    | 23           |
| 2.                                               | Die studie van die storie – narratiewe teorie. | 24-40        |
| 2.1                                              | Inleiding                                      | 24           |
| 2.2                                              | Storie                                         | 24           |
| i.                                               | Gebeure                                        | 25           |
| ii.                                              | Karakters                                      | 26           |
| iii.                                             | Tyd                                            | 28           |
| a)                                               | Volgorde                                       | 28           |
| b)                                               | Duur                                           | 30           |
| c)                                               | Frekwensie                                     | 31           |
| iv.                                              | Ruimte                                         | 32           |
| 2.3                                              | Narratief / Teks                               | 33           |
| i.                                               | Tyd                                            | 33           |
| ii.                                              | Plot / struktuur                               | 33           |
| iii.                                             | Stylfigure                                     | 33           |
| iv.                                              | Karakterisering                                | 34           |
| v.                                               | Fokalisasie                                    | 34           |
| 2.4                                              | Vertelinstansie                                | 37           |
| i.                                               | Temporele verhouding                           | 37           |
| ii.                                              | Narratiewe vlak                                | 37           |
| 2.5                                              | Samevatting                                    | 40           |
| 3.                                               | Die Bybelstorie – Bybelse narratiewe teorie.   | 41-65        |
| 3.1                                              | Inleiding                                      | 41           |
| 3.2                                              | Historiese kritiek                             | 41           |
| 3.3                                              | Storie                                         | 45           |
| i.                                               | Gebeure                                        | 45           |
| ii.                                              | Karakters                                      | 47           |
| iii.                                             | Tyd                                            | 48           |
| a)                                               | Volgorde                                       | 48           |
| b)                                               | Duur                                           | 50           |
| c)                                               | Frekwensie                                     | 50           |
| iv.                                              | Ruimte                                         | 51           |
| 3.4                                              | Narratief                                      | 51           |
| i.                                               | Tyd                                            | 51           |
| ii.                                              | Plot / struktuur                               | 53           |
| iii.                                             | Stylfigure                                     | 54           |
| a)                                               | Tipiese-toneel                                 | 54           |
| b)                                               | Uitdaging-reaksie stryd                        | 55           |
| iv.                                              | Karakterisering                                | 57           |
| v.                                               | Fokalisasie                                    | 58           |

|     |                             |    |
|-----|-----------------------------|----|
| 3.5 | Verteller / Vertelinstantie | 60 |
| 3.6 | Fokkelman se 10 vrae        | 61 |
| 3.7 | Narratiewe metode           | 62 |
| 3.8 | Samevatting                 | 64 |

**AFDELING B: Narratiewe analise en interpretasie van die boek Job. 66-167**

|      |                                                              |         |
|------|--------------------------------------------------------------|---------|
| 4.   | Plot en gebeure.                                             | 67-95   |
| 4.1  | Inleiding                                                    | 67      |
| 4.2  | Plot en gebeure                                              | 67      |
| i.   | Bedryf I [1:1-2:13]                                          | 71      |
| a)   | Toneel 1 [1:1-5]                                             | 71      |
| b)   | Toneel 2 [1:6-12]                                            | 72      |
| c)   | Toneel 3 [1:13-22]                                           | 72      |
| d)   | Toneel 4 [2:1-10]                                            | 72      |
| e)   | Toneel 5 [2:11-13]                                           | 73      |
| ii.  | Bedryf II [3:1-26:14]                                        | 73      |
| a)   | Toneel 6 [3:1-26:14]                                         | 74      |
| iii. | Bedryf III [27:1-42:17]                                      | 77      |
| a)   | Toneel 7 [27:1-31:40]                                        | 77      |
| b)   | Toneel 8 [32:1-37:24]                                        | 78      |
| c)   | Toneel 9 [38:1-42:6]                                         | 78      |
| d)   | Toneel 10 [42:7-9]                                           | 78      |
| e)   | Toneel 11 [42:10-17]                                         | 79      |
| 4.3  | Die plot van Job in terme van 'n uitdagings-reaksie<br>stryd | 79      |
| 4.4  | Samevatting                                                  | 93      |
| 5.   | Karakters en karakterisering.                                | 96-122  |
| 5.1  | Inleiding                                                    | 96      |
| 5.2  | Karakterisering                                              | 96      |
| 5.3  | Karakters                                                    | 100     |
| i.   | Job die Usiet                                                | 102     |
| ii.  | Jahwe die Onbegryplike                                       | 106     |
| iii. | Satan die aanklaer                                           | 111     |
| iv.  | Die trio vriende                                             | 112     |
| v.   | Die jongman Elihu                                            | 114     |
| vi.  | Die bykarakters                                              | 115     |
| 5.4  | Die held van die Jobdrama                                    | 117     |
| i.   | Job as held                                                  | 117     |
| ii.  | Jahwe as held                                                | 118     |
| iii. | Die held – een of albei?                                     | 120     |
| 5.5  | Helpers en opponente                                         | 120     |
| i.   | Job se helpers en opponente                                  | 120     |
| ii.  | Jahwe se helpers en opponente                                | 121     |
| 5.6  | Samevatting                                                  | 121     |
| 6.   | Tyd en ruimte.                                               | 123-139 |
| 6.1  | Inleiding                                                    | 123     |
| 6.2  | Verteltyd                                                    | 124     |



|      |                                          |         |
|------|------------------------------------------|---------|
| 6.3  | Vertelde tyd                             | 129     |
| i.   | Volgorde (chronologie)                   | 129     |
| ii.  | Duur (snelheid)                          | 131     |
| iii. | Frekwensie                               | 133     |
| iv.  | Samevatting: vertelde tyd                | 135     |
| 6.4  | Ruimte                                   | 135     |
| 6.5  | Samevatting                              | 139     |
| 7.   | Fokalisasie en verteller.                | 140-158 |
| 7.1  | Inleiding                                | 140     |
| 7.2  | Fokalisasie                              | 140     |
| i.   | Bedryf I [1:1-2:13]                      | 141     |
| a)   | Toneel 1 [1:1-5]                         | 141     |
| b)   | Toneel 2 [1:6-12]                        | 142     |
| c)   | Toneel 3 [1:13-22]                       | 143     |
| d)   | Toneel 4 [2:1-10]                        | 144     |
| e)   | Toneel 5 [2:11-13]                       | 144     |
| ii.  | Bedryf II [3:1-26:14]                    | 144     |
| a)   | Toneel 6 [3:1-26:14]                     | 145     |
| iii. | Bedryf III [27:1-42:17]                  | 146     |
| a)   | Toneel 7 [27:1-31:40]                    | 146     |
| b)   | Toneel 8 [32:1-37:24]                    | 146     |
| c)   | Toneel 9 [38:1-42:6]                     | 146     |
| d)   | Toneel 10 [42:7-9]                       | 147     |
| e)   | Toneel 11 [42:10-17]                     | 147     |
| iv.  | Samevatting: fokalisasie in die Jobdrama | 148     |
| 7.3  | Vertelinstantie                          | 152     |
| 7.4  | Samevatting                              | 157     |
| 8.   | Samevatting en slotopmerkings.           | 159-167 |
| 8.1  | Inleiding                                | 159     |
| 8.2  | Die narratiewe metode                    | 159     |
| 8.3  | Die hipotese                             | 161     |
| 8.4  | Die groot probleme                       | 162     |
| 8.5  | Die doel van die boek Job                | 166     |

## BIBLIOGRAFIE

168-180

## **TABELLE EN DIAGRAMME**

### **TABELLE:**

|                                                                     |     |
|---------------------------------------------------------------------|-----|
| Tabel 2.1: Eksterne- en interne fokalisasie.                        | 36  |
| Tabel 2.2: Beskrywing van vertelinstantie.                          | 39  |
| Tabel 4.1: Verdeling van Toneel 6-9.                                | 69  |
| Tabel 4.2: Die uitdaging-reaksie plot van die boek Job.             | 80  |
| Tabel 5.1: Karakterisering in die boek Job.                         | 97  |
| Tabel 5.2: Karakters in die Jobstorie.                              | 101 |
| Tabel 6.1: Verteltyd in Job.                                        | 124 |
| Tabel 6.2: Verteltyd van bedrywe in persentasies.                   | 126 |
| Tabel 6.3: Verteltyd van Tonele in Bedryf I in persentasies.        | 127 |
| Tabel 6.4: Verteltyd van Tonele in Bedryf III in persentasies.      | 128 |
| Tabel 6.5: Verteltyd in Toneel 6.                                   | 128 |
| Tabel 7.1: Die ses vereistes vir waarneembaarheid van 'n verteller. | 155 |

### **DIAGRAMME:**

|                                                                        |     |
|------------------------------------------------------------------------|-----|
| Diagram 2.1: Gebeurtenisse.                                            | 25  |
| Diagram 2.2: Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse.       | 27  |
| Diagram 2.3: Prolepse en analepse.                                     | 29  |
| Diagram 2.4: Fokalisasie.                                              | 35  |
| Diagram 3.1: Uitdaging-reaksie model.                                  | 56  |
| Diagram 3.2: Verhaalaspekte i.t.v. mekaar (i.t.v. die hele narratief). | 64  |
| Diagram 4.1: Bedrywe en tonele in die boek Job.                        | 68  |
| Diagram 4.2: Makro-plot van Job.                                       | 70  |
| Diagram 4.3: Plot van Bedryf I.                                        | 71  |
| Diagram 4.4: Plot van Bedryf II.                                       | 74  |
| Diagram 4.5: Plot van Bedryf III.                                      | 77  |
| Diagram 5.1: Karakters op drie asse.                                   | 116 |
| Diagram 6.1: Vergelyking tussen verteltyd van bedrywe.                 | 127 |
| Diagram 6.2: Vergelyking van verteltyd van tonele: Bedryf I.           | 127 |
| Diagram 6.3: Vergelyking van verteltyd van tonele: Bedryf III.         | 128 |
| Diagram 6.4: Vergelyking tussen verteltyd van karakters in Toneel 6.   | 129 |
| Diagram 7.1: Waarneembaarheid van verteller.                           | 156 |

## **AFDELING A**

**Die storie van dié studie ...**

# HOOFSTUK 1

## DIE STORIE VAN DIE STUDIE – INLEIDENDE WOORDE

### 1.1 Probleemstelling.

Die boek Job is so kontroversieel soos die verhaal wat in die boek vertel word. Oor die dekades het teoloë, letterkundiges, kommentatore en ander studente van die boek Job verskeie invalshoeke gebruik om die boek te benader, oplossings gebied vir die talle probleme en opinies gehuldig oor die uiteindelijke boodskap of teologie van die boek Job. Een van die kernprobleme van die boek Job het te doen met die komposisie van die boek. In die verhaal tref 'n mens spanninge aan wat kundiges laat twyfel het oor die eenheid van die boek. “Navorsing het getoon dat daar spanninge bestaan in die boek Job wat moeilik versoen kan word met 'n benadering waar die boek as 'n integrale eenheid beskou word” (Bezuidenhout 1986:3). Oplossings is gesoek in onder andere die eksegetiese metodes wat verband hou met die historiese kritiek. Jobkenners het spanninge in die teks toegeskryf aan latere byvoegings, die hand van 'n redaktor of hulle het oplossings gesoek in die rigting van tekskritiek. Dit het meestal meegebring dat veranderinge aan die teks aangebring moes word. “Selfs kommentatore wat baie konserwatief met die teks omgaan, bring ingrypende veranderinge aan” (Bezuidenhout 1986:5).

Hierdie werkswyse kan nie verkwalik word nie. Die teenstellende uitsprake in die boek en innerlike spanninge maak 'n mens, vanuit 'n histories-kritiese vertrekpunt, dadelik agterdogtig oor die eenheid van die boek. Die tendens het egter oor die laaste twee dekades by baie kundiges ontstaan om meer immanent met die teks te werk. Hedendaagse lesers van die teks wil die boek lees soos wat dit daar lê, sonder om die teks onnodig geweld aan te doen. Daarom het Jobstudente sedert die tagtigerjare begin soek na oplossings wat 'n argument vir die eenheid van die boek daar sou stel. Weereens het dit die deur geopen vir 'n wye verskeidenheid van benaderings. Veral literêre eksegetiese benaderings het al hoe meer veld gewen. Die kontroversiële karakter van die boek is egter nie uit die weg geruim deur hierdie nuwe benaderings nie. Miskien is dit juis hierdie karakter van hierdie boek wat dit so 'n

populêre navorsingsveld maak.<sup>3</sup> “Perhaps the most significant trend is the emergence of increasingly sophisticated literary approaches to Job which have provided alternatives to earlier, rather wooden understandings of the composition of the book”, sê Carol Newsom (1993:112) oor die navorsing oor die boek Job tot 1993.

Die grootste probleme kan soos volg opgesom word:

Behalwe vir die magdom *hapax legomena* in die boek Job, hou die boek inhoudelik ook ‘n aantal uitdagings vir die leser in. Hierdie uitdagings het die boek Job ‘n baie populêre boek gemaak vir navorsers. Hierdie uitdagings het ongelukkig ook daartoe gelei dat navorsers die oplossings daarvoor gaan soek het by die komposisie van die boek. Dele wat nie inpas of verstaan word in terme van die geheel nie, word verklaar as ‘n latere byvoeging. Van die grootste uitdagings of probleme in die boek is die volgende:

- Die verhouding tussen die narratiewe dele (Job 1-2 en 42:7-17) en die poëtiese dele (Job 3-42:6).
- Die problematiek rondom Job 28 – die sogenaamde *Wysheidsgedig*.
- Die karakter Elihu.
- Die interpretasie van Job 38-41 – Jahwe se antwoord aan Job.
- Die problematiek rondom Jahwe wat sê dat Job reg was en die vriende verkeerd.
- Waarom word Job se voorspoed herstel as die vriende dan verkeerd was?

Die bogenoemde probleme kom basies op die volgende neer:

## **NARRATIEF : POËSIE**

Die kontras tussen die Job-karakter in die narratiewe raamwerk en die poëtiese middeldeel skep ‘n probleem. In die narratiewe raamwerk ontmoet die leser ‘n baie vroom en opregte Job wat nie sondig nie, selfs al sou omstandighede hom daartoe dryf. In Job 3 verander die prentjie van hierdie karakter drasties. Die karakter Job begin om die sin van sy bestaan te betwyfel en klink selfs met tye asof hy die integriteit van Jahwe betwyfel. Die karakters Jahwe en Satan is baie prominent in die narratiewe dele, maar Jahwe is byna afwesig en Satan kom na Job 2 nooit weer in die boek voor nie. Watter afleidings kan ‘n mens maak ten opsigte

---

<sup>3</sup> “Rabbi Robert Gordis wrote that just as every actor harbors a secret ambition to play Hamlet, ‘so every biblical student nurtures the hope of some day writing about Job’” (Gustafson 1992:172).

van hierdie twee figure uit die verhaal van Job? Waarom figureer hulle glad nie so sterk in die poëtiese deel van die boek Job nie?

### **DIE GEDIG OOR DIE WYSHEID**

Geen eenstemmigheid bestaan oor hierdie hoofstuk (Job 28) in Job nie. Meeste voel dat hierdie 'n tussenspel is wat nie aan 'n spesifieke karakter toegeskryf kan word nie (vgl. Newsom 1993:104).

### **ELIHU**

Uit die bloute verskyn 'n nuwe karakter in Job 32 van wie daar nêrens vroeër in die boek Job melding gemaak word nie. Hy tree op in Job 32-37 en word daarna nooit weer vermeld nie. Die algemene gevoel is dat hierdie karakter en sy monoloog 'n latere byvoeging is. Sy verskyning en verdwyning is baie skielik. Verder lewer sy woorde nie 'n nuwe bydrae of 'n radikale ander perspektief as die drie vriende van Job nie.

### **GOD SE ANTWOORD AAN JOB**

"The speeches are the 'last word' of a book that addresses a range of questions, which have deeply troubled people of all times and places" (Jamieson-Drake 1987:217). Die interpretasie van God se antwoord aan Job verskil so te sê van navorser tot navorser. Volgens Newsom (1993:107) is daar twee vrae met betrekking tot Job 38-41 waarmee die navorser behoort te worstel: "(1) the nature of the confrontation between God and Job; and (2) the implications about God, the world and Job that follow from what God says" (Newsom 1993:107). Viviers (1997:110) vra tereg: "How does one find one's way amidst this wide variety of meanings?" Hy sê dat daar 'n verskeidenheid maniere is om die teks te lees waarvan daar nie werklik 'regte' of 'verkeerde' maniere is nie. Hierdie studie sal 'n antwoord by die narratiewe 'manier' soek.

### **1.2 Hipotese**

Baie navorsing en werk is gedoen in Bybelse Hebreeuse poësie en 'n goeie immanente eksegetiese metode is ontwikkel.<sup>4</sup> In hierdie benadering word gekyk na onder andere die rym,

<sup>4</sup> Vgl. Gunn (1993:172): "It should also be remembered that the study of poetry, though afforded much less attention than narrative, has been an integral part of literary-critical developments in connection with the Hebrew Bible."

Vgl ook Kuntz (1998:31-64 en 1999:35-79) vir 'n oorsig oor Bybelse Hebreeuse Poësie.

Prinsloo (1992:225-251) is 'n voorbeeld van navorsing in die metodiek van Bybelse poësie-ontleding.

metrum, klankverskynsels, poëtiese tegnieke en struktuur van ‘n poësietekst. Die werk van Wilfred Watson (1984), *Classical Hebrew poetry. A guide to its techniques*, is ‘n goeie voorbeeld van ‘n studie oor die tegnieke wat gebruik word vir die bestudering van ‘n poësietekst.<sup>5</sup> Die narratiewe prosatekste in die Bybel is egter vir baie lank as historiografie beskou<sup>6</sup> en is dus nie onderwerp aan literêre<sup>7</sup> tegnieke nie. Narratiewe benaderings tot die Bybelse verhaalttekste het egter die laaste twee of drie dekades baie populêr geraak.<sup>8</sup> Werke soos Robert Alter se *The art of Biblical narrative* (1981) het baanbrekerswerk gedoen, terwyl J.P. Fokkelman verskeie publikasies in hierdie verband die lig laat sien het.<sup>9</sup>

Prosa en poësie is literêre kunsvorme.<sup>10</sup> In ‘n poësietekst word hierdie literêre kunsvorm deur ‘n studie van die rym, ritme, klankverskynsels en ander poëtiese tegnieke bestudeer. Tans is daar groeiende waardering daarvoor dat aspekte van ‘n narratiewe prosatekst soos tyd, ruimte, karakters, karakterisering en fokalisasie navorsers kan help om die teks te interpreteer (vgl. Gunn 1993:171). Die vakgebied van die narratologie gee vir ‘n mens die gereedskap om ‘n narratiewe teks te lees.

Baie is dit eens dat die boek Job ‘n literêre kunswerk by uitnemendheid is (vgl. Bezuidenhout 1986:7 en Habel 1985:21). ‘n Oplossing vir die kontradiksies in die boek Job lê juis in hierdie opmerking opgesluit. Die kontradiksies in die boek kan toegeskryf word aan ‘n kunstige manier waarop die kontroversiële skrywer van hierdie kontroversiële boek spanninge voelbaar inbou in hierdie kontroversiële, maar realistiese storie oor die lewe.

Navorsing van narratologiese aard is al op die boek Job gedoen, waarvan die volgende goeie voorbeelde is. Whedbee (1977:1-39) lees die boek as ‘n komedie. Hierdie artikel interpreteer die Jobboek op ‘n baie kreatiewe wyse. Die artikel lewer ‘n waardevolle bydrae veral ten opsigte van ironie in Job aangesien “incongruity and irony” (Whedbee 1977:1) ‘n bestanddeel

<sup>5</sup> Meeste inleidings tot werke oor die Psalms kan ook as voorbeeld dien (vgl. bv. Kraus 1988:32-38). Burden (1986:37-68) bied ook ‘n oorsigtelike bespreking van poësie aan (vgl. ook Burden 1987:58-65). Die werke van W.S. Prinsloo gee ook aan ‘n mens ‘n idee hoe die poëtiese tegnieke binne die historiese kritiek gebruik is (vgl. Prinsloo 2000:281-293).

<sup>6</sup> Millard (1994:37-50) bied ‘n sinvolle bespreking van die verhouding tussen “story and history”.

<sup>7</sup> Die literêre kritiek (vgl. Keck 1976:547) is as histories-kritiese metode nie ‘n literêre tegniek nie, omdat dit die Bybelse tekste histories benader aan onder andere die hand van die vormkritiek (vgl. Koch 1969:119-122) en Bybelse kritiek (vgl. Cazelles 1976:99-102) en nie aan die hand van literêre eienskappe (soos tyd, ruimte, karakters, karakterisering) van die teks nie (vgl. ook Robertson 1976:547-551).

<sup>8</sup> “Recent decades have seen the art of storytellers become a major topic of research, approached along several avenues” (Millard 1994:47).

<sup>9</sup> Gunn (1993:172-178) gee ‘n helder uiteensetting van die navorsing op die gebied van Bybelse narratiewe die laaste drie dekades.

<sup>10</sup> Dillard & Longman (1994:26) verdeel die ganse Ou Testament in twee rubrieke: “stories and poems”.

van komedie is. Die artikel laat baie ruimte vir 'n veel wyer bespreking van literêre verskynsels en metodes in die boek Job. Die artikel is relatief oud (1977) en is gepubliseer toe baie min bybelwetenskaplikes bewus was van 'n narratologiese metode. Die artikel maak egter die deur oop vir 'n narratiewe studie van Job. Schökel (1977:45-61) se artikel is in dieselfde jaar en volume van die tydskrif *Semeia* gepubliseer as die bogenoemde artikel van Whedbee (1977:1-39). Ook hierdie artikel is uiters kreatief, maar ontbreek (soos Whedbee) aan die narratologiese insigte wat sedert die jare '80 ontwikkel het. Hierdie studie maak egter óók die deur oop vir 'n literêre verstaan (in die sin van narratologie) van die boek Job. Cooper (1982:35-44) begin nadink oor Job in terme van die narratologie. Hy steun redelik sterk op die artikels in *Semeia* 1977(7).<sup>11</sup> Sy bydrae is meer strukturalisties as narratologies. Habel (1983:101-111) slaag baie goed daarin om die teorie van Robert Alter op die boek Job toe te pas, in ag genome dat die werk van Alter die beste beskikbare narratiewe teorie van die Bybel in 1983 was. Habel sou egter vandag meer kon maak van 'n artikel met die titel 'The narrative art of Job.' Shelton (1999:69-82) se artikel dui daarop dat die verstaan van Bybelse narratiewe teorie beslis ontwikkel het van 1977-1999. Hierdie artikel bied egter eerder die agtergrond om die narratiewe analise van Job aan te moedig, as om 'n narratiewe analise op sigself te wees. Shelton (1999:69-82) se artikel se gebreke beklemtoon waarom 'n studie soos wat hier in hierdie proefskrif onderneem word, noodsaaklik is.

Die kommentare van Habel, Clines en Janzen<sup>12</sup> neem 'n narratiewe of literêre wending. Die kommentaar van Habel is uitstekend. Die werk is egter in 1985 voltooi en weerspieël die narratiewe teorie van die tyd. Habel steun sterk op die narratiewe teorie van Robert Alter.<sup>13</sup> In hierdie studie word dieselfde doelwitte as in die van Habel (1985:25) nagestreef. Habel (1985:36-42) kry homself ook nie heeltemal losgemaak van die historiese kritiek nie. Hierdie studie sal egter gebruik maak van nuwer insigte vanuit die wetenskap aangaande die narratief en hom heeltemal losmaak van histories-kritiese insette. Clines se werk bied baie bruikbare insigte vir 'n narratiewe analise, maar spreek van navorsing wat werk vanuit 'n narratologie wat nog nie so verryk is nie. Clines se werk dek nie die hele Jobnarratief nie en gesien in die lig daarvan dat dit 'n veel later publikasie as die van Habel is, kon daar meer gemaak word van narratologie. Dit wil voorkom asof die kommentaar van Clines eerder probeer om in te

<sup>11</sup> Smick (1986:135-149) bespreek sommige van die artikels wat in *Semeia* 7 verskyn het.

<sup>12</sup> Clines (1989); Habel (1985); Janzen (1985).

<sup>13</sup> Vgl. Alter (1981).



pas by die patroon en styl van die kommentaarreeks (WBC). Janzen se kommentaar bied nie *per se* iets narratologies aan nie.

Hierdie studie wil 'n narratologiese ondersoek op die hele boek Job doen en sodoende die kernvraag in Jobnavorsing aanspreek. Die kernvraag wat volgens Newsom (1993:98) deur Jobstudies beantwoord moet word, is: "What is it that enables one to read the book of Job with understanding?" Waarom narratiewe tegnieke toepas op 'n teks wat oorwegend uit poësie bestaan? 'n Mens moet in die eerste plek in gedagte hou dat dit nie vir die antieke wêreld vreemd was om verhale in poësievorm te vertel nie. Die meeste van hierdie verhale word vertel in die vorm van 'n epos. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die beroemde *Gilgamesh-epos*.

In die tweede plek ondersteun hierdie studie die standpunt van Fokkelman (1999:171-187) dat daar 'n samewerking tussen poësie en prosa in prosatekste bestaan. In kort sê Fokkelman (1999:177) dat die verteller van 'n verhaal in die Bybel soms dele (meestal direkte rede deur 'n karakter) in poësie vertel. Dit skep 'n effek van direktheid by die leser. Die argument van hierdie studie is dan dat die boek Job ook 'n prosateks is met 'n 'baie groot' ingebedde poëtiese stuk direkte rede deur karakters.<sup>14</sup> 'n Narratiewe beskouing op, of kreatiewe lees van die hele boek Job as 'n drama/narratief, sal nuwe lig en insigte op die boek en die verstaan van die boek werp.<sup>15</sup> So word die gesiteerde vraag van Newsom beantwoord. 'n Narratiewe studie kan 'n mens in staat stel om die boek Job te lees en verstaan. So kan 'n studie van fokalisasie moontlike oplossings bied vir teenstellings in die teks. Die teenstelling tussen die karakterisering van die Jobkarakter in die proloog van die boek en die Jobkarakter in die dialoog kan opgelos word deur die studie van die vertellerfokalisasie en karakterfokalisasie.<sup>16</sup>

Die boek Job is 'n drama.<sup>17</sup> Die gebruik van poësie in Job as vertelstyl,<sup>18</sup> laat 'n mens dink aan die vertelstyl van Shakespeare se vertellers.<sup>19</sup> Drama is maar 'n manier van storievertel, met ander woorde 'n tipe narratief. 'Drama' as tegniese term in narratologie moet nie met 'n

<sup>14</sup> Hierdie argument word in Hoofstuk 3 van hierdie studie in meer detail bespreek.

<sup>15</sup> Habel (1985:25-27) dui ook baie oortuigend aan dat die narratiewe analise van Job nuwe insigte na vore bring. Die belangrikste is dat hy aandui dat dit die eenheid van die boek Job ondersteun.

<sup>16</sup> Hoofstuk 7 van hierdie studie handel oor fokalisasie.

<sup>17</sup> Die *verhaal* kon deel uitmaak van 'n korpus van verhale wat bedoel is vir vermaak, maar met 'n onderliggende boodskap (vgl. Deist 1986b:70).

<sup>18</sup> In Hoofstuk 3 van hierdie studie word die verskynsel in die Bybel om poësie in prosatekste te gebruik, bespreek.

<sup>19</sup> Job se vertelstyl laat ook vir Shelton (1999:70) dink aan die vertelstyl van Shakespeare se werke.

‘toneelstuk’ verwar word nie. Met ‘drama’ word ‘n narratiewe teks met sekere eienskappe bedoel. Hier word spesifiek vir die term ‘drama’ gekies, omdat drama die eienskap het van aksie en veral interaksie. Die leser van die boek Job beleef interaksie met hierdie boek, en daarom is dit ‘n drama. Drama het ook, as gevolg van die interaksie, ‘n psigologiese effek op die gehoor/leser (vgl. Roby & Ulanov 1962:xi). Shelton (1999:75) sien die boek Job as “an untheatrical drama” en gebruik Bentley se vyf eienskappe waarvolgens ‘n drama geïdentifiseer kan word: “plot, character, dialogue, thought, enactment.” Die doel is nie om hier te probeer aandui dat Job wel as ‘n drama gelees kan word nie – daarvan oortuig Shelton (1999:69-82). Die doel van hierdie studie is om hierdie drama nou intensief as drama te lees deur na al die narratologiese elemente in die drama te kyk.

Die boek Job is ‘n drama oor die realiteit van die lewe. Die lewe kan nie uitgedink word en gemanipuleer word nie. Die lewe kan net geleef en ervaar word. Baie kunsvorme (soos skilderye, gedigte, novelles en selfs rolprente) is ‘n poging om die paradoksale, onverklaarbare en onverstaanbare karakter van die lewe uit te beeld. Baie van hierdie kunswerke beeld die onvolmaaktheid en onverklaarbaarheid van die lewe uit. Die lewe kan eenvoudig nie met ‘n paar reëls verklaar word nie. Die boek Job is ‘n drama wat hierdie eg menslike kognitiewe, emosionele, religieuse en psigologiese worsteling probeer uitbeeld. ‘n Drama is maar ‘n vorm van vertel; dus ‘n vorm van narratief. Job is ‘n drama. ‘n Narratiewe analise van Job sal lei tot die verstaan daarvan.<sup>20</sup>

**Die hipotese vir hierdie studie is dus:** die boek Job is ‘n verhaal. Dit is grootliks in poësievorm geskryf, maar dit is nie ‘n epos nie. Dit kan as ‘n tipe drama gelees word en onderwerp word aan narratologiese tegnieke in die bestudering daarvan. Hierdie narratologiese benadering sal oplossings bied vir vrae oor die komposisie van en oënskynlike dubbelsinnighede en weersprekings in die boek Job.

### 1.3 Metode

Die boek Job en die navorsing daarop laat ‘n mens dink aan die antieke stad Troje. Die ondeurdringbaarheid daarvan is ‘n uitdaging vir baie navorsers. Newsom (1993:113) sluit

<sup>20</sup> “As one might expect from one of the greatest works ever written, the book of Job defies easy categorisation into any of the contemporaneous genres. Nevertheless, I believe that to see Job as a drama is not only plausible, but can offer insights as to its meanings” (Shelton 1999:75).  
“A critical appreciation of the literary character of the book of Job calls for a close investigation of its narrative” (Habel 1985:25).

haar artikel oor navorsing op die boek Job tot 1993 met die volgende opmerking af: “The enigmatic, teasing quality of Job will continue to elicit a flood of books and articles.” Hierdie studie gaan van ‘n standpunt uit dat te veel navorsers van die boek Job (en die Bybel) te hard probeer om van ander navorsers te verskil en hulle resultate verkeerd te bewys of misken. Newsom (1993:110) maak ‘n opmerking oor die selfvertroue waarmee navorsers aanhou om te ontdek “what the divine speeches really mean and why others are so wrong, without pondering the profound ambiguity that each determinate reading of the text must displace another in order to establish itself.”<sup>21</sup> Gaan dit dalk, soos in die legende van Troje, oor die eer van die vors wat die stad sou kon oorwin? Hoop elke navorser nie om met die Trojaanse perd vorendag te kom wat die hoë mure van Job kan binnedring nie?

#### *Die teks en die leser.*

Die standpunt hier is dat ‘n mens weg moet beweeg van ‘n siening dat daar slegs een interpretasie van ‘n boek of een metode van ondersoek behoort te wees.<sup>22</sup> Die interaksie tussen die subjektiewe leser en die teks moenie misgekyk word nie. Fokkelman (1999:21) sê: “[Reading] is the action of conferring meaning to a text.” Lesers kom elkeen met ‘n perspektief eie aan hulle persoon na die teks toe. Verskillende mense interpreteer nooit dieselfde insident honderd persent dieselfde nie. Waarom sal hulle dan ‘n storie of ‘n teks honderd persent dieselfde interpreteer of verstaan? Verskillende benaderings tot die boek Job het verskillende resultate tot gevolg gehad.<sup>23</sup> Dit is sinvol om na soveel as moontlik ‘lesers’ van Job te luister, ongeag of ‘n mens met daardie leser se verstaan saamstem al dan nie. Die werk wat reeds op Job gedoen is, is egter onoorsigtelik. Om al hierdie werke hier te gebruik, kan hierdie studie se fokus in die wiele ry en ‘n baie omvattende maar niksseggende dokument as resultaat hê. Dit is dus nie die doel van hierdie studie om ‘n relaas te gee van die Jobnavorsing tot op hede nie. Hier gaan dus nie weerspiël word wat oor ‘n sekere tyd oor Job nagevors en gesê is nie. Die metode van hierdie studie is om narratiewe teorie na te vors en ‘n narratiewe metodologie daar te stel wat dan op die teks toegepas sal word. Daar sal wel in die prosen in gesprek getree word met relevante Jobnavorsing.

<sup>21</sup> Lawrie (2001:136) voel dieselfde: “First, analyses are not undertaken in order to understand the book better, but in order to defend a particular understanding that the person already has.”

<sup>22</sup> “Dus kan die boek gelees word op verskillende maniere wat mekaar nie noodwendig uitsluit nie. Dit is ‘n verskynsel wat meermale by goeie letterkunde voorkom” (Loader 1987:1). Sommige maniere is egter moeilik versoenbaar met die boek Job soos Schlobin (1992:23-38) wat die boek Job wil lees as ‘riller’. “Interpretation of a text is neither one nor multiple. There are always many possibilities of reading a text, but the ways are not infinite” (Dornisch 1981:11).

Vgl. ook Smith (1993:80).

<sup>23</sup> Vgl. Millard (1994:50).

Hierdie studie is die studie van een bepaalde leser van die boek Job met een bepaalde ‘bril’ waardeur hy na die boek kyk. Die doel is nie om ander lesers se verstaan van Job reg of verkeerd te bewys nie,<sup>24</sup> maar om ‘n alternatiewe lees voor te stel wat ‘n ander perspektief op die boek bied en lig kan werp op sommige probleemareas waarmee die boek interpreteerders konfronteer. Die uitgangspunte van hierdie studie het dieselfde motivering as die van Schökel (1977:59) vir sy studie meer as twee dekades gelede: “Other readings and other clues, also important, remain. I would not want my suggestions to be used in any way to diminish this rich and magnificent book” (Schökel 1977:59). Hierdie studie is maar een manier van lees van Job.<sup>25</sup>

#### *Die teks – ‘n kunswerk.*

Die boek Job is nie soos die stad Troje nie. Dit is nie ‘n stad wat ter wille van my (die navorser) se eer ingeneem, en aan my onderwerp moet word nie. Dit is ‘n kunswerk (vgl. Fokkelman 1999:27-29), ‘n literêre kunswerk wat soos ander kunswerke deur verskillende mense verkillend gewaardeer en geïnterpreteer word. Vir ‘n narratief om te bestaan, vra nie slegs ‘n kreatiewe skrywer nie, maar ook ‘n kreatiewe leser – iemand om die kunswerk te waardeer. Kreatiewe lees is volgens Fokkelman (1999:19) nie slegs liniêr nie, maar ook rond: die leser se aandag beweeg vorentoe en agtertoe soos wat hy poog om al die dinge te koppel aan al die ander dinge. “This is an active attitude which from time to time requires enthusiastic puzzle-solving” (Fokkelman 1999:19). ‘n Mens sou kon byvoeg dat hierdie “puzzle-solving” onder andere gebeur deur ‘n gesprek te voer met ander lesers oor dit wat gelees word. ‘n Narratiewe lees van Job is so ‘n poging tot “enthusiastic puzzle-solving.”

‘n Storie bestaan uit episodes, bedrywe en tonele. Dit vorm ‘n tipe struktuur waarbinne die storie vertel word. ‘n Struktuuranalise is ‘n handige instrument waarmee die narratief sistematies ondersoek kan word. “When we succeed in making a correct division of the text into its various parts, everything comes together” (Fokkelman 1999:97). Die struktuuranalise

<sup>24</sup> Hubbard (1992:35) gaan selfs so ver as om te sê dat ‘n metode wat die teks op “face value” vat, juis meer objektief is “because it leaves all options open, even the possibility of supernatural activity in history.” Gunn (1993:171) meen dat ‘n uitvloeisel van die narratiewe metode meer en meer navorsers laat erken dat daar nie een regte manier is om die teks te lees en interpreteer nie. Daar sal altyd verskillende maniere wees om die teks te interpreteer.

<sup>25</sup> Viljoen (1998:116) is byvoorbeeld “daarvan oortuig dat die boek Job met vrug deur middel van ‘n psigologiese verstaan en leesstrategie ontsluit kan word.” West (1991:107-131) bespreek ‘n feministiese benadering tot die boek.

deel die narratief in sinvolle, maar werkbare eenhede. Dit help ook om die groter prentjie van die storie aanmekeer te sit.

Hierdie studie gaan nie van vooraf 'n struktuuranalise doen nie. Die doktrale proefskrif van L.C. Bezuidenhout (1986), *Struktuur en Strekking van die Boek Job*, fokus hierop. Bezuidenhout toon juis in hierdie studie aan dat daar 'n argument uit te maak is om die boek in sy geheel te lees. Hy soek oplossings vir die kontradiksies en spanninge van die boek in die struktuuranalise van die hele boek Job. Aangesien Bezuidenhout se studie fokus op die eenheid van die boek Job en op die struktuur, gaan hierdie studie nie 'n eie struktuuranalise maak nie, maar gebruik maak van Bezuidenhout se struktuur en indeling.

Die studie sal begin met 'n studie van die teorie aangaande narratologie en Bybelse narratologie oor die algemeen. Op grond daarvan sal aangedui word wat belangrik is vir hierdie studie en hoe daardie teorie gebruik sal word in hierdie werk. Aangesien die hoeveelheid en verskeidenheid navorsing oor die boek Job onoorsigtelik is, sal daar selektief met Jobmateriaal omgegaan word. Daar sal byvoorbeeld swaarder gesteun word op meer resente navorsing wat fokus op 'n literêre benadering, as op werke met 'n histories-kritiese benadering.<sup>26</sup>

Die strategie van die studie is in kort:

- Ontwikkel 'n narratiewe metode vanuit die teorie.
- Pas die metode toe op die Jobteks.
- Tree in gesprek met relevante navorsing.

Bogenoemde strategie is nie 'n beeld van die volgorde waarin insigte verwoord sal word nie, maar alleenlik van die strategie van die navorser. Hoewel die toepassing op die ontwikkeling van 'n metode sal volg, word daar in die hoofstukke waar die metode toegepas word, in gesprek getree met ander navorsing. 'n Mens sou kon praat van 'n eerste en tweede rondte. Dit kom daarop neer dat 'n dokument opgetrek is waarin die narratiewe metode ontwikkel is en toegepas is op die teks – die eerste rondte. Daarna – met die tweede rondte – is dié dokument uitgebrei deur in gesprek te tree met ander navorsing. Meeste van die tweede rondte se werk word verwoord in voetnotas.

---

<sup>26</sup> In Hoofstuk 3.2 word verduidelik waarom die histories-kritiese benadering nie as instrument gebruik word in hierdie studie nie.

#### 1.4 Samevatting.

Hierbo is aangedui dat die boek Job enersyds vir navorsers 'n baie populêre boek in die Bybel is, maar dat dit andersyds ook 'n boek is wat 'n klomp probleme oplewer. Daar is breedvoerig aangedui waar die probleem areas is.

Die hipotese is dat die boek Job 'n narratief is wat as 'n tipe drama gelees en verstaan kan word. Oplossings vir die probleme wat navorsers sukkel om te verklaar, is nie altyd bevredigend deur die histories-kritiese benadering beantwoord nie. Daarom probeer hierdie studie die boek Job vanuit 'n ander hoek benader. Die benadering sal die narratologie gebruik om die boek Job te verstaan.

Metodes en teorieë oor Bybelse narratologie verskil van navorser tot navorser. Hierdie studie wy gevolglik 'n groot gedeelte aan 'n ontwikkeling van 'n Bybelse narratiewe teorie. Hierdie teorie word dan toegepas op 'n teks wat tradisioneel nie as 'n narratief gelees word nie.

Hierdie studie is dus nie 'n uitvoerige studie oor Job nie. Hier word nie alles gesê wat daar oor Job gesê wil of kan word nie. Dit is immers onmoontlik. Hierdie studie is bloot maar 'n eksperiment, 'n soeke na 'n alternatiewe (en 'kreatiewe') lees van Job, wat moontlikhede vir toekomstige navorsing oor die boek Job kan inspireer. Die studie wil egter nie net 'n bydrae lewer in Jobnavorsing nie, maar wil ook graag 'n bydrae lewer in die navorsing oor en ontwikkeling van 'n Bybelse narratologiese metode. Indien 'n narratologiese metode op die teks van Job toegepas kan word, bevestig dit des te meer die plek vir hierdie metode in die wetenskap van die Antieke Tale en die Bybelwetenskappe.

“God het die mens geskep, omdat Hy van verhale hou.”<sup>27</sup>

-Elie Wiesel-

---

<sup>27</sup> *Groot aanhalingsboek, Die.* (2004:324).

## HOOFSTUK 2

### DIE STUDIE VAN DIE STORIE – NARRATIEWE TEORIE

#### 2.1 Inleiding.

Die term narratief het drie betekenisse (vgl. Genette 1980:25-27). Dit dui in die eerste plek die narratiewe inhoud van 'n verhaal aan. Hierdie inhoud bestaan uit 'n gebeurtenis of 'n reeks gebeurtenisse wat chronologies op mekaar volg en wat met of deur karakters plaasvind (vgl. Rimmon-Kenan 1983:3). Dit is die *storie* van die verhaal. Die narratief is in die tweede plek ook die mondelinge en/of geskrewe diskoers wat poog om hierdie gebeurtenis of reeks gebeurtenisse in woorde weer te gee. Dit is die *narratiewe teks* wat die verhaal in woorde weergee. "Whereas 'story' is a succession of events, 'text' is a spoken or written discourse which undertakes their telling" (Rimmon-Kenan 1983:3). Derdens is daar ook die persoon of instansie wat die verhaal vertel. Dit is die *vertelinstansie*.

Daar kan geen waterdigte skeiding tussen hierdie drie betekenisse van die term narratief gemaak word nie. Hulle is die narratief. Dit sou die beste wees om hulle te beskryf as drie dimensies van 'n narratief of verhaal. Elke dimensie speel in op die ander, vorm dit en beïnvloed dit. Al drie vorm saam 'n in-mekaar-verweefde-geheel. Dit is soos 'n driedimensionele prentjie – 'n mens kan nooit na die een vlak van die prentjie kyk, sonder om die ander twee vlakke ook raak te sien nie.

#### 2.2 Storie.

Die storie is primêr 'n gebeurtenis of 'n reeks gebeure. Hierdie gebeure volg betekenisvol en chronologies op mekaar. Iets kan nie gebeur as iemand dit nie laat gebeur, of as dit nie met iemand gebeur nie. 'n Mens kan ook vra waar en wanneer dit gebeur het. Gebeure vind plaas op 'n bepaalde tyd en plek. Dus, die aspekte waaruit die storie-dimensie bestaan is: gebeure, karakters, tyd en ruimte.

i) *Gebeure*


‘n Gebeurtenis is wanneer een karakter iets aan ‘n ander karakter doen wat die gang van die storie beïnvloed (vgl. Bal 1978:26). Rimmon-Kenan (1983) en Brink (1987) brei uit en verbeter op Bal se siening van gebeure. Volgens Rimmon-Kenan (1983:15) dui ‘n gebeurtenis per definisie ‘n verandering in toestand aan. Brink (1987:48) onderskei tussen statiese en dinamiese gebeure. Eersgenoemde lê op ‘n vertikale as en dui ‘n toestand aan, terwyl laasgenoemde dui op ‘n verandering in toestand en op ‘n horisontale as lê.

Brink onderskei by dinamiese gebeure ook tussen handeling en insidente. Handeling het te doen met gebeure wat “deur ‘n agent of bestemmer uitgevoer en/of deur ‘n bestemde ondergaan word, met ‘n verandering in toestand as resultaat” (Brink 1987:48). Brink (1987:50-51) kategoriseer handeling as nie-verbaal, verbaal, gedagte of gemoedsbeweging (die verskil tussen laasgenoemde twee lê respektiewelik opgesluit in intellektuele teenoor emosionele aktiwiteit). Gebeure “waarin ‘n karakter die voorwerp is van ondervindings – gewoonlik van nie-menslike oorsprong – wat van buite af op hom inwerk,” is insidente (Brink 1987:48).

Hiërargies onderskei Brink (1987:52-54) tussen twee tipes gebeure: ‘n bepalende gebeurtenis en ‘n verbindende gebeurtenis. Eersgenoemde dui bepalende keusemomente in die verhaal aan, terwyl laasgenoemde bepalende gebeure aan mekaar verbind en ondergeskik is daaraan. Verbindende gebeure kan ook bepalende gebeure “expand, amplify, maintain or delay” (Rimmon-Kenan 1983:16).

Die klassifisering van gebeurtenisse sou vervolgens diagrammaties voorgestel kon word:

*Diagram 2.1: Gebeurtenisse.*





Dit is onwaarskynlik en vir alle praktiese doeleindes onmoontlik dat een gebeurtenis alleen ‘n storie kan vorm: “alleen in een *reeks* krijgen gebeurtenissen betekenis voor het verloop van de geschiedenis” (Bal 1978:23). ‘n Storie bestaan dus uit ‘n reeks gebeure. Mikro-reekse vorm makro-reekse wat stories vorm (Rimmon-Kenan 1983:16). ‘n Aantal gebeure (‘n gebeurereeks) vorm ‘n toneel en ‘n aantal tonele ‘n bedryf. Die narratief bestaan op die ou end uit een of meer bedrywe.

Vir gebeure om gebeurereekse te vorm, moet daar ‘n relasie tussen verskillende gebeure wees. Claude Bremond (in Rimmon-Kenan 1983:22 en Brink 1987:57) bied ‘n ‘moontlikheid-proses-resultaat’ teorie aan waarin hy verduidelik hoe gebeurereekse vorm. Elke gebeurtenis in ‘n reeks het dan een van drie funksies. Brink (1987:57) verduidelik dit so:

- Funksie 1: Moontlikheid of potensiaal: “die virtualiteit van ‘n gebeurtenis, d.w.s. die aanbod van ‘n stel omstandighede wat lei tot verandering, wat verandering moontlik maak, wat ‘n proses aan die gang sit” (Brink 1987:57).
- Funksie 2: Proses: “die voltrekking of aktualisering van die gebeurtenis self” (Brink 1987:57).
- Funksie 3: Resultaat: “die resultaat of afsluiting van die proses” (Brink 1987:57).

Gebeurereekse staan op hulle beurt ook nie alleen nie. Reekse kan bymekaar aaneenskakel, bymekaar inbed of saamgevoeg word. *Aaneenskakeling* van reekse vind plaas wanneer die resultaat van een reeks (funksie 3) ook die moontlikheid (funksie 1) van die volgende reeks vorm. *Inbedding* is wanneer die beskrywing van ‘n funksie 1, 2 of 3 (moontlikheid, proses of resultaat) van een reeks ‘n volledige gebeurereeks (moontlikheid-proses-resultaat) op sy eie vorm. *Samevoeging* is wanneer een triade van gebeurtenisse ‘n dubbele narratiewe betekenis het en toegeskryf kan word aan twee karakters (Rimmon-Kenan 1983:23).

Sonder gebeure kan daar geen storie wees nie. Sonder iemand wat dit laat gebeur of met wie dit gebeur, kan ‘n gebeurtenis ook nie gebeur nie – ‘n storie het karakters nodig.

## ii) Karakters

Om ‘n analise van karakters te maak, beteken om te bestudeer wat die storie van ‘n karakter beskryf. Dit verskil van karakterisering, wat ‘n aspek van die narratiewe teks is. ‘n Analise van karakterisering kyk na die metodes wat die teks gebruik om ‘n karakter bekend te stel en te beskryf.

Om karakters te kategoriseer is onmoontlik. In die verlede is karakters as rond of plat gekategoriseer. Daardie teorie is nie meer aanvaarbaar nie (vgl Rimmon-Kenan 1983:40-41). Dis ook nie altyd maklik om karakters met sekerheid te beskryf in terme van 'held', 'protagonis', 'antagonis', ensovoorts nie. Karakters bestaan eintlik nie. 'n Karakter word alleenlik waargeneem omdat hy beskryf word; omdat daar eienskappe ('traits') aan hom gekoppel word. Die leser word ook deur die verteller begelei om die karakter en sy eienskappe fyner te definieer (Rimmon-Kenan 1983:36-40).

Die behoefte bestaan egter steeds by die leser om die karakters te klassifiseer. 'n Leser behoort dit te doen deur die karakter te beskryf in terme van punte op 'n kontinuum, eerder as in terme van uitvoerige kategorieë (soos rond en plat) (Rimmon-Kenan 1983:41-42). Onderskeid langs drie asse word gemaak (Rimmon-Kenan 1983:41) naamlik *kompleksiteit*, *ontwikkeling* en *penetrasie in die innerlike*. Elke karakter behoort êrens geplot te word op elkeen van die drie lyne, wat skematies soos volg voorgestel kan word:

Diagram 2.2: Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse.

#### Kompleksiteit

Eenvoudig

Kompleks



#### Ontwikkeling

Staties

Dinamies



#### Penetrasie in die innerlike

Gedagtes  
van buite  
(duister)

Gedagtes  
van binne  
(duidelik)



Eenvoudige statiese karakters is meestal bykarakters wat 'n funksie groter as hulleself vervul (Rimmon-Kenan 1983:41).

'n Storie hang af van gebeure wat afhanklik is van karakters. Gebeure volg egter op 'n sekere manier op mekaar, duur 'n sekere tyd en gebeur 'n sekere aantal kere. Dit is aspekte van tyd binne die storiedimensie.

### iii) Tyd

In narratologie is die terme verteltyd en vertelde tyd baie bekend. Verteltyd is natuurlik die tyd of spatie wat die vertel van 'n verhaal opneem en word ruimtelik gemeet aan die hoeveelheid sinne, paragrawe, bladsye, hoofstukke of boeke wat dit neem om die verhaal te vertel. Vertelde tyd is daardie tyd wat afspeel binne die verhaal. In vertelde tyd kan onderskei word tussen drie tydsaspekte, te wete volgorde, duur en frekwensie.

#### a) Volgorde


Histories gesproke verloop tyd altyd chronologies. Die storie word egter selde in chronologiese volgorde vertel. Die narratief vertel die storie deur anachronieë (tydsdistories van volgorde) te gebruik. Die narratief kan teruggryp na 'n gebeurtenis of gebeurereeks wat histories vroeër plaasgevind het as waar die storie tans is. Dit staan bekend as analeps. Die narratief kan ook vooruit gryp na 'n gebeurtenis in die toekoms. Dit is proleps. Anachronieë bestaan dus basies uit prolepse en analepse.<sup>28</sup>

'n Anachronie het twee dimensies: bereik en omvang. Bereik het te doen met die afstand waarmee die anachronie vanaf die 'hede' teruggryp of vooruitgryp. Byvoorbeeld: "Tien jaar tevore het ..." of "Min het hy geweet dat oor tien jaar ..." (Die bereik is telkens tien jaar). Omvang dui aan hoe lank die storieduur van die anachronie was. Indien die "Tien jaar tevore het ..." voltooi sou word deur 'n vertelling van 'n storie wat vyf dae geduur het, is die omvang vyf dae.

Prolepse en analepse word fyner gekategoriseer en kan soos volg diagrammaties voorgestel word:

<sup>28</sup> Vergelyk Genette (1980:33-85) vir 'n volledige verduideliking van volgorde.

Diagram 2.3: *Prolepse en Analepse.*



Met verwysing na die diagram kan die prolepse en analepse vervolgens bespreek word:

**Eksterne Anachronie:** ‘n Anachronie met omvang buite (ekstern) die eerste narratief.<sup>29</sup>

**Interne Anachronie:** ‘n Anachronie waarvan die omvang deel uitmaak van die eerste narratief. Interne Anachronie verdeel in hetero- en homodiëgetiese<sup>30</sup> interne anachronieë.

**Heterodiëgetiese Interne Anachronie:** Die storielyn verskil van die van die eerste narratief. Dit het gewoonlik te doen met die bekendstelling of opdatering van ‘n karakter.

**Homodiëgetiese Interne Anachronie:** Hierdie anachronie skep probleme omdat dit baie maal moeilik is om te onderskei tussen die anachronie en die eerste narratief aangesien hulle dieselfde storielyn volg. Hierdie anachronie verdeel in voltooiende- en herhalende anachronieë.

**Voltooiende Homodiëgetiese Interne Anachronie:** Voltooiende analepse vul vroeëre gapings in die storie en kan ook ‘terugkere’ genoem word. Voltooiende prolepse vul weer latere leemtes voortydig in.

**Herhalende Homodiëgetiese Interne Anachronie:** Die narratief herhaal homself hier doelbewus met ‘n analeps, na dit wat reeds vertel is, om byvoorbeeld ‘n vergelyking te stel tussen die hede en die verlede. ‘n Mens kan dit ook herinnerings of herroepings noem. In die geval van prolepse sou ‘n mens kon praat van vooruitkennisgewings. Dit is dan wanneer daar kortliks verwys word na ‘n gebeurtenis wat later voluit vertel sal word.

<sup>29</sup> Die eerste *narratief* verwys na die narratief waarbinne die anachronie (wat eintlik ‘n ingebedde narratief is) voorkom.

<sup>30</sup> *Diëgeties* verwys hier na storie of meer spesifiek storielyn.

**Gemengde Anachronie:** Die bereik van die anachronie strek na 'n punt buite die eerste narratief, maar die omvang arriveer êrens in die eerste narratief later as die begin daarvan. Gemengde anachronie is volledig of gedeeltelik.

**Gedeeltelike Gemengde Anachronie:** Gedeeltelike analeps gaan byvoorbeeld 'n paar dekades terug, vertel van drie dae en eindig met 'n ellips sonder om weer by die eerste narratief aan te sluit. Dit bring aan die leser 'n geïsoleerde stuk inligting wat nodig is om die huidige aksie te verstaan. Genette (1980:77) meen dat alle proleps gedeeltelik is aangesien hy aan geen voorbeeld kan dink van 'n volledige gemengde proleps nie.

**Volledige Gemengde Analeps:** Herwin 'n hele voorgeskiedenis en sluit dan by die eerste narratief aan sonder 'n gaping tussen die eerste narratief en die analeptiese narratief.

#### b) Duur

Duur het te doen met die verhouding tussen verteltyd en vertelde tyd. 'n Mens sou ook kon praat van die spoed van 'n storie. Met spoed word dan bedoel die verhouding tussen die tyd wat in die storie afspeel teenoor die hoeveelheid spasie wat dit in die teks beslaan (Genette 1980:87). Dialoog tussen twee karakters beslaan baie meer teks as die opsommende vertel van 'n gebeurtenis. Dialoog is die stadigste storiesnelheid aangesien die teks en die gebeure byna woordeliks ooreenstem. Dit kan egter nie as 'n goue reël geld waarvan 'n mens 'n universele nulpunt vir alle narratiewe kan aflei nie. Elke narratief behoort sy eie nulpunt te bepaal (Rimmon-Kenan 1983:52).

Vier tipes storiesnelhede word onderskei: *pouses*, *tonele*,<sup>31</sup> *opsommings* en *ellipse*. Die analise van storiesnelheid (duur) bepaal die ritme (samehang van vinniger en stadiger dele) van die narratief. Die vier snelhede kan soos volg beskryf word:

**Pouse:** daardie gedeelte waar die verteller 'n toneel beskryf, waarna die karakters nie noodwendig kyk nie en die verteller die gang van die storie verlaat, om dit te beskryf (Genette 1980:100). Hierdie gedeelte is die stadigste omdat baie 'tekstyd' daaraan bestee word, maar die storie vorder nie juis nie. By wyse van formule kan pouse so opgesom word:

**NT (Verteltyd) = n; en ST (Vertelde tyd) = 0; dus  $NT \infty > ST$** <sup>32</sup>

<sup>31</sup> Die term toneel dui nie hier op een of meer gebeurereekse wat saam met ander tonele 'n bedryf vorm nie. Die woord toneel dui hier op 'n gedeelte in die storie waar dialoog plaasvind.

<sup>32</sup> NT (*Narrative Time*) dui hier op verteltyd en ST (*Story Time*) op vertelde tyd. Die formule druk dan die verhouding tussen NT en ST uit met die wiskundige simbole > (groter as); < (kleiner as) en  $\infty$  (oneindig).

*Ellips*: wanneer daar in 'n oomblik oor 'n paar dae, maande of jare gesprink word. Dit kan ook 'n tydsprong genoem word en is natuurlik die vinnigste storiesnelheid. Ellips kan ook gedefinieerd of ongedefinieerd wees. Eersgenoemde sou wees wanneer 'n ellips beskryf word as byvoorbeeld 3 dae, 6 maande. Laasgenoemde is 'n ellips wat temporeel onbepaald is (Genette 1980:106). 'n Mens kan ook onderskei tussen eksplisiete, implisiete en hipotetiese ellipse. Eksplisiete ellips word deur die narratief aangedui op 'n gedefinieerde ("*Twee jaar het verby gegaan ...*") of ongedefinieerde ("*Die jare het verbygegaan ...*") wyse. Implisiete ellips word nie aangedui nie, maar slegs deur die leser afgelei uit die chronologiese leemte of gaping in die narratiewe kontinuïteit. Hipotetiese ellips word eers later by wyse van 'n analeps bekend gestel en word nie onmiddelik deur die leser ontdek nie (Genette 1980:106-109).

Ellips is: **NT = 0; ST = n; dus NT < ∞ ST**

*Toneel*: verwys hoofsaaklik na gedeeltes waar dialoog tussen twee karakters voorkom. Vertelde tyd en verteltyd is hier virtueel dieselfde.

**NT = ST**

*Opsomming*: 'n paar dae, jare of maande word in 'n paar sinne, paragrawe of bladsye weergegee. Opsomming gee gewoonlik agtergrond wat verskillende tonele, bedrywe of narratiewe aan mekaar verbind (Genette 1980:95-97).

**NT < ST**

(Brink (1987:102) voeg 'n **NT > ST** storietyd by. Hy sê dat dit gebeur dat 'n teks uitgebrei word met toneelbeskrywing of die gedagtes van 'n karakter terwyl dialoog aan die gang is en noem dit *Uitbreiding*.)

c) Frekwensie

'n Gebeurtenis kan een of meer kere vertel word of 'n paar van dieselfde gebeurtenisse kan een keer vertel word. Dit het alles te doen met die frekwensie van die tyd. Genette (1980:114-116) beskryf vier tipes frekwensies wat hier soos volg opgesom kan word:

**1N:1S** – vertel een keer wat een keer gebeur het. Die enkelvoudigheid van die narratiewe stelling stem ooreen met die enkelvoudigheid van die vertelde gebeure. Genette (1980:114) noem dit *singulatief*.

**nN:nS** – vertel ‘n aantal kere wat dieselfde aantal kere gebeur het. Dit is vir alle praktiese doeleindes egter steeds *singulatief*.

**nN:1S** – vertel ‘n aantal kere wat slegs een maal plaasgevind het. ‘n Voorbeeld hiervan is herhalende anachronie. Dieselfde gebeurtenis kan herhaaldelik vertel word, selfs met verskille in stilistiese variasie en gesigspunt. Dit is *herhalende narratief* (vgl Genette 1980:115).

**1N:nS** – vertel een keer wat ‘n hele antal kere gebeur het, soos gebruike en gewoontes wat gewoonlik gebeur. Een narratiewe uiting neem verskeie van dieselfde tipe gebeurtenis saam. Byvoorbeeld Job 1:4-6: “*Sy seuns het om die beurt partytjies gehou in mekaar se huise. By sulke geleenthede het hulle dan hulle drie susters genooi om saam met hulle fees te vier. Ná so ‘n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig, en vroeg die môre het hy vir hulle almal ‘n brandoffer gebring, ‘want,’ het Job gesê: ‘miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek.’ Job het dit elke keer gedoen*” (NAV<sup>33</sup>). Dit is *iteratiewe narratief* (Genette 1980:116).

Gebeure met en deur karakters vind egter nie slegs in ‘n bepaalde volgorde plaas, neem ‘n bepaalde tyd om af te handel en word ‘n sekere aantal kere vertel of nie vertel nie. Gebeure vind ook êrens plaas (Bal 1978:52).

#### iv) Ruimte

Brink (1987:107) meen dat moderne narratologie navorsers nie veel aandag skenk aan ‘n teorie oor ruimte nie. Miskien is dit net te vanselfsprekend dat gebeure êrens moet plaasvind, dat navorsers hulle daaraan sal steur. Die mens dink egter ruimtelik (vgl Bal 1978:52) en ruimte kan betekenisvol wees vir die storie. “Wanneer de plaats niet wordt aangeduidt, zal de lezer meestal zelf een plaats invullen” (Bal 1978:52). Die leser maak konnotasies ten opsigte van die ruimte wat ‘n betekenisvolle invloed op die leser se verstaan van die gebeure of die

<sup>33</sup> Nuwe Afrikaanse Vertaling.

karakters het. Of die leser lei 'n ruimte af uit die gebeure en karakters as gevolg van hierdie konnotasies. In die Bybelse narratiewe kan die vermelding van 'n enkele pleknaam baie betekenis inhou vir die gebeure of karakters.

Vir die storie om te bestaan moet iets gebeur. Die karakters moet bestaan om dit te laat gebeur. Dit gebeur ook êrens, teen 'n bepaalde spoed, het 'n bepaalde frekwensie waarteen dit aangebied word en word verder in 'n bepaalde volgorde vertel.

### **2.3 Narratief / Teks.**

“Of the three aspects of narrative fiction, the text is the only one directly available to the reader” (Rimmon-Kenan 1983:4). Die teks is die deel van die narratief wat voor die leser lê. Die teks bied die storie aan. Hy bied ook die verteller aan. By die analise van die teks ondersoek 'n mens onder andere hoe die karakters aangebied word (karakterisering), hoe die teks daar uitsien (tyd; struktuur/plot; stylfigure) en van watter oogpunt word die storie vertel of beskou (fokalisasie).

#### *i) Tyd*

Hier dui die term tyd op die aspek van verteltyd. Soos reeds gesê word hierdie tyd nie net temporeel gemeet nie, maar ook ruimtelik (aan die hoeveelheid woorde, sinne, hoofstukke.) wat bestee word om die storie te vertel.

#### *ii) Plot/Struktuur*

Hier kan 'n mens aandui hoe die teks die gebeurtenisse en gebeurereekse rangskik en aanbied in tonele, bedrywe en narratiewe.

#### *iii) Stylfigure*

Taal/woorde het nie altyd 'n letterlike betekenis nie, maar het baie keer ook 'n figuurlike betekenis. Veral in literêre kunsvorme (prosa en poësie) word taal gereeld figuurlik of simbolies gebruik. Bekende prosaïese stylfigure is verskynsels soos personifikasie, metafore, vergelykings en ironie.



#### iv) Karakterisering

Vroeër is aangedui dat die analise van karakters poog om die karakters (wat 'n aspek van storie is) te beskryf. Karakterisering is 'n aspek van die narratiewe teks. Die analise daarvan bestudeer die metode waarop die teks die karakters aanbied.

Karakterisering vind plaas deur direkte definisie of indirekte voorstelling. Eersgenoemde vind plaas deur die mees outoritêre stem in die vertelling (gewoonlik die verteller). Indirekte voorstelling geskied deur die aksies, spraak, uiterlike voorkoms en omgewing van karakters (Rimmon-Kenan 1983:60-61).

#### v) Fokalisasie

Fokalisasie raak die dimensie van die narratiewe teks sowel as die storie. Dis baie moeilik om fokalisasie aan die een of die ander toe te skryf. Die fokalisasie lê binne-in, tussen-in die teks en die storie (vgl. Bal 1978:110 en Rimmon-Kenan 1983:85).

Fokalisasie het te make met 'point of view' en moet nie noodwendig verwar word met die verteller van die verhaal nie. Die vraag wat fokalisasie vra, maak 'n onderskeid tussen wie sien en wie sê. Die verteller is gewoonlik die persoon wat sê, maar nie noodwendig die persoon wat sien nie (vgl. Rimmon-Kenan 1983:72). Vergelyk byvoorbeeld die volgende drie verse uit Job 1 (NAV):

A: 1:1 – *“In die land Us was daar ‘n man met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy.”*

B: 1:8 – *“Die Here vra toe vir die Satan: ‘En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien my en vermy die kwaad.’”*

C: 1:9 – *“Toe antwoord die Satan die Here: ‘Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! U beskerm hom dan, ...’”*

In A vertel iemand buite die verhaal wat hy van die karakter Job gesien het. Dit is natuurlik die verteller. In B is dit die karakter God wat vertel wat Hy van Job gesien het. In C is dit 'n ander karakter, die Satan, wat 'n heel ander perspektief op die karakter Job het (terwyl dit steeds die verteller is wat vertel).

‘n Mens sou kon onderskei tussen ‘n fokalisator (wie kyk?) en die gefokaliseerde (wie of wat word gesien?). In die voorbeeld is die verteller (A), God (B) en die Satan (C) onderskeidelik die fokalisator en die karakter Job telkens die gefokaliseerde. Die fokalisasie (wie sien?) as verhouding tussen verteller (wie sê?) en karakter kan soos volg aangedui word (Genette 1980:185-189):

**Verteller > Karakter:** Die verteller weet die meeste. Hy weet meer as enige karakter en sê ook meer as wat enige karakter weet. Dit is die tipiese ‘alomteenwoordige’ verteller. Hierdie is non-fokalisasie.


**Verteller = Karakter:** die verteller het beperkte veld en vertel slegs wat ‘n gegewe karakter weet of sien.

**Verteller < Karakter:** die karakter weet meer as wat deur die verteller vertel word.

‘n Onderskeid kan getref word tussen interne en eksterne fokalisasie. Dit is dan ekstern of intern relatief tot die storie of gebeure wat aangebied word. Wanneer ‘n karakter byvoorbeeld toegelaat word om voor ‘n mens op te tree, sonder dat ‘n mens weet wat die karakter se gevoelens of gedagtes is, is dit eksterne fokalisasie (Genette 1980:170). Eksterne fokalisasie is naby aan die vertelinstansie en kan verteller-fokalisator genoem word. Interne fokalisasie het ‘n karakter in die storie as fokalisator; ‘n karakter-fokalisator. Dit loop baie nou saam met die gebeure in die teks, maar bly meestal iets wat met die teks te doen het (Genette 1980:189-190). ‘n Narratief se fokalisasie kan wissel of konstant bly.

Fokalisasie deel in pesseptuele, psigologiese of ideologiese fasette. Hierdie drie fasette van fokalisasie wat Rimmon-Kenan (1983:77-82) onderskei, kan diagrammaties soos volg beskryf word:

Diagram 2.4: *Fokalisasie*.



Hierdie fasette kan gebruik word om die verskil tussen eksterne en interne fokalisator bekend te maak. Dit kan soos volg getabuleer word:

Tabel 2.1: *Eksterne- en Interne Fokalisasie*.

| Perseptueel   | Ekstern                                                                                               | Intern               |
|---------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------|
| <b>Tyd</b>    | Kan fokus op verlede hede en toekoms.                                                                 | Beperk tot hede.     |
| <b>Ruimte</b> | Panoramiese uitsig. Kan op twee plekke gelyktydig wees. Kan maklik wissel tussen twee of meer plekke. | Beperk tot een plek. |

| Psigologies      | Ekstern                                                            | Intern                                               |
|------------------|--------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------|
| <b>Kognitief</b> | Onbeperkte kennis. Inligting word slegs om retoriese redes beperk. | Kennis beperk tot die wêreld waarin hy vasgevang is. |
| <b>Emotief</b>   | Objektiewe insig in emosies van karakters.                         | Subjektiewe insig in emosies.                        |

| Ideologies <sup>34</sup> | Ekstern                                                                  | Intern                                                                                   |
|--------------------------|--------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------|
|                          | Verteller-fokalisator se ideologie is gewoonlik die heersende ideologie. | Karakter verteenwoordig sy ideologie in sy siening van die wêreld of sy aksies daarinne. |

Die gefokaliseerde kan ook van binne of van buite gefokaliseer wees. Die gefokaliseerde kan van buite waargeneem word, of sy gedagtes en emosies kan bekend word deur die fokalisasie van 'n verteller-fokalisator, of deur byvoorbeeld innerlike monoloog van die karakter-fokalisator.

<sup>34</sup> "This facet, often referred to as 'the norms of the text', consists of 'a general system of viewing the world conceptually', in accordance with which the events and characters of the story are evaluated" (Uspensky in Rimmon-Kenan 1983:81).

## 2.4 Vertelinstantie.

In die narratief het ons drie dimensies onderskei. Die narratief gaan oor 'n vertelling. Die eerste dimensie was dit wat vertel word – die storie. Dan was daar die tweede dimensie; die medium waardeur vertel word, die vertelling of die narratiewe teks. In enige vertelling ervaar 'n mens egter ook dat daar 'n iemand is wat vertel – die verteller of vertelinstantie. Dit is die derde dimensie.

Die verteller is tradisioneel beskryf met begrippe soos alomteenwoordig, alwetend, eerste persoon of derde persoon. Die verteller kan egter nie slegs in hierdie terme beskryf word nie. Die verteller moet eerder beskryf word in terme van sy verhouding tot die storie wat hy vertel. Hierdie verhouding bestaan uit twee dele: temporele verhouding en narratiewe vlak.

### i) Temporele Verhouding

Temporele verhouding kan uitgedruk word as agternavertelling (*subsequent*), vooruitvertelling (*prior*), gelyktydige vertelling (*simultaneous*) en ingevoegde vertelling (*interpolated*) (Genette 1980:217).

**Agternavertelling:** Dit is logies dat 'n gebeurtenis eers vertel kan word nadat dit gebeur het (Rimmon-Kenan 1983:89). Die meeste narratiewe se vertellers vertel agterna.

**Vooruitvertelling:** Dit kom baie min voor. Dit is 'n voorspellende narratief en 'n mens dink aan 'n profetiese genre as voorbeeld.

**Gelyktydige vertelling:** Dit is 'n vertelling in die hede en vind gelyktydig met die aksie plaas.

**Ingevoegde vertelling:** Dit is die mees komplekse en is 'n vertelling met verskeie vertelinstanties.

### ii) Narratiewe Vlak

'n Verteller kan vertel van 'n verteller wat vertel ... Vertellers funksioneer met ander woorde ook op narratiewe vlakke. Daar is reeds verwys na die term *eerste narratief* as narratief waarin ander narratiewe (soos analepse) kan voorkom. Die verteller van die eerste narratief hoef nie dieselfde verteller te wees as die verteller wat die analeptiese narratief vertel nie. In 2 Samuel 1 is 'n verhaal wat dit illustreer. Die verteller vertel dat Dawid in Siklag is en dat 'n Amalekiet uit Saul se kamp daar aankom en aan Dawid vertel van Saul se dood. Die Amalekiet vertel dan hoe hy vir Saul doodgemaak het - 'n verdraaiing van die werklike

gebeure. Die Amalekiet tree in vers 6-10 op as verteller van 'n storie ('n aangepaste analeps) op 'n ander vlak binne in die eerste narratief. 'n Mens sou na die eerste narratief kon verwys as 'n ekstradiëges<sup>35</sup> waarbinne 'n diëges (Amalekiet se storie) voorkom. Binne in die Amalekiet se storie sou argumentsonthalwe nog 'n storie (hipodiëges) kon voorkom waar 'n ander karakter byvoorbeeld aan die Amalekiet van Dawid vertel.

Die ingebedde verhaal kan 'n handelende, verduidelikende of tematiese funksie hê (Rimmon-Kenan 1983:92). Die handelende funksie hou die eerste narratief in stand of bevorder dit. Die verduidelikende funksie is gewoonlik 'n verduideliking op hipodiëgetiese vlak binne 'n diëges. Die tematiese funksie dui op 'n analogie tussen die diëges en die hipodiëges.

Rimmon-Kenan (1983:94-103) gebruik die volgende drie kriteria om 'n verteller te tipeer:

**Narratiewe vlak:** Die verteller is altyd op 'n hoër vlak teenwoordig as die storie waarvan hy vertel. Die verteller wat buite die fiktiewe wêreld van die eerste narratief voorkom, is 'n ekstradiëgetiese verteller. 'n Karakter binne in die storie wat 'n storie vertel, is 'n intradiëgetiese verteller (Potgieter 1991:103).

**Betrokkenheid by die storie:** Wanneer 'n karakter self betrokke is by die storie wat hy vertel, is dit 'n homodiëgetiese verteller. 'n Karakter-verteller wat nie betrokke is in die storie wat hy vertel nie, is 'n heterodiëgetiese verteller.

**Waarneembaarheid:** Dit dui op die koerte (amper afwesig) of overte (waarneembaar) aard van die verteller. Chatman (in Rimmon-Kenan 1983:96) bied 'n lys van ses dinge wat die overte aard van 'n verteller bepaal:

- 1) Beskrywing van omgewing.
- 2) Identifisering van karakter.
- 3) Temporele opsomming.
- 4) Definiëring van 'n karakter.
- 5) Inligting oor dit wat karakters nie gesê / gedink het nie.
- 6) Kommentaar:
  - a. Interpretasie.
  - b. Oordeel.
  - c. Veralgemening.

<sup>35</sup> "Narration is always at a higher narrative level than the story it narrates. Thus the diegetic level is narrated by an extradiegetic narrator, the hypodiegetic level by a diegetic (intradiegetic) one" (Rimmon-Kenan 1983:92)

**Geloofwaardigheid:** ‘n Geloofwaardige verteller se weergawe van die storie word aanvaar as die fiktiewe waarheid, terwyl die leser redes het om agterdogtig te wees oor ‘n ongelooftwaardige verteller se weergawe van die storie (Rimmon-Kenan 1983:100). ‘n Kovert ekstradiëgetiese verteller is die geloofwaardigste, veral as hy heterodiëgeties is (Rimmon-Kenan 1983:103). Hoe meer oort hierdie ekstradiëgetiese verteller raak, hoe meer geloofwaardigheid moet hy in. Die verteller se beperkte kennis, sy persoonlike betrokkenheid en/of sy waardesisteem is tekens van ongelooftwaardigheid (Potgieter 1991:104). ‘n Mens sou dit sekerlik ook kon uitdruk in terme van objektiwiteit (geloofwaardig) en subjektiwiteit (ongelooftwaardig).

‘n Verteller se status kan uitgedruk word in terme van die relasie tussen twee van die kriteria wat hierbo genoem is (Genette 1980:243-252), dus in terme van die relasie tussen narratiewe vlak en betrokkenheid by die storie. Dit kan op die as van ekstra-, -intradiëgeties en hetero-, homodiëgeties geplot word en ‘n verteller in een van vier kwadrante plaas:

- Ekstradiëgeties-Heterodiëgeties.
- Ekstradiëgeties-Homodiëgeties.
- Intradiëgeties-Heterodiëgeties.
- Intradiëgeties-Homodiëgeties.

Dit kan soos volg in tabelvorm uiteengesit word:

*Tabel 2.2: Beskrywing van Vertelinstantie.*

|         | Ekstra-                                                                                                                                                                                                                                  | Intra-                                                                                                                                                                                                                                          |
|---------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Hetero- | “‘n Verteller op die eerste narratiewe vlak vertel ‘n storie waarby hy afwesig is (die tradisionele outoriële verteller)” (Potgieter 1991:102).                                                                                          | “‘n Karakter op die tweede vlak, dus deel van die hoofgebeure of diëgesis, vertel ingebedde metadiëgetiese verhale waaraan hy nie self deel het nie” (Potgieter 1991:103).                                                                      |
| Homo-   | “‘n Karakter op die eerste vlak vertel sy eie storie (die tradisionele eerstepersoonsverhaal waar die vertellende ek op ‘n ander vlak as die belewende ek is, ten spyte van die feit dat hy sy eie storie vertel)” (Potgieter 1991:102). | “‘n Karakter op die tweede vlak (dws diëgetiese) vlak vertel sy eie storie (gewoonlik die gewone personele verhaal waar die illusie geskep word dat die leser direkte toegang het tot die bewussyn van die hoofkarakter)” (Potgieter 1991:103). |

Storie + teks + verteller = narratief. Elkeen van hierdie drie het sy eie aspekte en kenmerke. Die analise van 'n narratief bestudeer hierdie aspekte en eienskappe. Die verhale in die Bybel is ook narratiewe – literêre kunsvorme. Hulle antiekheid, 'outoriteit' en outentiekheid dra natuurlik by tot hulle uniekheid. 'n Narratologiese ondersoek lewer egter ook 'n besondere bydrae vir die interpretasie van die Bybel se verhalende tekste. Weens die uniekheid van die Bybelse narratief word Hoofstuk 3 vervolgens gewy aan 'n paar opmerkings oor Bybelse narratologie.

## **2.5 Samevatting.**

Wanneer 'n verteller vertel van karakters wat dinge laat gebeur en met wie dinge op 'n bepaalde tyd en plek gebeur, dan word 'n storie vertel. Die chronologie van gebeure kan 'geskommel' vertel word. Die tyd wat daaraan spandeer word om te vertel van insidente kan kort of lank wees. Daar kan selfs meer as een keer van 'n insident vertel word. Die storie word bewaar en latent gehou deur 'n vertelling of 'n teks en lewend gemaak deur 'n leser of hoorder wat wil luister. Die storie word deur 'n instansie vertel en binne in die storie kan nog 'n instansie nog 'n storie vertel. Die storie en die vertel daarvan is deel van die mens en die mensdom, soos die soek na en/of aanbid van 'n god of godheid deel daarvan is.

## HOOFSTUK 3

### DIE BYBELSTORIE – BYBELSE NARRATIEWE TEORIE

#### 3.1 Inleiding.

In hierdie hoofstuk word Bybelse narratiewe teorie ook aan die hand van die drie kategorië storie, narratiewe teks en vertelinstansie bespreek. In Hoofstuk 1 is verduidelik dat hierdie studie nie gebruik maak van die historiese kritiek as metode van interpretasie nie, maar dat hier 'n eie narratologiese metode ontwikkel sal word, wat dan op die teks toegepas sal word. In die voorafgaande hoofstuk is narratologie in die algemeen bespreek. In hierdie hoofstuk is die Bybelse narratief die fokus. Die argument sal begin met 'n verduideliking waarom hierdie studie krities staan teenoor 'n histories-kritiese benadering.

#### 3.2 Historiese kritiek.

Die historiese kritiek is die wetenskaplike ondersoek na die geskiedenis van literatuur in die Bybel om die geskiedenis van 'n korpus, boek of dele daarvan te rekonstrueer. Die eksegetiese metodes wat gebruik word om die geskiedenis mee bloot te lê, is literêre kritiek, vorm- en Gattungskritiek, motief- en tradisiekritiek, en komposisie- en redaksiekritiek. Historiese kritiek het ontwikkel uit die *Aufklärung*-denke (waarvolgens die menslike rede die finale norm vir waarheid is). In die agtiende eeu en tot in die sestigerjare van die twintigste eeu het dit die akademiese eksegetiese toneel grootliks oorheers. 'n Basiese vertrekpunt by al die metodes van ondersoek wat as histories-krities getipeer kan word, is dat 'n mens 'n teks verstaan as jy sy ontstaansgeskiedenis kan verklaar.<sup>36</sup>

'n Datering van 'n bepaalde boek in die Bybel kan 'n mens natuurlik help om sekere verskynsels in daardie boek beter te verstaan. So sou die datering van die boek Job volgens die historiese kritiek saamhang met byvoorbeeld die vele *hapax legomena* en unieke taal wat 'n mens in Job vind. Lawrie (2001:124) se gevoel is dat Job se unieke morfologie en die

---

<sup>36</sup> Met erkenning aan Prof A.P.B. Breytenbach (2001).



datering nie iets met mekaar te doen het nie.<sup>37</sup> Hy is ook van mening dat die algemeen aanvaarde datering vir die grootste deel van die boek (Persiese tydperk) nie ondersteun word deur geweldig baie bewyse of veel bydra tot die interpretasie van die boek nie (Lawrie 2001:123).

Vormkritiek en redaksiekritiek<sup>38</sup> sou moontlike antwoorde bied op vrae wat ontstaan na gelang van die vele teenstrydighede in die boek en die dele wat voorkom asof hulle nie op hulle plek is of in die boek hoort nie. Die populêrste antwoord sou wees: ‘Latere toevoegings’. Geen moeite sal ook ontsien word om by die ‘oorspronklike’ dele uit te kom nie.

Die boek Job se genre sou tradisioneel beskryf kon word as ‘n boek wat tuis behoort tussen die wysheidsliteratuur. Op grond hiervan sou Job vergelyk kon word met ander boeke van hierdie soort genre en baie sal gesê kan word (soos van die boek Prediker ook) oor die ‘andersheid’ van hierdie wysheid. Hierdie vergelykende opmerkings oor Job se wysheidskarakter sou ook gemaak kon word met ‘n intertekstuele lees van die boek. Lawrie (2001:124) sê dat ‘n mens nie die boek Job in enige gevestigde genre kan inpas nie, hoewel ‘n mens grepe van verskeie genres kan identifiseer. Selfs op die gebied van die retoriese kritiek (vgl. Watson & Hauser 1994) het verskeie navorsers al probeer om die boek Job in ‘n bepaalde retoriese genre te plaas. So probeer Schökel (1977) om Job te lees as ‘n drama en Whedbee (1977) as ‘n komedie.<sup>39</sup>

Die Bybelwetenskaplike van vandag kan en moet krities staan teenoor die historiese kritiek.<sup>40</sup> Hoewel die histories-kritiese benadering ‘n waardevolle bydrae het om te lewer, is dit nie die enigste manier waarop insigte uit die Bybelteks ontgin kan word nie. Gunn en Fewell

<sup>37</sup> Lawrie (2001:124) meen dat as die skrywer oos van die Jordaan op die Koning se handelsroete gewoon het (of selfs ‘n handelaar was), kan ‘n mens ‘n baie vroeë datering vir die boek Job veronderstel; “if the author is deliberately archaizing, ... even a very late date is possible.”

<sup>38</sup> Vgl. Wharton (1976:729-732).

<sup>39</sup> Exum (1992:13) verskil van Whedbee en sê dat die boek nie gelees kan word as ‘n komedie nie, “chiefly because the dialogue brings cosmic terror, as well as human heroism, into stark relief.” Whedbee se argument het tog gronde. Die boek Job daag ‘n gevestigde ‘teologie-van-die-dag’ uit, naamlik die teologie van retrubisie. Komedie is ‘n handige literêre wapen om algemeen sosiale (of teologiese) reëls uit te daag. Eintlik sou ‘n mens ook kon sê dat die boek Job iets probeer maak van die onverstaanbaarheid van God. Geen karakter in die boek se verstaan van God is die outoritêre teologie nie (vgl. Bezuidenhout 1991:82-83). God kan nie opgesom of verstaan word in enige teologie nie. Die ironie is dat daar ‘n gaping ontstaan tussen ‘n teologie oor God en die belewenis van God. Hierdie ironie is een van die twee bestandele van komedie (vgl. Whedbee 1977:1).

<sup>40</sup> Gunn (1987:65-75) sien reeds raak dat daar ‘n behoefte by navorsers is om weg te beweeg van die historiese kritiek as enigste metode van interpretasie.

(1993:7-8) noem drie swakhede<sup>41</sup> van die histories-kritiese metode en sê dat hierdie metode die inisiatief vir interpretasie van die Bybelteks uit die hande van gewone mense geneem het en dit stewig in die hande van wetenskaplikes geplaas het. Fokkelman (1999:21) verwys na die histories-kritiese metode as ‘n drievoudige vervreemding van die teks (“a three-fold alienation”). Die poging om die Bybel in sy ontstaanskonteks te verstaan, vervreem die leser drievoudig: die teks kom van ‘n baie ver plek af, uit ‘n tyd baie lank gelede en uit ‘n kultuur radikaal anders as die leser s’n. Die leser moet hierdie drie verskille nie onderskat nie, maar onthou dat dit slegs halwe waarhede is wat stilweg leuens en optiese illusies kan word, wanneer dit die alfa en omega vir uitleg raak (Fokkelman 1999:21). Soms moet ‘n mens tot dieselfde gevolgtrekking as Lawrie (2001:126) kom: “(I)n case of some books neither a knowledge of the historical background of the book, nor the identification of the genre contributes much to the interest it has for the reader or the understanding the reader gains of it.”

Baie belangriker as die ontstaanstyd en –omstandighede van die teks, is die verhouding tussen die teks en die leser. Die skrywer van die teks is dood en die tyd en omstandighede van ontstaan is verby. Al wat nog lewe, is die teks (vgl. Fokkelman 1999:22). Die verhouding tussen die verantwoordelike leser en die teks is belangrik vir die vraag “Wat sê die teks nou eintlik?” Die leser moet in hierdie opsig vrede maak met sy subjektiwiteit, die teks kom daardeur tot lewe. Die leser diskwalifiseer homself egter as goeie leser, as hy om hierdie rede sommer enige iets met die teks sou wou aanvang (Fokkelman 1999:24). Lawrie (2001:136) skryf die meeste van die bestaande argumente oor “oorspronklike” en “sekondêre” materiaal toe aan subjektiwiteit. Hy sê die argumente is beïnvloed deur individuele opinies rakende betekenis en waarde van sekere gedeeltes. Eerstens, sê Lawrie (2001:136), word hierdie analises nie onderneem om die boek beter te verstaan nie, maar om ‘n standpunt, wat die persoon reeds huldig, te verdedig. Tweedens bepaal die waardes wat die persoon aan daardie teksgedeelte koppel, of hy die gedeelte “retain” of “delete.” Habel (1985:24) wil hê dat die eksegeet altyd bewus bly van die afstand tussen die huidige leser en die antieke oorspronklike gehoor. Hy waarsku egter ook dat ‘n mens bewus moet bly van die beperking in kennis aangaande die denkpatriene van die antieke wêreld.

---

<sup>41</sup> 1) Geen eksterne kontroles laat die proses oop vir sirkelredenasie.  
2) ‘n Estetiese voorkeur vir ‘n rasionalistiese, literêre lees van literatuur onderlê die bronkritiek.  
3) Historiese kritiek het ‘n voorkeur getref vir die “oorspronklike,” met ‘n verwoestende effek op die waarde van die “finale” kanon (Gunn & Fewell 1993:7-8).

Die leser se subjektiwiteit of ideologie<sup>42</sup> speel 'n prominente rol by die lees en interpreteer van tekste uit die Bybel. Die leser kan egter nie sy subjektiwiteit isoleer nie, maar hy moet daarvan bewus bly. Wanneer 'n mens die Bybel lees, lei dit outomaties na 'n soek van die boodskap of betekenis van die teks. Wat sê die teks? Die antwoord op hierdie vraag vra 'n worsteling met die teks – 'n eksegeese. Die leser se eie waarde-oordele speel natuurlik hier 'n baie groot rol. Die histories-kritiese metode is ontwikkel tot 'n fyn wetenskap waarin vrae aan die teks en oor die teks gevra word om by betekenis, tema of boodskap van die teks uit te kom. Vir die historiese-kritiek lê die antwoord opgesluit in die ontstaansomstandighede van die teks. Die wetenskap van die historiese kritiek skep meestal by die leser die indruk dat dit lei tot 'n objektiewe lees van die teks. Die groot fout wat die Bybelleser maak, is om te vra wat die betekenis van die teks is. Fokkelman (1999:26) meen dat 'n mens eerder by die antwoord uitkom met 'n ander ompad. In plaas daarvan om te vra “Wat sê die teks?” of “Wat is die betekenis van die teks?”, behoort die leser eerder te vra “*Hoe sê die teks dit?*” Sodoende beweeg 'n mens sinvol weg van histories-kritiese vrae, na meer immanente vrae.

“In the deepest sense, the test of exegesis is esthetic” (Lawrie 2001:143). 'n Narratiewe benadering tot 'n teks is 'n immanente benadering wat hom besig hou met die detail van die teks soos dit daar staan. 'n Narratiewe benadering antwoord die vraag, “Hoe sê die teks dit wat hy sê?” Daarom beweeg hierdie studie weg van die vrae wat die historiese kritiek aan Job gevra het en vra die navorsing hier “Hoe sê die boek Job dit wat hy sê?”

In die voorafgaande is die narratiewe teorie wat hier as rigsgaande dien, uitgespel. Die narratiewe in die Bybel het 'n eie aard en karakter en verskil natuurlik in sekere opsigte van die moderne novelle. Daarom word narratiewe teorie aangaande die Bybelse narratief ook in hierdie navorsing gebruik.

Daar is groeiende belangstelling onder Bybellesers, Bybelstudente, Teoloë, Ou Testamentici, Nuwe Testamentici en ander geïnteresserdes in 'n narratologiese benadering tot die eksegeese van verhalende tekste in die Bybel. Menige publikasies het dan ook die lig in hierdie verband aanskou. Die boek van Robert Alter (1981), *The art of biblical narrative*, is 'n uitstekende voorbeeld van pionierswerk op die gebied van Bybelse narratiewe teorie. Alter se navorsing is

---

<sup>42</sup> “... ideologies are like opinions – everybody has one. Some people are just more conscious of theirs. Ideology affects what we do and how we think. Even in our most scientific and apparently objective endeavors it colours and shapes our research and conclusions” (Gunn & Fewell 1993:190).

egter redelik verouderd as in ag geneem word dat dit reeds in 1981 gepubliseer is, maar bring steeds baie bruikbare insigte na vore. Gunn en Fewell (1993:3) se ervaring is dat daar nie regtig 'n definisie van narratief is wat 'n mens heeltemal tevrede stel nie. Hierdie definisies is per slot van rekening eintlik heuristies, “that is, they serve to open up possibilities of interpretation rather than having some essential reality in themselves” (Gunn & Fewell 1993:3). Hierdie opmerking geld vir narratiewe teorie in die algemeen. Daar is nie 'n teorie wat volledig tevrede stel nie – nie 'n absolute metode soos die historiese kritiek nie. 'n Studie soos hierdie probeer nie om 'n metode wat haarfyn oor die afgelope honderd jaar tot 'n fyn wetenskap ontwikkel is en slegs toeganklik is vir geleerdes, op die teks toe te pas nie. Hierdie studie wil eerder die moontlikhede ontgin wat die narratiewe benadering vir die teks oopbreek.<sup>43</sup>

'n Navorser wie se werke 'n reuse bydrae lewer vir die verstaan van Bybelse narratiewe, is die werke van Jan P. Fokkelman. Fokkelman het sy loopbaan gewy aan die bestudering van Bybelse (hoofsaaklik Ou Testamentiese) narratiewe, veral die narratiewe in Genesis en 1 en 2 Samuel (vgl Watson & Hauser 1994:16). Sy boek, *Vertelkunst in de Bijbel: een handleiding bij literair lezen* (1995) bied 'n uitstekende werkbare metode om die Bybelse narratief te lees. Hierdie boek is in 1999 in Engels uitgegee en word in hierdie studie as 'n basisbron gebruik.

Ter wille van sistematiese eenvormigheid sal die uitgangspunte vir hierdie studie rakende Bybelse narratiewe teorie ook onder die opskrifte *storie*, *narratief* / *teks* en *vertelinstansie* weergegee word.

### 3.3 Storie.

#### i) Gebeure.

*A proper narrative event occurs when the narrative tempo slows down enough for us to discriminate a particular scene; to have the illusion of the scene's 'presence' as it unfolds to be able to imagine the interaction of personages or sometimes personages and groups, together with the freight*

<sup>43</sup> By Miles (1977:71-126) tref mens 'n baie uitvoerige en filosofiese relaas aan wat handel oor die verhouding tussen die Bybel en ander literatuur. Hoewel hierdie artikel eerder handel oor literêre werke wat geïnspireer is deur die Bybel en/of die boek Job (vgl. Cloete (1984:102-106); Botha (1995:17-22); Lasine (1992:144-155); Pypers (1993:111-129) en Fisch (1994:280-295)), en nie oor die Bybel as literêre werk nie, lei 'n mens af dat Miles (1977:76-82) ook krities is oor die historiese benadering tot die Bybel sedert die negentiende eeu.

*of motivations, ulterior aims, character traits, political, social, or religious constraints, moral and theological meanings, borne by their speech, gestures and acts* (Alter 1981:63).

‘n Narratiewe gebeurtenis vind met ander woorde plaas wanneer die kombinasie van dialoog, gebeure en aksies teen so ‘n tempo aangebied word, dat dit as’t ware in die leser se verbeelding soos ‘n film voor hom afspeel.

Volgens Alter (1981:65) maak die verteller in die Bybel die meeste van die tyd van dialoog gebruik. Die vertelling in derde-persoon is volgens hom slegs verbindings tussendeeltes dialoog. Wat die dialoog en vertelling betref, praat Fokkelman (1999:67) onderskeidelik van karakterspraak (“character’s speech”) en vertellerstekste (“narrator’s text”). Vir Fokkelman (1999:67) is vertellerstekste die hooftekste en karakterspraak ingebedde tekste. Die Bybel gaan baie spaarsamig te werk met tekste. Karakters sê slegs wat nodig is (Fokkelman 1999:68) en selfs die verteller beperk sy insette tot slegs dit wat nodig is vir die verstaan van die storie (Fokkelman 1999:71).

Fokkelman (1999:73) maak nie van die term gebeurtenis (‘event’) gebruik nie, maar gebruik die terme aksies (‘actions’) en sub-aksies (‘sub-actions’). Die term ‘aksie’ sluit vier uiteenlopende elemente in:

- a) Die transitiese en intransitiese dade van karakters.
- b) Dit wat met ‘n karakter gebeur.
- c) Die beskrywende materiaal wat die verteller weergee.
- d) Aksie sluit ook prosesse in (Fokkelman 1999:75-76).

Daar moet duidelik onderskei word tussen aksies en sub-aksies. Aksie “goes hand in hand with the notion of grasping the story at a glance or making a summary” (Fokkelman 1999:73). Die sub-aksie is verantwoordelik vir die detail, “but these details are of course the actual business” (Fokkelman 1999:73). Hierdie indeling deel gebeure in twee breë kategorieë. Die indeling wat in Diagram 2.1 voorgestel is, definieer gebeurtenisse fyner. In die terme wat in Hoofstuk 2 by gebeure gebruik word, sou ‘n mens van die ‘actions’ en ‘sub-actions’ onderskeidelik kon praat as handelinge en insidente.

Fokkelman (1999:77) beskryf die afloop van gebeure in die narratief as 'n baan of trajek. Die storietrajek lyk tipies soos volg:

*The full-grown story begins by establishing a problem or deficit; next it can present an exposition before the action gets urgent, obstacles and conflicts may occur that attempt to frustrate the dénouement, and finally there is the winding up, which brings the solution of the problem or the cancellation of the deficit* (Fokkelman 1999:77).

Die skrywer werk uiters selektief met die inligting wat hy wil deurgee. Nie alle sub-aksies word weergegee nie, slegs dié wat relevant is. Die kriteria vir die relevansie van die inligting is die plot (Fokkelman 1999:78). Die plot is die beginsel waarvolgens die vertelling georganiseer word. Die plot verskaf die begin, middel en einde van die storie (Fokkelman 1999:77).

## ii) Karakters.

Die plot is 'n baan of trajek van gebeurtenisse. "The trajectory in an independent story is often a search or 'quest' undertaken by the *hero* in order to solve or cancel the problem or deficit presented at the outset" (Fokkelman 1999:78 – *my beklemtoning*). Die storie het ten minste een persoon in die storie nodig om dinge te laat gebeur en/of 'n persoon met wie dinge kan gebeur.

Die analise van karakters kyk 'wie' die karakters is (terwyl karakterisering kyk hoe die narratief karakters beskryf en ontwikkel). Fokkelman (1999:78 & 95) verkies om die terme 'held', 'helper' en 'opponent' te gebruik om karakters te beskryf. Hy (1999:82) sê ook dat dit nie altyd maklik is om 'n held te identifiseer nie. Om te bepaal wie die held van 'n storie is, moet 'n mens die hulp van karakterisering in roep.<sup>44</sup>

Die held is die karakter wat op 'n sending ('quest') is na die oplossing van die probleem of die waardevolle objek, wat uiteengesit is aan die begin van die storie. Die helpers en opponente is respektiewelik die karakters wat die held se sending bevorder of verhinder (Fokkelman 1999:95). Die leser moet hom ook nie laat mislei deur die term 'held' nie, "a

<sup>44</sup> Opmerkings oor karakterisering volg later (vgl. 3.4).

character can be the hero in a narratological sense, but a villain in a moral sense” (Fokkelman 1999:82).

Met betrekking tot die Bybelnarratief moet iets oor die karakter God ook opgemerk word. Die verhouding tussen verteller en karakter is ‘n verhouding van skepper en skepping. Die karakter is die skepping van die verteller. Dieselfde geld vir die karakter God in die Bybel. God kan in die Bybelstorie alleenlik optree as die verteller dit vertel. Skrywers se beeld van God verskil radikaal van mekaar, en dit is die leser se taak om die verskillende weergawes verskillend te los en nie die verskillende weg te probeer verklaar nie. Daar mag meer as een waarheid wees (vgl. Fokkelman 1999:57-59). Wanneer Gunn en Fewell (1993:28) verskillende kommentatore met mekaar vergelyk, kom hulle agter dat geeneen van die kommentare die karakter God te veel wil ondersoek nie. Dit het miskien te doen met die gesag (veral uit Protestantse kringe) wat aan die Heilige Skrif toegeken word.<sup>45</sup>

Die gesag wat aan die Bybel toegeskryf word as Woord van God, laat baie lesers vergeet dat dié boek deur mense geskryf is. Die gevoel ontstaan dan by hierdie lesers dat die skrywer van ‘n bepaalde Bybelboek en God dieselfde waardes en beginsels koester – goed en sleg vir God is ook goed en sleg vir die skrywer. Fokkelman (1999:153) beweer dat dit gebaseer is op twee veronderstellings van die moderne leser wat nie standhoudend is nie: eerstens die aanvaarding dat die karakter God in die Bybel dieselfde is as die Bo-natuurlike wese, die Metafisiese entiteit God; en tweedens dat die skrywer geen keuse het as om dieselfde God te dien as die moderne leser nie. Hy waarsku verder dat die leser nie die verteller van die Bybelstorie moet vassluit in hierdie veronderstelling, dat die skrywer dieselfde waardes koester as die leser nie. Dus: selfs die karakter God kan in die narratologie onderwerp word aan analise.

### iii) Tyd

#### a) Volgorde

In die Hebreeuse narratief tref ‘n mens die Hebreeuse verteltrant aan wat aangedui word met die *waw-konsekutief*. Stories is altyd chronologies, maar word nooit suiwer chronologies vertel nie. Enige storie het ‘n begin, middel en einde op ‘n chronologiese tydlyn. Die verteller hoef nie by die nulpunt van die lyn te begin vertel nie. Die verteller kan enige plek op die lyn begin, selfs so ver as heel aan die einde. Die verteller kan dit doen omdat hy op enige plek op

<sup>45</sup> “Genre expectations of other kinds (particularly notions of the Bible as hallowed and authoritative) have also limited readers’ willingness to engage in extensive character construction” (Gunn & Fewell 1993:49).

die tydlyn vooruit of terug kan gryp na gebeure voor of na die vertelde hede. Bar Efrat (1989:166) meen dat die Bybelverhaal, anders as die moderne novelle, algemeen in een lyn van verlede na toekoms vertel word. Die verteller begin dus, volgens hom, by die nulpunt van die tydlyn en eindig by die chronologiese einde. Van naderby ontdek 'n mens dat 'n storie nooit chronologies vertel kan word nie. Anachronieë bied gereedskap waarsonder probleme, soos die vertel van gelyktydige gebeurtenisse, nie oorbrug sou kon word nie.

Bar Efrat (1989:175) onderskei tussen twee tipes analepse, of wat hy noem “flashbacks,” te wete analepse deur die verteller en analepse deur die karakter. Analepse deur die verteller het ten doel om 'n nuwe karakter voor te stel in terme van die agtergrond van sy verlede. Dit kan ook ten doel hê om aksies of uitinge van karakters te verklaar of om die oorsprong van 'n situasie te verduidelik. Dit kom egter selde voor, omdat die Bybelstorie kort en bondig is, sonder onnodige beskrywings, uitbreidings of informasie (vgl. Fokkelman 1999:69-72 en Bar Efrat 1989:175). Analeps deur 'n karakter is volgens Bar Efrat (1989:180) nie 'n distorsie van tyd nie, aangesien dit in die karakter se hede gebeur. Dit is egter steeds 'n tydsdistorsie. Analeps deur 'n karakter kan ook beskryf word as 'n verteller binne 'n vertelling wat 'n storie binne in die storie vertel.

Prolepse in die Bybelstorie word volgens Bar Efrat (1989:179) meestal organies aangebied as deel van die aksie (deur die woorde van 'n profeet of engel). Dit kom voor asof prolepse belangriker is vir die storie in die Bybel as vir ander stories. 'n Proleps in die Bybel skep die indruk dat die gebeure nie toevallig is nie, maar doelgerig en planmatig. “It sheds light on the deeper meaning of what is happening, enabling us concurrently with reading about the events, to transcend them, grasp the causal connections between them and perceive the hidden forces behind them” (Bar Efrat 1989:179). Die verlede dring die karakter se hede binne by wyse van herinneringe; en die toekoms by wyse van verwagtinge, hoop, vrese, begeertes, planne, versoeke, beloftes, besluite en bevele. Die eerste vier begrippe verwys op 'n passiewe manier na die toekoms, terwyl die laaste vyf dit laat blyk asof die toekoms aktief gevorm en beïnvloed kan word. “All these approaches are represented in abundance in biblical narrative.” Dit alles hou verband met die unieke karakter van die Bybelnarratief. “The frequency with which they occur gives biblical narratives a quality of being oriented towards the future and of constantly aspiring to advance without delay” (Bar Efrat 1989:184).



Fokkelman (1999:37) sê dat dit belangrik is om te vra wat die doel van ‘n “flashback” is. Dit is volgens hom egter belangriker om te vra “why it should occur exactly here, on page N, and how its meaning is related to the adjoining pages” (Fokkelman 1999:37).

#### b) Duur

In die Bybelnarratief kan ‘n mens ook onderskei tussen tonele, pouses, opsommings en ellipse. Wat Fokkelman (1999:40) “character’s speech” noem, word hier beskryf as toneel. Dit is wanneer dialoog / monoloog plaasvind. Pouses, opsommings en ellipse noem Fokkelman (1999:40) “stretching, condensing and skipping” en skryf dit toe aan “narrator’s text.” Ellipse kom gereeld in die Bybelstorie voor, juis as gevolg van die bondige aard daarvan. Vir dieselfde rede sou min pouses voorkom waarin ‘n omgewing of karakter haarfyn beskryf word. Aangesien pouses min voorkom, sou dit ook goed wees om nie net te vra na die doel daarvan nie, maar ook hoekom dit hier op hierdie spesifieke plek in die storie gebruik word.

#### c) Frekwensie

Bar Efrat (1989:161) sien die herhalende narratief (nN/IS) as ‘n aspek van duur omdat dit die storiespoed vertraag. Die herhalende narratief is baie kere ‘n analeps wat teruggryp na ‘n gebeurtenis wat reeds vertel is. Dit sou dus ook onder volgorde bespreek kon word. Dit dui maar weereens net daarop dat die konsepte volgorde, duur en frekwensie slegs die sistematiese beskrywing van die aspek tyd dien. Dit kan nooit drie waterdigte kompartemente van tyd wees nie.

Die herhalende narratief in die Bybel het ‘n unieke karakter en taak:

*(I)nformation conveyed in the exposition is repeated later on in the course of the plot. In addition, a command, suggestion, prophecy, etc. is often cited at one point, only to be repeated when we are informed of its implementation. Similarly, an event, action or speech is conveyed, and at a later state one of the characters reports on that same event, action or speech. What is more, these repetitions are often communicated in identical or almost identical terms (Bar Efrat 1989:161).*

Die herhalende narratief in die Bybel hou ook verband met die karakterisering van karakters in die Bybel (Bar Efrat 1989:162). In die Bybelstorie gebeur dit gereeld dat een karakter die

woorde of aksies van ‘n ander karakter of sy weergawe van gebeure herhaal. Wanneer ‘n leser oplet na die verskille in die herhaling, kan baie geleer word aangaande die karakter wat aan die woord is. Hier raak die aspek van tyd (frekwensie) weer skouers met karakterisering en fokalisasie wat later weer onder bespreking kom.

#### *iv) Ruimte*

Bar Efrat (1989:187) meen dat dit vir die moderne leser moeilik is om te begryp watter konnotasies die skrywer en lesers van die Bybelverhale aan plekname heg. “The audience was able to ascribe significance to those spots, which we cannot do today because of the distance in time and our inadequate knowledge of the geographical realities of the biblical period” (Bar Efrat 1989:187). Hierdie opmerking wil ‘n mens dadelik laat gryp na antwoorde wat histories-krities van aard is. Die histories-kritiese vrae is, soos reeds genoem, sekondêr van aard.

Fokkelman (1999:97-111) gebruik onder andere die verskyning van tyd en ruimte in die Bybelstorie as belangrike bakens vir die strukturering van die storie. Hy vra dus nie histories-kritiese vrae nie, maar span die aspek van ruimte saam met die van tyd in, om by ‘n sinvolle, verduidelikende struktuur van die storie uit te kom. Fokkelman raadpleeg wel ‘n atlas om byvoorbeeld reistyd van ‘n karakter van een ligging na ‘n ander te skat. Dit bly egter steeds ‘n wyse waarop slegs gesoek word na ‘n struktuur van die storie.

### **3.4 Narratief/ Teks.**

#### *i) Tyd*

Die verteltyd (narratiewe- / diskoerstyd) het te doen met die hoeveelheid woorde, sinne, paragrawe en hoofstukke van ‘n narratief. Op grond hiervan kan ‘n mens ‘n ooglopende onderskeid maak tussen prosa en poësie. Fokkelman (1999:171-187) wy ‘n ganse hoofstuk aan die verhouding tussen prosa en poësie; en veral aan die funksie van poësie in prosatekste. Hy (Fokkelman 1999:171-172) beweer dat ‘n mens teoreties twee verskille kan tref tussen prosa en poësie. Eerstens wentel die ganse struktuur/plot van ‘n prosateks rondom chronologiese weergawe van gebeure, terwyl chronologie nie vir die digter belangrik is nie. ‘n Tweede rede het te doen met die reëls vir kwantiteit en metrum. Poësietekste is meer kompak en sinne of verse is korter. “The strict discipline that controls real verses is of a quantitative nature and can be described in metrical terms” (Fokkelman 1999:173). Die dissipline wat die verteltyd hanteer, is ook van kwantitatiewe aard. Daarom is dit nodig om hier, onder die

opskrif ‘tyd’, melding te maak van Fokkelman (1999:171-187) se opmerkings oor die samewerking van prosa en poësie in narratiewe tekste.

Fokkelman (1999:174) meen dat hierdie onderskeid teoreties van aard is en dat die praktyk anders lyk. Poësie word in die narratiewe tekste gebruik en ondermyn die sisteem as’t ware, soos die wysheid van Job en Prediker, van binne (Fokkelman 1999:174). Die klem op die verskil tussen prosa en poësie moet weggeredeneer word. Twee redes geld vir hierdie opmerking. Eerstens is die prosaskrywers lief daarvoor om prosa af te wissel met poësie op net die regte moment. Die taalreëls van sy besondere taal staan immers in diens van die skrywer (Deist 1986a:27). Tweedens kan hierdie poësie-dele literêr onafhanklik funksioneer en soms voorkom asof dit die storie kondenseer en vertel sodat dit met een oogopslag ‘waargeneem’ kan word (Fokkelman 1999:175).

Fokkelman (1999:175) verduidelik verder dat die narratiewe styl (in die Bybel) lakonies is en normaalweg uitgedruk word in kort frases. “The vast majority of sentences in Hebrew contain two to eight words” (Fokkelman 1999:175). Hy sê dat hierdie bondige manier van vertel dit vir die skrywer van die Hebreeuse narratief moontlik maak om parallelismes en frases van gelyke lengte te skep.

Wat is dit wat poësie die prosateks bied? Dit bied die leser die belewenis van ‘n liriese ‘ek’ in die hede. Die liriese stem is betrokke in die hede en praat in die hede. Dit oorkom die narratiewe se ‘historiese’ afstand met poëtiese onmiddelikheid. Hierdie onmiddelikheid het twee gesigte: die leser beleef in hierdie manier van vertel ‘n stuk direktheid; “or it is spoken by a voice (the lyrical I) that directly addresses God, the king or a fellow pilgrim with praises, thanks, reproaches or supplications” (Fokkelman 1999:177-178).

Hierdie hoofstuk van Fokkelman is uiters belangrik vir hierdie studie. As Fokkelman (1999:178) sê, “... the poetry in this chapter is embedded within the body of prose. This means that every poem has the status of direct speech, i.e. character text,” het dit belangrike implikasies vir die lees van die boek Job as narratiewe. Normaalweg is dit nie baie lang dele poësie wat ingebed is in die prosateks nie. Daar is sekerlik nie ‘n reël wat bepaal hoe lank die gedig / karakterspraak wat ingebed is, behoort te wees nie. Fokkelman (1999:174) sê tog dat

“the literary genius of the prose writers resist compartemental thinking.”<sup>46</sup> Waarom kan die poësiegedeelte van Job dan nie so ‘n ‘direkte spraak’-gedeelte wees wat ingebed is in ‘n (baie kort) prosagedeelte nie?

Die skrywer van die boek Job raak die hart van ‘n ‘wysheidsteologie’ aan. Op watter beter manier as om gebruik te maak van hierdie intensiewe manier van vertel – direkte liriese spraak? Die volgende woorde van Fokkelman (1999:178-179) beklemtoon hierdie teorie:

*Poetry embedded in prose has various functions. It articulates the material, contains a lesson, or offers a point; it intensifies the meanings already hovering in the air or implicitly present in the surrounding prose; or it formulates a conclusion in order to add a point of its own to the prose.*

Die boek Job is ‘n verhaal, maar dan ‘n baie besondere soort verhaal: ‘n kort stuk vertellerstekst met ‘n groot gedeelte karakterspraak in poësievorm.

#### ii) Plot/Struktuur

“Plot is the organizing force or principle through which narrative meaning is communicated” (Gunn & Fewell 1993:101). By Hoofstuk 3.3 (Storie) in die paragraaf oor ‘gebeure’ is aangedui dat die plot die trajek van gebeure is.<sup>47</sup> Die plot bied die gebeure volgens ‘n bepaalde struktuur aan.

*While they are structured around real-life experiences, literary plots differ from real life. Whereas, in real life, events often seem random, narrative shapes events into meaningful patterns. Even clear beginnings and endings are not apparent in real life (Gunn & Fewell 1993:103).*

Die plot bied die gebeure in ‘n betekenisvolle patroon aan. Hierdie patroon vorm die struktuur van die narratief. In hierdie struktuur kan ‘n mens soek na patrone soos byvoorbeeld parallelisme, chiasme of inclusio. “When we succeed in making a correct division of the text into its various parts, everything comes together” (Fokkelman 1999:97).

<sup>46</sup> Oor die gebruik van prosa of poësie reken Deist (1986b:87) “staan dit ‘n verteller vry om sy verhaal óf in prosa, óf in poësie aan te bied.”

<sup>47</sup> “There must be events for there to be a story; not random events but events that are connected, events that have design, that form a pattern – events that are in fact ‘plotted’” (Gunn & Fewell 1993:101).

In klassieke Hebreeuse poësie ontdek 'n mens die keurige manier waarop die Hebreeuse skrywer van strukturele patrone gebruik maak. Die klassieke Hebreeuse prosa is geen uitsondering nie. Die meesterlike manier waarop die klassieke Hebreeuse skrywers van struktuur gebruik maak, laat Fokkelman (1999:162) tot die gevolgtrekking kom dat hierdie skrywers uitstekende literêre opleiding moes ontvang. Die struktuur is 'n sleutel tot die verstaan van die hele storie. Fokkelman (1999:97) gee waardevolle raad oor merkers waarvoor 'n mens in die Bybelse narratief kan oplet om die analise van die struktuur te vergemaklik. 'n Mens moet oplet na twee dinge: die gebruik van tyd en ruimte, en die verskyn en verdwyn van karakters. Gebeure, karakters, tyd en ruimte is bepalend vir die plot. Dit is dus duidelik dat die storie-aspek van gebeure georganiseer kan word deur die aspekte karakters, tyd en ruimte te bestudeer. Die verskillende aspekte van 'n narratief is met mekaar vervleg.

### *iii) Stylfigure*

Stylfigure kan by die plot/struktuur aansny. Die skrywer kan verskillende vorms van parallelisme gebruik, om byvoorbeeld 'n sentrale gebeurtenis in 'n bedryf te beklemtoon. Die skrywer kan, soos reeds vermeld, ook van stylfigure soos ironie, metafoor, vergelyking ensovoorts gebruik maak.

#### *a) Tipiese-toneel*

Alter (1981:47-62) beskryf 'n stylfiguur van groter omvang. Hy noem dit 'n 'typescene' (tipiese-toneel). In narratiewe vind 'n mens baie keer dat 'n reeks gebeure op 'n tipiese manier aangebied word. Die verteller gebruik 'n paar vaste motiewe vir hierdie geykte toneel en die leser kan die gebeure of uitkoms van die toneel antisipeer. "So 'n geykte toneel reflekteer 'n beslissende moment in 'n akteur se lewe en bestaan uit 'n aantal motiewe wat in 'n vaste volgorde voorkom" (Potgieter 1991:63). In die Bybel is die sogenaamde puttoneel 'n voorbeeld van 'n tipiese-toneel. 'n Man ontmoet sy toekomstige vrou by 'n put waar sy water kom skep. Dink maar aan Rebekka, Isak se vrou, wat by 'n put ontmoet word (Gen 24). Jakob ontmoet vir Ragel by 'n put (Gen 29) en Moses die dogters van die priester van Midian onder wie sy vrou Sippora (Eks 2). Hierdie tipiese tonele verskil in detail van mekaar, maar die basiese toneel bly dieselfde – 'n man se toekomstige vrou word by een of ander waterput ontmoet.

b) Uitdaging-reaksie stryd


‘n Tweede stylfiguur van groter omvang het te doen met eer en skaamte in die Bybel. Hier word kers opgesteek by die sosiale wetenskappe.<sup>48</sup> Dit is die uitdaging-reaksie model waarvolgens eer verwerf of verloor word (Malina 1993:36). Malina baseer sy studie vir Bybelse sosiale waardes op waarnemings uit die Mediterreense wêreld. Hy vergelyk dit met sosiale waardeverskynsels in die Bybel en poog sodoende om sommige verskynsels in die Bybel te verstaan. Malina se teorie het waarde vir hierdie studie. ‘n Mens sou die boek Job of dele van die boek kon sien as ‘n regsgeging tussen God en Job, omdat baie tonele tipies lyk soos ‘n regsgeging. Hierdie tonele sou ook gelees kon word as partye wat mekaar se eer uitdaag. Daarom sal daar in hierdie studie verwys word na hierdie model; meestal as ‘n tipiese toneel.

Eer (algemeen erkende waardigheid) is ‘n waarde wat algemeen aan iemand deur die publiek erken word. Skaamte is om gesteld te wees op, of bewus te wees van, eer. Die teenoorgestelde van eer is om beskaamd te word. Dit is wanneer die versoek om waardigheid algemeen ontken en verwerp word. Om beskaam te word is dus altyd negatief; dit beteken dat eer ontken of verkleineer word. Om skaamte te hê, aan die ander kant, is altyd positief - dit dui op ‘n mens se gesteldheid op sy eer. In die Bybel gaan hierdie eer selde oor die individu, en as ‘n reël eerder oor die eer van die groep of familie (Plevnik 1998:107).

Eer is ‘n beperkte hulpbron (vgl. Neyrey 1998a:122-127 en Malina 1993:90-116) en moet deur ander aan ‘n mens vergun word. Eer kan op een van twee maniere aan ‘n ander vergun word. Eer kan geërf of verwerf word. (Malina 1993:33-34). Geërfde eer is die eer wat ‘n persoon het na aanleiding van die familie waarin hy gebore is. Dit kan ook aan iemand toegewys word deur ‘n magspersoon soos ‘n koning of God. Verwerfde eer word deur ‘n persoon verwerf deur uit te styg bo ander. Dit vind plaas volgens ‘n sosiale uitdaag-en-reaksie patroon waarin persone met mekaar worstel volgens bepaalde sosiale reëls.

<sup>48</sup> Let op die verskil tussen die “social historians” en “social scientists” soos wat Martin (1993:107) dit beskryf en verduidelik. Eersgenoemde gebruik tradisionele histories-kritiese metodes terwyl laasgenoemde ‘n metode ontwikkel deur insigte uit die antropologie en sosiologie op die teks te gaan uittoets.

Diagram 3.1: *Uitdaging-reaksie model.*



Die model bestaan uit drie fases: aksie (uitdaging) – waarneming – reaksie. Die uitdaging vind altyd publiek plaas, wat verseker dat die ontvanger sal reageer, omdat eer deur die publiek toe- of afgewys word. Die ontvanger word deur 'n woord en/of daad uitgedaag. Die uitdaging word dan deur die publiek en die ontvanger met 'n bepaalde persepsie waargeneem. Die uitgedaagde kan dan reageer en die publiek sal sy reaksie evalueer.

*The challenge, then, is a threat to usurp the reputation of another, to deprive another of his reputation. When the person challenged cannot or does not respond to the challenge posed by his equal, he loses his reputation in the eyes of the public. People will say he cannot or does not know how to defend his honor. He thus loses his honor to the challenger, who correspondingly gains in honor (Malina 1993:37).*

'n Mens kan tereg vra of Job verlore eer probeer terugwen deur die Here uit te daag. Job verdedig verder ook sy eer deur te reageer op sy vriende se aanslag op sy eer. Hierdie opmerkings sal in latere hoofstukke meer uitgebreid bespreek word. Die uitdaging-reaksie model (Malina 1993:36) word in diagram 3.1 hierbo diagrammaties voorgestel.

#### iv) Karakterisering

Volgens Fokkelman (1999:65) word die leser van die Bybelverhaal gekonfronteer met 'n netelige vraag: "Hoe weet die leser wanneer 'n karakter hom bedrieg?" Die antwoord lê in 'n groot mate opgesluit in die analise van die karakterisering van die karakter. Die verteller kan dit direk vanuit sy alwetendheid aan die leser vertel en sodoende die karakter direk definieer. Die verteller kan ook gebruik maak van indirekte voorstelling. Volgens Tolmie (1996:81) is indirekte voorstelling die populêrste wyse van karakterisering in die Bybelnarratief. Dan moet die leser maar die karakter se woorde met sy daade vergelyk om agter te kom of die karakter hom bedrieg. In effek speel die leser dan die stem van die karakter en die stem van die verteller teen mekaar af (Gunn & Fewell 1993:71).

*A character speaks, the narrator recounts action. When there is incongruity, we often find that the narrator's report of action is a more reliable indicator of character than the character's speech. In much the same way, we may find the narrator's voice offering a significant and authoritative alternative*



*when characters say one thing and the narrator tells us that actually they are thinking another* (Gunn & Fewell 1993:71).

*Character can be revealed through the report of actions; through appearance, gestures, posture, costume; through one character's comment on another; through direct speech by the character; through inward speech, either summarized or quoted as interior monologue; or through statements by the narrator about the attitudes and intentions of the personages, which may come either as flat assertions or motivated explanations* (Alter 1981:116-117).

Die bekendstelling van 'n karakter vind volgens Alter (1981:117) op 'n kontinuum of skaal plaas. Op die een kant van die skaal lê dit wat van 'n karakter bekend word deur sy aksies of voorkoms. Al waarop die leser die karakter leer ken, is met sy eie gevolgtrekkings. In die middel van hierdie skaal is direkte spraak en innerlike spraak. Laasgenoemde is 'n meer betroubare bron vir karakterisering as eersgenoemde. Aan die ander uiterste van die skaal lê dit wat die verteller van die karakter vertel.

In die paragraaf oor 'karakters' is aangedui dat Fokkelman (1999:78 & 95) met die konsep werk van 'n held op 'n sending met helpers en opponente wat die bereiking van sy doelwit vergemaklik of verhoed. Dit is egter nie altyd 'n eenvoudige saak om die held te identifiseer nie. Fokkelman (1999:82) stel drie vereistes vir 'n karakter om die held van die storie te wees: "is the hero a subject of a quest? Is he/she mostly or permanently present in the text? Finally, does the hero or heroine show initiative?" Hierdie drie vrae sal help om die held as held te karakteriseer.

#### v) Fokalisasie

"Our knowledge of a narrated situation expands if we keep asking ourselves whose perspective we are actually being given" (Fokkelman 1999:139). Dinge wat 'n mens vreemd opval of onverklaarbaar voorkom in Bybelverhale, kan verklaar word wanneer die leser vra deur wie se oë die narratief op daardie stadium kyk. "Indeed failure to make this distinction between points of view is one of the most common sources of confusion in the interpretation of biblical texts" (Gunn & Fewell 1993:71). Omdat die verteller meestal vertel wat karakters

raaksien, moet die leser mooi onderskei tussen die verteller se fokalisasie en die van die karakter. Dit is egter nie altyd 'n maklike onderskeid om te maak nie.

*When, however, the perspectives of character and narrator are separated, the story gains depth and dimension because it is being seen from different angles. By recognizing the plurality of perspectives the reader can also resist the simplistic idea that a narrative pushes only one kind of rhetoric, that is it offers only one basic message, one model of living, one meaning (Gunn & Fewell 1993:72).*

Die Hebreeuse woord *הָיָה* ('kyk!') dien as 'n belangrike merker vir karakterfokalisasie. Hierdie woord lei gewoonlik 'n frase in waarin die teks aandui wat 'n sekere karakter sien. Fokkelman (1999:141) illustreer dit met 'n voorbeeld uit 2 Samuel 15:2 wat soos volg letterlik vertaal kan word: "En Dawid het bo-op die kruin gekom waar hy voor God kom buig het, *en kyk*, Hushai die Arkiet het gekom om hom te ontmoet met geskeurde kleed en grond op sy kop." Die verteller se woorde dek hier presies die veld van Dawid se visie. Die leser hoor wat Dawid sien. Die woord *הָיָה* dien hier as merker om die fokalisasie van die karakter Dawid aan te dui. Die woord *הָיָה* word natuurlik ook struktureel in dialoog gebruik en as 'n partikel wat die aandag op iets belangrik vestig. Soms kan dit moeiliker wees om karakterfokalisasie te skei van die van die verteller. 'n Voorbeeld waarmee Fokkelman (1999:147) dit illustreer is die inventaris van Gideon se oorlogsbuit in Rigters 8:26: "En die gewig van die goue ringe wat hy gevra het, was sewentienhonderd sikkels goud, behalwe die maantjies en oorversiersels en purper klere wat die konings van Midian gedra het, en behalwe die kettings wat aan die nekke van hulle kamele was" (OAV<sup>49</sup>). Waarom gee die verteller hierdie inventaris, vra Fokkelman (1999:147). Dit kan alleenlik verklaar word as 'n mens in ag neem dat Gideon se gesigspunt ook hier gedek word. "We then realise that the narrator has used his apparent dryness to underline Gideon's greediness" (Fokkelman 1999:147). 'n Mens moet in tekste soos hierdie voorbeeld fyn lees en weer lees om seker te wees wie se perspektief word uitgespel. 'n Mens moet onderskei tussen *Wie sê?* en *Wie sien?*.

Om 'n karakter se emosionele perspektief bloot te lê, is ook moeilik. Fokkelman (1999:144) sê dat 'n mens 'n karakter se eie woorde moet bestudeer om iets wys te word oor sy/haar

<sup>49</sup> Ou Afrikaanse Vertaling.

perspektief. Die karakter kan die leser of ‘n ander karakter natuurlik mislei. Die leser moet gevolglik die karakter se woorde teen sy/haar aksies opweeg, of gebruik maak van voorkennis wat die verteller vroeër kon gegee het (Fokkelman 1999:144).

Die verteller se fokalisasie kan natuurlik iets verklap van sy/haar ideologie.<sup>50</sup> Wanneer die leser kan agterkom wat die verteller se ideologie is, kan gedink word hoe dit ooreenstem met die skrywer se ideologie. Dan kan ‘n mens natuurlik baie makliker bepaal wat die ‘boodskap’ van die storie is. Die goeie verteller gee egter nie sy ideologie net weg aan die leser nie – die meeste daarvan bly raaiwerk aan die kant van die leser. Die raaiwerk hou die leser geboei. Dit vra dat die leser die teks lees en weer lees. ‘n Duidelike analise van die struktuur en die plot kan die raaiwerk vergemaklik (vgl. Fokkelman 1999:148-150).

Fokalisasie hou verder ook met ironie verband. “Irony is incongruity of knowledge, value, or point of view” (Gunn & Fewell 1993:74). So kan ‘n karakter byvoorbeeld dink dat hy weet wat hy doen, terwyl hy eintlik iets anders doen. So het Juda gedink dat hy van die dienste van ‘n prostituut gebruik maak, terwyl hy in der waarheid gemeenskap met sy skoondogter het (Gen 38). “Verbal irony, language that can be interpreted as understanding or counterstating what, on the surface, it seems to mean, also often bypasses the characters en route from narrator to reader” (Gunn & Fewell 1993:74).

### 3.5 Verteller / Vertelinstansie.

Daar is gevalle waar dit moeilik is om die skrywer en verteller van mekaar te onderskei. Gunn en Fewell (1993:52) moedig lesers aan om nie die verteller te sien as die skrywer nie, maar as ‘n fiktiewe persoon soos die karakters. Fokkelman (1999:56) meen dat die verteller van die Bybelstorie ‘n alwetende verteller is. Hy kan ook beskryf word as ‘n ekstradiëgeties-heterodiëgetiese verteller. Die vertelinstansies in die Bybel is egter gevarieerd, en die ekstradiëgeties-heterodiëgetiese verteller is nie die enigste verteller nie. Bar Efrat (1989:45) se opsomming van die vertellers in die Bybel moet ‘n mens motiveer om die narratiewe vlakke en hulle vertellers ook in die Bybelnarratief te soek en beskryf:

<sup>50</sup> “**Ideology:** The ideas and manner of thinking characteristic of an individual or group, shaped by political, social, religious and other factors (conscious, unconscious and subconscious) and providing the frame of reference within which he or they judge and act (an ideology is true if the ideas in it are in accordance with reality, false if they are at variance with it)” (Deist 1984:79).

*(N)arrators in the Bible are quite complex and varied. They generally observe the characters from without, but sometimes also see them from within. They usually watch events as outside observers, but sometimes see things through the eyes of one of the characters. On the whole, they perceive situations from close to, and often hear the characters' conversations, but also occasionally take things in from afar. They generally describe the actual events for us, though in some cases they add their own interpretations and explanations (Bar Efrat 1989:45).*

Wat Bar Efrat hier sê, kan 'n mens opsom in terme van fokalisasie: Die vertellers van die Bybel is gevarieerd, want die Bybel se storie word deur verskillende fokalisators (binne en buite die storie) vertel.

### 3.6 Fokkelman se 10 vrae.

Dit is sinvol om op hierdie stadium die tien vrae van Fokkelman (1999:208-209) te vermeld. Dit is vrae wat hy aan en oor die teks vra om uit te kom by die antwoord op die vraag: "Hoe sê die teks dit?" Hierbo is gekyk na die bestanddele van 'n narratief. Fokkelman se tien vrae kan 'n instrument wees waarmee hierdie bestanddele geanaliseer word. Fokkelman sê ook dat 'n mens dit moet verstaan as tien groepe vrae eerder as tien aparte vrae:

1. Wie is die held? Gee die redes waarom hy/sy die held is (onthou kriteria van teenwoordigheid, inisiatief en aktant van 'n sending.)<sup>51</sup>
2. Waaruit bestaan die sending? Wat is die waardevolle objek? Bereik die held sy doel? Indien nie, waarom nie?<sup>52</sup>
3. Wie is die helpers en opponente? Behalwe vir ander karakters, kyk ook na faktore, situasies en persoonlikheidseienskappe. Is enige attribute (objekte) teenwoordig? Wat dra hulle by? Voeg hulle enige simboliese waarde toe?<sup>53</sup>
4. Is die verteller êrens in die teks 'voelbaar'? Let op vir inligting, kommentaar, verduidelikings of waarde-oordeel. Kan jy die hierdie plekke waar die verteller aan die woord is, aandui? Waar is die skrywer minder sigbaar (sy doelbewuste saamstel van

<sup>51</sup> Hierdie vraag kan beantwoord word in terme van karakters en karakterisering. 'n Analise van die gebeure sal ook die sending van die held beskryf.

<sup>52</sup> Die antwoord op hierdie vraag vra 'n analise van gebeure.

<sup>53</sup> Weer 'n vraag (soos vraag 1) rakende karakters en karakterisering.

- die materiaal)? Is dit by hom gebruiklik om sy eie opmerkings op sekere plekke in die teks te maak?<sup>54</sup>
5. Hou die verteller by die chronologie van die gebeure en prosesse? Waar en waarom wyk hy af? Probeer 'n idee kry van die verhouding verteltyd:vertelde tyd.<sup>55</sup>
  6. Waar is die gapings waar vertelde tyd weggelaat word, en kom versnelling, vertraging, teruggrype of vooruitgrype voor? Waarom kom hulle op hierdie spesifieke plek voor? Wat is hulle verhouding tot die konteks?<sup>56</sup>
  7. Is daar 'n duidelike plot of maak dit deel uit van 'n groter geheel? Hoe lyk die makro-plot dan?<sup>57</sup>
  8. Waar kom spraak voor? Is daar baie? Is daar spraak uitgelaat waar dit verwag is? Wat is die faktore wat die karakter wat aan die woord is, beïnvloed (eiebelang, agtergrond, behoeftes, verwagtings)? Is daar kongruensie (woorde stem ooreen met dade)? Indien nie, waarom nie? Is daar verwysings in die teks dat die skrywer die karakter ondersteun of goedkeur?<sup>58</sup>
  9. Is daar 'n spesifieke woordkeuse wat jou tref? Enige ander eienskappe in die styl en struktuur? Dink ernstig daaroor na met vrae oor die bydrae vir die aspekte soos plot en karakterisering as riglyne.<sup>59</sup>
  10. Grense: watter plan word gebruik om die eenheid af te baken? (Hou data met betrekking tot tyd en ruimte, begin en einde van aksie, verskyning en verdwyning van karakters in gedagte.) Kan jy die teks in kleiner dele verdeel? Watter merkers het jy gebruik? Soek na ander tekens en merkers wat kan lei tot 'n alternatiewe strukturering. In watter mate maak die verdeling die tema of 'inhoud' duidelik?<sup>60</sup>

### 3.7 'n Narratiewe metode.

'n Mens sou vervolgens na aanleiding van Hoofstuk 2 en 3 kon vra hoe 'n metode daar sou uitsien om 'n teks narratologies te ontleed. Fokkelman (1999:208-209) se tien vrae is baie bruikbaar. Die keuse word egter hier gemaak om nie die tien vrae net so aan die teks te vra om sodoende 'n analise te maak nie. Indien dit die geval sou wees, kon die titel van hierdie

<sup>54</sup> Hier behoort 'n analise van die verteller en van fokalisasie antwoorde te verskaf.

<sup>55</sup> Die aspek van tyd geniet aandag met hierdie vraag.

<sup>56</sup> Hier bestudeer 'n mens volgorde, duur en frekwensie – aspekte van tyd.

<sup>57</sup> Gebeure en veral plot (struktuur) moet hier bestudeer word.

<sup>58</sup> Hierdie vraag soek antwoorde by hoofsaaklik 'n analise van fokalisasie.

<sup>59</sup> Stylfigure word hier bestudeer.

<sup>60</sup> Hierdie vraag sluit aan by vraag 7 en het dus te doen met die plot/struktuur. Die antwoord lê, soos die vraag dit ook duidelik stel, opgesluit in 'n analise van gebeure, karakters, tyd en ruimte.


studie eerder dan ‘Die boek Job – ‘n toepassing van die teorie van Jan P. Fokkelman’ gewees het. So ‘n studie sou wel baie sinvol wees. Hier word egter gekies om vanuit bestaande werke ‘n eie metode saam te stel en te ontwikkel. Die verskillende aspekte van die narratief word op ‘n sistematiese manier ontleed en bespreek.

Hierdie studie sal ‘n bepaalde volgorde handhaaf waarvolgens die aspekte van ‘n Bybelse narratief (die boek Job in hierdie geval) aan die orde kom. Aangesien ‘n verhaal in sy mees basiese vorm ‘n vertelling van ‘n reeks gebeure is, sal die **plot en gebeure** eerste aan die orde kom. Hierdie analise behoort ook ‘n aanduiding te gee van die struktuur van die narratief. Aangesien die gebeure deur en/of met ‘n persoon plaasvind, word die **karakters en karakterisering** volgende bestudeer. Die studie word verder verfyn wanneer die aspekte van **tyd en ruimte** bestudeer word. Laastens word die **verteller en fokalisasie** bestudeer.

Hoewel daar vir hierdie volgorde gekies word, word die aspekte van die betrokke narratief altyd ondersoek en bespreek met die hele narratief in gedagte. Dit is baie belangrik om te onthou dat, hoewel die aspekte van ‘n narratief ter wille van die ontleding van mekaar geskei word, hulle mekaar voortdurend beïnvloed. Dit sal gevolglik gebeur dat ‘n mens selde een aspek kan ontleed en bespreek sonder dat een of meer van die ander aspekte ook aangeraak word. So kan dit byvoorbeeld gebeur dat ‘n karakter nie ontleed en bespreek word sonder dat gebeure, argumentsonthalwe, ook aangeraak word nie. Dus sal in die hoofstuk oor karakters ook iets gesê word oor gebeure, en *vice versa*. Een aspek word altyd bespreek in terme van die ander aspekte (m.a.w. in terme van die hele narratief). Die indeling hierbo is gewoon maar om die ontleding en bespreking van ‘n narratief te sistematiseer.

Die analise en beskrywing van ‘n narratief kan diagrammaties soos volg uitgebeeld word:

Diagram 3.2: Verhaalaspekte i.t.v. mekaar (i.t.v. die hele narratief).



### 3.8 Samevatting.

In hierdie studie word wegbeweeg van die histories-kritiese metode. Vir die antwoord op die vraag “Wat sê die teks?” word daar eerder kers opgesteek by die literêre wetenskap. Hierdie vraag word dan ook nie direk geantwoord nie, maar met ‘n ompad. Die ompad is deur te vra “Hoe sê die teks dit?” Hierdie vraag word beantwoord deur die aspekte waaruit ‘n teks bestaan, te bestudeer. In die geval van ‘n narratiewe teks word ‘n analise van karakters, karakterisering, tyd, ruimte, gebeure, plot, stylfigure, fokalisasie en die vertelinstantie

gemaak. In hierdie hoofstuk is hierdie studie se uitgangspunte met betrekking tot narratiewe teorie geformuleer. In die hoofstuk hiernaas sal geargumenteer word waarom Job as narratief gelees kan word. Daar sal ook na navorsing op Job verwys word wat verband hou met narratologie.



## **AFDELING B**

### **Narratiewe analise en interpretasie van die boek Job**

## HOOFSTUK 4

### PLOT EN GEBEURE

#### 4.1 Inleiding.

Wanneer ‘n mens Job as ‘n drama sou lees, vra dit ‘n bietjie verbeelding. “One does not usually read the book of Job as a drama, probably because our concept of the literary genre ‘drama’ is very precise and limited” (Schökel 1977:45). Newsom (2003:12) maak juis die punt dat ‘n skrywer kan afwyk van die reëls vir ‘n sekere genre om sekere klemme te lê. Sodoende ontstaan baie kere nuwe genre’s.

Om Job as drama te lees, sou ‘n manier bied waarop die boek (met sy problematiese komposisie veral vir die historiese kritiek) in sy ‘finale’ vorm gelees kan word. In ‘n drama is daar ruimte vir nate, ellipse en ander weglatings. Dit is gewoon toelaatbaar omdat dit ‘n literêre kunswerk is, wat die kunstenaar (skrywer) doelbewus só aanmekaar wou sit. In hierdie hoofstuk word die boek Job opgedeel in bedrywe en tonele. Hier word geargumenteer dat die ganse drama wentel om ‘n uitdaging-reaksie stryd, met verskeie karakters se eer op die spel. Vier van Fokkelman (1999:208-209) se vrae word hier beantwoord, te wete vrae 2,<sup>61</sup> 7,<sup>62</sup> 9<sup>63</sup> en 10.<sup>64</sup>

#### 4.2 Plot en gebeure.

Die kleinste bestanddeel van die plot is ‘n gebeurtenis. Gebeure word saam gegroepeer in tonele (‘scenes’). Tonele word ook saam gegroepeer (hoofsaaklik op grond van tematiese

<sup>61</sup> “2. What does the *quest* consist of? What is the hero after, i.e. what is the object of value? Does he attain his goal, and if not, why not? (Fokkelman 1999:208).

<sup>62</sup> “7. Is there a clear *plot*, or is the unit you are reading more or less without a plot of its own, because it forms part of a greater whole? What, then, is the macro-plot there?” (Fokkelman 1999:208).

<sup>63</sup> “9. Is there any particular choice of words that strikes you? Any other characteristics of *style or structure*? Take them seriously, and keep pondering them, guided for instance, by such questions as “what does this contribute to plot or characterization?” (Fokkelman 1999:208-209).

<sup>64</sup> “10. Boundaries: what devices are used to demarcate a unit? (Consider the data regarding time, space, beginning and end of action, entrances or exists of the characters.) Can you make a *division* of the text (divide it into smaller units)? By what signals are you guided? Try and find other signals or markers, which may possibly lead to a different structuration. To what extent does the division clarify your view of themes or ‘content?’” (Fokkelman 1999:209).

samehang) en vorm dan 'n bedryf ('act'). Die plot is dan die sinvolle manier waarop die bedrywe en tonele van 'n narratief gerangskik (struktuur) is.

Wat die makro-plot betref, kan die boek Job in drie bedrywe verdeel word. Die eerste en die derde bedryf bestaan elk uit vyf tonele terwyl die tweede (middelste) bedryf slegs een toneel het. Die bedrywe en tonele lyk soos volg:

*Diagram 4.1: Bedrywe en tonele in die boek Job.*

**Bedryf I (Job 1-2): Job word getoets.**<sup>65</sup>

**Toneel 1** (1:1-5): Job – 'n man van integriteit.

**Toneel 2** (1:6-12): Satan: "Job is nie opreg nie."

**Toneel 3** (1:13-22): Satan (Jahwe) vs. Job

**Toneel 4** (2:1-10): "Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af."

**Toneel 5** (2:11-13): Job totaal onteer.

**Bedryf II (Job 3-26): Jahwe is...**

**Toneel 6** (Job 3-26): Dialoog: Vier vriende wonder oor Jahwe.

**Bedryf III (Job 27-42): Jahwe word getoets.**

**Toneel 7** (27-31): Monoloog (Job): Ek is totaal van my eer ontnem.

**Toneel 8** (32-37): Monoloog (Elihu): Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af.

**Toneel 9** (38-42:6): Jahwe vs. Job.

**Toneel 10** (42:7-9): Jahwe: "Job se vriende is nie opreg nie."

**Toneel 11** (42:10-17): Job – 'n man van integriteit.

<sup>65</sup> Clines (1989:8) *verdeel* Job 1:1-2:13 op dieselfde wyse. Habel (1985:25-35) *deel* die plot ook in drie hoofdele ("movements"). Sy indeling geskied ook onder andere op grond van karakters (Habel 1985:27). Die feit dat hier twee verskillende indelings (hierdie studie en die van Habel) van die makro-plot plaasvind op grond van die narratologiese inhoud van die boek Job, dui aan dat 'n narratologiese analise die eenheid van die boek nie net sal bevestig nie, maar ook beklemtoon.

Tabel 4.1: *Verdeling van Toneel 6-9.*

|                 | Frase                                                     | Karakter | Hfst(e)    |
|-----------------|-----------------------------------------------------------|----------|------------|
| <b>TONEEL 6</b> |                                                           |          |            |
| 6a              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 3          |
| 6b              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיפָז הַתִּימְנִי וַיֹּאמֶר:                 | Elifas   | 4, 5       |
| 6c              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 6, 7       |
| 6d              | וַיֵּשֶׁן בִּלְדַּד הַשּׁוּחִי וַיֹּאמֶר:                 | Bildad   | 8          |
| 6e              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 9, 10      |
| 6f              | וַיֵּשֶׁן צֹפָר הַנַּעֲמָתִי וַיֹּאמֶר:                   | Sofar    | 11         |
| 6g              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 12, 13, 14 |
| 6h              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיפָז הַתִּימְנִי וַיֹּאמֶר:                 | Elifas   | 15         |
| 6i              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 16, 17     |
| 6j              | וַיֵּשֶׁן בִּלְדַּד הַשּׁוּחִי וַיֹּאמֶר:                 | Bildad   | 18         |
| 6k              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 19         |
| 6l              | וַיֵּשֶׁן צֹפָר הַנַּעֲמָתִי וַיֹּאמֶר:                   | Sofar    | 20         |
| 6m              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 21         |
| 6n              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיפָז הַתִּימְנִי וַיֹּאמֶר:                 | Elifas   | 22         |
| 6o              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 23, 24     |
| 6p              | וַיֵּשֶׁן בִּלְדַּד הַשּׁוּחִי וַיֹּאמֶר:                 | Bildad   | 25         |
| 6q              | וַיֵּשֶׁן אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                               | Job      | 26         |
| <b>TONEEL 7</b> |                                                           |          |            |
| 7a              | וַיִּסָּף אֵיזֹב שְׂאֵת מְשָׁלוֹ וַיֹּאמֶר:               | Job      | 27, 28     |
| 7b              | וַיִּסָּף אֵיזֹב שְׂאֵת מְשָׁלוֹ וַיֹּאמֶר:               | Job      | 29, 30, 31 |
| <b>TONEEL 8</b> |                                                           |          |            |
| 8a              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיהוּא בֶן־בֶּרֶכְיָאֵל הַבּוּזִי וַיֹּאמֶר: | Elihu    | 32, 33     |
| 8b              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיהוּא וַיֹּאמֶר:                            | Elihu    | 34         |
| 8c              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיהוּא וַיֹּאמֶר:                            | Elihu    | 35         |
| 8d              | וַיִּסָּף אֱלִיהוּא וַיֹּאמֶר:                            | Elihu    | 36, 37     |
| <b>TONEEL 9</b> |                                                           |          |            |
| 9a              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֶת־אֵיזֹב מִן־הַסֶּעֱרָה וַיֹּאמֶר:       | Jahwe    | 38, 39     |
| 9b              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֶת־אֵיזֹב וַיֹּאמֶר:                      | Jahwe    | 40:1-2     |
| 9c              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֵיזֹב אֶת־יְהוָה וַיֹּאמֶר:               | Job      | 40:3-5     |
| 9d              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֶת־אֵיזֹב מִן־הַסֶּעֱרָה וַיֹּאמֶר:       | Jahwe    | 40:6-41:26 |
| 9e              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֵיזֹב אֶת־יְהוָה וַיֹּאמֶר:               | Job      | 42:1-6     |

BEDRYF II (3:1-26:14) is die langste bedryf in die Jobdrama. Dit bestaan ook slegs uit een toneel, omdat daar geen toneelwisseling plaasvind nie (geen wisseling in tyd, ruimte, karakters of begin en einde van aksie nie). In hierdie bedryf dui die verteller aan wanneer 'n karakter aan die woord kom met die woord וַיַּעַן (וַיַּעַן) ['hy het geantwoord']. Hierdie aanduiding van die verteller kan gebruik word om die hoofstukke van die boek Job in Bedryf II (3:1-26:14) in te deel. Tabel 4.1 sit hierdie indeling van Toneel 6 (3:1-26:14) uiteen. In Job 27 begin die verteller om 'n ander frase te gebruik om 'n karakter aan die woord te stel. Hy wissel nou וַיַּעַן af met וַיִּסַּח (וַיִּסַּח) ['hy het voortgegaan']. Hierdie afwisseling deur die verteller help om Job 27-37 in kleiner dele te verdeel in Toneel 7 (27:1-31:40) en Toneel 8 (32:1-37:24) van Bedryf III (27:1-42:17) (vgl. Tabel 4.1). Toneel 9 (38:1-42:6) kan weer op dieselfde manier deur middel van die woord וַיַּעַן in kleiner dele verdeel word (vgl. Tabel 4.1).

Wanneer 'n mens na temas in elke toneel gaan kyk, kan die struktuur in die vorm van 'n ringskomposisie aangebied word. Bedryf II (3:1-26:14) word dan omsluit deur die twee vyftoneel bedrywe. Die struktuur kan dan soos volg voorgestel word.

*Diagram 4.2: Makro-plot van Job.*

**Bedryf I: Job word getoets.**

A Toneel 1: Job – 'n man van integriteit.

B Toneel 2: Satan: "Job is nie opreg nie."

C Toneel 3: Satan (Jahwe) vs. Job.

D Toneel 4: "Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af."

E Toneel 5: Job totaal onteer.

**Bedryf II: Jahwe is...**

F Toneel 6: Dialoog: Vier vriende wonder oor Jahwe.

**Bedryf III: Jahwe word getoets.**

E' Toneel 7: Monoloog (Job): Ek is totaal van my eer ontnem.

D' Toneel 8: Monoloog (Elihu): Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af.

C' Toneel 9: Jahwe vs. Job.

B' Toneel 10: Jahwe: "Job se vriende is nie opreg nie."

A' Toneel 11: Job – 'n man van integriteit.

Hierdie indeling kan getoets word aan die inligting in elke toneel aangaande die tyd, ruimte, begin en einde van gebeurtenisse en verskyning en verdwyning van karakters. Dit sal gerieflikheidshalwe toneel vir toneel bespreek word. Karakters, tyd en ruimte word nie hier uitvoerig bespreek nie, maar eers in later hoofstukke. Hulle word hier ter wille van die plot genoem.

***i) Bedryf I [1:1-2:13]:***

‘n Baie belangrike faktor wat die plot in hierdie bedryf bepaal, is ruimte. Die land Us en die hemel word in die eerste drie tonele op so ‘n wyse afgewissel dat die leser die ‘nate’ tussen die tonele kan ‘voel’. Die verskyning en verdwyning van karakters hang ten nouste hiermee saam – die karakter Job hoort tuis by die gebeure in die land Us en Satan en Jahwe hou verband met die gebeure in die hemel. Satan is egter nie beperk tot die ruimte van die hemel nie, maar swerf ook op die aarde en sy handeling verander aan Job se toestand. Die karakter Satan vorm so ‘n verbinding tussen die ruimte van Us en die ruimte van die hemel. Sodoende kom die ruimte van die hemel en Us albei in Toneel 4 (2:1-10) voor. Wanneer ‘n mens na die storiesnelhede van die verskillende tonele kyk, kan die plot van hierdie bedryf soos volg uitgebeeld word.

*Diagram 4.3: Plot van Bedryf I.*

**Bedryf I: Job word getoets.**

A Toneel 1: Job – ‘n man van integriteit en eer (**opsomming: NT<ST**)

B Toneel 2: Satan: “Job is nie opreg nie” (**toneel: NT=ST**)

C Toneel 3: Satan (Jahwe) vs. Job (**toneel met uitbreiding: NT>ST**)

B’ Toneel 4: “Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af” (**toneel: NT=ST**)

A’ Toneel 5: Job totaal onteer (**opsomming: NT<ST**)

***a) Toneel 1 [1:1-5]:***

In hierdie toneel vertel die verteller in ‘n opsomming (NT<ST) van die man Job. Die enigste aksie in hierdie toneel is ‘n iteratiewe storie wat die verteller gebruik as voorbeeld van Job se vroomheid en godsvresendheid. Job is dan ook die aktant van hierdie handeling. Die gebeure in die toneel is eintlik verbindend en staties van aard aangesien dit nie ‘n verandering van toestand tot stand bring nie. Die funksie van hierdie toneel is om die agtergrondinligting te

verskaf wat nodig is sodat die werklike aksie (dinamiese gebeure) kan begin. In hierdie toneel ontmoet die leser slegs een karakter, Job. Die ander karakters (Job se kinders en slawe) is slegs deel van Job se rykdom. Die ruimte is die land Us êrens in die Ooste<sup>66</sup> en spesifiek op Job se grond.

*b) Toneel 2 [1:6-12]:*

Ewe skielik is daar 'n wisseling in ruimte. Die aksie beweeg weg van Us na 'n vergadering van hemelwesens voor die aangesig van Jahwe. Die ruimte is die hemel en twee karakters is hier besig met verbale handeling. Die karakters is Jahwe en Satan wat in 'n tipe debat oor die man Job betrokke is, dieselfde karakter wat die leser so pas leer ken het. Die handeling in hierdie toneel is dinamies – dit stel die potensiaal daar om aan die toestand van Job te verander. Die hemelwesens wat vergader, is in hierdie toneel 'n voorbeeld van 'n statiese verbindende gebeurtenis. Hier vind dialoog en handeling plaas (NT=ST).

*c) Toneel 3 [1:13-22]:*

Die ruimte wissel weer van die hemel na Us. Die karakters is Job en die boodskappers wat die slegte nuus vir hom bring oor die verliese wat hy ly. Die leser weet dat die Satan ook in hierdie toneel aktief is, hoewel hy nie werklik genoem word nie. Die aksie in hierdie toneel is baie vinnig – die een boodskapper vertel nog van die ramp wat hy beleef het, dan kom 'n volgende een met die nuus van 'n ander ramp wat sy eienaar getref het. Die verteller brei as't ware uit terwyl die een boodskapper nog praat. Hierdie is 'n voorbeeld van uitbreiding (NT>ST). Die gebeure in hierdie toneel is dinamies omdat dit Job se toestand verander. Die verhaal bied die rampe ook op 'n kunstige manier aan. Daar is nie net 'n wisseling tussen die menslike en natuurlike oorsake van rampe (Sabeërs, weerlig, Galdeërs, wind) nie, maar die rampe tref hom ook uit al vier windrigtings (suid, oos, noord, wes) (Clines 1989:30). Job het geen wegomkans nie.

*d) Toneel 4 [2:1-10]:*

Weer is daar 'n wisseling in ruimte. Die storie speel nou weer af in die hemel en die strydgesprek tussen Jahwe en Satan gaan voort. Die Satan daag Jahwe uit om die besluit te

<sup>66</sup> Die historiese (of argeologiese) ligging van Us is nie belangrik vir die verstaan van die boek Job nie. Soos die name van die karakters, is die plekname doelbewus onbekend en misterieus. "The tone of the narrative suggests that the narrator is using an obscure designation to conjure up an image of antiquity and mystery" (Habel 1985:87; vgl. ook Clines 1989:9). Dit maak die verhaal meer boeiend ("intriguing") (Habel 1985:87).

neem om Job ook van sy goeie gesondheid te ontnem. Job se toestand gaan dus verder verander en dit maak hierdie gebeure dinamies. Skielik speel die storie hom weer af in die land Us. Hoewel daar dus 'n wisseling in ruimte is, gaan die storie 'naatloos' van die hemel af oor na die land Us. Die verbindende faktor is die karakter Satan. Die verteller sê amper in een asem "Satan is weg by Jahwe en het Job getref met pynlike swere..." Hierdie keer maak die Satan nie gebruik van helpers nie en tref Job somer self met pynlike swere.<sup>67</sup> Dit is 'n dinamiese handeling aan die kant van die Satan, omdat dit Job se toestand verander. 'n Mens sou ook kon sê dat dit 'n dinamiese insident is wat Job se toestand verander. Job behou sy integriteit en aanvaar die goeie en slegte wat van Jahwe kom.

*e) Toneel 5 [2:11-13]:*

Hierdie toneel word van Toneel 4 (2:1-10) geskei omdat die aksie plotseling tot stilstand kom. Hier is die verteller weer aan die woord. Geen dinamiese gebeure kom hier voor nie. Die toneel is 'n opsomming (NT<ST) wat Job se toestand skets. Die storiesnelheid is baie vinnig. Die skril kontras wat hierdie toneel vorm met Toneel 1(1:1-5), dui op die progressie in hierdie bedryf. Job word hier uitgebeeld as 'n man sonder enige eer.

*ii) Bedryf II [3:1-26:14]:*

Hierdie bedryf bestaan uit een baie lang toneel. Die karakters wissel glad nie. Die gedeelte bestaan slegs uit dialoog tussen Job en sy vriende. Narratologies kan 'n mens nie veel sê oor hierdie gedeelte met betrekking tot die plot en gebeure nie. Die gebeure behels slegs die gesprek tussen Job en sy vriende. Die gesprek kom wel in 'n bepaalde patroon voor: Elifas-Bildad-Sofar met telkens Job tussen elke karakter. Die patroon herhaal homself amper drie maal. Die derde rondte ontbreek die woorde van Sofar egter. Dit dui daarop dat Job sy vriende tot swye bring. Soos wat Bedryf I (1:1-2:13) eindig met die swye van Job se vriende, so eindig Bedryf II (3:1-26:14) met hulle swye.

Die plot van die gesprek lyk soos volg:

---

<sup>67</sup> Let op dat hierdie swere nie melaatsheid is nie (en beslis nie Hansen se siekte nie) (vgl. Wright & Jones 1992:277).



Diagram 4.4: *Plot van Bedryf II.*

| <b><u>Rondte I (3:1-11:20)</u></b>                 | <b><u>Rondte II (12:1-20:29)</u></b>                        | <b><u>Rondte III (21:1-26:14)</u></b> |
|----------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------|---------------------------------------|
| <b><i>Die karakters neem<br/>standpunt in.</i></b> | <b><i>Die karakters beskuldig<br/>mekaar wedersyds.</i></b> | <b><i>Job dagvaar God.</i></b>        |
| <i>Job (3:1-26)</i>                                | <i>Job (12:1-22)</i>                                        | <i>Job (21:1-34)</i>                  |
| Elifas (4:1-5:27)                                  | Elifas (15:1-35)                                            | Elifas (22:1-30)                      |
| <i>Job (6:1-7:21)</i>                              | <i>Job (16:1-17:16)</i>                                     | <i>Job (23:1-24:25)</i>               |
| Bildad (8:1-22)                                    | Bildad (18:1-21)                                            | Bildad (25:1-6)                       |
| <i>Job (9:1-10:22)</i>                             | <i>Job (19:1-29)</i>                                        | <i>Job (26:1-14)</i>                  |
| Sofar (11:1-20)                                    | Sofar (20:1-29)                                             |                                       |

a) *Toneel 6 [3:1-26:14]:*

In Diagram 4.2 beklemtoon die plot hierdie toneel en bedryf as die sentrale deel van die drama.<sup>68</sup> Hierdie toneel word geskei van die ander deur te kyk na die karakters wat in gesprek is en die tipe gebeure. Die toneel is lank en bestaan hoofsaaklik uit verbale handeling (behalwe vir kort stukke vertellerstekes wat die karakters aan die woord stel). 'n Mens sou hierdie 25 hoofstukke van Job kon noem as die langste aaneenlopende gedeelte in die Bybel waar die storiesnelheid NT=ST is. In hierdie verbale handeling leer 'n mens die karakters ken deur dit wat hulle sê (meer daarvoor by karakterisering). In die hoofstukke wat volg, sal meer gesê word oor hierdie toneel. Uit die plot van hierdie toneel is dit egter duidelik dat Job sy vriende tot swye dwing.

In die eerste rondte (3:1-11:20) word die verskillende standpunte gestel. In 'n neutredop sê Job dat hy nie verstaan waarom die rampe hom tref nie. Sy lyding is onregverdig. Hy beklemtoon dat hy baie swaar kry en dat daar geen klinkklare rede daarvoor is nie. Hy sou liever nooit wou lewe as om so te ly nie (*"Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie, die nag toe gesê is 'n seuntjie het in die wêreld gekom"* Job 3:3, NAV). Van die vriende se kant word gesteun op die tradisionele wysheid. Hulle verklaring vir Job se lyding is dat Job gesondig het en dat Job juis daarvoor ly. Hy ly omdat hy gestraf word (*"Dink daarvoor na: het iemand ooit onskuldig te gronde gegaan? Waar is regverdiges ooit uitgewis? Ek het ondervind: dié wat onreg plant en moeilikheid saai, oes dit ook. Deur die toorn van God gaan hulle te gronde, deur sy woede gaan hulle tot niet"* Job 4:7-9, NAV) Die vriende gaan haal

<sup>68</sup> Hieruit kan 'n mens aflei dat die drama klem wil plaas op mense se wonder oor en worsteling met God.

die antwoorde uit die wysheid en Elifas beroep homself selfs op ‘n gesig wat hy in die nag gesien het om dit te staaf (Job 4:12-21).

Job hou egter voet by stuk – sy lyding is nie regverdig nie. Hy reken sy vriende tree nie reg op nie (vgl. veral 6:14-17; 27). Job wil by die wortel van sy lyding kom, daarom sal hy nie stil bly nie (7:11). Job begin nou geleidelik om vir God te beskuldig van sy lyding (7:12-21). Bildad hou egter in Job 8 voet by stuk – God seën altyd die onskuldige en straf altyd die skuldige (*“Sal God die reg verdraai, sal die Almagtige verdraai wat reg is?”* Job 8:3, NAV).

In Job 9<sup>69</sup> verklaar Job dat God groter is as die mens. ‘n Mens staan altyd skuldig voor God. Job se woorde in Job 10 druk egter uit dat hy steeds dink God tree hier onregverdig op. God het in die fynste detail gaan soek na ongeregtigheid by Job (*“U weet dat ek nie skuldig is nie, maar niemand kan my uit u hand red nie”* Job 10:7, NAV). God maak jag op hom soos ‘n leeu (10:16). Sofar is ontsteld oor Job so aanmatigend is teenoor God (Job 11). Hy meen dat Job nie die wysheid van die Here het nie (11:7) en dat Job eintlik wysheid kortkom (11:6).

Die eerste rondte dialoog stel dus die verskillende standpunte van die karakters. Job voel dat God onregverdig is en dat sy vriende onsimpatiek is. Die vriende se standpunt is dat Job se lyding die gevolg van ernstige sonde is. Sy vriende beskuldig Job van sonde.

In die tweede rondte dialoog word Job se beskuldigings op die spits gedryf. In Job 12-13 beskuldig hy sy vriende van onwysheid. Hulle moet die skepping vra om hulle te leer (12:7-10).<sup>70</sup> In Job 13 waarsku hy sy vriende om opreg te wees en nie vir God te probeer verdedig nie (*“Luister na my kant van die saak, neem my argumente in ag: Wil julle vir God intree met onreg en sy saak bepleit met leuens? Wil julle vir Hom partydig wees? Wil julle God se saak verdedig? As Hy julle sou ondersoek, sou dit vir julle goed verloop? Sou julle Hom kon bedrieg soos julle mense bedrieg? Hy sal julle swaar straf as julle in die geheim partydig is. Sy verhewe mag sal julle met skrik vervul, skrik vir Hom sal julle oorval. Julle beroep op die voorgeslag is wind, julle verweer sê niks”* Job 13:6-12, NAV). Job argumenteer in Job 14 dat sy vriende moet kyk na die realiteite – Job se lyding is baie groot, daar is vir hom niks oor nie.

<sup>69</sup> Loader (2001:78-81) bespreek die eienskappe van God in vers 5-10, wat hy beskryf as ‘n ‘quasi-hymn.’

<sup>70</sup> Dit is ironies dat dit op die ou end die skepping is wat vir Job in Job 38-39 kom leer. Vgl. Swanepoel (1991:192-205) se bespreking van die verhouding tussen Job 12 en Job 38-39.

Hy is onteer. Elifas verklaar dat hierdie houding van Job *per se* 'n voorbeeld is van Job se sonde (15:4-6). Job se woorde is teken van sy goddeloosheid.

Job beskuldig sy vriende dat hulle onregverdiger as God is. Hulle is nie goeie vriende nie (Job 16-17). Bildad raak nou kwaad vir Job en verklaar dat mense hom verstoot as gevolg van hierdie goddeloosheid van hom (Job 18). Job is self verantwoordelik daarvoor dat hy geen eer meer het nie.

Job se gevoel is dat sy vriende hulle aan die kant van God skaar al tree God onregverdig op. Hy doen 'n beroep op hulle om hom te ondersteun (*"Kry my tog jammer, my vriende, kry my tog jammer! Die hand van God het my swaar getref. Waarom vervolg ook julle my soos God dit doen? Kry julle nie genoeg nie?"* Job 19:21-22, NAV). Job waarsku ook dat hulle moet pasop dat God hulle nie dalk oordeel oor die manier waarop hulle nou optree nie (*"As julle dan sê julle wil my vervolg, die wortel van die kwaad by my opspoor, moet julle die swaard vrees, want in sy toorn straf God die sonde met die swaard. Dan sal julle weet dat daar 'n regter is"* Job 19:28-29, NAV).<sup>71</sup> Sofar voel soos Bildad. Job se woorde getuig van Job se goddeloosheid (Job 20).

In die tweede rondte dialoog hou die karakters elkeen vol dat sy standpunt, wat uit die eerste rondte bekend geword het, reg is. Job beskuldig egter sy vriende ook daarvan dat hulle onregverdig is en nie goeie vriende is nie.

In die derde rondte steur Job hom nie meer veel aan die vriende nie, maar beskuldig nou vir God. In Job 21 sê Job dat God nie altyd die skuldige straf en die onskuldige seën nie. Intendeel, God sorg vir die goddelose ook (vgl. byvoorbeeld Job 21:7-10: *"Waarom bly die goddeloses aan die lewe, word hulle oud en ryk en vernaam? Hulle kinders raak gevestig rondom hulle, hulle sien hulle nageslagte. Daar is vrede in hulle huise, geen vrees nie, die straf van God tref hulle nie. Hulle bulle dek die koeie en slaan nie een oor nie, hulle koeie kalf en het geen misgeboorte nie."* NAV). Elifas kom agter dat Job hom nie meer aan hulle steur nie. Job soek ook nie na die sonde wat hy gepleeg het, sodat hy dit kan bely nie. Elifas begin nou maar self soek na die sonde wat Job gepleeg het (Job 22).

<sup>71</sup> "The ambiguity of Job's protest resides in his own ambivalence: God is the divine enemy who persecutes him, yet also the witness who will defend him" (Williams 1992:210).

Nou gaan Job (in Job 23-24) oor tot die uiterste – hy dagvaar God. Hy wil hê dat God sy dade moet verantwoord in ‘n regsgeeding, as hy net vir God kan vind (“*Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind, maar kon kom tot by sy woning! Dan sou ek die regspraak voor sy aangesig uiteensit en my mond met bewyse vul; ek sou verneem die woorde wat Hy my sou antwoord, en verstaan wat Hy aan my sou sê*” Job 23:3-5, OAV). Bildad is woordeloos. Hy probeer iets sê, maar kry nie veel woorde nie. Daarom is Job 25 so kort. Hy probeer slegs maar vir Job bewus maak van God se almag. Job antwoord in Job 26 en sê dat hy wel bekend is met God se groot krag. Die vriende moet ophou probeer om vir hom dinge te leer wat hy reeds weet. Sofar is stil – die vriende het niks oor om aan Job te sê nie.

In die derde rondte steur Job hom nie veel aan die vriende nie. Hy worstel eerder met God self. Hy soek na Hom sodat hy Hom die regstryd kan aansê.

### iii) *Bedryf III [27:1-42:17]:*

In Hoofstuk 7 word, by die bespreking van ruimte, uitgebrei op die beskrywing van die gebeure in hierdie bedryf. Die ruimte word daar beskryf as ‘n verhoor by ‘n hof. Die wisseling van karakters, en veral die dialoog/monoloog van karakters, is bepalend vir die plot van hierdie bedryf. Die plot van hierdie bedryf kan op die volgende manier uitgebeeld word:

#### *Diagram 4.5: Plot van Bedryf III.*

A Toneel 7: Job sonder **eer**

B Toneel 8: ‘n **Vriend** van Job **getuig** oor Jahwe.

C’ Toneel 9: **Jahwe vs Job**

B’ Toneel 10: Job se ander **vriende** het nie reg **getuig** aangaande Jahwe nie.

A’ Toneel 11: Job se **eer** herstel

#### *a) Toneel 7 [27:1-31:40]:*

In hierdie toneel is een karakter aan die woord. In Toneel 6 (3:1-26:14) het Job voortdurend gevra dat Jahwe met hom in ‘n regsgeeding betrokke sal raak. Hy dagvaar Jahwe. Bedryf III (27:1-42:17) is die hofspraak. Hier in Toneel 7 (27:1-31:40) is Job in die getuiebank. Job 27 en 28 word juis op grond van die inhoud eerder hier ingesluit as in die vorige toneel. Albei hierdie hoofstukke sluit beter aan by Job se monoloog as by Job se antwoord aan die vriende in Job 26:1-14. Die wyse waarop die verteller Job aan die woord stel, word ook gebruik as ‘n

merker. Job 31 weerklank ‘n karakter wat onskuldig pleit en die bewyse daarvoor aanvoer. Die woorde **אֵינִי דֹבֵר אֵינִי** - “Dit is die einde van Job se woorde” (31:40 – BHS<sup>72</sup> & NAV) klink soos die “I rest my case” aan die einde van ‘n regsverteenvoerder se argument. Job lewer hier ‘n monoloog. Hy getuig wat hy glo en hy getuig dat Jahwe onvoorspelbaar is. Hy sê dat hy wat Job is, onskuldig gestraf word. Hierdie toneel is parallel aan Toneel 5 (2:11-13) omdat dit Job uitbeeld as ‘n man sonder enige eer.

*b) Toneel 8 [32:1-37:24]:*

Hierdie toneel is ook die monoloog van een karakter. Die Jobkarakter verdwyn uit die getuiebank en Elihu verskyn op die toneel. Hierdie karakter verskyn ook in die getuiebank en getuig dat die beskuldigde in hierdie saak eintlik Job is en nie Jahwe nie. Veral Job 37 klink soos ‘n getuie wat getuig oor God se grootheid en almag. Elihu sê dat Job kan reageer, maar gee nie werklik vir Job veel kans nie. Hy sê dat Jahwe die goeie en die slegte met ‘n doel oor mense se pad bring. Mense moet dit reg verstaan en in hulle lewens aanwend. Hierdie gedeelte is parallel aan Toneel 4 (2:1-10) omdat die tema van die goeie en slegte wat van Jahwe af kom, hier sentraal staan. Tot hier was Jahwe feitlik vanaf 2:6 afwesig. Die leser wonder of Jahwe weer sal verskyn. Sal Hy vir Job direk antwoord of het hierdie jongman gearbitreer tussen Job en Jahwe (vgl. Habel 1985:33)? Die vertelling vertraag die verskyning van Jahwe en berei ter selfder tyd die grond vir die verskyning voor.

*c) Toneel 9 [38:1-42:6]:*

Vir die eerste keer kom Jahwe met Job in gesprek. Hier is dus weer sprake van karakterwisseling. Jahwe gee egter vir Job kans om te antwoord, maar bring vir Job tot swye. Hierdie is nie meer monoloog nie, maar dialoog. Hierdie toneel is parallel aan Toneel 3 (1:13-22) omdat dit weer handel oor konflik tussen Job en Jahwe.<sup>73</sup>

*d) Toneel 10 [42:7-9]:*

In hierdie kort toneel wend Jahwe Hom tot Job se drie vriende. Hulle word beskuldig dat hulle nie reg oor Jahwe gepraat het soos Job nie. Die ‘reg praat’ lê waarskynlik nie opgesluit in die regte woorde, teorie of teologie nie, maar in die regte motief. Job het opreg met Jahwe geworstel. Die vriende wou die voordeel van ‘goeie geloof’ in stand hou deur die regte

<sup>72</sup> Biblia Hebraica Stuttgartensia.

<sup>73</sup> Konflik moenie hier verstaan word as ‘n geveg nie, maar eerder as ‘n literêre konsep wat spanning skep.

teologie te handhaaf.<sup>74</sup> Hulle het Jahwe dus nie verdedig omdat hulle 'n verhouding met Hom het nie, maar omdat dit vir hulle voordeel kon inhou. Job, aan die ander kant, het Jahwe uitgedaag, maar hy het 'n opregte verhouding met Hom gehad. Om hierdie rede is die toneel parallel aan Toneel 2 (1:6-12), omdat dit Job se opregtheid en die vriende se verskuilde agenda's kontrasteer. 'n Mens sien ook hier dat Job versoening moet doen vir sy vriende soos hy versoening gedoen het vir sy kinders.

*e) Toneel 11 [42:10-17]:*

In hierdie toneel is die verteller weer alleen aan die woord. Hy gee vir die leser in 'n opsomming die uitkoms van hierdie verhaal. Die een waarop die verteller hier fokus, is Job. Hy vertel dat Job se eer herstel is en dat hy twee keer soveel besit het as voor die insident met Jahwe. Die toneel is parallel aan Toneel 1 (1:1-5) in terme van Job se rykdom wat beskryf word.

#### **4.3 Die plot van Job in terme van 'n uitdaging-reaksie stryd.**

In Hoofstuk 3 is die uitdaging-reaksie stryd beskryf. Wanneer 'n mens na die hele Jobdrama gaan kyk met die hulp van die sosiaal wetenskaplike benadering, veral die teorie rondom eer en skande, ontdek 'n mens 'n magdom interessantheite in die storie.<sup>75</sup> In Hoofstuk 2 is gebeurereekse beskryf. 'n Reeks bestaan dan gewoonlik uit drie aksies; een wat 'n potensiaal skep (die moontlikheid), een wat die gebeurtenis aktualiseer (die proses) en een wat die proses afsluit (resultaat). Die reekse kan ook bymekaar inbed, aaneenskakel of saamgevoeg word.

Die uitdaging-reaksie stryd bestaan uit drie fases: uitdaging – waarneming – reaksie. Op grond van die reaksie word eer aan die uitgedaagde toegeken of afgewys. In terme van 'n gebeurereeks sou 'n mens kon sê dat die uitdaging 'n moontlikheid skep. Die waarneming en reaksie aktualiseer die gebeurte. Die resultaat sou wees wanneer die publiek eer aan die uitgedaagde toeken of afwys. Die teorie rondom die uitdaging-reaksie stryd maak dit moontlik dat 'n mens sou kon praat van 'n uitdaging-reaksie reeks. Afhangende van die reaksie van die uitgedaagde, sou hierdie reekse bymekaar kon inbed of aaneenskakel. Indien 'n uitgedaagde op die uitdaging kan reageer met 'n teenuitdaging, bed hierdie reekse

<sup>74</sup> Vgl. Girard (1992:191).

<sup>75</sup> Vgl. hier die artikel van Aimers (2000:101-102 en 105-107).

bymekaar in. Indien die uitgedaagde sy uitdager positief afweer, word eer aan hom toegeken. Die uitdager verloor eer. Sou die uitdager kans sien, kan hy weer 'n uitdaging stel om hierdie verlore eer moontlik terug te wen.

'n Sterk uitdaging-reaksie plot kom in Job voor. Job en veral Jahwe se eer is voortdurend op die spel. Satan daag as't ware Jahwe se eer uit en die gevolg is dat Job van sy eer ontnem word. 'n Mens sou die uitdaging-stryd in Job soos volg kon plot:

*Tabel 4.2: Die uitdaging-reaksie plot van die boek Job.*

**Bedryf I [1:1-2:13].**

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |                                                                                                                                             |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>1:1-5.</b> 1 In die land Us was daar 'n man met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy. 2 Hy het sewe seuns en drie dogters gehad 3 en was ook die eienaar van sewe duisend stuks kleinvee, drie duisend kamele, vyf honderd paar trekosse, vyf honderd donkies en baie slawe. Onder die mense in die ooste was hy die belangrikste man. 4 Sy seuns het om die beurt partytjies gehou in mekaar se huise. By sulke geleenthede het hulle dan hulle drie susters genooi om saam met hulle fees te vier. 5 Ná so 'n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig, en vroeg die môre het hy vir hulle almal 'n brandoffer gebring, "want," het Job gesê: "miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek." Job het dit elke keer gedoen. (NAV)</p> | <p>Die karakter Job word deur die verteller voorgestel as 'n man met baie eer.</p>                                                          |
| <p><b>1:6-11.</b> 6 Op 'n dag het die hemelwesens voor die Here kom staan, en die Satan was ook onder hulle. 7 Toe vra die Here vir hom:</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | <p><b>Uitdaging:</b> Satan daag Jahwe se eer publiek (voor al die hemelwesens) uit.<br/><b>Waarneming:</b> Job eer Jahwe bloot omdat Hy</p> |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>“Waar kom jy vandaan?” En die Satan antwoord die Here: “Ek het die wêreld deurkruis.” <sup>8</sup> Die Here vra toe vir die Satan: “En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad.” <sup>9</sup> Toe antwoord die Satan die Here: “Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! <sup>10</sup> U beskerm hom dan, en sy huis en al sy goed. U maak alles wat hy doen, voorspoedig. Selfs sy vee teel vinnig aan. <sup>11</sup> Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy U nie in u gesig vervloek nie.” (NAV)</p> | <p>vir Job ‘n goeie beskermheer (‘patron’) is. Job het dus nie integriteit nie en Jahwe is bloot besig om Job se lojaliteit te koop.<sup>76</sup></p>                                                                                                                                                    |
| <p><b>1:12.</b> <sup>12</sup> Toe sê die Here vir die Satan: “Alles wat hy het, gee Ek in jou mag oor. Net aan homself mag jy nie raak nie.” Die Satan het daarna van die Here af weggegaan. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       | <p><b>Reaksie:</b> Jahwe laat Satan toe om alles wat Job besit, weg te neem om hom te laat verstaan dat Job ‘n verhouding met Jahwe het. As Job integriteit behou, is Jahwe se eer herstel.</p>                                                                                                          |
| <p><b>1:13-19.</b> <sup>13</sup> En eendag, toe Job se seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in hulle oudste broer se huis, <sup>14</sup> kom ‘n boodskapper by Job met die nuus: “Die osse was aan die ploeg, en die donkies het langsaan gewei. <sup>15</sup> Toe oorval mense uit Skeba ons en hulle roof alles en maak die slawe dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.” <sup>16</sup> Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “Weerlig het die kleinvee en hulle wagters doodgeslaan en</p>                                                              | <p><b>Uitdaging:</b> Job se besittings word weggeneem en sy eer word publiek (voor sy slawe en die hele Ooste waar hy die rykste en vernaamste was) fisies uitgedaag.<br/><br/><b>Waarneming:</b> Job weet nie van die strydgesprek in die hemel nie, maar moet beleef dat sy eer van hom beroof is.</p> |

<sup>76</sup> Die armes in die Bybelse wêreld was afhanklik van die rykes se gunste en gawes. So kon ‘n grondeienaar van sy grond aan ‘n arme beskikbaar stel vir landboudoeleindes. Daarna word verwys as die “patron-client relationship.” Omdat hierdie armes (“clients”) nie die rykes (“benefactor / patron”) op enige ander wyse kon vergoed nie, het hulle die rykes publiek geëer (vgl. Malina, Joubert & Van der Watt 1996:14). God kan ook so beskryf word: “God is the great Benefactor who radically changes the status of his clients and who grants them a share in his favours, like his protection and custody, and new life (Malina, Joubert & Van der Watt 1996:15).



|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>verbrand. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.” 17 Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “Drie groepe Galdeërs het die kamele geroof en is daarmee weg nadat hulle die slawe doodgemaak het. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.” 18 Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “U seuns en dogters was besig om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer. 19 Meteens het daar ‘n sterk wind van die woestyn se kant af opgekom en die huis van al vier kante af op u kinders omgewaai. Almal is dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.” (NAV)</p> |                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
| <p><b>1:20-21.</b> 20 Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê: 21 “Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.” (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   | <p><b>Reaksie:</b> Job verklaar dat ‘n mens eintlik sonder eer (naak) in die wêreld kom en dat hy tevrede is om maar sonder eer weer uit die wêreld uit te gaan. Job is ontnem van sy eer.</p>                                                                                                            |
| <p><b>1:22.</b> 22 Onder alles het Job nie gesondig of God iets verwyd nie. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | <p>Jahwe se eer herstel – Job verwyd Hom nie omdat hy onteer is nie. Satan verloor stryd – verloor eer.</p>                                                                                                                                                                                               |
| <p><b>2:1-5.</b> 1 Toe die hemelwesens weer op ‘n dag voor die Here kom staan, het die Satan ook tussen hulle voor die Here kom staan. 2 Toe vra die Here vir hom: “Waar kom jy vandaan?” En die Satan antwoord die Here: “Ek het die wêreld deurkruis.” 3 Die Here vra toe vir</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       | <p><b>Uitdaging:</b> Satan wil verlore eer herstel. Daag Jahwe se eer weer uit.<br/> <b>Waarneming:</b> Job het erken dat Jahwe die reg het om te gee en neem soos Hy wil. Satan beweer nou Job se goeie gesondheid beteken vir Job meer as sy verhouding met Jahwe. Jahwe se eer is weer in gedrang.</p> |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                                                                   |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Satan: “En my dienaar Job, het jy hom nou gesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad. Hy het vroom gebly, al het jy My daartoe gebring om hom sonder rede te ruïneer.” 4 Die Satan sê toe vir die Here: “Dit bewys nog niks. ‘n Man sal mos alles gee wat hy het, as hy net kan bly lewe. 5 Maar raak nou net aan sy liggaam en kyk of hy U dan nie in u gesig vervloek nie.” (NAV)</p> |                                                                                                                                                                                                                   |
| <p><b>2:6-7.</b> 6 Toe sê die Here vir die Satan: “Goed, hy is in jou mag. Net sy lewe mag jy nie neem nie.”<br/>       7 Die Satan het van die Here af weggegaan en vir Job met pynlike swere getref, van sy kop tot sy tone. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                       | <p><b>Reaksie:</b> Jahwe laat Satan toe om Job van alle oorblywende eer te beroof.<br/> <b>Uitdaging:</b> Job word soos een wat onrein is weens siekte. Hy word nou werklik van alle eer beroof.<sup>77</sup></p> |
| <p><b>2:8-9.</b> 8 Job het op ‘n ashoop gaan sit en hy het ‘n potskerf gevat en hom daarmee gekrap. 9 En sy vrou het vir hom gesê: “Bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf!” (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                 | <p><b>Waarneming:</b> Job se vrou beleef ook vir Jahwe as ‘n <i>patron</i>, maar sê vir haar man dat hy sy lojaliteit teenoor hierdie <i>patron</i> moet afswaar.<sup>78</sup></p>                                |
| <p><b>2:10a.</b> 10 Toe sê hy vir haar: “Jy praat nou soos ‘n vroumens sonder verstand. As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?” (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                  | <p><b>Reaksie:</b> Jahwe is nie iemand van wie ‘n mens net die goeie aanvaar nie. ‘n Mens aanvaar ook die slegte van Hom. Job probeer nie sy eer herstel nie. Hy aanvaar dat hy geen eer oor het nie.</p>         |
| <p><b>2:10b.</b> Onder alles het Job met geen woord gesondig nie. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    | <p>Jahwe se eer herstel. Satan se eer ontnem.</p>                                                                                                                                                                 |

<sup>77</sup> ‘n Persoon met melaatsheid is nie rein (“whole”) nie en daarom ook nie heilig nie. Die siekte kan in die Ou Testament dui op God se straf (vgl. Neyrey 1998b:204 en Wright & Jones 1992:277-282). Vroeër is in ‘n voetnoot (67) aangedui dat Job nie melaats is in die sin van Hansen se siekte nie. Sy velsiekte maak hom egter steeds onrein en kan dus steeds deur sy omstanders geïnterpreteer word as God se straf.

<sup>78</sup> “Often curses were a last resort of the weak, based on a belief in a transcendental principle of justice which covered the inadequacies of the legal system. The use of such curses also fulfilled a larger role in society by appealing to the fear of the curse’s penalty upon individuals who might be tempted to abuse the poor and needy” (Anderson 1998:231).

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                      |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>2:11-13.</b> // Drie van Job se vriende het verneem van al die rampe wat hom oorgekom het. Hulle het elkeen van sy eie plek af gekom, Elifas uit Teman, Bildad uit Suag en Sofar uit Naäma. Hulle het afgespreek om deelneming met hom te betuig en hom te troos. <i>12</i> Toe hulle hom op 'n afstand sien, het hulle hom eers nie herken nie. Daarna het hulle hardop begin huil, hulle klere geskeur en stof in die lug en op hulle koppe gegooi. <i>13</i> Sewe dae en sewe nagte lank het hulle op die grond by hom gesit sonder om 'n woord met hom te praat, want hulle het gesien dat sy smart baie groot is. (NAV)</p> | <p>Die karakter Job word deur die verteller voorgestel as 'n man sonder eer. Die leser kom dit veral agter uit die reaksie van Job se drie vriende wat daar opdaag.<sup>79</sup></p> |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

### **Bedryf II [3:1-26:14].**

|                                                                                                                       |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>3/ Job:</b> “Ek ly baie. Waarom het God my gemaak?” (Bezuidenhout 1986:46)</p>                                  | <p>Job verklaar dat hy geen eer oor het nie. Daar sal vir hom meer eer in die graf by konings en vorste wees (v 14). Selfs slawe het daar eer (v 19). Hy kan nie verstaan dat Jahwe toelaat dat iemand wat so ellendig is, lewe nie (v 20).</p>                                                                       |
| <p><b>4-5/ Elifas:</b> “Jou lyding is eintlik tugtiging. Jy moet positief reageer” (Bezuidenhout 1986:57).</p>        | <p>Elifas maak die <b>waarneming</b> dat Job Jahwe se werkswyse bevraagteken en sodoende Jahwe se eer as <i>patron</i> <b>uitdaag</b>. Job tree dus volgens Elifas skaamteloos op. Job moet eerder reg reageer deur nederig te bly. Mense wat in kleihuse bly behoort nie vrae en uitdagings aan God te stel nie.</p> |
| <p><b>6-7/ Job:</b> “Ek ly onregverdiglik. God en my vriende tree verkeerd teenoor my op” (Bezuidenhout 1986:72).</p> | <p>Job se <b>reaksie</b> is 'n <b>uitdaging</b>. Hy beskuldig Jahwe en die vriende van verkeerde optrede. Sy vriende is veronderstel om hom te</p>                                                                                                                                                                    |

<sup>79</sup> Let op dat, soos reeds vroeër aangedui, die plekname in Job (m.a.w. die tuisdorpe) nie verskuilde betekenis het nie.

|                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                        | <p>ondersteun, maar hulle ondersteuning laat veel te wense oor. Hulle kan net sowel speel met die lewe van 'n weerlose weeskind (v 25-27). Het hy nog iets oor dat hulle sy eer verder moet vertrap? Jahwe tree verkeerd op omdat Hy hom konstant daarmee besig hou om die lewe van 'n nietige mens te beproef (v 17-19).</p>                                                                                                                                       |
| <p><b>8/ Bildad:</b> “God seën altyd die onskuldige en straf altyd die skuldige” (Bezuidenhout 1986:102).</p>                                          | <p>Bildad se <b>waarneming</b> is dat hulle nie eerbare vriende is nie, omdat Job hulle raad en vriendskap beleef as beledigings. Hy <b>reageer</b> deur vir Job daarop te wys dat hy moet kyk na ‘die punte op die telbord,’ wie is die persoon wat skuldig lyk? Hulle of hy? Job moet onthou God straf sonde – dis tog ‘n teologie wat van die voorgeslagte af kom (v 8-10). Hierdie woorde van Bildad is weer ‘n <b>uitdaging</b> aan Job: “Bely jou sonde!”</p> |
| <p><b>9-10/ Job:</b> “Deur God se mag maak Hy my skuldig. Ek moes eerder gesterf het” (Bezuidenhout 1986:102).</p>                                     | <p>Job se <b>waarneming</b> is dat niemand onskuldig kan wees voor God nie. ‘n Mens is skuldig bloot omdat God sterker is. Sy <b>reaksie</b> is dat dit wat God aan Job doen, egter steeds nie regverdig is nie. Job sê dat hy sy maker wil ondervra oor ‘n klomp teenstrydighede in die lewe. Hierdie is ‘n nederige <b>uitdaging</b>. Hoekom tref dieselfde lot die gelowige en ongelowige (v 22-24)?</p>                                                         |
| <p><b>11/ Sofar:</b> “Wysheid is die sleutel. Daardeur besef jy jou skuld. Op grond van God se wysheid is sy optrede reg” (Bezuidenhout 1986:126).</p> | <p>Sofar se <b>waarneming</b> is dat dit onwys van Job is om God uit te daag. Hy voel dat iemand moet <b>reageer</b> op Job se groot aantal woorde en sy gespot (v 2-3). Hy beklemtoon dat niemand met God kan stry nie. Sy <b>uitdaging</b> aan Job is om weg te doen met die</p>                                                                                                                                                                                  |

|                                                                                                                                                                                                    |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                                    | boosheid in sy hand, sy hart in orde te kry en hom tot God te wend (v 13-16).                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
| <b>12-14/ Job:</b> “Deur wysheid besef jy dat God willekeurig optree. Hy neem selfs wysheid van mense weg. Dit is verkeerd dat God met ‘n nietige mens ‘n stryd aanknoop” (Bezuidenhout 1986:137). | Job se <b>waarneming</b> is dat hy as onwys bestempel word. Sy <b>reaksie</b> is dat sy vriende nou nie juis wys is nie. Hy sê dat hy nie dwaas is nie, maar dat hulle ‘n bespotting van hom maak (12:1-4). Hy sê ook dat God eer en verneder wie Hy wil en wanneer Hy wil (12:17-25). Job <b>daag</b> weer vir Jahwe tot ‘n regstryd en sê aan sy vriende dat hulle liever moet stilbly, want hulle gooi naam weg (13:1-5). In 13:6-12 sê Job aan sy vriende dat hulle nie vir God moet probeer instaan nie – hulle kan Hom nie verdedig nie. Job beklemtoon in Hoofstuk 14 die nietigheid van die mens.                                                                                                                         |
| <b>15/ Elifas:</b> “Jy praat verkeerd teenoor God, dit kan mos nie wys wees nie! As gevolg van ‘n mens se nietigheid moet hy skuldig wees” (Bezuidenhout 1986:170).                                | Elifas <b>reageer</b> deur na Job se woorde te verwys as betekenisloos (v 1-3) en hom te beskuldig van disrespek vir God. Hy waarsku ook vir Job dat hy nie die oudste in die vergadering is nie. Hy sê vir Job dat van hulle oud genoeg is om sy pa te wees (v10). Elifas is moontlik die oudste (Jahwe verskyn aan hom in Hoofstuk 42:7 as verteenwoordiger van die ander twee). Hy verwys moontlik hier na homself en maak aanspraak op sy geërfde eer. Vers 17 laat ‘n mens dink aan die frases in Spreuke 1-5 wat ‘n seun oproep om te luister na die wysheid van sy vader: “My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee...” (Spr 1:8a). Elifas herinner ook vir Job dat almal nietige mense voor God is. |

|                                                                                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>16-17/ Job:</b> “Julle woorde slaag nie daarin om my te troos nie – dit is nie wysheid nie. Al tree God soos ‘n vyand teen my op, Hy sal my soos ‘n vriend help” (Bezuidenhout 1986:183).</p> | <p>Job <b>reageer</b> deur ook na hulle woorde te verwys as betekenisloos. Hy steur hom dus nie veel aan Elifas se aanspraak op sy ouderdom nie. Intendeel, hy sê in 17:14 dat die graf sy vader is. Dit is natuurlik ‘n <b>teen-uitdaging</b> aan Elifas. Job se getuienis is ironies. Hy sê dat God Hom verneder, maar dat God ook die een is waarna hy roep in nood. Dit klink soos ‘n noodroep na God om weer sy eer te herstel. Job bely egter steeds nie sonde nie. Die feit dat hy hom dus beroep op God sonder belydenis, kan <b>waargeneem</b> word as ‘n <b>uitdaging</b> en dis ook wat die vriende waarneem.</p> |
| <p><b>18/ Bildad:</b> “Ons moet skerper reageer. Die goddelose is vir sy lyding verantwoordelik. Dit is reg dat mense hom verstoot” (Bezuidenhout 1986:196).</p>                                    | <p>Bildad <b>reageer</b> op Job se opmerking en kryt hom as’t ware uit as ‘n goddelose wat ly as gevolg van sy goddeloosheid. Job kan bly wees hulle maak nog bemoeienis met hom. Mense moet eintlik iemand soos hy verstoot.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| <p><b>19/ Job:</b> “Julle moenie vyandig teenoor my optree omdat God vyandig teenoor my optree nie. Hy tree verkeerd op. Pasop, Hy sal uiteindelik vir my intree” (Bezuidenhout 1986:205).</p>      | <p>Job se <b>reaksie</b> is dat hulle (die mense naby aan hom) hom juis verstoot en verag. God het sy eer van hom af weggeneem (v 9), maar hy weet hy sal die eer hê om God eendag te sien (v 25-27). God sal egter oor hulle oordeel.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
| <p><b>20/ Sofar:</b> “Dit is die persoon wat skuldig is wat gestraf word. God en mense is teen so ‘n persoon gekant” (Bezuidenhout 1986:216).</p>                                                   | <p>Sofar se <b>waarneming</b> is dat Job hulle beskuldig en hy vererg hom daaroor (v 2-3). Hy <b>reageer</b> deur vir Job te herinner wie dit is wat gestraf word en troos homself daaraan dat die goddelose deur God verpletter word.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
| <p><b>21/ Job:</b> “Ek het rede om te kla: Dit is nie so dat God die skuldige persoon straf nie” (Bezuidenhout 1986:228).</p>                                                                       | <p>Job <b>reageer</b> deur te sê dat ervaring hom iets anders geleer het – die goddelose word nie altyd gestraf nie. Intendeel, met sommige goddeloses gaan dit baie goed. Hy gebruik</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |

|                                                                                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                                     | dalk die vriende se voorspoed hier as voorbeeld.                                                                                                                                                                                                                                      |
| <b>22/ Elifas:</b> “Jy het sosiale onreg gepleeg, daarom straf God jou. As jy jou bekeer, sal God jou red” (Bezuidenhout 1986:240).                                                                 | Dit begin nou vir die vriende lyk of Job geen skaamte het nie – sy straf moet dus wees vir een of ander sosiale ongeregtheid. Daarom beskuldig hulle hom ook daarvan en beveel hom weer om sy sonde te bely en om hom te bekeer.                                                      |
| <b>23-24/ Job:</b> “Deur ‘n hofsaak sal ek onskuldig verklaar word. Ongelukkig kan ek God nie vind om ‘n saak te maak nie. God doen óf niks, óf Hy straf sonder diskresie” (Bezuidenhout 1986:250). | Job reageer nie direk op hierdie aantygings nie. Dit lyk asof hy hom nie daaraan steur nie. Hy verwerdig hom nie meer om sy vriende uit te daag nie. Hy wil die saak eens en vir altyd met die Allerhoogste uitklaar: “Hoekom kry onskuldiges swaar? Hy is tog die Een wat voorsien.” |
| <b>25/ Bildad:</b> “God is magtig en goed. Die mens is nietig. Hy kan nie regverdig voor God wees nie” (Bezuidenhout 1986:266).                                                                     | Bildad probeer ‘n laaste keer om vir Job te berispe. Job val hom in die rede (daarom is hierdie gedeelte/hfst 25 so kort).                                                                                                                                                            |
| <b>26/ Job:</b> “God se krag is groot en julle s’n klein. Julle praat dus nie deur God se krag nie. God se krag verhoed my om te jok, daarom kan ek nie skuld erken nie” (Bezuidenhout 1986:270).   | Job snoer sy vriende se monde. Hy sê dat hulle hom glad nie gehelp het nie. Hy sê dat God te groot is vir mense om te verstaan. Hy sou egter oneerlik wees as hy sou skuldig pleit. Die vriende reageer nie. Het Job die stryd met hulle gewen?                                       |

### **Bedryf III [27:1-42:17].**

|                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>27-28/ Job:</b> “Die mens kan wysheid nie vind nie. Slegs God het daaroor beskikking. Om reg te lewe, geld vir die mens as wysheid” (Bezuidenhout 1986:284). | Job: “Die kosbaarste besitting is wysheid (eer). Waar kry ‘n mens dit? Slegs God ken die weg daarheen! Vir mense is wysheid godsvresendheid en vermyding van die kwaad.” Job is ‘n wyse man wat op soek is na antwoorde op baie moeilike vrae. Slegs God ken die antwoord (eer is in God se hande). |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

|                                                                                                                                                                                    |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                    | <b>[God gee en neem eer.]</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
| <b>29/ Job:</b> “Destyds het God en mense reg teenoor my opgetree. Ek het uit my pad gegaan om goed te doen” (Bezuidenhout 1986:295).                                              | Job: “Destyds was ek ‘n man wat deur God en mense geëer is. Ek was ook ‘n wyse man wat reg opgtree het.”<br><b>[Job was ‘n man met eer.]</b>                                                                                                                                                                       |
| <b>30/ Job:</b> “Nou vernietig God my en minag mense my. Ek roep tevergeefs om hulp” (Bezuidenhout 1986:303).                                                                      | Job: “Al my eer is van my gestroop. Ek is ‘n skande in ander se oë. Ek vra hoekom, maar niemand antwoord nie.”<br><b>[Job se eer is vir redes wat aan hom onbekend is, van hom weggeneem.]</b>                                                                                                                     |
| <b>31/ Job:</b> “Ek het geen oortreding begaan nie. Ek sal met graagte my saak in ‘n regsgeeding stel. Mag God my ‘n regverdige verhoor gee” (Bezuidenhout 1986:315).              | Job: “Ek pleit onskuldig. God moet rekenskap gee van waar my eer heen is.”<br><b>[Job daag Jahwe uit om regverdig te wees.]</b>                                                                                                                                                                                    |
| <b>32/ Elihu:</b> “Omdat julle nie vir Job kon tereg wys nie, sal ek dit doen. Ek sien kans vir Job. Ek sal nie partydig wees nie” (Bezuidenhout 1986:331).                        | Hier bevestig die verteller dat Job die vriende se monde gesnoer het. Elihu, ‘n mindere in ouderdom, se reaksie dui op die vriende se verlore eer – “Julle ou manne is onwys, laat ‘n jongman julle wys!” Elihu meen dat hy nie kant kies vir enige party nie. Hy moet dit wat hy beleef met die vergadering deel. |
| <b>33/ Elihu:</b> “God se gesindheid is goed. Hy waarsku jou deur lyding. Daardeur wil Hy jou red” (Bezuidenhout 1986:340).                                                        | Elihu: “Moenie God in hierdie tyd as ‘n vyand beleef nie. Hy wil jou iets leer.”<br><b>[Reaksie: “God is groter as jou eer.”]</b>                                                                                                                                                                                  |
| <b>34/ Elihu:</b> “God tree op ‘n gepaste manier op. Hy vergeld ‘n mens volgens sy daade. Job maak homself skuldig deur die standpunt wat hy inneem” (Bezuidenhout 1986:353).      | Elihu: “Vir God is almal belangrik. God tree regverdig op. Jy maak jouself skuldig deur God uit te daag.”<br><b>[Reaksie: “God is regverdig. Jy loop op dun ys.”]</b>                                                                                                                                              |
| <b>35/ Elihu:</b> “Jy dink dat God nie op ‘n gepaste manier optree nie, omdat Hy jou nie verhoor nie. In werklikheid verhoor Hy jou nie omdat jou houding teenoor Hom verkeerd is” | Elihu: “Probeer ‘n ander perspektief op jou lyding kry. Jy verblind jouself vir antwoorde.”<br><b>[Reaksie: “Begin deur die fout by jou</b>                                                                                                                                                                        |



|                                                                                                                                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                                                                         |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| (Bezuidenhout 1986:366).                                                                                                                                                                                                                                               | <b>verkeerde houding te seek.”]</b>                                                                                                                                                                                                     |
| <b>36-37/ Elihu:</b> “As ‘n mens reg reageer op die lyding waardeur God jou waarsku, sal Hy jou red. Jy het verkeerd gereageer op jou voorspoed. ‘n Mens kan nie verstaan hoe God alles doen nie, jy kan wel verstaan dat Hy jou wil waarsku” (Bezuidenhout 1986:373). | Elihu: “Jy het nie jou voorspoed/eer verdien dat jy jou moet beroep op ‘n regspraak nie. Probeer om iets uit jou lyding te leer.”<br><b>[Reaksie: “God hoef nie aan jou rekenskap te gee nie. Probeer wys word uit jou lyding.]</b>     |
| <b>38-39/ Jahwe:</b> “Daar is dinge in die lewe wat jy nie kan begryp nie. Daar is dinge wat vir jou nie sin maak nie. Tog kan jy glo dat Ek vir jou sorg” (Bezuidenhout 1986:400).                                                                                    | Jahwe <b>reageer</b> nou skielik self. Hy reageer vanuit ‘n stormwind, wat sy grootheid benadruk. Hy haal voorbeelde uit die skepping aan om Job te laat besef dat hy vir almal sorg. God se grootheid en sorg is groter as Job se eer. |
| <b>40:1-2/ Jahwe:</b> / Die Here het verder vir Job gesê: 2 “Wil jy ‘n saak maak teen die Almagtige en Hom bestraf? Wil jy vir God tereg wys? Antwoord Hom dan!” (NAV) <sup>80</sup>                                                                                   | Jahwe vra ook vir Job of hy opgewasse is om in ‘n uitdaging-reaksie stryd met Hom gewikkel te raak en bied so ‘n teen- <b>uitdaging</b> aan Job.                                                                                        |
| <b>40:3-5/ Job:</b> 3 Job het toe vir die Here gesê: 4 “Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liever stilbly. 5 Ek het gepraat, maar ek kon nie ‘n antwoord vind nie, ek het weer geprobeer, maar nou sal ek stilbly.” (NAV)               | Job se <b>waarneming</b> is dat God groter as hy is. Sy <b>reaksie</b> is een van stilswye. Job doen nou vrywillig afstand van sy eer.                                                                                                  |
| <b>40:6-41:26/ Jahwe:</b> “Jy het nie reg om die raadsplan aan te val nie. Indien jy dit doen, sal dit jou duur te staan kom” (Bezuidenhout 1986:432).                                                                                                                 | Jahwe <b>daag</b> Job nou <b>uit</b> om sy eer te verdedig as hy kan: “Gord tog jou heupe soos ‘n man; Ek sal jou ondervra en onderrig jy My” (Job 40:2 - OAV).                                                                         |
| <b>42:1-6/ Job:</b> / Daarna het Job vir die Here gesê: 2 “Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. 3 Wie is dit wat u bedoeling wou dwarsboom sonder                                                                               | Job se <b>waarneming</b> is vir ‘n tweede keer dat hy nie opgewasse is teen Jahwe nie. Hy <b>reageer</b> deur homself te verag en in sak en as te bly sit as simbool van sy nederigheid. Hy                                             |

<sup>80</sup> Let op dat die vers-indelings van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) en die Biblia Habraica Stuttgartensia (BHS) op plekke van mekaar verskil.

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. 4 U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. 5 Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, 6 en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as.” (NAV)</p>                                                                                                                           | <p>verneder homself op hierdie manier publiek.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| <p><b>42:7-8.</b> 7 Nadat Hy met Job gepraat het, het die Here vir Elifas die Temaniet gesê: “Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie. 8 Vat sewe bulle en sewe ramme en gaan na my dienaar Job toe en offer dit as ‘n brandoffer vir julleself. My dienaar Job sal vir julle bid, en Ek sal sy gebed verhoor en julle nie straf vir julle dwaasheid nie. Julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie. (NAV)</p> | <p>Jahwe wend hom tot Job se drie slim vriende (wat moontlik op ‘n afstand staan en kyk met ‘n ja-ek-het-jou-gesê-houding). Hy maak dit duidelik dat hulle ‘slim’ woorde oor Hom sy eer <b>uitgedaag</b> het. Om dit te herstel moet hulle hulleself verneder deur vir die sondaar (Job) te vra om vir hulle by God in te tree. So herstel Jahwe sy eie sowel as Job se verlore eer by Elifas, Bildad en Sofar.</p> |
| <p><b>42:9</b> 9 Elifas die Temaniet, Bildad die Suagiet en Sofar die Naāmatiet het gedoen wat die Here gesê het, en die Here het Job se gebed verhoor. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              | <p>Die drie vriende <b>reageer</b> op ‘n selfvernederende wyse wat Job en Jahwe se eer herstel.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
| <p><b>42:10-17.</b> 10 Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het. 11 Al sy broers en susters en sy vriende wat hom vroeër geken het, het gekom en saam met hom in sy huis geëet. Hulle het hulle medelye kom betoon en hom getroos oor al die rampe wat die Here oor hom gebring het. Elkeen het vir hom ‘n stuk</p>                                                                                               | <p>Die verteller sluit die verhaal af soos wat hy die verhaal begin het. Hy vertel dat Job dubbeld soveel ‘eer’ as voorheen gehad het. Job het ook gesterf as ‘n gelukkige en geseënde man.</p>                                                                                                                                                                                                                     |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |  |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|
| <p>silwer en 'n goue ring gegee. <i>12</i> Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste: hy het veertien duisend stuks kleinvee, ses duisend kamele, twee duisend beeste en 'n duisend donkies gekry, <i>13</i> en ook sewe seuns en drie dogters. <i>14</i> Die oudste dogter het hy Jemima genoem, die tweede Kesia en die derde Keren-Puk. <i>15</i> Nêrens in die land was daar vroue so mooi soos Job se dogters nie. Hulle pa het hulle saam met hulle broers laat erf. <i>16</i> Job het nog honderd en veertig jaar gelewe. Hy het sy kinders en kindskinders tot in die vierde geslag gesien. <i>17</i> Job het toe gesterf. Hy was oud en het 'n vol lewe gehad. (NAV)</p> |  |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|

Uit hierdie skema lyk dit of daar meer as een held is en dat eer die waardevolle objek is waarna hulle soek. Die sending van die held sou dus wees om eer te verwerf, eer te verdedig, of verlore eer te herstel. In Hoofstuk 6 sal uitgebrei word op wie die helde is en hoe hulle karakters ontwikkel. Vir nou kan 'n mens drie eer-soekers (nie noodwendig al drie helde nie) onderskei: Jahwe, Job en Satan.

Satan is die eerste eer-soeker en die eerste om 'n ander se eer uit te daag.<sup>81</sup> Hy daag Jahwe se eer uit, wat daartoe aanleiding gee dat Job alle eer verloor. Jahwe spreek Satan eerste aan en inisieer as't ware die strydsprek (vgl Clines 1989:23). 'n Mens sou kon sê dat Jahwe die vraag aan Satan vra om die fokus van die vergadering op Jahwe se eer te plaas. Die antwoord van Satan is dan nie 'n erkenning van hierdie eer nie, maar 'n uitdaging van die eer. Dit lyk aanvanklik of Jahwe die stryd wen as Job optree soos Jahwe voorspel het hy sal optree. In Bedryf II (3:1-26:14) leer 'n mens Job se siening of fokalisasie van sake ken.<sup>82</sup> Aan die einde van Bedryf I (1:1-2:13) lyk dit asof Jahwe die eer-stryd gewen het, maar soos wat die karakter

<sup>81</sup> Volgens Handy (1993:110) doen die Satan net wat hy deur Jahwe beveel is om te doen. Satan is 'n tweede-orde god. Dit sou beteken dat hy nie vir Jahwe kan uitdaag nie. Dit neem steeds nie die argument weg dat Job se motiewe 'n eer-stryd vir Jahwe mag wees nie. Dit is belangrik dat Job vir Jahwe eer omdat Hy God is en nie omdat Hy goed vir Job is nie.

<sup>82</sup> Fokalisasie word in Hoofstuk 7 bespreek.

Job in Bedryf II (3:1-26:14) ontwikkel, kom dit voor asof die Satan tog reg was. Job se standpunte skep spanning – gaan Jahwe eer verloor teen die Satan? Dit lyk in elk geval vir Job se vriende asof Job God enige tyd gaan vloek. Hulle belewenis (fokalisasie) van Job se woorde is dat hy in der waarheid besig is om te laster.<sup>83</sup> Dit begin al meer lyk asof die Satan van Jahwe se eer gaan wen. Die spanning bou op. Die klimaks en ontknoping is natuurlik in Bedryf III (27:1-42:17).

Job wend in Toneel 7 (27:1-31:40) (Bedryf III (27:1-42:17)) ‘n laaste poging aan om sy ontevredenheid te verwoord. Uit die bloute verskyn die karakter Elihu. Elihu oortuig Job om anders na sy situasie te kyk en nie so gesteld te wees op sy persoonlike eer wat geskend is nie. Hierdie nuwe perspektief maak Job bewus van Jahwe se teenwoordigheid en berei hom voor vir Jahwe se verskyning (vgl. Lasor *et al* 1996:481). Job besef hoe weglaatbaar klein sy eer is in vergelyking met Jahwe se eer. Hy verklaar dat hy nie opgewasse is nie en dat hy sal stilbly. Satan verloor sodoende sy uitdaging aan Jahwe en verloor daarmee saam eer. Jahwe wen eer en herstel Job se eer tweevoudig.

Jahwe is ook nie tevrede met die manier waarop Job se vriende oor Jahwe gepraat het nie. Hulle het dit moontlik met verskuilde agendas gedoen en nie vanuit ‘n verhouding met Jahwe nie. Hulle het gedink dat hulle Jahwe moes verdedig ten einde vroom voor te kom en hulle voorspoed te behou. Job het wel uitdagende vrae gevra, maar hy het dit gedoen vanuit ‘n verhouding met God. Jahwe verneder die drie vriende deur hulle te beveel om die “sondaar” wat hulle geïdentifiseer het, te laat versoening doen vir hulle. Op die wyse eer Jahwe vir Job deur hom aan te wys as die een wat versoening doen (vgl. Habel 1985:67).

#### **4.4 Samevatting.**

In hierdie hoofstuk is die boek Job gestruktureer as ‘n drama met drie bedrywe. Die eerste en die derde bedryf bestaan elk uit vyf tonele. Die middelste bedryf is ‘n eentoneelbedryf, hoewel dit die grootste deel van die teks beslaan. Hierdie strukturering beklemtoon die mens se worsteling met en oor God.

---

<sup>83</sup> “The prologue sets the stage for all the speeches that follow. It enables the audience to have confidence in Job, while at the same time it keeps all the characters in the debate in darkness about the real nature of Job’s plight. Job never knows that God trusts him or that his faith is being tested. Nor does Job know that God’s honor is on the line with his own” (Lasor *et al* 1996:475).

Interessante eienskappe is in hierdie storie ondek, nadat 'n mens vanuit die sosiaal-kritiese wetenskappe na die storie gaan kyk het. Hierdie benadering het dit makliker gemaak om die gebeure te beskryf. 'n Mens kom ook agter dat die gebeure van Job 1:1-2:13 en 42:7-17 nie 'n volledige narratief kan vorm nie. Die gebeure in Job 1:1-2:13 antisipeer dat iets verder moet gebeur (vgl. Habel 1985:29). En dit vind plaas in 3:1-42:6. Job 42:7-17 is ook nie die sinvolle slot vir die verhaal sonder 3:1-42:6 nie. Dit het 'n mens ook laat dink oor die karakters en karakterisering sowel as fokalisasie. In die hoofstukke wat volg, word onder andere hierdie aspekte bespreek.

Ten slotte: Is Fokkelman (1999:208-209) se vrae beantwoord?

**“2. What does the *quest* consist of? What is the hero after, i.e. what is the object of value? Does he attain his goal, and if not, why not?” (Fokkelman 1999:208).**

Uit insigte vanuit die sosiale wetenskappe kon aangedui word dat die waardevolle objek eer is. Beide die karakters Job en Jahwe is die helde van die verhaal. Die uitdaging-reaksie stryd beskryf die sending ('quest'). Jahwe beskerm sy uitgedaagde eer en dit beroof Job van sy eer. Job wend 'n stryd aan om eer te herstel en dit bedreig weer Jahwe se eer. Albei bereik uiteindelik die doel. Jahwe behou sy eer en Job se eer word herstel. Albei helde is suksesvol.

**“7. Is there a clear *plot*, or is the unit you are reading more or less without a plot of its own, because it forms part of a greater whole? What, then, is the macro-plot there?” (Fokkelman 1999:208).**

In hierdie studie is juis die makro-plot bestudeer. Die boek word die beste verstaan in sy huidige samestelling. Die plot is voorgestel met behulp van diagramme. Die interessante was dat die plot ook beskryf kon word aan die hand van die uitdaging-reaksie stryd (Tabel 4.2).

**“9. Is there any particular choice of words that strikes you? Any other characteristics of *style or structure*? Take them seriously, and keep pondering them, guided for instance, by such questions as “what does this contribute to plot or characterization?” (Fokkelman 1999:208-209).**

Die bespreking van die uitdaging-reaksie stryd kan hier antwoorde bied. Dit lewer 'n bydrae by die bespreking van die plot sowel as die karakters (vergelyk die volgende hoofstuk se bespreking van die held van die verhaal).

**“10. *Boundaries*: what devices are used to demarcate a unit? (Consider the data regarding time, space, beginning and end of action, entrances or exists of the characters.)**

**Can you make a *division* of the text (divide it into smaller units)? By what signals are you guided? Try and find other signals or markers, wich may possibly lead to a different structuration. To what extent does the division clarify your view of themes or ‘content?’” (Fokkelman 1999:209).**

Wisseling in tyd, ruimte en karakters is effektief gebruik om die indeling van die plot te doen. Die indeling/plot versterk die argument dat eer die waardevolle objek is en Jahwe en Job die helde. Albei indelings het Job en/of Jahwe as sentrale karakter en wentel om die eer wat herstel of herwin moet word.

## HOOFSTUK 5

### KARAKTERS EN KARAKTERISERING

#### 5.1 Inleiding.

In enige storie of drama is daar karakters. Karakters vertoon normaalweg gewone menslike eienskappe. Hierdie hoofstuk gaan soek na die karakters in die Jobstorie en kyk hoe hulle aan die leser voorgestel en voorgehou word. Hierdie hoofstuk gaan ook kyk hoe hierdie karakters ontwikkel. Hier gaan gesoek word na die held<sup>84</sup> van die Jobverhaal. 'n Held het helpers en opponente.<sup>85</sup>

#### 5.2 Karakterisering.

Karakterisering het te doen met die wyse waarop die narratief die karakters aan die leser voorstel en vir die leser aanbied. Dit kan enersyds plaasvind deur direkte definisie. Dit is wanneer die mees outoritêre stem (die verteller) van die narratief vir die leser van daardie karakter vertel. Karakterisering kan andersyds deur indirekte voorstelling plaasvind. Die leser leer die karakter dan ken deur afleidings wat hy/sy self van die karakter maak op grond van die karakter se aksies, spraak, uiterlike voorkoms en/of omgewing. Die karakterisering in elke bedryf en toneel van die Jobstorie kan in tabelvorm beskryf word.

---

<sup>84</sup> “1. Who is the *hero*? What is your reason for thinking this (remember the criteria of presence, initiative, and the executor of the quest)?” (Fokkelman 1999:208).

<sup>85</sup> “3. Who are the helpers and *opponents*? Besides characters, factors, situations or personality traits also qualify. Are any *attributes* (objects) present? What do they contribute? Do they have a symbolic added value?” (Fokkelman 1999:208).

Tabel 5.1: *Karakterisering in die boek Job.*

| PLOT                          | KARAKTERISERING                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
|-------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEDRYF I</b><br>[1:1-2:13] | Die karakterisering is hoofsaaklik by wyse van indirekte voorstelling. Die karakter Job word heel aan die begin direk gedefinieer. Dit is al waar direkte definisie in hierdie bedryf voorkom.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| Toneel 1<br>[1:1-5]           | <b>Direkte definisie:</b> In 1:1-3 vertel die verteller van die man Job, waar hy woon, wat hy besit en hoe hy is.<br><b>Indirekte voorstelling:</b> In 1:4-5 brei die verteller uit oor Job se kinders en hulle partytjies. Die doel is nie om die kinders te karakteriseer nie, maar om Job se vroomheid te illustreer. Sodoende word hy deur sy aksies en woorde gekarakteriseer.                                                                                                                                           |
| Toneel 2<br>[1:6-12]          | <b>Indirekte voorstelling:</b> In hierdie toneel leer 'n mens die karakters Jahwe en Satan vir die eerste keer ken. Hulle word gekarakteriseer deur hulle woorde en aksies. Job word ook gekarakteriseer deurdat hy die onderwerp van Jahwe en Satan se gesprek is. Die leser hoor wat Jahwe en Satan onderskeidelik van Job dink. Jahwe en die verteller se siening van Job stem ooreen, maar Satan verskil daarvan.                                                                                                         |
| Toneel 3<br>[1:13-22]         | <b>Indirekte voorstelling:</b> Die leser kry nou die geleentheid om die direkte definisie van Toneel 1 te toets aan die aksies van Job. Hierdie is 'n derde oord waaruit Job gekarakteriseer word. Die leser raak ook bewus van minder belangrike karakters: Job se kinders, Job se slawe, Sabeërs en Galdiërs. Hierdie karakters word net terloops genoem en nie veel gekarakteriseer nie. 'n Mens kan afleidings maak oor hulle uit hulle aksies en dit wat oor hulle gesê word. Die inligting oor hulle is egter baie min. |
| Toneel 4<br>[2:1-10]          | <b>Indirekte voorstelling:</b> Jahwe, Satan en Job word weer soos in Toneel 2 deur aksie en dialoog gekarakteriseer. Job se vrou kom word ook deur haar woorde gekarakteriseer.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
| Toneel 5<br>[2:11-13]         | <b>Indirekte voorstelling:</b> Die verteller vertel van die uitkoms van al die gebeure van die vorige tonele. Hy vertel ook van Job se vriende Elifas die Temaniet, Bildad die Sugiet en Sofar die Naämatiet wat daar opdaag. Die verteller definieer nie die drie vriende direk nie. Hulle word gekarakteriseer deur hulle aksies (en reaksie).                                                                                                                                                                              |



|                                   |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
|-----------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEDRYF II</b><br>[3:1-26:14]   | Hierdie bedryf bestaan net uit dialoog. Die karakters word daardeur indirek voorgestel.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
| Toneel 6<br>[3:1-26:14]           | <b>Indirekte voorstelling:</b> Job, Elifas, Bildad en Sofar word in hierdie toneel uitsluitlik gekarakteriseer deur hulle dialoog. Die verteller is hier afwesig en word net waargeneem as hy 'n karakter aan die woord stel. Daar is nie ander aksie behalwe vir die dialoog nie. Jahwe is onder andere hier die onderwerp van bespreking en word deur die vier karakters in hierdie toneel se woorde oor Hom, indirek voorgestel.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
| <b>BEDRYF III</b><br>[27:1-42:17] | Die karakterisering in hierdie bedryf is oorwegend indirekte voorstelling.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
| Toneel 7<br>[27:1-31:40]          | <b>Indirekte voorstelling:</b> Job is hier alleen aan die woord. Hy word indirek voorgestel deur dit wat die leser van sy karakter kan aflei uit sy woorde. Wanneer hy hier praat van Jahwe en sy vriende, word hulle ook deur sy woorde indirek voorgestel.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| Toneel 8<br>[32:1-37:24]          | <b>Indirekte voorstelling:</b> Die vier vriende word gekarakteriseer in hulle onvermoë om Job te antwoord. Skielik word vertel van Elihu die seun van Barakel, die Bussiet. Die verteller vertel wat hy doen en so word hy deur sy aksies gekarakteriseer. Nadat die verteller kortliks vertel het wat Elihu doen, begin Elihu ook met 'n lang toespraak. Uit hierdie monoloog word Elihu, Job en Jahwe gekarakteriseer deur indirekte voorstelling.<br><br><b>Direkte definisie:</b> Elihu word wel ook deur die verteller direk gedefinieer. Die verteller gee in 32:3 inligting waarom Elihu kwaad is - iets wat die leser sou moes aflei uit Elihu se woorde of aksies, as die verteller dit sou verswyg. In 32:4 sê die verteller ook dat Elihu jonger was as die ander. |
| Toneel 9<br>[38:1-42:6]           | <b>Indirekte voorstelling:</b> In hierdie dialoog tussen Jahwe en Job word albei indirek voorgestel. Albei verwys na mekaar en na hulleself in hierdie dialoog, wat hierdie karakters baie diep karakteriseer.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| Toneel 10<br>[42:7-9]             | <b>Indirekte voorstelling:</b> Jahwe, Elifas, Bildad en Sofar word hier deur hulle woorde en aksie gekarakteriseer.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |

|                         |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
|-------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Toneel 11<br>[42:10-17] | <p><b>Indirekte voorstelling:</b> In hierdie gedeelte is die verteller weer aan die woord. Geen dialoog kom in hierdie gedeelte voor nie. Job en Jahwe word gekarakteriseer deur hulle aksies. 'n Klompie bykarakters word ook voorgestel: Job se tien nuwe kinders, sy broers en susters en eertydse kennisse. Drie bykarakters word nader voorgestel, deurdat die name van Job se drie dogters vermeld word. Daar word ook gesê dat hulle saam met hulle broers geërf het.</p> <p><b>Direkte definisie:</b> Job se dogters word in 42:15 direk gedefinieer, wanneer die verteller vertel dat hulle die mooiste in die land was. Job word ook in 42:16-17 direk gedefinieer as die verteller vertel dat Job daarna nog 147 jaar gelewe het en dat hy as ou man met 'n vol lewe gesterf het.</p> |
|-------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Dit is duidelik dat die karakterisering in hierdie storie hoofsaaklik deur indirekte voorstelling plaasvind. Direkte definisie kom baie min voor; slegs wanneer die leser inligting absoluut nodig het vir die verstaan van die storie. Hierdie wyse van karakterisering maak dit vir die leser moeiliker om die karakters te leer ken, omdat die leser self afleidings moet maak uit dit wat die karakters doen en sê. 'n Mens moet veral in Toneel 6 (3:1-26:14) die karakters leer ken deur die sentimente wat daardie karakters self koester. Hierdie sentimente kan die leser alleen aflei uit die woorde van die karakters, omdat die verteller vir die leser geen agtergrondinligting oor die drie vriende gee nie. Toneel 6 (3:1-26:14) het baie min aksies wat dit vir die leser nog moeiliker maak, omdat hy nie die karakters se woorde kan weeg teen hulle dade nie. Die leser weet glad nie dat die vriende verskuilde agendas het nie. Die leser kan nie gaan kyk na dade uit hulle verlede nie. Die leser weet ook nie hoe ryk of hoe oud hulle is nie. Die leser moet uit hulle woorde en veral Job se reaksie daarop, aflei wie hierdie karakters is.

Een probleem wat Joblesers oor die eeue beleef het, is die kontras tussen die Job van die proloog en die Job van die dialoog (m.a.w die Job van Bedryf I (1:1-2:13) en die Job van Bedryf II (3:1-26:14)). Die karakter Job is 'n uiters komplekse karakter wat op 'n uiters komplekse manier gekarakteriseer word. Die boek Job is 'n literêre werk van uitnemendheid, wat oor die mees uitdagende teologieë ('Wie is God?'; 'Hoekom ly onskuldige mense?'; 'Hoe werk God se vergelding/seën?') oor al die eeue besin. Geen leser/kommentator van die boek Job kan tog verwag dat die skrywer van so 'n kunswerk, inligting vir die leser op 'n silwer

skinkbord sal gee en eenvoudige karakters sal gebruik nie. Die skrywer van veral so 'n kunswerk gaan van die leser ook verwag om te dink en te wonder. Daar is geen eenvoudige antwoorde (indien enige) op die moeilikste teologiese en dogmatiese vrae nie. Juis daarom behoort 'n storie oor hierdie vrae ook nie eenvoudige karakters met eenvoudige antwoorde te hê nie.

Die karakter van Job in die proloog verskil van die karakter van Job in die dialoog omdat die verhaal hom só wil karakteriseer. Dit beeld iets uit van 'n mens wat met God worstel, 'n worsteling wat in geen eenvoudige terme of storie uitgedruk kan word nie. In Genesis 32:22-31 vertel 'n ander verhaal vir ons van Jakob se worsteling met God. Hierdie worsteling was geen eenvoudige worsteling nie. Dit is enige aksiefilmskrywer se droomtoneel. 'n Handgeveg van net na donker tot net voor sonsopkoms. Dit is 'n komplekse geveg met verrykende gevolge vir die karakters. In hierdie fantastiese verhaaltjie sien 'n mens hoe 'n karakter verander na 'n worsteling met God. Jakob se naam word Israel en hy loop vir die res van sy lewe mank. Jahwe word die God van 'n volk wat altyd met Hom stoei, want dit is die betekenis van die naam Israel. 'n Worsteling met God is geen eenvoudige saak nie. Dit is dalk die fout wat Job se vriende (en dalk vriende en terapeute van 'Jobmense' oor al die eeue) maak – hulle neem 'n worsteling met God nie ernstig genoeg op nie. Die verteller van Job gee aan die leser 'n gevoel van hierdie worsteling deur die karakterisering baie kompleks te maak. Hy slaag meesterlik daarin – “From Gregory the Great to Maimonides to Aquinas to Calvin to Fohrer, commentators have pondered over such issues as why God rebukes the friends but not Elihu, whether Job’s words in the dialogue are or are not blasphemous, what the divine speeches do to resolve the issues raised by the book, and the significance of the restoration of Job” (Newsom 1993:3). Die feit dat soveel lesers oor soveel millennia al ‘ponder’ oor ‘issues’ uit die verhaal van Job, dui daarop dat die kunstenaar daarin geslaag het om sy leser in te trek by die verhaal en hulle nuut te laat nadink.

### 5.3 Karakters.

Alle karakters in 'n storie is nie ewe belangrik nie. Sommige karakters is hoofkarakters waarsonder daar geen storie-plot kan wees nie. Hoofkarakters is gewoonlik ook die karakters wat ontwikkel. Ander karakters wat glad nie ontwikkel nie of baie min ontwikkel, is meestal bykarakters wat 'n funksie groter as hulleself vervul (Rimmon-Kenan 1983:41). Die karakters en bykarakters in die Jobstorie kom so in die bedrywe na vore:

Tabel 5.2: *Karakters in die Jobstorie.*

|                              | Karakter               | Beskrywing: Karakter of Bykarakter                                                                                                                                                |
|------------------------------|------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEDRYF I</b> [1:1-2:13]   | Job                    | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                |
|                              | Hemelwesens            | <b>Bykarakters</b> in Toneel 2 en 4 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor</b> .                                                                                      |
|                              | Jahwe                  | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                |
|                              | Satan                  | ‘n <b>Hoofkarakter</b> wat eintlik slegs in hierdie bedryf voorkom.                                                                                                               |
|                              | Job se kinders         | <b>Bykarakters</b> in Toneel 3 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor</b> . In Toneel 1 word hulle ook genoem, maar is deel van die inventaris van Job se besittings. |
|                              | Boodskapper 1,2,3 en 4 | <b>Bykarakters</b> in Toneel 3 wat vir Job die boodskap bring van die rampe wat hom getref het.                                                                                   |
|                              | Sabeërs                | <b>Bykarakters</b> in Toneel 3 wat rampe oor Job bring.                                                                                                                           |
|                              | Galdeërs               | <b>Bykarakters</b> in Toneel 3 wat rampe oor Job bring.                                                                                                                           |
|                              | Job se vrou            | <b>Bykarakter</b> in Toneel 4 wat vir Job versoek om Jahwe te vloek.                                                                                                              |
|                              | Elifas die Temaniet    | <b>Bykarakter</b> in Toneel 5 wat vir Job kom vertroos.                                                                                                                           |
|                              | Bildad die Sugiet      | <b>Bykarakter</b> in Toneel 5 wat vir Job kom vertroos.                                                                                                                           |
|                              | Sofar die Naämatiet    | <b>Bykarakter</b> in Toneel 5 wat vir Job kom vertroos.                                                                                                                           |
| <b>BEDRYF II</b> [3:1-26:14] | Job                    | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                |
|                              | Elifas                 | Tree saam met Job en die ander twee vriende van Job op as ‘n <b>Hoofkarakter</b> in Toneel 6.                                                                                     |
|                              | Bildad                 | Tree saam met Job en die ander twee vriende van Job op as ‘n <b>Hoofkarakter</b> in Toneel 6.                                                                                     |
|                              | Sofar                  | Tree saam met Job en die ander twee vriende van Job op as ‘n <b>Hoofkarakter</b> in Toneel 6.                                                                                     |

|                         |                                   |                                                                                                                                                                                      |
|-------------------------|-----------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| BEDRYF III [27:1-42:17] | Job                               | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                   |
|                         | Elihu                             | Die <b>Hoofkarakter</b> in Toneel 8.                                                                                                                                                 |
|                         | Jahwe                             | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                   |
|                         | Elifas                            | <b>Bykarakter.</b>                                                                                                                                                                   |
|                         | Bildad                            | <b>Bykarakter.</b>                                                                                                                                                                   |
|                         | Sofar                             | <b>Bykarakter.</b>                                                                                                                                                                   |
|                         | Job se broers, susters en vriende | <b>Bykarakters</b> in Toneel 11 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor.</b>                                                                                              |
|                         | Jemima<br>Ketsia<br>Keren-happoeg | <b>Bykarakter</b> in Toneel 11. Sy en haar susters word gekarakteriseer en name gegee wat hulle belangriker laat lyk as <b>dekor.</b><br>Hulle is egter slegs dekor wat Job beskryf. |
|                         | Job se dogters se broers          | <b>Bykarakters</b> in Toneel 11 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor.</b>                                                                                              |
|                         | Job se kinders en kindskinders    | <b>Bykarakters</b> in Toneel 11 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor.</b>                                                                                              |

Die karakters in die storie kan vervolgens verder bespreek word. Die hoofkarakters en hulle ontwikkeling sal elkeen apart bespreek word. Die ander karakters sal onder een opskrif aandag geniet.

*i) Job die Usiet*

In Toneel 1(1:1-5) leer 'n mens hierdie man ken as die rykste man in die Ooste. Geen sekerheid bestaan oor waar Us geografies is en of daar werklik so 'n plek is nie (vgl. Habel 1985:86; Clines 1989:9).<sup>86</sup> Hy is ook 'n man wie se lewe getuig van godsvresendheid en 'n goeie lewe. 'n Mens leer uit sy dade dat hy seker gemaak het dat hy en sy familie nie 'in die skuld' was by God nie. Hy het na sy kinders se partytjies versoening gedoen vir sy kinders by God, net vir die waarskynlikheid dat hulle miskien sonde gedoen het. In Toneel 2 (1:6-12) sien 'n mens dat Jahwe ook in sy skik is met Job. Job se karakter word bevestig deur die verteller (1:1) sowel as deur Jahwe (1:8) (Clines 1989:25). Jahwe noem aan Satan dat daar nêrens iemand soos Job te vinde is nie. Satan verskil van Jahwe. Satan meen dat Job 'n goeie lewe ly omdat Jahwe goed vir Job sorg. As Jahwe al Job se besittings wegneem, dan sal hulle

<sup>86</sup> Clines (1989:9) maak 'n *belangrike* opmerking as hy sê dat die betekenis van Job se naam of die lokaliteit van Us nie belangrik is nie. Job se moraliteit is die fokus hier.

‘n ander kant van Job sien. Satan meen dat Job selfs vir Jahwe in sy gesig sal vloek. Dit wek spanning: die leser wonder of die verteller se weergawe van die karakter betroubaar was. Job se aksies bevestig sy karakter wanneer hy versoening doen vir sy kinders in 1:4-5<sup>87</sup> en dit stel die leser gerus.

Job se besittings word van hom weggehaal op ‘n rampspoedige manier, maar 1:22 bevestig dat Job vroom en opreg bly. Die verteller se karakterisering van Job word dus bevestig deur sy dae. Godsvresendheid en ‘n mooi lewe (sondeloosheid?) is kenmerkend van hierdie karakter. ‘n Mens lei ook af dat hierdie Job nederig is. Hy verdien niks wat hy het nie: “Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here” (Job 1:21 – NAV).

In 2:3 is Jahwe nog trotser op sy dienaar Job: “Die Here vra toe vir Satan: ‘En my dienaar Job, het jy hom nou gesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad. Hy het vroom gebly, al het jy My daartoe gebring om hom sonder rede te ruïneer’” (NAV). Job se karakter van godsvresendheid, opregtheid, onskuld en onberispelikeid word sterker. Satan is nog steeds nie tevrede nie. Sy mening is dat Job alles sal gee solank hy sy goeie gesondheid behou. Met Jahwe se toestemming word Job met pynlike swere getref.

Ten spyte van die feit dat Job se vrou hom aanbeveel om liever vir God te vloek en te sterf, bly Job getrou aan sy karakter. Sy vrou se reaksie bevestig die afmetings wat die rampe wat Job getref het, aanneem, so ook die reaksie van sy drie vriende in 2:12-13. Job bly nederig en aanvaar die slegte en die goeie van God. Die verhaal vertel dat hy ook nie gesondig het met sy lippe nie. Job doen sy karakter gestand. Die leser kan nie anders as om respek te kry vir hierdie indrukwekkende karakter nie.

In Bedryf II (3:1-26:14) kom die ware toets vir die karakter van Job. Sy karakter word nou getoets aan die dinge wat hy sê en hoe hy dit sê. Aan die begin van Toneel 6 (3:1-26:14) ontmoet die leser ‘n baie moedeloze Job. Uit die prentjie wat hy in sy eie sy woorde skets, klink Job sewe dae later baie meer moedeloos as die Job aan die einde van Toneel 4 (2:1-10)

<sup>87</sup> Clines (1989:15-17) se *bespreking* van 1:4-5 beklemtoon die belangrikheid daarvan vir die karakterisering van Job. “... one impressive example says more about the character of Job than any number of approbatory adjectives” (Clines 1989:15).

en Toneel 5 (2:11-13). Hierdie woorde van Job vorm ‘n integrale deel van die ontwikkeling van die plot. “That action reveals the transformation in Job’s attitude and initiates a conflict with the friends” (Habel 1985:30). Uit Elifas se reaksie lei ‘n mens af dat Job opstandig klink teenoor God. Dit is egter slegs Elifas se siening van dit wat hy by Job hoor (vergelyk dit met die bespreking van fokalisasie in Hoofstuk 7 van hierdie studie). Die res van die bedryf se dialoog en die reaksie van die vriende op Job se klag, versterk die suspisie by die leser. Die reaksie van Job se vriende moenie onderskat word nie. Dit laat die leser wonder oor die karakter van Job. Waar is die Job van Bedryf I (1:1-2:13)? Die vriende se reaksie beïnvloed die leser se karakterprentjie van Job. ‘n Voorbeeld hiervan is die invloed van Job se vriende op Joblesers van die laaste eeue, onder andere die historiese kritiek. Die debatte wat die verskil tussen die Job van die proloog en die Job van die dialoog vir die historiese kritiek se verklarings rakende die komposisie van die boek veroorsaak het, is bekend.<sup>88</sup> Het die historiese kritiek hom nie dalk aan die neus laat lei deur Elifas die Temaniet, Bildad die Sugiet en Sofar die Naämatiet nie?

Dit is insiggewend hoe die karakter Job uit sy eie woorde aan die leser bekend word. Op sekere plekke is hy byvoorbeeld uiters sarkasties met sy vriende. Hy lei twee maal sy beurt om te praat in deur op ‘n sarkastiese wyse te verwys na sy vriende se wysheid en hulp (*“Waarlik, ja, julle is die regte mense, en saam met julle sterf die wysheid uit! Ook ek het verstand soos julle; ek staan nie vir julle terug nie; en wie weet sulke dinge nie?”* Job 12:2-3, OAV; *“Hoe goed het jy die onmagtige bygestaan, die kragteloze arm gehelp! Hoe mooi het jy die onwyse raad gegee en beleid in oorvloed bekend gemaak!”* Job 26:2-3, OAV).

Die leser beleef ‘n paradoks. Hy wil graag saam met Job stem oor die ‘onregverdigheid’ van Job se situasie, maar het meer inligting as die karakters en weet dat Job die toets moet

<sup>88</sup> Oosthuizen (1991:298-300) probeer die kontras tussen Job in die proloog en Job in die dialoog verklaar deur die opregtheid van die Job in die proloog se vroomheid te betwyfel. Hy argumenteer dat daar ‘n verskil tussen die uiterlike van Job (dit wat die leser kan sien) en die innerlike emosies van Job (dit wat die leser nie kan sien nie) is (Oosthuizen sou hierdie argument van hom kon uitbrei deur na die aspek van fokalisasie te kyk). Oosthuizen (1991:298) gebruik egter slegs die sogenaamde “narrative framework” as teks vir sy artikel. Die narratiewe raamwerk het egter geen bestaansreg op sy eie nie en veroorsaak meer verwarring wanneer dit alleen gelees word, as wat dit oplossings bied vir die kontras tussen die narratiewe raamwerk en die poëtiese middel. Indien Oosthuizen egter na die hele verhaal kyk, sal hy sien dat die fokalisasie (vgl. ook Hoofstuk 7 van hierdie studie) verskuif van vertellersfokalisasie in die narratiewe raamwerk na karakterfokalisasie in die poëtiese middel. Hy sal byvoorbeeld ook in Job 27-31 penetrasie in die karakter Job se innerlike aantref. Daarmee sal hy Job se opregtheid in Job 1 en 2 kan meet. Dit vra egter ‘n narratiewe analise op die ganse boek. Oosthuizen (1991:295-315) het egter steeds ‘n goeie argument wat minder spekulatief kan klink indien hy die hele boek aan narratiewe analise onderwerp.

deurstaan. Die vriende wonder of Job nie te ver gaan nie en dit skep ook spanning by die leser, omdat die leser wonder of Job nie dalk die toets gaan druip nie.

In Toneel 7 (27:1-31:40) leer 'n mens Job nog beter ken uit 'n lang monoloog. Job se woorde in Bedryf II (3:1-26:14), maar veral hierdie monoloog van Toneel 7 (27:1-31:40), is natuurlik penetrasie in die karakter Job se innerlike. In Job 29 vertel Job self vir die leser wie hy was. Hy was 'n man wat deur almal gerespekteer en geëer is. Hy kontrasteer dit met sy huidige toestand. In Job 30 beskryf hierdie huidige toestand van hom waarin hy respek en eer verloor het. In Job 31 verduidelik Job in sy eie woorde hoe vroom hy is.

Uit die woorde van Job in Toneel 7 (27:1-31:40) kom nog 'n paradoks na vore. Dit is duidelik dat Job respek vir Jahwe en vir die wysheid het. Aan die ander kant is daar 'n ongelukkigheid by hom wat daartoe lei dat hy Jahwe tot 'n regstryd daag. Uit die bloute reageer 'n jongman, Elihu, op hierdie monoloog van Job - ook met 'n lang monoloog. Elihu meen dat Job nie die reg het om Jahwe te verkwalik nie. Dit wek dieselfde spanning oor die Jobkarakter as wat die ander drie vriende se reaksie wek. Dit is ook moeilik om agter te kom waar hierdie selfversekerde jongman se standpunt verskil van die ander drie s'n. Hy deel soms op die oog af dieselfde sentimente as die van die ander drie vriende, maar dit lyk asof sy unieke benadering is om Job te oortuig daarvan om deur 'n ander 'bril' na sy omstandighede te kyk. Dit gee 'n nuwe dimensie aan die Jobkarakter – dit beteken dat Job hom, net soos sy drie vriende, ook blindstaar teen sy eie teologie. Is dit in die lig van sy omstandighede verskoonbaar?

Wanneer Jahwe aan die woord kom, kyk Job met ander oë na sy omstandighede. Hy besef sy nietigheid in terme van die groot prentjie. Dit kan sekerlik wees dat Job na aanleiding van Elihu se toespraak (subjektief soos dit is), besluit om sy probleem vanuit 'n ander hoek te benader. Dit sou beteken dat Jahwe nie noodwendig 'n woord geuiter het nie, maar dat Job in 'n magtige storm bewus geraak het van sy kleinheid (soos wat natuurkragte mense vandag nog bewus maak van hoe klein hulle is). Hierdie bewuswording het hom na die natuur laat kyk.<sup>89</sup> Dit het op sy beurt aanleiding daartoe gegee dat Job homself gemeet het teen die totale

<sup>89</sup> Job verwys natuurlik in 9:5-10 en 26:5-14 reeds na God se almag in terme van die natuur. Indien mens Elihu se opmerkings in 36:27-37:13 en 37:14-24 ook in ag neem, kan 'n mens sê dat Job geleidelik bewus raak van die natuur en dat Jahwe se antwoord in 38-39 die uiteindelijke klimaks daarvan is (vgl. Loader 1992:350-357).



skepping. Job besef waar sy plek is. Die karakter kom as't ware tot bekering en verklaar sy nietigheid. Dit maak die Jobkarakter plooibaar en baie kompleks.

Die res van Bedryf III (27:1-42:17) vertel op die oog af weer die storie van die ou Job - 'n Godsvresende en opregte man wat intree by God vir sy vriende soos wat hy gewoon is om in te tree vir sy kinders. Dit is egter glad nie die ou Job nie. Alhoewel sy omstandighede weer goed lyk, intendeel, twee maal beter as voor die rampe, het hierdie karakter gegroei in kompleksiteit.<sup>90</sup> Die Jobkarakter van Bedryf I (1:1-2:13) en die Jobkarakter van Bedryf III (27:1-42:17) is dalk dieselfde persoon, maar nie meer dieselfde karakter nie.

Die karakter Job kan dan beskryf word as 'n dinamiese en komplekse karakter met baie penetrasie in die innerlike. Vergelyk hierdie karakter met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*).

## ii) Jahwe die Onbegryplike

Die karakter God of Jahwe<sup>91</sup> is nie dwarsdeur die Ou Testament (en vir alle praktiese doeleindes die hele Bybel) dieselfde nie.<sup>92</sup> Dit is nie omdat die Bybel 'n onbetroubare bron is nie, maar omdat die boeke van die Bybel deur verskillende individue geskryf is. Die Pentateug is 'n uitstekende voorbeeld van verskillende skrywers se verskillende perspektiewe op God. Die perspektiewe op God verskil so drasties dat dit die navorsers van die Pentateug tot die gevolgtrekking gebring het dat die Pentateug meer as een skrywer het. Daarom onderskei Ou Testamentici tussen J (Jahwis), E (Elohis), D (Deutronomis) of P (Priester) materiaal. 'n Groot faktor vir die onderskeid tussen J, E, D en P is die manier waarop hulle oor God skryf. Die J en E materiaal se benaming is selfs afgelei uit hulle verskillende benamings in die teks vir God – Jahwe of Elohim. As daar in een korpus van boeke; en selfs in een van die boeke in hierdie korpus, verskillende beskrywings van God is, dan is dit 'n noodsaaklikheid om die karakter God of Jahwe in elke boek van die Bybel van voor af te

<sup>90</sup> 'n Studie van die ontwikkeling en kompleksiteit van die karakter Job, kan vir Brenner (1989:48-49) help om die karakterisering van Job te bespreek.

<sup>91</sup> God word in die Ou Testament met verskillende name benoem. Die name wat die meeste gebruik word, is Jahwe (יהוה) en Elohim (אלהים) (vgl. Van der Toorn 1999a:352-353; Rose 1992:1002-1004, 1006-1007 en Van der Toorn 1999b:910). In Job word ook na God verwys as El (אֵל) (bv. Job 12:6 (BHS)) (vgl. Herrmann 1999:274).

<sup>92</sup> "Exodus portrays God as a great sovereign dramatically initiating events and giving commentary, but Esther shows no obvious signs either of his presence or his activity" (Hubbard 1992:32; vgl. ook Hubbard 1992:36).

beskryf. Natuurlik sal daar karaktereienskappe van Jahwe wees wat in alle boeke dwarsdeur die Bybel dieselfde is, maar in elke boek kan daar verskillende klemme of perspektiewe van Hom wees. Die leser kan dus nie aanvaar dat daar 'n standaardkarakter vir God is nie, maar moet in elke boek gaan kyk hoe Hy beskryf word. So sê Clines (1989:28-29) dat die Jahwe van hierdie verhaal “is not the absolutely omniscient God of later systematic or speculative theology. He is wise beyond human comprehension .... But not even Yahweh knows what has not yet happened...”

Behalwe vir sekere tonele (2, 4, 9, 10, 11) in Bedryf I (1:1-2:13) en III (27:1-42:17) van die Jobstorie, is die Jahwekarakter nie so aktief op die voorgrond nie. In die ganse Bedryf II (3:1-26:14) is Hy slegs die onderwerp van bespreking tussen Job en sy vier vriende. Hy is egter nie 'n onbelangrike karakter nie. Uit Bedryf I (1:1-2:13) is dit duidelik dat sy besluite die gang van die storie beïnvloed. Ook die verskynsel dat daar dwarsdeur die boek na Hom verwys en oor hom gepraat word, moet die leser laat besef dat hierdie 'n belangrike Karakter is.

Wanneer 'n verhaal uit die Bybel gelees word, kom die leser met sekere voorveronderstellings oor die karakter God na die teks toe. Vanuit hierdie voorveronderstellings is dit vir die leser normaal dat 'n vroom man soos Job ook die rykste in die Ooste is. God seën hierdie goeie mens omdat hy so goed is. Daarom is dit vir die leser 'n skok<sup>93</sup> as Jahwe besluit dat die Satan alles van hom mag wegneem. Indien 'n mens aanneem dat die leser ten minste die bekendste verhale en tradisies van die Ou Testament ken, sal die leser weet dat Jahwe die geloofshelde onderwerp aan toetse. Dink maar aan Abraham wat vir Isak moes gaan offer (Gen 22). Die vergadering van gode-seuns wat voor Jahwe vergader, is volgens Janzen (1985:38) 'n refleksie op die karakter van God.

*... the imagery of the divine council, with the Satan as a proper member, serves as a figural means to explore the possibility of the rise of a particular existential question within the life of God, a question which, shared with Job, becomes an existential question for Job and through him for humankind (Janzen 1985:38).*

---

<sup>93</sup> “So naturally does Yahweh’s agreement to the proposal follow that we are compelled to pause in order to ponder its implications” (Clines 1989:28).

Hier moet 'n mens natuurlik weer die onderskeid tref tussen God as karakter in 'n storie en God die transendente wese. Geen mens sal natuurlik weet wat in die hart van God aangaan nie. Watter eksistensiële vrae is daar in God se gemoed? Eksistensiële vrae is natuurlik 'n menslike verskynsel en word in verhale soos hierdie op God geprojekteer. Hier word die karakter God dan uitgebeeld as 'n prentjie of uitbeelding van 'n mens se verbeelding. 'n Teologie word in 'n verhaal bespreek, bevraagteken of gekritiseer. Die karakter God word dan so uitgebeeld dat dit die doel van die verhaal dien.<sup>94</sup>

Een van die mees universele vrae van die mens, handel oor die lyding van mense en waar God te vinde is in hierdie lyding. Wat is God se rol of bydrae in menslike lyding? Hoe hou God se straf verband met menslike lyding en swaarkry? Is daar 'n goddelike doel met menslike lyding? Oor millennia is duisende filosofieë, teorieë en teologieë bespreek en beskryf om antwoorde op hierdie vrae te gee. Hierdie filosofieë, teorieë en teologieë bring antwoorde en raak êrens ook aan die karakter van God of die transendente en probeer Hom betrek by die onverstaanbare. Die een konstante eienskap van hierdie antwoorde is dat hulle nie tydloos en absoluut waar is nie. Hulle kom van tyd tot tyd weer onder skoot en word onderwerp aan kritiek wat daartoe kan lei dat hierdie antwoorde verwerp word. Nuwe antwoorde vervang die wat nie meer voldoende is nie. Job is 'n verhaal wat kritiek lewer op 'n bestaande antwoord wat nie meer voldoende is nie.

Die karakter van God word natuurlik hierdeur geraak. In Bedryf I (1:1-2:13) ontmoet ons die God van die status quo. God sorg goed vir die vromes en straf die goddeloses met swaarkry. Hierdie God word deur die Aanklaer voor 'n eksistensiële vraag gestel. Is rykdom, voorspoed en goeie gesondheid sprekend van 'n goeie verhouding met God? Waarom is baie uitgesproke goddeloses dan so voorspoedig en voortvarend? Hierdie is vrae wat nie in die hemel in 'n

<sup>94</sup> Oosthuizen (1991:301-303) voer aan dat "God is confronted by the fundamental insecurity of his relationship with Job" (Oosthuizen 1991:301). Hy bied twee moontlike interpretasies. Eerstens interpreteer hy die God-karakter as skepties. Jahwe is glad nie seker oor Job se intensies waarmee hy Jahwe dien nie. Steek Job dalk iets weg? Tweedens interpreteer Oosthuizen (1991:302) die karakter God as naïef. Jahwe se siening van Job het dan te doen met fokalisasie (vgl. Hoofstuk 8 van hierdie studie). Wat Jahwe sien, is 'n vroom en opregte man.

Beide hierdie interpretasies stel die God-karakter voor as 'n karakter met beperkte insig. Oosthuizen (1991:302) redeneer juis dat hierdie twee interpretasies langs mekaar kan funksioneer. Omdat die God-karakter beperkte insig in die Job-karakter het, is sy fokalisasie van die Job-karakter 'n fokalisasie van buite. Juis daarom kan Satan Hom daartoe aanmoedig om Job se vroomheid skepties te bejeën. Hierdie interpretasies van die God-karakter is steeds 'n leser (Oosthuizen) se interpretasie van die karakter en is spekulatief en sy argumente, soos Oosthuizen (1991:301) dit self stel, "intentionally vague." Die karakterisering wat die leser oor Jahwe het, is by wyse van indirekte voorstelling. Die leser kan hierdie eienskappe van God dus slegs aflei.

vergadering van godeseuns gevra word nie. Hierdie vrae ontstaan by gelowiges (mense) wat ‘n paradoks beleef tussen ‘n filosofie, teorie of teologie en dit wat hulle van die werklike lewe sien en ervaar. Mense soek na die waarheid en soek dit vandat hulle begin verstaan totdat hulle sterf.

‘n Teologie hou verband met God en dra gevolglik gesag. Die gevolg daarvan is dat ‘n teologie onaantasbaar raak. Sou ‘n teologie dan in twyfel getrek word, word God ook in twyfel getrek. Mense mag gevolglik nie aan ‘n teologie twyfel nie. Ervaring bring soms egter vrae. Waar ervaring verskil van teologie, begin vrae ontstaan. Hierdie vrae kan deur ander as lasterlik of dwaling beleef word. Die vrae moet dus sensitief gevra word. Een van die mees effektiewe maniere om hierdie vrae sagkens te stel, is om ‘n storie te vertel van iemand wat hierdie vrae begin vra het.<sup>95</sup>

In Bedryf I (1:1-2:13) leer ‘n mens die God ken wat goed is vir gelowiges. Hy kan ook besluit om voorspoed weg te neem van goeie gelowiges af. Dit stel die leser onmiddelik voor die waarheid van hoe die lewe beleef word. Dit raak egter die karakter van God en die mens begin outomaties om te teologiseer rondom sake soos God se soewereiniteit. Eintlik skep dit vrae oor God wat elke mens vir sewe dae stom sal slaan (vgl. die vriende se stilswye in Job 2:13).

Die karakter van God ontwikkel geweldig baie in Bedryf II (3:1-26:14) deur die woorde van die vier karakters wat hier in debat is. Die leser kan met al die vrae en antwoorde in hierdie debat identifiseer. Die debat bereik nooit uitsluitsel nie en die leser kan ook nie besluit wie het reg oor God en wie nie. Die leser weet dat Job onregverdig gestraf word, maar is te bang om saam met Job teen God uit te skreeu dat Hy onregverdig is. Die leser hoop maar dat Job die toets sal slaag. Die drie vriende van Job hou vas aan hulle aarsenaal van goedkoop teologiese antwoorde. Glo hulle dit werklik of is hulle net bang dat God hulle dalk sal straf? Die debat van Bedryf II (3:1-26:14) beklemtoon een karaktereienskap van God: Hy is ‘n onverstaanbare, komplekse karakter. Mense kry nie uitsluitsel oor hoe Hy is nie en weet ook nie hoe om te vra wie en hoe Hy is nie.

---

<sup>95</sup> Deist (1986b:101) reken ook dat verhaale ‘n kritiserende funksie kan hê “op die algemene lewenspraktyke en algemeen aanvaarde norme.” Dit is algemeen aanvaar dat die boek Job, soos die boek Prediker, “wesenslike aspekte van die algemeen gangbare wysheidsperspektief bevraagteken” (Loader 1986:106).

In die eerste twee tonele van Bedryf III (27:1-42:17) word die vrae oor God se karakter op die spits gedryf deur die standpunte wat na vore kom in twee monoloë. Die monoloog van Job bevestig teologiese waarhede wat in die wysheid te vinde is. Dit maak God egter nie verstaanbaar nie. Job wil vir God man tot man vra wie Hy is en waarom Hy dinge doen soos wat Job dit beleef. Elihu huldig die standpunt dat God nie verstaanbaar is nie. Mense het ook nie die reg om God uit te daag tot 'n regsgeding nie. Job moet probeer om 'anders' oor God te dink en dalk so by 'n antwoord uitkom. Job moet begin deur te besef hoe groot God is.

Dan antwoord Jahwe self uit 'n stormwind. Hier hoor die leser die karakter van God self praat. Wat gaan nou van hierdie karakter onthul word? Hierdie toneel waarin God aan die woord is, dui op die meesterlike talent van die skrywer van hierdie storie. Eintlik is God se antwoord geen klinklare antwoord op lyding nie. Enige mens wat al vasgevang was in 'n natuurkrag (stormwind, vloedwater, vuur) moes bewus geword het van sy eie nietigheid. Enige mens wat al in die natuur gaan stilsit het vir langer as 'n oomblik en slegs dit rondom hom/haar waargeneem het, moes bewus geraak het van die Skepper se grootheid. Jahwe se antwoord aan Job is dus as't ware Job se belewenis van God se grootheid. Een belewenis van Job (wat lei tot 'n rebelse opstandigheid), word geantwoord deur 'n ander belewenis (wat lei tot 'n besef van sy eie nietigheid). Jahwe se antwoord is dat God nie verstaanbaar is nie, maar dat hy almal seën met sy sorg en dat Hy groter is as Job en Job se lyding.

Die onvoorspelbaarheid van God se karakter word uitgebeeld deur die ironiese einde van die verhaal. Jahwe maak dit duidelik dat die vriende nie reg gepraat het oor Hom nie en beveel hulle om vir Job te vra om vir hulle 'n offer te bring. Nadat Job dit doen, herstel Jahwe Job se toestand. Die storie vertel dat Job daarna dubbeld so veel besittings gehad het as voorheen. Dit is ironies, omdat dit presies ooreenstem met die drie vriende se teologie. Tog vertel die storie dat die drie, volgens Jahwe, nie reg oor Hom gepraat het nie. Hierdie is een van die onverstaanbare dinge in die boek Job. Wat die karakter van God betref, maak hierdie manier van vertel oor God die karakter baie kompleks. Die karakter is onverstaanbaar en onvoorspelbaar kompleks.<sup>96</sup>

Die karakter Jahwe kan dan beskryf word as 'n dinamiese (alhoewel Hy nie so baie ontwikkel soos Job nie) en uiters komplekse karakter met baie min penetrasie in die innerlike. 'n Mens

---

<sup>96</sup> Vgl. Mettinger (1997:34).

moet saam met Oosthuizen (1991:301) stem, dat die God-karakter wat uit die teks na vore kom, om die minste te sê raaiselagtig is.<sup>97</sup>

### iii) *Satan die aanklaer*

In die verhaal van Job is Satan een van die godeseuns wat hulle voor Jahwe kom stel. Om werklik hierdie karakter te verstaan, moet hy ook verstaan word in terme van die vergadering van godeseuns. Parker (1999:794-800) dui aan dat hierdie term ‘godeseuns’ in verskillende tye verskillend verstaan is. Dit kan dui op ‘n vergadering van gode, ‘n vergadering van hemelinge of dit is later verstaan as engele. In Job verwys dit na ‘n vergadering of ‘n raad van hemelinge. Die lidwoord aan die woord satan dui daarop dat hier nie regtig na ‘n eienaam Satan verwys word nie, maar na ‘n rol wat een van die godeseuns speel (vgl. Ryken, Wilhoit & Longman III, 1998:760 & Hamilton 1992:986-987). Die rede waarom hierdie godeseun uitgelig word bo die ander, is bloot om die narratief te dien. Dit het dus nie te doen met die status van die karakter nie (vgl. Clines 1989:18-19). Ter wille van hierdie studie sal egter na hierdie karakter verwys word as Satan as ‘n eienaam vir een van die karakters in die storie van Job.

Hierdie karakter is dus een van die lede van hierdie goddelike vergadering wat van tyd tot tyd plaasvind. Uit die dialoog met Jahwe leer ‘n mens hierdie karakter ken.

*Yahweh opens the dialogue with a question. Given the nature of the occasion (a formal assembly), given the Satan’s proper role (the ‘eyes and ears of the monarch’), and given the sequel to the occasion (Yahweh’s consent to and thereby complicity in the Satan’s proposal), one suspects that this opening word is no casual conversation-starter, but rather a carefully chosen leading question, asking in effect ‘Have you been doing your job?’ (Janzen 1985:39).*

Indien hierdie karakter in diens van Jahwe is, ontstaan die vraag of daar dan regtig ‘n uitdagings-reaksie stryd tussen Jahwe en Satan is. “The role of the satan is that of an investigator, tester or prosecuting attorney who seeks to probe the character of human beings”

<sup>97</sup> Vergelyk hierdie karakter met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*).

(Ryken, Wilhoit & Longman, 1998:760; vgl. ook Lurker 1987:311). Satan bevraagteken die integriteit van Job, deur die motiewe vir sy vroomheid te betwyfel. Dit werp 'n slegte lig op Jahwe as Job bybedoelings het met sy vroomheid. Dit sou beteken dat Job Jahwe eer omdat Jahwe voorsien en nie omdat Jahwe gewoon waardig is om geëer te word nie. Job is nie Satan se gelyke nie en Satan sal nie belangstel in Job se eer nie. Job is vir Satan 'n middel tot 'n doel. Die debat tussen Jahwe en Satan is 'n stryd tussen twee hemelwesens,<sup>98</sup> dit hoef nie noodwendig 'n stryd tussen die 'goeie' en die 'slegte' te wees soos wat die latere tradisie oor die verhouding tussen God en Satan ontwikkel het nie. Satan verteenwoordig dus nie soseer hier al die bose soos later in die Bybel nie (vgl. Clines 1989:20; Ryken, Wilhoit & Longman 1998:760).

Die Aanklaer (Satan) het baie mag en baie helpers. Hy kan weerlig en wind inspan om Job met rampe te tref. Hy gebruik ook groepe mense om Job aan te val. In Toneel 4 (2:1-10) tref hy Job self met pynlike swere. Alhoewel hy by magte is om hierdie dinge te doen, kan hy dit nie verrig sonder die toestemming van Jahwe nie. Jahwe vestig dus die Satan se aandag op een van sy dienaars, beduidend op Jahwe se eer. Satan misken hierdie eer deur vir Jahwe te sê dat Job nie opreg is nie. Jahwe aanvaar die uitdaging wat deur hierdie opponer gestel word, met ernstige gevolge vir Job.

Die karakter Satan ontwikkel nie baie nie en is dus redelik staties. Hy is ook nie baie kompleks nie en 'n mens leer hom uitsluitlik van buite ken.<sup>99</sup>

#### *iv) Die trio vriende*

Die drie vriende van Job vorm inderwaarheid 'n eenheid van individue. Die karakters word individueel benaam en vertoon tot 'n mate individuele karaktereienskappe, maar het dieselfde taak in die storie. Die karakterisering van hierdie karakters vind vir alle praktiese doeleindes slegs deur hulle eie woorde en Job se reaksie op hulle woorde plaas.

Dit is by die name en die herkoms van hierdie trio waar die moderne leser ver verwyderd kan voel van die teks. "The names of the three friends and their places of origin have been the subject of considerable speculation. There is no textual evidence that their names are intended

<sup>98</sup> "In Job, the *satan* seems clearly to be a divine being..." (Breytenbach & Day 1999:728).

<sup>99</sup> Vergelyk hierdie karakter met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*).

to designate roles like the Satan, ‘the opposer/doubter’” (Habel 1985:97). Enige besinning oor moontlike betekenis van die name en herkoms van die drie vriende, sou hier ook slegs spekulاسie wees. “[T]he personal and place names in 2:11 are all drawn from the Pentateuch, which gives them a ring of antiquity to Israelite ears. These names thus balance the ‘long ago and far away’ effect of the names Uz and Job” (Gordis in Janzen 1985:56) en dra nie soveel betekenis nie (vgl. Hess 1998:188). Die vriende se herkoms en name dui waarskynlik op Edomitese herkoms. “The place-name Teman is the most certainly identifiable: it is several times referred to as an important town of Edom, and sometimes stands by synecdoche for the whole country of Edom” (Clines 1989:57). In Jeremia 49:7 dui Teman se assosiasie met Edom op ‘n plek wat bekend was vir sy wysheid (Habel 1985:97).

Dit is dus onseker waar Job se vriende vandaan kom. Die feit dat hulle met Job vriende is, bring ‘n mens tot die gevolgtrekking dat hulle ook gesiene manne in die Ooste was. Hulle het met Job geassosieer en met mekaar onderling afgespreek om hom te kom bemoedig.

Uit die dialoog kan ‘n mens afleidings maak oor die karakters.<sup>100</sup> Die volgorde (Elifas-Bildad-Sofar) waarin hulle patroonmatig in die gesprek aan die woord kom, dui waarskynlik op die manne se status. Elifas is waarskynlik die oudste en/of wysste, gevolg deur Bildad en dan Sofar. Vroeër in hierdie studie is aangedui dat Elifas se woorde in 15:10 na alle waarskynlikheid na homself verwys. Dit sou beteken dat Elifas ouer as Job is en die oudste van die geselskap van vier.

Die dialoog-patroon Job-Elifas-Job-Bildad-Job-Sofar herhaal homself amper drie maal. Die derde maal ontbreek ‘n spreekbeurt van Sofar. Dit mag wees dat Job hulle hier in die rede val en/of dat Sofar se wysheid hier opdroog.<sup>101</sup> Dit sou van Sofar die minste wys of jongste en

<sup>100</sup> Burden (1991:37-65) maak ‘n studie van die gebruik van “popular proverbs” in die dialooggedeelte van die boek Job. ‘n Mens sou ‘n ganse studie kon wy aan die karakters se ontwikkeling in Job 3-26 deur te kyk hoe hulle die “popular proverbs” gebruik.

<sup>101</sup> Habel (1985:37) se gebrekkige narratologiese basis word deur die insigte van hierdie paragraaf geïllustreer. Die grafiese voorstelling van tyd in hierdie studie (Hoofstuk 6) skets ‘n interessante patroon met betrekking tot die verteltyd wat gewy word aan die dialoog in Bedryf II (3:1-26:14). Uit die teks (dit kom Habel (1985:37) ook agter) is dit duidelik dat die drie vriende se volume woorde afneem in die derde siklus van dialoog (21:1-26:14). Die grafieke het ook met betrekking tot die verteltyd gedui op die status van die drie vriende in terme van die volume woorde wat elke karakter gebruik. Uit Diagram 6.4 kon ‘n mens aflei dat die vriende praat in volgorde van belangrikheid. Die woorde van die vriende in die derde siklus is minder (en die van Sofar ontbreek), nie omdat dit “apparently suffered some dislocation” (Habel 1985:37) nie, maar omdat dit ‘n strategie van die verteller is. Op hierdie manier word uitgebeeld hoe Job geleidelik die oorhand kry totdat die stilsweye van die vriende uiteindelik deur die verteller bevestig word en in Job 32:1



mees onervare van die drie maak. Bildad se laaste probeerslag om Job te antwoord in Job 25 is ook nie 'n lang relaas nie, met min om die lyf. Dit sou hom bietjie wyser/ouer as Sofar maak, maar ondergeskik in wysheid/ouderdom aan Elifas.

Daar vind wel ontwikkeling plaas by hierdie drie karakters. Al drie beweeg van bemoediger na beskuldiger met die verloop van Bedryf II (3:1-26:14) (vgl. Habel 1985:30-31). Daar is egter nie sprake van veel kompleksiteit of penetrasie van die innerlike by een van hierdie karakters nie.<sup>102</sup>

#### v) *Die jongman Elihu*

Dieselfde argumente vir die naam en herkoms van die drie vriende hierbo, geld hier as argumente vir hierdie karakter. Elihu verskil egter in baie opsigte radikaal van die ander drie karakters. Hierdie karakter word nie aan die leser voorgestel aan die begin van die boek, soos die ander drie vriende nie. Hy verskyn uit die bloute op die toneel en kom boonop aggressief voor. Die verteller deel wel mee dat Elihu die jongste van al vyf die manne is. Dit is dan ook die rede waarom hy gewag het om te praat. Hierdie beskeidenheid is een van die karakter-ironieë. Die verteller vertel dat hierdie jong man gewag het vir 'n beurt, omdat hy die jongste was. Die verteller gee so 'n stukkie penetrasie in Elihu se innerlike as hy sê dat Elihu kwaad was vir Job en sy vriende. 'n Mens verwag egter dat hy, weens sy ouderdom, die saak beskeie sal benader en nie so aggressief nie. Uit sy woorde is dit egter duidelik dat hy nie terugstaan vir vier ouer manne nie. Hy begin vir Job berispe met ywer wat vir Job geen kans gee om te reageer nie. Die karakter maak ook geen geheim van die wysheid waaroor hy beskik nie. Die ironie<sup>103</sup> is dat hierdie karakter anders optree as wat 'n mens verwag uit die karakterisering

---

aangekondig word. Die nodige narratologiese insig ontbreek dus by Habel (1985:37) en daarom bied hy skielik 'n histories-kritiese verklaring aan (vgl. Seitz 1989:9).

In 'n vorige paragraaf argumenteer Habel (1985:36) dat Elihu 'n integrale deel van die boek Job vorm, maar dan bevraagteken hy die samestelling van die boek op grond van die dialoog in 3:1-26:14 wat in die derde siklus nie by die patroon hou nie. Dit stel vrae oor die komposisie van die boek. Sodoende stel Habel (1985:36-37) nuwe vrae oor die komposisie van die boek Job in 'n boek waarin hy juis die eenheid van die boek probeer verdedig. Dit wil voorkom asof die historiese-kritiek nie 'n argument kan stel vir die eenheid van die boek nie. Wanneer dus gekies word vir 'n narratiewe benadering, moet gehou word by 'n narratiewe benadering.

<sup>102</sup> Vergelyk hierdie karakters met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*). Hulle sal onder een opskrif, 'Vriende,' geplot word.

<sup>103</sup> Hoffman (1983:7-21) bied 'n baie goeie bespreking van ironie in die boek Job aan. Die artikel lewer veral 'n belangrike bydrae ten opsigte van die verskillende vlakke van ironie in die boek Job. Hoffman (1983:12-20) identifiseer vier vlakke, naamlik: "A) Ironic remarks voiced by the different characters, which they direct at each other and are discernable by all: Job, his friends and the reader. B) The ironic attitude of the author toward the protagonists, which is understood by the reader but not by Job or his friends (in keeping with literary convention). C) Irony (not necessarily a remark; sometimes an ironic situation) which the

deur die verteller. Die ironie word verder versterk. Job se versoek tot 'n arbiter tussen hom en Jahwe word gehoor. Die arbiter is egter nie die wysste en oudste van die stad of die land nie, maar een van die jong manne (vgl. Habel 1985:32). Die wysheid word op sy kop gekeer.

Die karakter is meer kompleks as die ander drie vriende as gevolg van die karakter-ironie. Hy ontwikkel nie veel nie, maar bly uiters konstant (staties). Die vertelling aan die begin van Job 32, wat vertel dat Elihu kwaad was en die rede daarvoor gee, is penetrasie in die innerlike.<sup>104</sup>

#### vi) *Die bykarakters*

Die oorblywende karakters is almal karakters wat nie baie aktief is nie en ook nie regtig ontwikkel nie. Hulle word ook nie geplot op die skaal hieronder nie (Diagram 5.1). Hulle vervul 'n funksie groter as hulleself. Sommige van hierdie karakters is egter verantwoordelik vir handeling in die plot. Ander is eintlik net name/persones wat genoem word. Hierdie karakters sal in hierdie studie dekokarakters genoem word.

**Boodskappers:** karakters wat in Toneel 3 (1:13-22) aan Job die tyding bring van die rampe wat hom getref het. 'n Mens lei af dat hulle van Job se slawe is. Hulle is telkens die enigste persone wat met hulle lewe van die ramp afgekom, om die boodskap van die skade te bring.


**Sabeërs en Galdeërs:** 'n Relas oor die herkoms van hierdie volke is nie belangrik vir die storie nie, of sou in elk geval spekulatief wees. Spekulasie oor hulle betekenis sou nie reg laat geskied aan die onbelangrike rol wat hierdie karakters speel nie. 'n Bespreking van hierdie karakters sal nie veel beteken vir die interpretasie van die boek Job nie. Hulle is soos die wind en die weerlig, instrumente of helpers van Satan.

**Job se vrou:** Die naamloosheid van hierdie karakter dui op die onbelangrikheid van hierdie karakter. Sy is eintlik ook maar een van Jahwe se opponente, omdat sy Job daarvan probeer oortuig om God te vloek en te sterf. Sou Job hierdie raad volg, sou Jahwe die uitdaging verloor.

---

author directs against the reader. D) Irony which the author directs against his work or, if you will, against himself" (Hoffman 1983:12).

<sup>104</sup> Vergelyk hierdie karakter met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*).



**Dekorkarakters:** Hierdie karakters is nie karakters in die ware sin van die woord nie. Hulle word in die boek Job aangewend as eiendom van Job of as beskrywing van een of ander karakter. Job se kinders is deel van Job se eiendom. Ook sy dogters, wat beskryf word aan die einde van die boek, vertel meer van die karakter Job as van die dogters self. Job se broers, susters en eertydse vriende is ook net 'n aanduiding van Job se herstel. Die hemelwesens (godeseuns) in Toneel 2 (1:6-12) is 'n beskrywing van Jahwe se teenwoordigheid.<sup>105</sup>

#### 5.4 Die held van die Jobdrama.

Wie van hierdie karakters kwalifiseer om beskryf te word as die held van hierdie verhaal? “[R]emember the criteria of presence, initiative, and the executor of the quest” (Fokkelman 1999:208). Op grond van die kriteria sou twee van die karakters kwalifiseer vir die held van hierdie storie: Job en Jahwe. Geen van die ander karakters toon genoeg van die kriteria om as helde beskryf te word nie. ‘n Mens sou seker kon redeneer dat Satan, Job se drie vriende en Elihu elk op ‘n sending (quest) is. Satan probeer om Jahwe verkeerd te bewys aangaande Job se integriteit, maar kom net in Bedryf I (1:1-2:13) voor. Dit kan ook lyk asof hy die inisiatief neem, maar dis in der waarheid Jahwe wat die inisiatief neem. Job se vriende kom natuurlik met ‘n duidelike sending. Hulle wil hom kom bemoedig en hom kom aanmoedig (berispe) om die verkeerde dinge wat hy gedoen het, reg te stel (vgl. Janzen 1985:56-57). Hulle slaag nie werklik in hulle sending nie. Hulle is wel teenwoordig in elke bedryf en neem die inisiatief om vir Job te kom bemoedig. Uit die totale plot is dit egter duidelik dat hulle nie belangrike karakters is nie en dus nie helde kan wees nie. Dieselfde argument geld vir Elihu. Daar is by hom sprake van ‘n sending, inisiatief en teenwoordigheid, maar hy is ook ‘n onbelangrike karakter. Dit laat die leser met Jahwe en/of Job as held.

##### *i) Job as held*

Job is nie noodwendig die held van die verhaal omdat sy naam ook die naam van die boek dra of omdat die verhaal begin deur van hom te vertel nie. Dit dui natuurlik op die status van die karakter Job, maar vir Job om die held te wees, moet hy aan die vereiste kriteria voldoen.

**Sending:** Aan die begin van die verhaal (Bedryf I (1:1-2:13)) is daar eintlik slegs ‘n klomp insidente wat met Job gebeur. Daar is nie werklik noemenswaardige handeling in Bedryf I

<sup>105</sup> Clines (1989:22) meen ook dat die skrywer se bedoeling nie is om te fokus op ‘n teologie van hemelwesens nie, maar om hier te fokus op ‘n ongemaklike konfrontasie tussen twee karakters, te wete Jahwe en Satan.

(1:1-2:13) aan die kant van hierdie karakter nie. In Toneel 6 (3:1-26:14) begin hierdie karakter egter op sy 'quest.' In sy openingsrede vra hy 'n klomp vrae en maak hy 'n klomp opmerkings wat 'n gesprek oor God aan die gang sit. Job se sending is om te verstaan waarom Jahwe optree soos wat Hy optree. Hy wil sodoende verlore eer herstel. Job wil hê Jahwe moet hom self antwoord. Sy sending is om 'n duidelike antwoord van Jahwe te ontvang. In Bedryf III (27:1-42:17) is Job se eer herstel en sy vrae tot swye gebring. Sou 'n mens kon sê dat sy sending suksesvol is? Is Jahwe se reaksie, wat Job tot swye bring, vir Job 'n antwoord of besef Job dat hy nooit sy waardevolle objek sal vind nie?

**Inisiatief:** Dis ook eers in Bedryf II (3:1-26:14) wat Job die inisiatief neem om op 'n sending te gaan en telkens sy vriende se argumente weerlê om op die sending te bly. In Bedryf III (27:1-42:17) gee hy 'n lang monoloog, wat Jahwe finaal uitdaag tot 'n hofgeding. Niemand behalwe Jahwe se antwoord kry hom op die ou end stil nie.

**Teenwoordigheid:** Job is dwarsdeur hierdie verhaal teenwoordig. Hy is wel nie so aktief in Bedryf I (1:1-2:13) as in die res van die verhaal nie, maar hy is steeds as 'n sleutelkarakter teenwoordig in Bedryf I (1:1-2:13). In Bedryf II (3:1-26:14) is hy net so teenwoordig soos sy drie vriende. In Bedryf III (27:1-42:17) lewer hy 'n monoloog en reageer hy op Jahwe se antwoord aan hom. In Toneel 10 (42:7-9) is hy weer meerendeels onderwerp aan 'n klompie insidente.

Die karakter Job voldoen aan die drie kriteria. Hy is die aktant van 'n sending, hy neem 'n noemenswaardige hoeveelheid inisiatief en hy is 'n baie groot persentasie van die tyd teenwoordig. In Diagram 5.1 word Job ook geplot as 'n dinamiese, komplekse karakter met baie penetrasie in die innerlike. Job is 'n baie goeie kandidaat om die held van die boek te wees.

#### *ii) Jahwe as held.*

Die vroom antwoord sou natuurlik wees dat as Jahwe 'n karakter (skepping van die verteller) in die Bybelverhaal is, dan moet Hy sekerlik die held van daardie verhaal wees. Dit is egter nie waar nie. Jahwe is soms die helper van 'n sekere held van 'n Bybelverhaal. Die karakter Jahwe behoort ook getoets te word aan die kriteria waaraan alle helde getoets word.

**Sending:** In Hoofstuk 5 van hierdie studie is aangedui dat die waardevolle objek eer is. Satan daag Jahwe se eer uit, wat Jahwe op 'n 'quest' sit om hierdie uitdaging van die aanklaer koud te sit (vgl Clines 1989:17). Uit Bedryf I (1:1-2:13) kom dit voor asof Jahwe se sending suksesvol was. Die gebeure in Bedryf II (3:1-26:14) wek spanning omdat dit lyk asof Jahwe nie suksesvol sal wees nie. Uit Job se antwoord in Bedryf III (27:1-42:17) (Toneel 9 (38:1-42:6) / Job 40:3-5<sup>106</sup> en 42:1-6<sup>107</sup>) is dit duidelik dat Jahwe suksesvol is in sy sending.

**Inisiatief:** Dit is Jahwe wat in Bedryf I (1:1-2:13) inisiatief neem en die aandag van Satan op Job vestig. "En my dienaar Job, het jy hom raakgesien?" (1:8 – NAV). Dit is ook Jahwe wat Satan aanmoedig om Job se eiendom en goeie gesondheid van hom weg te neem. In Bedryf II (3:1-26:14) is Jahwe op die agtergrond, omdat Hy die onderwerp van bespreking is. Die karakters se bespreking van Jahwe en hulle argumente oor Hom, dui op die inisiatief van Jahwe – hierdie lyding van Job kom van Jahwe (dit is al feit waarmee Job met sy drie vriende saamstem). In Bedryf III (27:1-42:17) (Toneel 9 (38:1-42:6)) is dit Jahwe wat die inisiatief neem om Job stil te maak. Jahwe spreek ook die drie vriende van Job in Toneel 10 (42:7-9) aan. In Toneel 11 (42:10-17) is dit Jahwe wat Job se toestand herstel.

**Teenwoordigheid:** In Bedryf I (1:1-2:13) en III (27:1-42:17) is Jahwe aktief besig en teenwoordig. In Bedryf II (3:1-26:14) is Hy slegs die onderwerp van die vier manne se bespreking. In daardie opsig is Hy egter steeds teenwoordig – Hy word voortdurend bespreek en daar word konstant na Hom verwys.

Soos Job voldoen Jahwe ook aan die drie vereistes vir 'n karakter om die held te wees. Jahwe is ook 'n dinamiese karakter en die mees komplekse karakter in die verhaal. Hy is egter 'n karakter met min penetrasie in die innerlike. Die belangrikheid van hierdie karakter kwalifiseer Hom ook vir die held.

<sup>106</sup> Job het toe vir die Here gesê: "Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liever stilbly. Ek het gepraat, maar ek kon nie 'n antwoord vind nie, ek het weer geprobeer, maar nou sal ek stilbly" (Job 39:36-39: NAV).

<sup>107</sup> Daarna het Job vir die Here gesê: "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as" (Job 42:1-6).

### iii) *Die held – een of albei?*

Dit is moeilik om 'n keuse uit te oefen vir een held. In Hoofstuk 5 van hierdie studie is aangedui dat albei hierdie karakters op 'n eer-sending is. Hierdie sendings lê op verskillende vlakke, maar is bymekaar ingebed. Jahwe se sending het 'n invloed op Job. Dit stuur weer vir Job op 'n sending. Job is nie bewus van Jahwe se sending nie, maar Jahwe se sending is eintlik afhanklik van Job se sending. Job moenie by die punt kom waar hy Jahwe vloek nie, anders het Jahwe nie in sy sending geslaag nie. Job se sending sluit Jahwe se sending op 'n ander manier in. Dit is as gevolg van Jahwe se sending dat Job op 'n sending is. Job se sending is dus ingebed by die sending van Jahwe.<sup>108</sup>

Job en Jahwe se sending is suksesvol. Job vloek nooit vir Jahwe nie. Jahwe wen die eer-stryd teen Satan. Job kry 'n antwoord. Dit bring hom tot swye, maar verskaf wel 'n antwoord. Sy eer word herstel en maak wat dit betref, ook die sending suksesvol. Die gevolgtrekking is dus dat albei, Jahwe en Job, die helde van die verhaal is.

## 5.5 Helpers en opponente<sup>109</sup>

Die held/e het karakters wat sy/hulle soeke na die waardevolle objek bevorder of vertraag. Die karakters wat die sending bevorder, staan bekend as helpers, terwyl opponente die karakters is wat die sending vertraag. 'n Mens kan vervolgens na elke held se helpers en opponente kyk.

### i) *Job se helpers en opponente*

Job se sending begin as't ware eers in Bedryf II (3:1-26:14). Die ironie is dat die drie karakters in die verhaal wat Job se 'vriende' genoem word, lyk asof hulle Job se opponente is, maar eintlik is hulle Job se helpers. Die teen-argumente waarmee hulle Job antwoord, ontmoedig geensins die held om na sy waardevolle objek te soek nie. Inteendeel, hulle gepraat hits die held net aan om al hoe meer gedetermineerd na die antwoord op sy vrae te soek. Elihu, aan die ander kant, sou 'n opponent kon wees. Sy argument bring Job tot swye, of so kom dit altans voor. Die vraag ontstaan of Job opgehou soek het na sy waardevolle objek. Voordat hierdie vraag beantwoord kan word, spreek Jahwe vir Job in 'n stormwind aan.

<sup>108</sup> "Central to the book of Job is the conflict between God and Job, between the integrity of the Creator and the integrity of a particular mortal" (Habel 1985:60).

<sup>109</sup> Vgl. Fontaine (1987:214-223) se bespreking van helpers en opponente in Job.

*ii) Jahwe se helpers en opponente*

In Bedryf I (1:1-2:13) is Satan se uitdaging aan Jahwe die handeling wat Jahwe se sending aan die gang sit. Die ironie is dat die Satan lyk soos 'n opponent, maar hy is 'n helper, omdat hy Job tref met rampe. Die weerlig, stormwind, Sabeërs en Galdeërs is op hulle beurt Satan se helpers/instrumente. Job se vrou is 'n opponent van Jahwe. As Job na haar sou luister, sou Jahwe se sending onsuksesvol wees.

Job se vriende (sy helpers) is Jahwe se opponente. Hulle argumente dryf Job so waansinnig dat sy byna lasterlike argumente die leser laat vrees dat hy Jahwe enige oomblik sal vloek. Jahwe maak in Toneel 10 (42:7-9) ook nie 'n geheim daarvan dat hierdie drie manne sy opponente was nie. Elihu is 'n helper van Jahwe (vgl. Fontaine 1992:77). Hy berei in der waarheid die grond voor vir Jahwe se argument. Hy maak in effek vir Job stil sodat Job na Jahwe kan luister.

Die verhouding tussen die twee helde is ironies. Job se sending is 'n risiko vir Jahwe se sending en Jahwe se sending veroorsaak Job se sending. Job se helpers is Jahwe se opponente en sy opponente is Jahwe se helpers. Dieselfde geld vir Jahwe se helpers en opponente. Dit skep 'n baie dinamiese verhouding tussen die twee helde en die twee sendings. Dit getuig weereens van die skrywer van hierdie verhaal se uitstekende literêre vermoëns en kreatiwiteit.

## 5.6 Samevatting.

Die helde van die verhaal is Job en Jahwe, elkeen op sy eie sending. Die twee helde se sendings is bymekaar ingebed en het 'n ironiese maar dinamiese verhouding. Die res van die karakters speel die rol van helpers en opponente of is slegs bykarakters wat 'n rol groter as hulleself vervul. Sommige van die 'persone' wat in die storie genoem word, is nie werklik karakters nie, maar deel van die dekor. In Diagram 5.1 is die karakters se ontwikkeling, kompleksiteit en penetrasie in die innerlike geplot. Wat die karakterisering betref, maak die verhaal baie min van direkte definisie gebruik. Die karakterisering vind grootliks plaas deur indirekte voorstelling.

Fokkelman (1999:208-209) se vrae word so beantwoord:

**“1. Who is the *hero*? What is your reason for thinking this (remember the criteria of presence, initiative, and the executor of the quest)?” (Fokkelman 1999:208).**



Aan die hand van die kriteria van teenwoordigheid, inisiatief en sending is uitvoerig geredeneer oor Jahwe en Job as helde. Die gevolgtrekking was dat albei in die verhaal optree as helde.

**“3. Who are the *helpers* and *opponents*? Besides characters, factors, situations or personality traits also qualify. Are any *attributes* (objects) present? What do they contribute? Do they have a symbolic added value?” (Fokkelman 1999:208).**

In hierdie hoofstuk is aangedui hoe die ander karakters optree as helpers en opponente. Die bykarakters wat nie optree as helpers en/of opponente nie, is hier beskryf as dekorkarakters. Dekorkarakters maak eintlik net deel uit van die agtergrond.

## HOOFSTUK 6

### TYD EN RUIMTE

#### 6.1 Inleiding.

In Hoofstuk 4 van hierdie studie is onder andere die aspekte van tyd en ruimte gebruik om 'n sinvolle indeling van die plot te maak. Die verhaal neem tyd om vertel te word (verteltyd) en daar speel tyd in 'n verhaal af (vertelde tyd). Wat vertelde tyd betref, kan 'n mens kyk na die chronologie, snelheid/ duur en frekwensie van 'n storie. 'n Verhaal word nooit een honderd persent chronologies vertel nie. Dit mag gebeur dat die storie teruggryp na 'n bepaalde gebeurtenis wat in die verlede binne of buite daardie storie gebeur het. So 'n teruggrype (analeps) kan 'n gaping in die storie invul, wat nodig is vir die leser se verstaan van daardie storie. 'n Vooruitgrype (proleps) kan 'n latere gaping voortydig invul. Die storie het ook 'n bepaalde ritme. Sommige dele van die storie word vinnig vertel en ander stadig (storiedur). Tonele of gebeure kan ook meer as een keer vertel word (frekwensie). 'n Mens moet vra waarom hierdie 'afwykings' van tyd op daardie bepaalde plek in die teks voorkom en wat hulle funksie is.<sup>110</sup> Verteltyd word ruimtelik gemeet aan die aantal woorde, sinne, paragrawe, bladsye en/of hoofstukke wat dit neem om die storie te vertel.

Wanneer die verteller nalaat om die ruimte waarin gebeure plaasvind te noem of beskryf, sal die leser self 'n ruimte invul (Bal 1978:52). Iets kan nie slegs gebeur nie, dit moet êrens gebeur. Wanneer die verteller die ruimte noem en veral beskryf, is dit sinvol om te vra waarom hy dit noem of beskryf. Ruimte kan soms 'n simboliese waarde hê. Die ashoop waarop Job in Toneel 5 (2:11-13) gaan sit, dui byvoorbeeld so op Job se toestand. Ander kere sou die ruimte nie noodwendig iets beteken behalwe vir die plot nie, veral vir die hedendaagse leser. Die oorspronklike gehoor sou makliker simboliese waarde aan plekname kon heg (Bar Efrat 1989:187).

<sup>110</sup> “5. Does the narrator keep to the *chronology* of the events and processes themselves? If not, where does he deviate, and why do you think he does that?. Try and get an idea of the discourse time/ narrated time ratio.  
6. Where is the gaps where *narrated time* has been skipped, and are there cases of acceleration, retardation, retrospect and anticipation? Assuming that the writer inserted them at the right points: why are they where they are? What is there relation with the context?” (Fokkelman 1999:208).

## 6.2 Verteltyd.

Die verteller sal meer tyd spandeer aan inligting wat vir die leser belangrik is om die storie te verstaan. Met ander woorde, die belangrikste inligting geniet die meeste aandag. Die hoeveelheid woorde waaruit 'n hoofstuk of 'n toneel bestaan, kan dui op die belangrikheid van daardie toneel vir die narratief. Daarom is dit sinvol om te kyk na die hoeveelheid woorde waaruit 'n toneel bestaan. Die tonele van die Jobverhaal en die verteltyd (BHS) word in Tabel 6.1 uiteen gesit.

*Tabel 6.1: Verteltyd in Job.*

| Bedryf / Toneel                                                                       | Aantal Woorde |
|---------------------------------------------------------------------------------------|---------------|
| <b><u>Bedryf I (Job 1-2): Job word getoets.</u></b>                                   | <b>482</b>    |
| <b>Toneel 1</b> (1:1-5): Job – 'n man van integriteit                                 | 82            |
| <b>Toneel 2</b> (1:6-12): Satan: "Job is nie opreg nie."                              | 85            |
| <b>Toneel 3</b> (1:13-22): Satan (Jahwe) vs Job                                       | 134           |
| <b>Toneel 4</b> (2:1-10): "Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af."                | 128           |
| <b>Toneel 5</b> (2:11-13): Job totaal onteer                                          | 53            |
| <b><u>Bedryf II (Job 3-26): Jahwe is...</u></b>                                       | <b>3655</b>   |
| <b>Toneel 6</b> (Job 3-26): Dialoog: Vier vriende wonder oor Jahwe                    | 3655          |
| <b><u>Bedryf III (Job 28-42): Jahwe word getoets.</u></b>                             | <b>2977</b>   |
| <b>Toneel 7</b> (27-31): Monoloog (Job): Ek is totaal van my eer ontnem               | 944           |
| <b>Toneel 8</b> (32-37): Monoloog (Elihu): Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af. | 1059          |
| <b>Toneel 9</b> (38-42:6): Jahwe vs Job                                               | 804           |
| <b>Toneel 10</b> (42:7-9): Jahwe: "Job se vriende is nie opreg nie."                  | 68            |
| <b>Toneel 11</b> (42:10-17): Job – 'n man van integriteit                             | 102           |
| <b>TOTAAL</b>                                                                         | <b>7114</b>   |

Die bedrywe en die persentasie van die totale verteltyd wat daaraan bestee word, kan met mekaar vergelyk word (Tabel 6.2). Dit word grafies in Diagram 6.1 uitgebeeld. Bedryf II (3:1-26:14) neem die meeste verteltyd in beslag. Die verhaal van Job gaan oor vier vriende wat wonder (weet?) oor God. Die verskillende perspektiewe van die vriende van Job en Job self word in hierdie bedryf 'uit-die-perd-se-bek' gehoor. Teologie en ervaring van die lewe

stem nie altyd ooreen nie. Dit veroorsaak vrae (en antwoorde) oor hoe God te werk gaan. Bedryf II (3:1-26:14) beeld hierdie vrae en antwoorde uit en kan mense oor die algemeen identifiseer met hierdie vier karakters se vrae en opinies oor God. Bedryf II (3:1-26:14) se belangrikheid lê opgesluit in die persentasie verteltyd wat daaraan spandeer word. 'n Mens kan aflei dat dit vir die verhaal belangrik is om aan te dui dat mense se ervaring van God en die lewe (en vervolgens hulle vergeldingsleer-teologie) van mekaar verskil. Dit ondersteun Newsom (2003:21-31) se argument dat die boek Job 'n polifoniese<sup>111</sup> teks is omdat dit op 'n dialogiese manier verskillende perspektiewe aanbied. Op hierdie wyse geniet die verteller se perspektief nie voorrang bo die karakters s'n nie.

Bedryf III (27:1-42:17) is op grond van sy lengte die tweede belangrikste. In hierdie bedryf word die debat op 'n spits gedryf en kom hier tot 'n einde "without finalizing closure" (vgl. Newsom 2003:21). Dit ondersteun weer eens Newsom (2003:21-31) se argument vir 'n polifoniese teks. Bedryf III (27:1-42:17) is egter nie veel korter as Bedryf II (3:1-26:14) nie en 'n belangrike klimaks vir die verhaal. Die gevolgtrekking is dat 'n mens nie vir God kan verstaan nie.

Bedryf I (1:1-2:13) is slegs die inleiding tot die verhaal en gee die nodige inligting om Bedryf II (3:1-26:14) en III (27:1-42:17) se gebeure te verstaan. Die inligting in Bedryf I (1:1-2:13) kom voor asof dit die vergeldingsleer as vertrekpunt neem. Dit skets 'n bekende wêreld (teologie) wat ewe skielik skeefloop. Hier is genoeg inligting om die verhaal in te lei, maar min genoeg om die leser te mislei. Die gebeure in Bedryf I (1:1-2:13) skep vrae by die leser wat die leser (soos Job en sy vriende) nie dadelik kan antwoord nie.

Die bedrywe bestaan uit 'n samestelling van tonele. Die samestelling van Bedryf I (1:1-2:13) en Bedryf III (27:1-42:17) kan ook by wyse van persentasie per toneel beskryf word (Tabel 6.3 en 6.4) en grafies uitgebeeld word (Diagram 6.2). Die verteltyd van Toneel 1 en 2 is ongeveer dieselfde asook die verteltyd van Toneel 3 en 4. Toneel 3 en 4 is inhoudelik die belangrikste tonele in hierdie bedryf, omdat dit die rampe beskryf wat vir Job tref. Toneel 1 en 2 beskryf onderskeidelik vir Job en sy ruimte en Jahwe en sy ruimte. Toneel 5 is slegs 'n verslag oor die gevolge van die rampe.

<sup>111</sup> "In Bakhtin's account, a polyphonic text has three distinctive aspects: (1) it embodies a dialogic sense of truth; (2) the author's position, although represented in the text, is not privileged; and (3) the polyphonic text ends without finalizing closure" (Newsom 2003:21 (ook gepubliseer as artikel (Newsom 2002:87-108)).


In Bedryf III (27:1-42:17) stem die verteltyd van Toneel 7 en 8 en dié van Toneel 10 en 11 grootliks met mekaar ooreen. Toneel 9 het wat dit betref 'n unieke verteltyd in hierdie bedryf. Toneel 7 en 8 is die langste terwyl 10 en 11 die kortste is. Toneel 7 en 8 is onderskeidelik die monoloë van Job en Elifas. Dit sluit aan by die lang dialoog van Bedryf II (3:1-26:14), maar het die effek van getuies in die getuiebank. Toneel 10 en 11 is weer 'n verslag oor die uiteinde van die storie. Hier is dit egter nie slegs die uiteinde van die bedryf nie, maar die uiteinde van die hele Jobverhaal. Toneel 9 se unieke lengte en posisie (tussen twee lang tonele en twee kort tonele), beklemtoon die belangrikheid daarvan. Hierdie toneel is Jahwe se reaksie op Job se uitdaging en vorm ook die klimaks van die ganse verhaal.

Bedryf II (3:1-26:14) se enigste toneel is baie lank en bestaan uit 3655 woorde waarvan slegs 65 woorde die van die verteller is. In die toneel is vier karakters (Job, Elifas, Bildad en Sofar) aan die woord. 'n Mens kan die verteltyd van elke karakter se totale spraak in die toneel met die van die ander s'n vergelyk. Die verteltyd wat gewy word aan die woorde van Job in Toneel 6, beslaan amper twee derdes van die toneel. Dit laat geen twyfel oor wie die belangrikste karakter in hierdie toneel is nie. Elifas (die oudste vriend) se woorde is die tweede meeste en beslaan amper 'n vyfde van die verteltyd van Toneel 6. Bildad en Sofar se woorde is elk net minder as 'n tiende van die verteltyd van Toneel 6. Hulle is beslis die onbelangraste van die vier karakters in hierdie toneel. Die verteller is in effek afwesig in hierdie toneel. Die uiters klein persentasie verteltyd wat aan die verteller self behoort, maak Toneel 6 'n toneel wat feitlik ekslusief uit karakterspraak (dialoog) bestaan.

*Tabel 6.2: Verteltyd van bedrywe in persentasies*

| Bedryf                                      | %   |
|---------------------------------------------|-----|
| Bedryf I (Job 1-2): Job word getoets.       | 7%  |
| Bedryf II (Job 3-26): Jahwe is...           | 51% |
| Bedryf III (Job 28-42): Jahwe word getoets. | 42% |


Diagram 6.1: *Vergelyking tussen verteltyd van bedrywe.*



Tabel 6.3: *Verteltyd van tonele in Bedryf I in persentasies.*

| Toneel                                                          | %     |
|-----------------------------------------------------------------|-------|
| Toneel 1(1:1-5): Job – ‘n man van integriteit                   | 17%   |
| Toneel 2 (1:6-12): Satan: “Job is nie opreg nie.”               | 17.5% |
| Toneel 3 (1:13-22): Satan (Jahwe) vs Job                        | 28%   |
| Toneel 4 (2:1-10): “Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af.” | 26.5% |
| Toneel 5 (2:11-13): Job totaal onteer                           | 11%   |


Diagram 6.2: *Vergelyking van verteltyd van tonele: Bedryf I.*



Tabel 6.4: Verteltyd van tonele in Bedryf III in persentasies.

| Toneel                                                                         | %     |
|--------------------------------------------------------------------------------|-------|
| Toneel 7 (27-31): Monoloog (Job): Ek is totaal van my eer ontnem               | 31.7% |
| Toneel 8 (32-37): Monoloog (Elihu): Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af. | 35.6% |
| Toneel 9 (38-42:6): Jahwe vs Job                                               | 27%   |
| Toneel 10 (42:7-9): Jahwe: “Job se vriende is nie opreg nie.”                  | 2.3%  |
| Toneel 11 (42:10-17): Job – ‘n man van integriteit                             | 3.4%  |


Diagram 6.3: Vergelyking van verteltyd van tonele: Bedryf III.



Tabel 6.5: Verteltyd in Toneel 6.

| Karakter  | Aantal Woorde | %     |
|-----------|---------------|-------|
| Job       | 2314          | 63.3% |
| Elifas    | 691           | 18.9% |
| Bildad    | 276           | 7.6%  |
| Sofar     | 309           | 8.4%  |
| Verteller | 65            | 1.8%  |

Diagram 6.4: *Vergelyking tussen verteltyd van karakters in Toneel 6.*



### 6.3 Vertelde Tyd.

#### i) Volgorde (Chronologie)

**Bedryf I [1:1-2:13]:** Satan verwys in 1:6 en 2:1 na sy swerftog oor die aarde na aanleiding van Jahwe se vraag oor waar hy vandaan kom. Die omvang van die eerste swerftog (1:6) lê binne die storie, wat dit 'n interne analeps maak. Die bereik daarvan lê buite die storie, wat dit 'n eksterne analeps maak. Dit maak hierdie 'n gemengde analeps. Hoewel daar slegs 'n kort verwysing na hierdie swerftog is, gryp dit terug na 'n tyd voor hierdie verhaal. ('n Mens moet die Bybel se bondige manier van vertel in gedagte hou. Daar word slegs vertel wat uiters noodsaaklik is.) Die analeps sluit aan by die eerste narratief, sonder 'n gaping. Die gemengde analeps is met ander woorde volledig. Die belangrikheid van hierdie swerftogte is om te bevestig dat Satan ook vir Job (en sy regverdigheid) raakgesien het. Dit bevestig Job se karaktereienskappe.

In 1:13-21 tref 'n mens vyf analepse aan, wanneer daar telkens 'n boodskapper by Job kom met die slegte nuus oor die rampe wat vir Job getref het. Elke boodskapper vertel 'n kort storie van wat gebeur het. Hierdie stories wat die boodskappers kom vertel, se omvang lê binne die eerste narratief en maak deel uit van dieselfde storielyn. Dit is met ander woorde interne homodiëgetiese analepse. Hierdie analepse vul vir die leser en die karakter Job gapings in oor die gebeure van daardie bepaalde dag. Dit is 'n voltooiende analeps. Dit skep baie effektief die indruk van 'n uiters rampspoedige dag en beklemtoon Job se kits-ellende.



Die leser ervaar alles asof dit gelyktydig gebeur het, ten spyte daarvan dat die narratief dit nie gelyktydig kan vertel nie.

Die analeps na die tweede swerftog (2:1) se omvang en bereik lê (anders as die eerste swerftog) binne die eerste narratief. Die leser het gesien wat gebeur op hierdie swerftog (of 'n gedeelte van die swerftog) en weet dat Satan vir Job gesien het op sy swerftog. Die analeps maak ook deel uit van dieselfde storielyn en herhaal 'n gebeurtenis wat reeds in die storie gebeur het. Dit is met ander woorde 'n herhalende, homodiëgetiese (interne) analeps.

'n Ander gemengde analeps kom ook in hierdie bedryf voor. In 2:11 sê die verteller dat Job se drie vriende afgespreek het om Job te kom vertroos. Die gebeurtenis waar die afspraak gemaak is, se bereik lê ver buite die eerste narratief. Die omvang daarvan arriveer saam met die vriende by Job. Dit is dus ook 'n volledige gemengde analeps.

**Bedryf II [3:1-26:14]:** Hierdie bedryf verloop redelik chronologies met vier karakters se dialoog wat op mekaar volg. Die enigste anachronieë is wanneer die karakters in hulle spraak na gebeurtenisse verwys wat in die verlede gebeur het. So begin hierdie bedryf in Job 3 met 'n eksterne analeps. Job gryp terug na sy geboortedag (bereik) en wens dat hierdie ganse dag (omvang) nooit bestaan het nie. Hy is so moedeloos dat hy nie wens hy was liever dood nie, maar hy wens dat hy liever nooit gebore was nie. Elifas se antwoord aan Job het ook twee eksterne analepse. Hierdie analepse word in die res van die bedryf op plekke deur Job herhaal (bv. 10:18-19; ) Die eerste is in 4:3-4 waar Elifas verwys na die tye toe Job die een was wat ander bemoedig het soos wat hy nou vir Job bemoedig. Dit is asof Elifas vir Job herinner aan al die raad wat Job self uitgedeel het aan ander en op die manier vir Job probeer vermaan om nie onverstandige dinge te sê nie. In 4:12-21 verwys Elifas na 'n droom wat hy gehad het. Dit is die tweede eksterne analeps. Hierdie droom van Elifas gee outoriteit aan sy woorde, aangesien drome en visioene van God af kom. Op die manier probeer hy Job manipuleer om sy woorde in ag te neem.

Die res van die anachronieë wat in Bedryf II (3:1-26:14) voorkom, is kort verwysings na gebeurtenisse in die verlede. Bildad verwys byvoorbeeld kortliks in 8:4 na 'n gebeurtenis wat in Bedryf I (1:1-2:13) afgespeel het. Hy meen dat Job se kinders gesterf het omdat hulle gesondig het. Bildad verwys waarskynlik na die bekende partytjies van Job se kinders. Hierdie is 'n herhalende homodiëgetiese (interne) analeps.

**Bedryf III [27:1-42:17]:** In Job 29 gebruik Job 'n eksterne analeps om sy huidige toestand te kontrasteer met dit wie hy was. Die leser se kennis van hierdie karakter word hier deur die karakter se eie woorde uitgebrei. Job sluit sy monoloog (Toneel 7) in Job 31 af met 'n eksterne analeps. In hierdie analeps verduidelik hy dat hy besluit het om vroom en godsvresend te wees. Ook hier brei die karakter se eie woorde die leser se kennis van hom uit.

Elihu begin sy eie monoloog in 32:6-12 ook met 'n analeps. Hy verwys na die vriende van Job se raad aan Job en die rede waarom hy nou eers aan die woord kom. Hy beweer dat die vriende se raad niks werd is nie. Hierdie is 'n herhalende homodiëgetiese (interne) analeps. Hierdie analeps vertel 'n mens van Elihu se selfversekerdheid. In 33:8-10 en 34:5-6 som hy sy verstaan van Job se argumente op in herhalende homodiëgetiese (interne) analepse.

Jahwe begin ook sy antwoord aan Job met 'n eksterne analeps (38:4-11). Hy vra aan Job waar hy was met die skepping. Hier beklemtoon die eksterne aard van die analeps God se grootheid en onverstaanbaarheid. Job antwoord Jahwe in 40:5 deur te verwys na die kere wat hy gepraat het (herhalende homodiëgetiese analeps). Hy klink nie meer so selfversekerd oor sy eie woorde nie. In 42:2-4 verwys hy na Jahwe se woorde (herhalende homodiëgetiese analeps) en verklaar dat hy nou weet wie Jahwe is. In 42:7 verwys Jahwe na die woorde van Job se vriende (herhalende homodiëgetiese analeps) wanneer Hy hulle daarvoor veroordeel. Wanneer 'n karakter die woorde van 'n ander karakter, wat vroeër in die Jobstorie voorkom, herhaal of verwys daarna, fokaliseer (Hoofstuk 8 van hierdie studie) daardie karakter op die standpunte/woorde van 'n ander karakter. Sodoende leer 'n mens wat een karakter verstaan of nie verstaan het van 'n ander karakter se woorde nie.

## *ii) Duur (snelheid)*

**Toneel 1 [1:1-5]:** Toneel 1 begin met 'n vinnige storiesnelheid. In 'n opsomming (NT<ST) deel die verteller in 1:1-3 'n klompie inligting oor die karakter Job aan die leser mee. In 1:4-5 brei die verteller uit (NT>ST), wanneer hy vertel van 'n gebeurtenis wat homself gereeld herhaal. Dit is die feeste wat Job se kinders hou en die versoening wat Job by God vir sy kinders doen na elke reeks feeste. Dit beklemtoon Job se godsvresendheid en vroomheid.

**Toneel 2 [1:6-12]:** Die verteller lei in 1:6-7 'n toneel (NT=ST) tussen Jahwe en Satan in. Die verteller is slegs hier voelbaar. Hy is ook voelbaar in die dele waar hy vir Jahwe of Satan aan

die woord stel. Die res van Toneel 2 bestaan uit dialoog tussen Jahwe en Satan. Die verteller spring by wyse van 'n ongedefinieerde ellips ( $NT < \infty ST$ ) van Toneel 2 na Toneel 3.

**Toneel 3 [1:13-22]:** Hier is die verteller weer voelbaar aan die begin (1:13) en wanneer karakters aan die woord gestel word, maar ook aan die einde (1:20 & 22) van die toneel. Die ganse Toneel 2 is egter 'n toneel ( $NT = ST$ ) waarin Job en die boodskappers wat vir Job kom vertel van die rampe wat hom getref het, aan die woord is. Elke boodskapper se rapport (1:14-15; 1:16; 1:17; 1:18-19) oor die ramp waarvan hy 'n getuie was, is 'n opsomming ( $NT < ST$ ) van die gebeure. Die eerste narratief se snelheid is dus  $NT = ST$ , terwyl die ingebedde storie (boodskap oor die rampe) se snelheid  $NT < ST$  is. Hierdie opsommings is analepse wat gapings in die storie vir die leser invul. By volgorde is reeds gesê dat hierdie analepse die effek skep van gebeurtenisse wat omtrent gelyktydig gebeur het, maar nie gelyktydig vertel kan word nie.

**Toneel 4 [2:1-10]:** Toneel 4 begin dieselfde as Toneel 2 (1:6-12) met 'n kort inleiding (2:1) deur die verteller. Toneel 4 bestaan ook grootliks uit karakterspraak en is dus 'n toneel ( $NT = ST$ ). Die verteller is in die middel van Toneel 4 (2:7-8) voelbaar, waar hy rapporteer dat Satan vir Job met pynlike swere getref het. Die verteller eindig ook Toneel 4 in 2:10b wanneer hy vertel dat Job onder al die omstandighede nie gesondig het nie.

**Toneel 5 [2:11-13]:** Toneel 5 behoort aan die verteller. In hierdie toneel vertel hy opsommend ( $NT < ST$ ) dat die drie vriende van Job by Job opdaag om hom te kom vertroos. By wyse van 'n gedefinieerde (sewe dae) ellips ( $NT < \infty ST$ ) in 2:13 spring die vertelling van Toneel 5 na Toneel 6 (3:1-26:14).

**Toneel 6 [3:1-26:14]:** Die verteller is meestal slegs aan die woord wanneer hy telkens 'n karakter aan die woord stel. Hierdie hele toneel bestaan uit dialoog tussen karakters (karakterspraak) en het dus 'n  $NT = ST$  (toneel) snelheid. Vroeër is reeds aangedui dat hierdie toneel die grootste persentasie verteltyd per toneel beslaan. Dit beklemtoon die belangrikheid van dialoog vir die Jobstorie. Op hierdie manier vertraag die verteller die verhaal (vgl. Habel 1985:30) en die spanning laai op.

**Toneel 7 [27:1-31:40]:** Deur middel van 'n ongedefinieerde ellips ( $NT < \infty ST$ ) spring die vertelling van Job 26 na 27. Job 26 is Job se laaste respons tot sy vriende en Job 27 is die

begin van Job se monoloog in die getuiebank. 'n Mens kan die aanname maak dat daar tyd verloop tussen Job se laaste reaksie op sy vriende se woorde en die begin van sy monoloog. Toneel 7 bestaan uitsluitlik uit 'n monoloog deur die karakter Job. Die storiesnelheid is dus NT=ST (toneel).

**Toneel 8 [32:1-37:24]:** In 32:1-5 som die verteller die resultate van Toneel 6 (3:1-26:14) op en hy stel die karakter Elihu aan die leser voor. Die verteltyd in 32:1-5 is NT<ST (opsomming). Die res van die toneel bestaan uit die woorde van Elihu en het die snelheid van toneel (NT=ST).

**Toneel 9 [38:1-42:6]:** Hier is Jahwe aan die woord met Job wat twee maal kortliks op Jahwe se argumente reageer. Die verteller is nie regtig voelbaar nie en dui weereens hier slegs aan wie aan die woord is. Die storiesnelheid is hier NT=ST (Toneel).

**Toneel 10 [42:7-9]:** In 42:7 stel die verteller weer vir Jahwe aan die woord. Hierdie keer wys Jahwe Job se vriende tereg. Die grootste gedeelte van hierdie kort toneel het 'n NT=ST (toneel) snelheid met die verteller wat in 42:9 opsommend (NT<ST) rapporteer dat die vriende Jahwe se opdrag uitgevoer het.

**Toneel 11 [42:10-17]:** Hierdie toneel behoort weer heeltemal aan die verteller. Die verteller som hier die uiteinde van Job se lewe en die storie op. Die snelheid is dus NT<ST (opsomming).

### *iii) Frekwensie*

**Singulatief (1N:1S / nN:nS):** Die grootste gedeelte van die Jobnarratief is in die singulatief; daar word een maal vertel wat een maal gebeur het.

**Herhaling (nN:1S):** 'n Klein aantal kere word 'n gebeurtenis herhaal. In die Jobnarratief gebeur dit wanneer 'n karakter (kortliks) herhaal wat vroeër reeds gesê is. In 10:18-19 herhaal Job kortliks die kern van sy argument in Job 3 as hy sê: "Waarom het U my in die wêreld laat kom? Ek moes liever gesterf het voordat 'n oog my kon sien. Dan sou ek gewees het asof ek nooit bestaan het nie en is ek by geboorte al graf toe gedra" (Job 10:18-19 – NAV). Hy sê weer dat sy moeder nooit aan hom geboorte moes gegee het nie. Daarmee beklemtoon hy sy argument waarmee hy Toneel 6 (3:1-26:14) begin het.

In 33:8-11 en 34:5-6 herhaal Elihu Job se argument kortliks in sy eie woorde soos volg: “Ek het jou met my eie ore hoor sê, hier waar ek dit gehoor het, het jy gesê: ‘Ek is onskuldig, ek het nie oortree nie, ek is rein, ek het nie gesondig nie. Tog soek God fout by my, beskou Hy my as sy vyand. Hy behandel my as ‘n gevangene, Hy hou elke voetstap van my dop’” (Job 33:8-11, NAV) en “Job het gesê: ‘Ek is onskuldig, maar God laat nie aan my reg geskied nie. Al het ek die reg aan my kant, word ek vir ‘n leuenaar gehou. Al is ek nie skuldig nie, is ek dodelik getref’” (Job 34:5-6, NAV). ‘n Mens kan hieruit aflei hoe Elihu Job se woorde verstaan/ nie verstaan nie.

**Iteratief (1N:nS):** ‘n Paar iteratiewe kom voor. In 1:4-5 word vertel van Job se kinders wat gereeld feeste al om die beurt by elkeen se huis gehou het. Job het dan na so ‘n reeks partytjies versoening gedoen vir sy kinders by God, by wyse van ‘n offer aan Jahwe. Die woorde *כָּכָה יַעֲשֶׂה אִיּוֹב כָּל־הַיָּמִים* (“Job het dit elke keer gedoen” – NAV) in 1:5 dui aan dat hierdie ‘n gebeurtenis is wat meer as een maal gebeur. Dit word egter net een maal vertel en maak dit dus ‘n iteratief. Hierdie toneel is ‘n illustrasie van Job se vroomheid en godsvresendheid. Die iteratiewe aard daarvan dui op Job se getrouheid. In 1:13 en 1:18 word weer verwys na hierdie feeste. Iets ontbreek egter in hierdie iteratief. Job doen nie versoening vir sy kinders nie. Hulle almal sterf aan die begin van ‘n siklus van partytjies (in die huis van hulle oudste broer), voordat Job die reinigingsritueel kan uitvoer. Job het die offerritueel gebruiklik eers aan die einde van ‘n reeks partytjies uitgevoer. Die onvoltooidheid van hierdie iteratiewe gebeurtenis beklemtoon die oombliklikheid en vinnigheid van die rampe wat Job tref.

In 4:3-4 verwys Elifas ook na ‘n gebeurtenis wat meer as een maal gebeur het. Hy verwys na al die kere wat Job ander bemoedig het soos wat hy en die ander twee vriende nou vir Job bemoedig. Hierdie gebeurtenis is ook iteratief omdat daar slegs een keer daarvan vertel word, hoewel dit meer as een maal gebeur het.

In 7:4 verwys Job na ‘n gebeurtenis wat hom elke dag, vandat hy siek is, afspeel. “As ek gaan slaap, dink ek: wanneer kan ek opstaan? Maar die nag sleep stadig verby en ek rol rusteloos rond tot dagbreek toe” (Job 7:4, NAV). Verder aan in 7:17-18 verwys hy na nog ‘n iteratief. “Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom so op die hart dra, dat U hom van dag tot dag toets, hom van oomblik tot oomblik op die proef stel?” (Job 7:17-18, NAV).

Hierdie iteratiewe illustreer die lyding wat Job beleef. Dit is elke dag, elke oomblik met hom en laat hom nie met rus nie.

*iv) Samevatting: vertelde tyd*

Die Jobstorie word grootliks chronologies vertel. Die anachronieë wat wel voorkom, vul meestal gapings in wat die leser nodig het om die storie te verstaan. Die storiesnelheid (duur) van die grootste persentasie van die Jobstorie is NT=ST (toneel). Die verteller is nie baie waarneembaar (voelbaar) in die storie nie. Dit maak die storie baie meer lewendig en die karakters baie meer werklik. Dit is makliker vir die leser om sodoende standpunte in die storie te oorweeg as 'n karakter se standpunt eerder as 'n algemeen geldende waarheid. Wat die frekwensie van gebeure betref, is die verhaal singulatief. Enkele kere tref 'n mens herhaling of iteratief aan. Dit is gewoonlik ook dan net om die intensiteit van 'n karaktereienskap of gebeurtenis te illustreer en beklemtoon.

#### **6.4 Ruimte.**

In Bedryf I (1:1-2:13) wissel die tonele tussen twee plekke – die land Us en die hemel. Die lokaliteit van die land Us is onseker en enige poging om die plek geografies te plot is blote spekulاسie. “Narratively, then, the names ‘Job’ and ‘Uz’ introduce the story as happening ‘long ago and far away’” (Janzen 1985:34). Janzen se mening is dat die antieke Israelitiese leser net so in die duister was oor die ligging van Us as die moderne leser. Die funksie van ‘kamma-kammaland’ is dat die leser geen konnotasie (histories, kulties, persoonlik) maak tussen die plek in die storie en die werklike geografiese plek nie. Die probleem wat die storie probeer aanspreek, word sodoende minder beïnvloed deur die leser se subjektiwiteit (voorkennis, voorgeskiedenis, agtergrond). In die land Us is die spesifieke ruimte waar die verhaal afspeel die huishouding van die karakter Job. Die ander ruimte in Bedryf I (1:1-2:13) is die huishouding van Jahwe – die hemel. Op die ruimte van die hemel word ook nie uitgebrei nie. Dit word nie beskryf soos ‘n troonsaal van God soos in ander tekste in die Bybel nie (vgl. Clines 1989:26). Dit is gewoon die plek waar God woon.

In Toneel 1(1:1-5) lees ‘n mens dat Job se kinders al om die beurt feeste in elk van die seuns se huis gehou het (1:4). In Toneel 3 (1:13-22) (1:13 en 1:18) word weer na hierdie ruimte verwys, die keer spesifiek die huis van die oudste seun. Dit dui aan dat hierdie aan die begin van ‘n reeks feeste was (indien ‘n mens aanneem dat die reeks feeste telkens begin het by die

huis van die oudste broer). Soos reeds aangedui, beklemtoon dit die skielikheid en onverwagsheid van die rampe wat Job tref.

In 1:21 word die moederskoot aangedui as ruimte. “Hy [Job] *het gesê*: ‘Naak het ek uit my moeder se skoot uitgegaan en naak sal ek weer daarheen teruggaan. Jahwe het gegee en Jahwe het geneem, die naam van Jahwe moet geprys word’” (Bezuidenhout 1986:31).<sup>112</sup> Hierdie uitdrukking beklemtoon die tydelikheid van Job se aardse lewe en die tydelikheid van die materiële wat daarmee saamgaan. Dit beklemtoon ook die feit dat Jahwe die gewer daarvan is. Hierdie woorde van Job gee aan die leser bepaalde indrukke aangaande die vroomheid van Job. Dit vorm natuurlik ‘n skril kontras met Job se standpunt in Toneel 6 (3:1-26:14), wanneer dit voorkom asof hy nie meer die tydelikheid van die aardse bestaan en die materiële aanvaar nie, maar dit verabsoluteer en Jahwe kwalik neem omdat Hy dit van hom wegneem. Dit skep weer ander indrukke by die leser en kompliseer die karakter.

Nadat Satan vir Job in Toneel 4 (2:1-10) met pynlike swere tref (2:7), gaan sit Job in die as. Dit is simbolies van Job se rou (soos die skeur van sy mantel en die skeer van sy hare in 1:20).<sup>113</sup> Wanneer sy drie vriende by hom aansluit en vir sewe dae saam met hom op die grond sit, is dit moontlik steeds in die plek van rou. Die plekke vanwaar die vriende kom, is ook nou ter sprake. In Hoofstuk 6 van hierdie studie is aangedui dat ‘n poging om die ligging van die vriende se lande van herkoms te bepaal, niks meer as spekulatief kan wees nie. Daar sal, soos met die name van hierdie drie karakters, ook nie hier oor hulle herkoms gespekuleer word nie.

Die ganse Toneel 6 (3:1-26:14) speel op die ashoop af aangesien die verteller nie aandui dat die karakters na ‘n ander ruimte verplaas is nie. Die verteller se afwesigheid maak dit egter nie absolute verklaring nie. Die karakters kan natuurlik die gesprek op enige ander plek voortsit, maar Bal (1978:52) merk tereg op dat wanneer ‘n plek nie aangedui word in die teks nie, die leser self ‘n plek sal invul. ‘n Ander leser van Job sou die gesprek dalk in ‘n ander ruimte kon sien afspeel. Die mees logiese is egter dat die vier manne steeds op en om die ashoop is.

<sup>112</sup> Bezuidenhout (1986:33) haal vir Van Selms aan en sê dat die moederskoot hier gelyk gestel word aan die ‘skoot’ van die aarde, die graf.

<sup>113</sup> “... the ash-heap is, as the site of ashes for his mourning ritual and potsherds for his sores, the single appropriate place for his situation of alienation and displacement” (Clines 1989:50).

In Toneel 7 (27:1-31:40) is dit asof die karakter Job skielik in die getuiebank is.<sup>114</sup> Dié monoloog van Job word geïnterpreteer as 'n getuienis teen Jahwe. In hierdie getuienis dui Job aan dat hy onskuldig is en dat Jahwe rekenskap moet gee vir die toestand waarin Job nou verkeer. Indien hierdie die begin van 'n verhoor is, skuif die ruimte na 'n ander openbare ruimte. 'n Verhoor soos die een wat hier plaasvind, sal by die stadspoort plaasvind en deur die oudstes geadministreer word.<sup>115</sup> Die dilemma waarin Job hom bevind, is dat daar niemand oud (gesagvol) genoeg is om in die geskil tussen hom en Jahwe te arbitreer nie. Die ironie is dat 'n jong man (Elihu) 'n poging aanwend om te reageer op Job se aantygings en sodoende op te tree as 'n tipe arbiter. Elihu kry dit op 'n manier nogal reg.

Die wisseling in ruimte verklaar moontlik die verskyning van Elihu. Indien die geselskap sou skuif vanaf die ashoop (waar Bedryf II (3:1-26:14) begin) na die stadspoort (waar verhoore plaasvind) skuif hulle van een openbare ruimte na 'n ander. Die status van elke ruimte verskil egter van mekaar. Die ashoop is 'n ruimte van rou. Dit sou selfs 'n ruimte van uitgeworpenheid (melaatsheid) kon verteenwoordig. Dit is egter 'n openbare ruimte, wat dit vir Elihu moontlik sou maak om die gesprek tussen Job en sy vriende te hoor. Die privaatheid daarvan sou hom as vreemdeling daarvan weerhou om deel te raak van die gesprek. Indien die aksie nou skuif van die ashoop na die stadspoort, kan Elihu na vore tree en probeer om op te tree as arbiter.

Die veelbesproke plek van Elihu in die Jobnarratief kan so verklaar word. Soos Jahwe, berispe Elihu ook die vriende van Job. Sy argument stem baie ooreen met die van die vriende. Intendeel - dit verskil so min van die vriende dat 'n mens wonder wat so uniek is aan Elihu en waarom Jahwe hom nie ook, soos die vriende, in Toneel 9 (38:1-42:6) berispe nie. Jahwe berispe die vriende nie oor die inhoud van hulle argumente nie, maar oor die motiewe daaragter. Elihu se motiewe is suiwer (soos die van Job). 'n Mens sien ook dat Elihu nie slegs die vriende en Job berispe nie, maar dat daar 'n ooreenkoms tussen die inhoud van Elihu se monoloog en die antwoord van Jahwe is. In 36:26-37:24 maak Elihu Job bewus van

<sup>114</sup> Hoewel die plot van Habel (1985:25-35) verskil van die indeling hier, reken Habel (1985:31) ook dat die ruimte in Job 29-31 in die hof afspeel. Die indeling van hierdie studie plaas egter reeds die gebeure vanaf Job 27:1 in die hof en 'verdaag' die hofsitting eers na 42:6. Die terminologie (hof, getuie, getuiebank) moenie hier verwar word met moderne konsepte nie, maar gesien word in terme van die vergadering van oudstes in die stadspoort.

<sup>115</sup> De Vaux (1973:152) onderskei drie jurisdiksies wat in antieke Israel die reg sou administreer en sê dat dit moeilik is om die bevoegdheid van elkeen te definieer. Die drie is: die jurisdiksie van die oudstes, die van die koning en die van die priesters. "In every town disputes and trials were settled by the Elders, that is, the heads of families in the clan, the leading citizens of the place" (De Vaux 1973:152).



verskynsels uit die skepping om daarmee aan te dui dat God verhewe is bo mense se begrip. Jahwe se ganse antwoord gebruik hierdie bewuswording uit die skepping om Job se mond te snoer.

Elihu is dus 'n ironiese arbiter. Die karaktertjie met die minste status word gebruik om Job se siening oor God te verander. Nie die oudstes nie, maar die jongste in die stadspoort hanteer die verhoor. Dit is 'n stuk ironiese literêre tegniek wat simbolies is van die Jobnarratief se ganse onderliggende motief – om bestaande teologie/ lewensfilosofie op sy kop te keer.

Die Elihukarakter is een van die grootste komposisie-kopsere vir interpreteerders van die boek Job.<sup>116</sup> Die ruimte waarin hy optree, maak hom noodsaaklik vir die boek. Die Jobnarratief kan nie sonder hierdie 'alternatiewe' arbiter funksioneer nie. Die Jobnarratief het vir Elihu nodig.

Die verhoor bereik in Job 38 en 39 (Toneel 9 (38:1-42:6)) sy klimaks. Die stormwind<sup>117</sup> waaruit Jahwe antwoord, is simbolies van 'n teofanie.<sup>118</sup> Die ruimte is steeds die verhoor.<sup>119</sup> Jahwe reageer self nou op die aantygings van Job en neem Job na die ruimte van die skepping om te sien wie Hy (en veral hoe Hy) werklik is. Uit hierdie groot ruimte besef Job hoe klein en nietig hy is. Die verhoor word afgesluit met 'n skuldigbevinding. Die vriende word skuldig bevind. Dis fantastiese humor. Die 'slim' vriende' op die kantlyn word skuldig bevind. Die skrywer keer werklik dinge met hierdie storie op sy kop.

Die Jobnarratief eindig weer by 'n beskrywing van die huishouding van Job. Jahwe het hierdie ruimte van Job weer herstel.

<sup>116</sup> "Die Elihuredes (Job 32-37) in die boek Job word uiteenlopend beoordeel. Daar is eenstemmigheid dat hierdie redes sekondêr in die boek Job is, maar hier hou die konsensus op" (Viviers 1995:171). Die fokus is in hierdie studie nie op die sekondêre aard van die Elihuredes nie, maar op die narratiewe funksie daarvan.

<sup>117</sup> Vgl. Luc (2000:119-122) se bespreking van God en storms.

<sup>118</sup> "Die skrywer stel God hier in die poësie-deel (ook in die proloog) opvallend bekend as die *Here*. Dit is God se verbondsnaam, wat dikwels met 'n teofanie geassosieer is (vgl Eks 6:2-9). God se verskyning het gereeld in die Ou Testament met 'n storm gepaardgegaan (Eseg 1:2-4; Jes 29:5-6)" (Viviers 1999:593).

<sup>119</sup> "Theophany: the manifestation or appearance of a god/God to a human being" (Deist 1984:172). Vgl. Scholnick (1987:185-204).

## 6.5 Samevatting.

Die grootste gedeelte van die verteltyd in Job is karakterspraak (dialoog en monoloog). Die gee aan die verhaal die vermoë om meer as een standpunt aan te bied sonder dat een belangriker of meer normatief as die ander lyk. Die leser word ingetrek in die worsteling oor lyding en God se rol daarin. Die leser vra saam vrae en worstel saam met God. Op die wyse word alle absolute waarhede en feite oor die lewe gerelativeer. Drie aspekte van tyd skep 'n gevoel van 'werklike tyd' by die leser: die snelheid is meestal die van toneel (NT=ST), die verhaal is redelik chronologies vertel en dit word singulatief vertel.

Die studie van die ruimte lewer belangrike insigte ten opsigte van die komposisie van die boek. Die wisseling in ruimte moet in meeste gevalle in die boek Job deur die leser afgelei word, omdat die verteller nie baie waarneembaar is nie. Wanneer 'n mens dan die veelbesproke Elihu-karakter in die regte afgeleide ruimte plaas, pas hy ewe skielik in by die boek as eenheid. Intendeel, hy raak nou noodsaaklik vir die eenheid van die boek. Die plot sou gewoon onvolledig wees sonder Elihu.

Fokkelman (1999:208-209) se vrae in hierdie hoofstuk beantwoord is die volgende:

**“5. Does the narrator keep to the *chronology* of the events and processes themselves? If not, where does he deviate, and why do you think he does that?. Try and get an idea of the discourse time/ narrated time ratio”**

**6. Where is the gaps where *narrated time* has been skipped, and are there cases of acceleration, retardation, retrospect and anticipation? Assuming that the writer inserted them at the right points: why are they where they are? What is their relation with the context?” (Fokkelman 1999:208).**

Die anachronieë (“chronology, retrospect, anticipation”) in die Jobverhaal is onder die opskrif ‘volgorde’ aangedui en bespreek. Die verhouding tussen verteltyd en vertelde tyd en die relasie van tyd tot die storie is uitgebeeld met behulp van diagramme. Die snelheid (“discourse time/ narrated time ratio, acceleration, retardation”) en frekwensie van die storie is ook bespreek.

## HOOFSTUK 7

### FOKALISASIE EN VERTELLER

#### 7.1 Inleiding.

Die aspekte van fokalisasie en verteller kom in hierdie hoofstuk aan die orde. Albei is redelik komplekse aspekte van die narratief, wat op die oog af eenvoudig lyk.<sup>120</sup> By fokalisasie word ‘n onderskeid getref tussen wie vertel en wie sien. Die twee word in een hoofstuk hanteer, juis omdat dit dikwels moeilik is om hierdie onderskeid te tref. Die verteller mag byvoorbeeld aan die woord wees, maar die storie speel af vanuit die perspektief van ‘n karakter. Die verteller kan dus vertel, maar die karakter sien. In hierdie hoofstuk sal dus eers gekyk word na die fokalisasie in Job.

Die verteller of vertelinstantie is ook nie ‘n eenvoudige saak nie en die verteller kan nie altyd in eenvoudige terme beskryf word nie. Die storie word op verskillende wyses deur verskillende instansies vertel. Nadat die fokalisasie van die Jobdrama beskryf is, sal die vertelinstantie aan die orde kom. Fokkelman (1999:208-209) se vrae 4<sup>121</sup> en 8<sup>122</sup> word onder andere hier beantwoord.

#### 7.2 Fokalisasie.

‘n Onderskeid kan getref word tussen eksterne- en interne fokalisasie. Fokalisasie is intern of ekstern relatief ten opsigte van die storie wat vertel word, of van die gebeure wat plaasvind. Eksterne fokalisasie vind plaas deur ‘n fokalisator wat van buite die storie ‘kyk’. Interne fokalisasie het ‘n fokalisator wat self ‘n karakter binne die verhaal is.

<sup>120</sup> Vergelyk die debat tussen Strike (1995:97-99) en Schmeling (1995:85-96) aangaande fokalisasie.

<sup>121</sup> “4. Can you feel the narrator’s presence anywhere in the text? This will apply especially in the case of information, comments, explanations or value judgements on his part. Can you point to these instances of the writer speaking? Where is the writer less obviously present (for instance in his deliberate arrangement or composition of the material)? Does he usually make his own statements at strategic points in the text?” (Fokkelman 1999:208).

<sup>122</sup> “8. Where are the speeches? Are there many of them? Have speeches been left out where you would expect them? What factors influence the characters who is speaking, what self-interest, background, desires, expectations?

*Congruence:* do the characters’ words match their actions? If not, how come?

Does the text contain indications of the *writer* supporting or approving of his character?” (Fokkelman 1999:208).

Die onderskeid tussen die perseptuele-, psigologiese- en ideologiese fasette van fokalisasie kan dit ook makliker maak om te onderskei tussen eksterne en interne fokalisasie. (Vergelyk Tabel 2.1 vir die uiteensetting van hierdie drie fasette van fokalisasie). Fokalisasie sal in hierdie hoofstuk (soos ander aspekte in ander hoofstukke) ook toneel vir toneel beskryf word. Die fokalisasie van 'n ganse bedryf sal bespreek word as 'n opsomming van die fokalisasie in die tonele van daardie bedryf.

*i) Bedryf I [1:1-2:13]:*

Fokalisasie in Bedryf I (1:1-2:13) kan opgesom word as gemengde fokalisasie. Hoewel 'n mens verkillende karakters se fokalisasie van Job en die gebeure rondom die Jobkarakter in Bedryf I (1:1-2:13) waarneem, is die verteller in hierdie bedryf steeds sterk (voelbaar) aanwesig. Die verteller bied hierdie bedryf aan en sy ideologie is dominant. Die verteller het die Jobkarakter gekarakteriseer as vroom en Job het hierdie karakter gestand gedoen. In Bedryf I (1:1-2:13) is daar dus 'n hele aantal 'sienings' oor Job en die gebeure rondom hom, maar die verteller se 'siening' bly die oorheersende. Die heersende fokalisasie in Bedryf I (1:1-2:13) kan opgesom word as **Verteller > Karakter**, wat eintlik impliseer dat non-fokalisasie plaasvind.

Deur die vertelling van hierdie bedryf met wisselende fokalisasie aan te bied, slaag die verteller daarin om die leser se vertroue volkome te wen. Die bedryf skep egter vrae oor die 'voorspoedsteologie' van die dag. Hoe kan Jahwe dan toelaat dat so iets gebeur? Die oplossing is duidelik uit die gebeure in die bedryf af te lei – die rampe wat vir Job tref, is slegs 'n toets van Jahwe. Aan die einde van Toneel 4 (2:1-10) lyk dit tog asof Job die toets gaan slaag. Watter kaart gaan Satan by die volgende vergadering van hemelinge speel? Die verhaal kry nie kans om hierdie vraag te antwoord nie, want in Bedryf II (3:1-26:14) begin dit lyk asof Job die toets nie gaan slaag nie...

*a) Toneel I [1:1-5]:*

Die Jobdrama begin in hierdie toneel met eksterne fokalisasie. Die verteller vertel met 'n panoramiese blik van die man Job. Die verteller kan oor al die mense in die Ooste kyk en sien dat Job die vroomste is. 'n Mens sien ook 'n bepaalde ideologie in die fokalisasie van die verteller. Job se karakter word in kort beskryf as vroom en ryk. Die karaktereienskappe van vroomheid en rykdom word sonder 'n eksplisiete 'daarom' beskryf. Met ander woorde, die

verteller sê nie “Job was vroom daarom was hy ryk” nie. Hy bied hierdie twee karaktereïenskappe so ‘terloops’ naas mekaar aan. Die verteller weet dat die eerste lesers<sup>123</sup> van hierdie verhaal in die slagat sal trap wat hy vir hulle stel. Die leser bekend met die optimistiese wysheid van die dag sou nie ‘n ‘daarom’ van die verteller benodig nie. Die eerste leser sou vanself aflei dat daar ‘n samehang tussen rykdom en vroomheid is. Die verteller fokaliseer Job dus doelbewus op ‘n bepaalde manier en wen sodoende sy leser se vertroue.<sup>124</sup> Die verteller en leser is op dieselfde golfengte. Hierdie ideologie is dus nie noodwendig die ideologie van die verhaal (of selfs die verteller) nie, maar ‘n taktiese vertrekpunt van ‘n verhaal wat juis hierdie ideologie wil bevraagteken.

Die karakter Job se vroomheid word beklemtoon met interne fokalisasie in 1:5, as die verhaal aandui wat Job se denke rondom sy kinders se partytjies is. Job sien die partytjies as ‘n potensiële plek waar sy kinders God dalk kan vervloek. Die verteller kon sekerlik gewoon op ‘n meer indirekte wyse gerapporteer het wat Job gedink het. Hy bied egter Job se denke op ‘n meer direkte wyse aan en verleen sodoende meer legitimiteit aan die karakterisering van die Jobkarakter.

Toneel 1(1:1-5) sou sekerlik ook beskryf kon word as non-fokalisasie, omdat daar nêrens pertinent gesê word dat iemand kyk nie. Die manier waarop die verteller egter vir Job beskryf, skep die effek van ‘n panoramiese blik op die karakter Job.

#### ***b) Toneel 2 [1:6-12]:***

Dié toneel word met non-fokalisasie begin (1:6) en geëindig (1:12). Die verteller neem die vertelling deur non-fokalisasie na ‘n ander ruimte – die woonplek van Jahwe en die ander hemelinge. Interne fokalisasie kom voor in 1:8-11 waar Job en sy vroomheid die gefokaliseerde objek is en Jahwe en Satan die fokalisators.

In 1:8 moet Jahwe se siening van Job afgelei word uit sy opmerkings aan Satan. Jahwe vra aan Satan of hy vir Job gesien het op sy swerftogte. Die rede vir sy vraag lê opgesluit in

<sup>123</sup> Die eerste ‘gehoor’ van die Jobdrama was natuurlik nog nie lesers soos die moderne leser nie. Geletterdheid was beperk tot ‘n handjievol mense en die vertelling van verhale grootliks mondeling. ‘n Mens sou sekerlik eerder moet praat van eerste hoorders in plaas van eerste lesers. Ter wille van die feit dat hierdie studie werk met die teks, word verwys na die eerste ‘gehoor’ as lesers.

<sup>124</sup> Vgl. Dailey (1993a:65): “Structured into each scene is a narrative twist that poses a question or elicits a reaction, and by this strategy the author calls forth an ever greater involvement of the reader in the process of understanding the story.”

Jahwe se opmerking aangaande Job: “Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad” (Job 1:8b – NAV). In hierdie opmerking sien ‘n mens hoe Jahwe vir Job fokaliseer. Jahwe se karakterisering van Job stem ooreen met die karakterisering van die verteller.

Satan fokaliseer Job en sy voorspoed anders as Jahwe in die vertelling in Toneel 1(1:1-5). Satan se vraag is die eerste plek in die boek Job waar die wysheid oor voorspoed en vroomheid bevraagteken word. Satan se siening van Job se vroomheid is dat dit ‘n aanwendsel is. Job is nie opreg in sy vroomheid nie – hy is vroom omdat Jahwe hom seën en nie geseënd omdat hy vroom is nie. Indien Jahwe Job se rykdom sou wegneem, sou Job sy ware kleure wys. Job sou self doen waarvoor hy die bangste was dat sy kinders sou doen, naamlik om Jahwe in sy gesig te vloek. Deur vir Satan die taak te gee om vrae te vra oor die verband tussen voorspoed en vroomheid, haal die verteller die fokus van homself (en enige iemand wat die vraag wil vra) af.<sup>125</sup>

Toneel 2 (1:6-12) word in 1:12 met non-fokalisasie afgesluit. Die leser wonder of Jahwe vir Satan toelaat om Job te beproef omdat Hy Job beter ken as Satan. Of het Satan se fokalisasie van Job dalk vir Jahwe laat twyfel oor sy eie fokalisaie van Job? Aangesien dit interne fokalisasie is, kan ‘n mens vra of Jahwe se kennis aangaande Job beperk is. Dit skep vertwyfeling by die leser. ‘n Mens sien dat Jahwe<sup>126</sup> en Satan Job subjektief fokaliseer – elkeen huldig sy eie opinies en sentimente aangaande die karakter (dit lê op die emotiewe deel van die psigologiese faset van fokalisasie). Of Jahwe seker is of twyfel, kan nie met sekerheid gesê word nie. Jahwe en Satan se verskillende fokalisasie laat die leser twyfel oor Job se karakter.

### ***c) Toneel 3 [1:13-22]:***

In vers 13 skets die verteller agtergrond wat die vertelling verskuif na die ruimte waarin Job en sy mense leef. In 1:14-18 word die rampe wat Job tref by wyse van interne fokalisasie beskryf. Nie minder nie as vier maal kom ‘n boodskapper na hom om hom te vertel van ‘n ramp wat hom van sy rykdom ontnem het. Die gebruik van interne fokalisasie skep ‘n gaping tussen die gebeure op die aarde en die gebeure in die hemel. Die boodskappers van ongeluk is

<sup>125</sup> “He (Satan) cannot call into question Job’s incomparable piety. Nor does he doubt its sincerity, its genuineness. What he must question – and what must be questioned (there is nothing “satanic” about the question) – is what the link between Job’s godliness and his prosperity is” (Clines 1989:25).

<sup>126</sup> “Job is God’s boast” (Clines 1989:24).

nie bewus van die hand van Satan in al die rampe nie. Intendeel, die oorsake word aan natuurampe en bendes mense toegeskryf. Hier is die psigologiese faset van fokalisasie duidelik aanwesig. Job sien dus Jahwe se hand in sy aanvanklike voorspoed en in die huidige rampe. Die boodskappers se kennis is beperk tot die wêreld waarin hulle leef. Job fokaliseer die gebeure anders as die boodskappers. Job meen dat Jahwe gegee het en geneem het. Hier kry die leser insig in Job se ideologie oor God.

**d) Toneel 4 [2:1-10]:**

Hierdie toneel begin soos Toneel 2 (1:6-12). In 2:1-2 verkuif die ruimte weer na die hemel. Die fokalisasie is non-fokalisasie. In 2:3 fokaliseer Jahwe die karakter Job dieselfde as in 1:8. Jahwe se karakterisering van Job word bevestig in die lig van Job se blywende vroomheid ten spyte van sy verliese. Job is nie slegs vroom nie, maar volhardend ook. Satan interpreteer Job se optrede weereens anders as Jahwe. Satan meen dat Job vroom bly omdat sy gesondheid nie aangetas is nie. Vir 'n tweede keer gee Jahwe vir Job oor aan Satan op die voorwaarde dat Job se lewe gespaar word.

Job tree nie op soos Satan voorspel nie, hoewel sy vrou hom aanmoedig om God te vloek en te sterf. Job hou vol dat 'n mens die slegte en die goeie van God moet aanvaar. Job se ideologie oor God word bevestig.

**e) Toneel 5 [2:11-13]:**

Toneel 5 (2:11-13) se vertelling is grootliks non-fokalisasie. In 2:12 word eksterne fokalisasie aangetref: die verteller vertel wat die drie vriende van 'n afstand sien en hulle reaksie daarop. Die fokalisasie is panoramies en sien die vriende en Job van 'n afstand af.

**ii) Bedryf II [3:1-26:14]:**

Hierdie bedryf vorm 'n skril kontras met Bedryf I (1:1-2:13). So voelbaar as wat die verteller in Bedryf I (1:1-2:13) is, so afwesig is die verteller in Bedryf II (3:1-26:14). Die fokalisasie van die konsepte van vroomheid, sonde, voorspoed en lyding word oorgelaat aan die karakters self. Die verteller is so afwesig dat die Jobkarakter van Bedryf II (3:1-26:14) 'n skril kontras vorm met die Jobkarakter van Bedryf I (1:1-2:13). Die verteller se invloed op die leser in Bedryf I (1:1-2:13) word ontdek uit hierdie kontras. Job se fokalisasie van die probleem lyk meteens anders in Bedryf II (3:1-26:14) as in Bedryf I (1:1-2:13), waar die verteller

fokaliseer. Dit wil vir die leser (wat nou by Job self hoor wat hy beleef) voorkom asof Satan tog reg was.

Die interne fokalisasie van Bedryf II (3:1-26:14) trek die leser onwillekeurig in die verhaal in. Die verhaal is skielik nie meer 'n storie wat die heersende ideologie van 'n alomteenwoordige verteller bevorder nie, maar 'n lewendige debat oor lewensvrae deur karakters wat twyfel en dwaal soos regte mense. 'n Verskeidenhied stemme word gehoor. Verskillende opinies word gelug.<sup>127</sup> Die gevolg is dat die aandag van die leser behou word. Bedryf I (1:1-2:13) het 'n klomp vrae geskep; Bedryf II (3:1-26:14) het die leser betrek by die soekproses na antwoorde. Die leser beskik egter oor inligting waarom die karakters nie beskik nie. Dit skep spanning en behou die leser se aandag. Die leser moet homself hier indink wat deur die gedagtes en gevoelens van Job gaan.<sup>128</sup>

#### **a) Toneel 6 [3:1-26:14]:**

Hier is die verteller heeltemal afwesig. Die woorde van karakters word nou direk aangebied. Die leser moet die fokalisasie van 'n karakter aflei uit die karakter se woorde self. Hierdie is interne fokalisasie op sy beste. Job se drie vriende fokaliseer Job se toestand<sup>129</sup> en voer redes daarvoor aan. Job fokaliseer ook sy toestand, maar verskil van sy vriende aangaande die redes vir die toestand waarin hy verkeer.<sup>130</sup> Die psigologiese faset dui kognitief op beperkte kennis van hierdie vier karakters en emotief op die subjektiwiteit waarmee elkeen die probleem benader. Ideologies leer die leser elke karakter se 'teologiese-sentimente' ken. Perseptueel is

<sup>127</sup> Daarom kan 'n mens nie noodwendig praat van die ontwikkeling van wysheid soos Loader (vgl. 1979:117-123) nie, maar 'n mens kan wel onderskei tussen verskillende denkraamwerke. Job is dus nie 'n voorbeeld van die opkoms van protes teen dogmawysheid soos Loader (1979:121) beweer nie. In Job tref 'n mens byvoorbeeld gelyktydig dogmawysheid en proteswysheid aan. Job se woorde is dan proteswysheid en die vriende s'n dogmawysheid. Verskillende tipes wysheid bestaan dus naas mekaar met 'n sekere tipe wat meer dominant is vir 'n sekere tyd of plek. (Dit vergelyk goed met die huidige debat oor postmodernisme. Die onderskeid tussen premodernisme, modernisme en postmodernisme (vgl. Du Toit 2000:18) moet myns insiens nie gesien word as fases van ontwikkeling nie. Hierdie drie denkraamwerke bestaan op enige gegewe tyd naas mekaar. Die een is gewoonlik slegs meer dominant op 'n gegewe tydstip (en plek) as die ander.)

<sup>128</sup> Clines (1989:8) meen dat die leser genoeg inligting het om te weet dat die bedoeling van die verhaal is om iets te sê oor onverdiende lyding. Job het nie dieselfde inligting as die leser nie en beleef 'n klomp twyfelvrae oor God en/of oor homself.

<sup>129</sup> Die Ou Testament interpreteer gewoonlik siektes soos die van Job as God se straf op sonde (vgl. Wright & Jones 1992:279).

<sup>130</sup> "The imagination of the friends are anchored in integrative narrative patterns and practice of piety that allow one to experience not only a grounding sense of order and security but also the hope of transformation. At the heart of Job's imagination lies the enigma of bodies broken for no reason. By insisting on speaking of and for such bodies, Job is drawn to the language of justice and accountability as it can be imagined in a court of law" (Newsom 1999:252).



die karakters in hierdie toneel duidelik beperk tot die tyd en ruimte waarin hulle hulleself bevind. Job en sy vriende se fokalisasie van Job verskil drasties.

**iii) *Bedryf III [27:1-42:17]:***

Die bedryf begin met dieselfde interne fokalisasie as Bedryf II (3:1-26:14). Die sienings van die karakters word steeds beklemtoon. Vir die eerste maal sedert Toneel 4 (2:1-10) kom Jahwe aan die woord. Sy woorde moedig vir Job (en die leser) aan om opnuut oor Jahwe te fokaliseer. Die leser leer ook dat Jahwe eerder opregtheid as goeie teologiese argumente in ag neem. Die verteller fokaliseer die karakter Job aan die einde van die Jobverhaal soos wat hy ook aan die begin van die verhaal gefokaliseer het.

**a) *Toneel 7 [27:1-31:40]:***

Toneel 6 (3:1-26:14) gaan naatloos oor na Toneel 7 (27:1-31:40). 'n Onderskeid word inhoudelik tussen die twee tonele gemaak. Toneel 7 (27:1-31:40) se fokalisasie is suiwer intern soos Toneel 6 (3:1-26:14). Job probeer nie meer om sy vriende verkeerd te bewys nie. Sy fokus val nou op sy toestand vroeër en nou, asook Jahwe se karakter en aandeel in sy huidige toestand. Dit is duidelik dat Job ander mense fokaliseer as mense wat hom nie meer eer soos vroeër nie. Hy fokaliseer ook vir Jahwe as een wat nie meer reg teenoor hom optree nie.

**b) *Toneel 8 [32:1-37:24]:***

Toneel 8 (32:1-37:24) begin met die verteller wat opsom dat Job sy drie vriende se monde gesnoer het. Die verteller stel ons ook voor aan 'n jong man, Elihu en beskryf hom as kwaad vir Job en sy drie vriende. Die res van die toneel is Elihu se monoloog en dus ook interne fokalisasie. In Job 32 maak hy aanspraak op objektiwiteit. Hy keur die raad van Elifas, Bildad en Sofar af omdat hulle nie vir Job kon oortuig nie. Vir Job is hy ook kwaad en begin in Job 33 vir Job tereg wys. Hy deel in hierdie toneel sy siening van die gebeure rondom Job. Sy fokalisasie van Job en sy ellende verskil nie werklik van die van die ander drie vriende nie.

**c) *Toneel 9 [38:1-42:6]:***

Jahwe nooi nou vir Job om anders te fokaliseer oor Hom en die aantygings wat Job teen Hom maak in daardie lig te beskou. Jahwe nooi Job om verby homself en sy vriende te kyk na die skepping rondom hom. Miskien sou Elihu se opmerkings in 36:26-37:24 Job bewus maak van Jahwe se teenwoordigheid in die Skepping. Dit sou Job dan anders laat fokaliseer oor Jahwe.

Dit sou by implikasie beteken dat Jahwe nie in Job 38-42:6 aan die woord hoef te wees nie. Job 38-42:6 kan dan slegs Job se fokalisasie van die skepping wees wat hom tot die besef bring van sy eie nietigheid. Jahwe se retoriese vrae en opmerkings in Job 38-42:6 is nie Jahwe se fokalisasie op die skepping nie, maar 'n oproep tot Job om via 'n fokalisasie op die skepping weer te besin oor (fokaliseer op) Jahwe.<sup>131</sup>

**d) Toneel 10 [42:7-9]:**

Hier hoor 'n mens hoe Jahwe die verskillende argumente van Job en sy vriende fokaliseer. Jahwe se siening is dat Job se vriende verkeerd was en dat Job self reg was. Die reg en verkeerd lê nie opgesluit in die teologiese argumente van die karakters nie, maar die opregtheid waarmee hulle argumenteer. Job was rebels, maar opreg. Hy het geen bybedoelings gehad nie en wou slegs vir Jahwe verstaan. Elifas, Bildad en Sofar het vir Jahwe verdedig<sup>132</sup> ter wille van die moontlike voordeel (voorspoed) wat dit vir hulle kon inhou. Hulle vroomheid het in die pad gestaan van opregte gebed (vgl. Gibson 1992:139). Hulle het gedink dit sou Jahwe beïndruk as hulle vir Job tereg wys, en dat Hy hulle dan sou seën. En Elifas? Hoe fokaliseer Jahwe sy argumente? Elifas se argumente verskil nie wesenlik van Elihu, Bildad en Sofar s'n nie. Weer eens: Jahwe fokaliseer nie op die inhoud van die argumente nie, maar die opregtheid van die argumente. Elihu se argumente is swak, maar hy glo opreg in wat hy sê – hy is nie bang dat hy iets sal verloor nie. Hy word nie saam met die ander drie vriende genoem nie omdat Jahwe hom nie fokaliseer as verkeerd nie. Hy word ook nie saam met Job genoem nie, omdat hy nie so 'n belangrike karakter soos Job is nie.

**e) Toneel 11 [42:10-17]:**

Hier rapporteer die verteller slegs oor die uiteinde van die verhaal van Job. Die fokalisasie is eksterne verteller-fokalisasie. Dieselfde outoritêre stem as in Bedryf I (1:1-2:13) word weer gehoor. Hier sien 'n mens hoe die karakter van Job ontwikkel het. Die verteller fokaliseer Job steeds as 'n man wat vroom en opreg is. Die leser het egter 'n 'dieper' Job leer ken. Die leser fokaliseer Job nou anders as aan die begin, omdat die leser nie slegs meer staatmaak op die persoon wat die verteller aanbied nie, maar die persoon wat die leser self leer ken het. Job is steeds dieselfde persoon, vroom en opreg, maar hy is nou 'n baie meer komplekse karakter.

<sup>131</sup> Vgl. Dailey (1993b:193-194).

<sup>132</sup> "As soon as Job begins to curse his origins and accuse God of arbitrarily imprisoning him in the hedge of afflictions, the friends rise proudly to God's defense" (Habel 1992:26).

*iv) Samevatting: fokalisasie in die Jobdrama*

Die Jobdrama bevraagteken die teologie wat 'n verband wil bring tussen voorspoed en vroomheid, en teëspoed en sonde. Fokalisasie is een van die sterkste tegnieke wat die verteller van die Jobdrama hiervoor gebruik. Die verskynsel van lyding en voorspoed word vanuit verskillende hoeke (opinies) benader. Die verteller begin deur die leser se vertroue te wen. Hy doen dit deur die manier waarop hy die vertelling begin deur sy fokalisasie van 'n sekere karakter in die verhaal. Die gefokaliseerde karakter is natuurlik Job. Die manier waarop die verteller die karakter Job sien, bevestig aan die leser dat daar 'n verband tussen voorspoed en vroomheid is. Die Jobdrama wil juis aandui dat daar nie so 'n verband bestaan nie. Die verhaal wil die leser oortuig met 'n storie waarmee die leser homself kan identifiseer. Deur die leser se sentimente oor voorspoed en vroomheid trompop te ontken, is nie die beste strategie nie. Die vertellersfokalisasie in Toneel 1(1:1-5) maak die leser rustig. Sodoende word die grond berei vir die moeilike vrae wat deur die verhaal aangespreek word.

In die res van Bedryf I (1:1-2:13) trek die verteller die leser deur middel van fokalisasie in die verhaal in. Hy doen dit deur die fokalisasie geleidelik te laat verander van objektief (ekstern) na subjektief (intern).<sup>133</sup> In die res van Bedryf II (3:1-26:14) (Toneel 2-5) sien die leser hoe sewe ander karakters vir Job fokaliseer. Die verteller los egter nog nie heeltemal die leser se hand nie. Die verteller is nog voelbaar aanwesig en dit gee steeds aan die storie outoriteit, wat op sy beurt die vertroue van die leser behou.

Die eerste subjektiewe fokalisasie is die van Jahwe en Satan in Toneel 2 (1:6-12). Jahwe en Satan fokaliseer Job se voorspoed en vroomheid op so 'n manier verskillend dat daar 'n meningsverskil ontstaan oor die motiewe vir Job se vroomheid. Op hierdie wyse begin die Jobverhaal vir die eerste keer die verband tussen voorspoed en vroomheid bevraagteken. Die leser voel homself nie heeltemal tuis met die fokalisasie van Satan nie, maar Satan se vraag leef baie subtiel in die leser se hart ook en dit skep spanning by die leser.

Die ellende wat vir Job tref (Toneel 3 (1:13-22)), word deur Job op 'n bepaalde manier beleef. Dit is die volgende verskynsel van subjektiewe fokalisasie. Job sien die rampe as 'n manier waardeur Jahwe neem soos wat hy vroeër gegee het. Dit blyk hieruit asof Job se mening is dat

<sup>133</sup> In hierdie paragraaf sal eerder gepraat word van objektiewe- en subjektiewe fokalisasie as van eksterne- en interne fokalisasie. Dit sal die verduideliking vergemaklik dat die verhaal se tegniek is om die leser te oortuig deur subjektiewe menings deur die stemme van karakters, in plaas van absolute antwoorde deur die outoritêre stem van 'n verteller.

Jahwe geëer behoort te word as Hy gee, maar ook as Hy neem. Die leser ervaar hier verligting – Satan se argument hou nie water nie. Die afleiding is dat vroomheid voorspoed beteken. Die ironie is dat die leser nie die teëspoed wat Job beleef hier in verband bring met sonde nie. Die leser kyk daarby verby, omdat hy meer inligting het as die karakter Job en die boodskappers wat kom vertel van die rampe. Die leser weet dat Job nie teëspoed beleef as gevolg van een of ander sonde nie. Dit wek egter nog nie by die leser die vraag of daar uitsonderings is op die reël waar teëspoed en sonde (en voorspoed en vroomheid) nie met mekaar verband hou nie, want reeds hier begin die verhaal impliseer dat daar nie altyd so ‘n verband te trek is nie. Die leser stel egter nou meer belang in die uitkoms van die dispuut tussen Jahwe en Satan as in een of ander teologie. So sytel die skrywer die diepste binneste van die leser binne.

Die Jahwe-Satan-dispuut word in Toneel 4 (2:1-10) voortgesit. Jahwe fokaliseer Job as standvastig en die voorspoed-vroomheid teologie is veilig. Satan beskou voorspoed in meer detail. Goeie gesondheid is ook voorspoed. Satan meen dat ‘n man alles sal opoffer vir sy lewe. Weer gee Jahwe aan Satan die geleentheid om dit te toets en weer slaag Job in die toets. ‘n Vierde karakter, Job se vrou, verhoog vir ‘n oomblik die spanning deur haar fokalisasie van Job se getrouheid. Job se vrou is die een karakter in die storie wat die beste sal weet dat Job nie gesondig het nie. Sy is immers sy vrou. (Die leser weet dit ook, maar is helaas nie ‘n karakter in die storie nie). Job se vrou se siening is, soos dié van Job, dat die ellende uit die hand van Jahwe kom. Omdat daar geen verband tussen voorspoed en vroomheid is nie, is daar niks wat Job aan sy toestand kan doen nie. Wat help dit dat hy in sy vroomheid volhard? Hy sal tog niks daardeur wen nie. Die beste ding wat hy volgens haar kan doen, is om vir God te sê hoe hy voel (of dalk eerder soos sy voel?) en die moontlike gevolge daarvan te dra. Job gee ‘n supervroom antwoord – dat ‘n mens die slegte ook van God moet aanvaar as jy die goeie so maklik aanvaar. Job se vrou fokaliseer dat daar nie ‘n verband tussen vroomheid en voorspoed is nie. Uit die gebeure blyk dit dat sy reg is. Indien Job egter dieselfde sou voel, sou Jahwe die dispuut verloor en die verteller sy gehoor.

In Toneel 5 (2:11-13) leer die lesers drie ander karakters ken, wat Job se toestand anders fokaliseer as Job se vrou. Elifas, Bildad en Sofar is nie bewus van Job se sondeloosheid nie. Job se fisiese toestand en hulle verstaan van die verband tussen teëspoed en sonde beïnvloed die manier waarop hulle vir Job fokaliseer. Hulle fokalisasie van Job is dat hy ‘n groot sonde gepleeg het. Dit weet die leser nog nie omdat hulle standpunte eers in Bedryf II duidelik word

(3:1-26:14). Die vraag na wat die vriende gaan sê, is die wortel voor die leser se neus wat die leser verder laat lees.

Bedryf I (1:1-2:13) se fokalisasie neem die leser dus van 'n objektiewe absolute waarheid wat deur die eksterne fokalisasie van die verteller aangebied word, na 'n subjektiewe mening wat deur die subtile interne fokalisasie van karakters aangebied word. Bedryf I (1:1-2:13) het die leser nou gereed gemaak en uitgehonger vir die uiterste subjektiewe menings van karakters in die vorm van die interne fokalisasie van Toneel 6 (3:1-26:14). Sonder dat die leser dit besef, het die verhaal die leser in die verhaal ingetrek deur interne fokalisasie.

Toneel 6 (3:1-26:14) se interne fokalisasie maak die leser nou deel van 'n vurige debat. Job se fokalisasie van die gebeure lyk nou skielik anders. Waarom het Job nou van standpunt begin verander? Eerstens sou 'n mens kon sê Job se standpunt in 2:10 was 'n tegniek van die verteller om die verhaal te laat voortgaan. Die leser wil nie hê dat die verhaal daar moet stop nie. Diep binne het die verhaal begin roer aan vrae wat 'n mens nie behoort te vra nie. 'n Tweede rede het te doen met Job se supervroomheid. Hieroor kan 'n mens as leser slegs spekulêr saam met ander lesers. 'n Mens sou kon redeneer dat Job aanvanklik hierdie supervroom antwoord in 2:10 aan sy vrou gee omdat hy besef dat Jahwe hom toets. Uit die verhaal van Abraham wat vir Isak moes offer (Gen 22), is dit tog duidelik dat God die vrome se opregtheid mag toets. Job besef dit baie goed.<sup>134</sup> Sou hy dan die toets slaag deur vroom te bly ondanks teëspoed, sal Jahwe sy voorspoed herstel. Sou hy aan die ander kant na sy vrou luister en God vervloek, sou hy die toets nie slaag nie en Jahwe sou sy teëspoed laat voortgaan. Na sewe dae herstel Jahwe nie Job se voorspoed nie en Job is sy vriende 'n verduideliking verskuldig oor hoekom hy so ernstig agteruit gegaan het. Al wat Job weet, is dat hy onskuldig is en al wat sy vriende glo, is dat hy gesondig het. Job begin nou besef wat die leser ook begin besef – daar is geen verband tussen voorspoed en vroomheid, teëspoed en sonde nie. Die dilemma waarby die leser nou betrek word, is die vraag oor die waaroms van lyding en of 'n mens mag vrae vra oor God se aandeel in lyding. Die leser is verskeurd. Aan die een kant wil hy ook die vrae vra wat Job vra. Aan die ander kant wil hy liever nie deelneem aan Job se twyfelsonde nie en liever die veilige kant van die vriende kies.

---

<sup>134</sup> Vgl. Clines (1989:28).

Die verhaal slaag dus op hierdie stadium meesterlik daarin om 'n neutrale leser te hê. Die leser bevraagteken as't ware nou sy eie voorveronderstellings oor sake soos voorspoed, vroomheid, lyding, teëspoed en sonde. Die leser is 'n skoon boek onder die invloed van 'n meesterlike skrywer.

In Bedryf III (27:1-42:17) beweeg die verteller geleidelik terug na eksterne fokalisasie. Die verteller se fokalisasie is afwesig in Toneel 7 (27:1-31:40), 8 (32:1-37:24) en 9 (38:1-42:6). In Toneel 10 (42:7-9) begin die leser weer die verteller 'voel', terwyl die verteller die verhaal afsluit in sy woorde in Toneel 11 (42:10-17).

Toneel 7 (27:1-31:40) en 8 (32:1-37:24) volg steeds die subjektiewe fokalisasie van Toneel 6 (3:1-26:14). 'n Mens begin nou die gevoel kry dat niemand vir Job sal oortuig nie. Elihu se mening laat 'n mens wonder of daar dan ooit 'n antwoord is.

Die antwoord van Jahwe in Toneel 9 (38:1-42:6) is literêr fantasties ten opsigte van die fokalisasie in hierdie toneel. 'n Mens sou maklik wou sê dat Jahwe hier fokaliseer. Tog is dit nie Jahwe wat fokaliseer nie, maar 'n oproep deur Hom na Job om op die skepping te fokaliseer. Sodoende sal Job 'n prentjie sien wat hom weer sal laat dink oor sy vrae aangaande Jahwe. Job se fokalisasie op die skepping laat hom indirek fokaliseer op homself.<sup>135</sup> Hy sien homself skielik in terme van 'n groter prentjie. Skielik is Job nie meer so belangrik nie en besef hy sy eie kleinheid. Job se vroomheid en opregtheid tree weer na vore uit sy reaksie op dit wat hy sien. Die uitstekenheid van hierdie toneel is dat die verhaal nie 'n oplossing vir die vrae gee in 'n antwoord van Jahwe nie. Die verhaal maak dus steeds nie staat op een of ander outoritêre stem met absoluut waar antwoorde nie. Nee, die verhaal nooi die leser om saam met Job te kyk en die leser kom tot dieselfde besef as Job (vgl. Viviers 1997:118-120).

In Toneel 10 (42:7-9) is daar wel 'n absolute antwoord deur 'n outoritêre stem. Die verteller vertel vir die leser wie in die debat van Toneel 6 (3:1-26:14) nou eintlik reg en wie nou eintlik verkeerd was.<sup>136</sup> Hy behou die metode van interne fokalisasie en gebruik die stem en fokalisasie van Jahwe om outoriteit aan sy gevolgtrekking te gee. Die waarheid is dat dit beter

<sup>135</sup> "What Job now sees with such immediacy is not so much God himself, as it is the cosmos through God's eyes" (Lasine 1988:44).

<sup>136</sup> Vgl. Loader (1994:90-94) se teorie van *circulus vitiosus* waarmee hy die 'reg praat' en 'verkeerd praat' van Job en sy vriende verklaar.

is om opreg met God te worstel, as om met bybedoelings ‘n teologie oor God te probeer beskerm (en sodoende vir God self te probeer beskerm).

Jahwe herstel Job se voorspoed in Toneel 11 (42:10-17). So vertel die verteller dit self. Was Job se vriende dan op die ou einde tog reg? Het Job se opregte worsteling met God gedui op sy vroomheid? Het hierdie vroomheid nou vrugte afgewerp en hom dubbele voorspoed in die sak gebring? Op hierdie vrae is daar nie regtig antwoorde nie. Jahwe het dit goed gedink om vir Job dubbeld terug te gee wat hy verloor het.

### 7.3 Vertelinstantie.

‘n Storie word oorgedra deur ‘n persoon of instansie – die verteller. Die verteller word beskryf in terme van sy verhouding tot die storie. Hierdie verhouding is tweedimensioneel. Die eerste dimensie is ‘n tydsdimensie, waar die verhouding tussen die verteller en die storie temporeel uitgedruk word. Die vertelling kan dan ‘n agterna-, vooruit-, gelyktydige- of ingevoegde vertelling wees. Die tweede dimensie is die dimensie van die narratiewe vlak. Aangesien ‘n narratief in ‘n narratief kan voorkom, kom vertellers ook op verskillende narratiewe vlakke voor. ‘n Verteller kan met ander woorde vertel van ‘n verteller wat ‘n verhaal op ‘n volgende narratiewe vlak vertel.

In Hoofstuk 2 van hierdie studie is vermeld dat Rimmon-Kenan (1983:94-103) die narratiewe vlak, betrokkenheid by die storie en waarneembaarheid van die verteller gebruik as kriteria om die verteller te beskryf. Die verhouding tussen die narratiewe vlak en betrokkenheid by die storie kan ‘n verteller beskryf in terme van ‘n kombinasie tussen intra- of ekstradiëgeties en hetero- of homodiëgeties. Tabel 2.2 sit hierdie verhouding uiteen. Die kombinasie van al drie die bogenoemde kan die geloofwaardigheid van die verteller beskryf.<sup>137</sup>

‘n Mens kan begin deur die temporele verhouding van die verteller van Job te beskryf. Vervolgens sal die narratiewe vlak, betrokkenheid by die storie, waarneembaarheid en geloofwaardigheid van die verteller van Job bespreek word.

<sup>137</sup> “Can you feel the narrator’s presence anywhere in the text? This will apply especially in the case of information, comments, explanations or value judgments on his part. Can you point to these instances of the writer speaking? Where is the writer less obviously present (for instance in his dileberate arrangement/composition of material)? Does he usually make his own statements at strategic points in text?” (Fokkelman 1999:208)

Die werkwoord waarmee die verhaal begin, is die Qal perfektum derde persoon manlik enkelvoud van die woord הָיָה - ‘daar was gewees’. Die verhaal begin dus in die verlede tyd en vertel dat “אִישׁ הָיָה בְּאֶרֶץ-עוּץ” (“In die land Us was daar ‘n man ...”). Die begin van Job se verhaal maak die temporele verhouding van die verteller tot die storie die van ‘n agternavertelling.

In Bedryf I (1:1-2:13) bly die leser bewus van die ‘agterna-aard’ van die vertelling omdat die verteller, wat die vertelling in agterna-modus begin vertel, waarneembaar is in die hele bedryf. In Bedryf II (3:1-26:14) neem die verteller se waarneembaarheid af en die temporele verhouding wil voorkom asof dit ‘n gelyktydige vertelling is. Die verteller stel egter telkens die karakter aan die woord met die frase וַיֹּאמֶר “Hy het geantwoord en gesê ...” of וַיֵּצֵא וַיִּסָּף “Hy het voortgegaan, sy diskoers hervat en gesê ...”. Die verteller se waarneembaarheid hier herinner die leser dat die temporele verhouding van die verteller die van ‘n agternavertelling is.

In Bedryf III (27:1-42:17) raak die verteller weer meer waarneembaar. Die modi van die werkwoorde in Job 32:1-6 herinner weer die leser dat die vertelling agterna gebeur. Toneel 10 (42:7-9) en 11 (42:10-17) is baie duidelik agternavertelling afgelei uit die modi van die werkwoorde wat daar gebruik word. Die verteller is weer in Toneel 10 (42:7-9) en veral Toneel 11 (42:10-17) net so waarneembaar as in Bedryf I (1:1-2:13).

Die verteller is ‘n ekstradiëgeties-heterodiëgetiese verteller. Dit is met ander woorde ‘n verteller op die vlak van die eerste narratief wat ‘n storie vertel waarby hy afwesig is. Dit is die tradisionele ouktoriële verteller (vgl. Potgieter 1991:102).

Oor die waarneembaarheid van die verteller kan ‘n mens meer sê. Die waarneembaarheid kan ook grafies voorgestel word (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1). In Toneel 1(1:1-5) is die verteller so overt as wat ‘n verteller kan wees. Hy voldoen aan vier van die ses vereistes van Chatman (in Rimmon-Kenan 1983:96) vir waarneembaarheid. Hier moet ‘n mens nie slegs aan omgewing dink in terme van die ruimtelike aspek van die storie nie. ‘n Mens moet dink aan omgewing as die ‘setting’ van die storie. Die verteller beskryf nie veel van die omgewing nie, maar noem slegs die land Us en die Ooste. Hy plaas die storie egter in ‘n omgewing en is



dus waarneembaar. Hy identifiseer wel karakters van wie die belangrikste die karakter Job is. Behalwe Job identifiseer hy ook Job se slawe en kinders. Van hierdie karakters definieer die verteller net die Jobkarakter (dit is die uitsluitlike taak van Toneel 1(1:1-5)). Die verteller vertel ook van die partytjies van Job se seuns. Die verteller gee nie inligting oor dit wat 'n karakter nie gesê of gedink het nie. Hy stereotipeer wel as hy in 1:3 sê dat Job die rykste in die Ooste was en lewer sodoende kommentaar. In Hoofstuk 7 van hierdie studie is aangedui dat Toneel 1(1:1-5) 'n opsomming is. Die verteller voldoen dus aan die vereiste van temporele opsomming. Die verteller kry dus 'n 5 uit 6 vir waarneembaarheid in Toneel 1(1:1-5) en kan dus beskryf word as overt (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

In Toneel 2 (1:6-12) is die verteller amper heeltemal kovert. Hy gee aan die storie 'n bepaalde plasing – die teenwoordigheid van Jahwe. Hy identifiseer die karakters in die toneel naamlik Jahwe, Satan en die hemelinge. Die verteller beskryf of definieer geen van hierdie karakters nie. Die verteller is nie baie waarneembaar nie en kry 'n 2 uit 6 vir waarneembaarheid in Toneel 2 (1:6-12) (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

In Toneel 3 (1:13-22) is die verteller meer overt, maar tog moeilik waarneembaar. Die storie word kortliks geplaas en die karakters word geïdentifiseer maar nie gedefinieer nie. In 1:22 vertel die verteller dat Job nie iets ongerymds (OAV) aan God toegeskryf het nie. Die verteller vertel dus wat Job nie gesê of gedink het nie en is hier baie overt. In Toneel 3 (1:13-22) is die waarneembaarheid van die verteller 'n 3 uit 6. Die verteller is dus waarneembaar, maar nie so waarneembaar soos in Toneel 1(1:1-5) nie (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

In Toneel 4 (2:1-10) is die verteller net so overt as in Toneel 1(1:1-5). Die verteller word waargeneem by die plasing van die toneel. Hy identifiseer, soos in die vorige tonele, die karakters, maar in hierdie toneel definieer hy ook die karakter Job as hy beskryf dat Satan hom van sy voetsool tot by sy kop met swere getref het (2:7). In 2:7-8 gebruik die verteller ook temporele opsomming om in 'n kort relaas 'n hele reeks gebeure te beskryf. Die verteller meld ook in 2:10 dat “by dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie” (Job 2:10 – OAV). Hieruit lei ons af dat Job nie vir Jahwe vervloek het nie en weet sodoende wat Job nie gesê het nie. Die verteller kry in Toneel 4 (2:1-10) 'n 5 uit 6 vir waarneembaarheid (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

Die verteller is ook in Toneel 5 (2:11-13) oort. Hy plaas die toneel en identifiseer die karakters. Hy definieer ook die drie vriende van Job in terme van hulle herkoms. In 2:13 lewer die verteller kommentaar: “Sewe dae en sewe nagte lank het hulle op die grond by hom gesit sonder om ‘n woord met hom te praat, want hulle het gesien dat sy smart baie groot is” (Job 2:13 – NAV – my kursivering). Die verteller interpreteer dus waarom die drie vriende vir sewe dae en nagte net by Job gesit het sonder om ‘n woord te praat. Toneel 5 (2:11-13) is ook ‘n temporele opsomming. Die verteller kry ‘n 5 uit 6 vir waarneembaarheid in Toneel 5 (2:11-13) (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).


In Toneel 6-10 (3:1-42:9) raak die verteller uiters koort en verdwyn omtrent as’t ware. In al hierdie tonele is ‘n karakter die grootste deel van die tyd aan die woord. Die verteller identifiseer telkens slegs die karakter wat aan die woord kom en laat die res van die vertelling oor aan karakterspraak. Aan die begin van Toneel 8 (Job 32:1-6) is die karakterspraak minder maar die verteller is steeds koort. Hy stel op ‘n omsigtige wyse ‘n nuwe karakter, Elihu, aan die woord. In Toneel 6-10 is die verteller koort omdat sy waarneembaarheid slegs ‘n 1 uit 6 kry (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

In Toneel 11 (42:10-17) spring die verteller van koort na oort. Die verteller plaas die toneel, identifiseer die karakters en definieer die karakter Job soos wat hy Job in Toneel 1(1:1-5) gedefinieer het. Die toneel is temporeel ‘n opsomming. In 42:15 lewer die verteller kommentaar op die skoonheid van Job se dogters. “Nêrens in die land was daar vroue so mooi soos Job se dogters nie” (Job 42:15 – NAV). Dit is ‘n waarde-oordeel van die kant van die verteller. Die verteller se waarneembaarheid in Toneel 11 (42:10-17) is ‘n 5 uit 6 (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

Tabel 7.1: Die ses vereistes vir waarneembaarheid van ‘n verteller.

| 6 VEREISTES VIR WAARNEEMBAARHEID                 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
|--------------------------------------------------|---|---|---|---|---|---|---|---|---|----|----|
| Beskrywing van omgewing / plasing van storie     | x | x | x | x | x |   |   |   |   |    | x  |
| Identifisering van karakter                      | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x  | x  |
| Definiëring van karakter                         | x |   |   | x | x |   |   |   |   |    | x  |
| Vertel wat karakter nie gesê/gedink het nie      |   |   | x | x |   |   |   |   |   |    |    |
| Kommentaar (interpretasie, oordeel, veralgemeen) | x |   |   |   | x |   |   |   |   |    | x  |
| Temporele opsomming                              | x |   |   | x | x |   |   |   |   |    | x  |

Diagram 7.1: Waarneembaarheid van verteller.



Die verteller is geïdentifiseer as 'n ekstradiëgeties-heterodiëtiese verteller. Waar so 'n verteller overt is, het hy minder geloofwaardigheid. Hoe meer kovert hierdie verteller raak, hoe meer raak sy geloofwaardigheid. In die paragraaf oor fokalisasie is aangedui dat die verteller in Bedryf I (1:1-2:13) die leser se vertroue wen met sy manier van vertel. Wanneer 'n mens egter na Diagram 7.1 kyk, sien 'n mens dat die verteller in Bedryf I (1:1-2:13) op sy mees overte is. As 'n mens nou sê dat 'n kovert verteller meer geloofwaardigheid het as 'n overte verteller, klink dit teenstrydig om te sê dat die verteller in Bedryf I (1:1-2:13) die vertroue van die leser wen.

'n Mens moet onthou waarom die overte verteller geloofwaardigheid inboet. Die overte verteller boet geloofwaardigheid in omdat sy waardesisteem vir die leser duidelik is. Die leser weet dus dat die overte verteller feite kan verdraai om sy waardesisteem te pas.

Die overte aard van die verteller in Toneel 1(1:1-5), val so reg in die kraal van die leser. In Toneel 1(1:1-5) wen die verteller vertroue by die leser omdat dit lyk of hy dieselfde teologiese sentimente as sy teikengroep deel. Die leser vertrou hom na Toneel 1(1:1-5) genoeg. In Toneel 2 (1:6-12) is die verteller kovert en begin hy die leser se siening subtiel te swaai sonder dat die leser dit agterkom – die verteller deel dieselfde sentimente. Omdat die verteller in Toneel 2 (1:6-12) kovert is, glo die leser wat daar staan. Die bietjie meer waarneembaarheid in Toneel 3 (1:13-22) bevestig slegs dat die verteller aan die leser se kant is. Dit sien 'n mens in die verteller se getuienis aangaande Job. In Toneel 4 (2:1-10) is die verteller weer overt. Sy waarneembaarheid is egter nie ten koste van geloofwaardigheid nie. Die toneel klink te veel dieselfde as die kovert vertelling van Toneel 2 (1:6-12). Die verteller

kan dit dus bekostig om waarneembaar te wees. Sy waarneembaarheid bevestig ook slegs dat sy sentimente onveranderd bly. In Toneel 5 (2:11-13) is hy ook oortuig, maar boet steeds nie vertroue in nie, omdat hy en die leser teologies saamstem met mekaar.

Tonele 6-10 is doelbewus kovert. Die verteller wil die leser nou begin oortuig van 'n nuwe siening sonder om sy geloofwaardigheid te verloor. Daarom gee hy die verhoog vir die karakters. Die leser twyfel geensins aan die verteller se geloofwaardigheid nie, maar begin 'n stryd met die karakters in die teks. Op die manier trek die verteller die leser in die teks in en word die stryd nie slegs die stryd van die karakters nie, maar ook die stryd van die leser self. Die belangrikste deel van die storie het dus die mees kovert verteller.

Die verteller sluit sy storie met Toneel 11 (42:10-17) af op dieselfde oorte toon as in Bedryf I (1:1-2:13). Die verteller is hier steeds die betroubare vriend van die leser, met dieselfde definiëring van die Jobkarakter as in Toneel 1(1:1-5). Die leser se kop is nou gedraai om anders te dink oor die verband tussen voorspoed en vroomheid, maar hy en die verteller gaan nie as kwaai vriende uitmekaar nie. Intendeel, die leser en verteller het nooit met mekaar verskil nie. Die leser het slegs konflik beleef met die karakters in die verhaal.

#### **7.4 Samevatting.**

Die fokalisasie en die eienskappe van die verteller in Job speel 'n essensiële rol vir die doel van die boek. Die boek wil 'n bestaande teologie of lewenswysheid bevraagteken.<sup>138</sup> Dit is natuurlik die opvatting oor die verband tussen voorspoed en vroomheid en teëspoed en sonde. Die skrywer wil nie hierdie sentimente van die leser stormloop en sodoende die vertroue van die leser verloor nie. Sodoende sal hy nie die leser kan aanmoedig om anders te begin dink oor hierdie saak nie.

Die fokalisasie en vertelinstansie is van so aard dat die leser nie gekonfronteer word met 'n outoritêre stem wat hom wil oortuig van 'n nuwe standpunt nie. Hierdie meesterlike literêre werk trek op 'n effektiewe en kragtige manier die leser in die verhaal in en maak sodoende die karakters se stryd ook die leser se stryd. Aangesien die leser saam stry en nie slegs 'n

<sup>138</sup> Die manier waarop die boek Job dit doen, bring Habel (1985:60) daartoe om van die boek te sê: "The book of Job is a brilliant tapestry of literary art and theological dispute. Ambiguous images of the world are interwoven with conflicting perspectives about the world."

toeskouer is nie, is die verandering wat die skrywer by die leser wou teweegbring baie meer effektief.

Fokkelman (1999:208-209) se vrae word ook in hierdie hoofstuk beantwoord:

**“4. Can you feel the *narrator’s* presence anywhere in the text? This will apply especially in the case of information, comments, explanations or value judgements on his part. Can you point to these instances of the writer speaking? Where is the writer less obviously present (for instance in his deliberate arrangement or composition of the material)? Does he usually make his own statements at strategic points in the text?” (Fokkelman 1999:208).**

In Diagram 7.1 is na aanleiding van ‘n analise en bespreking van die vertelinstansie grafies aangedui hoe waarneembaar die verteller is. Daar is ook aangedui dat die verteller homself baie strategies ‘verduister’ om sodoende effektief in sy doel te slaag, naamlik om die teologie van voorspoed-vroomheid te bevraagteken.

**“8. Where are the *speeches*? Are there many of them? Have speeches been left out where you would expect them? What factors influence the characters who is speaking, what self-interest, background, desires, expectations?**

***Congruence*: do the characters’ words match their actions? If not, how come?**

**Does the text contain indications of the *writer* supporting or approving of his character?” (Fokkelman 1999:208).**

Die grootste deel van hierdie narratief bestaan uit karakterspraak. Faktore wat karakters beïnvloed, moet meestal afgelei word uit hulle eie woorde. Behalwe vir die karakter Job, bestaan daar geen agtergrond om karakters se woorde te weeg teen hulle dade nie. Die verteller dui nie werklik ooit aan of hy van ‘n karakter hou of nie.

## HOOFSTUK 8

### SAMEVATTING EN SLOTOPMERKINGS

#### 8.1 Inleiding.

In hierdie studie is 'n narratiewe metode ontwikkel. Die metode is ontwikkel vanuit bestaande teorieë uit die narratiewe wetenskap asook uit die navorsing oor die Bybelse narratief. Nadat hierdie metode beskryf is, is dit op die teks van die Boek Job toegepas. Die doelwit was nie om 'n relaas te gee oor al die Jobnavorsing tot op hede nie. Die boek Job moes slegs onderwerp word aan die metode wat ontwikkel is. Die narratiewe metode is suksesvol toegepas op die teks van die boek Job. Die metode het hom bewys as 'n metode wat nuwe perspektief op die boek Job kan werp, en as 'n metode wat tuis behoort in die vakgebiede van die Antieke Tale en Bybelwetenskappe.

Die hipotese is dat Job 'n narratief is wat as 'n tipe drama gelees kan word. Die resultaat van hierdie studie het dit bewys. 'n Narratiewe tegniek is op hierdie boek toegepas en het bevredigende resultate gelewer. Die histories-kritiese metode is glad nie gebruik nie. Oplossings is gevind vir die probleme wat gelys is.

Wanneer die boek Job bestudeer word, besef 'n mens waarom die boek so 'n populêre boek vir Bybelnavorsers is. Die boek is 'n aangrypende literêre kunswerk. Die probleme met die boek word aangespreek deur 'n narratiewe metode juis omdat dit 'n literêre werk by uitnemendheid is.

#### 8.2 Die narratiewe metode.

Die narratiewe metode is hier gebruik as 'n alternatiewe manier om die boek Job te lees en verstaan. Die doel met hierdie metode was nie om ander navorsers verkeerd te bewys nie. In die studie is egter soms met navorsers in gesprek getree. Dit het daartoe gelei dat 'n mens sou verskil met sommige navorsers terwyl ander se navorsing aanvullend was tot die studie. Dit het geensins beteken dat sommige reg en sommige verkeerd is nie. Die metode wat hier toegepas is, is maar een perspektief op 'n komplekse onderwerp.

Die studie het begin met die uiteensetting van 'n metodiek.<sup>139</sup> Daarna is die ontwikkelde teorie toegepas op die boek Job. Die aspekte van die narratief is sistematies bespreek. Dit het egter deurentyd plaasgevind in terme van die ganse narratief (vgl. Diagram 3.1), omdat die aspekte nie waterdig van mekaar geskei kan word nie.

In Hoofstuk 4 is begin by die plot en gebeure van die boek Job. Die narratief se makroplot is verdeel in drie bedrywe. Bedryf I bestaan uit vyf tonele, Bedryf II uit een toneel en Bedryf III uit vyf tonele. Altesaam is daar elf tonele. Die eentoneelbedryf in die middel van twee vyftoneelbedrywe lê sterk klem op die worsteling van die vriende met Job en Job met God. Die plot is ook bestudeer met behulp van 'n benadering rakende die sosiale waardes van eer en skaamte in die teks. Hierdie benadering het die makro-plot bevestig en versterk. Dit het verder ook 'n aanduiding begin gee van wie die helde van die verhaal is. Die helde is onder andere die karakters wat op soek is na eer. Die aspekte van eer en skaamte het ook gedui op die fokalisasie in die teks. In terme van Job se eer kon 'n mens sien hoe God, Satan en Job homself beskou. Job se beskouing van God kom ook na vore.

In Hoofstuk 5 is die karakters en karakterisering bestudeer. Die karakterisering in die Jobverhaal vind grotendeels plaas deur indirekte voorstelling en selde deur direkte definisie. Die belangrikste karakters (die helde) van die verhaal is Job en Jahwe. Hulle is albei op 'n sending (wat verband hou met hulle eer). Hierdie sendings ('quests') van die helde is bymekaar ingebed en beïnvloed mekaar. Die res van die karakters is bykarakters en vervul 'n rol groter as hulle persoon. Hulle is die helpers en opponente van die helde. 'n Interessante diagram (Diagram 5.1) dui die ontwikkeling, kompleksiteit en penetrasie in die innerlike van die karakters aan.

Hoofstuk 6 het die tyd en ruimte van die Jobverhaal beskryf. Die persentasies verteltyd van die verskillende tonele is bereken (Tabel 6.1-6.5) en op 'n grafiese wyse is aangedui hoeveel verteltyd die narratief aan elke toneel spandeer (Diagram 6.1-6.5). Sodoende is afleidings gemaak oor die belangrikheid van tonele. Die narratief 'gee' ook 'n sekere hoeveelheid verteltyd aan die karakters in Toneel 6 (3:1-26:14). Die belangrikheid / status van die karakters is hieruit afgelei (vgl. Tabel 6.5 en Diagram 6.4).

---

<sup>139</sup> Hoofstuk 2 en 3.

Die narratief wy die grootste gedeelte van die narratief aan karakterspraak in Bedryf II (3:1-26:14). Dit maak die verhaal baie lewensgetrou en trek die leser sodoende baie effektief by die verhaal in. Verder bied dit aan die narratief die vermoë om verskillende standpunte te lug by monde van verskillende karakters in plaas van een verteller met een standpunt.

Aangesien die verteller nie baie waarneembaar is nie, moet die leser meestal self aflei in watter ruimte die storie afspeel. Ruimte word dus nie deur die verteller gedefinieer nie, maar deur die leser afgelei.

Hoofstuk 7 het die fokalisasie en verteller van die boek bestudeer. Die fokalisasie en verteller word op so 'n wyse deur die narratief ingespan, dat dit die leser se vertroue wen. Die leser worstel as't ware saam met die karakters oor lewensvrae. Die verhaal word nie vertel deur een outoritêre stem wat 'n mens deurentyd hoor nie, maar in effek deur die karakters self. Die leser kan makliker identifiseer met die verskeidenheid karakters, stemme en sienings in die boek, as wat hy/sy sou identifiseer met die ideologie van een persoon (die verteller).

Die narratiewe metode slaag daarin om die boek te ontleed.

### 8.3 Die Hipotese.

**Die hipotese vir hierdie studie is:** die boek Job is 'n verhaal. Dit is grootliks in poësievorm geskryf, maar dit is nie 'n epos nie. Dit kan as 'n tipe drama gelees word en onderwerp word aan narratologiese tegnieke in die bestudering daarvan. Hierdie narratologiese benadering bied oplossings vir vrae oor die komposisie van en oënskynlike dubbelsinnighede en weersprekings in die boek Job.

Die metode wat ontwikkel is, is toegepas op die teks en het gesuggereer dat die hipotese werkbaar is. Die narratiewe studies wat reeds op die boek Job onderneem is, is gebruik en aangevul. Die narratiewe metode slaag daarin om die boek te ontleed. 'n Mens ontdek wel dat dit moeilik is om die boek Job te tipeer as 'n spesifieke genre. Dit is dus nie werklik so eenvoudig om te sê "Job is nie 'n epos nie" en "Job is 'n drama". Die uitnemendheid van die skrywer van Job, laat nie toe dat die boek eenvoudig geklassifiseer word nie. Soos wat twee pastelskilderye van mekaar sal verskil, so sal twee literêre kunswerke ook van mekaar verskil.



## 8.4 Die groot probleme.

In Hoofstuk 1 is die ‘groot probleme’ in Jobnavorsing geïdentifiseer. ‘n Mens kan nou met reg vra of die probleme aangespreek is deur die narratiewe benadering tot Job.

### NARRATIEF : POËSIE

Dit is verstaanbaar dat ‘n mens die afleiding wil maak dat die narratiewe dele ‘n tipe ‘oerverhaal’<sup>140</sup> is en dat die poëtiese dele ‘n latere byvoeging, ‘n teologie oor die soewereiniteit<sup>141</sup> van God en die teodiseeprobleem<sup>142</sup> (vgl. Habel 1985:25) is. Habel (1985:25-35) wil egter, soos hierdie studie, ‘n argument aanvoer vir die eenheid van die boek. Die afleiding is in hierdie studie gemaak dat die historiese kritiek nie die eenheid van die boek Job kon of kan bewys nie. ‘n Suiwer narratiewe benadering (soos hier die geval is) bewys die eenheid van hierdie boek.

Die feit dat die Jobkarakter van die proloog verskil van die Jobkarakter van die dialoog word nie ‘n teenstrydigheid genoem nie, maar die beskrywing van ‘n komplekse karakter. Histories-krities beskou is daar ‘n teenstrydigheid in die karakter Job. Narratologies beskou is daar slegs sprake van ‘n komplekse karakter wat ontwikkel. Die narratiewe benadering bied dus hier die oplossing.

Die voordeel van ‘n komplekse karakter in ‘n narratief wat ingewikkelde vrae oor God en die teologie van die dag vra, is dat die leser beter met daardie karakter kan identifiseer. ‘n Leser voel tuis met die karakter wat eg mens is. Verder word daardie karakter ‘n verteenwoordiger van die leser – die karakter vra die gevaarlike vrae waarvoor die leser nie kans sien nie. Die karakter Job verteenwoordig ten diepste die stryd tussen teologie en ervaring.<sup>143</sup> Die boek Job

<sup>140</sup> Dit is eintlik interessant dat navorsers nog so laat as 1994 redeneer oor die “old tale” en sy verhouding met die finale vorm (vgl. Flemming 1994:468-482), terwyl dit lyk asof die tendens eerder is om die eenheid van die boek te probeer bewys.

<sup>141</sup> “**Sovereignty:** God’s right and ability to do whatever he wishes or plans to do” (Deist 1984:160).

<sup>142</sup> “**Theodicy:** (Any attempt to solve the problem of) justifying the concept of divine providence in the face of suffering and death – specifically, the problem of reconciling the existence of evil with the notion of God’s love and “**SOVEREIGNTY**” (Deist 1984:172).

<sup>143</sup> “If, like Job, it is with God we have to deal throughout life, how we deal both with life and with God depends in large measure on what we experience as ultimate reality (its constraints and its supports) and how we articulate the object of that experience” (Gustafson 1992:176)

reflekteer op ervaring van die lewe. Wittenberg (1991:157) sê dat “Wisdom is a reflection on experience.” Die Jobverhaal is dus ‘n wysheidsverhaal.

## DIE GEDIG OOR DIE WYSHEID (JOB 28)

Genoeg is sekerlik gespekuleer oor hierdie gedig om dit onnodig te maak om ook hier te spekulêr daaroor. In hierdie studie is aangedui dat die narratief tussen Job 26 en 27 verskuif van ruimte. Dit is, terloops, interessant dat die wysheid in hierdie gedig beskryf word in terme van ‘n ruimte of plek en nie as ‘n hipostase of personifikasie nie.<sup>144</sup> Vanaf Job 27 speel die gebeure af in die ruimte van ‘n hofverhoor. Job 27:1-31:40 is ‘n monoloog van Job met Job in die getuiebanc. Job getuig hier oor sy ervaring van die lewe nou en voor die rampe hom getref het. Hy verwoord ook sy gevoel aangaande Jahwe. Die gedig oor die wysheid is deel van Job se getuienis as geheel.<sup>145</sup> Job verwoord in sy monoloog dus iets van homself, die wysheid en Jahwe. Dit is ‘n baie sinvolle manier om sy getuienis af te lê, want tussen die mens en God lê die mens se nadenke oor God. Die wysheid is onder andere ‘n manier om na te dink oor God en die wêreld.<sup>146</sup> Dit maak Job 28 die sinvolste plek om ‘n gedig oor die wysheid in te sit. Die monoloog van Job (‘n baie komplekse karakter) sou nie dieselfde diepte en kompleksiteit hê sonder Job 28 daarin nie.

## ELIHU

In hierdie studie is aangedui dat Elihu eintlik ‘n ironiese-arbiter tussen Job en Jahwe is. Job se versoek is dat iemand moet arbitreer tussen homself en Jahwe. Die probleem is egter dat daar niemand belangriker is as Jahwe nie, niemand hoër in die hiërargie nie. Wie kan dus optree as arbiter? Die ironie van die verhaal van Job is dat die jongste, onwysste en onbelangrikste persoon gebruik word as arbiter. Hy is die jongste van die manne wat vir Job bemoedig. Hy raak nie juis iets slimmer as die drie vriende van Job kwyt nie. Hy is dus nie die wysste van die klomp nie.<sup>147</sup> Hy wag tot laaste om te praat en die verteller wy nie veel tyd aan die

<sup>144</sup> Vgl. Murphy (1993:125).

<sup>145</sup> “The theme of this pivotal poem is the search for wisdom” (Habel 1992:30). Hierdie gedig kan dus maklik deel uitmaak van Job se getuienis omdat Job hier kan getuig oor sy soeke na wysheid en hoe moeilik dit is om wysheid te ontdek. Dit hoef dus steeds nie die digter/skrywer/verteller te wees wat hier kommentaar lewer soos wat Habel (1992:30-33) aanvoer nie.

<sup>146</sup> “Wisdom can be regarded as man’s first attempts at controlling and understanding his reality and to systematise this understanding as an aggregate of meaning in terms of which he can also find his way in the world” (Nel 1996:433).

Vgl. ook Van Rooy (1991:305-307).

<sup>147</sup> Volgens Viviers (1995:185) wil Elihu graag die held wees, maar maak hy ‘n dwaas van homself. Dit beklemtoon die argument dat hy ‘n ironiese arbiter is. In ‘n sekere sin is hy ‘n held (die arbiter), maar die ironie is dat hy soos ‘n jong dwaas optree.

karakter van Elihu nie. Hierdie karakter is werklik 'n ironiese arbiter. Dit wil selfs voorkom of Elihu suksesvol is. Elihu vermeld in sy monoloog die skepping en die rol van die Skepper daarin. Dit berei die grond voor vir Jahwe se getuigenis.

Elihu het 'n baie belangrike rol ten spyte daarvan dat die verteller hom eers in Job 32 voorstel en nie reeds aan die einde van Job 2 nie. Die element van verrassing skep by die leser dieselfde effek as wat dit by Job en sy drie vriende skep. Niemand het hom daar verwag of verwag dat hy iets sal sê nie. Die verrassingselement skep 'n verwagting. Die verwagting wat geskep word, laat 'n mens verby die feit kyk dat hy nie in wese iets anders as Job se vriende sê nie.

Dit bring 'n mens by 'n ander probleem. As Elihu dan nie veel anders sê as die drie vriende van Job nie, waarom sluit Jahwe hom nie by die drie vriende in wanneer Hy hulle in 42:7-9 berispe nie.<sup>148</sup> In hierdie studie is aangedui dat Jahwe nie die driemanskap berispe op grond van die inhoud van hulle woorde nie, maar op die intensies van hulle berading. Job (en Elihu) se woorde is opreg uit die hart. Elifas, Bildad en Sofar het bybedoelings met die manier waarop hulle teologiseer. Hulle redeneer oor Jahwe op so 'n manier dat dit vir hulle voordeel kan inhou (dat Jahwe hulle mag seën).

### **GOD SE ANTWOORD AAN JOB**

Die stryd tussen Jahwe en Job is beskryf in terme van eer en skaamte (sosiale waardes). Jahwe verdedig sy eer teenoor 'n ander hemeling. Die gevolge is dat 'n persoon, Job, beroof word van sy eer. Dit raak vir albei 'n stryd om eer. Indien Job ernstig genoeg sou voel oor sy eer, sou God sy eer verloor. Alles hang op 'n manier af van die manier waarop Job sy verliese hanteer. Dit skep spanning. 'n Mens moet ook onthou dat Job se toestand 'n refleksie is op Jahwe se eer. Wanneer die regverdige swaarkry is dit 'n negatiewe refleksie op die God van die regverdige, want voorspoedsteologie verkondig dat die mens wat swaarkry nie die regverdige is nie, maar die goddelose.

Die gevolge van Jahwe se antwoord aan Job is dat Job en die leser besef dat God groter is as die mens en die mens se lyding. God se eer is belangriker as 'n teologie wat voorspoed en vroomheid met mekaar verbind. So 'n teologie is slegs 'n uitdrukking van mense se verstaan

---

<sup>148</sup> Wilcox (1998:85-95) se argument dat Jahwe vir Elihu in 38:2 tereg wys en nie vir Job nie, is nie oortuigend nie (Bimson 2000:125-128).

van God. God is groter as mense se verstaan van God.<sup>149</sup> Mense hoef slegs te gaan kyk na al die onverstaanbare dinge in die skepping om te besef dat God nie gelyk is aan dit wat mense van Hom verstaan nie (vgl. Bezuidenhout 1991:81-91). Dit is dan ook die implikasies van Job 38:1-42:6, dat God groter is as die mens se vermoë om te verstaan. Dat daar nie 'n teologie is wat eenvoudige kitsantwoorde gee oor lyding, die teodisee, voorspoed van die goddelose, MIV/vigs, besoedeling, ensovoorts nie. Die lewe (en God) maak slegs sin binne 'n verhouding met God waarin die lewe op so 'n wyse geleef word dat dit soms aanleiding gee tot 'n worsteling met God<sup>150</sup> - 'n worsteling wat verandering meebring.<sup>151</sup>

Daarom is die vriende verkeerd en Job (en Elihu) reg. Elifas, Bildad en Sofar klou aan 'n teologie wat rykes vroom laat lyk en armes goddeloos. Aan so 'n teologie moet verbeter geklou word. Job glo nie noodwendig anders as sy vriende nie, maar sy ervaring bring hom uit by 'n worsteling met God. Job kan maar weer 'n offer bring vir ingeval soos wat hy gewoon was om vir sy kinders te doen (Job 1:4-5).<sup>152</sup> Met ander woorde, Job kan luister na sy vriende en 'n offer bring vir hierdie sonde waarvoor Jahwe hom straf en waarvan hy nie weet nie. Job doen dit nie. Job bly opreg. Job waag dit eerder om met Jahwe self te worstel as om vrede te maak met 'n teologie wat homself weerspreek. Wat dit betref, handel die boek Job oor integriteit (vgl. Ceaser 1999:445-446). In Job se eie woorde hoor 'n mens die onmoontlikheid vir 'n mens om God te verstaan. Job praat namens elke leser.<sup>153</sup>

Omdat Job opreg met God stoei, sê God self dat Job, nie sy vriende nie, reg is oor God. Job se bietjie woorde in Job 38:1-42:6 getuig van iemand wat iets gesien het wat groter is as hyself. As Jahwe dan Job se besittings tweevoudig aan hom teruggee, is dit nie omdat Job se vriende reg was (as Job hom bekeer sal Jahwe hom herstel) nie. Jahwe herstel Job se status omdat Hy wil en omdat dit 'n refleksie is op sy eer. Jahwe herstel Job se eer omdat geen hemeling of bewoner van die aarde die motiewe of werkswyse van die Skepper kan bevraagteken nie.

<sup>149</sup> Daarom bespreek Brueggeman (1997:386-393) die boek Job in die gedeelte van sy *Ou Testament Teologie* wat handel oor die "Core Testimony" van Israel onder kruisverhoor. Hy noem dit "Israel's countertestimony."

<sup>150</sup> Vgl. Van Niekerk (1991:98) & Dailey (1993a:68).

<sup>151</sup> Vgl. Brown (1999:235).

<sup>152</sup> Of het Job dalk gesoek na die sonde wat hy nie kon opspoor of onthou sodat hy dit kon bely nie, soos die karakter Elisabeth in *Wie weet?* (Cloete 1984:103-106).

<sup>153</sup> "Narratives are often characterized by the fact that the hero – who may be identical to the narrative source – cross cultural frontiers" (Schmeling 1995:86).

## 8.5 Die doel van die boek Job.

Die doel en/of boodskap van die boek Job kan nie in een woord of sin opgesom word nie. Dit is die beste om 'n paar boodskappe of bedoelings uit die boek te haal.<sup>154</sup> Die boek Job is 'n uitstekende literêre werk,<sup>155</sup> 'n kunswerk wat hom nie laat indwing in vasgestelde metodes van interpretasie nie. Die boek Job vra eintlik van die leser om die storie te beleef en nie te vra wat die boodskap daaragter is nie.<sup>156</sup> Vir die leser wat klinkklare antwoorde uit die boek Job wil kry, wag daar dalk 'n teleurstelling.<sup>157</sup> Die leser wat hierdie narratiewe kunswerk geniet, kan moontlik meer antwoorde kry as wat hy/sy vrae gehad het.

*Few stories in the literature of human experience have such power to stretch minds, tax consciences, and expand visions as does Job's. All who witness the disaster in the land of Uz, eavesdrop on the conversations in Yahweh's court, arbitrate the debate between Job and his friends, or shiver at the voice from the whirlwind will have their basic beliefs challenged. One's view of divine sovereignty and freedom as well as one's picture of human suffering and arrogance and integrity will be altered. This is both the danger and the blessing of the book* (Lasor; Hubbard & Bush 1996:471).<sup>158</sup>

<sup>154</sup> 'n Opsomming van die doel van die boek Job in een sin soos die opsomming van Burden (1993:703) doen die boek 'n onreg aan. Burden (1993:703) meen die doel van die boek is "Om God se soewereiniteit en die betekenis van die ware geloof te demonstreer. Die vraag: 'Waarom ly die regverdiges?' kom ook hier ter sprake."

Hierdie boek handel nie alleen oor die soewereiniteit van God of die vraag na die lyding van die regverdige nie! Die boek Job is meer as net 'n Bybelboek wat antwoorde probeer bied op moeilike lewensvrae soos vrae oor God se soewereiniteit en die lyding van regverdiges. Daarom bied Viviers (1999:563-564) (ook 'n eenvolumekommentaar) 'n beter opsomming as hy onderskei tussen 'n aantal hoofemas wat deur die boek hanteer word.

Hunter (1992:140-159) bied 'n tematiese bespreking van die boek Job en dui daarin 'n paar temas aan wat in die boek voorkom.

Vgl. ook Gilkey (1992:165-171).

<sup>155</sup> "Die boek Job word allerweë beskou as een van die grootste werke, nie net van die Ou Testament of ou Israel nie, maar van die wêreldliteratuur" (Loader 1987:1).

<sup>156</sup> Vgl. Schökel (1977:45-61) sowel as Urbrock (1977:149-150) se opsomming van die artikel van Schökel (1977:45-61). Vgl. ook Gottwald (1985:578).

<sup>157</sup> Juis hierdie eienskap van die boek maak dit 'n uitstekende boek met 'n sterk boodskap vir die (post)moderne mens (vgl. Dailey 1999:276-289). Habel (1992:37) is reg as hy sê: "In the world of the wise there are no absolute solutions to the open ended questions of life."

<sup>158</sup> Vgl. ook Brown (1999:229).

“Soos alle goeie teaterstukke wil dit die teatergangers se selfbewussyn verhoog deur hulle uit te nooi om op ‘n nuwe manier (vanuit ‘n nuwe perspektief) na hulleself, na die lewe, na lyding en hulle verhouding met God te kyk” (Meyer, Nell & Vosloo 2005:27).

‘n Narratiewe kyk na die boek Job het die boek waardeur as ‘n literêre kunswerk en nie ‘n historiese werk nie. Hierdie studie het eers gevra “Hoe sê die teks wat hy sê?” en nie van die staanspoor af “Wat sê die teks?” of “Waar kom die teks vandaan nie?” Vanuit hierdie narratiewe benadering is ontdek dat Job nie spesifieke antwoorde wil gee op spesifieke vrae nie.<sup>159</sup> Job wil die leser aanmoedig om vars oor die lewe en oor God na te dink. Job wil die leser aanmoedig om self met God te worstel.<sup>160</sup> “If we are enabled to survive the ordeal like Job did, and if we can penetrate to that inner sanctum where the opposites are reconciled, we, too, may experience the spiritual healing that will ‘bless our latter days more than our beginning’ (cf. Job 42:12)” (Urbrock 1977:153).

Aan die einde was hierdie studie net nog ‘n manier om na die boek Job te kyk. Dit is nie dié regte manier van kyk nie. Op ‘n literêre werk van uitnemendheid soos die van Job kan daar nie een regte manier van lees wees nie. ‘n Mens kan tereg van Job sê wat T.S. Elliot van Shakespeare gesê het (Mettinger 1992:39 & 1997:1):

*About anyone so great it is propable, that we can never be right; and if we are never right, it is better from time to time we should change our way of being wrong.*

<sup>159</sup> Indien mens die fout maak om een tema in die boek Job te gaan soek, gaan ‘n mens dalk teleurgesteld staan, of soos Good (1992:50-69) ‘n doel aan die boek toeskryf waarin die boek nie slaag nie (omdat dit dalk nooit die doel van die boek was nie). Dan gaan die navorser dalk tot dieselfde gevolgtrekking kom as Good (1992:50): “I am convinced that the purpose of the book of Job is to solve the problem of evil. Even if it is, I think the book does not actually solve it.” Uit hierdie studie is ontdek dat ‘evil’ nie so prominente rol in die boek Job speel dat dit die sentrale tema of doel van die boek kan wees nie. Verder is ook ontdek dat Job ‘multidimensioneel’ is wat temas en doelwitte betref (dit sien ‘n mens in die verskillende interpretasies van die boek – soveel navorsers, soveel interpretasies).

<sup>160</sup> Vgl. Gustafson 1992:183-184.

## BIBLIOGRAFIE

- Aimers, G.J. 2000. The rhetoric of social conscience in the book of Job. *Journal for the Study of the Old Testament* 91, 99-107.
- Alter, R. 1981. *The art of biblical narrative*. New York: Basic Books.
- Anderson, J.S. 1998. The social function of curses in the Hebrew Bible. *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft* 110, 223-232.
- Bal, M. 1978. *De theorie van vertellen en verhalen. Inleiding in de Narratologie*. Muiderberg: Coutinho.
- Bar Efrat, S. 1989. *Narrative art in the Bible*. Sheffield: Almond Press. (JSOT Supplement Series 70.)
- Bezuidenhout, L.C. 1986. *Struktuur en strekking van die boek Job*. Doktorale proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- Bezuidenhout, L.C. 1991. Betekenis van die natuur in God se antwoord aan Job, in Vos & Müller 1991:81-91.
- Bimson, J.J. 2000. Who is 'this' in "'Who is this ...?'" (Job 38.2)? A response to Karl G. Wilcox. *Journal for the Study of the Old Testament* 87, 125-128.
- Brenner, A. 1989. Job the pious? The characterization of Job in the narrative framework of the book. *Journal for the Study of the Old Testament* 43, 37-52.
- Breytenbach, A.P.B. 2001. Ongepubliseerde klasnotas vir die module 'OTW 851 Eksegetiese metodologie'. Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.
- Breytenbach, C. & Day, P.L. 1999. Satan, in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:726-732.

- Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academia.
- Brown, W.P. 1999. Introducing Job. A journey of transformation. *Interpretation* 53, 228-238.
- Brueggeman, W. 1997. *Theology of the Old Testament. Testimony, Dispute, Advocacy*. Minneapolis: Fortress Press.
- Botha, E. 1995. Die boek Job as bron van intertekste vir “Wie weet?” (Die waarheid gelieg, 1984). *Literator* 16, 17-22.
- Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. (reds) 1987. *Tweegesprek met God*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers. (Die literatuur van die Ou Testament. Deel III.)
- Burden, J.J. 1986. Poëtiese tekste, in Deist & Vorster 1986:37-68.
- Burden, J.J. 1987. Hooglied, in Burden & Prinsloo 1987:57-82.
- Burden, J.J. 1991. Decision by debate: examples of popular proverb performance in the book of Job. *Old Testament Essays* 4, 37-65.
- Burden, J.J. 1993. Job, in Vosloo & Van Rensburg 1993: 703-751.
- Carroll, R.P. (ed.) 1992. *Text as Pretext*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOT Supplement Series 138.)
- Cazelles, H. 1976. Biblical criticism, in Crim, K. (ed) 1976:99-102.
- Ceasar, L.O. 1999. Job: another new thesis. *Vetus Testamentum* 49, 435-447.
- Clines, D.J.A. 1989. *Job 1-20*. Dallas: Word Books. (Word Biblical Commentary.)
- Cloete, T.T. 1984. *Die waarheid gelieg*. Kaapstad: Tafelberg.



- Cloete, T.T. 1984. Wie weet?, in Cloete 1984:102-106.
- Cooper, A. 1982. Narrative theory and the book of Job. *Studies in Religion* 11, 35-44.
- Crim, K. (ed) 1976. *The interpreter's dictionary of the Bible: supplementary volume*. Nashville: Abingdon.
- Dailey, T.F. 1993a. The aesthetics of repentance: Re-reading the phenomenon of Job. *Biblical Theology Bulletin* 23, 64-70.
- Dailey, T.F. 1993b. Theophanic bluster: Job and the wind of change. *Studies in Religion* 22, 187-195.
- Dailey, T.F. 1999. The wisdom of irreverence. Job as an icon for postmodern spirituality. *Interpretation* 53, 276-289.
- Deist, F.E. 1984. *A concise dictionary of theological terms*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Deist, F.E. & Vorster, W.S. (eds). 1986. *Woorde wat ver kom*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers. (Die literatuur van die Ou Testament. Deel I.)
- Deist, F.E. 1986a. Die skrywer, sy teks en sy gehoor, in Deist & Vorster 1986:16-36.
- Deist, F.E. 1986b. Verteltekste, in Deist & Vorster 1986:69-102.
- De Vaux, R. 1973. *Ancient Israel. Its life and institutions*. London: Darton, Longman & Todd.
- Dillard, R.B. & Longman, T. 1994. *An introduction to the Old Testament*. Grand Rapids: Zondervan.
- Dornisch, L. 1981. The Book of Job and Ricoeur's Hermeneutics. *Semeia* 19, 3-21.
- Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF

- Exum, J.C. 1992. *Tradgedy and biblical narrative. Arrows of the Almighty*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Fisch, H. 1994. Being possessed by Job. *Journal of Literature & Theology* 8, 280-295.
- Flemming, D.E. 1994. Job: the tale of patient faith and the book of God's dilemma. *Vetus Testamentum* 44, 468-482.
- Fokkelman, J.P. 1999. *Reading biblical narrative: A practical guide*. Leiden: Deo Publishing.
- Follis, E.R. (ed) 1987. *Directions in Biblical Hebrew Poetry*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOT Supplemet Series 40.)
- Fontaine, C. 1987. Folktale structure in the Book of Job: A formalist reading, in Follis 1987:205-232.
- Fontaine, C. 1992. Wounded hero on a shaman's quest. Job in context of folk literature, in Perdue & Gilpin 1992:70-85.
- Freedman, D.N. 1992a (ed). *The Anchor Bible Dictionary. Volume 4 K-N*. New York: Doubleday.
- Freedman, D.N. 1992b (ed). *The Anchor Bible Dictionary. Volume 5 O-Sh*. New York: Doubleday.
- Genette, G. 1980. *Narrative discourse*. Oxford: Blackwell.
- Gibson, J.C.L. 1992. A New Look at Job 41:1-4, in Carroll 1992:129-139.
- Gilkey, L. 1992. Power, Order, Justice and Redemption. Theological Comments on Job, in Perdue & Gilpin 1992:159-171.

- Girard, R. 1992. Job as failed scapegoat, in Perdue & Gilpin 1992:185-207.
- Good, E.M. 1992. The problem of evil in the book of Job, in Perdue & Gilpin 1992:50-69.
- Gottwald, N.K. 1985. *The Hebrew Bible. A socio-literary introduction*. Philadelphia: Fortress Press.
- Groot aanhalingboek, Die*. 2004. Wellington: Lux Verbi.
- Gunn, D.M. 1987. New directions in the study of Biblical Hebrew narrative. *Journal for the Study of the Old Testament* 39, 65-75.
- Gunn, D.M. 1993. Narrative criticism, in Haynes & McKenzie 1993:171-195.
- Gunn, D.M. & Fewell, D.N. 1993. *Narrative in the Hebrew Bible*. New York: Oxford University Press. (The Oxford Bible Series.)
- Gustafson, J.M. 1992. A response to the book of Job, in Perdue & Gilpin 1992:172-184.
- Habel, N.C. 1983. The narrative art of Job: Applying the principles of Robert Alter. *Journal for the Study of the Old Testament* 27, 101-111.
- Habel, N.C. 1985. *The book of Job*. London: SCM.
- Habel, N.C. 1992. In defense of God the Sage, in Perdue & Gilpin 1992:21-38.
- Hamilton, V.P. Satan, in Freedman 1992b:985-989.
- Handy, L.K. 1993. The authorization of divine power and the guilt of God in the book of Job: useful Ugaritic parallels. *Journal for the Study of the Old Testament* 60, 107-118.
- Haynes, S.R & McKenzie, S.L. (ed). 1993. *To each its own meaning. An introduction to Biblical criticisms and their application*. Louisville: Westminster/John Knox Press.

- Herrmann, W. 1999. El, in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:274-280.
- Hess, R.S. 1998. Issues in the Study of Personal Names in the Hebrew Bible. *Currents in Research : Biblical Studies* 6, 169-192.
- Hoglund, K.G. & Murphy, R.E. (eds.) 1987. *Listening heart: essays in wisdom and the psalms in honor of Roland E. Murphy*. Sheffield: JSOT Press. (JSOT Supplement Series 58.)
- Hoffman, Y. 1983. Irony in the book of Job. *Immanuel* 17, 7-21.
- Hubbard, R.L. (Jr) 1992. Doing Old Testament theology today, in Hubbard, Johnston & Meye 1992: 31-46.
- Hubbard, R.L; Johnston, R.K. & Meye, R.P. (eds) 1992. *Studies in Old Testament theology*. Dallas: Word Publishing.
- Hunter, A.G. 1992. Could not the Universe have come into Existence 200 yards to the Left? A Thematic Study of Job, in Carroll 1992:140-159.
- Jamieson-Drake, D.W. 1987. Literary structure, genre and interpretation in Job 38, in Hoglund & Murphy 1987:217-235.
- Janzen, J.G. 1985. *Job*. Atlanta: John Knox Press. (Interpretation.)
- Keck, L.E. 1976. Literary criticism, in Crim 1976:547.
- Koch, K. 1969. *The growth of the Biblical tradition. The Form-critical method*. London: Adam & Charles Black.
- Kraus, H. 1988. *Psalms 1-59*. Translated by H C Oswald Minneapolis: Augsburg Publishing House.
- Kuntz, J.K. 1998. Biblical Hebrew Poetry in Recent Research, Part I. *Currents in Research : Biblical Studies* 6, 31-64.

- Kuntz, J.K. 1999. Biblical Hebrew Poetry in Recent Research, Part II. *Currents in Research : Biblical Studies* 7, 35-79.
- Lasor, W.S; Hubbard, D.A. & Bush, F.W. 1996. *Old Testament survey. The message, form, and background of the Old Testament*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- Lasine, S. 1988. Bird's-eye and worm's-eye. Views of justice in the book of Job. *Journal for the Study of the Old Testament* 42, 29-53.
- Lasine, S. 1992. Job and his friends in the modern world. Kafka's THE TRAIL, in Perdue & Gilpin 1992:144-155.
- Lawrie, D. 2001. How critical is it to be historically critical? The case of the composition of the book of Job. *Journal of Northwest Semitic Languages* 27, 121-146.
- Loader, J.A. 1979. *Polar structures in the book of Qohelet*. New York: Walter de Gruyter.
- Loader, J.A. 1986. Tekste met 'n wysheidsperspektief, in Deist & Vorster 1986:103-122.
- Loader, J.A. 1987. Die boek Job, in Burden & Prinsloo 1987:1-8.
- Loader, J.A. 1992. Seeing God with natural eyes: on Job and nature. *Old Testament Essays* 5, 346-359.
- Loader, J.A. 1994. Die rebel wat die waarheid oor God gepraat het, in Vos & Müller 1994:87-98.
- Loader, J.A. 2001. Job 9:5-10 as a quasi-hymn. *Old Testament Essays* 14, 76-88.
- Luc, A. 2000. Storm and the Message of Job. *Journal for the Study of the Old Testament* 87, 111-123.
- Lurker, M. 1987. *Dictionary of gods and goddesses, devils and demons*. New York: Routledge.

- Malina, B.J. 1993. *The New Testament world. Insights from cultural anthropology*. Louisville: Westminster/John Knox Press.
- Malina, B.J. Joubert, S. & Van der Watt, J. 1996. *A time travel to the world of Jesus. A modern reflection of ancient Judea*. Halfway House: Orion.
- Martin, D.B. 1993. Social-scientific criticism, in Haynes & McKenzie 1993:171-195.
- Mettinger, T.N.D. 1992. The God of Job: avenger, tyrant, or victor?, in Perdue & Gilpin 1992:39-49.
- Mettinger, T.N.D. 1997. The enigma of Job: The deconstruction of God in intertextual perspective. *Journal of Northwest Semitic Languages* 23, 1-19.
- Meyer, O; Nell, I. & Vosloo, R. 2005. *God se antwoord ... is 'n vraag. Oor God, lyding en die lewe in die lig van die boek Job*. Wellington: Lux Verbi.
- Miles, J.J. (Jr) 1977. Gaggling on Job, or the comedy of religious exhaustion. *Semeia* 7, 71-126.
- Millard, A.R. 1994. Story, history and theology', in Millard; Hoffmeier & Baker 1994:37-64.
- Millard, A.R; Hoffmeier, J.K. & Baker, D.W. 1994. *Faith, tradition and history: Old Testament historiography in its Near Eastern context*. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Murphy, R.E. 1993. Recent research on Proverbs and Qohelet. *Currents in Research : Biblical Studies* 1, 119-140.
- Nel, P. 1996. The voice of Ms Wisdom: wisdom as intertext. *Old Testament Essays* 9, 423-450.
- Newsom, C.A. 1993. Considering Job. *Currents in Research : Biblical Studies* 1, 87-118.

- Newsom, C.A. 1999. Job and his friends. A conflict of moral imaginations. *Interpretation* 53, 239-253.
- Newsom, C.A. 2002. The book of Job as polyphonic text. *Journal for the Study of the Old Testament* 97, 87-108.
- Newsom, C.A. 2003. *The book of Job. A contest of moral imaginations*. New York: Oxford University Press.
- Neyrey, J.H. 1998a. Limited good, in Pilch & Malina 1998:122-127.
- Neyrey, J.H. 1998b. Wholeness, in Pilch & Malina 1998:204-208.
- Oosthuizen, M.J. 1991. Divine insecurity and Joban heroism: A reading of the narrative framework of Job. *Old Testament Essays* 4, 295-315.
- Parker, S.B. 1999. Sons of (the) God(s), in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:794-800.
- Patte, D. 1993. Structural criticism, in Haynes & McKenzie 1993:153-170.
- Perdue, L.G. & Gilpin W.C.(eds). 1992. *The Voice from the whirlwind. Interpreting the book of Job*. Nashville: Abington Press.
- Pilch, J.J. & Malina, B.J. 1998. *Handbook of biblical social values*. Peabody: Hendrickson Publishers Inc.
- Plevnik, J. 1998. Honor/shame, in Pilch & Malina 1998:106-115.
- Potgieter, J.H. 1991. 'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona. Pretoria: Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (HTS Supplementum 3.)

- Prinsloo, G.T.M. 1992. Analysing Old Testament poetry: an experiment in methodology with reference to Psalm 126. *Old Testament Essays* 5, 225-251.
- Prinsloo, W.S. 2000. *Die lof van my God solank ek lewe*. Irene: Medpharm Publikasies.
- Pyper, H. 1993. The reader in pain: Job as text and pretext. *Journal of Literature & Theology* 7, 111-129
- Rimmon-Kenan, Shlomith 1983. *Narrative Fiction: Contemporary Poetics*. New York: Methuen.
- Robertson, D. 1976. Literature, the Bible as, in *Crim* 1976:547-551.
- Roby, R.C. & Ulanov, B. 1962. *Introduction to drama*. New York: McGraw-Hill book company Inc.
- Rose, M. 1992. Names of God in the OT, in Freedman 1992a:1001-1011.
- Ryken, L; Wilhoit, J.C. & Longman III, T (eds) 1998. *Dictionary of biblical imagery*. Downers Grove: InterVarsity Press.
- Scholnick, S.H. 1987. Poetry in the Courtroom: Job 38-41, in *Follis* 1987:185-204.
- Schlobin, R.C. 1992. Prototypic horror: The genre of the book of Job. *Semeia* 60, 23-38.
- Schmeling, M. 1995. Narrative, perspective and cultural otherness. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 11, 85-96.
- Schökel, L.A. 1977. Towards a dramatic reading of Job. *Semeia* 7, 45-61.
- Seitz, C.P. 1989. Job. Full-structure, movement, and interpretation. *Interpretation* 43, 5-17.
- Shelton, P. 1999. Making a drama out of a crisis? A consideration of the book of Job as a drama. *Journal for the Study of the Old Testament* 83, 69-82.



- Smick, E.B. 1986. Semeiological interpretation of the Book of Job. *Westminster Theological Journal* 48, 135-149.
- Smith, R.L. 1993. *Old Testament Theology. It's history, method and message*. Nashville: Broadman & Holman.
- Stories vir die lewe. Omnibus. 'n Boek oor lewenswaardes*. 2002. Wellington: Lux Verbi.
- Strike, N. 1995. Narrative, perspective and cultural otherness. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 11, 97-99.
- Swanepoel, M.G. 1991. Job 12 – An(other) anticipation of the Voice from the Whirlwind? *Old Testament Essays* 4, 192-205.
- Tolmie, D.F. 1996. The analysis of characterisation in Biblical narrative. *Ekklesiastikos Pharos* 78, 76-95.
- Urbrock, W.J. 1977. Reconciliation of opposites in the dramatic ordeal of Job. *Semeia* 7, 147-154.
- Van der Toorn, K; Becking, B. & Van der Horst, P.W. (eds) 1999. *Dictionary of deities and demons in the Bible*. Leiden: Brill.
- Van der Toorn, K. 1999a. God (I), in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:352-365.
- Van der Toorn, K. 1999b. Yahwe, in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:910-919.
- Van Niekerk, M.J.H. 1991. Response to J A Loader's 'Different reactions of Job and Qoheleth to the doctrine of retribution.' *Old Testament Essays* 4, 97-105.
- Van Rooy, H.F. 1991. Riglyne vir die prediking oor wysheidsliteratuur, toegespits op die boek Spreuke. *In die Skriflig* 25, 303-321.

- Viljoen, J. 1998. 'n Psigologiese verstaan van die boek Job. 'n Beskouing van W Brueggeman se bydrae tot 'n psigologiese verstaan van die boek Job, in die gesprek rondom psigologiese skrifverstaan. *Old Testament Essays 11*, 115-127.
- Viviers, H. 1995. Die funksie van Elihu (Job 32-37) in die boek Job. *Skrif en Kerk 16*, 171-192.
- Viviers, H. 1997. How does God fare in the divine speeches (Job 38:1-42:6)? *Old Testament Essays 10*, 109-124.
- Viviers, H. 1999. Job, in Vosloo & Van Rensburg 1999:561-599.
- Vos, C.J.A. & Müller, J.C. 1991. *Mens en omgewing*. Halfway House: Orion. (God, mens en wêreld.)
- Vos, C.J.A. & Müller, J.C. 1994. *Menswaardig*. Halfway House: Orion. (God, mens en wêreld.)
- Vosloo, W. en Van Rensburg, F.J. 1993. *Die Bybel in praktyk*. Vereeniging: CUM.
- Vosloo, W. en Van Rensburg, F.J. 1999. *Die Bybellennium eenvolumekommentaar*. Vereeniging: CUM.
- Watson, D.F. & Hauser, A.J. 1994. *Rhetorical criticism of the Bible. A comprehensive bibliography with notes on history and method*. Leiden: EJ Brill.
- Watson, W.G.E. 1984. *Classical Hebrew poetry. A guide to its techniques*. Sheffield: JSOT Press. (JSOT Supplement Series 26.)
- West, G. 1991. Hearing Job's Wife: toward a feminist reading of Job. *Old Testament Essays 4*, 107-131.
- Wharton, J.A. 1976. Redaction criticism, in Crim 1976:729-732.

Whedbee, W. 1977. Comedy of Job. *Semeia* 7, 1-39.

Wilcox, K.G. 1998. 'Who is this...?': A reading of Job 38.2. *Journal for the Study of the Old Testament* 78, 85-95.

Williams, J.G. 1992. Job and the God of Victims, in Perdue & Gilpin 1992:208-231.

Wittenberg, G.H. 1991. Job the Farmer: the Judean *Am Ha-aretz* and the wisdom movement. *Old Testament Essays* 4, 151-170.

Wright, D.P. & Jones, R.N. Leprosy, in Freedman 1992a:277-282.

## HOOFSTUK 2

### DIE STUDIE VAN DIE STORIE – NARRATIEWE TEORIE

#### 2.1 Inleiding.

Die term narratief het drie betekenisse (vgl. Genette 1980:25-27). Dit dui in die eerste plek die narratiewe inhoud van 'n verhaal aan. Hierdie inhoud bestaan uit 'n gebeurtenis of 'n reeks gebeurtenisse wat chronologies op mekaar volg en wat met of deur karakters plaasvind (vgl. Rimmon-Kenan 1983:3). Dit is die *storie* van die verhaal. Die narratief is in die tweede plek ook die mondelinge en/of geskrewe diskoers wat poog om hierdie gebeurtenis of reeks gebeurtenisse in woorde weer te gee. Dit is die *narratiewe teks* wat die verhaal in woorde weergee. "Whereas 'story' is a succession of events, 'text' is a spoken or written discourse which undertakes their telling" (Rimmon-Kenan 1983:3). Derdens is daar ook die persoon of instansie wat die verhaal vertel. Dit is die *vertelinstansie*.

Daar kan geen waterdigte skeiding tussen hierdie drie betekenisse van die term narratief gemaak word nie. Hulle is die narratief. Dit sou die beste wees om hulle te beskryf as drie dimensies van 'n narratief of verhaal. Elke dimensie speel in op die ander, vorm dit en beïnvloed dit. Al drie vorm saam 'n in-mekaar-verweefde-geheel. Dit is soos 'n driedimensionele prentjie – 'n mens kan nooit na die een vlak van die prentjie kyk, sonder om die ander twee vlakke ook raak te sien nie.

#### 2.2 Storie.

Die storie is primêr 'n gebeurtenis of 'n reeks gebeure. Hierdie gebeure volg betekenisvol en chronologies op mekaar. Iets kan nie gebeur as iemand dit nie laat gebeur, of as dit nie met iemand gebeur nie. 'n Mens kan ook vra waar en wanneer dit gebeur het. Gebeure vind plaas op 'n bepaalde tyd en plek. Dus, die aspekte waaruit die storie-dimensie bestaan is: gebeure, karakters, tyd en ruimte.

### *i) Gebeure*


‘n Gebeurtenis is wanneer een karakter iets aan ‘n ander karakter doen wat die gang van die storie beïnvloed (vgl. Bal 1978:26). Rimmon-Kenan (1983) en Brink (1987) brei uit en verbeter op Bal se siening van gebeure. Volgens Rimmon-Kenan (1983:15) dui ‘n gebeurtenis per definisie ‘n verandering in toestand aan. Brink (1987:48) onderskei tussen statiese en dinamiese gebeure. Eersgenoemde lê op ‘n vertikale as en dui ‘n toestand aan, terwyl laasgenoemde dui op ‘n verandering in toestand en op ‘n horisontale as lê.

Brink onderskei by dinamiese gebeure ook tussen handeling en insidente. Handeling is te doen met gebeure wat “deur ‘n agent of bestemmer uitgevoer en/of deur ‘n bestemde ondergaan word, met ‘n verandering in toestand as resultaat” (Brink 1987:48). Brink (1987:50-51) kategoriseer handeling as nie-verbaal, verbaal, gedagte of gemoedsbeweging (die verskil tussen laasgenoemde twee lê respektiewelik opgesluit in intellektuele teenoor emosionele aktiwiteit). Gebeure “waarin ‘n karakter die voorwerp is van ondervindings – gewoonlik van nie-menslike oorsprong – wat van buite af op hom inwerk,” is insidente (Brink 1987:48).

Hiërargies onderskei Brink (1987:52-54) tussen twee tipes gebeure: ‘n bepalende gebeurtenis en ‘n verbindende gebeurtenis. Eersgenoemde dui bepalende keusemomente in die verhaal aan, terwyl laasgenoemde bepalende gebeure aan mekaar verbind en ondergeskik is daaraan. Verbindende gebeure kan ook bepalende gebeure “expand, amplify, maintain or delay” (Rimmon-Kenan 1983:16).

Die klassifisering van gebeurtenisse sou vervolgens diagrammaties voorgestel kon word:

*Diagram 2.1: Gebeurtenisse.*



Dit is onwaarskynlik en vir alle praktiese doeleindes onmoontlik dat een gebeurtenis alleen ‘n storie kan vorm: “alleen in een *reeks* krijgen gebeurtenissen betekenis voor het verloop van de geschiedenis” (Bal 1978:23). ‘n Storie bestaan dus uit ‘n reeks gebeure. Mikro-reekse vorm makro-reekse wat stories vorm (Rimmon-Kenan 1983:16). ‘n Aantal gebeure (‘n gebeurereeks) vorm ‘n toneel en ‘n aantal tonele ‘n bedryf. Die narratief bestaan op die ou end uit een of meer bedrywe.

Vir gebeure om gebeurereekse te vorm, moet daar ‘n relasie tussen verskillende gebeure wees. Claude Bremond (in Rimmon-Kenan 1983:22 en Brink 1987:57) bied ‘n ‘moontlikheid-proses-resultaat’ teorie aan waarin hy verduidelik hoe gebeurereekse vorm. Elke gebeurtenis in ‘n reeks het dan een van drie funksies. Brink (1987:57) verduidelik dit so:

Funksie 1: Moontlikheid of potensiaal: “die virtualiteit van ‘n gebeurtenis, d.w.s. die aanbied van ‘n stel omstandighede wat lei tot verandering, wat verandering moontlik maak, wat ‘n proses aan die gang sit” (Brink 1987:57).

Funksie 2: Proses: “die voltrekking of aktualisering van die gebeurtenis self” (Brink 1987:57).

Funksie 3: Resultaat: “die resultaat of afsluiting van die proses” (Brink 1987:57).

Gebeurereekse staan op hulle beurt ook nie alleen nie. Reekse kan bymekaar aaneenskakel, bymekaar inbed of saamgevoeg word. *Aaneenskakeling* van reekse vind plaas wanneer die resultaat van een reeks (funksie 3) ook die moontlikheid (funksie 1) van die volgende reeks vorm. *Inbedding* is wanneer die beskrywing van ‘n funksie 1, 2 of 3 (moontlikheid, proses of resultaat) van een reeks ‘n volledige gebeurereeks (moontlikheid-proses-resultaat) op sy eie vorm. *Samevoeging* is wanneer een triade van gebeurtenisse ‘n dubbele narratiewe betekenis het en toegeskryf kan word aan twee karakters (Rimmon-Kenan 1983:23).

Sonder gebeure kan daar geen storie wees nie. Sonder iemand wat dit laat gebeur of met wie dit gebeur, kan ‘n gebeurtenis ook nie gebeur nie – ‘n storie het karakters nodig.


## ii) Karakters

Om ‘n analise van karakters te maak, beteken om te bestudeer wat die storie van ‘n karakter beskryf. Dit verskil van karakterisering, wat ‘n aspek van die narratiewe teks is. ‘n Analise van karakterisering kyk na die metodes wat die teks gebruik om ‘n karakter bekend te stel en te beskryf.

Om karakters te kategoriseer is onmoontlik. In die verlede is karakters as rond of plat gekategoriseer. Daardie teorie is nie meer aanvaarbaar nie (vgl Rimmon-Kenan 1983:40-41). Dis ook nie altyd maklik om karakters met sekerheid te beskryf in terme van ‘held’, ‘protagonis’, ‘antagonis’, ensovoorts nie. Karakters bestaan eintlik nie. ‘n Karakter word alleenlik waargeneem omdat hy beskryf word; omdat daar eienskappe (‘traits’) aan hom gekoppel word. Die leser word ook deur die verteller begelei om die karakter en sy eienskappe fyner te definieer (Rimmon-Kenan 1983:36-40).

Die behoefte bestaan egter steeds by die leser om die karakters te klassifiseer. ‘n Leser behoort dit te doen deur die karakter te beskryf in terme van punte op ‘n kontinuum, eerder as in terme van uitvoerige kategorieë (soos rond en plat) (Rimmon-Kenan 1983:41-42). Onderskeid langs drie asse word gemaak (Rimmon-Kenan 1983:41) naamlik *kompleksiteit*, *ontwikkeling* en *penetrasie in die innerlike*. Elke karakter behoort êrens geplot te word op elkeen van die drie lyne, wat skematies soos volg voorgestel kan word:

*Diagram 2.2: Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse.*



Eenvoudige statiese karakters is meestal bykarakters wat ‘n funksie groter as hulleself vervul (Rimmon-Kenan 1983:41).

‘n Storie hang af van gebeure wat afhanklik is van karakters. Gebeure volg egter op ‘n sekere manier op mekaar, duur ‘n sekere tyd en gebeur ‘n sekere aantal kere. Dit is aspekte van tyd binne die storiedimensie.

### iii) Tyd

In narratologie is die terme verteltyd en vertelde tyd baie bekend. Verteltyd is natuurlik die tyd of spatie wat die vertel van 'n verhaal opneem en word ruimtelik gemeet aan die hoeveelheid sinne, paragrawe, bladsye, hoofstukke of boeke wat dit neem om die verhaal te vertel. Vertelde tyd is daardie tyd wat afspeel binne die verhaal. In vertelde tyd kan onderskei word tussen drie tydsaspekte, te wete volgorde, duur en frekwensie.

#### a) Volgorde

Histories gesproke verloop tyd altyd chronologies. Die storie word egter selde in chronologiese volgorde vertel. Die narratief vertel die storie deur anachronieë (tydsdistories van volgorde) te gebruik. Die narratief kan teruggryp na 'n gebeurtenis of gebeurereeks wat histories vroeër plaasgevind het as waar die storie tans is. Dit staan bekend as analeps. Die narratief kan ook vooruit gryp na 'n gebeurtenis in die toekoms. Dit is proleps. Anachronieë bestaan dus basies uit prolepse en analepse.<sup>28</sup>

'n Anachronie het twee dimensies: bereik en omvang. Bereik het te doen met die afstand waarmee die anachronie vanaf die 'hede' teruggryp of vooruitgryp. Byvoorbeeld: "Tien jaar tevore het ..." of "Min het hy geweet dat oor tien jaar ..." (Die bereik is telkens tien jaar). Omvang dui aan hoe lank die storieduur van die anachronie was. Indien die "Tien jaar tevore het ..." voltooi sou word deur 'n vertelling van 'n storie wat vyf dae geduur het, is die omvang vyf dae.


Prolepse en analepse word fyner gekategoriseer en kan soos volg diagrammaties voorgestel word:

---

<sup>28</sup> Vergelyk Genette (1980:33-85) vir 'n volledige verduideliking van volgorde.



Diagram 2.3: *Prolepse en Analepse.*



Met verwysing na die diagram kan die prolepse en analepse vervolgens bespreek word:

**Eksterne Anachronie:** ‘n Anachronie met omvang buite (ekstern) die eerste narratief.<sup>29</sup>

**Interne Anachronie:** ‘n Anachronie waarvan die omvang deel uitmaak van die eerste narratief. Interne Anachronie verdeel in hetero- en homodiëgetiese<sup>30</sup> interne anachronieë.

**Heterodiëgetiese Interne Anachronie:** Die storielyn verskil van die van die eerste narratief. Dit het gewoonlik te doen met die bekendstelling of opdatering van ‘n karakter.

**Homodiëgetiese Interne Anachronie:** Hierdie anachronie skep probleme omdat dit baie maal moeilik is om te onderskei tussen die anachronie en die eerste narratief aangesien hulle dieselfde storielyn volg. Hierdie anachronie verdeel in voltooiende- en herhalende anachronieë.

**Voltooiende Homodiëgetiese Interne Anachronie:** Voltooiende analepse vul vroeëre gapings in die storie en kan ook ‘terugkerende’ genoem word. Voltooiende prolepse vul weer latere leemtes voortydig in.

**Herhalende Homodiëgetiese Interne Anachronie:** Die narratief herhaal homself hier doelbewus met ‘n analeps, na dit wat reeds vertel is, om byvoorbeeld ‘n vergelyking te stel tussen die hede en die verlede. ‘n Mens kan dit ook herinnerings of herroepings noem. In die geval van prolepse sou ‘n mens kon praat van vooruitkennisgewings. Dit is dan wanneer daar kortliks verwys word na ‘n gebeurtenis wat later voluit vertel sal word.

<sup>29</sup> Die eerste *narratief* verwys na die narratief waarbinne die anachronie (wat eintlik ‘n ingebedde narratief is) voorkom.

<sup>30</sup> *Diëgeties* verwys hier na storie of meer spesifiek storielyn.

**Gemengde Anachronie:** Die bereik van die anachronie strek na 'n punt buite die eerste narratief, maar die omvang arriveer êrens in die eerste narratief later as die begin daarvan. Gemengde anachronie is volledig of gedeeltelik.

**Gedeeltelike Gemengde Anachronie:** Gedeeltelike analeps gaan byvoorbeeld 'n paar dekades terug, vertel van drie dae en eindig met 'n ellips sonder om weer by die eerste narratief aan te sluit. Dit bring aan die leser 'n geïsoleerde stuk inligting wat nodig is om die huidige aksie te verstaan. Genette (1980:77) meen dat alle proleps gedeeltelik is aangesien hy aan geen voorbeeld kan dink van 'n volledige gemengde proleps nie.

**Volledige Gemengde Analeps:** Herwin 'n hele voorgeskiedenis en sluit dan by die eerste narratief aan sonder 'n gaping tussen die eerste narratief en die analeptiese narratief.

#### b) Duur

Duur het te doen met die verhouding tussen verteltyd en vertelde tyd. 'n Mens sou ook kon praat van die spoed van 'n storie. Met spoed word dan bedoel die verhouding tussen die tyd wat in die storie afspeel teenoor die hoeveelheid spasie wat dit in die teks beslaan (Genette 1980:87). Dialoog tussen twee karakters beslaan baie meer teks as die opsommende vertel van 'n gebeurtenis. Dialoog is die stadigste storiesnelheid aangesien die teks en die gebeure byna woordeliks ooreenstem. Dit kan egter nie as 'n goue reël geld waarvan 'n mens 'n universele nulpunt vir alle narratiewe kan aflei nie. Elke narratief behoort sy eie nulpunt te bepaal (Rimmon-Kenan 1983:52).

Vier tipes storiesnelhede word onderskei: *pouses*, *tonele*,<sup>31</sup> *opsommings* en *ellipse*. Die analise van storiesnelheid (duur) bepaal die ritme (samehang van vinniger en stadiger dele) van die narratief. Die vier snelhede kan soos volg beskryf word:

**Pouse:** daardie gedeelte waar die verteller 'n toneel beskryf, waarna die karakters nie noodwendig kyk nie en die verteller die gang van die storie verlaat, om dit te beskryf (Genette 1980:100). Hierdie gedeelte is die stadigste omdat baie 'tekstyd' daaraan bestee word, maar die storie vorder nie juis nie. By wyse van formule kan pouse so opgesom word:

**NT (Verteltyd) = n; en ST (Vertelde tyd) = 0; dus  $NT \infty > ST$** <sup>32</sup>

<sup>31</sup> Die term toneel dui nie hier op een of meer gebeurereekse wat saam met ander tonele 'n bedryf vorm nie. Die woord toneel dui hier op 'n gedeelte in die storie waar dialoog plaasvind.

<sup>32</sup> NT (*Narrative Time*) dui hier op verteltyd en ST (*Story Time*) op vertelde tyd. Die formule druk dan die verhouding tussen NT en ST uit met die wiskundige simbole > (groter as); < (kleiner as) en  $\infty$  (oneindig).

*Ellips*: wanneer daar in 'n oomblik oor 'n paar dae, maande of jare gesprink word. Dit kan ook 'n tydsprong genoem word en is natuurlik die vinnigste storiesnelheid. Ellips kan ook gedefinieerd of ongedefinieerd wees. Eersgenoemde sou wees wanneer 'n ellips beskryf word as byvoorbeeld 3 dae, 6 maande. Laasgenoemde is 'n ellips wat temporeel onbepaald is (Genette 1980:106). 'n Mens kan ook onderskei tussen eksplisiete, implisiete en hipotetiese ellipse. Eksplisiete ellips word deur die narratief aangedui op 'n gedefinieerde ("*Twee jaar het verby gegaan ...*") of ongedefinieerde ("*Die jare het verbygegaan ...*") wyse. Implisiete ellips word nie aangedui nie, maar slegs deur die leser afgelei uit die chronologiese leemte of gaping in die narratiewe kontinuïteit. Hipotetiese ellips word eers later by wyse van 'n analeps bekend gestel en word nie onmiddelik deur die leser ontdek nie (Genette 1980:106-109).

Ellips is: **NT = 0; ST = n; dus NT < ∞ ST**

*Toneel*: verwys hoofsaaklik na gedeeltes waar dialoog tussen twee karakters voorkom. Vertelde tyd en verteltyd is hier virtueel dieselfde.

**NT = ST**

*Opsomming*: 'n paar dae, jare of maande word in 'n paar sinne, paragrawe of bladsye weergegee. Opsomming gee gewoonlik agtergrond wat verskillende tonele, bedrywe of narratiewe aan mekaar verbind (Genette 1980:95-97).

**NT < ST**

(Brink (1987:102) voeg 'n **NT > ST** storietyd by. Hy sê dat dit gebeur dat 'n teks uitgebrei word met toneelbeskrywing of die gedagtes van 'n karakter terwyl dialoog aan die gang is en noem dit *Uitbreiding*.)

c) Frekwensie

'n Gebeurtenis kan een of meer kere vertel word of 'n paar van dieselfde gebeurtenisse kan een keer vertel word. Dit het alles te doen met die frekwensie van die tyd. Genette (1980:114-116) beskryf vier tipes frekwensies wat hier soos volg opgesom kan word:

**1N:1S** – vertel een keer wat een keer gebeur het. Die enkelvoudigheid van die narratiewe stelling stem ooreen met die enkelvoudigheid van die vertelde gebeure. Genette (1980:114) noem dit *singulatief*.

**nN:nS** – vertel ‘n aantal kere wat dieselfde aantal kere gebeur het. Dit is vir alle praktiese doeleindes egter steeds *singulatief*.

**nN:1S** – vertel ‘n aantal kere wat slegs een maal plaasgevind het. ‘n Voorbeeld hiervan is herhalende anachronie. Dieselfde gebeurtenis kan herhaaldelik vertel word, selfs met verskille in stilistiese variasie en gesigspunt. Dit is *herhalende narratief* (vgl Genette 1980:115).

**1N:nS** – vertel een keer wat ‘n hele antal kere gebeur het, soos gebruike en gewoontes wat gewoonlik gebeur. Een narratiewe uiting neem verskeie van dieselfde tipe gebeurtenis saam. Byvoorbeeld Job 1:4-6: “*Sy seuns het om die beurt partytjies gehou in mekaar se huise. By sulke geleenthede het hulle dan hulle drie susters genooi om saam met hulle fees te vier. Ná so ‘n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig, en vroeg die môre het hy vir hulle almal ‘n brandoffer gebring, ‘want,’ het Job gesê: ‘miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek.’ Job het dit elke keer gedoen*” (NAV<sup>33</sup>). Dit is *iteratiewe narratief* (Genette 1980:116).

Gebeure met en deur karakters vind egter nie slegs in ‘n bepaalde volgorde plaas, neem ‘n bepaalde tyd om af te handel en word ‘n sekere aantal kere vertel of nie vertel nie. Gebeure vind ook êrens plaas (Bal 1978:52).

#### iv) Ruimte

Brink (1987:107) meen dat moderne narratologie navorsers nie veel aandag skenk aan ‘n teorie oor ruimte nie. Miskien is dit net te vanselfsprekend dat gebeure êrens moet plaasvind, dat navorsers hulle daaraan sal steur. Die mens dink egter ruimtelik (vgl Bal 1978:52) en ruimte kan betekenisvol wees vir die storie. “Wanneer de plaats niet wordt aangeduidt, zal de lezer meestal zelf een plaats invullen” (Bal 1978:52). Die leser maak konnotasies ten opsigte van die ruimte wat ‘n betekenisvolle invloed op die leser se verstaan van die gebeure of die

---

<sup>33</sup> Nuwe Afrikaanse Vertaling.

karakters het. Of die leser lei 'n ruimte af uit die gebeure en karakters as gevolg van hierdie konnotasies. In die Bybelse narratiewe kan die vermelding van 'n enkele pleknaam baie betekenis inhou vir die gebeure of karakters.

Vir die storie om te bestaan moet iets gebeur. Die karakters moet bestaan om dit te laat gebeur. Dit gebeur ook êrens, teen 'n bepaalde spoed, het 'n bepaalde frekwensie waarteen dit aangebied word en word verder in 'n bepaalde volgorde vertel.

### **2.3 Narratief / Teks.**

“Of the three aspects of narrative fiction, the text is the only one directly available to the reader” (Rimmon-Kenan 1983:4). Die teks is die deel van die narratief wat voor die leser lê. Die teks bied die storie aan. Hy bied ook die verteller aan. By die analise van die teks ondersoek 'n mens onder andere hoe die karakters aangebied word (karakterisering), hoe die teks daar uitsien (tyd; struktuur/plot; stylfigure) en van watter oogpunt word die storie vertel of beskou (fokalisasie).

#### *i) Tyd*

Hier dui die term tyd op die aspek van verteltyd. Soos reeds gesê word hierdie tyd nie net temporeel gemeet nie, maar ook ruimtelik (aan die hoeveelheid woorde, sinne, hoofstukke.) wat bestee word om die storie te vertel.

#### *ii) Plot/Struktuur*

Hier kan 'n mens aandui hoe die teks die gebeurtenisse en gebeurereekse rangskik en aanbied in tonele, bedrywe en narratiewe.

#### *iii) Stylfigure*

Taal/woorde het nie altyd 'n letterlike betekenis nie, maar het baie keer ook 'n figuurlike betekenis. Veral in literêre kunsvorme (prosa en poësie) word taal gereeld figuurlik of simbolies gebruik. Bekende prosaïese stylfigure is verskynsels soos personifikasie, metafore, vergelykings en ironie.

#### iv) Karakterisering

Vroeër is aangedui dat die analise van karakters poog om die karakters (wat 'n aspek van storie is) te beskryf. Karakterisering is 'n aspek van die narratiewe teks. Die analise daarvan bestudeer die metode waarop die teks die karakters aanbied.

Karakterisering vind plaas deur direkte definisie of indirekte voorstelling. Eersgenoemde vind plaas deur die mees outoritêre stem in die vertelling (gewoonlik die verteller). Indirekte voorstelling geskied deur die aksies, spraak, uiterlike voorkoms en omgewing van karakters (Rimmon-Kenan 1983:60-61).

#### v) Fokalisasie

Fokalisasie raak die dimensie van die narratiewe teks sowel as die storie. Dis baie moeilik om fokalisasie aan die een of die ander toe te skryf. Die fokalisasie lê binne-in, tussen-in die teks en die storie (vgl. Bal 1978:110 en Rimmon-Kenan 1983:85).

Fokalisasie het te make met 'point of view' en moet nie noodwendig verwar word met die verteller van die verhaal nie. Die vraag wat fokalisasie vra, maak 'n onderskeid tussen wie sien en wie sê. Die verteller is gewoonlik die persoon wat sê, maar nie noodwendig die persoon wat sien nie (vgl. Rimmon-Kenan 1983:72). Vergelyk byvoorbeeld die volgende drie verse uit Job 1 (NAV):

A: 1:1 – *“In die land Us was daar ‘n man met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy.”*

B: 1:8 – *“Die Here vra toe vir die Satan: ‘En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien my en vermy die kwaad.’”*

C: 1:9 – *“Toe antwoord die Satan die Here: ‘Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! U beskerm hom dan, ...’”*

In A vertel iemand buite die verhaal wat hy van die karakter Job gesien het. Dit is natuurlik die verteller. In B is dit die karakter God wat vertel wat Hy van Job gesien het. In C is dit 'n ander karakter, die Satan, wat 'n heel ander perspektief op die karakter Job het (terwyl dit steeds die verteller is wat vertel).

‘n Mens sou kon onderskei tussen ‘n fokalisator (wie kyk?) en die gefokaliseerde (wie of wat word gesien?). In die voorbeeld is die verteller (A), God (B) en die Satan (C) onderskeidelik die fokalisator en die karakter Job telkens die gefokaliseerde. Die fokalisasie (wie sien?) as verhouding tussen verteller (wie sê?) en karakter kan soos volg aangedui word (Genette 1980:185-189):

**Verteller > Karakter:** Die verteller weet die meeste. Hy weet meer as enige karakter en sê ook meer as wat enige karakter weet. Dit is die tipiese ‘alomteenwoordige’ verteller. Hierdie is non-fokalisasie.


**Verteller = Karakter:** die verteller het beperkte veld en vertel slegs wat ‘n gegewe karakter weet of sien.

**Verteller < Karakter:** die karakter weet meer as wat deur die verteller vertel word.

‘n Onderskeid kan getref word tussen interne en eksterne fokalisasie. Dit is dan ekstern of intern relatief tot die storie of gebeure wat aangebied word. Wanneer ‘n karakter byvoorbeeld toegelaat word om voor ‘n mens op te tree, sonder dat ‘n mens weet wat die karakter se gevoelens of gedagtes is, is dit eksterne fokalisasie (Genette 1980:170). Eksterne fokalisasie is naby aan die vertelinstansie en kan verteller-fokalisator genoem word. Interne fokalisasie het ‘n karakter in die storie as fokalisator; ‘n karakter-fokalisator. Dit loop baie nou saam met die gebeure in die teks, maar bly meestal iets wat met die teks te doen het (Genette 1980:189-190). ‘n Narratief se fokalisasie kan wissel of konstant bly.

Fokalisasie deel in pesseptuele, psigologiese of ideologiese fasette. Hierdie drie fasette van fokalisasie wat Rimmon-Kenan (1983:77-82) onderskei, kan diagrammaties soos volg beskryf word:

Diagram 2.4: *Fokalisasie.*



Hierdie fasette kan gebruik word om die verskil tussen eksterne en interne fokalisator bekend te maak. Dit kan soos volg getabuleer word:

Tabel 2.1: *Eksterne- en Interne Fokalisasie.*

| Perseptueel   | Ekstern                                                                                               | Intern               |
|---------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------|
| <b>Tyd</b>    | Kan fokus op verlede hede en toekoms.                                                                 | Beperk tot hede.     |
| <b>Ruimte</b> | Panoramiese uitsig. Kan op twee plekke gelyktydig wees. Kan maklik wissel tussen twee of meer plekke. | Beperk tot een plek. |

| Psigologies      | Ekstern                                                            | Intern                                               |
|------------------|--------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------|
| <b>Kognitief</b> | Onbeperkte kennis. Inligting word slegs om retoriese redes beperk. | Kennis beperk tot die wêreld waarin hy vasgevang is. |
| <b>Emotief</b>   | Objektiewe insig in emosies van karakters.                         | Subjektiewe insig in emosies.                        |

| Ideologies <sup>34</sup> | Ekstern                                                                  | Intern                                                                                   |
|--------------------------|--------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------|
|                          | Verteller-fokalisator se ideologie is gewoonlik die heersende ideologie. | Karakter verteenwoordig sy ideologie in sy siening van die wêreld of sy aksies daarinne. |

Die gefokaliseerde kan ook van binne of van buite gefokaliseer wees. Die gefokaliseerde kan van buite waargeneem word, of sy gedagtes en emosies kan bekend word deur die fokalisasie van 'n verteller-fokalisator, of deur byvoorbeeld innerlike monoloog van die karakter-fokalisator.

<sup>34</sup> “This facet, often referred to as ‘the norms of the text’, consists of ‘a general system of viewing the world conceptually’, in accordance with which the events and characters of the story are evaluated” (Uspensky in Rimmon-Kenan 1983:81).



## 2.4 Vertelinstantie.

In die narratief het ons drie dimensies onderskei. Die narratief gaan oor 'n vertelling. Die eerste dimensie was dit wat vertel word – die storie. Dan was daar die tweede dimensie; die medium waardeur vertel word, die vertelling of die narratiewe teks. In enige vertelling ervaar 'n mens egter ook dat daar 'n iemand is wat vertel – die verteller of vertelinstantie. Dit is die derde dimensie.

Die verteller is tradisioneel beskryf met begrippe soos alomteenwoordig, alwetend, eerste persoon of derde persoon. Die verteller kan egter nie slegs in hierdie terme beskryf word nie. Die verteller moet eerder beskryf word in terme van sy verhouding tot die storie wat hy vertel. Hierdie verhouding bestaan uit twee dele: temporele verhouding en narratiewe vlak.

### i) Temporele Verhouding

Temporele verhouding kan uitgedruk word as agternavertelling (*subsequent*), vooruitvertelling (*prior*), gelyktydige vertelling (*simultaneous*) en ingevoegde vertelling (*interpolated*) (Genette 1980:217).

**Agternavertelling:** Dit is logies dat 'n gebeurtenis eers vertel kan word nadat dit gebeur het (Rimmon-Kenan 1983:89). Die meeste narratiewe se vertellers vertel agterna.

**Vooruitvertelling:** Dit kom baie min voor. Dit is 'n voorspellende narratief en 'n mens dink aan 'n profetiese genre as voorbeeld.

**Gelyktydige vertelling:** Dit is 'n vertelling in die hede en vind gelyktydig met die aksie plaas.

**Ingevoegde vertelling:** Dit is die mees komplekse en is 'n vertelling met verskeie vertelinstanties.

### ii) Narratiewe Vlak

'n Verteller kan vertel van 'n verteller wat vertel ... Vertellers funksioneer met ander woorde ook op narratiewe vlakke. Daar is reeds verwys na die term *eerste narratief* as narratief waarin ander narratiewe (soos analepse) kan voorkom. Die verteller van die eerste narratief hoef nie dieselfde verteller te wees as die verteller wat die analeptiese narratief vertel nie. In 2 Samuel 1 is 'n verhaal wat dit illustreer. Die verteller vertel dat Dawid in Siklag is en dat 'n Amalekiet uit Saul se kamp daar aankom en aan Dawid vertel van Saul se dood. Die Amalekiet vertel dan hoe hy vir Saul doodgemaak het - 'n verdraaiing van die werklike

gebeure. Die Amalekiet tree in vers 6-10 op as verteller van 'n storie ('n aangepaste analeps) op 'n ander vlak binne in die eerste narratief. 'n Mens sou na die eerste narratief kon verwys as 'n ekstradiëgetiese<sup>35</sup> waarbinne 'n diëgetiese (Amalekiet se storie) voorkom. Binne in die Amalekiet se storie sou argumentsonthalwe nog 'n storie (hipodiëgetiese) kon voorkom waar 'n ander karakter byvoorbeeld aan die Amalekiet van Dawid vertel.

Die ingebedde verhaal kan 'n handelende, verduidelikende of tematiese funksie hê (Rimmon-Kenan 1983:92). Die handelende funksie hou die eerste narratief in stand of bevorder dit. Die verduidelikende funksie is gewoonlik 'n verduideliking op hipodiëgetiese vlak binne 'n diëgetiese. Die tematiese funksie dui op 'n analogie tussen die diëgetiese en die hipodiëgetiese.

Rimmon-Kenan (1983:94-103) gebruik die volgende drie kriteria om 'n verteller te tipeer:

**Narratiewe vlak:** Die verteller is altyd op 'n hoër vlak teenwoordig as die storie waarvan hy vertel. Die verteller wat buite die fiktiewe wêreld van die eerste narratief voorkom, is 'n ekstradiëgetiese verteller. 'n Karakter binne in die storie wat 'n storie vertel, is 'n intradiëgetiese verteller (Potgieter 1991:103).

**Betrokkenheid by die storie:** Wanneer 'n karakter self betrokke is by die storie wat hy vertel, is dit 'n homodiëgetiese verteller. 'n Karakter-verteller wat nie betrokke is in die storie wat hy vertel nie, is 'n heterodiëgetiese verteller.

**Waarneembaarheid:** Dit dui op die koerte (amper afwesig) of overte (waarneembaar) aard van die verteller. Chatman (in Rimmon-Kenan 1983:96) bied 'n lys van ses dinge wat die overte aard van 'n verteller bepaal:

- 1) Beskrywing van omgewing.
- 2) Identifisering van karakter.
- 3) Temporele opsomming.
- 4) Definiëring van 'n karakter.
- 5) Inligting oor dit wat karakters nie gesê / gedink het nie.
- 6) Kommentaar:
  - a. Interpretasie.
  - b. Oordeel.
  - c. Veralgemening.

---

<sup>35</sup> "Narration is always at a higher narrative level than the story it narrates. Thus the diegetic level is narrated by an extradiegetic narrator, the hypodiegetic level by a diegetic (intradiegetic) one" (Rimmon-Kenan 1983:92)

**Geloofwaardigheid:** ‘n Geloofwaardige verteller se weergawe van die storie word aanvaar as die fiktiewe waarheid, terwyl die leser redes het om agterdogtig te wees oor ‘n ongelooftwaardige verteller se weergawe van die storie (Rimmon-Kenan 1983:100). ‘n Kovert ekstradiëgetiese verteller is die geloofwaardigste, veral as hy heterodiëgeties is (Rimmon-Kenan 1983:103). Hoe meer oort hierdie ekstradiëgetiese verteller raak, hoe meer geloofwaardigheid moet hy in. Die verteller se beperkte kennis, sy persoonlike betrokkenheid en/of sy waardesisteem is tekens van ongelooftwaardigheid (Potgieter 1991:104). ‘n Mens sou dit sekerlik ook kon uitdruk in terme van objektiwiteit (geloofwaardig) en subjektiwiteit (ongelooftwaardig).

‘n Verteller se status kan uitgedruk word in terme van die relasie tussen twee van die kriteria wat hierbo genoem is (Genette 1980:243-252), dus in terme van die relasie tussen narratiewe vlak en betrokkenheid by die storie. Dit kan op die as van ekstra-, - intradiëgeties en hetero-, homodiëgeties geplot word en ‘n verteller in een van vier kwadrante plaas:

- Ekstradiëgeties-Heterodiëgeties.
- Ekstradiëgeties-Homodiëgeties.
- Intradiëgeties-Heterodiëgeties.
- Intradiëgeties-Homodiëgeties.

Dit kan soos volg in tabelvorm uiteengesit word:

*Tabel 2.2: Beskrywing van Vertelinstantie.*

|         | Ekstra-                                                                                                                                                                                                                                  | Intra-                                                                                                                                                                                                                                          |
|---------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Hetero- | “‘n Verteller op die eerste narratiewe vlak vertel ‘n storie waarby hy afwesig is (die tradisionele outoriële verteller)” (Potgieter 1991:102).                                                                                          | “‘n Karakter op die tweede vlak, dus deel van die hoofgebeure of diëgesis, vertel ingebedde metadiëgetiese verhale waaraan hy nie self deel het nie” (Potgieter 1991:103).                                                                      |
| Homo-   | “‘n Karakter op die eerste vlak vertel sy eie storie (die tradisionele eerstepersoonsverhaal waar die vertellende ek op ‘n ander vlak as die belewende ek is, ten spyte van die feit dat hy sy eie storie vertel)” (Potgieter 1991:102). | “‘n Karakter op die tweede vlak (dws diëgetiese) vlak vertel sy eie storie (gewoonlik die gewone personele verhaal waar die illusie geskep word dat die leser direkte toegang het tot die bewussyn van die hoofkarakter)” (Potgieter 1991:103). |

Storie + teks + verteller = narratief. Elkeen van hierdie drie het sy eie aspekte en kenmerke. Die analise van 'n narratief bestudeer hierdie aspekte en eienskappe. Die verhale in die Bybel is ook narratiewe – literêre kunsvorme. Hulle antiekheid, 'outoriteit' en outentiekheid dra natuurlik by tot hulle uniekheid. 'n Narratologiese ondersoek lewer egter ook 'n besondere bydrae vir die interpretasie van die Bybel se verhalende tekste. Weens die uniekheid van die Bybelse narratief word Hoofstuk 3 vervolgens gewy aan 'n paar opmerkings oor Bybelse narratologie.

## **2.5 Samevatting.**

Wanneer 'n verteller vertel van karakters wat dinge laat gebeur en met wie dinge op 'n bepaalde tyd en plek gebeur, dan word 'n storie vertel. Die chronologie van gebeure kan 'geskommel' vertel word. Die tyd wat daaraan spandeer word om te vertel van insidente kan kort of lank wees. Daar kan selfs meer as een keer van 'n insident vertel word. Die storie word bewaar en latent gehou deur 'n vertelling of 'n teks en lewend gemaak deur 'n leser of hoorder wat wil luister. Die storie word deur 'n instansie vertel en binne in die storie kan nog 'n instansie nog 'n storie vertel. Die storie en die vertel daarvan is deel van die mens en die mensdom, soos die soek na en/of aanbid van 'n god of godheid deel daarvan is.

## HOOFSTUK 3

### DIE BYBELSTORIE – BYBELSE NARRATIEWE TEORIE

#### 3.1 Inleiding.

In hierdie hoofstuk word Bybelse narratiewe teorie ook aan die hand van die drie kategorië storie, narratiewe teks en vertelinstansie bespreek. In Hoofstuk 1 is verduidelik dat hierdie studie nie gebruik maak van die historiese kritiek as metode van interpretasie nie, maar dat hier 'n eie narratologiese metode ontwikkel sal word, wat dan op die teks toegepas sal word. In die voorafgaande hoofstuk is narratologie in die algemeen bespreek. In hierdie hoofstuk is die Bybelse narratief die fokus. Die argument sal begin met 'n verduideliking waarom hierdie studie krities staan teenoor 'n histories-kritiese benadering.

#### 3.2 Historiese kritiek.

Die historiese kritiek is die wetenskaplike ondersoek na die geskiedenis van literatuur in die Bybel om die geskiedenis van 'n korpus, boek of dele daarvan te rekonstrueer. Die eksegetiese metodes wat gebruik word om die geskiedenis mee bloot te lê, is literêre kritiek, vorm- en Gattungskritiek, motief- en tradisiekritiek, en komposisie- en redaksiekritiek. Historiese kritiek het ontwikkel uit die *Aufklärung*-denke (waarvolgens die menslike rede die finale norm vir waarheid is). In die agtiende eeu en tot in die sestigerjare van die twintigste eeu het dit die akademiese eksegetiese toneel grootliks oorheers. 'n Basiese vertrekpunt by al die metodes van ondersoek wat as histories-krities getipeer kan word, is dat 'n mens 'n teks verstaan as jy sy ontstaansgeskiedenis kan verklaar.<sup>36</sup>

'n Datering van 'n bepaalde boek in die Bybel kan 'n mens natuurlik help om sekere verskynsels in daardie boek beter te verstaan. So sou die datering van die boek Job volgens die historiese kritiek saamhang met byvoorbeeld die vele *hapax legomena* en unieke taal wat 'n mens in Job vind. Lawrie (2001:124) se gevoel is dat Job se unieke morfologie en die

---

<sup>36</sup> Met erkenning aan Prof A.P.B. Breytenbach (2001).

datering nie iets met mekaar te doen het nie.<sup>37</sup> Hy is ook van mening dat die algemeen aanvaarde datering vir die grootste deel van die boek (Persiese tydperk) nie ondersteun word deur geweldig baie bewyse of veel bydra tot die interpretasie van die boek nie (Lawrie 2001:123).

Vormkritiek en redaksiekritiek<sup>38</sup> sou moontlike antwoorde bied op vrae wat ontstaan na gelang van die vele teenstrydighede in die boek en die dele wat voorkom asof hulle nie op hulle plek is of in die boek hoort nie. Die populêrste antwoord sou wees: 'Latere toevoegings'. Geen moeite sal ook ontsien word om by die 'oorspronklike' dele uit te kom nie.

Die boek Job se genre sou tradisioneel beskryf kon word as 'n boek wat tuis hoort tussen die wysheidsliteratuur. Op grond hiervan sou Job vergelyk kon word met ander boeke van hierdie soort genre en baie sal gesê kan word (soos van die boek Prediker ook) oor die 'andersheid' van hierdie wysheid. Hierdie vergelykende opmerkings oor Job se wysheidskarakter sou ook gemaak kon word met 'n intertekstuele lees van die boek. Lawrie (2001:124) sê dat 'n mens nie die boek Job in enige gevestigde genre kan inpas nie, hoewel 'n mens grepe van verskeie genres kan identifiseer. Selfs op die gebied van die retoriese kritiek (vgl. Watson & Hauser 1994) het verskeie navorsers al probeer om die boek Job in 'n bepaalde retoriese genre te plaas. So probeer Schökel (1977) om Job te lees as 'n drama en Whedbee (1977) as 'n komedie.<sup>39</sup>

Die Bybelwetenskaplike van vandag kan en moet krities staan teenoor die historiese kritiek.<sup>40</sup> Hoewel die histories-kritiese benadering 'n waardevolle bydrae het om te lewer, is dit nie die enigste manier waarop insigte uit die Bybelteks ontgin kan word nie. Gunn en Fewell

<sup>37</sup> Lawrie (2001:124) meen dat as die skrywer oos van die Jordaan op die Koning se handelsroete gewoon het (of selfs 'n handelaar was), kan 'n mens 'n baie vroeë datering vir die boek Job veronderstel; "if the author is deliberately archaizing, ... even a very late date is possible."

<sup>38</sup> Vgl. Wharton (1976:729-732).

<sup>39</sup> Exum (1992:13) verskil van Whedbee en sê dat die boek nie gelees kan word as 'n komedie nie, "chiefly because the dialogue brings cosmic terror, as well as human heroism, into stark relief." Whedbee se argument het tog gronde. Die boek Job daag 'n gevestigde 'teologie-van-die-dag' uit, naamlik die teologie van retrubisie. Komedie is 'n handige literêre wapen om algemeen sosiale (of teologiese) reëls uit te daag. Eintlik sou 'n mens ook kon sê dat die boek Job iets probeer maak van die onverstaanbaarheid van God. Geen karakter in die boek se verstaan van God is die outoritêre teologie nie (vgl. Bezuidenhout 1991:82-83). God kan nie opgesom of verstaan word in enige teologie nie. Die ironie is dat daar 'n gaping ontstaan tussen 'n teologie oor God en die belewenis van God. Hierdie ironie is een van die twee bestandele van komedie (vgl. Whedbee 1977:1).

<sup>40</sup> Gunn (1987:65-75) sien reeds raak dat daar 'n behoefte by navorsers is om weg te beweeg van die historiese kritiek as enigste metode van interpretasie.

(1993:7-8) noem drie swakhede<sup>41</sup> van die histories-kritiese metode en sê dat hierdie metode die inisiatief vir interpretasie van die Bybelteks uit die hande van gewone mense geneem het en dit stewig in die hande van wetenskaplikes geplaas het. Fokkelman (1999:21) verwys na die histories-kritiese metode as ‘n drievoudige vervreemding van die teks (“a three-fold alienation”). Die poging om die Bybel in sy ontstaanskonteks te verstaan, vervreem die leser drievoudig: die teks kom van ‘n baie ver plek af, uit ‘n tyd baie lank gelede en uit ‘n kultuur radikaal anders as die leser s’n. Die leser moet hierdie drie verskille nie onderskat nie, maar onthou dat dit slegs halwe waarhede is wat stilweg leuens en optiese illusies kan word, wanneer dit die alfa en omega vir uitleg raak (Fokkelman 1999:21). Soms moet ‘n mens tot dieselfde gevolgtrekking as Lawrie (2001:126) kom: “(I)n case of some books neither a knowledge of the historical background of the book, nor the identification of the genre contributes much to the interest it has for the reader or the understanding the reader gains of it.”

Baie belangriker as die ontstaanstyd en –omstandighede van die teks, is die verhouding tussen die teks en die leser. Die skrywer van die teks is dood en die tyd en omstandighede van ontstaan is verby. Al wat nog lewe, is die teks (vgl. Fokkelman 1999:22). Die verhouding tussen die verantwoordelike leser en die teks is belangrik vir die vraag “Wat sê die teks nou eintlik?” Die leser moet in hierdie opsig vrede maak met sy subjektiwiteit, die teks kom daardeur tot lewe. Die leser diskwalifiseer homself egter as goeie leser, as hy om hierdie rede sommer enige iets met die teks sou wou aanvang (Fokkelman 1999:24). Lawrie (2001:136) skryf die meeste van die bestaande argumente oor “oorspronklike” en “sekondêre” materiaal toe aan subjektiwiteit. Hy sê die argumente is beïnvloed deur individuele opinies rakende betekenis en waarde van sekere gedeeltes. Eerstens, sê Lawrie (2001:136), word hierdie analises nie onderneem om die boek beter te verstaan nie, maar om ‘n standpunt, wat die persoon reeds huldig, te verdedig. Tweedens bepaal die waardes wat die persoon aan daardie teksgedeelte koppel, of hy die gedeelte “retain” of “delete.” Habel (1985:24) wil hê dat die eksegeet altyd bewus bly van die afstand tussen die huidige leser en die antieke oorspronklike gehoor. Hy waarsku egter ook dat ‘n mens bewus moet bly van die beperking in kennis aangaande die denkpatrone van die antieke wêreld.

---

<sup>41</sup> 1) Geen eksterne kontroles laat die proses oop vir sirkelredenasie.  
2) ‘n Estetiese voorkeur vir ‘n rasionalistiese, literêre lees van literatuur onderlê die bronkritiek.  
3) Historiese kritiek het ‘n voorkeur getref vir die “oorspronklike,” met ‘n verwoestende effek op die waarde van die “finale” kanon (Gunn & Fewell 1993:7-8).

Die leser se subjektiwiteit of ideologie<sup>42</sup> speel 'n prominente rol by die lees en interpreteer van tekste uit die Bybel. Die leser kan egter nie sy subjektiwiteit isoleer nie, maar hy moet daarvan bewus bly. Wanneer 'n mens die Bybel lees, lei dit outomaties na 'n soek van die boodskap of betekenis van die teks. Wat sê die teks? Die antwoord op hierdie vraag vra 'n worsteling met die teks – 'n eksegeese. Die leser se eie waarde-oordele speel natuurlik hier 'n baie groot rol. Die histories-kritiese metode is ontwikkel tot 'n fyn wetenskap waarin vrae aan die teks en oor die teks gevra word om by betekenis, tema of boodskap van die teks uit te kom. Vir die historiese-kritiek lê die antwoord opgesluit in die ontstaansomstandighede van die teks. Die wetenskap van die historiese kritiek skep meestal by die leser die indruk dat dit lei tot 'n objektiewe lees van die teks. Die groot fout wat die Bybelleser maak, is om te vra wat die betekenis van die teks is. Fokkelman (1999:26) meen dat 'n mens eerder by die antwoord uitkom met 'n ander ompad. In plaas daarvan om te vra “Wat sê die teks?” of “Wat is die betekenis van die teks?”, behoort die leser eerder te vra “*Hoe sê die teks dit?*” Sodoende beweeg 'n mens sinvol weg van histories-kritiese vrae, na meer immanente vrae.

“In the deepest sense, the test of exegesis is esthetic” (Lawrie 2001:143). 'n Narratiewe benadering tot 'n teks is 'n immanente benadering wat hom besig hou met die detail van die teks soos dit daar staan. 'n Narratiewe benadering antwoord die vraag, “Hoe sê die teks dit wat hy sê?” Daarom beweeg hierdie studie weg van die vrae wat die historiese kritiek aan Job gevra het en vra die navorsing hier “Hoe sê die boek Job dit wat hy sê?”

In die voorafgaande is die narratiewe teorie wat hier as rigsgaander dien, uitgespel. Die narratiewe in die Bybel het 'n eie aard en karakter en verskil natuurlik in sekere opsigte van die moderne novelle. Daarom word narratiewe teorie aangaande die Bybelse narratief ook in hierdie navorsing gebruik.

Daar is groeiende belangstelling onder Bybellesers, Bybelstudente, Teoloë, Ou Testamentici, Nuwe Testamentici en ander geïnteresserdes in 'n narratologiese benadering tot die eksegeese van verhalende tekste in die Bybel. Menige publikasies het dan ook die lig in hierdie verband aanskou. Die boek van Robert Alter (1981), *The art of biblical narrative*, is 'n uitstekende voorbeeld van pionierswerk op die gebied van Bybelse narratiewe teorie. Alter se navorsing is

---

<sup>42</sup> “... ideologies are like opinions – everybody has one. Some people are just more conscious of theirs. Ideology affects what we do and how we think. Even in our most scientific and apparently objective endeavors it colours and shapes our research and conclusions” (Gunn & Fewell 1993:190).



egter redelik verouderd as in ag geneem word dat dit reeds in 1981 gepubliseer is, maar bring steeds baie bruikbare insigte na vore. Gunn en Fewell (1993:3) se ervaring is dat daar nie regtig 'n definisie van narratief is wat 'n mens heeltemal tevrede stel nie. Hierdie definisies is per slot van rekening eintlik heuristies, “that is, they serve to open up possibilities of interpretation rather than having some essential reality in themselves” (Gunn & Fewell 1993:3). Hierdie opmerking geld vir narratiewe teorie in die algemeen. Daar is nie 'n teorie wat volledig tevrede stel nie – nie 'n absolute metode soos die historiese kritiek nie. 'n Studie soos hierdie probeer nie om 'n metode wat haarfyn oor die afgelope honderd jaar tot 'n fyn wetenskap ontwikkel is en slegs toeganklik is vir geleerdes, op die teks toe te pas nie. Hierdie studie wil eerder die moontlikhede ontgin wat die narratiewe benadering vir die teks oopbreek.<sup>43</sup>

'n Navorser wie se werke 'n reuse bydrae lewer vir die verstaan van Bybelse narratiewe, is die werke van Jan P. Fokkelman. Fokkelman het sy loopbaan gewy aan die bestudering van Bybelse (hoofsaaklik Ou Testamentiese) narratiewe, veral die narratiewe in Genesis en 1 en 2 Samuel (vgl Watson & Hauser 1994:16). Sy boek, *Vertelkunst in de Bijbel: een handleiding bij literair lezen* (1995) bied 'n uitstekende werkbare metode om die Bybelse narratief te lees. Hierdie boek is in 1999 in Engels uitgegee en word in hierdie studie as 'n basisbron gebruik.

Ter wille van sistematiese eenvormigheid sal die uitgangspunte vir hierdie studie rakende Bybelse narratiewe teorie ook onder die opskrifte *storie*, *narratief* / *teks* en *vertelinstansie* weergegee word.

### 3.3 Storie.

#### i) Gebeure.

*A proper narrative event occurs when the narrative tempo slows down enough for us to discriminate a particular scene; to have the illusion of the scene's 'presence' as it unfolds to be able to imagine the interaction of personages or sometimes personages and groups, together with the freight*

<sup>43</sup> By Miles (1977:71-126) tref mens 'n baie uitvoerige en filosofiese relaas aan wat handel oor die verhouding tussen die Bybel en ander literatuur. Hoewel hierdie artikel eerder handel oor literêre werke wat geïnspireer is deur die Bybel en/of die boek Job (vgl. Cloete (1984:102-106); Botha (1995:17-22); Lasine (1992:144-155); Pypers (1993:111-129) en Fisch (1994:280-295)), en nie oor die Bybel as literêre werk nie, lei 'n mens af dat Miles (1977:76-82) ook krities is oor die historiese benadering tot die Bybel sedert die negentiende eeu.

*of motivations, ulterior aims, character traits, political, social, or religious constraints, moral and theological meanings, borne by their speech, gestures and acts* (Alter 1981:63).

‘n Narratiewe gebeurtenis vind met ander woorde plaas wanneer die kombinasie van dialoog, gebeure en aksies teen so ‘n tempo aangebied word, dat dit as’t ware in die leser se verbeelding soos ‘n film voor hom afspeel.

Volgens Alter (1981:65) maak die verteller in die Bybel die meeste van die tyd van dialoog gebruik. Die vertelling in derde-persoon is volgens hom slegs verbindings tussens groter gedeeltes dialoog. Wat die dialoog en vertelling betref, praat Fokkelman (1999:67) onderskeidelik van karakterspraak (“character’s speech”) en vertellerstekste (“narrator’s text”). Vir Fokkelman (1999:67) is vertellerstekste die hooftekste en karakterspraak ingebedde tekste. Die Bybel gaan baie spaarsamig te werk met tekste. Karakters sê slegs wat nodig is (Fokkelman 1999:68) en selfs die verteller beperk sy insette tot slegs dit wat nodig is vir die verstaan van die storie (Fokkelman 1999:71).

Fokkelman (1999:73) maak nie van die term gebeurtenis (‘event’) gebruik nie, maar gebruik die terme aksies (‘actions’) en sub-aksies (‘sub-actions’). Die term ‘aksie’ sluit vier uiteenlopende elemente in:

- a) Die transitiese en intransitiese dade van karakters.
- b) Dit wat met ‘n karakter gebeur.
- c) Die beskrywende materiaal wat die verteller weergee.
- d) Aksie sluit ook prosesse in (Fokkelman 1999:75-76).

Daar moet duidelik onderskei word tussen aksies en sub-aksies. Aksie “goes hand in hand with the notion of grasping the story at a glance or making a summary” (Fokkelman 1999:73). Die sub-aksie is verantwoordelik vir die detail, “but these details are of course the actual business” (Fokkelman 1999:73). Hierdie indeling deel gebeure in twee breë kategorieë. Die indeling wat in Diagram 2.1 voorgestel is, definieer gebeurtenisse fyner. In die terme wat in Hoofstuk 2 by gebeure gebruik word, sou ‘n mens van die ‘actions’ en ‘sub-actions’ onderskeidelik kon praat as handelinge en insidente.

Fokkelman (1999:77) beskryf die afloop van gebeure in die narratief as ‘n baan of trajek. Die storietrajek lyk tipies soos volg:

*The full-grown story begins by establishing a problem or deficit; next it can present an exposition before the action gets urgent, obstacles and conflicts may occur that attempt to frustrate the dénouement, and finally there is the winding up, which brings the solution of the problem or the cancellation of the deficit* (Fokkelman 1999:77).

Die skrywer werk uiters selektief met die inligting wat hy wil deurgee. Nie alle sub-aksies word weergegee nie, slegs dié wat relevant is. Die kriteria vir die relevansie van die inligting is die plot (Fokkelman 1999:78). Die plot is die beginsel waarvolgens die vertelling georganiseer word. Die plot verskaf die begin, middel en einde van die storie (Fokkelman 1999:77).

#### ii) Karakters.

Die plot is ‘n baan of trajek van gebeurtenisse. “The trajectory in an independent story is often a search or ‘quest’ undertaken by the *hero* in order to solve or cancel the problem or deficit presented at the outset” (Fokkelman 1999:78 – *my beklemtoning*). Die storie het ten minste een persoon in die storie nodig om dinge te laat gebeur en/of ‘n persoon met wie dinge kan gebeur.

Die analise van karakters kyk ‘wie’ die karakters is (terwyl karakterisering kyk hoe die narratief karakters beskryf en ontwikkel). Fokkelman (1999:78 & 95) verkies om die terme ‘held’, ‘helper’ en ‘opponent’ te gebruik om karakters te beskryf. Hy (1999:82) sê ook dat dit nie altyd maklik is om ‘n held te identifiseer nie. Om te bepaal wie die held van ‘n storie is, moet ‘n mens die hulp van karakterisering in roep.<sup>44</sup>

Die held is die karakter wat op ‘n sending (‘quest’) is na die oplossing van die probleem of die waardevolle objek, wat uiteengesit is aan die begin van die storie. Die helpers en opponente is respektiewelik die karakters wat die held se sending bevorder of verhinder (Fokkelman 1999:95). Die leser moet hom ook nie laat mislei deur die term ‘held’ nie, “a

---

<sup>44</sup> Opmerkings oor karakterisering volg later (vgl. 3.4).

character can be the hero in a narratological sense, but a villain in a moral sense” (Fokkelman 1999:82).

Met betrekking tot die Bybelnarratief moet iets oor die karakter God ook opgemerk word. Die verhouding tussen verteller en karakter is ‘n verhouding van skepper en skepping. Die karakter is die skepping van die verteller. Dieselfde geld vir die karakter God in die Bybel. God kan in die Bybelstorie alleenlik optree as die verteller dit vertel. Skrywers se beeld van God verskil radikaal van mekaar, en dit is die leser se taak om die verskillende weergawes verskillend te los en nie die verskillende weg te probeer verklaar nie. Daar mag meer as een waarheid wees (vgl. Fokkelman 1999:57-59). Wanneer Gunn en Fewell (1993:28) verskillende kommentare met mekaar vergelyk, kom hulle agter dat geeneen van die kommentare die karakter God te veel wil ondersoek nie. Dit het miskien te doen met die gesag (veral uit Protestantse kringe) wat aan die Heilige Skrif toegeken word.<sup>45</sup>

Die gesag wat aan die Bybel toegeskryf word as Woord van God, laat baie lesers vergeet dat dié boek deur mense geskryf is. Die gevoel ontstaan dan by hierdie lesers dat die skrywer van ‘n bepaalde Bybelboek en God dieselfde waardes en beginsels koester – goed en sleg vir God is ook goed en sleg vir die skrywer. Fokkelman (1999:153) beweer dat dit gebaseer is op twee veronderstellings van die moderne leser wat nie standhoudend is nie: eerstens die aanvaarding dat die karakter God in die Bybel dieselfde is as die Bo-natuurlike wese, die Metafisiese entiteit God; en tweedens dat die skrywer geen keuse het as om dieselfde God te dien as die moderne leser nie. Hy waarsku verder dat die leser nie die verteller van die Bybelstorie moet vassluit in hierdie veronderstelling, dat die skrywer dieselfde waardes koester as die leser nie. Dus: selfs die karakter God kan in die narratologie onderwerp word aan analise.

### iii) Tyd

#### a) Volgorde

In die Hebreeuse narratief tref ‘n mens die Hebreeuse verteltrant aan wat aangedui word met die *waw-konsekutief*. Stories is altyd chronologies, maar word nooit suiwer chronologies vertel nie. Enige storie het ‘n begin, middel en einde op ‘n chronologiese tydlyn. Die verteller hoef nie by die nulpunt van die lyn te begin vertel nie. Die verteller kan enige plek op die lyn begin, selfs so ver as heel aan die einde. Die verteller kan dit doen omdat hy op enige plek op

---

<sup>45</sup> “Genre expectations of other kinds (particularly notions of the Bible as hallowed and authoritative) have also limited readers’ willingness to engage in extensive character construction” (Gunn & Fewell 1993:49).

die tydlyn vooruit of terug kan gryp na gebeure voor of na die vertelde hede. Bar Efrat (1989:166) meen dat die Bybelverhaal, anders as die moderne novelle, algemeen in een lyn van verlede na toekoms vertel word. Die verteller begin dus, volgens hom, by die nulpunt van die tydlyn en eindig by die chronologiese einde. Van naderby ontdek 'n mens dat 'n storie nooit chronologies vertel kan word nie. Anachronieë bied gereedskap waarsonder probleme, soos die vertel van gelyktydige gebeurtenisse, nie oorbrug sou kon word nie.

Bar Efrat (1989:175) onderskei tussen twee tipes analepse, of wat hy noem “flashbacks,” te wete analepse deur die verteller en analepse deur die karakter. Analepse deur die verteller het ten doel om 'n nuwe karakter voor te stel in terme van die agtergrond van sy verlede. Dit kan ook ten doel hê om aksies of uitinge van karakters te verklaar of om die oorsprong van 'n situasie te verduidelik. Dit kom egter selde voor, omdat die Bybelstorie kort en bondig is, sonder onnodige beskrywings, uitbreidings of informasie (vgl. Fokkelman 1999:69-72 en Bar Efrat 1989:175). Analeps deur 'n karakter is volgens Bar Efrat (1989:180) nie 'n distorsie van tyd nie, aangesien dit in die karakter se hede gebeur. Dit is egter steeds 'n tydsdistorsie. Analeps deur 'n karakter kan ook beskryf word as 'n verteller binne 'n vertelling wat 'n storie binne in die storie vertel.

Prolepse in die Bybelstorie word volgens Bar Efrat (1989:179) meestal organies aangebied as deel van die aksie (deur die woorde van 'n profeet of engel). Dit kom voor asof prolepse belangriker is vir die storie in die Bybel as vir ander stories. 'n Proleps in die Bybel skep die indruk dat die gebeure nie toevallig is nie, maar doelgerig en planmatig. “It sheds light on the deeper meaning of what is happening, enabling us concurrently with reading about the events, to transcend them, grasp the causal connections between them and perceive the hidden forces behind them” (Bar Efrat 1989:179). Die verlede dring die karakter se hede binne by wyse van herinneringe; en die toekoms by wyse van verwagtinge, hoop, vrese, begeertes, planne, versoeke, beloftes, besluite en bevele. Die eerste vier begrippe verwys op 'n passiewe manier na die toekoms, terwyl die laaste vyf dit laat blyk asof die toekoms aktief gevorm en beïnvloed kan word. “All these approaches are represented in abundance in biblical narrative.” Dit alles hou verband met die unieke karakter van die Bybelnarratief. “The frequency with which they occur gives biblical narratives a quality of being oriented towards the future and of constantly aspiring to advance without delay” (Bar Efrat 1989:184).

Fokkelman (1999:37) sê dat dit belangrik is om te vra wat die doel van 'n "flashback" is. Dit is volgens hom egter belangriker om te vra "why it should occur exactly here, on page N, and how its meaning is related to the adjoining pages" (Fokkelman 1999:37).

#### b) Duur

In die Bybelnarratief kan 'n mens ook onderskei tussen tonele, pouses, opsommings en ellipse. Wat Fokkelman (1999:40) "character's speech" noem, word hier beskryf as toneel. Dit is wanneer dialoog / monoloog plaasvind. Pouses, opsommings en ellipse noem Fokkelman (1999:40) "stretching, condensing and skipping" en skryf dit toe aan "narrator's text." Ellipse kom gereeld in die Bybelstorie voor, juis as gevolg van die bondige aard daarvan. Vir dieselfde rede sou min pouses voorkom waarin 'n omgewing of karakter haarfyn beskryf word. Aangesien pouses min voorkom, sou dit ook goed wees om nie net te vra na die doel daarvan nie, maar ook hoekom dit hier op hierdie spesifieke plek in die storie gebruik word.

#### c) Frekwensie

Bar Efrat (1989:161) sien die herhalende narratief (nN/IS) as 'n aspek van duur omdat dit die storiespoed vertraag. Die herhalende narratief is baie kere 'n analeps wat teruggryp na 'n gebeurtenis wat reeds vertel is. Dit sou dus ook onder volgorde bespreek kon word. Dit dui maar weereens net daarop dat die konsepte volgorde, duur en frekwensie slegs die sistematiese beskrywing van die aspek tyd dien. Dit kan nooit drie waterdigte kompartemente van tyd wees nie.

Die herhalende narratief in die Bybel het 'n unieke karakter en taak:

*(I)nformation conveyed in the exposition is repeated later on in the course of the plot. In addition, a command, suggestion, prophecy, etc. is often cited at one point, only to be repeated when we are informed of its implementation. Similarly, an event, action or speech is conveyed, and at a later state one of the characters reports on that same event, action or speech. What is more, these repetitions are often communicated in identical or almost identical terms* (Bar Efrat 1989:161).

Die herhalende narratief in die Bybel hou ook verband met die karakterisering van karakters in die Bybel (Bar Efrat 1989:162). In die Bybelstorie gebeur dit gereeld dat een karakter die

woorde of aksies van ‘n ander karakter of sy weergawe van gebeure herhaal. Wanneer ‘n leser oplet na die verskille in die herhaling, kan baie geleer word aangaande die karakter wat aan die woord is. Hier raak die aspek van tyd (frekwensie) weer skouers met karakterisering en fokalisasie wat later weer onder bespreking kom.

#### *iv) Ruimte*

Bar Efrat (1989:187) meen dat dit vir die moderne leser moeilik is om te begryp watter konnotasies die skrywer en lesers van die Bybelverhale aan plekname heg. “The audience was able to ascribe significance to those spots, which we cannot do today because of the distance in time and our inadequate knowledge of the geographical realities of the biblical period” (Bar Efrat 1989:187). Hierdie opmerking wil ‘n mens dadelik laat gryp na antwoorde wat histories-krities van aard is. Die histories-kritiese vrae is, soos reeds genoem, sekondêr van aard.

Fokkelman (1999:97-111) gebruik onder andere die verskyning van tyd en ruimte in die Bybelstorie as belangrike bakens vir die strukturering van die storie. Hy vra dus nie histories-kritiese vrae nie, maar span die aspek van ruimte saam met die van tyd in, om by ‘n sinvolle, verduidelikende struktuur van die storie uit te kom. Fokkelman raadpleeg wel ‘n atlas om byvoorbeeld reistyd van ‘n karakter van een ligging na ‘n ander te skat. Dit bly egter steeds ‘n wyse waarop slegs gesoek word na ‘n struktuur van die storie.

### **3.4 Narratief/ Teks.**

#### *i) Tyd*

Die verteltyd (narratiewe- / diskoerstyd) het te doen met die hoeveelheid woorde, sinne, paragrawe en hoofstukke van ‘n narratief. Op grond hiervan kan ‘n mens ‘n ooglopende onderskeid maak tussen prosa en poësie. Fokkelman (1999:171-187) wy ‘n ganse hoofstuk aan die verhouding tussen prosa en poësie; en veral aan die funksie van poësie in prosatekste. Hy (Fokkelman 1999:171-172) beweer dat ‘n mens teoreties twee verskille kan tref tussen prosa en poësie. Eerstens wentel die ganse struktuur/plot van ‘n prosateks rondom chronologiese weergawe van gebeure, terwyl chronologie nie vir die digter belangrik is nie. ‘n Tweede rede het te doen met die reëls vir kwantiteit en metrum. Poësietekste is meer kompak en sinne of verse is korter. “The strict discipline that controls real verses is of a quantitative nature and can be described in metrical terms” (Fokkelman 1999:173). Die dissipline wat die verteltyd hanteer, is ook van kwantitatiewe aard. Daarom is dit nodig om hier, onder die

opskrif 'tyd', melding te maak van Fokkelman (1999:171-187) se opmerkings oor die samewerking van prosa en poësie in narratiewe tekste.

Fokkelman (1999:174) meen dat hierdie onderskeid teoreties van aard is en dat die praktyk anders lyk. Poësie word in die narratiewe tekste gebruik en ondermyn die sisteem as't ware, soos die wysheid van Job en Prediker, van binne (Fokkelman 1999:174). Die klem op die verskil tussen prosa en poësie moet weggeredeneer word. Twee redes geld vir hierdie opmerking. Eerstens is die prosaskrywers lief daarvoor om prosa af te wissel met poësie op net die regte moment. Die taalreëls van sy besondere taal staan immers in diens van die skrywer (Deist 1986a:27). Tweedens kan hierdie poësie-dele literêr onafhanklik funksioneer en soms voorkom asof dit die storie kondenseer en vertel sodat dit met een oogopslag 'waargeneem' kan word (Fokkelman 1999:175).

Fokkelman (1999:175) verduidelik verder dat die narratiewe styl (in die Bybel) lakonies is en normaalweg uitgedruk word in kort frases. "The vast majority of sentences in Hebrew contain two to eight words" (Fokkelman 1999:175). Hy sê dat hierdie bondige manier van vertel dit vir die skrywer van die Hebreeuse narratief moontlik maak om parallelismes en frases van gelyke lengte te skep.

Wat is dit wat poësie die prosateks bied? Dit bied die leser die belewenis van 'n liriese 'ek' in die hede. Die liriese stem is betrokke in die hede en praat in die hede. Dit oorkom die narratiewe se 'historiese' afstand met poëtiese onmiddelikheid. Hierdie onmiddelikheid het twee gesigte: die leser beleef in hierdie manier van vertel 'n stuk direktheid; "or it is spoken by a voice (the lyrical I) that directly addresses God, the king or a fellow pilgrim with praises, thanks, reproaches or supplications" (Fokkelman 1999:177-178).

Hierdie hoofstuk van Fokkelman is uiters belangrik vir hierdie studie. As Fokkelman (1999:178) sê, "... the poetry in this chapter is embedded within the body of prose. This means that every poem has the status of direct speech, i.e. character text," het dit belangrike implikasies vir die lees van die boek Job as narratiewe. Normaalweg is dit nie baie lang dele poësie wat ingebed is in die prosateks nie. Daar is sekerlik nie 'n reël wat bepaal hoe lank die gedig / karakterspraak wat ingebed is, behoort te wees nie. Fokkelman (1999:174) sê tog dat



“the literary genius of the prose writers resist compartemental thinking.”<sup>46</sup> Waarom kan die poësiegedeelte van Job dan nie so ‘n ‘direkte spraak’-gedeelte wees wat ingebed is in ‘n (baie kort) prosagedeelte nie?

Die skrywer van die boek Job raak die hart van ‘n ‘wysheidsteologie’ aan. Op watter beter manier as om gebruik te maak van hierdie intensiewe manier van vertel – direkte liriese spraak? Die volgende woorde van Fokkelman (1999:178-179) beklemtoon hierdie teorie:

*Poetry embedded in prose has various functions. It articulates the material, contains a lesson, or offers a point; it intensifies the meanings already hovering in the air or implicitly present in the surrounding prose; or it formulates a conclusion in order to add a point of its own to the prose.*

Die boek Job is ‘n verhaal, maar dan ‘n baie besondere soort verhaal: ‘n kort stuk vertellerstekst met ‘n groot gedeelte karakterspraak in poësievorm.

#### ii) Plot/Struktuur

“Plot is the organizing force or principle through which narrative meaning is communicated” (Gunn & Fewell 1993:101). By Hoofstuk 3.3 (Storie) in die paragraaf oor ‘gebeure’ is aangedui dat die plot die trajek van gebeure is.<sup>47</sup> Die plot bied die gebeure volgens ‘n bepaalde struktuur aan.

*While they are structured around real-life experiences, literary plots differ from real life. Whereas, in real life, events often seem random, narrative shapes events into meaningful patterns. Even clear beginnings and endings are not apparent in real life* (Gunn & Fewell 1993:103).

Die plot bied die gebeure in ‘n betekenisvolle patroon aan. Hierdie patroon vorm die struktuur van die narratief. In hierdie struktuur kan ‘n mens soek na patrone soos byvoorbeeld parallëllisme, chiasme of inclusio. “When we succeed in making a correct division of the text into its various parts, everything comes together” (Fokkelman 1999:97).

<sup>46</sup> Oor die gebruik van prosa of poësie reken Deist (1986b:87) “staan dit ‘n verteller vry om sy verhaal óf in prosa, óf in poësie aan te bied.”

<sup>47</sup> “There must be events for there to be a story; not random events but events that are connected, events that have design, that form a pattern – events that are in fact ‘plotted’” (Gunn & Fewell 1993:101).

In klassieke Hebreeuse poësie ontdek 'n mens die keurige manier waarop die Hebreeuse skrywer van strukturele patrone gebruik maak. Die klassieke Hebreeuse prosa is geen uitsondering nie. Die meesterlike manier waarop die klassieke Hebreeuse skrywers van struktuur gebruik maak, laat Fokkelman (1999:162) tot die gevolgtrekking kom dat hierdie skrywers uitstekende literêre opleiding moes ontvang. Die struktuur is 'n sleutel tot die verstaan van die hele storie. Fokkelman (1999:97) gee waardevolle raad oor merkers waarvoor 'n mens in die Bybelse narratief kan oplet om die analise van die struktuur te vergemaklik. 'n Mens moet oplet na twee dinge: die gebruik van tyd en ruimte, en die verskyn en verdwyn van karakters. Gebeure, karakters, tyd en ruimte is bepalend vir die plot. Dit is dus duidelik dat die storie-aspek van gebeure georganiseer kan word deur die aspekte karakters, tyd en ruimte te bestudeer. Die verskillende aspekte van 'n narratief is met mekaar vervleg.

### *iii) Stylfigure*

Stylfigure kan by die plot/struktuur aansny. Die skrywer kan verskillende vorms van parallelisme gebruik, om byvoorbeeld 'n sentrale gebeurtenis in 'n bedryf te beklemtoon. Die skrywer kan, soos reeds vermeld, ook van stylfigure soos ironie, metafoor, vergelyking ensovoorts gebruik maak.

#### *a) Tipiese-toneel*

Alter (1981:47-62) beskryf 'n stylfiguur van groter omvang. Hy noem dit 'n 'typescene' (tipiese-toneel). In narratiewe vind 'n mens baie keer dat 'n reeks gebeure op 'n tipiese manier aangebied word. Die verteller gebruik 'n paar vaste motiewe vir hierdie geykte toneel en die leser kan die gebeure of uitkoms van die toneel antisipeer. "So 'n geykte toneel reflekteer 'n beslissende moment in 'n akteur se lewe en bestaan uit 'n aantal motiewe wat in 'n vaste volgorde voorkom" (Potgieter 1991:63). In die Bybel is die sogenaamde puttoneel 'n voorbeeld van 'n tipiese-toneel. 'n Man ontmoet sy toekomstige vrou by 'n put waar sy water kom skep. Dink maar aan Rebekka, Isak se vrou, wat by 'n put ontmoet word (Gen 24). Jakob ontmoet vir Ragel by 'n put (Gen 29) en Moses die dogters van die priester van Midian onder wie sy vrou Sippora (Eks 2). Hierdie tipiese tonele verskil in detail van mekaar, maar die basiese toneel bly dieselfde – 'n man se toekomstige vrou word by een of ander waterput ontmoet.

b) Uitdaging-reaksie stryd

‘n Tweede stylfiguur van groter omvang het te doen met eer en skaamte in die Bybel. Hier word kers opgesteek by die sosiale wetenskappe.<sup>48</sup> Dit is die uitdaging-reaksie model waarvolgens eer verwerf of verloor word (Malina 1993:36). Malina baseer sy studie vir Bybelse sosiale waardes op waarnemings uit die Mediterreense wêreld. Hy vergelyk dit met sosiale waardeverskynsels in die Bybel en poog sodoende om sommige verskynsels in die Bybel te verstaan. Malina se teorie het waarde vir hierdie studie. ‘n Mens sou die boek Job of dele van die boek kon sien as ‘n regsgeeding tussen God en Job, omdat baie tonele tipies lyk soos ‘n regsgeeding. Hierdie tonele sou ook gelees kon word as partye wat mekaar se eer uitdaag. Daarom sal daar in hierdie studie verwys word na hierdie model; meestal as ‘n tipiese toneel.


Eer (algemeen erkende waardigheid) is ‘n waarde wat algemeen aan iemand deur die publiek erken word. Skaamte is om gesteld te wees op, of bewus te wees van, eer. Die teenoorgestelde van eer is om beskaamd te word. Dit is wanneer die versoek om waardigheid algemeen ontken en verwerp word. Om beskaam te word is dus altyd negatief; dit beteken dat eer ontken of verkleineer word. Om skaamte te hê, aan die ander kant, is altyd positief - dit dui op ‘n mens se gesteldheid op sy eer. In die Bybel gaan hierdie eer selde oor die individu, en as ‘n reël eerder oor die eer van die groep of familie (Plevnik 1998:107).

Eer is ‘n beperkte hulpbron (vgl. Neyrey 1998a:122-127 en Malina 1993:90-116) en moet deur ander aan ‘n mens vergun word. Eer kan op een van twee maniere aan ‘n ander vergun word. Eer kan geërf of verwerf word. (Malina 1993:33-34). Geërfde eer is die eer wat ‘n persoon het na aanleiding van die familie waarin hy gebore is. Dit kan ook aan iemand toegewys word deur ‘n magspersoon soos ‘n koning of God. Verwerfde eer word deur ‘n persoon verwerf deur uit te styg bo ander. Dit vind plaas volgens ‘n sosiale uitdaag-en-reaksie patroon waarin persone met mekaar worstel volgens bepaalde sosiale reëls.

---

<sup>48</sup> Let op die verskil tussen die “social historians” en “social scientists” soos wat Martin (1993:107) dit beskryf en verduidelik. Eersgenoemde gebruik tradisionele histories-kritiese metodes terwyl laasgenoemde ‘n metode ontwikkel deur insigte uit die antropologie en sosiologie op die teks te gaan uittoets.

Diagram 3.1: Uitdaging-reaksie model.



Die model bestaan uit drie fases: aksie (uitdaging) – waarneming – reaksie. Die uitdaging vind altyd publiek plaas, wat verseker dat die ontvanger sal reageer, omdat eer deur die publiek toe- of afgewys word. Die ontvanger word deur 'n woord en/of daad uitgedaag. Die uitdaging word dan deur die publiek en die ontvanger met 'n bepaalde persepsie waargeneem. Die uitgedaagde kan dan reageer en die publiek sal sy reaksie evalueer.

*The challenge, then, is a threat to usurp the reputation of another, to deprive another of his reputation. When the person challenged cannot or does not respond to the challenge posed by his equal, he loses his reputation in the eyes of the public. People will say he cannot or does not know how to defend his honor. He thus loses his honor to the challenger, who correspondingly gains in honor (Malina 1993:37).*

'n Mens kan tereg vra of Job verlore eer probeer terugwen deur die Here uit te daag. Job verdedig verder ook sy eer deur te reageer op sy vriende se aanslag op sy eer. Hierdie opmerkings sal in latere hoofstukke meer uitgebreid bespreek word. Die uitdaging-reaksie model (Malina 1993:36) word in diagram 3.1 hierbo diagrammaties voorgestel.

#### *iv) Karakterisering*

Volgens Fokkelman (1999:65) word die leser van die Bybelverhaal gekonfronteer met 'n netelige vraag: “Hoe weet die leser wanneer 'n karakter hom bedrieg?” Die antwoord lê in 'n groot mate opgesluit in die analise van die karakterisering van die karakter. Die verteller kan dit direk vanuit sy alwetendheid aan die leser vertel en sodoende die karakter direk definieer. Die verteller kan ook gebruik maak van indirekte voorstelling. Volgens Tolmie (1996:81) is indirekte voorstelling die populêrste wyse van karakterisering in die Bybelnarratief. Dan moet die leser maar die karakter se woorde met sy daade vergelyk om agter te kom of die karakter hom bedrieg. In effek speel die leser dan die stem van die karakter en die stem van die verteller teen mekaar af (Gunn & Fewell 1993:71).

*A character speaks, the narrator recounts action. When there is incongruity, we often find that the narrator's report of action is a more reliable indicator of character than the character's speech. In much the same way, we may find the narrator's voice offering a significant and authoritative alternative*

*when characters say one thing and the narrator tells us that actually they are thinking another* (Gunn & Fewell 1993:71).

*Character can be revealed through the report of actions; through appearance, gestures, posture, costume; through one character's comment on another; through direct speech by the character; through inward speech, either summarized or quoted as interior monologue; or through statements by the narrator about the attitudes and intentions of the personages, which may come either as flat assertions or motivated explanations* (Alter 1981:116-117).

Die bekendstelling van 'n karakter vind volgens Alter (1981:117) op 'n kontinuum of skaal plaas. Op die een kant van die skaal lê dit wat van 'n karakter bekend word deur sy aksies of voorkoms. Al waarop die leser die karakter leer ken, is met sy eie gevolgtrekkings. In die middel van hierdie skaal is direkte spraak en innerlike spraak. Laasgenoemde is 'n meer betroubare bron vir karakterisering as eersgenoemde. Aan die ander uiterste van die skaal lê dit wat die verteller van die karakter vertel.

In die paragraaf oor 'karakters' is aangedui dat Fokkelman (1999:78 & 95) met die konsep werk van 'n held op 'n sending met helpers en opponente wat die bereiking van sy doelwit vergemaklik of verhoed. Dit is egter nie altyd 'n eenvoudige saak om die held te identifiseer nie. Fokkelman (1999:82) stel drie vereistes vir 'n karakter om die held van die storie te wees: "is the hero a subject of a quest? Is he/she mostly or permanently present in the text? Finally, does the hero or heroine show initiative?" Hierdie drie vrae sal help om die held as held te karakteriseer.

#### *v) Fokalisasie*

"Our knowledge of a narrated situation expands if we keep asking ourselves whose perspective we are actually being given" (Fokkelman 1999:139). Dinge wat 'n mens vreemd opval of onverklaarbaar voorkom in Bybelverhale, kan verklaar word wanneer die leser vra deur wie se oë die narratief op daardie stadium kyk. "Indeed failure to make this distinction between points of view is one of the most common sources of confusion in the interpretation of biblical texts" (Gunn & Fewell 1993:71). Omdat die verteller meestal vertel wat karakters

raaksien, moet die leser mooi onderskei tussen die verteller se fokalisasie en die van die karakter. Dit is egter nie altyd 'n maklike onderskeid om te maak nie.

*When, however, the perspectives of character and narrator are separated, the story gains depth and dimension because it is being seen from different angles. By recognizing the plurality of perspectives the reader can also resist the simplistic idea that a narrative pushes only one kind of rhetoric, that is it offers only one basic message, one model of living, one meaning (Gunn & Fewell 1993:72).*

Die Hebreeuse woord *הִיָּב* ('kyk!') dien as 'n belangrike merker vir karakterfokalisasie. Hierdie woord lei gewoonlik 'n frase in waarin die teks aandui wat 'n sekere karakter sien. Fokkelman (1999:141) illustreer dit met 'n voorbeeld uit 2 Samuel 15:2 wat soos volg letterlik vertaal kan word: "En Dawid het bo-op die kruin gekom waar hy voor God kom buig het, *en kyk*, Hushai die Arkiet het gekom om hom te ontmoet met geskeurde kleed en grond op sy kop." Die verteller se woorde dek hier presies die veld van Dawid se visie. Die leser hoor wat Dawid sien. Die woord *הִיָּב* dien hier as merker om die fokalisasie van die karakter Dawid aan te dui. Die woord *הִיָּב* word natuurlik ook struktureel in dialoog gebruik en as 'n partikel wat die aandag op iets belangrik vestig. Soms kan dit moeiliker wees om karakterfokalisasie te skei van die van die verteller. 'n Voorbeeld waarmee Fokkelman (1999:147) dit illustreer is die inventaris van Gideon se oorlogsbuit in Rigters 8:26: "En die gewig van die goue ringe wat hy gevra het, was sewentienhonderd sikkels goud, behalwe die maantjies en oorversiersels en purper klere wat die konings van Midian gedra het, en behalwe die kettings wat aan die nekke van hulle kamele was" (OAV<sup>49</sup>). Waarom gee die verteller hierdie inventaris, vra Fokkelman (1999:147). Dit kan alleenlik verklaar word as 'n mens in ag neem dat Gideon se gesigspunt ook hier gedek word. "We then realise that the narrator has used his apparent dryness to underline Gideon's greediness" (Fokkelman 1999:147). 'n Mens moet in tekste soos hierdie voorbeeld fyn lees en weer lees om seker te wees wie se perspektief word uitgespel. 'n Mens moet onderskei tussen *Wie sê?* en *Wie sien?*.

Om 'n karakter se emosionele perspektief bloot te lê, is ook moeilik. Fokkelman (1999:144) sê dat 'n mens 'n karakter se eie woorde moet bestudeer om iets wys te word oor sy/haar

---

<sup>49</sup> Ou Afrikaanse Vertaling.

perspektief. Die karakter kan die leser of ‘n ander karakter natuurlik mislei. Die leser moet gevolglik die karakter se woorde teen sy/haar aksies opweeg, of gebruik maak van voorkennis wat die verteller vroeër kon gegee het (Fokkelman 1999:144).

Die verteller se fokalisasie kan natuurlik iets verklap van sy/haar ideologie.<sup>50</sup> Wanneer die leser kan agterkom wat die verteller se ideologie is, kan gedink word hoe dit ooreenstem met die skrywer se ideologie. Dan kan ‘n mens natuurlik baie makliker bepaal wat die ‘boodskap’ van die storie is. Die goeie verteller gee egter nie sy ideologie net weg aan die leser nie – die meeste daarvan bly raaiwerk aan die kant van die leser. Die raaiwerk hou die leser geboei. Dit vra dat die leser die teks lees en weer lees. ‘n Duidelike analise van die struktuur en die plot kan die raaiwerk vergemaklik (vgl. Fokkelman 1999:148-150).

Fokalisasie hou verder ook met ironie verband. “Irony is incongruity of knowledge, value, or point of view” (Gunn & Fewell 1993:74). So kan ‘n karakter byvoorbeeld dink dat hy weet wat hy doen, terwyl hy eintlik iets anders doen. So het Juda gedink dat hy van die dienste van ‘n prostituut gebruik maak, terwyl hy in der waarheid gemeenskap met sy skoondogter het (Gen 38). “Verbal irony, language that can be interpreted as understanding or counterstating what, on the surface, it seems to mean, also often bypasses the characters en route from narrator to reader” (Gunn & Fewell 1993:74).

### 3.5 Verteller / Vertelinstansie.

Daar is gevalle waar dit moeilik is om die skrywer en verteller van mekaar te onderskei. Gunn en Fewell (1993:52) moedig lesers aan om nie die verteller te sien as die skrywer nie, maar as ‘n fiktiewe persoon soos die karakters. Fokkelman (1999:56) meen dat die verteller van die Bybelstorie ‘n alwetende verteller is. Hy kan ook beskryf word as ‘n ekstradiëgeties-heterodiëgetiese verteller. Die vertelinstansies in die Bybel is egter gevarieerd, en die ekstradiëgeties-heterodiëgetiese verteller is nie die enigste verteller nie. Bar Efrat (1989:45) se opsomming van die vertellers in die Bybel moet ‘n mens motiveer om die narratiewe vlakke en hulle vertellers ook in die Bybelnarratief te soek en beskryf:

---

<sup>50</sup> “**Ideology:** The ideas and manner of thinking characteristic of an individual or group, shaped by political, social, religious and other factors (conscious, unconscious and subconscious) and providing the frame of reference within which he or they judge and act (an ideology is true if the ideas in it are in accordance with reality, false if they are at variance with it)” (Deist 1984:79).



*(N)arrators in the Bible are quite complex and varied. They generally observe the characters from without, but sometimes also see them from within. They usually watch events as outside observers, but sometimes see things through the eyes of one of the characters. On the whole, they perceive situations from close to, and often hear the characters' conversations, but also occasionally take things in from afar. They generally describe the actual events for us, though in some cases they add their own interpretations and explanations (Bar Efrat 1989:45).*

Wat Bar Efrat hier sê, kan 'n mens opsom in terme van fokalisasie: Die vertellers van die Bybel is gevarieerd, want die Bybel se storie word deur verskillende fokalisators (binne en buite die storie) vertel.

### 3.6 Fokkelman se 10 vrae.

Dit is sinvol om op hierdie stadium die tien vrae van Fokkelman (1999:208-209) te vermeld. Dit is vrae wat hy aan en oor die teks vra om uit te kom by die antwoord op die vraag: "Hoe sê die teks dit?" Hierbo is gekyk na die bestanddele van 'n narratief. Fokkelman se tien vrae kan 'n instrument wees waarmee hierdie bestanddele geanaliseer word. Fokkelman sê ook dat 'n mens dit moet verstaan as tien groepe vrae eerder as tien aparte vrae:

1. Wie is die held? Gee die redes waarom hy/sy die held is (onthou kriteria van teenwoordigheid, inisiatief en aktant van 'n sending.)<sup>51</sup>
2. Waaruit bestaan die sending? Wat is die waardevolle objek? Bereik die held sy doel? Indien nie, waarom nie?<sup>52</sup>
3. Wie is die helpers en opponente? Behalwe vir ander karakters, kyk ook na faktore, situasies en persoonlikheidseienskappe. Is enige attribute (objekte) teenwoordig? Wat dra hulle by? Voeg hulle enige simboliese waarde toe?<sup>53</sup>
4. Is die verteller êrens in die teks 'voelbaar'? Let op vir inligting, kommentaar, verduidelikings of waarde-oordeel. Kan jy die hierdie plekke waar die verteller aan die woord is, aandui? Waar is die skrywer minder sigbaar (sy doelbewuste saamstel van

---

<sup>51</sup> Hierdie vraag kan beantwoord word in terme van karakters en karakterisering. 'n Analise van die gebeure sal ook die sending van die held beskryf.

<sup>52</sup> Die antwoord op hierdie vraag vra 'n analise van gebeure.

<sup>53</sup> Weer 'n vraag (soos vraag 1) rakende karakters en karakterisering.

- die materiaal)? Is dit by hom gebruiklik om sy eie opmerkings op sekere plekke in die teks te maak?<sup>54</sup>
5. Hou die verteller by die chronologie van die gebeure en prosesse? Waar en waarom wyk hy af? Probeer 'n idee kry van die verhouding verteltyd:vertelde tyd.<sup>55</sup>
  6. Waar is die gapings waar vertelde tyd weggelaat word, en kom versnelling, vertraging, teruggrype of vooruitgrype voor? Waarom kom hulle op hierdie spesifieke plek voor? Wat is hulle verhouding tot die konteks?<sup>56</sup>
  7. Is daar 'n duidelike plot of maak dit deel uit van 'n groter geheel? Hoe lyk die makro-plot dan?<sup>57</sup>
  8. Waar kom spraak voor? Is daar baie? Is daar spraak uitgelaat waar dit verwag is? Wat is die faktore wat die karakter wat aan die woord is, beïnvloed (eiebelang, agtergrond, behoeftes, verwagtings)? Is daar kongruensie (woorde stem ooreen met dade)? Indien nie, waarom nie? Is daar verwysings in die teks dat die skrywer die karakter ondersteun of goedkeur?<sup>58</sup>
  9. Is daar 'n spesifieke woordkeuse wat jou tref? Enige ander eienskappe in die styl en struktuur? Dink ernstig daaroor na met vrae oor die bydrae vir die aspekte soos plot en karakterisering as riglyne.<sup>59</sup>
  10. Grense: watter plan word gebruik om die eenheid af te baken? (Hou data met betrekking tot tyd en ruimte, begin en einde van aksie, verskyning en verdwyning van karakters in gedagte.) Kan jy die teks in kleiner dele verdeel? Watter merkers het jy gebruik? Soek na ander tekens en merkers wat kan lei tot 'n alternatiewe strukturering. In watter mate maak die verdeling die tema of 'inhoud' duidelik?<sup>60</sup>

### 3.7 'n Narratiewe metode.

'n Mens sou vervolgens na aanleiding van Hoofstuk 2 en 3 kon vra hoe 'n metode daar sou uitsien om 'n teks narratologies te ontleed. Fokkelman (1999:208-209) se tien vrae is baie bruikbaar. Die keuse word egter hier gemaak om nie die tien vrae net so aan die teks te vra om sodoende 'n analise te maak nie. Indien dit die geval sou wees, kon die titel van hierdie

<sup>54</sup> Hier behoort 'n analise van die verteller en van fokalisasie antwoorde te verskaf.

<sup>55</sup> Die aspek van tyd geniet aandag met hierdie vraag.

<sup>56</sup> Hier bestudeer 'n mens volgorde, duur en frekwensie – aspekte van tyd.

<sup>57</sup> Gebeure en veral plot (struktuur) moet hier bestudeer word.

<sup>58</sup> Hierdie vraag soek antwoorde by hoofsaaklik 'n analise van fokalisasie.

<sup>59</sup> Stylfigure word hier bestudeer.

<sup>60</sup> Hierdie vraag sluit aan by vraag 7 en het dus te doen met die plot/struktuur. Die antwoord lê, soos die vraag dit ook duidelik stel, opgesluit in 'n analise van gebeure, karakters, tyd en ruimte.


studie eerder dan ‘Die boek Job – ‘n toepassing van die teorie van Jan P. Fokkelman’ gewees het. So ‘n studie sou wel baie sinvol wees. Hier word egter gekies om vanuit bestaande werke ‘n eie metode saam te stel en te ontwikkel. Die verskillende aspekte van die narratief word op ‘n sistematiese manier ontleed en bespreek.

Hierdie studie sal ‘n bepaalde volgorde handhaaf waarvolgens die aspekte van ‘n Bybelse narratief (die boek Job in hierdie geval) aan die orde kom. Aangesien ‘n verhaal in sy mees basiese vorm ‘n vertelling van ‘n reeks gebeure is, sal die **plot en gebeure** eerste aan die orde kom. Hierdie analise behoort ook ‘n aanduiding te gee van die struktuur van die narratief. Aangesien die gebeure deur en/of met ‘n persoon plaasvind, word die **karakters en karakterisering** volgende bestudeer. Die studie word verder verfyn wanneer die aspekte van **tyd en ruimte** bestudeer word. Laastens word die **verteller en fokalisasie** bestudeer.

Hoewel daar vir hierdie volgorde gekies word, word die aspekte van die betrokke narratief altyd ondersoek en bespreek met die hele narratief in gedagte. Dit is baie belangrik om te onthou dat, hoewel die aspekte van ‘n narratief ter wille van die ontleding van mekaar geskei word, hulle mekaar voortdurend beïnvloed. Dit sal gevolglik gebeur dat ‘n mens selde een aspek kan ontleed en bespreek sonder dat een of meer van die ander aspekte ook aangeraak word. So kan dit byvoorbeeld gebeur dat ‘n karakter nie ontleed en bespreek word sonder dat gebeure, argumentsonthalwe, ook aangeraak word nie. Dus sal in die hoofstuk oor karakters ook iets gesê word oor gebeure, en *vice versa*. Een aspek word altyd bespreek in terme van die ander aspekte (m.a.w. in terme van die hele narratief). Die indeling hierbo is gewoon maar om die ontleding en bespreking van ‘n narratief te sistematiseer.

Die analise en beskrywing van ‘n narratief kan diagrammaties soos volg uitgebeeld word:

Diagram 3.2: Verhaalaspekte i.t.v. mekaar (i.t.v. die hele narratief).



### 3.8 Samevatting.

In hierdie studie word wegbeweeg van die histories-kritiese metode. Vir die antwoord op die vraag “Wat sê die teks?” word daar eerder kers opgesteek by die literêre wetenskap. Hierdie vraag word dan ook nie direk geantwoord nie, maar met ‘n ompad. Die ompad is deur te vra “Hoe sê die teks dit?” Hierdie vraag word beantwoord deur die aspekte waaruit ‘n teks bestaan, te bestudeer. In die geval van ‘n narratiewe teks word ‘n analise van karakters, karakterisering, tyd, ruimte, gebeure, plot, stylfigure, fokalisasie en die vertelinstantie

gemaak. In hierdie hoofstuk is hierdie studie se uitgangspunte met betrekking tot narratiewe teorie geformuleer. In die hoofstuk hiernaas sal geargumenteer word waarom Job as narratief gelees kan word. Daar sal ook na navorsing op Job verwys word wat verband hou met narratologie.

## HOOFSTUK 4

### PLOT EN GEBEURE

#### 4.1 Inleiding.

Wanneer 'n mens Job as 'n drama sou lees, vra dit 'n bietjie verbeelding. “One does not usually read the book of Job as a drama, probably because our concept of the literary genre ‘drama’ is very precise and limited” (Schökel 1977:45). Newsom (2003:12) maak juis die punt dat ‘n skrywer kan afwyk van die reëls vir ‘n sekere genre om sekere klemme te lê. Sodoende ontstaan baie kere nuwe genre’s.

Om Job as drama te lees, sou 'n manier bied waarop die boek (met sy problematiese komposisie veral vir die historiese kritiek) in sy ‘finale’ vorm gelees kan word. In 'n drama is daar ruimte vir nate, ellipse en ander weglatings. Dit is gewoon toelaatbaar omdat dit 'n literêre kunswerk is, wat die kunstenaar (skrywer) doelbewus só aanmekaar wou sit. In hierdie hoofstuk word die boek Job opgedeel in bedrywe en tonele. Hier word geargumenteer dat die ganse drama wentel om 'n uitdaging-reaksie stryd, met verskeie karakters se eer op die spel. Vier van Fokkelman (1999:208-209) se vrae word hier beantwoord, te wete vrae 2,<sup>61</sup> 7,<sup>62</sup> 9<sup>63</sup> en 10.<sup>64</sup>

#### 4.2 Plot en gebeure.

Die kleinste bestanddeel van die plot is 'n gebeurtenis. Gebeure word saam gegroepeer in tonele ('scenes'). Tonele word ook saam gegroepeer (hoofsaaklik op grond van tematiese

---

<sup>61</sup> “2. What does the *quest* consist of? What is the hero after, i.e. what is the object of value? Does he attain his goal, and if not, why not? (Fokkelman 1999:208).

<sup>62</sup> “7. Is there a clear *plot*, or is the unit you are reading more or less without a plot of its own, because it forms part of a greater whole? What, then, is the macro-plot there?” (Fokkelman 1999:208).

<sup>63</sup> “9. Is there any particular choice of words that strikes you? Any other characteristics of *style or structure*? Take them seriously, and keep pondering them, guided for instance, by such questions as “what does this contribute to plot or characterization?” (Fokkelman 1999:208-209).

<sup>64</sup> “10. Boundaries: what devices are used to demarcate a unit? (Consider the data regarding time, space, beginning and end of action, entrances or exits of the characters.) Can you make a *division* of the text (divide it into smaller units)? By what signals are you guided? Try and find other signals or markers, which may possibly lead to a different structuration. To what extent does the division clarify your view of themes or ‘content?’” (Fokkelman 1999:209).

samehang) en vorm dan ‘n bedryf (‘act’). Die plot is dan die sinvolle manier waarop die bedrywe en tonele van ‘n narratief gerangskik (struktuur) is.

Wat die makro-plot betref, kan die boek Job in drie bedrywe verdeel word. Die eerste en die derde bedryf bestaan elk uit vyf tonele terwyl die tweede (middelste) bedryf slegs een toneel het. Die bedrywe en tonele lyk soos volg:

*Diagram 4.1: Bedrywe en tonele in die boek Job.*

**Bedryf I (Job 1-2): Job word getoets.**<sup>65</sup>

**Toneel 1** (1:1-5): Job – ‘n man van integriteit.

**Toneel 2** (1:6-12): Satan: “Job is nie opreg nie.”

**Toneel 3** (1:13-22): Satan (Jahwe) vs. Job

**Toneel 4** (2:1-10): “Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af.”

**Toneel 5** (2:11-13): Job totaal onteer.

**Bedryf II (Job 3-26): Jahwe is...**

**Toneel 6** (Job 3-26): Dialoog: Vier vriende wonder oor Jahwe.

**Bedryf III (Job 27-42): Jahwe word getoets.**

**Toneel 7** (27-31): Monoloog (Job): Ek is totaal van my eer ontnem.

**Toneel 8** (32-37): Monoloog (Elihu): Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af.

**Toneel 9** (38-42:6): Jahwe vs. Job.

**Toneel 10** (42:7-9): Jahwe: “Job se vriende is nie opreg nie.”

**Toneel 11** (42:10-17): Job – ‘n man van integriteit.

<sup>65</sup> Clines (1989:8) *verdeel* Job 1:1-2:13 op dieselfde wyse. Habel (1985:25-35) *deel* die plot ook in drie hoofdele (“movements”). Sy indeling geskied ook onder andere op grond van karakters (Habel 1985:27). Die feit dat hier twee verskillende indelings (hierdie studie en die van Habel) van die makro-plot plaasvind op grond van die narratologiese inhoud van die boek Job, dui aan dat ‘n narratologiese analise die eenheid van die boek nie net sal bevestig nie, maar ook beklemtoon.

Tabel 4.1: *Verdeling van Toneel 6-9.*

|                 | Frase                                                     | Karakter | Hfst(e)    |
|-----------------|-----------------------------------------------------------|----------|------------|
| <b>TONEEL 6</b> |                                                           |          |            |
| 6a              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 3          |
| 6b              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיפָז הַתִּימְנִי וַיֹּאמֶר:                 | Elifas   | 4, 5       |
| 6c              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 6, 7       |
| 6d              | וַיֵּשֶׁן בִּלְדַּד הַשּׁוּחִי וַיֹּאמֶר:                 | Bildad   | 8          |
| 6e              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 9, 10      |
| 6f              | וַיֵּשֶׁן צֹפָר הַנַּעֲמָתִי וַיֹּאמֶר:                   | Sofar    | 11         |
| 6g              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 12, 13, 14 |
| 6h              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיפָז הַתִּימְנִי וַיֹּאמֶר:                 | Elifas   | 15         |
| 6i              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 16, 17     |
| 6j              | וַיֵּשֶׁן בִּלְדַּד הַשּׁוּחִי וַיֹּאמֶר:                 | Bildad   | 18         |
| 6k              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 19         |
| 6l              | וַיֵּשֶׁן צֹפָר הַנַּעֲמָתִי וַיֹּאמֶר:                   | Sofar    | 20         |
| 6m              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 21         |
| 6n              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיפָז הַתִּימְנִי וַיֹּאמֶר:                 | Elifas   | 22         |
| 6o              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 23, 24     |
| 6p              | וַיֵּשֶׁן בִּלְדַּד הַשּׁוּחִי וַיֹּאמֶר:                 | Bildad   | 25         |
| 6q              | וַיֵּשֶׁן אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                              | Job      | 26         |
| <b>TONEEL 7</b> |                                                           |          |            |
| 7a              | וַיִּסָּף אִיּוֹב שְׂאֵת מְשָׁלוֹ וַיֹּאמֶר:              | Job      | 27, 28     |
| 7b              | וַיִּסָּף אִיּוֹב שְׂאֵת מְשָׁלוֹ וַיֹּאמֶר:              | Job      | 29, 30, 31 |
| <b>TONEEL 8</b> |                                                           |          |            |
| 8a              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיהוּא בֶן־בֶּרֶכְיָאֵל הַבּוּזִי וַיֹּאמֶר: | Elihu    | 32, 33     |
| 8b              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיהוּא וַיֹּאמֶר:                            | Elihu    | 34         |
| 8c              | וַיֵּשֶׁן אֱלִיהוּא וַיֹּאמֶר:                            | Elihu    | 35         |
| 8d              | וַיִּסָּף אֱלִיהוּא וַיֹּאמֶר:                            | Elihu    | 36, 37     |
| <b>TONEEL 9</b> |                                                           |          |            |
| 9a              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֶת־אִיּוֹב מִן־הַסֶּעֱרָה וַיֹּאמֶר:      | Jahwe    | 38, 39     |
| 9b              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֶת־אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                     | Jahwe    | 40:1-2     |
| 9c              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֶת־אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                     | Job      | 40:3-5     |
| 9d              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֶת־אִיּוֹב מִן־הַסֶּעֱרָה וַיֹּאמֶר:      | Jahwe    | 40:6-41:26 |
| 9e              | וַיַּעֲדִיָהוּ אֶת־אִיּוֹב וַיֹּאמֶר:                     | Job      | 42:1-6     |



BEDRYF II (3:1-26:14) is die langste bedryf in die Jobdrama. Dit bestaan ook slegs uit een toneel, omdat daar geen toneelwisseling plaasvind nie (geen wisseling in tyd, ruimte, karakters of begin en einde van aksie nie). In hierdie bedryf dui die verteller aan wanneer 'n karakter aan die woord kom met die woord **וַיַּעַן** (**וַיַּעַן**) ['hy het geantwoord']. Hierdie aanduiding van die verteller kan gebruik word om die hoofstukke van die boek Job in Bedryf II (3:1-26:14) in te deel. Tabel 4.1 sit hierdie indeling van Toneel 6 (3:1-26:14) uiteen. In Job 27 begin die verteller om 'n ander frase te gebruik om 'n karakter aan die woord te stel. Hy wissel nou **וַיַּעַן** af met **וַיִּסַּח** (**וַיִּסַּח**) ['hy het voortgegaan']. Hierdie afwisseling deur die verteller help om Job 27-37 in kleiner dele te verdeel in Toneel 7 (27:1-31:40) en Toneel 8 (32:1-37:24) van Bedryf III (27:1-42:17) (vgl. Tabel 4.1). Toneel 9 (38:1-42:6) kan weer op dieselfde manier deur middel van die woord **וַיַּעַן** in kleiner dele verdeel word (vgl. Tabel 4.1).

Wanneer 'n mens na temas in elke toneel gaan kyk, kan die struktuur in die vorm van 'n ringskomposisie aangebied word. Bedryf II (3:1-26:14) word dan omsluit deur die twee vyftoneel bedrywe. Die struktuur kan dan soos volg voorgestel word.

*Diagram 4.2: Makro-plot van Job.*

**Bedryf I: Job word getoets.**

A Toneel 1: Job – 'n man van integriteit.

B Toneel 2: Satan: "Job is nie opreg nie."

C Toneel 3: Satan (Jahwe) vs. Job.

D Toneel 4: "Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af."

E Toneel 5: Job totaal onteer.

**Bedryf II: Jahwe is...**

F Toneel 6: Dialoog: Vier vriende wonder oor Jahwe.

**Bedryf III: Jahwe word getoets.**

E' Toneel 7: Monoloog (Job): Ek is totaal van my eer ontnem.

D' Toneel 8: Monoloog (Elihu): Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af.

C' Toneel 9: Jahwe vs. Job.

B' Toneel 10: Jahwe: "Job se vriende is nie opreg nie."

A' Toneel 11: Job – 'n man van integriteit.

Hierdie indeling kan getoets word aan die inligting in elke toneel aangaande die tyd, ruimte, begin en einde van gebeurtenisse en verskyning en verdwyning van karakters. Dit sal gerieflikheidshalwe toneel vir toneel bespreek word. Karakters, tyd en ruimte word nie hier uitvoerig bespreek nie, maar eers in later hoofstukke. Hulle word hier ter wille van die plot genoem.

*i) Bedryf I [1:1-2:13]:*

‘n Baie belangrike faktor wat die plot in hierdie bedryf bepaal, is ruimte. Die land Us en die hemel word in die eerste drie tonele op so ‘n wyse afgewissel dat die leser die ‘nate’ tussen die tonele kan ‘voel’. Die verskyning en verdwyning van karakters hang ten nouste hiermee saam – die karakter Job hoort tuis by die gebeure in die land Us en Satan en Jahwe hou verband met die gebeure in die hemel. Satan is egter nie beperk tot die ruimte van die hemel nie, maar swerf ook op die aarde en sy handeling verander aan Job se toestand. Die karakter Satan vorm so ‘n verbinding tussen die ruimte van Us en die ruimte van die hemel. Sodoende kom die ruimte van die hemel en Us albei in Toneel 4 (2:1-10) voor. Wanneer ‘n mens na die storiesnelhede van die verskillende tonele kyk, kan die plot van hierdie bedryf soos volg uitgebeeld word.

*Diagram 4.3: Plot van Bedryf I.*

**Bedryf I: Job word getoets.**

A Toneel 1: Job – ‘n man van integriteit en eer (**opsomming: NT<ST**)

B Toneel 2: Satan: “Job is nie opreg nie” (**toneel: NT=ST**)

C Toneel 3: Satan (Jahwe) vs. Job (**toneel met uitbreiding: NT>ST**)

B’ Toneel 4: “Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af” (**toneel: NT=ST**)

A’ Toneel 5: Job totaal onteer (**opsomming: NT<ST**)

*a) Toneel 1 [1:1-5]:*

In hierdie toneel vertel die verteller in ‘n opsomming (NT<ST) van die man Job. Die enigste aksie in hierdie toneel is ‘n iteratiewe storie wat die verteller gebruik as voorbeeld van Job se vroomheid en godsvresendheid. Job is dan ook die aktant van hierdie handeling. Die gebeure in die toneel is eintlik verbindend en staties van aard aangesien dit nie ‘n verandering van toestand tot stand bring nie. Die funksie van hierdie toneel is om die agtergrondinligting te

verskaf wat nodig is sodat die werklike aksie (dinamiese gebeure) kan begin. In hierdie toneel ontmoet die leser slegs een karakter, Job. Die ander karakters (Job se kinders en slawe) is slegs deel van Job se rykdom. Die ruimte is die land Us êrens in die Ooste<sup>66</sup> en spesifiek op Job se grond.

*b) Toneel 2 [1:6-12]:*

Ewe skielik is daar 'n wisseling in ruimte. Die aksie beweeg weg van Us na 'n vergadering van hemelwesens voor die aangesig van Jahwe. Die ruimte is die hemel en twee karakters is hier besig met verbale handeling. Die karakters is Jahwe en Satan wat in 'n tipe debat oor die man Job betrokke is, dieselfde karakter wat die leser so pas leer ken het. Die handeling in hierdie toneel is dinamies – dit stel die potensiaal daar om aan die toestand van Job te verander. Die hemelwesens wat vergader, is in hierdie toneel 'n voorbeeld van 'n statiese verbindende gebeurtenis. Hier vind dialoog en handeling plaas (NT=ST).

*c) Toneel 3 [1:13-22]:*

Die ruimte wissel weer van die hemel na Us. Die karakters is Job en die boodskappers wat die slegte nuus vir hom bring oor die verliese wat hy ly. Die leser weet dat die Satan ook in hierdie toneel aktief is, hoewel hy nie werklik genoem word nie. Die aksie in hierdie toneel is baie vinnig – die een boodskapper vertel nog van die ramp wat hy beleef het, dan kom 'n volgende een met die nuus van 'n ander ramp wat sy eienaar getref het. Die verteller brei as't ware uit terwyl die een boodskapper nog praat. Hierdie is 'n voorbeeld van uitbreiding (NT>ST). Die gebeure in hierdie toneel is dinamies omdat dit Job se toestand verander. Die verhaal bied die rampe ook op 'n kunstige manier aan. Daar is nie net 'n wisseling tussen die menslike en natuurlike oorsake van rampe (Sabeërs, weerlig, Galdeërs, wind) nie, maar die rampe tref hom ook uit al vier windrigtings (suid, oos, noord, wes) (Clines 1989:30). Job het geen wegomkans nie.

*d) Toneel 4 [2:1-10]:*

Weer is daar 'n wisseling in ruimte. Die storie speel nou weer af in die hemel en die strydgesprek tussen Jahwe en Satan gaan voort. Die Satan daag Jahwe uit om die besluit te

---

<sup>66</sup> Die historiese (of argeologiese) ligging van Us is nie belangrik vir die verstaan van die boek Job nie. Soos die name van die karakters, is die plekname doelbewus onbekend en misterieus. "The tone of the narrative suggests that the narrator is using an obscure designation to conjure up an image of antiquity and mystery" (Habel 1985:87; vgl. ook Clines 1989:9). Dit maak die verhaal meer boeiend ("intriguing") (Habel 1985:87).

neem om Job ook van sy goeie gesondheid te ontnem. Job se toestand gaan dus verder verander en dit maak hierdie gebeure dinamies. Skielik speel die storie hom weer af in die land Us. Hoewel daar dus 'n wisseling in ruimte is, gaan die storie 'naatloos' van die hemel af oor na die land Us. Die verbindende faktor is die karakter Satan. Die verteller sê amper in een asem "Satan is weg by Jahwe en het Job getref met pynlike swere..." Hierdie keer maak die Satan nie gebruik van helpers nie en tref Job somer self met pynlike swere.<sup>67</sup> Dit is 'n dinamiese handeling aan die kant van die Satan, omdat dit Job se toestand verander. 'n Mens sou ook kon sê dat dit 'n dinamiese insident is wat Job se toestand verander. Job behou sy integriteit en aanvaar die goeie en slegte wat van Jahwe kom.

*e) Toneel 5 [2:11-13]:*

Hierdie toneel word van Toneel 4 (2:1-10) geskei omdat die aksie plotseling tot stilstand kom. Hier is die verteller weer aan die woord. Geen dinamiese gebeure kom hier voor nie. Die toneel is 'n opsomming (NT<ST) wat Job se toestand skets. Die storiesnelheid is baie vinnig. Die skril kontras wat hierdie toneel vorm met Toneel 1(1:1-5), dui op die progressie in hierdie bedryf. Job word hier uitgebeeld as 'n man sonder enige eer.

*ii) Bedryf II [3:1-26:14]:*

Hierdie bedryf bestaan uit een baie lang toneel. Die karakters wissel glad nie. Die gedeelte bestaan slegs uit dialoog tussen Job en sy vriende. Narratologies kan 'n mens nie veel sê oor hierdie gedeelte met betrekking tot die plot en gebeure nie. Die gebeure behels slegs die gesprek tussen Job en sy vriende. Die gesprek kom wel in 'n bepaalde patroon voor: Elifas-Bildad-Sofar met telkens Job tussen elke karakter. Die patroon herhaal homself amper drie maal. Die derde rondte ontbreek die woorde van Sofar egter. Dit dui daarop dat Job sy vriende tot swye bring. Soos wat Bedryf I (1:1-2:13) eindig met die swye van Job se vriende, so eindig Bedryf II (3:1-26:14) met hulle swye.

Die plot van die gesprek lyk soos volg:

---

<sup>67</sup> Let op dat hierdie swere nie melaatsheid is nie (en beslis nie Hansen se siekte nie) (vgl. Wright & Jones 1992:277).

Diagram 4.4: *Plot van Bedryf II.*

| <b><u>Rondte I (3:1-11:20)</u></b>                 | <b><u>Rondte II (12:1-20:29)</u></b>                        | <b><u>Rondte III (21:1-26:14)</u></b> |
|----------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------|---------------------------------------|
| <b><i>Die karakters neem<br/>standpunt in.</i></b> | <b><i>Die karakters beskuldig<br/>mekaar wedersyds.</i></b> | <b><i>Job dagvaar God.</i></b>        |
| <i>Job (3:1-26)</i>                                | <i>Job (12:1-22)</i>                                        | <i>Job (21:1-34)</i>                  |
| <i>Elifas (4:1-5:27)</i>                           | <i>Elifas (15:1-35)</i>                                     | <i>Elifas (22:1-30)</i>               |
| <i>Job (6:1-7:21)</i>                              | <i>Job (16:1-17:16)</i>                                     | <i>Job (23:1-24:25)</i>               |
| <i>Bildad (8:1-22)</i>                             | <i>Bildad (18:1-21)</i>                                     | <i>Bildad (25:1-6)</i>                |
| <i>Job (9:1-10:22)</i>                             | <i>Job (19:1-29)</i>                                        | <i>Job (26:1-14)</i>                  |
| <i>Sofar (11:1-20)</i>                             | <i>Sofar (20:1-29)</i>                                      |                                       |

a) *Toneel 6 [3:1-26:14]:*

In Diagram 4.2 beklemtoon die plot hierdie toneel en bedryf as die sentrale deel van die drama.<sup>68</sup> Hierdie toneel word geskei van die ander deur te kyk na die karakters wat in gesprek is en die tipe gebeure. Die toneel is lank en bestaan hoofsaaklik uit verbale handelinge (behalwe vir kort stukke vertellerstekes wat die karakters aan die woord stel). 'n Mens sou hierdie 25 hoofstukke van Job kon noem as die langste aaneenlopende gedeelte in die Bybel waar die storiesnelheid NT=ST is. In hierdie verbale handelinge leer 'n mens die karakters ken deur dit wat hulle sê (meer daaroor by karakterisering). In die hoofstukke wat volg, sal meer gesê word oor hierdie toneel. Uit die plot van hierdie toneel is dit egter duidelik dat Job sy vriende tot swye dwing.

In die eerste rondte (3:1-11:20) word die verskillende standpunte gestel. In 'n neutredop sê Job dat hy nie verstaan waarom die rampe hom tref nie. Sy lyding is onregverdig. Hy beklemtoon dat hy baie swaar kry en dat daar geen klinkklare rede daarvoor is nie. Hy sou liever nooit wou lewe as om so te ly nie (*"Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie, die nag toe gesê is 'n seuntjie het in die wêreld gekom"* Job 3:3, NAV). Van die vriende se kant word gesteun op die tradisionele wysheid. Hulle verklaring vir Job se lyding is dat Job gesondig het en dat Job juis daarvoor ly. Hy ly omdat hy gestraf word (*"Dink daaroor na: het iemand ooit onskuldig te gronde gegaan? Waar is regverdiges ooit uitgewis? Ek het ondervind: dié wat onreg plant en moeilikheid saai, oes dit ook. Deur die toorn van God gaan hulle te gronde, deur sy woede gaan hulle tot niet"* Job 4:7-9, NAV) Die vriende gaan haal

<sup>68</sup> Hieruit kan 'n mens aflei dat die drama klem wil plaas op mense se wonder oor en worsteling met God.

die antwoorde uit die wysheid en Elifas beroep homself selfs op 'n gesig wat hy in die nag gesien het om dit te staaf (Job 4:12-21).

Job hou egter voet by stuk – sy lyding is nie regverdig nie. Hy reken sy vriende tree nie reg op nie (vgl. veral 6:14-17; 27). Job wil by die wortel van sy lyding kom, daarom sal hy nie stil bly nie (7:11). Job begin nou geleidelik om vir God te beskuldig van sy lyding (7:12-21). Bildad hou egter in Job 8 voet by stuk – God seën altyd die onskuldige en straf altyd die skuldige (*“Sal God die reg verdraai, sal die Almagtige verdraai wat reg is?”* Job 8:3, NAV).

In Job 9<sup>69</sup> verklaar Job dat God groter is as die mens. 'n Mens staan altyd skuldig voor God. Job se woorde in Job 10 druk egter uit dat hy steeds dink God tree hier onregverdig op. God het in die fynste detail gaan soek na ongeregtheid by Job (*“U weet dat ek nie skuldig is nie, maar niemand kan my uit u hand red nie”* Job 10:7, NAV). God maak jag op hom soos 'n leeu (10:16). Sofar is ontsteld oor Job so aanmatigend is teenoor God (Job 11). Hy meen dat Job nie die wysheid van die Here het nie (11:7) en dat Job eintlik wysheid kortkom (11:6).

Die eerste rondte dialoog stel dus die verskillende standpunte van die karakters. Job voel dat God onregverdig is en dat sy vriende onsimpatiek is. Die vriende se standpunt is dat Job se lyding die gevolg van ernstige sonde is. Sy vriende beskuldig Job van sonde.

In die tweede rondte dialoog word Job se beskuldigings op die spits gedryf. In Job 12-13 beskuldig hy sy vriende van onwysheid. Hulle moet die skepping vra om hulle te leer (12:7-10).<sup>70</sup> In Job 13 waarsku hy sy vriende om opreg te wees en nie vir God te probeer verdedig nie (*“Luister na my kant van die saak, neem my argumente in ag: Wil julle vir God intree met onreg en sy saak bepleit met leuens? Wil julle vir Hom partydig wees? Wil julle God se saak verdedig? As Hy julle sou ondersoek, sou dit vir julle goed verloop? Sou julle Hom kon bedrieg soos julle mense bedrieg? Hy sal julle swaar straf as julle in die geheim partydig is. Sy verhewe mag sal julle met skrik vervul, skrik vir Hom sal julle oorval. Julle beroep op die voorgeslag is wind, julle verweer sê niks”* Job 13:6-12, NAV). Job argumenteer in Job 14 dat sy vriende moet kyk na die realiteite – Job se lyding is baie groot, daar is vir hom niks oor nie.

<sup>69</sup> Loader (2001:78-81) bespreek die eienskappe van God in vers 5-10, wat hy beskryf as 'n 'quasi-hymn.'

<sup>70</sup> Dit is ironies dat dit op die ou end die skepping is wat vir Job in Job 38-39 kom leer. Vgl. Swanepoel (1991:192-205) se bespreking van die verhouding tussen Job 12 en Job 38-39.

Hy is onteer. Elifas verklaar dat hierdie houding van Job *per se* 'n voorbeeld is van Job se sonde (15:4-6). Job se woorde is teken van sy goddeloosheid.

Job beskuldig sy vriende dat hulle onregverdiger as God is. Hulle is nie goeie vriende nie (Job 16-17). Bildad raak nou kwaad vir Job en verklaar dat mense hom verstoot as gevolg van hierdie goddeloosheid van hom (Job 18). Job is self verantwoordelik daarvoor dat hy geen eer meer het nie.

Job se gevoel is dat sy vriende hulle aan die kant van God skaar al tree God onregverdig op. Hy doen 'n beroep op hulle om hom te ondersteun (*"Kry my tog jammer, my vriende, kry my tog jammer! Die hand van God het my swaar getref. Waarom vervolg ook julle my soos God dit doen? Kry julle nie genoeg nie?"* Job 19:21-22, NAV). Job waarsku ook dat hulle moet pasop dat God hulle nie dalk oordeel oor die manier waarop hulle nou optree nie (*"As julle dan sê julle wil my vervolg, die wortel van die kwaad by my opspoor, moet julle die swaard vrees, want in sy toorn straf God die sonde met die swaard. Dan sal julle weet dat daar 'n regter is"* Job 19:28-29, NAV).<sup>71</sup> Sofar voel soos Bildad. Job se woorde getuig van Job se goddeloosheid (Job 20).

In die tweede rondte dialoog hou die karakters elkeen vol dat sy standpunt, wat uit die eerste rondte bekend geword het, reg is. Job beskuldig egter sy vriende ook daarvan dat hulle onregverdig is en nie goeie vriende is nie.

In die derde rondte steur Job hom nie meer veel aan die vriende nie, maar beskuldig nou vir God. In Job 21 sê Job dat God nie altyd die skuldige straf en die onskuldige seën nie. Intendeel, God sorg vir die goddelose ook (vgl. byvoorbeeld Job 21:7-10: *"Waarom bly die goddeloses aan die lewe, word hulle oud en ryk en vernaam? Hulle kinders raak gevestig rondom hulle, hulle sien hulle nageslagte. Daar is vrede in hulle huise, geen vrees nie, die straf van God tref hulle nie. Hulle bulle dek die koeie en slaan nie een oor nie, hulle koeie kalf en het geen misgeboorte nie."* NAV). Elifas kom agter dat Job hom nie meer aan hulle steur nie. Job soek ook nie na die sonde wat hy gepleeg het, sodat hy dit kan bely nie. Elifas begin nou maar self soek na die sonde wat Job gepleeg het (Job 22).

---

<sup>71</sup> "The ambiguity of Job's protest resides in his own ambivalence: God is the divine enemy who persecutes him, yet also the witness who will defend him" (Williams 1992:210).

Nou gaan Job (in Job 23-24) oor tot die uiterste – hy dagvaar God. Hy wil hê dat God sy dade moet verantwoord in ‘n regsgeeding, as hy net vir God kan vind (“*Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind, maar kon kom tot by sy woning! Dan sou ek die regspraak voor sy aangesig uiteensit en my mond met bewyse vul; ek sou verneem die woorde wat Hy my sou antwoord, en verstaan wat Hy aan my sou sê*” Job 23:3-5, OAV). Bildad is woordeloos. Hy probeer iets sê, maar kry nie veel woorde nie. Daarom is Job 25 so kort. Hy probeer slegs maar vir Job bewus maak van God se almag. Job antwoord in Job 26 en sê dat hy wel bekend is met God se groot krag. Die vriende moet ophou probeer om vir hom dinge te leer wat hy reeds weet. Sofar is stil – die vriende het niks oor om aan Job te sê nie.

In die derde rondte steur Job hom nie veel aan die vriende nie. Hy worstel eerder met God self. Hy soek na Hom sodat hy Hom die regstryd kan aansê.

### **iii) Bedryf III [27:1-42:17]:**

In Hoofstuk 7 word, by die bespreking van ruimte, uitgebrei op die beskrywing van die gebeure in hierdie bedryf. Die ruimte word daar beskryf as ‘n verhoor by ‘n hof. Die wisseling van karakters, en veral die dialoog/monoloog van karakters, is bepalend vir die plot van hierdie bedryf. Die plot van hierdie bedryf kan op die volgende manier uitgebeeld word:

#### *Diagram 4.5: Plot van Bedryf III.*

A Toneel 7: Job sonder **eer**

B Toneel 8: ‘n **Vriend** van Job **getuig** oor Jahwe.

C’ Toneel 9: **Jahwe vs Job**

B’ Toneel 10: Job se ander **vriende** het nie reg **getuig** aangaande Jahwe nie.

A’ Toneel 11: Job se **eer** herstel

#### *a) Toneel 7 [27:1-31:40]:*

In hierdie toneel is een karakter aan die woord. In Toneel 6 (3:1-26:14) het Job voortdurend gevra dat Jahwe met hom in ‘n regsgeeding betrokke sal raak. Hy dagvaar Jahwe. Bedryf III (27:1-42:17) is die hofspraak. Hier in Toneel 7 (27:1-31:40) is Job in die getuiebank. Job 27 en 28 word juis op grond van die inhoud eerder hier ingesluit as in die vorige toneel. Albei hierdie hoofstukke sluit beter aan by Job se monoloog as by Job se antwoord aan die vriende in Job 26:1-14. Die wyse waarop die verteller Job aan die woord stel, word ook gebruik as ‘n



merker. Job 31 weerklank ‘n karakter wat onskuldig pleit en die bewyse daarvoor aanvoer. Die woorde *אֵינִי דֹבֵר אֵינִי* - “Dit is die einde van Job se woorde” (31:40 – BHS<sup>72</sup> & NAV) klink soos die “I rest my case” aan die einde van ‘n regsverteenvoerder se argument. Job lewer hier ‘n monoloog. Hy getuig wat hy glo en hy getuig dat Jahwe onvoorspelbaar is. Hy sê dat hy wat Job is, onskuldig gestraf word. Hierdie toneel is parallel aan Toneel 5 (2:11-13) omdat dit Job uitbeeld as ‘n man sonder enige eer.

*b) Toneel 8 [32:1-37:24]:*

Hierdie toneel is ook die monoloog van een karakter. Die Jobkarakter verdwyn uit die getuiebank en Elihu verskyn op die toneel. Hierdie karakter verskyn ook in die getuiebank en getuig dat die beskuldigde in hierdie saak eintlik Job is en nie Jahwe nie. Veral Job 37 klink soos ‘n getuie wat getuig oor God se grootheid en almag. Elihu sê dat Job kan reageer, maar gee nie werklik vir Job veel kans nie. Hy sê dat Jahwe die goeie en die slegte met ‘n doel oor mense se pad bring. Mense moet dit reg verstaan en in hulle lewens aanwend. Hierdie gedeelte is parallel aan Toneel 4 (2:1-10) omdat die tema van die goeie en slegte wat van Jahwe af kom, hier sentraal staan. Tot hier was Jahwe feitlik vanaf 2:6 afwesig. Die leser wonder of Jahwe weer sal verskyn. Sal Hy vir Job direk antwoord of het hierdie jongman gearbitreer tussen Job en Jahwe (vgl. Habel 1985:33)? Die vertelling vertraag die verskyning van Jahwe en berei ter selfder tyd die grond vir die verskyning voor.

*c) Toneel 9 [38:1-42:6]:*

Vir die eerste keer kom Jahwe met Job in gesprek. Hier is dus weer sprake van karakterwisseling. Jahwe gee egter vir Job kans om te antwoord, maar bring vir Job tot swye. Hierdie is nie meer monoloog nie, maar dialoog. Hierdie toneel is parallel aan Toneel 3 (1:13-22) omdat dit weer handel oor konflik tussen Job en Jahwe.<sup>73</sup>

*d) Toneel 10 [42:7-9]:*

In hierdie kort toneel wend Jahwe Hom tot Job se drie vriende. Hulle word beskuldig dat hulle nie reg oor Jahwe gepraat het soos Job nie. Die ‘reg praat’ lê waarskynlik nie opgesluit in die regte woorde, teorie of teologie nie, maar in die regte motief. Job het opreg met Jahwe geworstel. Die vriende wou die voordeel van ‘goeie geloof’ in stand hou deur die regte

<sup>72</sup> Biblia Hebraica Stuttgartensia.

<sup>73</sup> Konflik moenie hier verstaan word as ‘n geveg nie, maar eerder as ‘n literêre konsep wat spanning skep.

teologie te handhaaf.<sup>74</sup> Hulle het Jahwe dus nie verdedig omdat hulle 'n verhouding met Hom het nie, maar omdat dit vir hulle voordeel kon inhou. Job, aan die ander kant, het Jahwe uitgedaag, maar hy het 'n opregte verhouding met Hom gehad. Om hierdie rede is die toneel parallel aan Toneel 2 (1:6-12), omdat dit Job se opregtheid en die vriende se verskuilde agenda's kontrasteer. 'n Mens sien ook hier dat Job versoening moet doen vir sy vriende soos hy versoening gedoen het vir sy kinders.

*e) Toneel 11 [42:10-17]:*

In hierdie toneel is die verteller weer alleen aan die woord. Hy gee vir die leser in 'n opsomming die uitkoms van hierdie verhaal. Die een waarop die verteller hier fokus, is Job. Hy vertel dat Job se eer herstel is en dat hy twee keer soveel besit het as voor die insident met Jahwe. Die toneel is parallel aan Toneel 1 (1:1-5) in terme van Job se rykdom wat beskryf word.

#### **4.3 Die plot van Job in terme van 'n uitdaging-reaksie stryd.**

In Hoofstuk 3 is die uitdaging-reaksie stryd beskryf. Wanneer 'n mens na die hele Jobdrama gaan kyk met die hulp van die sosiaal wetenskaplike benadering, veral die teorie rondom eer en skande, ontdek 'n mens 'n magdom interessante in die storie.<sup>75</sup> In Hoofstuk 2 is gebeurereekse beskryf. 'n Reeks bestaan dan gewoonlik uit drie aksies; een wat 'n potensiaal skep (die moontlikheid), een wat die gebeurtenis aktualiseer (die proses) en een wat die proses afsluit (resultaat). Die reekse kan ook bymekaar inbed, aaneenskakel of saamgevoeg word.

Die uitdaging-reaksie stryd bestaan uit drie fases: uitdaging – waarneming – reaksie. Op grond van die reaksie word eer aan die uitgedaagde toegeken of afgewys. In terme van 'n gebeurereeks sou 'n mens kon sê dat die uitdaging 'n moontlikheid skep. Die waarneming en reaksie aktualiseer die gebeurte. Die resultaat sou wees wanneer die publiek eer aan die uitgedaagde toeken of afwys. Die teorie rondom die uitdaging-reaksie stryd maak dit moontlik dat 'n mens sou kon praat van 'n uitdaging-reaksie reeks. Afhangende van die reaksie van die uitgedaagde, sou hierdie reekse bymekaar kon inbed of aaneenskakel. Indien 'n uitgedaagde op die uitdaging kan reageer met 'n teenuitdaging, bed hierdie reekse

---

<sup>74</sup> Vgl. Girard (1992:191).

<sup>75</sup> Vgl. hier die artikel van Aimers (2000:101-102 en 105-107).

bymekaar in. Indien die uitgedaagde sy uitdager positief afweer, word eer aan hom toegeken. Die uitdager verloor eer. Sou die uitdager kans sien, kan hy weer 'n uitdaging stel om hierdie verlore eer moontlik terug te wen.

'n Sterk uitdaging-reaksie plot kom in Job voor. Job en veral Jahwe se eer is voortdurend op die spel. Satan daag as't ware Jahwe se eer uit en die gevolg is dat Job van sy eer ontnem word. 'n Mens sou die uitdaging-stryd in Job soos volg kon plot:

*Tabel 4.2: Die uitdaging-reaksie plot van die boek Job.*

**Bedryf I [1:1-2:13].**

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |                                                                                                                                             |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>1:1-5.</b> 1 In die land Us was daar 'n man met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy. 2 Hy het sewe seuns en drie dogters gehad 3 en was ook die eienaar van sewe duisend stuks kleinvee, drie duisend kamele, vyf honderd paar trekosse, vyf honderd donkies en baie slawe. Onder die mense in die ooste was hy die belangrikste man. 4 Sy seuns het om die beurt partytjies gehou in mekaar se huise. By sulke geleenthede het hulle dan hulle drie susters genooi om saam met hulle fees te vier. 5 Ná so 'n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig, en vroeg die môre het hy vir hulle almal 'n brandoffer gebring, "want," het Job gesê: "miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek." Job het dit elke keer gedoen. (NAV)</p> | <p>Die karakter Job word deur die verteller voorgestel as 'n man met baie eer.</p>                                                          |
| <p><b>1:6-11.</b> 6 Op 'n dag het die hemelwesens voor die Here kom staan, en die Satan was ook onder hulle. 7 Toe vra die Here vir hom:</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | <p><b>Uitdaging:</b> Satan daag Jahwe se eer publiek (voor al die hemelwesens) uit.<br/><b>Waarneming:</b> Job eer Jahwe bloot omdat Hy</p> |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>“Waar kom jy vandaan?” En die Satan antwoord die Here: “Ek het die wêreld deurkruis.” <sup>8</sup> Die Here vra toe vir die Satan: “En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad.” <sup>9</sup> Toe antwoord die Satan die Here: “Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! <sup>10</sup> U beskerm hom dan, en sy huis en al sy goed. U maak alles wat hy doen, voorspoedig. Selfs sy vee teel vinnig aan. <sup>11</sup> Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy U nie in u gesig vervloek nie.” (NAV)</p> | <p>vir Job ‘n goeie beskermheer (‘patron’) is. Job het dus nie integriteit nie en Jahwe is bloot besig om Job se lojaliteit te koop.<sup>76</sup></p>                                                                                                                                               |
| <p><b>1:12.</b> <sup>12</sup> Toe sê die Here vir die Satan: “Alles wat hy het, gee Ek in jou mag oor. Net aan homself mag jy nie raak nie.” Die Satan het daarna van die Here af weggegaan. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       | <p><b>Reaksie:</b> Jahwe laat Satan toe om alles wat Job besit, weg te neem om hom te laat verstaan dat Job ‘n verhouding met Jahwe het. As Job integriteit behou, is Jahwe se eer herstel.</p>                                                                                                     |
| <p><b>1:13-19.</b> <sup>13</sup> En eendag, toe Job se seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in hulle oudste broer se huis, <sup>14</sup> kom ‘n boodskapper by Job met die nuus: “Die osse was aan die ploeg, en die donkies het langsaan gewei. <sup>15</sup> Toe oorval mense uit Skeba ons en hulle roof alles en maak die slawe dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.” <sup>16</sup> Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “Weerlig het die kleinvee en hulle wagters doodgeslaan en</p>                                                              | <p><b>Uitdaging:</b> Job se besittings word weggeneem en sy eer word publiek (voor sy slawe en die hele Ooste waar hy die rykste en vernaamste was) fisies uitgedaag.<br/><b>Waarneming:</b> Job weet nie van die strydgesprek in die hemel nie, maar moet beleef dat sy eer van hom beroof is.</p> |

<sup>76</sup> Die armes in die Bybelse wêreld was afhanklik van die rykes se gunste en gawes. So kon ‘n grondeienaar van sy grond aan ‘n arme beskikbaar stel vir landboudoeleindes. Daarna word verwys as die “patron-client relationship.” Omdat hierdie armes (“clients”) nie die rykes (“benefactor / patron”) op enige ander wyse kon vergoed nie, het hulle die rykes publiek geëer (vgl. Malina, Joubert & Van der Watt 1996:14). God kan ook so beskryf word: “God is the great Benefactor who radically changes the status of his clients and who grants them a share in his favours, like his protection and custody, and new life (Malina, Joubert & Van der Watt 1996:15).

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>verbrand. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.” 17 Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “Drie groepe Galdeërs het die kamele geroof en is daarmee weg nadat hulle die slawe doodgemaak het. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.” 18 Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “U seuns en dogters was besig om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer. 19 Meteens het daar ‘n sterk wind van die woestyn se kant af opgekom en die huis van al vier kante af op u kinders omgewaai. Almal is dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.” (NAV)</p> |                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
| <p><b>1:20-21.</b> 20 Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê: 21 “Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.” (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   | <p><b>Reaksie:</b> Job verklaar dat ‘n mens eintlik sonder eer (naak) in die wêreld kom en dat hy tevrede is om maar sonder eer weer uit die wêreld uit te gaan. Job is ontnem van sy eer.</p>                                                                                                           |
| <p><b>1:22.</b> 22 Onder alles het Job nie gesondig of God iets verwyd nie. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | <p>Jahwe se eer herstel – Job verwyd Hom nie omdat hy onteer is nie. Satan verloor stryd – verloor eer.</p>                                                                                                                                                                                              |
| <p><b>2:1-5.</b> 1 Toe die hemelwesens weer op ‘n dag voor die Here kom staan, het die Satan ook tussen hulle voor die Here kom staan. 2 Toe vra die Here vir hom: “Waar kom jy vandaan?” En die Satan antwoord die Here: “Ek het die wêreld deurkruis.” 3 Die Here vra toe vir</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       | <p><b>Uitdaging:</b> Satan wil verlore eer herstel. Daag Jahwe se eer weer uit.<br/><b>Waarneming:</b> Job het erken dat Jahwe die reg het om te gee en neem soos Hy wil. Satan beweer nou Job se goeie gesondheid beteken vir Job meer as sy verhouding met Jahwe. Jahwe se eer is weer in gedrang.</p> |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                                                                  |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Satan: “En my dienaar Job, het jy hom nou gesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad. Hy het vroom gebly, al het jy My daartoe gebring om hom sonder rede te ruïneer.” 4 Die Satan sê toe vir die Here: “Dit bewys nog niks. ‘n Man sal mos alles gee wat hy het, as hy net kan bly lewe. 5 Maar raak nou net aan sy liggaam en kyk of hy U dan nie in u gesig vervloek nie.” (NAV)</p> |                                                                                                                                                                                                                  |
| <p><b>2:6-7.</b> 6 Toe sê die Here vir die Satan: “Goed, hy is in jou mag. Net sy lewe mag jy nie neem nie.”<br/>7 Die Satan het van die Here af weggegaan en vir Job met pynlike swere getref, van sy kop tot sy tone. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                              | <p><b>Reaksie:</b> Jahwe laat Satan toe om Job van alle oorblywende eer te beroof.<br/><b>Uitdaging:</b> Job word soos een wat onrein is weens siekte. Hy word nou werklik van alle eer beroof.<sup>77</sup></p> |
| <p><b>2:8-9.</b> 8 Job het op ‘n ashoop gaan sit en hy het ‘n potskerf gevat en hom daarmee gekrap. 9 En sy vrou het vir hom gesê: “Bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf!” (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                 | <p><b>Waarneming:</b> Job se vrou beleef ook vir Jahwe as ‘n <i>patron</i>, maar sê vir haar man dat hy sy lojaliteit teenoor hierdie <i>patron</i> moet afswaar.<sup>78</sup></p>                               |
| <p><b>2:10a.</b> 10 Toe sê hy vir haar: “Jy praat nou soos ‘n vroumens sonder verstand. As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?” (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                  | <p><b>Reaksie:</b> Jahwe is nie iemand van wie ‘n mens net die goeie aanvaar nie. ‘n Mens aanvaar ook die slegte van Hom. Job probeer nie sy eer herstel nie. Hy aanvaar dat hy geen eer oor het nie.</p>        |
| <p><b>2:10b.</b> Onder alles het Job met geen woord gesondig nie. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    | <p>Jahwe se eer herstel. Satan se eer ontnem.</p>                                                                                                                                                                |

<sup>77</sup> ‘n Persoon met melaatsheid is nie rein (“whole”) nie en daarom ook nie heilig nie. Die siekte kan in die Ou Testament dui op God se straf (vgl. Neyrey 1998b:204 en Wright & Jones 1992:277-282). Vroeër is in ‘n voetnoot (67) aangedui dat Job nie melaats is in die sin van Hansen se siekte nie. Sy velsiekte maak hom egter steeds onrein en kan dus steeds deur sy omstanders geïnterpreteer word as God se straf.

<sup>78</sup> “Often curses were a last resort of the weak, based on a belief in a transcendental principle of justice which covered the inadequacies of the legal system. The use of such curses also fulfilled a larger role in society by appealing to the fear of the curse’s penalty upon individuals who might be tempted to abuse the poor and needy” (Anderson 1998:231).

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                      |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>2:11-13.</b> // Drie van Job se vriende het verneem van al die rampe wat hom oorgekom het. Hulle het elkeen van sy eie plek af gekom, Elifas uit Teman, Bildad uit Suag en Sofar uit Naäma. Hulle het afgespreek om deelneming met hom te betuig en hom te troos. <i>12</i> Toe hulle hom op 'n afstand sien, het hulle hom eers nie herken nie. Daarna het hulle hardop begin huil, hulle klere geskeur en stof in die lug en op hulle koppe gegooi. <i>13</i> Sewe dae en sewe nagte lank het hulle op die grond by hom gesit sonder om 'n woord met hom te praat, want hulle het gesien dat sy smart baie groot is. (NAV)</p> | <p>Die karakter Job word deur die verteller voorgestel as 'n man sonder eer. Die leser kom dit veral agter uit die reaksie van Job se drie vriende wat daar opdaag.<sup>79</sup></p> |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

### **Bedryf II [3:1-26:14].**

|                                                                                                                       |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>3/ Job:</b> “Ek ly baie. Waarom het God my gemaak?” (Bezuidenhout 1986:46)</p>                                  | <p>Job verklaar dat hy geen eer oor het nie. Daar sal vir hom meer eer in die graf by konings en vorste wees (v 14). Selfs slawe het daar eer (v 19). Hy kan nie verstaan dat Jahwe toelaat dat iemand wat so ellendig is, lewe nie (v 20).</p>                                                                       |
| <p><b>4-5/ Elifas:</b> “Jou lyding is eintlik tugtiging. Jy moet positief reageer” (Bezuidenhout 1986:57).</p>        | <p>Elifas maak die <b>waarneming</b> dat Job Jahwe se werkswyse bevraagteken en sodoende Jahwe se eer as <i>patron</i> <b>uitdaag</b>. Job tree dus volgens Elifas skaamteloos op. Job moet eerder reg reageer deur nederig te bly. Mense wat in kleihuse bly behoort nie vrae en uitdagings aan God te stel nie.</p> |
| <p><b>6-7/ Job:</b> “Ek ly onregverdiglik. God en my vriende tree verkeerd teenoor my op” (Bezuidenhout 1986:72).</p> | <p>Job se <b>reaksie</b> is 'n <b>uitdaging</b>. Hy beskuldig Jahwe en die vriende van verkeerde optrede. Sy vriende is veronderstel om hom te</p>                                                                                                                                                                    |

<sup>79</sup> Let op dat, soos reeds vroeër aangedui, die plekname in Job (m.a.w. die tuisdorpe) nie verskuilde betekenis het nie.

|                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                        | <p>ondersteun, maar hulle ondersteuning laat veel te wense oor. Hulle kan net sowel speel met die lewe van 'n weerlose weeskind (v 25-27). Het hy nog iets oor dat hulle sy eer verder moet vertrap? Jahwe tree verkeerd op omdat Hy hom konstant daarmee besig hou om die lewe van 'n nietige mens te beproef (v 17-19).</p>                                                                                                                                       |
| <p><b>8/ Bildad:</b> “God seën altyd die onskuldige en straf altyd die skuldige” (Bezuidenhout 1986:102).</p>                                          | <p>Bildad se <b>waarneming</b> is dat hulle nie eerbare vriende is nie, omdat Job hulle raad en vriendskap beleef as beledigings. Hy <b>reageer</b> deur vir Job daarop te wys dat hy moet kyk na ‘die punte op die telbord,’ wie is die persoon wat skuldig lyk? Hulle of hy? Job moet onthou God straf sonde – dis tog ‘n teologie wat van die voorgeslagte af kom (v 8-10). Hierdie woorde van Bildad is weer ‘n <b>uitdaging</b> aan Job: “Bely jou sonde!”</p> |
| <p><b>9-10/ Job:</b> “Deur God se mag maak Hy my skuldig. Ek moes eerder gesterf het” (Bezuidenhout 1986:102).</p>                                     | <p>Job se <b>waarneming</b> is dat niemand onskuldig kan wees voor God nie. ‘n Mens is skuldig bloot omdat God sterker is. Sy <b>reaksie</b> is dat dit wat God aan Job doen, egter steeds nie regverdig is nie. Job sê dat hy sy maker wil ondervra oor ‘n klomp teenstrydighede in die lewe. Hierdie is ‘n nederige <b>uitdaging</b>. Hoekom tref dieselfde lot die gelowige en ongelowige (v 22-24)?</p>                                                         |
| <p><b>11/ Sofar:</b> “Wysheid is die sleutel. Daardeur besef jy jou skuld. Op grond van God se wysheid is sy optrede reg” (Bezuidenhout 1986:126).</p> | <p>Sofar se <b>waarneming</b> is dat dit onwys van Job is om God uit te daag. Hy voel dat iemand moet <b>reageer</b> op Job se groot aantal woorde en sy gespot (v 2-3). Hy beklemtoon dat niemand met God kan stry nie. Sy <b>uitdaging</b> aan Job is om weg te doen met die</p>                                                                                                                                                                                  |



|                                                                                                                                                                                                    |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                                    | boosheid in sy hand, sy hart in orde te kry en hom tot God te wend (v 13-16).                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
| <b>12-14/ Job:</b> “Deur wysheid besef jy dat God willekeurig optree. Hy neem selfs wysheid van mense weg. Dit is verkeerd dat God met ‘n nietige mens ‘n stryd aanknoop” (Bezuidenhout 1986:137). | Job se <b>waarneming</b> is dat hy as onwys bestempel word. Sy <b>reaksie</b> is dat sy vriende nou nie juis wys is nie. Hy sê dat hy nie dwaas is nie, maar dat hulle ‘n bespotting van hom maak (12:1-4). Hy sê ook dat God eer en verneder wie Hy wil en wanneer Hy wil (12:17-25). Job <b>daag</b> weer vir Jahwe tot ‘n regstryd en sê aan sy vriende dat hulle liever moet stilbly, want hulle gooi naam weg (13:1-5). In 13:6-12 sê Job aan sy vriende dat hulle nie vir God moet probeer instaan nie – hulle kan Hom nie verdedig nie. Job beklemtoon in Hoofstuk 14 die nietigheid van die mens.                                                                                                                         |
| <b>15/ Elifas:</b> “Jy praat verkeerd teenoor God, dit kan mos nie wys wees nie! As gevolg van ‘n mens se nietigheid moet hy skuldig wees” (Bezuidenhout 1986:170).                                | Elifas <b>reageer</b> deur na Job se woorde te verwys as betekenisloos (v 1-3) en hom te beskuldig van disrespek vir God. Hy waarsku ook vir Job dat hy nie die oudste in die vergadering is nie. Hy sê vir Job dat van hulle oud genoeg is om sy pa te wees (v10). Elifas is moontlik die oudste (Jahwe verskyn aan hom in Hoofstuk 42:7 as verteenwoordiger van die ander twee). Hy verwys moontlik hier na homself en maak aanspraak op sy geërfde eer. Vers 17 laat ‘n mens dink aan die frases in Spreuke 1-5 wat ‘n seun oproep om te luister na die wysheid van sy vader: “My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee...” (Spr 1:8a). Elifas herinner ook vir Job dat almal nietige mense voor God is. |

|                                                                                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>16-17/ Job:</b> “Julle woorde slaag nie daarin om my te troos nie – dit is nie wysheid nie. Al tree God soos ‘n vyand teen my op, Hy sal my soos ‘n vriend help” (Bezuidenhout 1986:183).</p> | <p>Job <b>reageer</b> deur ook na hulle woorde te verwys as betekenisloos. Hy steur hom dus nie veel aan Elifas se aanspraak op sy ouderdom nie. Intendeel, hy sê in 17:14 dat die graf sy vader is. Dit is natuurlik ‘n teen-<b>uitdaging</b> aan Elifas. Job se getuienis is ironies. Hy sê dat God Hom verneder, maar dat God ook die een is waarna hy roep in nood. Dit klink soos ‘n noodroep na God om weer sy eer te herstel. Job bely egter steeds nie sonde nie. Die feit dat hy hom dus beroep op God sonder belydenis, kan <b>waargeneem</b> word as ‘n <b>uitdaging</b> en dis ook wat die vriende waarneem.</p> |
| <p><b>18/ Bildad:</b> “Ons moet skerper reageer. Die goddelose is vir sy lyding verantwoordelik. Dit is reg dat mense hom verstoot” (Bezuidenhout 1986:196).</p>                                    | <p>Bildad <b>reageer</b> op Job se opmerking en kryt hom as’t ware uit as ‘n goddelose wat ly as gevolg van sy goddeloosheid. Job kan bly wees hulle maak nog bemoeienis met hom. Mense moet eintlik iemand soos hy verstoot.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| <p><b>19/ Job:</b> “Julle moenie vyandig teenoor my optree omdat God vyandig teenoor my optree nie. Hy tree verkeerd op. Pasop, Hy sal uiteindelik vir my intree” (Bezuidenhout 1986:205).</p>      | <p>Job se <b>reaksie</b> is dat hulle (die mense naby aan hom) hom juis verstoot en verag. God het sy eer van hom af weggeneem (v 9), maar hy weet hy sal die eer hê om God eendag te sien (v 25-27). God sal egter oor hulle oordeel.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
| <p><b>20/ Sofar:</b> “Dit is die persoon wat skuldig is wat gestraf word. God en mense is teen so ‘n persoon gekant” (Bezuidenhout 1986:216).</p>                                                   | <p>Sofar se <b>waarneming</b> is dat Job hulle beskuldig en hy vererg hom daaroor (v 2-3). Hy <b>reageer</b> deur vir Job te herinner wie dit is wat gestraf word en troos homself daaraan dat die goddelose deur God verpletter word.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
| <p><b>21/ Job:</b> “Ek het rede om te kla: Dit is nie so dat God die skuldige persoon straf nie” (Bezuidenhout 1986:228).</p>                                                                       | <p>Job <b>reageer</b> deur te sê dat ervaring hom iets anders geleer het – die goddelose word nie altyd gestraf nie. Intendeel, met sommige goddeloses gaan dit baie goed. Hy gebruik</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |

|                                                                                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                                     | dalk die vriende se voorspoed hier as voorbeeld.                                                                                                                                                                                                                                      |
| <b>22/ Elifas:</b> “Jy het sosiale onreg gepleeg, daarom straf God jou. As jy jou bekeer, sal God jou red” (Bezuidenhout 1986:240).                                                                 | Dit begin nou vir die vriende lyk of Job geen skaamte het nie – sy straf moet dus wees vir een of ander sosiale ongeregtheid. Daarom beskuldig hulle hom ook daarvan en beveel hom weer om sy sonde te bely en om hom te bekeer.                                                      |
| <b>23-24/ Job:</b> “Deur ‘n hofsaak sal ek onskuldig verklaar word. Ongelukkig kan ek God nie vind om ‘n saak te maak nie. God doen óf niks, óf Hy straf sonder diskresie” (Bezuidenhout 1986:250). | Job reageer nie direk op hierdie aantygings nie. Dit lyk asof hy hom nie daaraan steur nie. Hy verwerdig hom nie meer om sy vriende uit te daag nie. Hy wil die saak eens en vir altyd met die Allerhoogste uitklaar: “Hoekom kry onskuldiges swaar? Hy is tog die Een wat voorsien.” |
| <b>25/ Bildad:</b> “God is magtig en goed. Die mens is nietig. Hy kan nie regverdig voor God wees nie” (Bezuidenhout 1986:266).                                                                     | Bildad probeer ‘n laaste keer om vir Job te berispe. Job val hom in die rede (daarom is hierdie gedeelte/hfst 25 so kort).                                                                                                                                                            |
| <b>26/ Job:</b> “God se krag is groot en julle s’n klein. Julle praat dus nie deur God se krag nie. God se krag verhoed my om te jok, daarom kan ek nie skuld erken nie” (Bezuidenhout 1986:270).   | Job snoer sy vriende se monde. Hy sê dat hulle hom glad nie gehelp het nie. Hy sê dat God te groot is vir mense om te verstaan. Hy sou egter oneerlik wees as hy sou skuldig pleit. Die vriende reageer nie. Het Job die stryd met hulle gewen?                                       |

### **Bedryf III [27:1-42:17].**

|                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>27-28/ Job:</b> “Die mens kan wysheid nie vind nie. Slegs God het daaroor beskikking. Om reg te lewe, geld vir die mens as wysheid” (Bezuidenhout 1986:284). | Job: “Die kosbaarste besitting is wysheid (eer). Waar kry ‘n mens dit? Slegs God ken die weg daarheen! Vir mense is wysheid godsvresendheid en vermyding van die kwaad.” Job is ‘n wyse man wat op soek is na antwoorde op baie moeilike vrae. Slegs God ken die antwoord (eer is in God se hande). |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

|                                                                                                                                                                                    |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                    | <b>[God gee en neem eer.]</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
| <b>29/ Job:</b> “Destyds het God en mense reg teenoor my opgetree. Ek het uit my pad gegaan om goed te doen” (Bezuidenhout 1986:295).                                              | Job: “Destyds was ek ‘n man wat deur God en mense geëer is. Ek was ook ‘n wyse man wat reg opgtree het.”<br><b>[Job was ‘n man met eer.]</b>                                                                                                                                                                       |
| <b>30/ Job:</b> “Nou vernietig God my en minag mense my. Ek roep tevergeefs om hulp” (Bezuidenhout 1986:303).                                                                      | Job: “Al my eer is van my gestroop. Ek is ‘n skande in ander se oë. Ek vra hoekom, maar niemand antwoord nie.”<br><b>[Job se eer is vir redes wat aan hom onbekend is, van hom weggeneem.]</b>                                                                                                                     |
| <b>31/ Job:</b> “Ek het geen oortreding begaan nie. Ek sal met graagte my saak in ‘n regsgeeding stel. Mag God my ‘n regverdige verhoor gee” (Bezuidenhout 1986:315).              | Job: “Ek pleit onskuldig. God moet rekenskap gee van waar my eer heen is.”<br><b>[Job daag Jahwe uit om regverdig te wees.]</b>                                                                                                                                                                                    |
| <b>32/ Elihu:</b> “Omdat julle nie vir Job kon tereg wys nie, sal ek dit doen. Ek sien kans vir Job. Ek sal nie partydig wees nie” (Bezuidenhout 1986:331).                        | Hier bevestig die verteller dat Job die vriende se monde gesnoer het. Elihu, ‘n mindere in ouderdom, se reaksie dui op die vriende se verlore eer – “Julle ou manne is onwys, laat ‘n jongman julle wys!” Elihu meen dat hy nie kant kies vir enige party nie. Hy moet dit wat hy beleef met die vergadering deel. |
| <b>33/ Elihu:</b> “God se gesindheid is goed. Hy waarsku jou deur lyding. Daardeur wil Hy jou red” (Bezuidenhout 1986:340).                                                        | Elihu: “Moenie God in hierdie tyd as ‘n vyand beleef nie. Hy wil jou iets leer.”<br><b>[Reaksie: “God is groter as jou eer.”]</b>                                                                                                                                                                                  |
| <b>34/ Elihu:</b> “God tree op ‘n gepaste manier op. Hy vergeld ‘n mens volgens sy daade. Job maak homself skuldig deur die standpunt wat hy inneem” (Bezuidenhout 1986:353).      | Elihu: “Vir God is almal belangrik. God tree regverdig op. Jy maak jouself skuldig deur God uit te daag.”<br><b>[Reaksie: “God is regverdig. Jy loop op dun ys.”]</b>                                                                                                                                              |
| <b>35/ Elihu:</b> “Jy dink dat God nie op ‘n gepaste manier optree nie, omdat Hy jou nie verhoor nie. In werklikheid verhoor Hy jou nie omdat jou houding teenoor Hom verkeerd is” | Elihu: “Probeer ‘n ander perspektief op jou lyding kry. Jy verblind jouself vir antwoorde.”<br><b>[Reaksie: “Begin deur die fout by jou</b>                                                                                                                                                                        |

|                                                                                                                                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                                                                         |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| (Bezuidenhout 1986:366).                                                                                                                                                                                                                                               | <b>verkeerde houding te soek.”]</b>                                                                                                                                                                                                     |
| <b>36-37/ Elihu:</b> “As ‘n mens reg reageer op die lyding waardeur God jou waarsku, sal Hy jou red. Jy het verkeerd gereageer op jou voorspoed. ‘n Mens kan nie verstaan hoe God alles doen nie, jy kan wel verstaan dat Hy jou wil waarsku” (Bezuidenhout 1986:373). | Elihu: “Jy het nie jou voorspoed/eer verdien dat jy jou moet beroep op ‘n regsak nie. Probeer om iets uit jou lyding te leer.”<br><b>[Reaksie: “God hoef nie aan jou rekenskap te gee nie. Probeer wys word uit jou lyding.]</b>        |
| <b>38-39/ Jahwe:</b> “Daar is dinge in die lewe wat jy nie kan begryp nie. Daar is dinge wat vir jou nie sin maak nie. Tog kan jy glo dat Ek vir jou sorg” (Bezuidenhout 1986:400).                                                                                    | Jahwe <b>reageer</b> nou skielik self. Hy reageer vanuit ‘n stormwind, wat sy grootheid benadruk. Hy haal voorbeelde uit die skepping aan om Job te laat besef dat hy vir almal sorg. God se grootheid en sorg is groter as Job se eer. |
| <b>40:1-2/ Jahwe:</b> / Die Here het verder vir Job gesê: 2 “Wil jy ‘n saak maak teen die Almagtige en Hom bestraf? Wil jy vir God tereg wys? Antwoord Hom dan!” (NAV) <sup>80</sup>                                                                                   | Jahwe vra ook vir Job of hy opgewasse is om in ‘n uitdaging-reaksie stryd met Hom gewikkel te raak en bied so ‘n teen- <b>uitdaging</b> aan Job.                                                                                        |
| <b>40:3-5/ Job:</b> 3 Job het toe vir die Here gesê: 4 “Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liever stilbly. 5 Ek het gepraat, maar ek kon nie ‘n antwoord vind nie, ek het weer geprobeer, maar nou sal ek stilbly.” (NAV)               | Job se <b>waarneming</b> is dat God groter as hy is. Sy <b>reaksie</b> is een van stilswye. Job doen nou vrywillig afstand van sy eer.                                                                                                  |
| <b>40:6-41:26/ Jahwe:</b> “Jy het nie reg om die raadsplan aan te val nie. Indien jy dit doen, sal dit jou duur te staan kom” (Bezuidenhout 1986:432).                                                                                                                 | Jahwe <b>daag</b> Job nou <b>uit</b> om sy eer te verdedig as hy kan: “Gord tog jou heupe soos ‘n man; Ek sal jou ondervra en onderrig jy My” (Job 40:2 - OAV).                                                                         |
| <b>42:1-6/ Job:</b> / Daarna het Job vir die Here gesê: 2 “Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. 3 Wie is dit wat u bedoeling wou dwarsboom sonder                                                                               | Job se <b>waarneming</b> is vir ‘n tweede keer dat hy nie opgewasse is teen Jahwe nie. Hy <b>reageer</b> deur homself te verag en in sak en as te bly sit as simbool van sy nederigheid. Hy                                             |

<sup>80</sup> Let op dat die vers-indelings van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) en die Biblia Habraica Stuttgartensia (BHS) op plekke van mekaar verskil.

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. 4 U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. 5 Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, 6 en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as.” (NAV)</p>                                                                                                                           | <p>verneder homself op hierdie manier publiek.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| <p><b>42:7-8.</b> 7 Nadat Hy met Job gepraat het, het die Here vir Elifas die Temaniet gesê: “Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie. 8 Vat sewe bulle en sewe ramme en gaan na my dienaar Job toe en offer dit as ‘n brandoffer vir julleself. My dienaar Job sal vir julle bid, en Ek sal sy gebed verhoor en julle nie straf vir julle dwaasheid nie. Julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie. (NAV)</p> | <p>Jahwe wend hom tot Job se drie slim vriende (wat moontlik op ‘n afstand staan en kyk met ‘n ja-ek-het-jou-gesê-houding). Hy maak dit duidelik dat hulle ‘slim’ woorde oor Hom sy eer <b>uitgedaag</b> het. Om dit te herstel moet hulle hulleself verneder deur vir die sondaar (Job) te vra om vir hulle by God in te tree. So herstel Jahwe sy eie sowel as Job se verlore eer by Elifas, Bildad en Sofar.</p> |
| <p><b>42:9</b> 9 Elifas die Temaniet, Bildad die Suagiet en Sofar die Naamatiet het gedoen wat die Here gesê het, en die Here het Job se gebed verhoor. (NAV)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              | <p>Die drie vriende <b>reageer</b> op ‘n selfvernederende wyse wat Job en Jahwe se eer herstel.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
| <p><b>42:10-17.</b> 10 Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het. 11 Al sy broers en susters en sy vriende wat hom vroeër geken het, het gekom en saam met hom in sy huis geëet. Hulle het hulle medelye kom betoon en hom getroos oor al die rampe wat die Here oor hom gebring het. Elkeen het vir hom ‘n stuk</p>                                                                                               | <p>Die verteller sluit die verhaal af soos wat hy die verhaal begin het. Hy vertel dat Job dubbeld soveel ‘eer’ as voorheen gehad het. Job het ook gesterf as ‘n gelukkige en geseënde man.</p>                                                                                                                                                                                                                     |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |  |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|
| <p>silwer en 'n goue ring gegee. 12 Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste: hy het veertien duisend stuks kleinvee, ses duisend kamele, twee duisend beeste en 'n duisend donkies gekry, 13 en ook sewe seuns en drie dogters. 14 Die oudste dogter het hy Jemima genoem, die tweede Kesia en die derde Keren-Puk. 15 Nêrens in die land was daar vroue so mooi soos Job se dogters nie. Hulle pa het hulle saam met hulle broers laat erf. 16 Job het nog honderd en veertig jaar gelewe. Hy het sy kinders en kindskinders tot in die vierde geslag gesien. 17 Job het toe gesterf. Hy was oud en het 'n vol lewe gehad. (NAV)</p> |  |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|

Uit hierdie skema lyk dit of daar meer as een held is en dat eer die waardevolle objek is waarna hulle soek. Die sending van die held sou dus wees om eer te verwerf, eer te verdedig, of verlore eer te herstel. In Hoofstuk 6 sal uitgebrei word op wie die helde is en hoe hulle karakters ontwikkel. Vir nou kan 'n mens drie eer-soekers (nie noodwendig al drie helde nie) onderskei: Jahwe, Job en Satan.

Satan is die eerste eer-soeker en die eerste om 'n ander se eer uit te daag.<sup>81</sup> Hy daag Jahwe se eer uit, wat daartoe aanleiding gee dat Job alle eer verloor. Jahwe spreek Satan eerste aan en inisieer as't ware die strydsprek (vgl Clines 1989:23). 'n Mens sou kon sê dat Jahwe die vraag aan Satan vra om die fokus van die vergadering op Jahwe se eer te plaas. Die antwoord van Satan is dan nie 'n erkenning van hierdie eer nie, maar 'n uitdaging van die eer. Dit lyk aanvanklik of Jahwe die stryd wen as Job optree soos Jahwe voorspel het hy sal optree. In Bedryf II (3:1-26:14) leer 'n mens Job se siening of fokalisasie van sake ken.<sup>82</sup> Aan die einde van Bedryf I (1:1-2:13) lyk dit asof Jahwe die eer-stryd gewen het, maar soos wat die karakter

<sup>81</sup> Volgens Handy (1993:110) doen die Satan net wat hy deur Jahwe beveel is om te doen. Satan is 'n tweede-orde god. Dit sou beteken dat hy nie vir Jahwe kan uitdaag nie. Dit neem steeds nie die argument weg dat Job se motiewe 'n eer-stryd vir Jahwe mag wees nie. Dit is belangrik dat Job vir Jahwe eer omdat Hy God is en nie omdat Hy goed vir Job is nie.

<sup>82</sup> Fokalisasie word in Hoofstuk 7 bespreek.

Job in Bedryf II (3:1-26:14) ontwikkel, kom dit voor asof die Satan tog reg was. Job se standpunte skep spanning – gaan Jahwe eer verloor teen die Satan? Dit lyk in elk geval vir Job se vriende asof Job God enige tyd gaan vloek. Hulle belewenis (fokalisasie) van Job se woorde is dat hy in der waarheid besig is om te laster.<sup>83</sup> Dit begin al meer lyk asof die Satan van Jahwe se eer gaan wen. Die spanning bou op. Die klimaks en ontknoping is natuurlik in Bedryf III (27:1-42:17).

Job wend in Toneel 7 (27:1-31:40) (Bedryf III (27:1-42:17)) ‘n laaste poging aan om sy ontevredenheid te verwoord. Uit die bloute verskyn die karakter Elihu. Elihu oortuig Job om anders na sy situasie te kyk en nie so gesteld te wees op sy persoonlike eer wat geskend is nie. Hierdie nuwe perspektief maak Job bewus van Jahwe se teenwoordigheid en berei hom voor vir Jahwe se verskyning (vgl. Lasor *et al* 1996:481). Job besef hoe weglaatbaar klein sy eer is in vergelyking met Jahwe se eer. Hy verklaar dat hy nie opgewasse is nie en dat hy sal stilbly. Satan verloor sodoende sy uitdaging aan Jahwe en verloor daarmee saam eer. Jahwe wen eer en herstel Job se eer tweevoudig.

Jahwe is ook nie tevrede met die manier waarop Job se vriende oor Jahwe gepraat het nie. Hulle het dit moontlik met verskuilde agendas gedoen en nie vanuit ‘n verhouding met Jahwe nie. Hulle het gedink dat hulle Jahwe moes verdedig ten einde vroom voor te kom en hulle voorspoed te behou. Job het wel uitdagende vrae gevra, maar hy het dit gedoen vanuit ‘n verhouding met God. Jahwe verneder die drie vriende deur hulle te beveel om die “sondaar” wat hulle geïdentifiseer het, te laat versoening doen vir hulle. Op die wyse eer Jahwe vir Job deur hom aan te wys as die een wat versoening doen (vgl. Habel 1985:67).

#### 4.4 Samevatting.

In hierdie hoofstuk is die boek Job gestruktureer as ‘n drama met drie bedrywe. Die eerste en die derde bedryf bestaan elk uit vyf tonele. Die middelste bedryf is ‘n eentoneelbedryf, hoewel dit die grootste deel van die teks beslaan. Hierdie struktureering beklemtoon die mens se worsteling met en oor God.

---

<sup>83</sup> “The prologue sets the stage for all the speeches that follow. It enables the audience to have confidence in Job, while at the same time it keeps all the characters in the debate in darkness about the real nature of Job’s plight. Job never knows that God trusts him or that his faith is being tested. Nor does Job know that God’s honor is on the line with his own” (Lasor *et al* 1996:475).



Interessante eienskappe is in hierdie storie ondek, nadat 'n mens vanuit die sosiaal-kritiese wetenskappe na die storie gaan kyk het. Hierdie benadering het dit makliker gemaak om die gebeure te beskryf. 'n Mens kom ook agter dat die gebeure van Job 1:1-2:13 en 42:7-17 nie 'n volledige narratief kan vorm nie. Die gebeure in Job 1:1-2:13 antisipeer dat iets verder moet gebeur (vgl. Habel 1985:29). En dit vind plaas in 3:1-42:6. Job 42:7-17 is ook nie die sinvolle slot vir die verhaal sonder 3:1-42:6 nie. Dit het 'n mens ook laat dink oor die karakters en karakterisering sowel as fokalisasie. In die hoofstukke wat volg, word onder andere hierdie aspekte bespreek.

Ten slotte: Is Fokkelman (1999:208-209) se vrae beantwoord?

**“2. What does the *quest* consist of? What is the hero after, i.e. what is the object of value? Does he attain his goal, and if not, why not?” (Fokkelman 1999:208).**

Uit insigte vanuit die sosiale wetenskappe kon aangedui word dat die waardevolle objek eer is. Beide die karakters Job en Jahwe is die helde van die verhaal. Die uitdaging-reaksie stryd beskryf die sending ('quest'). Jahwe beskerm sy uitgedaagde eer en dit beroof Job van sy eer. Job wend 'n stryd aan om eer te herstel en dit bedreig weer Jahwe se eer. Albei bereik uiteindelik die doel. Jahwe behou sy eer en Job se eer word herstel. Albei helde is suksesvol.

**“7. Is there a clear *plot*, or is the unit you are reading more or less without a plot of its own, because it forms part of a greater whole? What, then, is the macro-plot there?” (Fokkelman 1999:208).**

In hierdie studie is juis die makro-plot bestudeer. Die boek word die beste verstaan in sy huidige samestelling. Die plot is voorgestel met behulp van diagramme. Die interessante was dat die plot ook beskryf kon word aan die hand van die uitdaging-reaksie stryd (Tabel 4.2).

**“9. Is there any particular choice of words that strikes you? Any other characteristics of *style or structure*? Take them seriously, and keep pondering them, guided for instance, by such questions as “what does this contribute to plot or characterization?” (Fokkelman 1999:208-209).**

Die bespreking van die uitdaging-reaksie stryd kan hier antwoorde bied. Dit lewer 'n bydrae by die bespreking van die plot sowel as die karakters (vergelyk die volgende hoofstuk se bespreking van die held van die verhaal).

**“10. *Boundaries*: what devices are used to demarcate a unit? (Consider the data regarding time, space, beginning and end of action, entrances or exists of the characters.)**

**Can you make a *division* of the text (divide it into smaller units)? By what signals are you guided? Try and find other signals or markers, which may possibly lead to a different structuration. To what extent does the division clarify your view of themes or ‘content?’” (Fokkelman 1999:209).**

Wisseling in tyd, ruimte en karakters is effektief gebruik om die indeling van die plot te doen. Die indeling/plot versterk die argument dat eer die waardevolle objek is en Jahwe en Job die helde. Albei indelings het Job en/of Jahwe as sentrale karakter en wentel om die eer wat herstel of herwin moet word.

## HOOFSTUK 5

### KARAKTERS EN KARAKTERISERING

#### 5.1 Inleiding.

In enige storie of drama is daar karakters. Karakters vertoon normaalweg gewone menslike eienskappe. Hierdie hoofstuk gaan soek na die karakters in die Jobstorie en kyk hoe hulle aan die leser voorgestel en voorgehou word. Hierdie hoofstuk gaan ook kyk hoe hierdie karakters ontwikkel. Hier gaan gesoek word na die held<sup>84</sup> van die Jobverhaal. 'n Held het helpers en opponente.<sup>85</sup>

#### 5.2 Karakterisering.

Karakterisering het te doen met die wyse waarop die narratief die karakters aan die leser voorstel en vir die leser aanbied. Dit kan enersyds plaasvind deur direkte definisie. Dit is wanneer die mees outoritêre stem (die verteller) van die narratief vir die leser van daardie karakter vertel. Karakterisering kan andersyds deur indirekte voorstelling plaasvind. Die leser leer die karakter dan ken deur afleidings wat hy/sy self van die karakter maak op grond van die karakter se aksies, spraak, uiterlike voorkoms en/of omgewing. Die karakterisering in elke bedryf en toneel van die Jobstorie kan in tabelvorm beskryf word.

---

<sup>84</sup> “1. Who is the *hero*? What is your reason for thinking this (remember the criteria of presence, initiative, and the executor of the quest)?” (Fokkelman 1999:208).

<sup>85</sup> “3. Who are the helpers and *opponents*? Besides characters, factors, situations or personality traits also qualify. Are any *attributes* (objects) present? What do they contribute? Do they have a symbolic added value?” (Fokkelman 1999:208).

Tabel 5.1: *Karakterisering in die boek Job.*

| PLOT                          | KARAKTERISERING                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
|-------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEDRYF I</b><br>[1:1-2:13] | Die karakterisering is hoofsaaklik by wyse van indirekte voorstelling. Die karakter Job word heel aan die begin direk gedefinieer. Dit is al waar direkte definisie in hierdie bedryf voorkom.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| Toneel 1<br>[1:1-5]           | <b>Direkte definisie:</b> In 1:1-3 vertel die verteller van die man Job, waar hy woon, wat hy besit en hoe hy is.<br><b>Indirekte voorstelling:</b> In 1:4-5 brei die verteller uit oor Job se kinders en hulle partytjies. Die doel is nie om die kinders te karakteriseer nie, maar om Job se vroomheid te illustreer. Sodoende word hy deur sy aksies en woorde gekarakteriseer.                                                                                                                                           |
| Toneel 2<br>[1:6-12]          | <b>Indirekte voorstelling:</b> In hierdie toneel leer 'n mens die karakters Jahwe en Satan vir die eerste keer ken. Hulle word gekarakteriseer deur hulle woorde en aksies. Job word ook gekarakteriseer deurdat hy die onderwerp van Jahwe en Satan se gesprek is. Die leser hoor wat Jahwe en Satan onderskeidelik van Job dink. Jahwe en die verteller se siening van Job stem ooreen, maar Satan verskil daarvan.                                                                                                         |
| Toneel 3<br>[1:13-22]         | <b>Indirekte voorstelling:</b> Die leser kry nou die geleentheid om die direkte definisie van Toneel 1 te toets aan die aksies van Job. Hierdie is 'n derde oord waaruit Job gekarakteriseer word. Die leser raak ook bewus van minder belangrike karakters: Job se kinders, Job se slawe, Sabeërs en Galdiërs. Hierdie karakters word net terloops genoem en nie veel gekarakteriseer nie. 'n Mens kan afleidings maak oor hulle uit hulle aksies en dit wat oor hulle gesê word. Die inligting oor hulle is egter baie min. |
| Toneel 4<br>[2:1-10]          | <b>Indirekte voorstelling:</b> Jahwe, Satan en Job word weer soos in Toneel 2 deur aksie en dialoog gekarakteriseer. Job se vrou kom word ook deur haar woorde gekarakteriseer.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
| Toneel 5<br>[2:11-13]         | <b>Indirekte voorstelling:</b> Die verteller vertel van die uitkoms van al die gebeure van die vorige tonele. Hy vertel ook van Job se vriende Elifas die Temaniet, Bildad die Sugiet en Sofar die Naämatiet wat daar opdaag. Die verteller definieer nie die drie vriende direk nie. Hulle word gekarakteriseer deur hulle aksies (en reaksie).                                                                                                                                                                              |

|                                   |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
|-----------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEDRYF II</b><br>[3:1-26:14]   | Hierdie bedryf bestaan net uit dialoog. Die karakters word daardeur indirek voorgestel.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
| Toneel 6<br>[3:1-26:14]           | <b>Indirekte voorstelling:</b> Job, Elifas, Bildad en Sofar word in hierdie toneel uitsluitlik gekarakteriseer deur hulle dialoog. Die verteller is hier afwesig en word net waargeneem as hy 'n karakter aan die woord stel. Daar is nie ander aksie behalwe vir die dialoog nie. Jahwe is onder andere hier die onderwerp van bespreking en word deur die vier karakters in hierdie toneel se woorde oor Hom, indirek voorgestel.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
| <b>BEDRYF III</b><br>[27:1-42:17] | Die karakterisering in hierdie bedryf is oorwegend indirekte voorstelling.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
| Toneel 7<br>[27:1-31:40]          | <b>Indirekte voorstelling:</b> Job is hier alleen aan die woord. Hy word indirek voorgestel deur dit wat die leser van sy karakter kan aflei uit sy woorde. Wanneer hy hier praat van Jahwe en sy vriende, word hulle ook deur sy woorde indirek voorgestel.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| Toneel 8<br>[32:1-37:24]          | <b>Indirekte voorstelling:</b> Die vier vriende word gekarakteriseer in hulle onvermoë om Job te antwoord. Skielik word vertel van Elihu die seun van Barakel, die Bussiet. Die verteller vertel wat hy doen en so word hy deur sy aksies gekarakteriseer. Nadat die verteller kortliks vertel het wat Elihu doen, begin Elihu ook met 'n lang toespraak. Uit hierdie monoloog word Elihu, Job en Jahwe gekarakteriseer deur indirekte voorstelling.<br><br><b>Direkte definisie:</b> Elihu word wel ook deur die verteller direk gedefinieer. Die verteller gee in 32:3 inligting waarom Elihu kwaad is - iets wat die leser sou moes aflei uit Elihu se woorde of aksies, as die verteller dit sou verswyg. In 32:4 sê die verteller ook dat Elihu jonger was as die ander. |
| Toneel 9<br>[38:1-42:6]           | <b>Indirekte voorstelling:</b> In hierdie dialoog tussen Jahwe en Job word albei indirek voorgestel. Albei verwys na mekaar en na hulleself in hierdie dialoog, wat hierdie karakters baie diep karakteriseer.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| Toneel 10<br>[42:7-9]             | <b>Indirekte voorstelling:</b> Jahwe, Elifas, Bildad en Sofar word hier deur hulle woorde en aksie gekarakteriseer.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |

|                                 |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
|---------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Toneel 11<br/>[42:10-17]</p> | <p><b>Indirekte voorstelling:</b> In hierdie gedeelte is die verteller weer aan die woord. Geen dialoog kom in hierdie gedeelte voor nie. Job en Jahwe word gekarakteriseer deur hulle aksies. ‘n Klompie bykarakters word ook voorgestel: Job se tien nuwe kinders, sy broers en susters en eertydse kennisse. Drie bykarakters word nader voorgestel, deurdat die name van Job se drie dogters vermeld word. Daar word ook gesê dat hulle saam met hulle broers geërf het.</p> <p><b>Direkte definisie:</b> Job se dogters word in 42:15 direk gedefinieer, wanneer die verteller vertel dat hulle die mooiste in die land was. Job word ook in 42:16-17 direk gedefinieer as die verteller vertel dat Job daarna nog 147 jaar gelewe het en dat hy as ou man met ‘n vol lewe gesterf het.</p> |
|---------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Dit is duidelik dat die karakterisering in hierdie storie hoofsaaklik deur indirekte voorstelling plaasvind. Direkte definisie kom baie min voor; slegs wanneer die leser inligting absoluut nodig het vir die verstaan van die storie. Hierdie wyse van karakterisering maak dit vir die leser moeiliker om die karakters te leer ken, omdat die leser self afleidings moet maak uit dit wat die karakters doen en sê. ‘n Mens moet veral in Toneel 6 (3:1-26:14) die karakters leer ken deur die sentimente wat daardie karakters self koester. Hierdie sentimente kan die leser alleen aflei uit die woorde van die karakters, omdat die verteller vir die leser geen agtergrondinligting oor die drie vriende gee nie. Toneel 6 (3:1-26:14) het baie min aksies wat dit vir die leser nog moeiliker maak, omdat hy nie die karakters se woorde kan weeg teen hulle dade nie. Die leser weet glad nie dat die vriende verskuilde agendas het nie. Die leser kan nie gaan kyk na dade uit hulle verlede nie. Die leser weet ook nie hoe ryk of hoe oud hulle is nie. Die leser moet uit hulle woorde en veral Job se reaksie daarop, aflei wie hierdie karakters is.

Een probleem wat Joblesers oor die eeue beleef het, is die kontras tussen die Job van die proloog en die Job van die dialoog (m.a.w die Job van Bedryf I (1:1-2:13) en die Job van Bedryf II (3:1-26:14)). Die karakter Job is ‘n uiters komplekse karakter wat op ‘n uiters komplekse manier gekarakteriseer word. Die boek Job is ‘n literêre werk van uitnemendheid, wat oor die mees uitdagende teologieë (‘Wie is God?’; ‘Hoekom ly onskuldige mense?’; ‘Hoe werk God se vergelding/seën?’) oor al die eeue besin. Geen leser/kommentator van die boek Job kan tog verwag dat die skrywer van so ‘n kunswerk, inligting vir die leser op ‘n silwer

skinkbord sal gee en eenvoudige karakters sal gebruik nie. Die skrywer van veral so 'n kunswerk gaan van die leser ook verwag om te dink en te wonder. Daar is geen eenvoudige antwoorde (indien enige) op die moeilikste teologiese en dogmatiese vrae nie. Juis daarom behoort 'n storie oor hierdie vrae ook nie eenvoudige karakters met eenvoudige antwoorde te hê nie.

Die karakter van Job in die proloog verskil van die karakter van Job in die dialoog omdat die verhaal hom só wil karakteriseer. Dit beeld iets uit van 'n mens wat met God worstel, 'n worsteling wat in geen eenvoudige terme of storie uitgedruk kan word nie. In Genesis 32:22-31 vertel 'n ander verhaal vir ons van Jakob se worsteling met God. Hierdie worsteling was geen eenvoudige worsteling nie. Dit is enige aksiefilmskrywer se droomtoneel. 'n Handgeveg van net na donker tot net voor sonsopkoms. Dit is 'n komplekse geveg met verrykende gevolge vir die karakters. In hierdie fantastiese verhaaltjie sien 'n mens hoe 'n karakter verander na 'n worsteling met God. Jakob se naam word Israel en hy loop vir die res van sy lewe mank. Jahwe word die God van 'n volk wat altyd met Hom stoei, want dit is die betekenis van die naam Israel. 'n Worsteling met God is geen eenvoudige saak nie. Dit is dalk die fout wat Job se vriende (en dalk vriende en terapeute van 'Jobmense' oor al die eeue) maak – hulle neem 'n worsteling met God nie ernstig genoeg op nie. Die verteller van Job gee aan die leser 'n gevoel van hierdie worsteling deur die karakterisering baie kompleks te maak. Hy slaag meesterlik daarin – “From Gregory the Great to Maimonides to Aquinas to Calvin to Fohrer, commentators have pondered over such issues as why God rebukes the friends but not Elihu, whether Job’s words in the dialogue are or are not blasphemous, what the divine speeches do to resolve the issues raised by the book, and the significance of the restoration of Job” (Newsom 1993:3). Die feit dat soveel lesers oor soveel millennia al ‘ponder’ oor ‘issues’ uit die verhaal van Job, dui daarop dat die kunstenaar daarin geslaag het om sy leser in te trek by die verhaal en hulle nuut te laat nadink.

### 5.3 Karakters.

Alle karakters in 'n storie is nie ewe belangrik nie. Sommige karakters is hoofkarakters waarsonder daar geen storie-plot kan wees nie. Hoofkarakters is gewoonlik ook die karakters wat ontwikkel. Ander karakters wat glad nie ontwikkel nie of baie min ontwikkel, is meestal bykarakters wat 'n funksie groter as hulleself vervul (Rimmon-Kenan 1983:41). Die karakters en bykarakters in die Jobstorie kom so in die bedrywe na vore:

Tabel 5.2: *Karakters in die Jobstorie.*

|                              | Karakter               | Beskrywing: Karakter of Bykarakter                                                                                                                                                |
|------------------------------|------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEDRYF I</b> [1:1-2:13]   | Job                    | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                |
|                              | Hemelwesens            | <b>Bykarakters</b> in Toneel 2 en 4 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor</b> .                                                                                      |
|                              | Jahwe                  | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                |
|                              | Satan                  | ‘n <b>Hoofkarakter</b> wat eintlik slegs in hierdie bedryf voorkom.                                                                                                               |
|                              | Job se kinders         | <b>Bykarakters</b> in Toneel 3 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor</b> . In Toneel 1 word hulle ook genoem, maar is deel van die inventaris van Job se besittings. |
|                              | Boodskapper 1,2,3 en 4 | <b>Bykarakters</b> in Toneel 3 wat vir Job die boodskap bring van die rampe wat hom getref het.                                                                                   |
|                              | Sabeërs                | <b>Bykarakters</b> in Toneel 3 wat rampe oor Job bring.                                                                                                                           |
|                              | Galdeërs               | <b>Bykarakters</b> in Toneel 3 wat rampe oor Job bring.                                                                                                                           |
|                              | Job se vrou            | <b>Bykarakter</b> in Toneel 4 wat vir Job versoek om Jahwe te vloek.                                                                                                              |
|                              | Elifas die Temaniet    | <b>Bykarakter</b> in Toneel 5 wat vir Job kom vertroos.                                                                                                                           |
|                              | Bildad die Sugiet      | <b>Bykarakter</b> in Toneel 5 wat vir Job kom vertroos.                                                                                                                           |
|                              | Sofar die Naämatiet    | <b>Bykarakter</b> in Toneel 5 wat vir Job kom vertroos.                                                                                                                           |
| <b>BEDRYF II</b> [3:1-26:14] | Job                    | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                |
|                              | Elifas                 | Tree saam met Job en die ander twee vriende van Job op as ‘n <b>Hoofkarakter</b> in Toneel 6.                                                                                     |
|                              | Bildad                 | Tree saam met Job en die ander twee vriende van Job op as ‘n <b>Hoofkarakter</b> in Toneel 6.                                                                                     |
|                              | Sofar                  | Tree saam met Job en die ander twee vriende van Job op as ‘n <b>Hoofkarakter</b> in Toneel 6.                                                                                     |



|                         |                                   |                                                                                                                                                                                      |
|-------------------------|-----------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| BEDRYF III [27:1-42:17] | Job                               | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                   |
|                         | Elihu                             | Die <b>Hoofkarakter</b> in Toneel 8.                                                                                                                                                 |
|                         | Jahwe                             | Een van die <b>Hoofkarakters</b> in die Jobstorie.                                                                                                                                   |
|                         | Elifas                            | <b>Bykarakter.</b>                                                                                                                                                                   |
|                         | Bildad                            | <b>Bykarakter.</b>                                                                                                                                                                   |
|                         | Sofar                             | <b>Bykarakter.</b>                                                                                                                                                                   |
|                         | Job se broers, susters en vriende | <b>Bykarakters</b> in Toneel 11 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor.</b>                                                                                              |
|                         | Jemima<br>Ketsia<br>Keren-happoeg | <b>Bykarakter</b> in Toneel 11. Sy en haar susters word gekarakteriseer en name gegee wat hulle belangriker laat lyk as <b>dekor.</b><br>Hulle is egter slegs dekor wat Job beskryf. |
|                         | Job se dogters se broers          | <b>Bykarakters</b> in Toneel 11 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor.</b>                                                                                              |
|                         | Job se kinders en kindskinders    | <b>Bykarakters</b> in Toneel 11 wat in der waarheid net deel vorm van die <b>dekor.</b>                                                                                              |

Die karakters in die storie kan vervolgens verder bespreek word. Die hoofkarakters en hulle ontwikkeling sal elkeen apart bespreek word. Die ander karakters sal onder een opskrif aandag geniet.

#### i) Job die Usiet

In Toneel 1(1:1-5) leer 'n mens hierdie man ken as die rykste man in die Ooste. Geen sekerheid bestaan oor waar Us geografies is en of daar werklik so 'n plek is nie (vgl. Habel 1985:86; Clines 1989:9).<sup>86</sup> Hy is ook 'n man wie se lewe getuig van godsvresendheid en 'n goeie lewe. 'n Mens leer uit sy dade dat hy seker gemaak het dat hy en sy familie nie 'in die skuld' was by God nie. Hy het na sy kinders se partytjies versoening gedoen vir sy kinders by God, net vir die waarskynlikheid dat hulle miskien sonde gedoen het. In Toneel 2 (1:6-12) sien 'n mens dat Jahwe ook in sy skik is met Job. Job se karakter word bevestig deur die verteller (1:1) sowel as deur Jahwe (1:8) (Clines 1989:25). Jahwe noem aan Satan dat daar nêrens iemand soos Job te vinde is nie. Satan verskil van Jahwe. Satan meen dat Job 'n goeie lewe ly omdat Jahwe goed vir Job sorg. As Jahwe al Job se besittings wegneem, dan sal hulle

<sup>86</sup> Clines (1989:9) maak 'n *belangrike* opmerking as hy sê dat die betekenis van Job se naam of die lokaliteit van Us nie belangrik is nie. Job se moraliteit is die fokus hier.

‘n ander kant van Job sien. Satan meen dat Job selfs vir Jahwe in sy gesig sal vloek. Dit wek spanning: die leser wonder of die verteller se weergawe van die karakter betroubaar was. Job se aksies bevestig sy karakter wanneer hy versoening doen vir sy kinders in 1:4-5<sup>87</sup> en dit stel die leser gerus.

Job se besittings word van hom weggeneem op ‘n rampspoedige manier, maar 1:22 bevestig dat Job vroom en opreg bly. Die verteller se karakterisering van Job word dus bevestig deur sy dade. Godsvresendheid en ‘n mooi lewe (sondeloosheid?) is kenmerkend van hierdie karakter. ‘n Mens lei ook af dat hierdie Job nederig is. Hy verdien niks wat hy het nie: “Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here” (Job 1:21 – NAV).

In 2:3 is Jahwe nog trotser op sy dienaar Job: “Die Here vra toe vir Satan: ‘En my dienaar Job, het jy hom nou gesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad. Hy het vroom gebly, al het jy My daartoe gebring om hom sonder rede te ruïneer’” (NAV). Job se karakter van godsvresendheid, opregtheid, onskuld en onberispelikeid word sterker. Satan is nog steeds nie tevrede nie. Sy mening is dat Job alles sal gee solank hy sy goeie gesondheid behou. Met Jahwe se toestemming word Job met pynlike swere getref.

Ten spyte van die feit dat Job se vrou hom aanbeveel om liever vir God te vloek en te sterf, bly Job getrou aan sy karakter. Sy vrou se reaksie bevestig die afmetings wat die rampe wat Job getref het, aanneem, so ook die reaksie van sy drie vriende in 2:12-13. Job bly nederig en aanvaar die slegte en die goeie van God. Die verhaal vertel dat hy ook nie gesondig het met sy lippe nie. Job doen sy karakter gestand. Die leser kan nie anders as om respek te kry vir hierdie indrukwekkende karakter nie.

In Bedryf II (3:1-26:14) kom die ware toets vir die karakter van Job. Sy karakter word nou getoets aan die dinge wat hy sê en hoe hy dit sê. Aan die begin van Toneel 6 (3:1-26:14) ontmoet die leser ‘n baie moedeloze Job. Uit die prentjie wat hy in sy eie sy woorde skets, klink Job sewe dae later baie meer moedeloos as die Job aan die einde van Toneel 4 (2:1-10)

---

<sup>87</sup> Clines (1989:15-17) se *bespreking* van 1:4-5 beklemtoon die belangrikheid daarvan vir die karakterisering van Job. “... one impressive example says more about the character of Job than any number of approbatory adjectives” (Clines 1989:15).

en Toneel 5 (2:11-13). Hierdie woorde van Job vorm 'n integrale deel van die ontwikkeling van die plot. "That action reveals the transformation in Job's attitude and initiates a conflict with the friends" (Habel 1985:30). Uit Elifas se reaksie lei 'n mens af dat Job opstandig klink teenoor God. Dit is egter slegs Elifas se siening van dit wat hy by Job hoor (vergelyk dit met die bespreking van fokalisasie in Hoofstuk 7 van hierdie studie). Die res van die bedryf se dialoog en die reaksie van die vriende op Job se klag, versterk die suspisie by die leser. Die reaksie van Job se vriende moenie onderskat word nie. Dit laat die leser wonder oor die karakter van Job. Waar is die Job van Bedryf I (1:1-2:13)? Die vriende se reaksie beïnvloed die leser se karakterprentjie van Job. 'n Voorbeeld hiervan is die invloed van Job se vriende op Joblesers van die laaste eeue, onder andere die historiese kritiek. Die debatte wat die verskil tussen die Job van die proloog en die Job van die dialoog vir die historiese kritiek se verklarings rakende die komposisie van die boek veroorsaak het, is bekend.<sup>88</sup> Het die historiese kritiek hom nie dalk aan die neus laat lei deur Elifas die Temaniet, Bildad die Sugiet en Sofar die Naämatiet nie?

Dit is insiggewend hoe die karakter Job uit sy eie woorde aan die leser bekend word. Op sekere plekke is hy byvoorbeeld uiters sarkasties met sy vriende. Hy lei twee maal sy beurt om te praat in deur op 'n sarkastiese wyse te verwys na sy vriende se wysheid en hulp (*"Waarlik, ja, julle is die regte mense, en saam met julle sterf die wysheid uit! Ook ek het verstand soos julle; ek staan nie vir julle terug nie; en wie weet sulke dinge nie?"* Job 12:2-3, OAV; *"Hoe goed het jy die onmagtige bygestaan, die kragteloze arm gehelp! Hoe mooi het jy die onwyse raad gegee en beleid in oorvloed bekend gemaak!"* Job 26:2-3, OAV).

Die leser beleef 'n paradoks. Hy wil graag saam met Job stem oor die 'onregverdigheid' van Job se situasie, maar het meer inligting as die karakters en weet dat Job die toets moet

---

<sup>88</sup> Oosthuizen (1991:298-300) probeer die kontras tussen Job in die proloog en Job in die dialoog verklaar deur die opregtheid van die Job in die proloog se vroomheid te betwyfel. Hy argumenteer dat daar 'n verskil tussen die uiterlike van Job (dit wat die leser kan sien) en die innerlike emosies van Job (dit wat die leser nie kan sien nie) is (Oosthuizen sou hierdie argument van hom kon uitbrei deur na die aspek van fokalisasie te kyk). Oosthuizen (1991:298) gebruik egter slegs die sogenaamde "narrative framework" as teks vir sy artikel. Die narratiewe raamwerk het egter geen bestaansreg op sy eie nie en veroorsaak meer verwarring wanneer dit alleen gelees word, as wat dit oplossings bied vir die kontras tussen die narratiewe raamwerk en die poëtiese middel. Indien Oosthuizen egter na die hele verhaal kyk, sal hy sien dat die fokalisasie (vgl. ook Hoofstuk 7 van hierdie studie) verskuif van vertellersfokalisasie in die narratiewe raamwerk na karakterfokalisasie in die poëtiese middel. Hy sal byvoorbeeld ook in Job 27-31 penetrasie in die karakter Job se innerlike aantref. Daarmee sal hy Job se opregtheid in Job 1 en 2 kan meet. Dit vra egter 'n narratiewe analise op die ganse boek. Oosthuizen (1991:295-315) het egter steeds 'n goeie argument wat minder spekulatief kan klink indien hy die hele boek aan narratiewe analise onderwerp.

deurstaan. Die vriende wonder of Job nie te ver gaan nie en dit skep ook spanning by die leser, omdat die leser wonder of Job nie dalk die toets gaan druip nie.

In Toneel 7 (27:1-31:40) leer 'n mens Job nog beter ken uit 'n lang monoloog. Job se woorde in Bedryf II (3:1-26:14), maar veral hierdie monoloog van Toneel 7 (27:1-31:40), is natuurlik penetrasie in die karakter Job se innerlike. In Job 29 vertel Job self vir die leser wie hy was. Hy was 'n man wat deur almal gerespekteer en geëer is. Hy kontrasteer dit met sy huidige toestand. In Job 30 beskryf hierdie huidige toestand van hom waarin hy respek en eer verloor het. In Job 31 verduidelik Job in sy eie woorde hoe vroom hy is.

Uit die woorde van Job in Toneel 7 (27:1-31:40) kom nog 'n paradoks na vore. Dit is duidelik dat Job respek vir Jahwe en vir die wysheid het. Aan die ander kant is daar 'n ongelukkigheid by hom wat daartoe lei dat hy Jahwe tot 'n regstryd daag. Uit die bloute reageer 'n jongman, Elihu, op hierdie monoloog van Job - ook met 'n lang monoloog. Elihu meen dat Job nie die reg het om Jahwe te verkwalik nie. Dit wek dieselfde spanning oor die Jobkarakter as wat die ander drie vriende se reaksie wek. Dit is ook moeilik om agter te kom waar hierdie selfversekerde jongman se standpunt verskil van die ander drie s'n. Hy deel soms op die oog af dieselfde sentimente as die van die ander drie vriende, maar dit lyk asof sy unieke benadering is om Job te oortuig daarvan om deur 'n ander 'bril' na sy omstandighede te kyk. Dit gee 'n nuwe dimensie aan die Jobkarakter – dit beteken dat Job hom, net soos sy drie vriende, ook blindstaar teen sy eie teologie. Is dit in die lig van sy omstandighede verskoonbaar?

Wanneer Jahwe aan die woord kom, kyk Job met ander oë na sy omstandighede. Hy besef sy nietigheid in terme van die groot prentjie. Dit kan sekerlik wees dat Job na aanleiding van Elihu se toespraak (subjektief soos dit is), besluit om sy probleem vanuit 'n ander hoek te benader. Dit sou beteken dat Jahwe nie noodwendig 'n woord geuiter het nie, maar dat Job in 'n magtige storm bewus geraak het van sy kleinheid (soos wat natuurkragte mense vandag nog bewus maak van hoe klein hulle is). Hierdie bewuswording het hom na die natuur laat kyk.<sup>89</sup> Dit het op sy beurt aanleiding daartoe gegee dat Job homself gemeet het teen die totale

---

<sup>89</sup> Job verwys natuurlik in 9:5-10 en 26:5-14 reeds na God se almag in terme van die natuur. Indien mens Elihu se opmerkings in 36:27-37:13 en 37:14-24 ook in ag neem, kan 'n mens sê dat Job geleidelik bewus raak van die natuur en dat Jahwe se antwoord in 38-39 die uiteindelijke klimaks daarvan is (vgl. Loader 1992:350-357).

skepping. Job besef waar sy plek is. Die karakter kom as't ware tot bekering en verklaar sy nietigheid. Dit maak die Jobkarakter plooibaar en baie kompleks.

Die res van Bedryf III (27:1-42:17) vertel op die oog af weer die storie van die ou Job - 'n Godsvresende en opregte man wat intree by God vir sy vriende soos wat hy gewoon is om in te tree vir sy kinders. Dit is egter glad nie die ou Job nie. Alhoewel sy omstandighede weer goed lyk, intendeel, twee maal beter as voor die rampe, het hierdie karakter gegroei in kompleksiteit.<sup>90</sup> Die Jobkarakter van Bedryf I (1:1-2:13) en die Jobkarakter van Bedryf III (27:1-42:17) is dalk dieselfde persoon, maar nie meer dieselfde karakter nie.

Die karakter Job kan dan beskryf word as 'n dinamiese en komplekse karakter met baie penetrasie in die innerlike. Vergelyk hierdie karakter met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*).

#### ii) *Jahwe die Onbegryplike*

Die karakter God of Jahwe<sup>91</sup> is nie dwarsdeur die Ou Testament (en vir alle praktiese doeleindes die hele Bybel) dieselfde nie.<sup>92</sup> Dit is nie omdat die Bybel 'n onbetroubare bron is nie, maar omdat die boeke van die Bybel deur verskillende individue geskryf is. Die Pentateug is 'n uitstekende voorbeeld van verskillende skrywers se verskillende perspektiewe op God. Die perspektiewe op God verskil so drasties dat dit die navorsers van die Pentateug tot die gevolgtrekking gebring het dat die Pentateug meer as een skrywer het. Daarom onderskei Ou Testamentici tussen J (Jahwis), E (Elohis), D (Deutronomis) of P (Priester) materiaal. 'n Groot faktor vir die onderskeid tussen J, E, D en P is die manier waarop hulle oor God skryf. Die J en E materiaal se benaming is selfs afgelei uit hulle verskillende benamings in die teks vir God – Jahwe of Elohim. As daar in een korpus van boeke; en selfs in een van die boeke in hierdie korpus, verskillende beskrywings van God is, dan is dit 'n noodsaaklikheid om die karakter God of Jahwe in elke boek van die Bybel van voor af te

<sup>90</sup> 'n Studie van die ontwikkeling en kompleksiteit van die karakter Job, kan vir Brenner (1989:48-49) help om die karakterisering van Job te bespreek.

<sup>91</sup> God word in die Ou Testament met verskillende name benoem. Die name wat die meeste gebruik word, is Jahwe (יהוה) en Elohim (אלהים) (vgl. Van der Toorn 1999a:352-353; Rose 1992:1002-1004, 1006-1007 en Van der Toorn 1999b:910). In Job word ook na God verwys as El (אֵל) (bv. Job 12:6 (BHS)) (vgl. Herrmann 1999:274).

<sup>92</sup> "Exodus portrays God as a great sovereign dramatically initiating events and giving commentary, but Esther shows no obvious signs either of his presence or his activity" (Hubbard 1992:32; vgl. ook Hubbard 1992:36).

beskryf. Natuurlik sal daar karaktereienskappe van Jahwe wees wat in alle boeke dwarsdeur die Bybel dieselfde is, maar in elke boek kan daar verskillende klemme of perspektiewe van Hom wees. Die leser kan dus nie aanvaar dat daar 'n standaardkarakter vir God is nie, maar moet in elke boek gaan kyk hoe Hy beskryf word. So sê Clines (1989:28-29) dat die Jahwe van hierdie verhaal “is not the absolutely omniscient God of later systematic or speculative theology. He is wise beyond human comprehension .... But not even Yahweh knows what has not yet happened...”

Behalwe vir sekere tonele (2, 4, 9, 10, 11) in Bedryf I (1:1-2:13) en III (27:1-42:17) van die Jobstorie, is die Jahwekarakter nie so aktief op die voorgrond nie. In die ganse Bedryf II (3:1-26:14) is Hy slegs die onderwerp van bespreking tussen Job en sy vier vriende. Hy is egter nie 'n onbelangrike karakter nie. Uit Bedryf I (1:1-2:13) is dit duidelik dat sy besluite die gang van die storie beïnvloed. Ook die verskynsel dat daar dwarsdeur die boek na Hom verwys en oor hom gepraat word, moet die leser laat besef dat hierdie 'n belangrike Karakter is.

Wanneer 'n verhaal uit die Bybel gelees word, kom die leser met sekere voorveronderstellings oor die karakter God na die teks toe. Vanuit hierdie voorveronderstellings is dit vir die leser normaal dat 'n vroom man soos Job ook die rykste in die Ooste is. God seën hierdie goeie mens omdat hy so goed is. Daarom is dit vir die leser 'n skok<sup>93</sup> as Jahwe besluit dat die Satan alles van hom mag wegneem. Indien 'n mens aanneem dat die leser ten minste die bekendste verhale en tradisies van die Ou Testament ken, sal die leser weet dat Jahwe die geloofshelde onderwerp aan toetse. Dink maar aan Abraham wat vir Isak moes gaan offer (Gen 22). Die vergadering van godeseuns wat voor Jahwe vergader, is volgens Janzen (1985:38) 'n refleksie op die karakter van God.

*... the imagery of the divine council, with the Satan as a proper member, serves as a figural means to explore the possibility of the rise of a particular existential question within the life of God, a question which, shared with Job, becomes an existential question for Job and through him for humankind (Janzen 1985:38).*

---

<sup>93</sup> “So naturally does Yahweh’s agreement to the proposal follow that we are compelled to pause in order to ponder its implications” (Clines 1989:28).

Hier moet 'n mens natuurlik weer die onderskeid tref tussen God as karakter in 'n storie en God die transendente wese. Geen mens sal natuurlik weet wat in die hart van God aangaan nie. Watter eksistensiële vrae is daar in God se gemoed? Eksistensiële vrae is natuurlik 'n menslike verskynsel en word in verhale soos hierdie op God geprojekteer. Hier word die karakter God dan uitgebeeld as 'n prentjie of uitbeelding van 'n mens se verbeelding. 'n Teologie word in 'n verhaal bespreek, bevraagteken of gekritiseer. Die karakter God word dan so uitgebeeld dat dit die doel van die verhaal dien.<sup>94</sup>

Een van die mees universele vrae van die mens, handel oor die lyding van mense en waar God te vinde is in hierdie lyding. Wat is God se rol of bydrae in menslike lyding? Hoe hou God se straf verband met menslike lyding en swaarkry? Is daar 'n goddelike doel met menslike lyding? Oor millennia is duisende filosofieë, teorieë en teologieë bespreek en beskryf om antwoorde op hierdie vrae te gee. Hierdie filosofieë, teorieë en teologieë bring antwoorde en raak êrens ook aan die karakter van God of die transendente en probeer Hom betrek by die onverstaanbare. Die een konstante eienskap van hierdie antwoorde is dat hulle nie tydloos en absoluut waar is nie. Hulle kom van tyd tot tyd weer onder skoot en word onderwerp aan kritiek wat daartoe kan lei dat hierdie antwoorde verwerp word. Nuwe antwoorde vervang die wat nie meer voldoende is nie. Job is 'n verhaal wat kritiek lewer op 'n bestaande antwoord wat nie meer voldoende is nie.

Die karakter van God word natuurlik hierdeur geraak. In Bedryf I (1:1-2:13) ontmoet ons die God van die status quo. God sorg goed vir die vromes en straf die goddeloses met swaarkry. Hierdie God word deur die Aanklaer voor 'n eksistensiële vraag gestel. Is rykdom, voorspoed en goeie gesondheid sprekend van 'n goeie verhouding met God? Waarom is baie uitgesproke goddeloses dan so voorspoedig en voortvarend? Hierdie is vrae wat nie in die hemel in 'n

---

<sup>94</sup> Oosthuizen (1991:301-303) voer aan dat "God is confronted by the fundamental insecurity of his relationship with Job" (Oosthuizen 1991:301). Hy bied twee moontlike interpretasies. Eerstens interpreteer hy die God-karakter as skepties. Jahwe is glad nie seker oor Job se intensies waarmee hy Jahwe dien nie. Steek Job dalk iets weg? Tweedens interpreteer Oosthuizen (1991:302) die karakter God as naïef. Jahwe se siening van Job het dan te doen met fokalisasie (vgl. Hoofstuk 8 van hierdie studie). Wat Jahwe sien, is 'n vroom en opregte man.

Beide hierdie interpretasies stel die God-karakter voor as 'n karakter met beperkte insig. Oosthuizen (1991:302) redeneer juis dat hierdie twee interpretasies langs mekaar kan funksioneer. Omdat die God-karakter beperkte insig in die Job-karakter het, is sy fokalisasie van die Job-karakter 'n fokalisasie van buite. Juis daarom kan Satan Hom daartoe aanmoedig om Job se vroomheid skepties te bejeën. Hierdie interpretasies van die God-karakter is steeds 'n leser (Oosthuizen) se interpretasie van die karakter en is spekulatief en sy argumente, soos Oosthuizen (1991:301) dit self stel, "intentionally vague." Die karakterisering wat die leser oor Jahwe het, is by wyse van indirekte voorstelling. Die leser kan hierdie eienskappe van God dus slegs aflei.

vergadering van godeseuns gevra word nie. Hierdie vrae ontstaan by gelowiges (mense) wat ‘n paradoks beleef tussen ‘n filosofie, teorie of teologie en dit wat hulle van die werklike lewe sien en ervaar. Mense soek na die waarheid en soek dit vandat hulle begin verstaan totdat hulle sterf.

‘n Teologie hou verband met God en dra gevolglik gesag. Die gevolg daarvan is dat ‘n teologie onaantasbaar raak. Sou ‘n teologie dan in twyfel getrek word, word God ook in twyfel getrek. Mense mag gevolglik nie aan ‘n teologie twyfel nie. Ervaring bring soms egter vrae. Waar ervaring verskil van teologie, begin vrae ontstaan. Hierdie vrae kan deur ander as lasterlik of dwaling beleef word. Die vrae moet dus sensitief gevra word. Een van die mees effektiewe maniere om hierdie vrae sagkens te stel, is om ‘n storie te vertel van iemand wat hierdie vrae begin vra het.<sup>95</sup>

In Bedryf I (1:1-2:13) leer ‘n mens die God ken wat goed is vir gelowiges. Hy kan ook besluit om voorspoed weg te neem van goeie gelowiges af. Dit stel die leser onmiddelik voor die waarheid van hoe die lewe beleef word. Dit raak egter die karakter van God en die mens begin outomaties om te teologiseer rondom sake soos God se soewereiniteit. Eintlik skep dit vrae oor God wat elke mens vir sewe dae stom sal slaan (vgl. die vriende se stilswye in Job 2:13).

Die karakter van God ontwikkel geweldig baie in Bedryf II (3:1-26:14) deur die woorde van die vier karakters wat hier in debat is. Die leser kan met al die vrae en antwoorde in hierdie debat identifiseer. Die debat bereik nooit uitsluitel nie en die leser kan ook nie besluit wie het reg oor God en wie nie. Die leser weet dat Job onregverdig gestraf word, maar is te bang om saam met Job teen God uit te skreeu dat Hy onregverdig is. Die leser hoop maar dat Job die toets sal slaag. Die drie vriende van Job hou vas aan hulle aarsenaal van goedkoop teologiese antwoorde. Glo hulle dit werklik of is hulle net bang dat God hulle dalk sal straf? Die debat van Bedryf II (3:1-26:14) beklemtoon een karaktereienskap van God: Hy is ‘n onverstaanbare, komplekse karakter. Mense kry nie uitsluitel oor hoe Hy is nie en weet ook nie hoe om te vra wie en hoe Hy is nie.

---

<sup>95</sup> Deist (1986b:101) reken ook dat verhaale ‘n kritiserende funksie kan hê “op die algemene lewenspraktyke en algemeen aanvaarde norme.” Dit is algemeen aanvaar dat die boek Job, soos die boek Prediker, “wesenslike aspekte van die algemeen gangbare wysheidsperspektief bevraagteken” (Loader 1986:106).



In die eerste twee tonele van Bedryf III (27:1-42:17) word die vrae oor God se karakter op die spits gedryf deur die standpunte wat na vore kom in twee monoloë. Die monoloog van Job bevestig teologiese waarhede wat in die wysheid te vinde is. Dit maak God egter nie verstaanbaar nie. Job wil vir God man tot man vra wie Hy is en waarom Hy dinge doen soos wat Job dit beleef. Elihu huldig die standpunt dat God nie verstaanbaar is nie. Mense het ook nie die reg om God uit te daag tot 'n regsgeging nie. Job moet probeer om 'anders' oor God te dink en dalk so by 'n antwoord uitkom. Job moet begin deur te besef hoe groot God is.

Dan antwoord Jahwe self uit 'n stormwind. Hier hoor die leser die karakter van God self praat. Wat gaan nou van hierdie karakter onthul word? Hierdie toneel waarin God aan die woord is, dui op die meesterlike talent van die skrywer van hierdie storie. Eintlik is God se antwoord geen klinklare antwoord op lyding nie. Enige mens wat al vasgevang was in 'n natuurkrag (stormwind, vloedwater, vuur) moes bewus geword het van sy eie nietigheid. Enige mens wat al in die natuur gaan stilsit het vir langer as 'n oomblik en slegs dit rondom hom/haar waargeneem het, moes bewus geraak het van die Skepper se grootheid. Jahwe se antwoord aan Job is dus as't ware Job se belewenis van God se grootheid. Een belewenis van Job (wat lei tot 'n rebelse opstandigheid), word geantwoord deur 'n ander belewenis (wat lei tot 'n besef van sy eie nietigheid). Jahwe se antwoord is dat God nie verstaanbaar is nie, maar dat hy almal seën met sy sorg en dat Hy groter is as Job en Job se lyding.

Die onvoorspelbaarheid van God se karakter word uitgebeeld deur die ironiese einde van die verhaal. Jahwe maak dit duidelik dat die vriende nie reg gepraat het oor Hom nie en beveel hulle om vir Job te vra om vir hulle 'n offer te bring. Nadat Job dit doen, herstel Jahwe Job se toestand. Die storie vertel dat Job daarna dubbeld so veel besittings gehad het as voorheen. Dit is ironies, omdat dit presies ooreenstem met die drie vriende se teologie. Tog vertel die storie dat die drie, volgens Jahwe, nie reg oor Hom gepraat het nie. Hierdie is een van die onverstaanbare dinge in die boek Job. Wat die karakter van God betref, maak hierdie manier van vertel oor God die karakter baie kompleks. Die karakter is onverstaanbaar en onvoorspelbaar kompleks.<sup>96</sup>

Die karakter Jahwe kan dan beskryf word as 'n dinamiese (alhoewel Hy nie so baie ontwikkel soos Job nie) en uiters komplekse karakter met baie min penetrasie in die innerlike. 'n Mens

---

<sup>96</sup> Vgl. Mettinger (1997:34).

moet saam met Oosthuizen (1991:301) stem, dat die God-karakter wat uit die teks na vore kom, om die minste te sê raaiselagtig is.<sup>97</sup>

### *iii) Satan die aanklaer*

In die verhaal van Job is Satan een van die godeseuns wat hulle voor Jahwe kom stel. Om werklik hierdie karakter te verstaan, moet hy ook verstaan word in terme van die vergadering van godeseuns. Parker (1999:794-800) dui aan dat hierdie term ‘godeseuns’ in verskillende tye verskillend verstaan is. Dit kan dui op ‘n vergadering van gode, ‘n vergadering van hemelinge of dit is later verstaan as engele. In Job verwys dit na ‘n vergadering of ‘n raad van hemelinge. Die lidwoord aan die woord satan dui daarop dat hier nie regtig na ‘n eienaam Satan verwys word nie, maar na ‘n rol wat een van die godeseuns speel (vgl. Ryken, Wilhoit & Longman III, 1998:760 & Hamilton 1992:986-987). Die rede waarom hierdie godeseun uitgelig word bo die ander, is bloot om die narratief te dien. Dit het dus nie te doen met die status van die karakter nie (vgl. Clines 1989:18-19). Ter wille van hierdie studie sal egter na hierdie karakter verwys word as Satan as ‘n eienaam vir een van die karakters in die storie van Job.

Hierdie karakter is dus een van die lede van hierdie goddelike vergadering wat van tyd tot tyd plaasvind. Uit die dialoog met Jahwe leer ‘n mens hierdie karakter ken.

*Yahweh opens the dialogue with a question. Given the nature of the occasion (a formal assembly), given the Satan’s proper role (the ‘eyes and ears of the monarch’), and given the sequel to the occasion (Yahweh’s consent to and thereby complicity in the Satan’s proposal), one suspects that this opening word is no casual conversation-starter, but rather a carefully chosen leading question, asking in effect ‘Have you been doing your job?’ (Janzen 1985:39).*

Indien hierdie karakter in diens van Jahwe is, ontstaan die vraag of daar dan regtig ‘n uitdagings-reaksie stryd tussen Jahwe en Satan is. “The role of the satan is that of an investigator, tester or prosecuting attorney who seeks to probe the character of human beings”

---

<sup>97</sup> Vergelyk hierdie karakter met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*).

(Ryken, Wilhoit & Longman, 1998:760; vgl. ook Lurker 1987:311). Satan bevraagteken die integriteit van Job, deur die motiewe vir sy vroomheid te betwyfel. Dit werp 'n slegte lig op Jahwe as Job bybedoelings het met sy vroomheid. Dit sou beteken dat Job Jahwe eer omdat Jahwe voorsien en nie omdat Jahwe gewoon waardig is om geëer te word nie. Job is nie Satan se gelyke nie en Satan sal nie belangstel in Job se eer nie. Job is vir Satan 'n middel tot 'n doel. Die debat tussen Jahwe en Satan is 'n stryd tussen twee hemelwesens,<sup>98</sup> dit hoef nie noodwendig 'n stryd tussen die 'goeie' en die 'slegte' te wees soos wat die latere tradisie oor die verhouding tussen God en Satan ontwikkel het nie. Satan verteenwoordig dus nie soseer hier al die bose soos later in die Bybel nie (vgl. Clines 1989:20; Ryken, Wilhoit & Longman 1998:760).

Die Aanklaer (Satan) het baie mag en baie helpers. Hy kan weerlig en wind inspan om Job met rampe te tref. Hy gebruik ook groepe mense om Job aan te val. In Toneel 4 (2:1-10) tref hy Job self met pynlike swere. Alhoewel hy by magte is om hierdie dinge te doen, kan hy dit nie verrig sonder die toestemming van Jahwe nie. Jahwe vestig dus die Satan se aandag op een van sy dienaars, beduidend op Jahwe se eer. Satan misken hierdie eer deur vir Jahwe te sê dat Job nie opreg is nie. Jahwe aanvaar die uitdaging wat deur hierdie opponer gestel word, met ernstige gevolge vir Job.

Die karakter Satan ontwikkel nie baie nie en is dus redelik staties. Hy is ook nie baie kompleks nie en 'n mens leer hom uitsluitlik van buite ken.<sup>99</sup>

#### *iv) Die trio vriende*

Die drie vriende van Job vorm inderwaarheid 'n eenheid van individue. Die karakters word individueel benaam en vertoon tot 'n mate individuele karaktereienskappe, maar het dieselfde taak in die storie. Die karakterisering van hierdie karakters vind vir alle praktiese doeleindes slegs deur hulle eie woorde en Job se reaksie op hulle woorde plaas.

Dit is by die name en die herkoms van hierdie trio waar die moderne leser ver verwyderd kan voel van die teks. "The names of the three friends and their places of origin have been the subject of considerable speculation. There is no textual evidence that their names are intended

<sup>98</sup> "In Job, the *satan* seems clearly to be a divine being..." (Breytenbach & Day 1999:728).

<sup>99</sup> Vergelyk hierdie karakter met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*).

to designate roles like the Satan, ‘the opposer/doubter’” (Habel 1985:97). Enige besinning oor moontlike betekenis van die name en herkoms van die drie vriende, sou hier ook slegs spekulاسie wees. “[T]he personal and place names in 2:11 are all drawn from the Pentateuch, which gives them a ring of antiquity to Israelite ears. These names thus balance the ‘long ago and far away’ effect of the names Uz and Job” (Gordis in Janzen 1985:56) en dra nie soveel betekenis nie (vgl. Hess 1998:188). Die vriende se herkoms en name dui waarskynlik op Edomitese herkoms. “The place-name Teman is the most certainly identifiable: it is several times referred to as an important town of Edom, and sometimes stands by synecdoche for the whole country of Edom” (Clines 1989:57). In Jeremia 49:7 dui Teman se assosiasie met Edom op ‘n plek wat bekend was vir sy wysheid (Habel 1985:97).

Dit is dus onseker waar Job se vriende vandaan kom. Die feit dat hulle met Job vriende is, bring ‘n mens tot die gevolgtrekking dat hulle ook gesiene manne in die Ooste was. Hulle het met Job geassosieer en met mekaar onderling afgespreek om hom te kom bemoedig.

Uit die dialoog kan ‘n mens afleidings maak oor die karakters.<sup>100</sup> Die volgorde (Elifas-Bildad-Sofar) waarin hulle patroonmatig in die gesprek aan die woord kom, dui waarskynlik op die manne se status. Elifas is waarskynlik die oudste en/of wysste, gevolg deur Bildad en dan Sofar. Vroeër in hierdie studie is aangedui dat Elifas se woorde in 15:10 na alle waarskynlikheid na homself verwys. Dit sou beteken dat Elifas ouer as Job is en die oudste van die geselskap van vier.

Die dialoog-patroon Job-Elifas-Job-Bildad-Job-Sofar herhaal homself amper drie maal. Die derde maal ontbreek ‘n spreekbeurt van Sofar. Dit mag wees dat Job hulle hier in die rede val en/of dat Sofar se wysheid hier opdroeg.<sup>101</sup> Dit sou van Sofar die minste wys of jongste en

<sup>100</sup> Burden (1991:37-65) maak ‘n studie van die gebruik van “popular proverbs” in die dialooggedeelte van die boek Job. ‘n Mens sou ‘n ganse studie kon wy aan die karakters se ontwikkeling in Job 3-26 deur te kyk hoe hulle die “popular proverbs” gebruik.

<sup>101</sup> Habel (1985:37) se gebrekkige narratologiese basis word deur die insigte van hierdie paragraaf geïllustreer. Die grafiese voorstelling van tyd in hierdie studie (Hoofstuk 6) skets ‘n interessante patroon met betrekking tot die verteltyd wat gewy word aan die dialoog in Bedryf II (3:1-26:14). Uit die teks (dit kom Habel (1985:37) ook agter) is dit duidelik dat die drie vriende se volume woorde afneem in die derde siklus van dialoog (21:1-26:14). Die grafieke het ook met betrekking tot die verteltyd gedui op die status van die drie vriende in terme van die volume woorde wat elke karakter gebruik. Uit Diagram 6.4 kon ‘n mens aflei dat die vriende praat in volgorde van belangrikheid. Die woorde van die vriende in die derde siklus is minder (en die van Sofar ontbreek), nie omdat dit “apparently suffered some dislocation” (Habel 1985:37) nie, maar omdat dit ‘n strategie van die verteller is. Op hierdie manier word uitgebeeld hoe Job geleidelik die oorhand kry totdat die stilsweye van die vriende uiteindelik deur die verteller bevestig word en in Job 32:1

mees onervare van die drie maak. Bildad se laaste probeerslag om Job te antwoord in Job 25 is ook nie 'n lang relaas nie, met min om die lyf. Dit sou hom bietjie wyser/ouer as Sofar maak, maar ondergeskik in wysheid/ouderdom aan Elifas.

Daar vind wel ontwikkeling plaas by hierdie drie karakters. Al drie beweeg van bemoediger na beskuldiger met die verloop van Bedryf II (3:1-26:14) (vgl. Habel 1985:30-31). Daar is egter nie sprake van veel kompleksiteit of penetrasie van die innerlike by een van hierdie karakters nie.<sup>102</sup>

v) *Die jongman Elihu*

Dieselfde argumente vir die naam en herkoms van die drie vriende hierbo, geld hier as argumente vir hierdie karakter. Elihu verskil egter in baie opsigte radikaal van die ander drie karakters. Hierdie karakter word nie aan die leser voorgestel aan die begin van die boek, soos die ander drie vriende nie. Hy verskyn uit die bloute op die toneel en kom boonop aggressief voor. Die verteller deel wel mee dat Elihu die jongste van al vyf die manne is. Dit is dan ook die rede waarom hy gewag het om te praat. Hierdie beskeidenheid is een van die karakter-ironieë. Die verteller vertel dat hierdie jong man gewag het vir 'n beurt, omdat hy die jongste was. Die verteller gee so 'n stukkie penetrasie in Elihu se innerlike as hy sê dat Elihu kwaad was vir Job en sy vriende. 'n Mens verwag egter dat hy, weens sy ouderdom, die saak beskeie sal benader en nie so aggressief nie. Uit sy woorde is dit egter duidelik dat hy nie terugstaan vir vier ouer manne nie. Hy begin vir Job berispe met ywer wat vir Job geen kans gee om te reageer nie. Die karakter maak ook geen geheim van die wysheid waaroor hy beskik nie. Die ironie<sup>103</sup> is dat hierdie karakter anders optree as wat 'n mens verwag uit die karakterisering

---

aangekondig word. Die nodige narratologiese insig ontbreek dus by Habel (1985:37) en daarom bied hy skielik 'n histories-kritiese verklaring aan (vgl. Seitz 1989:9).

In 'n vorige paragraaf argumenteer Habel (1985:36) dat Elihu 'n integrale deel van die boek Job vorm, maar dan bevraagteken hy die samestelling van die boek op grond van die dialoog in 3:1-26:14 wat in die derde siklus nie by die patroon hou nie. Dit stel vrae oor die komposisie van die boek. Sodoende stel Habel (1985:36-37) nuwe vrae oor die komposisie van die boek Job in 'n boek waarin hy juis die eenheid van die boek probeer verdedig. Dit wil voorkom asof die historiese-kritiek nie 'n argument kan stel vir die eenheid van die boek nie. Wanneer dus gekies word vir 'n narratiewe benadering, moet gehou word by 'n narratiewe benadering.

<sup>102</sup> Vergelyk hierdie karakters met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*). Hulle sal onder een opschrift, 'Vriende,' geplot word.

<sup>103</sup> Hoffman (1983:7-21) bied 'n baie goeie bespreking van ironie in die boek Job aan. Die artikel lewer veral 'n belangrike bydrae ten opsigte van die verskillende vlakke van ironie in die boek Job. Hoffman (1983:12-20) identifiseer vier vlakke, naamlik: "A) Ironic remarks voiced by the different characters, which they direct at each other and are discernable by all: Job, his friends and the reader. B) The ironic attitude of the author toward the protagonists, which is understood by the reader but not by Job or his friends (in keeping with literary convention). C) Irony (not necessarily a remark; sometimes an ironic situation) which the

deur die verteller. Die ironie word verder versterk. Job se versoek tot 'n arbiter tussen hom en Jahwe word gehoor. Die arbiter is egter nie die wysste en oudste van die stad of die land nie, maar een van die jong manne (vgl. Habel 1985:32). Die wysheid word op sy kop gekeer.

Die karakter is meer kompleks as die ander drie vriende as gevolg van die karakter-ironie. Hy ontwikkel nie veel nie, maar bly uiters konstant (staties). Die vertelling aan die begin van Job 32, wat vertel dat Elihu kwaad was en die rede daarvoor gee, is penetrasie in die innerlike.<sup>104</sup>

#### *vi) Die bykarakters*

Die oorblywende karakters is almal karakters wat nie baie aktief is nie en ook nie regtig ontwikkel nie. Hulle word ook nie geplot op die skaal hieronder nie (Diagram 5.1). Hulle vervul 'n funksie groter as hulleself. Sommige van hierdie karakters is egter verantwoordelik vir handeling in die plot. Ander is eintlik net name/persones wat genoem word. Hierdie karakters sal in hierdie studie dekokarakters genoem word.

**Boodskappers:** karakters wat in Toneel 3 (1:13-22) aan Job die tyding bring van die rampe wat hom getref het. 'n Mens lei af dat hulle van Job se slawe is. Hulle is telkens die enigste persone wat met hulle lewe van die ramp afgekom, om die boodskap van die skade te bring.


**Sabeërs en Galdeërs:** 'n Relas oor die herkoms van hierdie volke is nie belangrik vir die storie nie, of sou in elk geval spekulatief wees. Spekulasie oor hulle betekenis sou nie reg laat geskied aan die onbelangrike rol wat hierdie karakters speel nie. 'n Bespreking van hierdie karakters sal nie veel beteken vir die interpretasie van die boek Job nie. Hulle is soos die wind en die weerlig, instrumente of helpers van Satan.

**Job se vrou:** Die naamloosheid van hierdie karakter dui op die onbelangrikheid van hierdie karakter. Sy is eintlik ook maar een van Jahwe se opponente, omdat sy Job daarvan probeer oortuig om God te vloek en te sterf. Sou Job hierdie raad volg, sou Jahwe die uitdaging verloor.

---

author directs against the reader. D) Irony which the author directs against his work or, if you will, against himself" (Hoffman 1983:12).

<sup>104</sup> Vergelyk hierdie karakter met die ander karakters in Diagram 5.1, waar al die karakters geplot word op die skaal wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie beskryf is (Diagram 2.2 *Beskrywing van karakter op kontinuum van drie asse*).



**Dekorkarakters:** Hierdie karakters is nie karakters in die ware sin van die woord nie. Hulle word in die boek Job aangewend as eiendom van Job of as beskrywing van een of ander karakter. Job se kinders is deel van Job se eiendom. Ook sy dogters, wat beskryf word aan die einde van die boek, vertel meer van die karakter Job as van die dogters self. Job se broers, susters en eertydse vriende is ook net 'n aanduiding van Job se herstel. Die hemelwesens (godeseuns) in Toneel 2 (1:6-12) is 'n beskrywing van Jahwe se teenwoordigheid.<sup>105</sup>

#### 5.4 Die held van die Jobdrama.

Wie van hierdie karakters kwalifiseer om beskryf te word as die held van hierdie verhaal? “[R]emember the criteria of presence, initiative, and the executor of the quest” (Fokkelman 1999:208). Op grond van die kriteria sou twee van die karakters kwalifiseer vir die held van hierdie storie: Job en Jahwe. Geen van die ander karakters toon genoeg van die kriteria om as helde beskryf te word nie. 'n Mens sou seker kon redeneer dat Satan, Job se drie vriende en Elihu elk op 'n sending (quest) is. Satan probeer om Jahwe verkeerd te bewys aangaande Job se integriteit, maar kom net in Bedryf I (1:1-2:13) voor. Dit kan ook lyk asof hy die inisiatief neem, maar dis in der waarheid Jahwe wat die inisiatief neem. Job se vriende kom natuurlik met 'n duidelike sending. Hulle wil hom kom bemoedig en hom kom aanmoedig (berispe) om die verkeerde dinge wat hy gedoen het, reg te stel (vgl. Janzen 1985:56-57). Hulle slaag nie werklik in hulle sending nie. Hulle is wel teenwoordig in elke bedryf en neem die inisiatief om vir Job te kom bemoedig. Uit die totale plot is dit egter duidelik dat hulle nie belangrike karakters is nie en dus nie helde kan wees nie. Dieselfde argument geld vir Elihu. Daar is by hom sprake van 'n sending, inisiatief en teenwoordigheid, maar hy is ook 'n onbelangrike karakter. Dit laat die leser met Jahwe en/of Job as held.

##### *i) Job as held*

Job is nie noodwendig die held van die verhaal omdat sy naam ook die naam van die boek dra of omdat die verhaal begin deur van hom te vertel nie. Dit dui natuurlik op die status van die karakter Job, maar vir Job om die held te wees, moet hy aan die vereiste kriteria voldoen.

**Sending:** Aan die begin van die verhaal (Bedryf I (1:1-2:13)) is daar eintlik slegs 'n klomp insidente wat met Job gebeur. Daar is nie werklik noemenswaardige handeling in Bedryf I

---

<sup>105</sup> Clines (1989:22) meen ook dat die skrywer se bedoeling nie is om te fokus op 'n teologie van hemelwesens nie, maar om hier te fokus op 'n ongemaklike konfrontasie tussen twee karakters, te wete Jahwe en Satan.



(1:1-2:13) aan die kant van hierdie karakter nie. In Toneel 6 (3:1-26:14) begin hierdie karakter egter op sy 'quest.' In sy openingsrede vra hy 'n klomp vrae en maak hy 'n klomp opmerkings wat 'n gesprek oor God aan die gang sit. Job se sending is om te verstaan waarom Jahwe optree soos wat Hy optree. Hy wil sodoende verlore eer herstel. Job wil hê Jahwe moet hom self antwoord. Sy sending is om 'n duidelike antwoord van Jahwe te ontvang. In Bedryf III (27:1-42:17) is Job se eer herstel en sy vrae tot swye gebring. Sou 'n mens kon sê dat sy sending suksesvol is? Is Jahwe se reaksie, wat Job tot swye bring, vir Job 'n antwoord of besef Job dat hy nooit sy waardevolle objek sal vind nie?

**Inisiatief:** Dis ook eers in Bedryf II (3:1-26:14) wat Job die inisiatief neem om op 'n sending te gaan en telkens sy vriende se argumente weerlê om op die sending te bly. In Bedryf III (27:1-42:17) gee hy 'n lang monoloog, wat Jahwe finaal uitdaag tot 'n hofgeding. Niemand behalwe Jahwe se antwoord kry hom op die ou end stil nie.

**Teenwoordigheid:** Job is dwarsdeur hierdie verhaal teenwoordig. Hy is wel nie so aktief in Bedryf I (1:1-2:13) as in die res van die verhaal nie, maar hy is steeds as 'n sleutelkarakter teenwoordig in Bedryf I (1:1-2:13). In Bedryf II (3:1-26:14) is hy net so teenwoordig soos sy drie vriende. In Bedryf III (27:1-42:17) lewer hy 'n monoloog en reageer hy op Jahwe se antwoord aan hom. In Toneel 10 (42:7-9) is hy weer meerendeels onderwerp aan 'n klompie insidente.

Die karakter Job voldoen aan die drie kriteria. Hy is die aktant van 'n sending, hy neem 'n noemenswaardige hoeveelheid inisiatief en hy is 'n baie groot persentasie van die tyd teenwoordig. In Diagram 5.1 word Job ook geplot as 'n dinamiese, komplekse karakter met baie penetrasie in die innerlike. Job is 'n baie goeie kandidaat om die held van die boek te wees.

#### *ii) Jahwe as held.*

Die vroom antwoord sou natuurlik wees dat as Jahwe 'n karakter (skepping van die verteller) in die Bybelverhaal is, dan moet Hy sekerlik die held van daardie verhaal wees. Dit is egter nie waar nie. Jahwe is soms die helper van 'n sekere held van 'n Bybelverhaal. Die karakter Jahwe behoort ook getoets te word aan die kriteria waaraan alle helde getoets word.

**Sending:** In Hoofstuk 5 van hierdie studie is aangedui dat die waardevolle objek eer is. Satan daag Jahwe se eer uit, wat Jahwe op 'n 'quest' sit om hierdie uitdaging van die aanklaer koud te sit (vgl Clines 1989:17). Uit Bedryf I (1:1-2:13) kom dit voor asof Jahwe se sending suksesvol was. Die gebeure in Bedryf II (3:1-26:14) wek spanning omdat dit lyk asof Jahwe nie suksesvol sal wees nie. Uit Job se antwoord in Bedryf III (27:1-42:17) (Toneel 9 (38:1-42:6) / Job 40:3-5<sup>106</sup> en 42:1-6<sup>107</sup>) is dit duidelik dat Jahwe suksesvol is in sy sending.

**Inisiatief:** Dit is Jahwe wat in Bedryf I (1:1-2:13) inisiatief neem en die aandag van Satan op Job vestig. "En my dienaar Job, het jy hom raakgesien?" (1:8 – NAV). Dit is ook Jahwe wat Satan aanmoedig om Job se eiendom en goeie gesondheid van hom weg te neem. In Bedryf II (3:1-26:14) is Jahwe op die agtergrond, omdat Hy die onderwerp van bespreking is. Die karakters se bespreking van Jahwe en hulle argumente oor Hom, dui op die inisiatief van Jahwe – hierdie lyding van Job kom van Jahwe (dit is al feit waarmee Job met sy drie vriende saamstem). In Bedryf III (27:1-42:17) (Toneel 9 (38:1-42:6)) is dit Jahwe wat die inisiatief neem om Job stil te maak. Jahwe spreek ook die drie vriende van Job in Toneel 10 (42:7-9) aan. In Toneel 11 (42:10-17) is dit Jahwe wat Job se toestand herstel.

**Teenwoordigheid:** In Bedryf I (1:1-2:13) en III (27:1-42:17) is Jahwe aktief besig en teenwoordig. In Bedryf II (3:1-26:14) is Hy slegs die onderwerp van die vier manne se bespreking. In daardie opsig is Hy egter steeds teenwoordig – Hy word voortdurend bespreek en daar word konstant na Hom verwys.

Soos Job voldoen Jahwe ook aan die drie vereistes vir 'n karakter om die held te wees. Jahwe is ook 'n dinamiese karakter en die mees komplekse karakter in die verhaal. Hy is egter 'n karakter met min penetrasie in die innerlike. Die belangrikheid van hierdie karakter kwalifiseer Hom ook vir die held.

---

<sup>106</sup> Job het toe vir die Here gesê: "Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liever stilbly. Ek het gepraat, maar ek kon nie 'n antwoord vind nie, ek het weer geprobeer, maar nou sal ek stilbly" (Job 39:36-39: NAV).

<sup>107</sup> Daarna het Job vir die Here gesê: "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as" (Job 42:1-6).

### *iii) Die held – een of albei?*

Dit is moeilik om 'n keuse uit te oefen vir een held. In Hoofstuk 5 van hierdie studie is aangedui dat albei hierdie karakters op 'n eer-sending is. Hierdie sendings lê op verskillende vlakke, maar is bymekaar ingebed. Jahwe se sending het 'n invloed op Job. Dit stuur weer vir Job op 'n sending. Job is nie bewus van Jahwe se sending nie, maar Jahwe se sending is eintlik afhanklik van Job se sending. Job moenie by die punt kom waar hy Jahwe vloek nie, anders het Jahwe nie in sy sending geslaag nie. Job se sending sluit Jahwe se sending op 'n ander manier in. Dit is as gevolg van Jahwe se sending dat Job op 'n sending is. Job se sending is dus ingebed by die sending van Jahwe.<sup>108</sup>

Job en Jahwe se sending is suksesvol. Job vloek nooit vir Jahwe nie. Jahwe wen die eer-stryd teen Satan. Job kry 'n antwoord. Dit bring hom tot swye, maar verskaf wel 'n antwoord. Sy eer word herstel en maak wat dit betref, ook die sending suksesvol. Die gevolgtrekking is dus dat albei, Jahwe en Job, die helde van die verhaal is.

## **5.5 Helpers en opponente<sup>109</sup>**

Die held/e het karakters wat sy/hulle soeke na die waardevolle objek bevorder of vertraag. Die karakters wat die sending bevorder, staan bekend as helpers, terwyl opponente die karakters is wat die sending vertraag. 'n Mens kan vervolgens na elke held se helpers en opponente kyk.

### *i) Job se helpers en opponente*

Job se sending begin as't ware eers in Bedryf II (3:1-26:14). Die ironie is dat die drie karakters in die verhaal wat Job se 'vriende' genoem word, lyk asof hulle Job se opponente is, maar eintlik is hulle Job se helpers. Die teen-argumente waarmee hulle Job antwoord, ontmoedig geensins die held om na sy waardevolle objek te soek nie. Inteendeel, hulle gepraat hits die held net aan om al hoe meer gedetermineerd na die antwoord op sy vrae te soek. Elihu, aan die ander kant, sou 'n opponent kon wees. Sy argument bring Job tot swye, of so kom dit altans voor. Die vraag ontstaan of Job opgehou soek het na sy waardevolle objek. Voordat hierdie vraag beantwoord kan word, spreek Jahwe vir Job in 'n stormwind aan.

---

<sup>108</sup> "Central to the book of Job is the conflict between God and Job, between the integrity of the Creator and the integrity of a particular mortal" (Habel 1985:60).

<sup>109</sup> Vgl. Fontaine (1987:214-223) se bespreking van helpers en opponente in Job.

## *ii) Jahwe se helpers en opponente*

In Bedryf I (1:1-2:13) is Satan se uitdaging aan Jahwe die handeling wat Jahwe se sending aan die gang sit. Die ironie is dat die Satan lyk soos 'n opponent, maar hy is 'n helper, omdat hy Job tref met rampe. Die weerlig, stormwind, Sabeërs en Galdeërs is op hulle beurt Satan se helpers/instrumente. Job se vrou is 'n opponent van Jahwe. As Job na haar sou luister, sou Jahwe se sending onsuksesvol wees.

Job se vriende (sy helpers) is Jahwe se opponente. Hulle argumente dryf Job so waansinnig dat sy byna lasterlike argumente die leser laat vrees dat hy Jahwe enige oomblik sal vloek. Jahwe maak in Toneel 10 (42:7-9) ook nie 'n geheim daarvan dat hierdie drie manne sy opponente was nie. Elihu is 'n helper van Jahwe (vgl. Fontaine 1992:77). Hy berei in der waarheid die grond voor vir Jahwe se argument. Hy maak in effek vir Job stil sodat Job na Jahwe kan luister.

Die verhouding tussen die twee helde is ironies. Job se sending is 'n risiko vir Jahwe se sending en Jahwe se sending veroorsaak Job se sending. Job se helpers is Jahwe se opponente en sy opponente is Jahwe se helpers. Dieselfde geld vir Jahwe se helpers en opponente. Dit skep 'n baie dinamiese verhouding tussen die twee helde en die twee sendings. Dit getuig weereens van die skrywer van hierdie verhaal se uitstekende literêre vermoëns en kreatiwiteit.

## **5.6 Samevatting.**

Die helde van die verhaal is Job en Jahwe, elkeen op sy eie sending. Die twee helde se sendings is bymekaar ingebed en het 'n ironiese maar dinamiese verhouding. Die res van die karakters speel die rol van helpers en opponente of is slegs bykarakters wat 'n rol groter as hulleself vervul. Sommige van die 'persone' wat in die storie genoem word, is nie werklik karakters nie, maar deel van die dekor. In Diagram 5.1 is die karakters se ontwikkeling, kompleksiteit en penetrasie in die innerlike geplot. Wat die karakterisering betref, maak die verhaal baie min van direkte definisie gebruik. Die karakterisering vind grootliks plaas deur indirekte voorstelling.

Fokkelman (1999:208-209) se vrae word so beantwoord:

**“1. Who is the *hero*? What is your reason for thinking this (remember the criteria of presence, initiative, and the executor of the quest)?” (Fokkelman 1999:208).**

Aan die hand van die kriteria van teenwoordigheid, inisiatief en sending is uitvoerig geredeneer oor Jahwe en Job as helde. Die gevolgtrekking was dat albei in die verhaal optree as helde.

**“3. Who are the *helpers* and *opponents*? Besides characters, factors, situations or personality traits also qualify. Are any *attributes* (objects) present? What do they contribute? Do they have a symbolic added value?” (Fokkelman 1999:208).**

In hierdie hoofstuk is aangedui hoe die ander karakters optree as helpers en opponente. Die bykarakters wat nie optree as helpers en/of opponente nie, is hier beskryf as dekorkarakters. Dekorkarakters maak eintlik net deel uit van die agtergrond.

## HOOFSTUK 6

### TYD EN RUIMTE

#### 6.1 Inleiding.

In Hoofstuk 4 van hierdie studie is onder andere die aspekte van tyd en ruimte gebruik om 'n sinvolle indeling van die plot te maak. Die verhaal neem tyd om vertel te word (verteltyd) en daar speel tyd in 'n verhaal af (vertelde tyd). Wat vertelde tyd betref, kan 'n mens kyk na die chronologie, snelheid/ duur en frekwensie van 'n storie. 'n Verhaal word nooit een honderd persent chronologies vertel nie. Dit mag gebeur dat die storie teruggryp na 'n bepaalde gebeurtenis wat in die verlede binne of buite daardie storie gebeur het. So 'n teruggrype (analeps) kan 'n gaping in die storie invul, wat nodig is vir die leser se verstaan van daardie storie. 'n Vooruitgrype (proleps) kan 'n latere gaping voortydig invul. Die storie het ook 'n bepaalde ritme. Sommige dele van die storie word vinnig vertel en ander stadig (storiedur). Tonele of gebeure kan ook meer as een keer vertel word (frekwensie). 'n Mens moet vra waarom hierdie 'afwykings' van tyd op daardie bepaalde plek in die teks voorkom en wat hulle funksie is.<sup>110</sup> Verteltyd word ruimtelik gemeet aan die aantal woorde, sinne, paragrawe, bladsye en/of hoofstukke wat dit neem om die storie te vertel.

Wanneer die verteller nalaat om die ruimte waarin gebeure plaasvind te noem of beskryf, sal die leser self 'n ruimte invul (Bal 1978:52). Iets kan nie slegs gebeur nie, dit moet êrens gebeur. Wanneer die verteller die ruimte noem en veral beskryf, is dit sinvol om te vra waarom hy dit noem of beskryf. Ruimte kan soms 'n simboliese waarde hê. Die ashoop waarop Job in Toneel 5 (2:11-13) gaan sit, dui byvoorbeeld so op Job se toestand. Ander kere sou die ruimte nie noodwendig iets beteken behalwe vir die plot nie, veral vir die hedendaagse leser. Die oorspronklike gehoor sou makliker simboliese waarde aan plekname kon heg (Bar Efrat 1989:187).

---

<sup>110</sup> “5. Does the narrator keep to the *chronology* of the events and processes themselves? If not, where does he deviate, and why do you think he does that?. Try and get an idea of the discourse time/ narrated time ratio. 6. Where is the gaps where *narrated time* has been skipped, and are there cases of acceleration, retardation, retrospect and anticipation? Assuming that the writer inserted them at the right points: why are they where they are? What is there relation with the context?” (Fokkelman 1999:208).

## 6.2 Verteltyd.

Die verteller sal meer tyd spandeer aan inligting wat vir die leser belangrik is om die storie te verstaan. Met ander woorde, die belangrikste inligting geniet die meeste aandag. Die hoeveelheid woorde waaruit 'n hoofstuk of 'n toneel bestaan, kan dui op die belangrikheid van daardie toneel vir die narratief. Daarom is dit sinvol om te kyk na die hoeveelheid woorde waaruit 'n toneel bestaan. Die tonele van die Jobverhaal en die verteltyd (BHS) word in Tabel 6.1 uiteen gesit.

*Tabel 6.1: Verteltyd in Job.*

| Bedryf / Toneel                                                                       | Aantal Woorde |
|---------------------------------------------------------------------------------------|---------------|
| <b><u>Bedryf I (Job 1-2): Job word getoets.</u></b>                                   | <b>482</b>    |
| <b>Toneel 1</b> (1:1-5): Job – 'n man van integriteit                                 | 82            |
| <b>Toneel 2</b> (1:6-12): Satan: “Job is nie opreg nie.”                              | 85            |
| <b>Toneel 3</b> (1:13-22): Satan (Jahwe) vs Job                                       | 134           |
| <b>Toneel 4</b> (2:1-10): “Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af.”                | 128           |
| <b>Toneel 5</b> (2:11-13): Job totaal onteer                                          | 53            |
| <b><u>Bedryf II (Job 3-26): Jahwe is...</u></b>                                       | <b>3655</b>   |
| <b>Toneel 6</b> (Job 3-26): Dialoog: Vier vriende wonder oor Jahwe                    | 3655          |
| <b><u>Bedryf III (Job 28-42): Jahwe word getoets.</u></b>                             | <b>2977</b>   |
| <b>Toneel 7</b> (27-31): Monoloog (Job): Ek is totaal van my eer ontnem               | 944           |
| <b>Toneel 8</b> (32-37): Monoloog (Elihu): Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af. | 1059          |
| <b>Toneel 9</b> (38-42:6): Jahwe vs Job                                               | 804           |
| <b>Toneel 10</b> (42:7-9): Jahwe: “Job se vriende is nie opreg nie.”                  | 68            |
| <b>Toneel 11</b> (42:10-17): Job – 'n man van integriteit                             | 102           |
| <b>TOTAAL</b>                                                                         | <b>7114</b>   |

Die bedrywe en die persentasie van die totale verteltyd wat daaraan bestee word, kan met mekaar vergelyk word (Tabel 6.2). Dit word grafies in Diagram 6.1 uitgebeeld. Bedryf II (3:1-26:14) neem die meeste verteltyd in beslag. Die verhaal van Job gaan oor vier vriende wat wonder (weet?) oor God. Die verskillende perspektiewe van die vriende van Job en Job self word in hierdie bedryf ‘uit-die-perd-se-bek’ gehoor. Teologie en ervaring van die lewe

stem nie altyd ooreen nie. Dit veroorsaak vrae (en antwoorde) oor hoe God te werk gaan. Bedryf II (3:1-26:14) beeld hierdie vrae en antwoorde uit en kan mense oor die algemeen identifiseer met hierdie vier karakters se vrae en opinies oor God. Bedryf II (3:1-26:14) se belangrikheid lê opgesluit in die persentasie verteltyd wat daaraan spandeer word. 'n Mens kan aflei dat dit vir die verhaal belangrik is om aan te dui dat mense se ervaring van God en die lewe (en vervolgens hulle vergeldingsleer-teologie) van mekaar verskil. Dit ondersteun Newsom (2003:21-31) se argument dat die boek Job 'n polifoniese<sup>111</sup> teks is omdat dit op 'n dialogiese manier verskillende perspektiewe aanbied. Op hierdie wyse geniet die verteller se perspektief nie voorrang bo die karakters s'n nie.

Bedryf III (27:1-42:17) is op grond van sy lengte die tweede belangrikste. In hierdie bedryf word die debat op 'n spits gedryf en kom hier tot 'n einde "without finalizing closure" (vgl. Newsom 2003:21). Dit ondersteun weer eens Newsom (2003:21-31) se argument vir 'n polifoniese teks. Bedryf III (27:1-42:17) is egter nie veel korter as Bedryf II (3:1-26:14) nie en 'n belangrike klimaks vir die verhaal. Die gevolgtrekking is dat 'n mens nie vir God kan verstaan nie.

Bedryf I (1:1-2:13) is slegs die inleiding tot die verhaal en gee die nodige inligting om Bedryf II (3:1-26:14) en III (27:1-42:17) se gebeure te verstaan. Die inligting in Bedryf I (1:1-2:13) kom voor asof dit die vergeldingsleer as vertrekpunt neem. Dit skets 'n bekende wêreld (teologie) wat ewe skielik skeefloop. Hier is genoeg inligting om die verhaal in te lei, maar min genoeg om die leser te mislei. Die gebeure in Bedryf I (1:1-2:13) skep vrae by die leser wat die leser (soos Job en sy vriende) nie dadelik kan antwoord nie.

Die bedrywe bestaan uit 'n samestelling van tonele. Die samestelling van Bedryf I (1:1-2:13) en Bedryf III (27:1-42:17) kan ook by wyse van persentasie per toneel beskryf word (Tabel 6.3 en 6.4) en grafies uitgebeeld word (Diagram 6.2). Die verteltyd van Toneel 1 en 2 is ongeveer dieselfde asook die verteltyd van Toneel 3 en 4. Toneel 3 en 4 is inhoudelik die belangrikste tonele in hierdie bedryf, omdat dit die rampe beskryf wat vir Job tref. Toneel 1 en 2 beskryf onderskeidelik vir Job en sy ruimte en Jahwe en sy ruimte. Toneel 5 is slegs 'n verslag oor die gevolge van die rampe.

---

<sup>111</sup> "In Bakhtin's account, a polyphonic text has three distinctive aspects: (1) it embodies a dialogic sense of truth; (2) the author's position, although represented in the text, is not privileged; and (3) the polyphonic text ends without finalizing closure" (Newsom 2003:21 (ook gepubliseer as artikel (Newsom 2002:87-108)).




In Bedryf III (27:1-42:17) stem die verteltyd van Toneel 7 en 8 en dié van Toneel 10 en 11 grootliks met mekaar ooreen. Toneel 9 het wat dit betref 'n unieke verteltyd in hierdie bedryf. Toneel 7 en 8 is die langste terwyl 10 en 11 die kortste is. Toneel 7 en 8 is onderskeidelik die monoloë van Job en Elifas. Dit sluit aan by die lang dialoog van Bedryf II (3:1-26:14), maar het die effek van getuies in die getuiebank. Toneel 10 en 11 is weer 'n verslag oor die uiteinde van die storie. Hier is dit egter nie slegs die uiteinde van die bedryf nie, maar die uiteinde van die hele Jobverhaal. Toneel 9 se unieke lengte en posisie (tussen twee lang tonele en twee kort tonele), beklemtoon die belangrikheid daarvan. Hierdie toneel is Jahwe se reaksie op Job se uitdaging en vorm ook die klimaks van die ganse verhaal.

Bedryf II (3:1-26:14) se enigste toneel is baie lank en bestaan uit 3655 woorde waarvan slegs 65 woorde die van die verteller is. In die toneel is vier karakters (Job, Elifas, Bildad en Sofar) aan die woord. 'n Mens kan die verteltyd van elke karakter se totale spraak in die toneel met die van die ander s'n vergelyk. Die verteltyd wat gewy word aan die woorde van Job in Toneel 6, beslaan amper twee derdes van die toneel. Dit laat geen twyfel oor wie die belangrikste karakter in hierdie toneel is nie. Elifas (die oudste vriend) se woorde is die tweede meeste en beslaan amper 'n vyfde van die verteltyd van Toneel 6. Bildad en Sofar se woorde is elk net minder as 'n tiende van die verteltyd van Toneel 6. Hulle is beslis die onbelangraste van die vier karakters in hierdie toneel. Die verteller is in effek afwesig in hierdie toneel. Die uiters klein persentasie verteltyd wat aan die verteller self behoort, maak Toneel 6 'n toneel wat feitlik ekslusief uit karakterspraak (dialoog) bestaan.

*Tabel 6.2: Verteltyd van bedrywe in persentasies*

| <b>Bedryf</b>                               | <b>%</b> |
|---------------------------------------------|----------|
| Bedryf I(Job 1-2): Job word getoets.        | 7%       |
| Bedryf II (Job 3-26): Jahwe is...           | 51%      |
| Bedryf III (Job 28-42): Jahwe word getoets. | 42%      |


Diagram 6.1: *Vergelyking tussen verteltyd van bedrywe.*



Tabel 6.3: *Verteltyd van tonele in Bedryf I in persentasies.*

| Toneel                                                          | %     |
|-----------------------------------------------------------------|-------|
| Toneel 1(1:1-5): Job – ‘n man van integriteit                   | 17%   |
| Toneel 2 (1:6-12): Satan: “Job is nie opreg nie.”               | 17.5% |
| Toneel 3 (1:13-22): Satan (Jahwe) vs Job                        | 28%   |
| Toneel 4 (2:1-10): “Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af.” | 26.5% |
| Toneel 5 (2:11-13): Job totaal onteer                           | 11%   |


Diagram 6.2: *Vergelyking van verteltyd van tonele: Bedryf I.*



*Tabel 6.4: Verteltyd van tonele in Bedryf III in persentasies.*

| Toneel                                                                         | %     |
|--------------------------------------------------------------------------------|-------|
| Toneel 7 (27-31): Monoloog (Job): Ek is totaal van my eer ontnem               | 31.7% |
| Toneel 8 (32-37): Monoloog (Elihu): Aanvaar die goed en die sleg van Jahwe af. | 35.6% |
| Toneel 9 (38-42:6): Jahwe vs Job                                               | 27%   |
| Toneel 10 (42:7-9): Jahwe: “Job se vriende is nie opreg nie.”                  | 2.3%  |
| Toneel 11 (42:10-17): Job – ‘n man van integriteit                             | 3.4%  |


*Diagram 6.3: Vergelyking van verteltyd van tonele: Bedryf III.*



*Tabel 6.5: Verteltyd in Toneel 6.*

| Karakter  | Aantal Woorde | %     |
|-----------|---------------|-------|
| Job       | 2314          | 63.3% |
| Elifas    | 691           | 18.9% |
| Bildad    | 276           | 7.6%  |
| Sofar     | 309           | 8.4%  |
| Verteller | 65            | 1.8%  |

Diagram 6.4: *Vergelyking tussen verteltyd van karakters in Toneel 6.*



### 6.3 Vertelde Tyd.

#### *i) Volgorde (Chronologie)*

**Bedryf I [1:1-2:13]:** Satan verwys in 1:6 en 2:1 na sy swerftog oor die aarde na aanleiding van Jahwe se vraag oor waar hy vandaan kom. Die omvang van die eerste swerftog (1:6) lê binne die storie, wat dit 'n interne analeps maak. Die bereik daarvan lê buite die storie, wat dit 'n eksterne analeps maak. Dit maak hierdie 'n gemengde analeps. Hoewel daar slegs 'n kort verwysing na hierdie swerftog is, gryp dit terug na 'n tyd voor hierdie verhaal. ('n Mens moet die Bybel se bondige manier van vertel in gedagte hou. Daar word slegs vertel wat uiters noodsaaklik is.) Die analeps sluit aan by die eerste narratief, sonder 'n gaping. Die gemengde analeps is met ander woorde volledig. Die belangrikheid van hierdie swerftogte is om te bevestig dat Satan ook vir Job (en sy regverdigheid) raakgesien het. Dit bevestig Job se karaktereienskappe.

In 1:13-21 tref 'n mens vyf analepse aan, wanneer daar telkens 'n boodskapper by Job kom met die slegte nuus oor die rampe wat vir Job getref het. Elke boodskapper vertel 'n kort storie van wat gebeur het. Hierdie stories wat die boodskappers kom vertel, se omvang lê binne die eerste narratief en maak deel uit van dieselfde storielyn. Dit is met ander woorde interne homodiëgetiese analepse. Hierdie analepse vul vir die leser en die karakter Job gapings in oor die gebeure van daardie bepaalde dag. Dit is 'n voltooiende analeps. Dit skep baie effektief die indruk van 'n uiters rampspoedige dag en beklemtoon Job se kits-ellende.

Die leser ervaar alles asof dit gelyktydig gebeur het, ten spyte daarvan dat die narratief dit nie gelyktydig kan vertel nie.

Die analeps na die tweede swerftog (2:1) se omvang en bereik lê (anders as die eerste swerftog) binne die eerste narratief. Die leser het gesien wat gebeur op hierdie swerftog (of 'n gedeelte van die swerftog) en weet dat Satan vir Job gesien het op sy swerftog. Die analeps maak ook deel uit van dieselfde storielyn en herhaal 'n gebeurtenis wat reeds in die storie gebeur het. Dit is met ander woorde 'n herhalende, homodiëgetiese (interne) analeps.

'n Ander gemengde analeps kom ook in hierdie bedryf voor. In 2:11 sê die verteller dat Job se drie vriende afgespreek het om Job te kom vertroos. Die gebeurtenis waar die afspraak gemaak is, se bereik lê ver buite die eerste narratief. Die omvang daarvan arriveer saam met die vriende by Job. Dit is dus ook 'n volledige gemengde analeps.

**Bedryf II [3:1-26:14]:** Hierdie bedryf verloop redelik chronologies met vier karakters se dialoog wat op mekaar volg. Die enigste anachronieë is wanneer die karakters in hulle spraak na gebeurtenisse verwys wat in die verlede gebeur het. So begin hierdie bedryf in Job 3 met 'n eksterne analeps. Job gryp terug na sy geboortedag (bereik) en wens dat hierdie ganse dag (omvang) nooit bestaan het nie. Hy is so moedeloos dat hy nie wens hy was liever dood nie, maar hy wens dat hy liever nooit gebore was nie. Elifas se antwoord aan Job het ook twee eksterne analepse. Hierdie analepse word in die res van die bedryf op plekke deur Job herhaal (bv. 10:18-19; ) Die eerste is in 4:3-4 waar Elifas verwys na die tye toe Job die een was wat ander bemoedig het soos wat hy nou vir Job bemoedig. Dit is asof Elifas vir Job herinner aan al die raad wat Job self uitgedeel het aan ander en op die manier vir Job probeer vermaan om nie onverstandige dinge te sê nie. In 4:12-21 verwys Elifas na 'n droom wat hy gehad het. Dit is die tweede eksterne analeps. Hierdie droom van Elifas gee outoriteit aan sy woorde, aangesien drome en visioene van God af kom. Op die manier probeer hy Job manipuleer om sy woorde in ag te neem.

Die res van die anachronieë wat in Bedryf II (3:1-26:14) voorkom, is kort verwysings na gebeurtenisse in die verlede. Bildad verwys byvoorbeeld kortliks in 8:4 na 'n gebeurtenis wat in Bedryf I (1:1-2:13) afgespeel het. Hy meen dat Job se kinders gesterf het omdat hulle gesondig het. Bildad verwys waarskynlik na die bekende partytjies van Job se kinders. Hierdie is 'n herhalende homodiëgetiese (interne) analeps.

**Bedryf III [27:1-42:17]:** In Job 29 gebruik Job 'n eksterne analeps om sy huidige toestand te kontrasteer met dit wie hy was. Die leser se kennis van hierdie karakter word hier deur die karakter se eie woorde uitgebrei. Job sluit sy monoloog (Toneel 7) in Job 31 af met 'n eksterne analeps. In hierdie analeps verduidelik hy dat hy besluit het om vroom en godsvresend te wees. Ook hier brei die karakter se eie woorde die leser se kennis van hom uit.

Elihu begin sy eie monoloog in 32:6-12 ook met 'n analeps. Hy verwys na die vriende van Job se raad aan Job en die rede waarom hy nou eers aan die woord kom. Hy beweer dat die vriende se raad niks werd is nie. Hierdie is 'n herhalende homodiëgetiese (interne) analeps. Hierdie analeps vertel 'n mens van Elihu se selfversekerdheid. In 33:8-10 en 34:5-6 som hy sy verstaan van Job se argumente op in herhalende homodiëgetiese (interne) analepse.

Jahwe begin ook sy antwoord aan Job met 'n eksterne analeps (38:4-11). Hy vra aan Job waar hy was met die skepping. Hier beklemtoon die eksterne aard van die analeps God se grootheid en onverstaanbaarheid. Job antwoord Jahwe in 40:5 deur te verwys na die kere wat hy gepraat het (herhalende homodiëgetiese analeps). Hy klink nie meer so selfversekerd oor sy eie woorde nie. In 42:2-4 verwys hy na Jahwe se woorde (herhalende homodiëgetiese analeps) en verklaar dat hy nou weet wie Jahwe is. In 42:7 verwys Jahwe na die woorde van Job se vriende (herhalende homodiëgetiese analeps) wanneer Hy hulle daarvoor veroordeel. Wanneer 'n karakter die woorde van 'n ander karakter, wat vroeër in die Jobstorie voorkom, herhaal of verwys daarna, fokaliseer (Hoofstuk 8 van hierdie studie) daardie karakter op die standpunte/woorde van 'n ander karakter. Sodoende leer 'n mens wat een karakter verstaan of nie verstaan het van 'n ander karakter se woorde nie.

## *ii) Duur (snelheid)*

**Toneel 1 [1:1-5]:** Toneel 1 begin met 'n vinnige storiesnelheid. In 'n opsomming (NT<ST) deel die verteller in 1:1-3 'n klompie inligting oor die karakter Job aan die leser mee. In 1:4-5 brei die verteller uit (NT>ST), wanneer hy vertel van 'n gebeurtenis wat homself gereeld herhaal. Dit is die feeste wat Job se kinders hou en die versoening wat Job by God vir sy kinders doen na elke reeks feeste. Dit beklemtoon Job se godsvresendheid en vroomheid.

**Toneel 2 [1:6-12]:** Die verteller lei in 1:6-7 'n toneel (NT=ST) tussen Jahwe en Satan in. Die verteller is slegs hier voelbaar. Hy is ook voelbaar in die dele waar hy vir Jahwe of Satan aan

die woord stel. Die res van Toneel 2 bestaan uit dialoog tussen Jahwe en Satan. Die verteller spring by wyse van 'n ongedefinieerde ellips ( $NT < \infty ST$ ) van Toneel 2 na Toneel 3.

**Toneel 3 [1:13-22]:** Hier is die verteller weer voelbaar aan die begin (1:13) en wanneer karakters aan die woord gestel word, maar ook aan die einde (1:20 & 22) van die toneel. Die ganse Toneel 2 is egter 'n toneel ( $NT=ST$ ) waarin Job en die boodskappers wat vir Job kom vertel van die rampe wat hom getref het, aan die woord is. Elke boodskapper se rapport (1:14-15; 1:16; 1:17; 1:18-19) oor die ramp waarvan hy 'n getuie was, is 'n opsomming ( $NT < ST$ ) van die gebeure. Die eerste narratiewe se snelheid is dus  $NT=ST$ , terwyl die ingebedde storie (boodschap oor die rampe) se snelheid  $NT < ST$  is. Hierdie opsommings is analepse wat gapings in die storie vir die leser invul. By volgorde is reeds gesê dat hierdie analepse die effek skep van gebeurtenisse wat omtrent gelyktydig gebeur het, maar nie gelyktydig vertel kan word nie.

**Toneel 4 [2:1-10]:** Toneel 4 begin dieselfde as Toneel 2 (1:6-12) met 'n kort inleiding (2:1) deur die verteller. Toneel 4 bestaan ook grootliks uit karakterspraak en is dus 'n toneel ( $NT=ST$ ). Die verteller is in die middel van Toneel 4 (2:7-8) voelbaar, waar hy rapporteer dat Satan vir Job met pynlike swere getref het. Die verteller eindig ook Toneel 4 in 2:10b wanneer hy vertel dat Job onder al die omstandighede nie gesondig het nie.

**Toneel 5 [2:11-13]:** Toneel 5 behoort aan die verteller. In hierdie toneel vertel hy opsommend ( $NT < ST$ ) dat die drie vriende van Job by Job opdaag om hom te kom vertroos. By wyse van 'n gedefinieerde (sewe dae) ellips ( $NT < \infty ST$ ) in 2:13 spring die vertelling van Toneel 5 na Toneel 6 (3:1-26:14).

**Toneel 6 [3:1-26:14]:** Die verteller is meestal slegs aan die woord wanneer hy telkens 'n karakter aan die woord stel. Hierdie hele toneel bestaan uit dialoog tussen karakters (karakterspraak) en het dus 'n  $NT=ST$  (toneel) snelheid. Vroeër is reeds aangedui dat hierdie toneel die grootste persentasie verteltyd per toneel beslaan. Dit beklemtoon die belangrikheid van dialoog vir die Jobstorie. Op hierdie manier vertraag die verteller die verhaal (vgl. Habel 1985:30) en die spanning laai op.

**Toneel 7 [27:1-31:40]:** Deur middel van 'n ongedefinieerde ellips ( $NT < \infty ST$ ) spring die vertelling van Job 26 na 27. Job 26 is Job se laaste respons tot sy vriende en Job 27 is die

begin van Job se monoloog in die getuiebank. 'n Mens kan die aanname maak dat daar tyd verloop tussen Job se laaste reaksie op sy vriende se woorde en die begin van sy monoloog. Toneel 7 bestaan uitsluitlik uit 'n monoloog deur die karakter Job. Die storiesnelheid is dus  $NT=ST$  (toneel).

**Toneel 8 [32:1-37:24]:** In 32:1-5 som die verteller die resultate van Toneel 6 (3:1-26:14) op en hy stel die karakter Elihu aan die leser voor. Die verteltyd in 32:1-5 is  $NT<ST$  (opsomming). Die res van die toneel bestaan uit die woorde van Elihu en het die snelheid van toneel ( $NT=ST$ ).

**Toneel 9 [38:1-42:6]:** Hier is Jahwe aan die woord met Job wat twee maal kortliks op Jahwe se argumente reageer. Die verteller is nie regtig voelbaar nie en dui weereens hier slegs aan wie aan die woord is. Die storiesnelheid is hier  $NT=ST$  (Toneel).

**Toneel 10 [42:7-9]:** In 42:7 stel die verteller weer vir Jahwe aan die woord. Hierdie keer wys Jahwe Job se vriende tereg. Die grootste gedeelte van hierdie kort toneel het 'n  $NT=ST$  (toneel) snelheid met die verteller wat in 42:9 opsommend ( $NT<ST$ ) rapporteer dat die vriende Jahwe se opdrag uitgevoer het.

**Toneel 11 [42:10-17]:** Hierdie toneel behoort weer heeltemal aan die verteller. Die verteller som hier die uiteinde van Job se lewe en die storie op. Die snelheid is dus  $NT<ST$  (opsomming).

### *iii) Frekwensie*

**Singulatief (1N:1S / nN:nS):** Die grootste gedeelte van die Jobnarratief is in die singulatief; daar word een maal vertel wat een maal gebeur het.

**Herhaling (nN:1S):** 'n Klein aantal kere word 'n gebeurtenis herhaal. In die Jobnarratief gebeur dit wanneer 'n karakter (kortliks) herhaal wat vroeër reeds gesê is. In 10:18-19 herhaal Job kortliks die kern van sy argument in Job 3 as hy sê: "Waarom het U my in die wêreld laat kom? Ek moes liever gesterf het voordat 'n oog my kon sien. Dan sou ek gewees het asof ek nooit bestaan het nie en is ek by geboorte al graf toe gedra" (Job 10:18-19 – NAV). Hy sê weer dat sy moeder nooit aan hom geboorte moes gegee het nie. Daarmee beklemtoon hy sy argument waarmee hy Toneel 6 (3:1-26:14) begin het.



In 33:8-11 en 34:5-6 herhaal Elihu Job se argument kortliks in sy eie woorde soos volg: “Ek het jou met my eie ore hoor sê, hier waar ek dit gehoor het, het jy gesê: ‘Ek is onskuldig, ek het nie oortree nie, ek is rein, ek het nie gesondig nie. Tog soek God fout by my, beskou Hy my as sy vyand. Hy behandel my as ‘n gevangene, Hy hou elke voetstap van my dop’” (Job 33:8-11, NAV) en “Job het gesê: ‘Ek is onskuldig, maar God laat nie aan my reg geskied nie. Al het ek die reg aan my kant, word ek vir ‘n leuenaar gehou. Al is ek nie skuldig nie, is ek dodelik getref’” (Job 34:5-6, NAV). ‘n Mens kan hieruit aflei hoe Elihu Job se woorde verstaan/ nie verstaan nie.

**Iteratief (1N:nS):** ‘n Paar iteratiewe kom voor. In 1:4-5 word vertel van Job se kinders wat gereeld feeste al om die beurt by elkeen se huis gehou het. Job het dan na so ‘n reeks partytjies versoening gedoen vir sy kinders by God, by wyse van ‘n offer aan Jahwe. Die woorde *כָּכָה יַעֲשֶׂה אֵיזֵב כָּל־הַיָּמִים* (“Job het dit elke keer gedoen” – NAV) in 1:5 dui aan dat hierdie ‘n gebeurtenis is wat meer as een maal gebeur. Dit word egter net een maal vertel en maak dit dus ‘n iteratief. Hierdie toneel is ‘n illustrasie van Job se vroomheid en godsvresendheid. Die iteratiewe aard daarvan dui op Job se getrouheid. In 1:13 en 1:18 word weer verwys na hierdie feeste. Iets ontbreek egter in hierdie iteratief. Job doen nie versoening vir sy kinders nie. Hulle almal sterf aan die begin van ‘n siklus van partytjies (in die huis van hulle oudste broer), voordat Job die reinigingsritueel kan uitvoer. Job het die offerritueel gebruiklik eers aan die einde van ‘n reeks partytjies uitgevoer. Die onvoltooidheid van hierdie iteratiewe gebeurtenis beklemtoon die oombliklikheid en vinnigheid van die rampe wat Job tref.

In 4:3-4 verwys Elifas ook na ‘n gebeurtenis wat meer as een maal gebeur het. Hy verwys na al die kere wat Job ander bemoedig het soos wat hy en die ander twee vriende nou vir Job bemoedig. Hierdie gebeurtenis is ook iteratief omdat daar slegs een keer daarvan vertel word, hoewel dit meer as een maal gebeur het.

In 7:4 verwys Job na ‘n gebeurtenis wat hom elke dag, vandat hy siek is, afspeel. “As ek gaan slaap, dink ek: wanneer kan ek opstaan? Maar die nag sleep stadig verby en ek rol rusteloos rond tot dagbreek toe” (Job 7:4, NAV). Verder aan in 7:17-18 verwys hy na nog ‘n iteratief. “Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom so op die hart dra, dat U hom van dag tot dag toets, hom van oomblik tot oomblik op die proef stel?” (Job 7:17-18, NAV).

Hierdie iteratiewe illustreer die lyding wat Job beleef. Dit is elke dag, elke oomblik met hom en laat hom nie met rus nie.

*iv) Samevatting: vertelde tyd*

Die Jobstorie word grootliks chronologies vertel. Die anachronieë wat wel voorkom, vul meestal gapings in wat die leser nodig het om die storie te verstaan. Die storiesnelheid (duur) van die grootste persentasie van die Jobstorie is NT=ST (toneel). Die verteller is nie baie waarneembaar (voelbaar) in die storie nie. Dit maak die storie baie meer lewendig en die karakters baie meer werklik. Dit is makliker vir die leser om sodoende standpunte in die storie te oorweeg as 'n karakter se standpunt eerder as 'n algemeen geldende waarheid. Wat die frekwensie van gebeure betref, is die verhaal singulatief. Enkele kere tref 'n mens herhaling of iteratief aan. Dit is gewoonlik ook dan net om die intensiteit van 'n karaktereienskap of gebeurtenis te illustreer en beklemtoon.

#### **6.4 Ruimte.**

In Bedryf I (1:1-2:13) wissel die tonele tussen twee plekke – die land Us en die hemel. Die lokaliteit van die land Us is onseker en enige poging om die plek geografies te plot is blote spekulاسie. “Narratively, then, the names ‘Job’ and ‘Uz’ introduce the story as happening ‘long ago and far away’” (Janzen 1985:34). Janzen se mening is dat die antieke Israelitiese leser net so in die duister was oor die ligging van Us as die moderne leser. Die funksie van ‘kamma-kammaland’ is dat die leser geen konnotasie (histories, kulties, persoonlik) maak tussen die plek in die storie en die werklike geografiese plek nie. Die probleem wat die storie probeer aanspreek, word sodoende minder beïnvloed deur die leser se subjektiwiteit (voorkennis, voorgeskiedenis, agtergrond). In die land Us is die spesifieke ruimte waar die verhaal afspeel die huishouding van die karakter Job. Die ander ruimte in Bedryf I (1:1-2:13) is die huishouding van Jahwe – die hemel. Op die ruimte van die hemel word ook nie uitgebrei nie. Dit word nie beskryf soos ‘n troonsaal van God soos in ander tekste in die Bybel nie (vgl. Clines 1989:26). Dit is gewoon die plek waar God woon.

In Toneel 1(1:1-5) lees ‘n mens dat Job se kinders al om die beurt feeste in elk van die seuns se huis gehou het (1:4). In Toneel 3 (1:13-22) (1:13 en 1:18) word weer na hierdie ruimte verwys, die keer spesifiek die huis van die oudste seun. Dit dui aan dat hierdie aan die begin van ‘n reeks feeste was (indien ‘n mens aanneem dat die reeks feeste telkens begin het by die

huis van die oudste broer). Soos reeds aangedui, beklemtoon dit die skielikheid en onverwagsheid van die rampe wat Job tref.

In 1:21 word die moederskoot aangedui as ruimte. “Hy [Job] *het gesê*: ‘Naak het ek uit my moeder se skoot uitgegaan en naak sal ek weer daarheen teruggaan. Jahwe het gegee en Jahwe het geneem, die naam van Jahwe moet geprys word’” (Bezuidenhout 1986:31).<sup>112</sup> Hierdie uitdrukking beklemtoon die tydelikheid van Job se aardse lewe en die tydelikheid van die materiële wat daarmee saamgaan. Dit beklemtoon ook die feit dat Jahwe die gewer daarvan is. Hierdie woorde van Job gee aan die leser bepaalde indrukke aangaande die vroomheid van Job. Dit vorm natuurlik ‘n skril kontras met Job se standpunt in Toneel 6 (3:1-26:14), wanneer dit voorkom asof hy nie meer die tydelikheid van die aardse bestaan en die materiële aanvaar nie, maar dit verabsoluteer en Jahwe kwalik neem omdat Hy dit van hom wegneem. Dit skep weer ander indrukke by die leser en kompliseer die karakter.

Nadat Satan vir Job in Toneel 4 (2:1-10) met pynlike swere tref (2:7), gaan sit Job in die as. Dit is simbolies van Job se rou (soos die skeur van sy mantel en die skeer van sy hare in 1:20).<sup>113</sup> Wanneer sy drie vriende by hom aansluit en vir sewe dae saam met hom op die grond sit, is dit moontlik steeds in die plek van rou. Die plekke vanwaar die vriende kom, is ook nou ter sprake. In Hoofstuk 6 van hierdie studie is aangedui dat ‘n poging om die ligging van die vriende se lande van herkoms te bepaal, niks meer as spekulatief kan wees nie. Daar sal, soos met die name van hierdie drie karakters, ook nie hier oor hulle herkoms gespekuleer word nie.

Die ganse Toneel 6 (3:1-26:14) speel op die ashoop af aangesien die verteller nie aandui dat die karakters na ‘n ander ruimte verplaas is nie. Die verteller se afwesigheid maak dit egter nie absolute verklaring nie. Die karakters kan natuurlik die gesprek op enige ander plek voortsit, maar Bal (1978:52) merk tereg op dat wanneer ‘n plek nie aangedui word in die teks nie, die leser self ‘n plek sal invul. ‘n Ander leser van Job sou die gesprek dalk in ‘n ander ruimte kon sien afspeel. Die mees logiese is egter dat die vier manne steeds op en om die ashoop is.

---

<sup>112</sup> Bezuidenhout (1986:33) haal vir Van Selms aan en sê dat die moederskoot hier gelyk gestel word aan die ‘skoot’ van die aarde, die graf.

<sup>113</sup> “... the ash-heap is, as the site of ashes for his mourning ritual and potsherds for his sores, the single appropriate place for his situation of alienation and displacement” (Clines 1989:50).

In Toneel 7 (27:1-31:40) is dit asof die karakter Job skielik in die getuiebank is.<sup>114</sup> Dié monoloog van Job word geïnterpreteer as 'n getuienis teen Jahwe. In hierdie getuienis dui Job aan dat hy onskuldig is en dat Jahwe rekenskap moet gee vir die toestand waarin Job nou verkeer. Indien hierdie die begin van 'n verhoor is, skuif die ruimte na 'n ander openbare ruimte. 'n Verhoor soos die een wat hier plaasvind, sal by die stadspoort plaasvind en deur die oudstes geadministreer word.<sup>115</sup> Die dilemma waarin Job hom bevind, is dat daar niemand oud (gesagvol) genoeg is om in die geskil tussen hom en Jahwe te arbitreer nie. Die ironie is dat 'n jong man (Elihu) 'n poging aanwend om te reageer op Job se aantygings en sodoende op te tree as 'n tipe arbiter. Elihu kry dit op 'n manier nogal reg.

Die wisseling in ruimte verklaar moontlik die verskyning van Elihu. Indien die geselskap sou skuif vanaf die ashoop (waar Bedryf II (3:1-26:14) begin) na die stadspoort (waar verhoore plaasvind) skuif hulle van een openbare ruimte na 'n ander. Die status van elke ruimte verskil egter van mekaar. Die ashoop is 'n ruimte van rou. Dit sou selfs 'n ruimte van uitgeworpenheid (melaatsheid) kon verteenwoordig. Dit is egter 'n openbare ruimte, wat dit vir Elihu moontlik sou maak om die gesprek tussen Job en sy vriende te hoor. Die privaatheid daarvan sou hom as vreemdeling daarvan weerhou om deel te raak van die gesprek. Indien die aksie nou skuif van die ashoop na die stadspoort, kan Elihu na vore tree en probeer om op te tree as arbiter.

Die veelbesproke plek van Elihu in die Jobnarratief kan so verklaar word. Soos Jahwe, berispe Elihu ook die vriende van Job. Sy argument stem baie ooreen met die van die vriende. Intendeel - dit verskil so min van die vriende dat 'n mens wonder wat so uniek is aan Elihu en waarom Jahwe hom nie ook, soos die vriende, in Toneel 9 (38:1-42:6) berispe nie. Jahwe berispe die vriende nie oor die inhoud van hulle argumente nie, maar oor die motiewe daaragter. Elihu se motiewe is suiwer (soos die van Job). 'n Mens sien ook dat Elihu nie slegs die vriende en Job berispe nie, maar dat daar 'n ooreenkoms tussen die inhoud van Elihu se monoloog en die antwoord van Jahwe is. In 36:26-37:24 maak Elihu Job bewus van

<sup>114</sup> Hoewel die plot van Habel (1985:25-35) verskil van die indeling hier, reken Habel (1985:31) ook dat die ruimte in Job 29-31 in die hof afspeel. Die indeling van hierdie studie plaas egter reeds die gebeure vanaf Job 27:1 in die hof en 'verdaag' die hofsitting eers na 42:6. Die terminologie (hof, getuie, getuiebank) moenie hier verwar word met moderne konsepte nie, maar gesien word in terme van die vergadering van oudstes in die stadspoort.

<sup>115</sup> De Vaux (1973:152) onderskei drie jurisdiksies wat in antieke Israel die reg sou administreer en sê dat dit moeilik is om die bevoegdheid van elkeen te definieer. Die drie is: die jurisdiksie van die oudstes, die van die koning en die van die priesters. "In every town disputes and trials were settled by the Elders, that is, the heads of families in the clan, the leading citizens of the place" (De Vaux 1973:152).

verskynsels uit die skepping om daarmee aan te dui dat God verhewe is bo mense se begrip. Jahwe se ganse antwoord gebruik hierdie bewuswording uit die skepping om Job se mond te snoer.

Elihu is dus 'n ironiese arbiter. Die karaktertjie met die minste status word gebruik om Job se siening oor God te verander. Nie die oudstes nie, maar die jongste in die stadspoort hanteer die verhoor. Dit is 'n stuk ironiese literêre tegniek wat simbolies is van die Jobnarratief se ganse onderliggende motief – om bestaande teologie/ lewensfilosofie op sy kop te keer.

Die Elihukarakter is een van die grootste komposisie-kopsere vir interpreteerders van die boek Job.<sup>116</sup> Die ruimte waarin hy optree, maak hom noodsaaklik vir die boek. Die Jobnarratief kan nie sonder hierdie 'alternatiewe' arbiter funksioneer nie. Die Jobnarratief het vir Elihu nodig.

Die verhoor bereik in Job 38 en 39 (Toneel 9 (38:1-42:6)) sy klimaks. Die stormwind<sup>117</sup> waaruit Jahwe antwoord, is simbolies van 'n teofanie.<sup>118</sup> Die ruimte is steeds die verhoor.<sup>119</sup> Jahwe reageer self nou op die aantygings van Job en neem Job na die ruimte van die skepping om te sien wie Hy (en veral hoe Hy) werklik is. Uit hierdie groot ruimte besef Job hoe klein en nietig hy is. Die verhoor word afgesluit met 'n skuldigbevinding. Die vriende word skuldig bevind. Dis fantastiese humor. Die 'slim' vriende' op die kantlyn word skuldig bevind. Die skrywer keer werklik dinge met hierdie storie op sy kop.

Die Jobnarratief eindig weer by 'n beskrywing van die huishouding van Job. Jahwe het hierdie ruimte van Job weer herstel.

---

<sup>116</sup> “Die Elihuredes (Job 32-37) in die boek Job word uiteenlopend beoordeel. Daar is eenstemmigheid dat hierdie redes sekondêr in die boek Job is, maar hier hou die konsensus op” (Viviers 1995:171). Die fokus is in hierdie studie nie op die sekondêre aard van die Elihuredes nie, maar op die narratiewe funksie daarvan.

<sup>117</sup> Vgl. Luc (2000:119-122) se bespreking van God en storms.

<sup>118</sup> “Die skrywer stel God hier in die poësie-deel (ook in die proloog) opvallend bekend as die *Here*. Dit is God se verbondsnaam, wat dikwels met 'n teofanie geassosieer is (vgl Eks 6:2-9). God se verskyning het gereeld in die Ou Testament met 'n storm gepaardgegaan (Eseg 1:2-4; Jes 29:5-6)” (Viviers 1999:593).

“**Theophany:** the manifestation or appearance of a god/God to a human being” (Deist 1984:172).

<sup>119</sup> Vgl. Scholnick (1987:185-204).

## 6.5 Samevatting.

Die grootste gedeelte van die verteltyd in Job is karakterspraak (dialoog en monoloog). Die gee aan die verhaal die vermoë om meer as een standpunt aan te bied sonder dat een belangriker of meer normatief as die ander lyk. Die leser word ingetrek in die worsteling oor lyding en God se rol daarin. Die leser vra saam vrae en worstel saam met God. Op die wyse word alle absolute waarhede en feite oor die lewe gerelativeer. Drie aspekte van tyd skep 'n gevoel van 'werklike tyd' by die leser: die snelheid is meestal die van toneel (NT=ST), die verhaal is redelik chronologies vertel en dit word singulatief vertel.

Die studie van die ruimte lewer belangrike insigte ten opsigte van die komposisie van die boek. Die wisseling in ruimte moet in meeste gevalle in die boek Job deur die leser afgelei word, omdat die verteller nie baie waarneembaar is nie. Wanneer 'n mens dan die veelbesproke Elihu-karakter in die regte afgeleide ruimte plaas, pas hy ewe skielik in by die boek as eenheid. Intendeel, hy raak nou noodsaaklik vir die eenheid van die boek. Die plot sou gewoon onvolledig wees sonder Elihu.

Fokkelman (1999:208-209) se vrae in hierdie hoofstuk beantwoord is die volgende:

**“5. Does the narrator keep to the *chronology* of the events and processes themselves? If not, where does he deviate, and why do you think he does that?. Try and get an idea of the discourse time/ narrated time ratio”**

**6. Where is the gaps where *narrated time* has been skipped, and are there cases of acceleration, retardation, retrospect and anticipation? Assuming that the writer inserted them at the right points: why are they where they are? What is their relation with the context?” (Fokkelman 1999:208).**

Die anachronieë (“chronology, retrospect, anticipation”) in die Jobverhaal is onder die opskrif ‘volgorde’ aangedui en bespreek. Die verhouding tussen verteltyd en vertelde tyd en die relasie van tyd tot die storie is uitgebeeld met behulp van diagramme. Die snelheid (“discourse time/ narrated time ratio, acceleration, retardation”) en frekwensie van die storie is ook bespreek.

## HOOFTUK 7

### FOKALISASIE EN VERTELLER

#### 7.1 Inleiding.

Die aspekte van fokalisasie en verteller kom in hierdie hoofstuk aan die orde. Albei is redelik komplekse aspekte van die narratief, wat op die oog af eenvoudig lyk.<sup>120</sup> By fokalisasie word ‘n onderskeid getref tussen wie vertel en wie sien. Die twee word in een hoofstuk hanteer, juis omdat dit dikwels moeilik is om hierdie onderskeid te tref. Die verteller mag byvoorbeeld aan die woord wees, maar die storie speel af vanuit die perspektief van ‘n karakter. Die verteller kan dus vertel, maar die karakter sien. In hierdie hoofstuk sal dus eers gekyk word na die fokalisasie in Job.

Die verteller of vertelinstantie is ook nie ‘n eenvoudige saak nie en die verteller kan nie altyd in eenvoudige terme beskryf word nie. Die storie word op verskillende wyses deur verskillende instansies vertel. Nadat die fokalisasie van die Jobdrama beskryf is, sal die vertelinstantie aan die orde kom. Fokkelman (1999:208-209) se vrae 4<sup>121</sup> en 8<sup>122</sup> word onder andere hier beantwoord.

#### 7.2 Fokalisasie.

‘n Onderskeid kan getref word tussen eksterne- en interne fokalisasie. Fokalisasie is intern of ekstern relatief ten opsigte van die storie wat vertel word, of van die gebeure wat plaasvind. Eksterne fokalisasie vind plaas deur ‘n fokalisator wat van buite die storie ‘kyk’. Interne fokalisasie het ‘n fokalisator wat self ‘n karakter binne die verhaal is.

<sup>120</sup> Vergelyk die debat tussen Strike (1995:97-99) en Schmeling (1995:85-96) aangaande fokalisasie.

<sup>121</sup> “4. Can you feel the narrator’s presence anywhere in the text? This will apply especially in the case of information, comments, explanations or value judgements on his part. Can you point to these instances of the writer speaking? Where is the writer less obviously present (for instance in his deliberate arrangement or composition of the material)? Does he usually make his own statements at strategic points in the text?” (Fokkelman 1999:208).

<sup>122</sup> “8. Where are the speeches? Are there many of them? Have speeches been left out where you would expect them? What factors influence the characters who is speaking, what self-interest, background, desires, expectations?

*Congruence:* do the characters’ words match their actions? If not, how come?

Does the text contain indications of the *writer* supporting or approving of his character?” (Fokkelman 1999:208).

## HOOFTUK 7

### FOKALISASIE EN VERTELLER

#### 7.1 Inleiding.

Die aspekte van fokalisasie en verteller kom in hierdie hoofstuk aan die orde. Albei is redelik komplekse aspekte van die narratief, wat op die oog af eenvoudig lyk.<sup>120</sup> By fokalisasie word ‘n onderskeid getref tussen wie vertel en wie sien. Die twee word in een hoofstuk hanteer, juis omdat dit dikwels moeilik is om hierdie onderskeid te tref. Die verteller mag byvoorbeeld aan die woord wees, maar die storie speel af vanuit die perspektief van ‘n karakter. Die verteller kan dus vertel, maar die karakter sien. In hierdie hoofstuk sal dus eers gekyk word na die fokalisasie in Job.

Die verteller of vertelinstantie is ook nie ‘n eenvoudige saak nie en die verteller kan nie altyd in eenvoudige terme beskryf word nie. Die storie word op verskillende wyses deur verskillende instansies vertel. Nadat die fokalisasie van die Jobdrama beskryf is, sal die vertelinstantie aan die orde kom. Fokkelman (1999:208-209) se vrae 4<sup>121</sup> en 8<sup>122</sup> word onder andere hier beantwoord.

#### 7.2 Fokalisasie.

‘n Onderskeid kan getref word tussen eksterne- en interne fokalisasie. Fokalisasie is intern of ekstern relatief ten opsigte van die storie wat vertel word, of van die gebeure wat plaasvind. Eksterne fokalisasie vind plaas deur ‘n fokalisator wat van buite die storie ‘kyk’. Interne fokalisasie het ‘n fokalisator wat self ‘n karakter binne die verhaal is.

<sup>120</sup> Vergelyk die debat tussen Strike (1995:97-99) en Schmeling (1995:85-96) aangaande fokalisasie.

<sup>121</sup> “4. Can you feel the narrator’s presence anywhere in the text? This will apply especially in the case of information, comments, explanations or value judgements on his part. Can you point to these instances of the writer speaking? Where is the writer less obviously present (for instance in his deliberate arrangement or composition of the material)? Does he usually make his own statements at strategic points in the text?” (Fokkelman 1999:208).

<sup>122</sup> “8. Where are the speeches? Are there many of them? Have speeches been left out where you would expect them? What factors influence the characters who is speaking, what self-interest, background, desires, expectations?

*Congruence:* do the characters’ words match their actions? If not, how come?

Does the text contain indications of the *writer* supporting or approving of his character?” (Fokkelman 1999:208).



Die onderskeid tussen die perseptuele-, psigologiese- en ideologiese fasette van fokalisasie kan dit ook makliker maak om te onderskei tussen eksterne en interne fokalisasie. (Vergelyk Tabel 2.1 vir die uiteensetting van hierdie drie fasette van fokalisasie). Fokalisasie sal in hierdie hoofstuk (soos ander aspekte in ander hoofstukke) ook toneel vir toneel beskryf word. Die fokalisasie van 'n ganse bedryf sal bespreek word as 'n opsomming van die fokalisasie in die tonele van daardie bedryf.

*i) Bedryf I [1:1-2:13]:*

Fokalisasie in Bedryf I (1:1-2:13) kan opgesom word as gemengde fokalisasie. Hoewel 'n mens verkillende karakters se fokalisasie van Job en die gebeure rondom die Jobkarakter in Bedryf I (1:1-2:13) waarneem, is die verteller in hierdie bedryf steeds sterk (voelbaar) aanwesig. Die verteller bied hierdie bedryf aan en sy ideologie is dominant. Die verteller het die Jobkarakter gekarakteriseer as vroom en Job het hierdie karakter gestand gedoen. In Bedryf I (1:1-2:13) is daar dus 'n hele aantal 'sienings' oor Job en die gebeure rondom hom, maar die verteller se 'siening' bly die oorheersende. Die heersende fokalisasie in Bedryf I (1:1-2:13) kan opgesom word as **Verteller > Karakter**, wat eintlik impliseer dat non-fokalisasie plaasvind.

Deur die vertelling van hierdie bedryf met wisselende fokalisasie aan te bied, slaag die verteller daarin om die leser se vertroue volkome te wen. Die bedryf skep egter vrae oor die 'voorspoedsteologie' van die dag. Hoe kan Jahwe dan toelaat dat so iets gebeur? Die oplossing is duidelik uit die gebeure in die bedryf af te lei – die rampe wat vir Job tref, is slegs 'n toets van Jahwe. Aan die einde van Toneel 4 (2:1-10) lyk dit tog asof Job die toets gaan slaag. Watter kaart gaan Satan by die volgende vergadering van hemelinge speel? Die verhaal kry nie kans om hierdie vraag te antwoord nie, want in Bedryf II (3:1-26:14) begin dit lyk asof Job die toets nie gaan slaag nie...

*a) Toneel I[1:1-5]:*

Die Jobdrama begin in hierdie toneel met eksterne fokalisasie. Die verteller vertel met 'n panoramiese blik van die man Job. Die verteller kan oor al die mense in die Ooste kyk en sien dat Job die vroomste is. 'n Mens sien ook 'n bepaalde ideologie in die fokalisasie van die verteller. Job se karakter word in kort beskryf as vroom en ryk. Die karaktereienskappe van vroomheid en rykdom word sonder 'n eksplisiete 'daarom' beskryf. Met ander woorde, die

verteller sê nie “Job was vroom daarom was hy ryk” nie. Hy bied hierdie twee karaktereienskappe so ‘terloops’ naas mekaar aan. Die verteller weet dat die eerste lesers<sup>123</sup> van hierdie verhaal in die slagat sal trap wat hy vir hulle stel. Die leser bekend met die optimistiese wysheid van die dag sou nie ‘n ‘daarom’ van die verteller nodig nie. Die eerste leser sou vanself aflei dat daar ‘n samehang tussen rykdom en vroomheid is. Die verteller fokaliseer Job dus doelbewus op ‘n bepaalde manier en wen sodoende sy leser se vertroue.<sup>124</sup> Die verteller en leser is op dieselfde golfleengte. Hierdie ideologie is dus nie noodwendig die ideologie van die verhaal (of selfs die verteller) nie, maar ‘n taktiese vertrekpunt van ‘n verhaal wat juis hierdie ideologie wil bevraagteken.

Die karakter Job se vroomheid word beklemtoon met interne fokalisasie in 1:5, as die verhaal aandui wat Job se denke rondom sy kinders se partytjies is. Job sien die partytjies as ‘n potensiële plek waar sy kinders God dalk kan vervloek. Die verteller kon sekerlik gewoon op ‘n meer indirekte wyse gerapporteer het wat Job gedink het. Hy bied egter Job se denke op ‘n meer direkte wyse aan en verleen sodoende meer legitimiteit aan die karakterisering van die Jobkarakter.

Toneel 1(1:1-5) sou sekerlik ook beskryf kon word as non-fokalisasie, omdat daar nêrens pertinent gesê word dat iemand kyk nie. Die manier waarop die verteller egter vir Job beskryf, skep die effek van ‘n panoramiese blik op die karakter Job.

#### ***b) Toneel 2 [1:6-12]:***

Dié toneel word met non-fokalisasie begin (1:6) en geëindig (1:12). Die verteller neem die vertelling deur non-fokalisasie na ‘n ander ruimte – die woonplek van Jahwe en die ander hemelinge. Interne fokalisasie kom voor in 1:8-11 waar Job en sy vroomheid die gefokaliseerde objek is en Jahwe en Satan die fokalisators.

In 1:8 moet Jahwe se siening van Job afgelei word uit sy opmerkings aan Satan. Jahwe vra aan Satan of hy vir Job gesien het op sy swerftogte. Die rede vir sy vraag lê opgesluit in

---

<sup>123</sup> Die eerste ‘gehoor’ van die Jobdrama was natuurlik nog nie lesers soos die moderne leser nie. Geletterdheid was beperk tot ‘n handjievol mense en die vertelling van verhale grootliks mondeling. ‘n Mens sou sekerlik eerder moet praat van eerste hoorders in plaas van eerste lesers. Ter wille van die feit dat hierdie studie werk met die teks, word verwys na die eerste ‘gehoor’ as lesers.

<sup>124</sup> Vgl. Dailey (1993a:65): “Structured into each scene is a narrative twist that poses a question or elicits a reaction, and by this strategy the author calls forth an ever greater involvement of the reader in the process of understanding the story.”

Jahwe se opmerking aangaande Job: “Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad” (Job 1:8b – NAV). In hierdie opmerking sien ‘n mens hoe Jahwe vir Job fokaliseer. Jahwe se karakterisering van Job stem ooreen met die karakterisering van die verteller.

Satan fokaliseer Job en sy voorspoed anders as Jahwe in die vertelling in Toneel 1(1:1-5). Satan se vraag is die eerste plek in die boek Job waar die wysheid oor voorspoed en vroomheid bevraagteken word. Satan se siening van Job se vroomheid is dat dit ‘n aanwendsel is. Job is nie opreg in sy vroomheid nie – hy is vroom omdat Jahwe hom seën en nie geseënd omdat hy vroom is nie. Indien Jahwe Job se rykdom sou wegneem, sou Job sy ware kleure wys. Job sou self doen waarvoor hy die bangste was dat sy kinders sou doen, naamlik om Jahwe in sy gesig te vloek. Deur vir Satan die taak te gee om vrae te vra oor die verband tussen voorspoed en vroomheid, haal die verteller die fokus van homself (en enige iemand wat die vraag wil vra) af.<sup>125</sup>

Toneel 2 (1:6-12) word in 1:12 met non-fokalisasie afgesluit. Die leser wonder of Jahwe vir Satan toelaat om Job te beproef omdat Hy Job beter ken as Satan. Of het Satan se fokalisasie van Job dalk vir Jahwe laat twyfel oor sy eie fokalisaie van Job? Aangesien dit interne fokalisasie is, kan ‘n mens vra of Jahwe se kennis aangaande Job beperk is. Dit skep vertwyfeling by die leser. ‘n Mens sien dat Jahwe<sup>126</sup> en Satan Job subjektief fokaliseer – elkeen huldig sy eie opinies en sentimente aangaande die karakter (dit lê op die emotiewe deel van die psigologiese faset van fokalisasie). Of Jahwe seker is of twyfel, kan nie met sekerheid gesê word nie. Jahwe en Satan se verskillende fokalisasie laat die leser twyfel oor Job se karakter.

### ***c) Toneel 3 [1:13-22]:***

In vers 13 skets die verteller agtergrond wat die vertelling verskuif na die ruimte waarin Job en sy mense leef. In 1:14-18 word die rampe wat Job tref by wyse van interne fokalisasie beskryf. Nie minder nie as vier maal kom ‘n boodskapper na hom om hom te vertel van ‘n ramp wat hom van sy rykdom ontnem het. Die gebruik van interne fokalisasie skep ‘n gaping tussen die gebeure op die aarde en die gebeure in die hemel. Die boodskappers van ongeluk is

<sup>125</sup> “He (Satan) cannot call into question Job’s incomparable piety. Nor does he doubt its sincerity, its genuineness. What he must question – and what must be questioned (there is nothing “satanic” about the question) – is what the link between Job’s godliness and his prosperity is” (Clines 1989:25).

<sup>126</sup> “Job is God’s boast” (Clines 1989:24).

nie bewus van die hand van Satan in al die rampe nie. Inteendeel, die oorsake word aan natuurampe en bendes mense toegeskryf. Hier is die psigologiese faset van fokalisasie duidelik aanwesig. Job sien dus Jahwe se hand in sy aanvanklike voorspoed en in die huidige rampe. Die boodskappers se kennis is beperk tot die wêreld waarin hulle leef. Job fokaliseer die gebeure anders as die boodskappers. Job meen dat Jahwe gegee het en geneem het. Hier kry die leser insig in Job se ideologie oor God.

**d) Toneel 4 [2:1-10]:**

Hierdie toneel begin soos Toneel 2 (1:6-12). In 2:1-2 verkuif die ruimte weer na die hemel. Die fokalisasie is non-fokalisasie. In 2:3 fokaliseer Jahwe die karakter Job dieselfde as in 1:8. Jahwe se karakterisering van Job word bevestig in die lig van Job se blywende vroomheid ten spyte van sy verliese. Job is nie slegs vroom nie, maar volhardend ook. Satan interpreteer Job se optrede weereens anders as Jahwe. Satan meen dat Job vroom bly omdat sy gesondheid nie aangetas is nie. Vir 'n tweede keer gee Jahwe vir Job oor aan Satan op die voorwaarde dat Job se lewe gespaar word.

Job tree nie op soos Satan voorspel nie, hoewel sy vrou hom aanmoedig om God te vloek en te sterf. Job hou vol dat 'n mens die slegte en die goeie van God moet aanvaar. Job se ideologie oor God word bevestig.

**e) Toneel 5 [2:11-13]:**

Toneel 5 (2:11-13) se vertelling is grootliks non-fokalisasie. In 2:12 word eksterne fokalisasie aangetref: die verteller vertel wat die drie vriende van 'n afstand sien en hulle reaksie daarop. Die fokalisasie is panoramies en sien die vriende en Job van 'n afstand af.

**ii) Bedryf II [3:1-26:14]:**

Hierdie bedryf vorm 'n skril kontras met Bedryf I (1:1-2:13). So voelbaar as wat die verteller in Bedryf I (1:1-2:13) is, so afwesig is die verteller in Bedryf II (3:1-26:14). Die fokalisasie van die konsepte van vroomheid, sonde, voorspoed en lyding word oorgelaat aan die karakters self. Die verteller is so afwesig dat die Jobkarakter van Bedryf II (3:1-26:14) 'n skril kontras vorm met die Jobkarakter van Bedryf I (1:1-2:13). Die verteller se invloed op die leser in Bedryf I (1:1-2:13) word ontdek uit hierdie kontras. Job se fokalisasie van die probleem lyk meteens anders in Bedryf II (3:1-26:14) as in Bedryf I (1:1-2:13), waar die verteller

fokaliseer. Dit wil vir die leser (wat nou by Job self hoor wat hy beleef) voorkom asof Satan tog reg was.

Die interne fokalisasie van Bedryf II (3:1-26:14) trek die leser onwillekeurig in die verhaal in. Die verhaal is skielik nie meer 'n storie wat die heersende ideologie van 'n alomteenwoordige verteller bevorder nie, maar 'n lewendige debat oor lewensvrae deur karakters wat twyfel en dwaal soos regte mense. 'n Verskeidenhied stemme word gehoor. Verskillende opinies word gelug.<sup>127</sup> Die gevolg is dat die aandag van die leser behou word. Bedryf I (1:1-2:13) het 'n klomp vrae geskep; Bedryf II (3:1-26:14) het die leser betrek by die soekproses na antwoorde. Die leser beskik egter oor inligting waarom die karakters nie beskik nie. Dit skep spanning en behou die leser se aandag. Die leser moet homself hier indink wat deur die gedagtes en gevoelens van Job gaan.<sup>128</sup>

**a) *Toneel 6 [3:1-26:14]:***

Hier is die verteller heeltemal afwesig. Die woorde van karakters word nou direk aangebied. Die leser moet die fokalisasie van 'n karakter aflei uit die karakter se woorde self. Hierdie is interne fokalisasie op sy beste. Job se drie vriende fokaliseer Job se toestand<sup>129</sup> en voer redes daarvoor aan. Job fokaliseer ook sy toestand, maar verskil van sy vriende aangaande die redes vir die toestand waarin hy verkeer.<sup>130</sup> Die psigologiese faset dui kognitief op beperkte kennis van hierdie vier karakters en emotief op die subjektiwiteit waarmee elkeen die probleem benader. Ideologies leer die leser elke karakter se 'teologiese-sentimente' ken. Perseptueel is

<sup>127</sup> Daarom kan 'n mens nie noodwendig praat van die ontwikkeling van wysheid soos Loader (vgl. 1979:117-123) nie, maar 'n mens kan wel onderskei tussen verskillende denkraamwerke. Job is dus nie 'n voorbeeld van die opkoms van protes teen dogmawysheid soos Loader (1979:121) beweer nie. In Job tref 'n mens byvoorbeeld gelyktydig dogmawysheid en proteswysheid aan. Job se woorde is dan proteswysheid en die vriende s'n dogmawysheid. Verskillende tipes wysheid bestaan dus naas mekaar met 'n sekere tipe wat meer dominant is vir 'n sekere tyd of plek. (Dit vergelyk goed met die huidige debat oor postmodernisme. Die onderskeid tussen premodernisme, modernisme en postmodernisme (vgl. Du Toit 2000:18) moet myns insiens nie gesien word as fases van ontwikkeling nie. Hierdie drie denkraamwerke bestaan op enige gegewe tyd naas mekaar. Die een is gewoonlik slegs meer dominant op 'n gegewe tydstip (en plek) as die ander.)

<sup>128</sup> Clines (1989:8) meen dat die leser genoeg inligting het om te weet dat die bedoeling van die verhaal is om iets te sê oor onverdiende lyding. Job het nie dieselfde inligting as die leser nie en beleef 'n klomp twyfelvrae oor God en/of oor homself.

<sup>129</sup> Die Ou Testament interpreteer gewoonlik siektes soos die van Job as God se straf op sonde (vgl. Wright & Jones 1992:279).

<sup>130</sup> "The imagination of the friends are anchored in integrative narrative patterns and practice of piety that allow one to experience not only a grounding sense of order and security but also the hope of transformation. At the heart of Job's imagination lies the enigma of bodies broken for no reason. By insisting on speaking of and for such bodies, Job is drawn to the language of justice and accountability as it can be imagined in a court of law" (Newsom 1999:252).

die karakters in hierdie toneel duidelik beperk tot die tyd en ruimte waarin hulle hulleself bevind. Job en sy vriende se fokalisasie van Job verskil drasties.

**iii) *Bedryf III [27:1-42:17]:***

Die bedryf begin met dieselfde interne fokalisasie as Bedryf II (3:1-26:14). Die sienings van die karakters word steeds beklemtoon. Vir die eerste maal sedert Toneel 4 (2:1-10) kom Jahwe aan die woord. Sy woorde moedig vir Job (en die leser) aan om opnuut oor Jahwe te fokaliseer. Die leser leer ook dat Jahwe eerder opregtheid as goeie teologiese argumente in ag neem. Die verteller fokaliseer die karakter Job aan die einde van die Jobverhaal soos wat hy ook aan die begin van die verhaal gefokaliseer het.

**a) *Toneel 7 [27:1-31:40]:***

Toneel 6 (3:1-26:14) gaan naatloos oor na Toneel 7 (27:1-31:40). 'n Onderskeid word inhoudelik tussen die twee tonele gemaak. Toneel 7 (27:1-31:40) se fokalisasie is suiwer intern soos Toneel 6 (3:1-26:14). Job probeer nie meer om sy vriende verkeerd te bewys nie. Sy fokus val nou op sy toestand vroeër en nou, asook Jahwe se karakter en aandeel in sy huidige toestand. Dit is duidelik dat Job ander mense fokaliseer as mense wat hom nie meer eer soos vroeër nie. Hy fokaliseer ook vir Jahwe as een wat nie meer reg teenoor hom optree nie.

**b) *Toneel 8 [32:1-37:24]:***

Toneel 8 (32:1-37:24) begin met die verteller wat opsom dat Job sy drie vriende se monde gesnoer het. Die verteller stel ons ook voor aan 'n jong man, Elihu en beskryf hom as kwaad vir Job en sy drie vriende. Die res van die toneel is Elihu se monoloog en dus ook interne fokalisasie. In Job 32 maak hy aanspraak op objektiwiteit. Hy keur die raad van Elifas, Bildad en Sofar af omdat hulle nie vir Job kon oortuig nie. Vir Job is hy ook kwaad en begin in Job 33 vir Job tereg wys. Hy deel in hierdie toneel sy siening van die gebeure rondom Job. Sy fokalisasie van Job en sy ellende verskil nie werklik van die van die ander drie vriende nie.

**c) *Toneel 9 [38:1-42:6]:***

Jahwe nooi nou vir Job om anders te fokaliseer oor Hom en die aantygings wat Job teen Hom maak in daardie lig te beskou. Jahwe nooi Job om verby homself en sy vriende te kyk na die skepping rondom hom. Miskien sou Elihu se opmerkings in 36:26-37:24 Job bewus maak van Jahwe se teenwoordigheid in die Skepping. Dit sou Job dan anders laat fokaliseer oor Jahwe.

Dit sou by implikasie beteken dat Jahwe nie in Job 38-42:6 aan die woord hoef te wees nie. Job 38-42:6 kan dan slegs Job se fokalisasie van die skepping wees wat hom tot die besef bring van sy eie nietigheid. Jahwe se retoriese vrae en opmerkings in Job 38-42:6 is nie Jahwe se fokalisasie op die skepping nie, maar 'n oproep tot Job om via 'n fokalisasie op die skepping weer te besin oor (fokaliseer op) Jahwe.<sup>131</sup>

**d) Toneel 10 [42:7-9]:**

Hier hoor 'n mens hoe Jahwe die verskillende argumente van Job en sy vriende fokaliseer. Jahwe se siening is dat Job se vriende verkeerd was en dat Job self reg was. Die reg en verkeerd lê nie opgesluit in die teologiese argumente van die karakters nie, maar die opregtheid waarmee hulle argumenteer. Job was rebels, maar opreg. Hy het geen bybedoelings gehad nie en wou slegs vir Jahwe verstaan. Elifas, Bildad en Sofar het vir Jahwe verdedig<sup>132</sup> ter wille van die moontlike voordeel (voorspoed) wat dit vir hulle kon inhou. Hulle vroomheid het in die pad gestaan van opregte gebed (vgl. Gibson 1992:139). Hulle het gedink dit sou Jahwe beïndruk as hulle vir Job tereg wys, en dat Hy hulle dan sou seën. En Elifas? Hoe fokaliseer Jahwe sy argumente? Elifas se argumente verskil nie wesenlik van Elihu, Bildad en Sofar s'n nie. Weer eens: Jahwe fokaliseer nie op die inhoud van die argumente nie, maar die opregtheid van die argumente. Elihu se argumente is swak, maar hy glo opreg in wat hy sê – hy is nie bang dat hy iets sal verloor nie. Hy word nie saam met die ander drie vriende genoem nie omdat Jahwe hom nie fokaliseer as verkeerd nie. Hy word ook nie saam met Job genoem nie, omdat hy nie so 'n belangrike karakter soos Job is nie.

**e) Toneel 11 [42:10-17]:**

Hier rapporteer die verteller slegs oor die uiteinde van die verhaal van Job. Die fokalisasie is eksterne verteller-fokalisasie. Dieselfde outoritêre stem as in Bedryf I (1:1-2:13) word weer gehoor. Hier sien 'n mens hoe die karakter van Job ontwikkel het. Die verteller fokaliseer Job steeds as 'n man wat vroom en opreg is. Die leser het egter 'n 'dieper' Job leer ken. Die leser fokaliseer Job nou anders as aan die begin, omdat die leser nie slegs meer staatmaak op die persoon wat die verteller aanbied nie, maar die persoon wat die leser self leer ken het. Job is steeds dieselfde persoon, vroom en opreg, maar hy is nou 'n baie meer komplekse karakter.

---

<sup>131</sup> Vgl. Dailey (1993b:193-194).

<sup>132</sup> "As soon as Job begins to curse his origins and accuse God of arbitrarily imprisoning him in the hedge of afflictions, the friends rise proudly to God's defense" (Habel 1992:26).

#### *iv) Samevatting: fokalisasie in die Jobdrama*

Die Jobdrama bevraagteken die teologie wat 'n verband wil bring tussen voorspoed en vroomheid, en teëspoed en sonde. Fokalisasie is een van die sterkste tegnieke wat die verteller van die Jobdrama hiervoor gebruik. Die verskynsel van lyding en voorspoed word vanuit verskillende hoeke (opinies) benader. Die verteller begin deur die leser se vertroue te wen. Hy doen dit deur die manier waarop hy die vertelling begin deur sy fokalisasie van 'n sekere karakter in die verhaal. Die gefokaliseerde karakter is natuurlik Job. Die manier waarop die verteller die karakter Job sien, bevestig aan die leser dat daar 'n verband tussen voorspoed en vroomheid is. Die Jobdrama wil juis aandui dat daar nie so 'n verband bestaan nie. Die verhaal wil die leser oortuig met 'n storie waarmee die leser homself kan identifiseer. Deur die leser se sentimente oor voorspoed en vroomheid trompop te ontken, is nie die beste strategie nie. Die vertellersfokalisasie in Toneel 1(1:1-5) maak die leser rustig. Sodoende word die grond berei vir die moeilike vrae wat deur die verhaal aangespreek word.

In die res van Bedryf I (1:1-2:13) trek die verteller die leser deur middel van fokalisasie in die verhaal in. Hy doen dit deur die fokalisasie geleidelik te laat verander van objektief (ekstern) na subjektief (intern).<sup>133</sup> In die res van Bedryf II (3:1-26:14) (Toneel 2-5) sien die leser hoe sewe ander karakters vir Job fokaliseer. Die verteller los egter nog nie heeltemal die leser se hand nie. Die verteller is nog voelbaar aanwesig en dit gee steeds aan die storie outoriteit, wat op sy beurt die vertroue van die leser behou.

Die eerste subjektiewe fokalisasie is die van Jahwe en Satan in Toneel 2 (1:6-12). Jahwe en Satan fokaliseer Job se voorspoed en vroomheid op so 'n manier verskillend dat daar 'n meningsverskil ontstaan oor die motiewe vir Job se vroomheid. Op hierdie wyse begin die Jobverhaal vir die eerste keer die verband tussen voorspoed en vroomheid bevraagteken. Die leser voel homself nie heeltemal tuis met die fokalisasie van Satan nie, maar Satan se vraag leef baie subtiel in die leser se hart ook en dit skep spanning by die leser.

Die ellende wat vir Job tref (Toneel 3 (1:13-22)), word deur Job op 'n bepaalde manier beleef. Dit is die volgende verskynsel van subjektiewe fokalisasie. Job sien die rampe as 'n manier waardeur Jahwe neem soos wat hy vroeër gegee het. Dit blyk hieruit asof Job se mening is dat

---

<sup>133</sup> In hierdie paragraaf sal eerder gepraat word van objektiewe- en subjektiewe fokalisasie as van eksterne- en interne fokalisasie. Dit sal die verduideliking vergemaklik dat die verhaal se tegniek is om die leser te oortuig deur subjektiewe menings deur die stemme van karakters, in plaas van absolute antwoorde deur die outoritêre stem van 'n verteller.



Jahwe geëer behoort te word as Hy gee, maar ook as Hy neem. Die leser ervaar hier verligting – Satan se argument hou nie water nie. Die afleiding is dat vroomheid voorspoed beteken. Die ironie is dat die leser nie die teëspoed wat Job beleef hier in verband bring met sonde nie. Die leser kyk daarby verby, omdat hy meer inligting het as die karakter Job en die boodskappers wat kom vertel van die rampe. Die leser weet dat Job nie teëspoed beleef as gevolg van een of ander sonde nie. Dit wek egter nog nie by die leser die vraag of daar uitsonderings is op die reël waar teëspoed en sonde (en voorspoed en vroomheid) nie met mekaar verband hou nie, want reeds hier begin die verhaal impliseer dat daar nie altyd so ‘n verband te trek is nie. Die leser stel egter nou meer belang in die uitkoms van die dispuut tussen Jahwe en Satan as in een of ander teologie. So sytel die skrywer die diepste binneste van die leser binne.

Die Jahwe-Satan-dispuut word in Toneel 4 (2:1-10) voortgesit. Jahwe fokaliseer Job as standvastig en die voorspoed-vroomheid teologie is veilig. Satan beskou voorspoed in meer detail. Goeie gesondheid is ook voorspoed. Satan meen dat ‘n man alles sal opoffer vir sy lewe. Weer gee Jahwe aan Satan die geleentheid om dit te toets en weer slaag Job in die toets. ‘n Vierde karakter, Job se vrou, verhoog vir ‘n oomblik die spanning deur haar fokalisasie van Job se getrouheid. Job se vrou is die een karakter in die storie wat die beste sal weet dat Job nie gesondig het nie. Sy is immers sy vrou. (Die leser weet dit ook, maar is helaas nie ‘n karakter in die storie nie). Job se vrou se siening is, soos dié van Job, dat die ellende uit die hand van Jahwe kom. Omdat daar geen verband tussen voorspoed en vroomheid is nie, is daar niks wat Job aan sy toestand kan doen nie. Wat help dit dat hy in sy vroomheid volhard? Hy sal tog niks daardeur wen nie. Die beste ding wat hy volgens haar kan doen, is om vir God te sê hoe hy voel (of dalk eerder soos sy voel?) en die moontlike gevolge daarvan te dra. Job gee ‘n supervroom antwoord – dat ‘n mens die slegte ook van God moet aanvaar as jy die goeie so maklik aanvaar. Job se vrou fokaliseer dat daar nie ‘n verband tussen vroomheid en voorspoed is nie. Uit die gebeure blyk dit dat sy reg is. Indien Job egter dieselfde sou voel, sou Jahwe die dispuut verloor en die verteller sy gehoor.

In Toneel 5 (2:11-13) leer die lesers drie ander karakters ken, wat Job se toestand anders fokaliseer as Job se vrou. Elifas, Bildad en Sofar is nie bewus van Job se sondeloosheid nie. Job se fisiese toestand en hulle verstaan van die verband tussen teëspoed en sonde beïnvloed die manier waarop hulle vir Job fokaliseer. Hulle fokalisasie van Job is dat hy ‘n groot sonde gepleeg het. Dit weet die leser nog nie omdat hulle standpunte eers in Bedryf II duidelik word

(3:1-26:14). Die vraag na wat die vriende gaan sê, is die wortel voor die leser se neus wat die leser verder laat lees.

Bedryf I (1:1-2:13) se fokalisasie neem die leser dus van 'n objektiewe absolute waarheid wat deur die eksterne fokalisasie van die verteller aangebied word, na 'n subjektiewe mening wat deur die subtile interne fokalisasie van karakters aangebied word. Bedryf I (1:1-2:13) het die leser nou gereed gemaak en uitgehonger vir die uiterste subjektiewe menings van karakters in die vorm van die interne fokalisasie van Toneel 6 (3:1-26:14). Sonder dat die leser dit besef, het die verhaal die leser in die verhaal ingetrek deur interne fokalisasie.

Toneel 6 (3:1-26:14) se interne fokalisasie maak die leser nou deel van 'n vurige debat. Job se fokalisasie van die gebeure lyk nou skielik anders. Waarom het Job nou van standpunt begin verander? Eerstens sou 'n mens kon sê Job se standpunt in 2:10 was 'n tegniek van die verteller om die verhaal te laat voortgaan. Die leser wil nie hê dat die verhaal daar moet stop nie. Diep binne het die verhaal begin roer aan vrae wat 'n mens nie behoort te vra nie. 'n Tweede rede het te doen met Job se supervroomheid. Hieroor kan 'n mens as leser slegs spekulêr saam met ander lesers. 'n Mens sou kon redeneer dat Job aanvanklik hierdie supervroom antwoord in 2:10 aan sy vrou gee omdat hy besef dat Jahwe hom toets. Uit die verhaal van Abraham wat vir Isak moes offer (Gen 22), is dit tog duidelik dat God die vrome se opregtheid mag toets. Job besef dit baie goed.<sup>134</sup> Sou hy dan die toets slaag deur vroom te bly ondanks teëspoed, sal Jahwe sy voorspoed herstel. Sou hy aan die ander kant na sy vrou luister en God vervloek, sou hy die toets nie slaag nie en Jahwe sou sy teëspoed laat voortgaan. Na sewe dae herstel Jahwe nie Job se voorspoed nie en Job is sy vriende 'n verduideliking verskuldig oor hoekom hy so ernstig agteruit gegaan het. Al wat Job weet, is dat hy onskuldig is en al wat sy vriende glo, is dat hy gesondig het. Job begin nou besef wat die leser ook begin besef – daar is geen verband tussen voorspoed en vroomheid, teëspoed en sonde nie. Die dilemma waarby die leser nou betrek word, is die vraag oor die waaroms van lyding en of 'n mens mag vrae vra oor God se aandeel in lyding. Die leser is verskeurd. Aan die een kant wil hy ook die vrae vra wat Job vra. Aan die ander kant wil hy liever nie deelneem aan Job se twyfelsonde nie en liever die veilige kant van die vriende kies.

---

<sup>134</sup> Vgl. Clines (1989:28).

Die verhaal slaag dus op hierdie stadium meesterlik daarin om 'n neutrale leser te hê. Die leser bevraagteken as't ware nou sy eie voorveronderstellings oor sake soos voorspoed, vroomheid, lyding, teëspoed en sonde. Die leser is 'n skoon boek onder die invloed van 'n meesterlike skrywer.

In Bedryf III (27:1-42:17) beweeg die verteller geleidelik terug na eksterne fokalisasie. Die verteller se fokalisasie is afwesig in Toneel 7 (27:1-31:40), 8 (32:1-37:24) en 9 (38:1-42:6). In Toneel 10 (42:7-9) begin die leser weer die verteller 'voel', terwyl die verteller die verhaal afsluit in sy woorde in Toneel 11 (42:10-17).

Toneel 7 (27:1-31:40) en 8 (32:1-37:24) volg steeds die subjektiewe fokalisasie van Toneel 6 (3:1-26:14). 'n Mens begin nou die gevoel kry dat niemand vir Job sal oortuig nie. Elihu se mening laat 'n mens wonder of daar dan ooit 'n antwoord is.

Die antwoord van Jahwe in Toneel 9 (38:1-42:6) is literêr fantasties ten opsigte van die fokalisasie in hierdie toneel. 'n Mens sou maklik wou sê dat Jahwe hier fokaliseer. Tog is dit nie Jahwe wat fokaliseer nie, maar 'n oproep deur Hom na Job om op die skepping te fokaliseer. Sodoende sal Job 'n prentjie sien wat hom weer sal laat dink oor sy vrae aangaande Jahwe. Job se fokalisasie op die skepping laat hom indirek fokaliseer op homself.<sup>135</sup> Hy sien homself skielik in terme van 'n groter prentjie. Skielik is Job nie meer so belangrik nie en besef hy sy eie kleinheid. Job se vroomheid en opregtheid tree weer na vore uit sy reaksie op dit wat hy sien. Die uitstekenheid van hierdie toneel is dat die verhaal nie 'n oplossing vir die vrae gee in 'n antwoord van Jahwe nie. Die verhaal maak dus steeds nie staat op een of ander outoritêre stem met absoluut waar antwoorde nie. Nee, die verhaal nooi die leser om saam met Job te kyk en die leser kom tot dieselfde besef as Job (vgl. Viviers 1997:118-120).

In Toneel 10 (42:7-9) is daar wel 'n absolute antwoord deur 'n outoritêre stem. Die verteller vertel vir die leser wie in die debat van Toneel 6 (3:1-26:14) nou eintlik reg en wie nou eintlik verkeerd was.<sup>136</sup> Hy behou die metode van interne fokalisasie en gebruik die stem en fokalisasie van Jahwe om outoriteit aan sy gevolgtrekking te gee. Die waarheid is dat dit beter

<sup>135</sup> "What Job now sees with such immediacy is not so much God himself, as it is the cosmos through God's eyes" (Lasine 1988:44).

<sup>136</sup> Vgl. Loader (1994:90-94) se teorie van *circulus vitiosus* waarmee hy die 'reg praat' en 'verkeerd praat' van Job en sy vriende verklaar.

is om opreg met God te worstel, as om met bybedoelings ‘n teologie oor God te probeer beskerm (en sodoende vir God self te probeer beskerm).

Jahwe herstel Job se voorspoed in Toneel 11 (42:10-17). So vertel die verteller dit self. Was Job se vriende dan op die ou einde tog reg? Het Job se opregte worsteling met God gedui op sy vroomheid? Het hierdie vroomheid nou vrugte afgewerp en hom dubbele voorspoed in die sak gebring? Op hierdie vrae is daar nie regtig antwoorde nie. Jahwe het dit goed gedink om vir Job dubbeld terug te gee wat hy verloor het.

### 7.3 Vertelinstantie.

‘n Storie word oorgedra deur ‘n persoon of instansie – die verteller. Die verteller word beskryf in terme van sy verhouding tot die storie. Hierdie verhouding is tweedimensioneel. Die eerste dimensie is ‘n tydsdimensie, waar die verhouding tussen die verteller en die storie temporeel uitgedruk word. Die vertelling kan dan ‘n agterna-, vooruit-, gelyktydige- of ingevoegde vertelling wees. Die tweede dimensie is die dimensie van die narratiewe vlak. Aangesien ‘n narratief in ‘n narratief kan voorkom, kom vertellers ook op verskillende narratiewe vlakke voor. ‘n Verteller kan met ander woorde vertel van ‘n verteller wat ‘n verhaal op ‘n volgende narratiewe vlak vertel.

In Hoofstuk 2 van hierdie studie is vermeld dat Rimmon-Kenan (1983:94-103) die narratiewe vlak, betrokkenheid by die storie en waarneembaarheid van die verteller gebruik as kriteria om die verteller te beskryf. Die verhouding tussen die narratiewe vlak en betrokkenheid by die storie kan ‘n verteller beskryf in terme van ‘n kombinasie tussen intra- of ekstradiëgeties en hetero- of homodiëgeties. Tabel 2.2 sit hierdie verhouding uiteen. Die kombinasie van al drie die bogenoemde kan die geloofwaardigheid van die verteller beskryf.<sup>137</sup>

‘n Mens kan begin deur die temporele verhouding van die verteller van Job te beskryf. Vervolgens sal die narratiewe vlak, betrokkenheid by die storie, waarneembaarheid en geloofwaardigheid van die verteller van Job bespreek word.

---

<sup>137</sup> “Can you feel the narrator’s presence anywhere in the text? This will apply especially in the case of information, comments, explanations or value judgments on his part. Can you point to these instances of the writer speaking? Where is the writer less obviously present (for instance in his dileberate arrangement/composition of material)? Does he usually make his own statements at strategic points in text?” (Fokkelman 1999:208)

Die werkwoord waarmee die verhaal begin, is die Qal perfektum derde persoon manlik enkelvoud van die woord הָיָה - ‘daar was gewees’. Die verhaal begin dus in die verlede tyd en vertel dat “אִישׁ הָיָה בְּאֶרֶץ-עוּץ” (“In die land Us was daar ‘n man ...”). Die begin van Job se verhaal maak die temporele verhouding van die verteller tot die storie die van ‘n agternavertelling.

In Bedryf I (1:1-2:13) bly die leser bewus van die ‘agterna-aard’ van die vertelling omdat die verteller, wat die vertelling in agterna-modus begin vertel, waarneembaar is in die hele bedryf. In Bedryf II (3:1-26:14) neem die verteller se waarneembaarheid af en die temporele verhouding wil voorkom asof dit ‘n gelyktydige vertelling is. Die verteller stel egter telkens die karakter aan die woord met die frase וַיֹּאמֶר “Hy het geantwoord en gesê ...” of וַיֵּצֵא וַיִּסָּף “Hy het voortgegaan, sy diskoers hervat en gesê ...”. Die verteller se waarneembaarheid hier herinner die leser dat die temporele verhouding van die verteller die van ‘n agternavertelling is.

In Bedryf III (27:1-42:17) raak die verteller weer meer waarneembaar. Die modi van die werkwoorde in Job 32:1-6 herinner weer die leser dat die vertelling agterna gebeur. Toneel 10 (42:7-9) en 11 (42:10-17) is baie duidelik agternavertelling afgelei uit die modi van die werkwoorde wat daar gebruik word. Die verteller is weer in Toneel 10 (42:7-9) en veral Toneel 11 (42:10-17) net so waarneembaar as in Bedryf I (1:1-2:13).

Die verteller is ‘n ekstradiëgeties-heterodiëgetiese verteller. Dit is met ander woorde ‘n verteller op die vlak van die eerste narratief wat ‘n storie vertel waarby hy afwesig is. Dit is die tradisionele ouktoriële verteller (vgl. Potgieter 1991:102).

Oor die waarneembaarheid van die verteller kan ‘n mens meer sê. Die waarneembaarheid kan ook grafies voorgestel word (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1). In Toneel 1(1:1-5) is die verteller so oort as wat ‘n verteller kan wees. Hy voldoen aan vier van die ses vereistes van Chatman (in Rimmon-Kenan 1983:96) vir waarneembaarheid. Hier moet ‘n mens nie slegs aan omgewing dink in terme van die ruimtelike aspek van die storie nie. ‘n Mens moet dink aan omgewing as die ‘setting’ van die storie. Die verteller beskryf nie veel van die omgewing nie, maar noem slegs die land Us en die Ooste. Hy plaas die storie egter in ‘n omgewing en is

dus waarneembaar. Hy identifiseer wel karakters van wie die belangrikste die karakter Job is. Behalwe Job identifiseer hy ook Job se slawe en kinders. Van hierdie karakters definieer die verteller net die Jobkarakter (dit is die uitsluitlike taak van Toneel 1(1:1-5)). Die verteller vertel ook van die partytjies van Job se seuns. Die verteller gee nie inligting oor dit wat 'n karakter nie gesê of gedink het nie. Hy stereotipeer wel as hy in 1:3 sê dat Job die rykste in die Ooste was en lewer sodoende kommentaar. In Hoofstuk 7 van hierdie studie is aangedui dat Toneel 1(1:1-5) 'n opsomming is. Die verteller voldoen dus aan die vereiste van temporele opsomming. Die verteller kry dus 'n 5 uit 6 vir waarneembaarheid in Toneel 1(1:1-5) en kan dus beskryf word as overt (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

In Toneel 2 (1:6-12) is die verteller amper heeltemal kovert. Hy gee aan die storie 'n bepaalde plasing – die teenwoordigheid van Jahwe. Hy identifiseer die karakters in die toneel naamlik Jahwe, Satan en die hemelinge. Die verteller beskryf of definieer geen van hierdie karakters nie. Die verteller is nie baie waarneembaar nie en kry 'n 2 uit 6 vir waarneembaarheid in Toneel 2 (1:6-12) (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

In Toneel 3 (1:13-22) is die verteller meer overt, maar tog moeilik waarneembaar. Die storie word kortliks geplaas en die karakters word geïdentifiseer maar nie gedefinieer nie. In 1:22 vertel die verteller dat Job nie iets ongerymds (OAV) aan God toegeskryf het nie. Die verteller vertel dus wat Job nie gesê of gedink het nie en is hier baie overt. In Toneel 3 (1:13-22) is die waarneembaarheid van die verteller 'n 3 uit 6. Die verteller is dus waarneembaar, maar nie so waarneembaar soos in Toneel 1(1:1-5) nie (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

In Toneel 4 (2:1-10) is die verteller net so overt as in Toneel 1(1:1-5). Die verteller word waargeneem by die plasing van die toneel. Hy identifiseer, soos in die vorige tonele, die karakters, maar in hierdie toneel definieer hy ook die karakter Job as hy beskryf dat Satan hom van sy voetsool tot by sy kop met swere getref het (2:7). In 2:7-8 gebruik die verteller ook temporele opsomming om in 'n kort relaas 'n hele reeks gebeure te beskryf. Die verteller meld ook in 2:10 dat “by dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie” (Job 2:10 – OAV). Hieruit lei ons af dat Job nie vir Jahwe vervloek het nie en weet sodoende wat Job nie gesê het nie. Die verteller kry in Toneel 4 (2:1-10) 'n 5 uit 6 vir waarneembaarheid (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

Die verteller is ook in Toneel 5 (2:11-13) oort. Hy plaas die toneel en identifiseer die karakters. Hy definieer ook die drie vriende van Job in terme van hulle herkoms. In 2:13 lewer die verteller kommentaar: “Sewe dae en sewe nagte lank het hulle op die grond by hom gesit sonder om ‘n woord met hom te praat, *want hulle het gesien dat sy smart baie groot is*” (Job 2:13 – NAV – my kursivering). Die verteller interpreteer dus waarom die drie vriende vir sewe dae en nagte net by Job gesit het sonder om ‘n woord te praat. Toneel 5 (2:11-13) is ook ‘n temporele opsomming. Die verteller kry ‘n 5 uit 6 vir waarneembaarheid in Toneel 5 (2:11-13) (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).


In Toneel 6-10 (3:1-42:9) raak die verteller uiters koort en verdwyn omtrent as’t ware. In al hierdie tonele is ‘n karakter die grootste deel van die tyd aan die woord. Die verteller identifiseer telkens slegs die karakter wat aan die woord kom en laat die res van die vertelling oor aan karakterspraak. Aan die begin van Toneel 8 (Job 32:1-6) is die karakterspraak minder maar die verteller is steeds koort. Hy stel op ‘n omsigtige wyse ‘n nuwe karakter, Elihu, aan die woord. In Toneel 6-10 is die verteller koort omdat sy waarneembaarheid slegs ‘n 1 uit 6 kry (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

In Toneel 11 (42:10-17) spring die verteller van koort na oort. Die verteller plaas die toneel, identifiseer die karakters en definieer die karakter Job soos wat hy Job in Toneel 1(1:1-5) gedefinieer het. Die toneel is temporeel ‘n opsomming. In 42:15 lewer die verteller kommentaar op die skoonheid van Job se dogters. “Nêrens in die land was daar vroue so mooi soos Job se dogters nie” (Job 42:15 – NAV). Dit is ‘n waarde-oordeel van die kant van die verteller. Die verteller se waarneembaarheid in Toneel 11 (42:10-17) is ‘n 5 uit 6 (vergelyk Tabel 7.1 en Diagram 7.1).

*Tabel 7.1: Die ses vereistes vir waarneembaarheid van ‘n verteller.*

| <b>6 VEREISTES VIR WAARNEEMBAARHEID</b>          | <b>1</b> | <b>2</b> | <b>3</b> | <b>4</b> | <b>5</b> | <b>6</b> | <b>7</b> | <b>8</b> | <b>9</b> | <b>10</b> | <b>11</b> |
|--------------------------------------------------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|-----------|-----------|
| Beskrywing van omgewing / plasing van storie     | x        | x        | x        | x        | x        |          |          |          |          |           | x         |
| Identifisering van karakter                      | x        | x        | x        | x        | x        | x        | x        | x        | x        | x         | x         |
| Definiëring van karakter                         | x        |          |          | x        | x        |          |          |          |          |           | x         |
| Vertel wat karakter nie gesê/gedink het nie      |          |          | x        | x        |          |          |          |          |          |           |           |
| Kommentaar (interpretasie, oordeel, veralgemeen) | x        |          |          |          | x        |          |          |          |          |           | x         |
| Temporele opsomming                              | x        |          |          | x        | x        |          |          |          |          |           | x         |

Diagram 7.1: Waarneembaarheid van verteller.



Die verteller is geïdentifiseer as ‘n ekstradiëgeties-heterodiëtiese verteller. Waar so ‘n verteller overt is, het hy minder geloofwaardigheid. Hoe meer kovert hierdie verteller raak, hoe meer raak sy geloofwaardigheid. In die paragraaf oor fokalisasie is aangedui dat die verteller in Bedryf I (1:1-2:13) die leser se vertroue wen met sy manier van vertel. Wanneer ‘n mens egter na Diagram 7.1 kyk, sien ‘n mens dat die verteller in Bedryf I (1:1-2:13) op sy mees overte is. As ‘n mens nou sê dat ‘n kovert verteller meer geloofwaardigheid het as ‘n overte verteller, klink dit teenstrydig om te sê dat die verteller in Bedryf I (1:1-2:13) die vertroue van die leser wen.

‘n Mens moet onthou waarom die overte verteller geloofwaardigheid inboet. Die overte verteller boet geloofwaardigheid in omdat sy waardesisteem vir die leser duidelik is. Die leser weet dus dat die overte verteller feite kan verdraai om sy waardesisteem te pas.

Die overte aard van die verteller in Toneel 1(1:1-5), val so reg in die kraal van die leser. In Toneel 1(1:1-5) wen die verteller vertroue by die leser omdat dit lyk of hy dieselfde teologiese sentimente as sy teikengroep deel. Die leser vertrou hom na Toneel 1(1:1-5) genoeg. In Toneel 2 (1:6-12) is die verteller kovert en begin hy die leser se siening subtiel te swaai sonder dat die leser dit agterkom – die verteller deel dieselfde sentimente. Omdat die verteller in Toneel 2 (1:6-12) kovert is, glo die leser wat daar staan. Die bietjie meer waarneembaarheid in Toneel 3 (1:13-22) bevestig slegs dat die verteller aan die leser se kant is. Dit sien ‘n mens in die verteller se getuienis aangaande Job. In Toneel 4 (2:1-10) is die verteller weer overt. Sy waarneembaarheid is egter nie ten koste van geloofwaardigheid nie. Die toneel klink te veel dieselfde as die kovert vertelling van Toneel 2 (1:6-12). Die verteller



kan dit dus bekostig om waarneembaar te wees. Sy waarneembaarheid bevestig ook slegs dat sy sentimente onveranderd bly. In Toneel 5 (2:11-13) is hy ook oortuig, maar boet steeds nie vertroue in nie, omdat hy en die leser teologies saamstem met mekaar.

Tonele 6-10 is doelbewus kovert. Die verteller wil die leser nou begin oortuig van 'n nuwe siening sonder om sy geloofwaardigheid te verloor. Daarom gee hy die verhoog vir die karakters. Die leser twyfel geensins aan die verteller se geloofwaardigheid nie, maar begin 'n stryd met die karakters in die teks. Op die manier trek die verteller die leser in die teks in en word die stryd nie slegs die stryd van die karakters nie, maar ook die stryd van die leser self. Die belangrikste deel van die storie het dus die mees kovert verteller.

Die verteller sluit sy storie met Toneel 11 (42:10-17) af op dieselfde oorte toon as in Bedryf I (1:1-2:13). Die verteller is hier steeds die betroubare vriend van die leser, met dieselfde definiëring van die Jobkarakter as in Toneel 1(1:1-5). Die leser se kop is nou gedraai om anders te dink oor die verband tussen voorspoed en vroomheid, maar hy en die verteller gaan nie as kwaai vriende uitmekaar nie. Intendeel, die leser en verteller het nooit met mekaar verskil nie. Die leser het slegs konflik beleef met die karakters in die verhaal.

#### **7.4 Samevatting.**

Die fokalisasie en die eienskappe van die verteller in Job speel 'n essensiële rol vir die doel van die boek. Die boek wil 'n bestaande teologie of lewenswysheid bevraagteken.<sup>138</sup> Dit is natuurlik die opvatting oor die verband tussen voorspoed en vroomheid en teëspoed en sonde. Die skrywer wil nie hierdie sentimente van die leser stormloop en sodoende die vertroue van die leser verloor nie. Sodoende sal hy nie die leser kan aanmoedig om anders te begin dink oor hierdie saak nie.

Die fokalisasie en vertelinstansie is van so aard dat die leser nie gekonfronteer word met 'n outoritêre stem wat hom wil oortuig van 'n nuwe standpunt nie. Hierdie meesterlike literêre werk trek op 'n effektiewe en kragtige manier die leser in die verhaal in en maak sodoende die karakters se stryd ook die leser se stryd. Aangesien die leser saam stry en nie slegs 'n

---

<sup>138</sup> Die manier waarop die boek Job dit doen, bring Habel (1985:60) daartoe om van die boek te sê: "The book of Job is a brilliant tapestry of literary art and theological dispute. Ambiguous images of the world are interwoven with conflicting perspectives about the world."

toeskouer is nie, is die verandering wat die skrywer by die leser wou teweegbring baie meer effektief.

Fokkelman (1999:208-209) se vrae word ook in hierdie hoofstuk beantwoord:

**“4. Can you feel the *narrator’s* presence anywhere in the text? This will apply especially in the case of information, comments, explanations or value judgements on his part. Can you point to these instances of the writer speaking? Where is the writer less obviously present (for instance in his deliberate arrangement or composition of the material)? Does he usually make his own statements at strategic points in the text?” (Fokkelman 1999:208).**

In Diagram 7.1 is na aanleiding van ‘n analise en bespreking van die vertelinstansie grafies aangedui hoe waarneembaar die verteller is. Daar is ook aangedui dat die verteller homself baie strategies ‘verduister’ om sodoende effektief in sy doel te slaag, naamlik om die teologie van voorspoed-vroomheid te bevraagteken.

**“8. Where are the *speeches*? Are there many of them? Have speeches been left out where you would expect them? What factors influence the characters who is speaking, what self-interest, background, desires, expectations?**

***Congruence*: do the characters’ words match their actions? If not, how come?**

**Does the text contain indications of the *writer* supporting or approving of his character?” (Fokkelman 1999:208).**

Die grootste deel van hierdie narratief bestaan uit karakterspraak. Faktore wat karakters beïnvloed, moet meestal afgelei word uit hulle eie woorde. Behalwe vir die karakter Job, bestaan daar geen agtergrond om karakters se woorde te weeg teen hulle dade nie. Die verteller dui nie werklik ooit aan of hy van ‘n karakter hou of nie.

## **HOOFTUK 8**

### **SAMEVATTING EN SLOTOPMERKINGS**

#### **8.1 Inleiding.**

In hierdie studie is 'n narratiewe metode ontwikkel. Die metode is ontwikkel vanuit bestaande teorieë uit die narratiewe wetenskap asook uit die navorsing oor die Bybelse narratief. Nadat hierdie metode beskryf is, is dit op die teks van die Boek Job toegepas. Die doelwit was nie om 'n relaas te gee oor al die Jobnavorsing tot op hede nie. Die boek Job moes slegs onderwerp word aan die metode wat ontwikkel is. Die narratiewe metode is suksesvol toegepas op die teks van die boek Job. Die metode het hom bewys as 'n metode wat nuwe perspektief op die boek Job kan werp, en as 'n metode wat tuisshoort in die vakgebiede van die Antieke Tale en Bybelwetenskappe.

Die hipotese is dat Job 'n narratief is wat as 'n tipe drama gelees kan word. Die resultaat van hierdie studie het dit bewys. 'n Narratiewe tegniek is op hierdie boek toegepas en het bevredigende resultate gelewer. Die histories-kritiese metode is glad nie gebruik nie. Oplossings is gevind vir die probleme wat gelys is.

Wanneer die boek Job bestudeer word, besef 'n mens waarom die boek so 'n populêre boek vir Bybelnavorsers is. Die boek is 'n aangrypende literêre kunswerk. Die probleme met die boek word aangespreek deur 'n narratiewe metode juis omdat dit 'n literêre werk by uitnemendheid is.

#### **8.2 Die narratiewe metode.**

Die narratiewe metode is hier gebruik as 'n alternatiewe manier om die boek Job te lees en verstaan. Die doel met hierdie metode was nie om ander navorsers verkeerd te bewys nie. In die studie is egter soms met navorsers in gesprek getree. Dit het daartoe gelei dat 'n mens sou verskil met sommige navorsers terwyl ander se navorsing aanvullend was tot die studie. Dit het geensins beteken dat sommige reg en sommige verkeerd is nie. Die metode wat hier toegepas is, is maar een perspektief op 'n komplekse onderwerp.

Die studie het begin met die uiteensetting van 'n metodiek.<sup>139</sup> Daarna is die ontwikkelde teorie toegepas op die boek Job. Die aspekte van die narratief is sistematies bespreek. Dit het egter deurentyd plaasgevind in terme van die ganse narratief (vgl. Diagram 3.1), omdat die aspekte nie waterdig van mekaar geskei kan word nie.

In Hoofstuk 4 is begin by die plot en gebeure van die boek Job. Die narratief se makroplot is verdeel in drie bedrywe. Bedryf I bestaan uit vyf tonele, Bedryf II uit een toneel en Bedryf III uit vyf tonele. Altesaam is daar elf tonele. Die eentoneelbedryf in die middel van twee vyftoneelbedrywe lê sterk klem op die worsteling van die vriende met Job en Job met God. Die plot is ook bestudeer met behulp van 'n benadering rakende die sosiale waardes van eer en skaamte in die teks. Hierdie benadering het die makro-plot bevestig en versterk. Dit het verder ook 'n aanduiding begin gee van wie die helde van die verhaal is. Die helde is onder andere die karakters wat op soek is na eer. Die aspekte van eer en skaamte het ook gedui op die fokalisasie in die teks. In terme van Job se eer kon 'n mens sien hoe God, Satan en Job homself beskou. Job se beskouing van God kom ook na vore.

In Hoofstuk 5 is die karakters en karakterisering bestudeer. Die karakterisering in die Jobverhaal vind grotendeels plaas deur indirekte voorstelling en selde deur direkte definisie. Die belangrikste karakters (die helde) van die verhaal is Job en Jahwe. Hulle is albei op 'n sending (wat verband hou met hulle eer). Hierdie sendings ('quests') van die helde is bymekaar ingebed en beïnvloed mekaar. Die res van die karakters is bykarakters en vervul 'n rol groter as hulle persoon. Hulle is die helpers en opponente van die helde. 'n Interessante diagram (Diagram 5.1) dui die ontwikkeling, kompleksiteit en penetrasie in die innerlike van die karakters aan.

Hoofstuk 6 het die tyd en ruimte van die Jobverhaal beskryf. Die persentasies verteltyd van die verskillende tonele is bereken (Tabel 6.1-6.5) en op 'n grafiese wyse is aangedui hoeveel verteltyd die narratief aan elke toneel spandeer (Diagram 6.1-6.5). Sodoende is afleidings gemaak oor die belangrikheid van tonele. Die narratief 'gee' ook 'n sekere hoeveelheid verteltyd aan die karakters in Toneel 6 (3:1-26:14). Die belangrikheid / status van die karakters is hieruit afgelei (vgl. Tabel 6.5 en Diagram 6.4).

---

<sup>139</sup> Hoofstuk 2 en 3.

Die narratief wy die grootste gedeelte van die narratief aan karakterspraak in Bedryf II (3:1-26:14). Dit maak die verhaal baie lewensgetrou en trek die leser sodoende baie effektief by die verhaal in. Verder bied dit aan die narratief die vermoë om verskillende standpunte te lug by monde van verskillende karakters in plaas van een verteller met een standpunt.

Aangesien die verteller nie baie waarneembaar is nie, moet die leser meestal self aflei in watter ruimte die storie afspeel. Ruimte word dus nie deur die verteller gedefinieer nie, maar deur die leser afgelei.

Hoofstuk 7 het die fokalisasie en verteller van die boek bestudeer. Die fokalisasie en verteller word op so 'n wyse deur die narratief ingespan, dat dit die leser se vertroue wen. Die leser worstel as't ware saam met die karakters oor lewensvrae. Die verhaal word nie vertel deur een outoritêre stem wat 'n mens deurentyd hoor nie, maar in effek deur die karakters self. Die leser kan makliker identifiseer met die verskeidenheid karakters, stemme en sienings in die boek, as wat hy/sy sou identifiseer met die ideologie van een persoon (die verteller).

Die narratiewe metode slaag daarin om die boek te ontleed.

### 8.3 Die Hipotese.

**Die hipotese vir hierdie studie is:** die boek Job is 'n verhaal. Dit is grootliks in poësievorm geskryf, maar dit is nie 'n epos nie. Dit kan as 'n tipe drama gelees word en onderwerp word aan narratologiese tegnieke in die bestudering daarvan. Hierdie narratologiese benadering bied oplossings vir vrae oor die komposisie van en oënskynlike dubbelsinnighede en weersprekings in die boek Job.

Die metode wat ontwikkel is, is toegepas op die teks en het gesuggereer dat die hipotese werkbaar is. Die narratiewe studies wat reeds op die boek Job onderneem is, is gebruik en aangevul. Die narratiewe metode slaag daarin om die boek te ontleed. 'n Mens ontdek wel dat dit moeilik is om die boek Job te tipeer as 'n spesifieke genre. Dit is dus nie werklik so eenvoudig om te sê "Job is nie 'n epos nie" en "Job is 'n drama". Die uitnemendheid van die skrywer van Job, laat nie toe dat die boek eenvoudig geklassifiseer word nie. Soos wat twee pastelskilderye van mekaar sal verskil, so sal twee literêre kunswerke ook van mekaar verskil.

## 8.4 Die groot probleme.

In Hoofstuk 1 is die ‘groot probleme’ in Jobnavorsing geïdentifiseer. ‘n Mens kan nou met reg vra of die probleme aangespreek is deur die narratiewe benadering tot Job.

### NARRATIEF : POËSIE

Dit is verstaanbaar dat ‘n mens die afleiding wil maak dat die narratiewe dele ‘n tipe ‘oerverhaal’<sup>140</sup> is en dat die poëtiese dele ‘n latere byvoeging, ‘n teologie oor die soewereiniteit<sup>141</sup> van God en die teodiseeprobleem<sup>142</sup> (vgl. Habel 1985:25) is. Habel (1985:25-35) wil egter, soos hierdie studie, ‘n argument aanvoer vir die eenheid van die boek. Die afleiding is in hierdie studie gemaak dat die historiese kritiek nie die eenheid van die boek Job kon of kan bewys nie. ‘n Suiwer narratiewe benadering (soos hier die geval is) bewys die eenheid van hierdie boek.

Die feit dat die Jobkarakter van die proloog verskil van die Jobkarakter van die dialoog word nie ‘n teenstrydigheid genoem nie, maar die beskrywing van ‘n komplekse karakter. Histories-krities beskou is daar ‘n teenstrydigheid in die karakter Job. Narratologies beskou is daar slegs sprake van ‘n komplekse karakter wat ontwikkel. Die narratiewe benadering bied dus hier die oplossing.

Die voordeel van ‘n komplekse karakter in ‘n narratief wat ingewikkelde vrae oor God en die teologie van die dag vra, is dat die leser beter met daardie karakter kan identifiseer. ‘n Leser voel tuis met die karakter wat eg mens is. Verder word daardie karakter ‘n verteenwoordiger van die leser – die karakter vra die gevaarlike vrae waarvoor die leser nie kans sien nie. Die karakter Job verteenwoordig ten diepste die stryd tussen teologie en ervaring.<sup>143</sup> Die boek Job

<sup>140</sup> Dit is eintlik interessant dat navorsers nog so laat as 1994 redeneer oor die “old tale” en sy verhouding met die finale vorm (vgl. Flemming 1994:468-482), terwyl dit lyk asof die tendens eerder is om die eenheid van die boek te probeer bewys.

<sup>141</sup> “**Sovereignty:** God’s right and ability to do whatever he wishes or plans to do” (Deist 1984:160).

<sup>142</sup> “**Theodicy:** (Any attempt to solve the problem of) justifying the concept of divine providence in the face of suffering and death – specifically, the problem of reconciling the existence of evil with the notion of God’s love and “**SOVEREIGNTY**” (Deist 1984:172).

<sup>143</sup> “If, like Job, it is with God we have to deal throughout life, how we deal both with life and with God depends in large measure on what we experience as ultimate reality (its constraints and its supports) and how we articulate the object of that experience” (Gustafson 1992:176)

reflekteer op ervaring van die lewe. Wittenberg (1991:157) sê dat “Wisdom is a reflection on experience.” Die Jobverhaal is dus ‘n wysheidsverhaal.

## DIE GEDIG OOR DIE WYSHEID (JOB 28)

Genoeg is sekerlik gespekuleer oor hierdie gedig om dit onnodig te maak om ook hier te spekuleer daaroor. In hierdie studie is aangedui dat die narratief tussen Job 26 en 27 verskuif van ruimte. Dit is, terloops, interessant dat die wysheid in hierdie gedig beskryf word in terme van ‘n ruimte of plek en nie as ‘n hipostase of personifikasie nie.<sup>144</sup> Vanaf Job 27 speel die gebeure af in die ruimte van ‘n hofverhoor. Job 27:1-31:40 is ‘n monoloog van Job met Job in die getuiebank. Job getuig hier oor sy ervaring van die lewe nou en voor die rampe hom getref het. Hy verwoord ook sy gevoel aangaande Jahwe. Die gedig oor die wysheid is deel van Job se getuienis as geheel.<sup>145</sup> Job verwoord in sy monoloog dus iets van homself, die wysheid en Jahwe. Dit is ‘n baie sinvolle manier om sy getuienis af te lê, want tussen die mens en God lê die mens se nadenke oor God. Die wysheid is onder andere ‘n manier om na te dink oor God en die wêreld.<sup>146</sup> Dit maak Job 28 die sinvolste plek om ‘n gedig oor die wysheid in te sit. Die monoloog van Job (‘n baie komplekse karakter) sou nie dieselfde diepte en kompleksiteit hê sonder Job 28 daarin nie.

## ELIHU

In hierdie studie is aangedui dat Elihu eintlik ‘n ironiese-arbiter tussen Job en Jahwe is. Job se versoek is dat iemand moet arbitreer tussen homself en Jahwe. Die probleem is egter dat daar niemand belangriker is as Jahwe nie, niemand hoër in die hiërargie nie. Wie kan dus optree as arbiter? Die ironie van die verhaal van Job is dat die jongste, onwysste en onbelangrikste persoon gebruik word as arbiter. Hy is die jongste van die manne wat vir Job bemoedig. Hy raak nie juis iets slimmer as die drie vriende van Job kwyt nie. Hy is dus nie die wysste van die klomp nie.<sup>147</sup> Hy wag tot laaste om te praat en die verteller wy nie veel tyd aan die

---

<sup>144</sup> Vgl. Murphy (1993:125).

<sup>145</sup> “The theme of this pivotal poem is the search for wisdom” (Habel 1992:30). Hierdie gedig kan dus maklik deel uitmaak van Job se getuienis omdat Job hier kan getuig oor sy soeke na wysheid en hoe moeilik dit is om wysheid te ontdek. Dit hoef dus steeds nie die digter/skrywer/verteller te wees wat hier kommentaar lewer soos wat Habel (1992:30-33) aanvoer nie.

<sup>146</sup> “Wisdom can be regarded as man’s first attempts at controlling and understanding his reality and to systematise this understanding as an aggregate of meaning in terms of which he can also find his way in the world” (Nel 1996:433).

Vgl. ook Van Rooy (1991:305-307).

<sup>147</sup> Volgens Viviers (1995:185) wil Elihu graag die held wees, maar maak hy ‘n dwaas van homself. Dit beklemtoon die argument dat hy ‘n ironiese arbiter is. In ‘n sekere sin is hy ‘n held (die arbiter), maar die ironie is dat hy soos ‘n jong dwaas optree.

karakter van Elihu nie. Hierdie karakter is werklik 'n ironiese arbiter. Dit wil selfs voorkom of Elihu suksesvol is. Elihu vermeld in sy monoloog die skepping en die rol van die Skepper daarin. Dit berei die grond voor vir Jahwe se getuienis.

Elihu het 'n baie belangrike rol ten spyte daarvan dat die verteller hom eers in Job 32 voorstel en nie reeds aan die einde van Job 2 nie. Die element van verrassing skep by die leser dieselfde effek as wat dit by Job en sy drie vriende skep. Niemand het hom daar verwag of verwag dat hy iets sal sê nie. Die verrassingselement skep 'n verwagting. Die verwagting wat geskep word, laat 'n mens verby die feit kyk dat hy nie in wese iets anders as Job se vriende sê nie.

Dit bring 'n mens by 'n ander probleem. As Elihu dan nie veel anders sê as die drie vriende van Job nie, waarom sluit Jahwe hom nie by die drie vriende in wanneer Hy hulle in 42:7-9 berispe nie.<sup>148</sup> In hierdie studie is aangedui dat Jahwe nie die driemanskap berispe op grond van die inhoud van hulle woorde nie, maar op die intensies van hulle berading. Job (en Elihu) se woorde is opreg uit die hart. Elifas, Bildad en Sofar het bybedoelings met die manier waarop hulle teologiseer. Hulle redeneer oor Jahwe op so 'n manier dat dit vir hulle voordeel kan inhou (dat Jahwe hulle mag seën).

### **GOD SE ANTWOORD AAN JOB**

Die stryd tussen Jahwe en Job is beskryf in terme van eer en skaamte (sosiale waardes). Jahwe verdedig sy eer teenoor 'n ander hemeling. Die gevolge is dat 'n persoon, Job, beroof word van sy eer. Dit raak vir albei 'n stryd om eer. Indien Job ernstig genoeg sou voel oor sy eer, sou God sy eer verloor. Alles hang op 'n manier af van die manier waarop Job sy verliese hanteer. Dit skep spanning. 'n Mens moet ook onthou dat Job se toestand 'n refleksie is op Jahwe se eer. Wanneer die regverdige swaarkry is dit 'n negatiewe refleksie op die God van die regverdige, want voorspoedsteologie verkondig dat die mens wat swaarkry nie die regverdige is nie, maar die goddelose.

Die gevolge van Jahwe se antwoord aan Job is dat Job en die leser besef dat God groter is as die mens en die mens se lyding. God se eer is belangriker as 'n teologie wat voorspoed en vroomheid met mekaar verbind. So 'n teologie is slegs 'n uitdrukking van mense se verstaan

---

<sup>148</sup> Wilcox (1998:85-95) se argument dat Jahwe vir Elihu in 38:2 tereg wys en nie vir Job nie, is nie oortuigend nie (Bimson 2000:125-128).



van God. God is groter as mense se verstaan van God.<sup>149</sup> Mense hoef slegs te gaan kyk na al die onverstaanbare dinge in die skepping om te besef dat God nie gelyk is aan dit wat mense van Hom verstaan nie (vgl. Bezuidenhout 1991:81-91). Dit is dan ook die implikasies van Job 38:1-42:6, dat God groter is as die mens se vermoë om te verstaan. Dat daar nie 'n teologie is wat eenvoudige kitsantwoorde gee oor lyding, die teodisee, voorspoed van die goddelose, MIV/vigs, besoedeling, ensovoorts nie. Die lewe (en God) maak slegs sin binne 'n verhouding met God waarin die lewe op so 'n wyse geleef word dat dit soms aanleiding gee tot 'n worsteling met God<sup>150</sup> - 'n worsteling wat verandering meebring.<sup>151</sup>

Daarom is die vriende verkeerd en Job (en Elihu) reg. Elifas, Bildad en Sofar klou aan 'n teologie wat rykes vroom laat lyk en armes goddeloos. Aan so 'n teologie moet verbeter geklou word. Job glo nie noodwendig anders as sy vriende nie, maar sy ervaring bring hom uit by 'n worsteling met God. Job kan maar weer 'n offer bring vir ingeval soos wat hy gewoon was om vir sy kinders te doen (Job 1:4-5).<sup>152</sup> Met ander woorde, Job kan luister na sy vriende en 'n offer bring vir hierdie sonde waarvoor Jahwe hom straf en waarvan hy nie weet nie. Job doen dit nie. Job bly opreg. Job waag dit eerder om met Jahwe self te worstel as om vrede te maak met 'n teologie wat homself weerspreek. Wat dit betref, handel die boek Job oor integriteit (vgl. Ceaser 1999:445-446). In Job se eie woorde hoor 'n mens die onmoontlikheid vir 'n mens om God te verstaan. Job praat namens elke leser.<sup>153</sup>

Omdat Job opreg met God stoei, sê God self dat Job, nie sy vriende nie, reg is oor God. Job se bietjie woorde in Job 38:1-42:6 getuig van iemand wat iets gesien het wat groter is as hyself. As Jahwe dan Job se besittings tweevoudig aan hom teruggee, is dit nie omdat Job se vriende reg was (as Job hom bekeer sal Jahwe hom herstel) nie. Jahwe herstel Job se status omdat Hy wil en omdat dit 'n refleksie is op sy eer. Jahwe herstel Job se eer omdat geen hemeling of bewoner van die aarde die motiewe of werkswyse van die Skepper kan bevraagteken nie.

<sup>149</sup> Daarom bespreek Brueggeman (1997:386-393) die boek Job in die gedeelte van sy *Ou Testament Teologie* wat handel oor die "Core Testimony" van Israel onder kruisverhoor. Hy noem dit "Israel's countertestimony."

<sup>150</sup> Vgl. Van Niekerk (1991:98) & Dailey (1993a:68).

<sup>151</sup> Vgl. Brown (1999:235).

<sup>152</sup> Of het Job dalk gesoek na die sonde wat hy nie kon opspoor of onthou sodat hy dit kon bely nie, soos die karakter Elisabeth in *Wie weet?* (Cloete 1984:103-106).

<sup>153</sup> "Narratives are often characterized by the fact that the hero – who may be identical to the narrative source – cross cultural frontiers" (Schmeling 1995:86).

## 8.5 Die doel van die boek Job.

Die doel en/of boodskap van die boek Job kan nie in een woord of sin opgesom word nie. Dit is die beste om 'n paar boodskappe of bedoelings uit die boek te haal.<sup>154</sup> Die boek Job is 'n uitstekende literêre werk,<sup>155</sup> 'n kunswerk wat hom nie laat indwing in vasgestelde metodes van interpretasie nie. Die boek Job vra eintlik van die leser om die storie te beleef en nie te vra wat die boodskap daaragter is nie.<sup>156</sup> Vir die leser wat klinkklare antwoorde uit die boek Job wil kry, wag daar dalk 'n teleurstelling.<sup>157</sup> Die leser wat hierdie narratiewe kunswerk geniet, kan moontlik meer antwoorde kry as wat hy/sy vrae gehad het.

*Few stories in the literature of human experience have such power to stretch minds, tax consciences, and expand visions as does Job's. All who witness the disaster in the land of Uz, eavesdrop on the conversations in Yahweh's court, arbitrate the debate between Job and his friends, or shiver at the voice from the whirlwind will have their basic beliefs challenged. One's view of divine sovereignty and freedom as well as one's picture of human suffering and arrogance and integrity will be altered. This is both the danger and the blessing of the book* (Lasor; Hubbard & Bush 1996:471).<sup>158</sup>

<sup>154</sup> 'n Opsomming van die doel van die boek Job in een sin soos die opsomming van Burden (1993:703) doen die boek 'n onreg aan. Burden (1993:703) meen die doel van die boek is "Om God se soewereiniteit en die betekenis van die ware geloof te demonstreer. Die vraag: 'Waarom ly die regverdiges?' kom ook hier ter sprake."

Hierdie boek handel nie alleen oor die soewereiniteit van God of die vraag na die lyding van die regverdige nie! Die boek Job is meer as net 'n Bybelboek wat antwoorde probeer bied op moeilike lewensvrae soos vrae oor God se soewereiniteit en die lyding van regverdiges. Daarom bied Viviers (1999:563-564) (ook 'n eenvolumekommentaar) 'n beter opsomming as hy onderskei tussen 'n aantal hooftemas wat deur die boek hanteer word.

Hunter (1992:140-159) bied 'n tematiese bespreking van die boek Job en dui daarin 'n paar temas aan wat in die boek voorkom.

Vgl. ook Gilkey (1992:165-171).

<sup>155</sup> "Die boek Job word allerweë beskou as een van die grootste werke, nie net van die Ou Testament of ou Israel nie, maar van die wêreldliteratuur" (Loader 1987:1).

<sup>156</sup> Vgl. Schökel (1977:45-61) sowel as Urbrock (1977:149-150) se opsomming van die artikel van Schökel (1977:45-61). Vgl. ook Gottwald (1985:578).

<sup>157</sup> Juis hierdie eienskap van die boek maak dit 'n uitstekende boek met 'n sterk boodskap vir die (post)moderne mens (vgl. Dailey 1999:276-289). Habel (1992:37) is reg as hy sê: "In the world of the wise there are no absolute solutions to the open ended questions of life."

<sup>158</sup> Vgl. ook Brown (1999:229).

“Soos alle goeie teaterstukke wil dit die teatergangers se selfbewussyn verhoog deur hulle uit te nooi om op ‘n nuwe manier (vanuit ‘n nuwe perspektief) na hulleself, na die lewe, na lyding en hulle verhouding met God te kyk” (Meyer, Nell & Vosloo 2005:27).

‘n Narratiewe kyk na die boek Job het die boek waardeur as ‘n literêre kunswerk en nie ‘n historiese werk nie. Hierdie studie het eers gevra “Hoe sê die teks wat hy sê?” en nie van die staanspoor af “Wat sê die teks?” of “Waar kom die teks vandaan nie?” Vanuit hierdie narratiewe benadering is ontdek dat Job nie spesifieke antwoorde wil gee op spesifieke vrae nie.<sup>159</sup> Job wil die leser aanmoedig om vars oor die lewe en oor God na te dink. Job wil die leser aanmoedig om self met God te worstel.<sup>160</sup> “If we are enabled to survive the ordeal like Job did, and if we can penetrate to that inner sanctum where the opposites are reconciled, we, too, may experience the spiritual healing that will ‘bless our latter days more than our beginning’ (cf. Job 42:12)” (Urbrock 1977:153).

Aan die einde was hierdie studie net nog ‘n manier om na die boek Job te kyk. Dit is nie dié regte manier van kyk nie. Op ‘n literêre werk van uitnemendheid soos die van Job kan daar nie een regte manier van lees wees nie. ‘n Mens kan tereg van Job sê wat T.S. Elliot van Shakespeare gesê het (Mettinger 1992:39 & 1997:1):

*About anyone so great it is propable, that we can never be right; and if we are never right, it is better from time to time we should change our way of being wrong.*

---

<sup>159</sup> Indien mens die fout maak om een tema in die boek Job te gaan soek, gaan ‘n mens dalk teleurgesteld staan, of soos Good (1992:50-69) ‘n doel aan die boek toeskryf waarin die boek nie slaag nie (omdat dit dalk nooit die doel van die boek was nie). Dan gaan die navorser dalk tot dieselfde gevolgtrekking kom as Good (1992:50): “I am convinced that the purpose of the book of Job is to solve the problem of evil. Even if it is, I think the book does not actually solve it.” Uit hierdie studie is ontdek dat ‘evil’ nie so prominente rol in die boek Job speel dat dit die sentrale tema of doel van die boek kan wees nie. Verder is ook ontdek dat Job ‘multidimensioneel’ is wat temas en doelwitte betref (dit sien ‘n mens in die verskillende interpretasies van die boek – soveel navorsers, soveel interpretasies).

<sup>160</sup> Vgl. Gustafson 1992:183-184.

## BIBLIOGRAFIE

- Aimers, G.J. 2000. The rhetoric of social conscience in the book of Job. *Journal for the Study of the Old Testament* 91, 99-107.
- Alter, R. 1981. *The art of biblical narrative*. New York: Basic Books.
- Anderson, J.S. 1998. The social function of curses in the Hebrew Bible. *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft* 110, 223-232.
- Bal, M. 1978. *De theorie van vertellen en verhalen. Inleiding in de Narratologie*. Muiderberg: Coutinho.
- Bar Efrat, S. 1989. *Narrative art in the Bible*. Sheffield: Almond Press. (JSOT Supplement Series 70.)
- Bezuidenhout, L.C. 1986. *Struktuur en strekking van die boek Job*. Doktorale proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- Bezuidenhout, L.C. 1991. Betekenis van die natuur in God se antwoord aan Job, in Vos & Müller 1991:81-91.
- Bimson, J.J. 2000. Who is 'this' in "'Who is this ...?'" (Job 38.2)? A response to Karl G. Wilcox. *Journal for the Study of the Old Testament* 87, 125-128.
- Brenner, A. 1989. Job the pious? The characterization of Job in the narrative framework of the book. *Journal for the Study of the Old Testament* 43, 37-52.
- Breytenbach, A.P.B. 2001. Ongepubliseerde klasnotas vir die module 'OTW 851 Eksegetiese metodologie'. Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.
- Breytenbach, C. & Day, P.L. 1999. Satan, in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:726-732.

- Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academia.
- Brown, W.P. 1999. Introducing Job. A journey of transformation. *Interpretation* 53, 228-238.
- Brueggeman, W. 1997. *Theology of the Old Testament. Testimony, Dispute, Advocacy*. Minneapolis: Fortress Press.
- Botha, E. 1995. Die boek Job as bron van intertekste vir “Wie weet?” (Die waarheid gelieg, 1984). *Literator* 16, 17-22.
- Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. (reds) 1987. *Tweegesprek met God*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers. (Die literatuur van die Ou Testament. Deel III.)
- Burden, J.J. 1986. Poëtiese tekste, in Deist & Vorster 1986:37-68.
- Burden, J.J. 1987. Hooglied, in Burden & Prinsloo 1987:57-82.
- Burden, J.J. 1991. Decision by debate: examples of popular proverb performance in the book of Job. *Old Testament Essays* 4, 37-65.
- Burden, J.J. 1993. Job, in Vosloo & Van Rensburg 1993: 703-751.
- Carroll, R.P. (ed.) 1992. *Text as Pretext*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOT Supplement Series 138.)
- Cazelles, H. 1976. Biblical criticism, in Crim, K. (ed) 1976:99-102.
- Ceasar, L.O. 1999. Job: another new thesis. *Vetus Testamentum* 49, 435-447.
- Clines, D.J.A. 1989. *Job 1-20*. Dallas: Word Books. (Word Biblical Commentary.)
- Cloete, T.T. 1984. *Die waarheid gelieg*. Kaapstad: Tafelberg.

- Cloete, T.T. 1984. Wie weet?, in Cloete 1984:102-106.
- Cooper, A. 1982. Narrative theory and the book of Job. *Studies in Religion* 11, 35-44.
- Crim, K. (ed) 1976. *The interpreter's dictionary of the Bible: supplementary volume*.  
Nashville: Abingdon.
- Dailey, T.F. 1993a. The aesthetics of repentance: Re-reading the phenomenon of Job. *Biblical Theology Bulletin* 23, 64-70.
- Dailey, T.F. 1993b. Theophanic bluster: Job and the wind of change. *Studies in Religion* 22, 187-195.
- Dailey, T.F. 1999. The wisdom of irreverence. Job as an icon for postmodern spirituality. *Interpretation* 53, 276-289.
- Deist, F.E. 1984. *A concise dictionary of theological terms*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Deist, F.E. & Vorster, W.S. (eds). 1986. *Woorde wat ver kom*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.  
(Die literatuur van die Ou Testament. Deel I.)
- Deist, F.E. 1986a. Die skrywer, sy teks en sy gehoor, in Deist & Vorster 1986:16-36.
- Deist, F.E. 1986b. Verteltekste, in Deist & Vorster 1986:69-102.
- De Vaux, R. 1973. *Ancient Israel. Its life and institutions*. London: Darton, Longman & Todd.
- Dillard, R.B. & Longman, T. 1994. *An introduction to the Old Testament*. Grand Rapids:  
Zondervan.
- Dornisch, L. 1981. The Book of Job and Ricoeur's Hermeneutics. *Semeia* 19, 3-21.
- Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF

- Exum, J.C. 1992. *Tragedy and biblical narrative. Arrows of the Almighty*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Fisch, H. 1994. Being possessed by Job. *Journal of Literature & Theology* 8, 280-295.
- Flemming, D.E. 1994. Job: the tale of patient faith and the book of God's dilemma. *Vetus Testamentum* 44, 468-482.
- Fokkelman, J.P. 1999. *Reading biblical narrative: A practical guide*. Leiden: Deo Publishing.
- Follis, E.R. (ed) 1987. *Directions in Biblical Hebrew Poetry*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOT Supplement Series 40.)
- Fontaine, C. 1987. Folktale structure in the Book of Job: A formalist reading, in Follis 1987:205-232.
- Fontaine, C. 1992. Wounded hero on a shaman's quest. Job in context of folk literature, in Perdue & Gilpin 1992:70-85.
- Freedman, D.N. 1992a (ed). *The Anchor Bible Dictionary. Volume 4 K-N*. New York: Doubleday.
- Freedman, D.N. 1992b (ed). *The Anchor Bible Dictionary. Volume 5 O-Sh*. New York: Doubleday.
- Genette, G. 1980. *Narrative discourse*. Oxford: Blackwell.
- Gibson, J.C.L. 1992. A New Look at Job 41:1-4, in Carroll 1992:129-139.
- Gilkey, L. 1992. Power, Order, Justice and Redemption. Theological Comments on Job, in Perdue & Gilpin 1992:159-171.

- Girard, R. 1992. Job as failed scapegoat, in Perdue & Gilpin 1992:185-207.
- Good, E.M. 1992. The problem of evil in the book of Job, in Perdue & Gilpin 1992:50-69.
- Gottwald, N.K. 1985. *The Hebrew Bible. A socio-literary introduction*. Philadelphia: Fortress Press.
- Groot aanhalingboek, Die*. 2004. Wellington: Lux Verbi.
- Gunn, D.M. 1987. New directions in the study of Biblical Hebrew narrative. *Journal for the Study of the Old Testament* 39, 65-75.
- Gunn, D.M. 1993. Narrative criticism, in Haynes & McKenzie 1993:171-195.
- Gunn, D.M. & Fewell, D.N. 1993. *Narrative in the Hebrew Bible*. New York: Oxford University Press. (The Oxford Bible Series.)
- Gustafson, J.M. 1992. A response to the book of Job, in Perdue & Gilpin 1992:172-184.
- Habel, N.C. 1983. The narrative art of Job: Applying the principles of Robert Alter. *Journal for the Study of the Old Testament* 27, 101-111.
- Habel, N.C. 1985. *The book of Job*. London: SCM.
- Habel, N.C. 1992. In defense of God the Sage, in Perdue & Gilpin 1992:21-38.
- Hamilton, V.P. Satan, in Freedman 1992b:985-989.
- Handy, L.K. 1993. The authorization of divine power and the guilt of God in the book of Job: useful Ugaritic parallels. *Journal for the Study of the Old Testament* 60, 107-118.
- Haynes, S.R & McKenzie, S.L. (ed). 1993. *To each its own meaning. An introduction to Biblical criticisms and their application*. Louisville: Westminster/John Knox Press.



- Herrmann, W. 1999. El, in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:274-280.
- Hess, R.S. 1998. Issues in the Study of Personal Names in the Hebrew Bible. *Currents in Research : Biblical Studies* 6, 169-192.
- Hoglund, K.G. & Murphy, R.E. (eds.) 1987. *Listening heart: essays in wisdom and the psalms in honor of Roland E. Murphy*. Sheffield: JSOT Press. (JSOT Supplement Series 58.)
- Hoffman, Y. 1983. Irony in the book of Job. *Immanuel* 17, 7-21.
- Hubbard, R.L. (Jr) 1992. Doing Old Testament theology today, in Hubbard, Johnston & Meye 1992: 31-46.
- Hubbard, R.L; Johnston, R.K. & Meye, R.P. (eds) 1992. *Studies in Old Testament theology*. Dallas: Word Publishing.
- Hunter, A.G. 1992. Could not the Universe have come into Existence 200 yards to the Left? A Thematic Study of Job, in Carroll 1992:140-159.
- Jamieson-Drake, D.W. 1987. Literary structure, genre and interpretation in Job 38, in Hoglund & Murphy 1987:217-235.
- Janzen, J.G. 1985. *Job*. Atlanta: John Knox Press. (Interpretation.)
- Keck, L.E. 1976. Literary criticism, in Crim 1976:547.
- Koch, K. 1969. *The growth of the Biblical tradition. The Form-critical method*. London: Adam & Charles Black.
- Kraus, H. 1988. *Psalms 1-59*. Translated by H C Oswald Minneapolis: Augsburg Publishing House.
- Kuntz, J.K. 1998. Biblical Hebrew Poetry in Recent Research, Part I. *Currents in Research : Biblical Studies* 6, 31-64.

- Kuntz, J.K. 1999. Biblical Hebrew Poetry in Recent Research, Part II. *Currents in Research : Biblical Studies* 7, 35-79.
- Lasor, W.S; Hubbard, D.A. & Bush, F.W. 1996. *Old Testament survey. The message, form, and background of the Old Testament*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- Lasine, S. 1988. Bird's-eye and worm's-eye. Views of justice in the book of Job. *Journal for the Study of the Old Testament* 42, 29-53.
- Lasine, S. 1992. Job and his friends in the modern world. Kafka's THE TRAIL, in Perdue & Gilpin 1992:144-155.
- Lawrie, D. 2001. How critical is it to be historically critical? The case of the composition of the book of Job. *Journal of Northwest Semitic Languages* 27, 121-146.
- Loader, J.A. 1979. *Polar structures in the book of Qohelet*. New York: Walter de Gruyter.
- Loader, J.A. 1986. Tekste met 'n wysheidsperspektief, in Deist & Vorster 1986:103-122.
- Loader, J.A. 1987. Die boek Job, in Burden & Prinsloo 1987:1-8.
- Loader, J.A. 1992. Seeing God with natural eyes: on Job and nature. *Old Testament Essays* 5, 346-359.
- Loader, J.A. 1994. Die rebel wat die waarheid oor God gepraat het, in Vos & Müller 1994:87-98.
- Loader, J.A. 2001. Job 9:5-10 as a quasi-hymn. *Old Testament Essays* 14, 76-88.
- Luc, A. 2000. Storm and the Message of Job. *Journal for the Study of the Old Testament* 87, 111-123.
- Lurker, M. 1987. *Dictionary of gods and goddesses, devils and demons*. New York: Routledge.

- Malina, B.J. 1993. *The New Testament world. Insights from cultural anthropology*. Louisville: Westminster/John Knox Press.
- Malina, B.J. Joubert, S. & Van der Watt, J. 1996. *A time travel to the world of Jesus. A modern reflection of ancient Judea*. Halfway House: Orion.
- Martin, D.B. 1993. Social-scientific criticism, in Haynes & McKenzie 1993:171-195.
- Mettinger, T.N.D. 1992. The God of Job: avenger, tyrant, or victor?, in Perdue & Gilpin 1992:39-49.
- Mettinger, T.N.D. 1997. The enigma of Job: The deconstruction of God in intertextual perspective. *Journal of Northwest Semitic Languages* 23, 1-19.
- Meyer, O; Nell, I. & Vosloo, R. 2005. *God se antwoord ... is 'n vraag. Oor God, lyding en die lewe in die lig van die boek Job*. Wellington: Lux Verbi.
- Miles, J.J. (Jr) 1977. Gaggling on Job, or the comedy of religious exhaustion. *Semeia* 7, 71-126.
- Millard, A.R. 1994. Story, history and theology', in Millard; Hoffmeier & Baker 1994:37-64.
- Millard, A.R; Hoffmeier, J.K. & Baker, D.W. 1994. *Faith, tradition and history: Old Testament historiography in its Near Eastern context*. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Murphy, R.E. 1993. Recent research on Proverbs and Qohelet. *Currents in Research : Biblical Studies* 1, 119-140.
- Nel, P. 1996. The voice of Ms Wisdom: wisdom as intertext. *Old Testament Essays* 9, 423-450.
- Newsom, C.A. 1993. Considering Job. *Currents in Research : Biblical Studies* 1, 87-118.

- Newsom, C.A. 1999. Job and his friends. A conflict of moral imaginations. *Interpretation* 53, 239-253.
- Newsom, C.A. 2002. The book of Job as polyphonic text. *Journal for the Study of the Old Testament* 97, 87-108.
- Newsom, C.A. 2003. *The book of Job. A contest of moral imaginations*. New York: Oxford University Press.
- Neyrey, J.H. 1998a. Limited good, in Pilch & Malina 1998:122-127.
- Neyrey, J.H. 1998b. Wholeness, in Pilch & Malina 1998:204-208.
- Oosthuizen, M.J. 1991. Divine insecurity and Joban heroism: A reading of the narrative framework of Job. *Old Testament Essays* 4, 295-315.
- Parker, S.B. 1999. Sons of (the) God(s), in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:794-800.
- Patte, D. 1993. Structural criticism, in Haynes & McKenzie 1993:153-170.
- Perdue, L.G. & Gilpin W.C.(eds). 1992. *The Voice from the whirlwind. Interpreting the book of Job*. Nashville: Abington Press.
- Pilch, J.J. & Malina, B.J. 1998. *Handbook of biblical social values*. Peabody: Hendrickson Publishers Inc.
- Plevnik, J. 1998. Honor/shame, in Pilch & Malina 1998:106-115.
- Potgieter, J.H. 1991. 'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona. Pretoria: Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (HTS Supplementum 3.)

- Prinsloo, G.T.M. 1992. Analysing Old Testament poetry: an experiment in methodology with reference to Psalm 126. *Old Testament Essays* 5, 225-251.
- Prinsloo, W.S. 2000. *Die lof van my God solank ek lewe*. Irene: Medpharm Publikasies.
- Pyper, H. 1993. The reader in pain: Job as text and pretext. *Journal of Literature & Theology* 7, 111-129
- Rimmon-Kenan, Shlomith 1983. *Narrative Fiction: Contemporary Poetics*. New York: Methuen.
- Robertson, D. 1976. Literature, the Bible as, in *Crim* 1976:547-551.
- Roby, R.C. & Ulanov, B. 1962. *Introduction to drama*. New York: McGraw-Hill book company Inc.
- Rose, M. 1992. Names of God in the OT, in Freedman 1992a:1001-1011.
- Ryken, L; Wilhoit, J.C. & Longman III, T (eds) 1998. *Dictionary of biblical imagery*. Downers Grove: InterVarsity Press.
- Scholnick, S.H. 1987. Poetry in the Courtroom: Job 38-41, in *Follis* 1987:185-204.
- Schlobin, R.C. 1992. Prototypic horror: The genre of the book of Job. *Semeia* 60, 23-38.
- Schmeling, M. 1995. Narrative, perspective and cultural otherness. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 11, 85-96.
- Schökel, L.A. 1977. Towards a dramatic reading of Job. *Semeia* 7, 45-61.
- Seitz, C.P. 1989. Job. Full-structure, movement, and interpretation. *Interpretation* 43, 5-17.
- Shelton, P. 1999. Making a drama out of a crisis? A consideration of the book of Job as a drama. *Journal for the Study of the Old Testament* 83, 69-82.

- Smick, E.B. 1986. Semeiological interpretation of the Book of Job. *Westminster Theological Journal* 48, 135-149.
- Smith, R.L. 1993. *Old Testament Theology. It's history, method and message*. Nashville: Broadman & Holman.
- Stories vir die lewe. Omnibus. 'n Boek oor lewenswaardes*. 2002. Wellington: Lux Verbi.
- Strike, N. 1995. Narrative, perspective and cultural otherness. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 11, 97-99.
- Swanepoel, M.G. 1991. Job 12 – An(other) anticipation of the Voice from the Whirlwind? *Old Testament Essays* 4, 192-205.
- Tolmie, D.F. 1996. The analysis of characterisation in Biblical narrative. *Ekklesiastikos Pharos* 78, 76-95.
- Urbrock, W.J. 1977. Reconciliation of opposites in the dramatic ordeal of Job. *Semeia* 7, 147-154.
- Van der Toorn, K; Becking, B. & Van der Horst, P.W. (eds) 1999. *Dictionary of deities and demons in the Bible*. Leiden: Brill.
- Van der Toorn, K. 1999a. God (I), in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:352-365.
- Van der Toorn, K. 1999b. Yahwe, in Van der Toorn; Becking & Van der Horst 1999:910-919.
- Van Niekerk, M.J.H. 1991. Response to J A Loader's 'Different reactions of Job and Qoheleth to the doctrine of retribution.' *Old Testament Essays* 4, 97-105.
- Van Rooy, H.F. 1991. Riglyne vir die prediking oor wysheidsliteratuur, toegespits op die boek Spreuke. *In die Skriflig* 25, 303-321.

- Viljoen, J. 1998. 'n Psigologiese verstaan van die boek Job. 'n Beskouing van W Brueggeman se bydrae tot 'n psigologiese verstaan van die boek Job, in die gesprek rondom psigologiese skrifverstaan. *Old Testament Essays 11*, 115-127.
- Viviers, H. 1995. Die funksie van Elihu (Job 32-37) in die boek Job. *Skrif en Kerk 16*, 171-192.
- Viviers, H. 1997. How does God fare in the divine speeches (Job 38:1-42:6)? *Old Testament Essays 10*, 109-124.
- Viviers, H. 1999. Job, in Vosloo & Van Rensburg 1999:561-599.
- Vos, C.J.A. & Müller, J.C. 1991. *Mens en omgewing*. Halfway House: Orion. (God, mens en wêreld.)
- Vos, C.J.A. & Müller, J.C. 1994. *Menswaardig*. Halfway House: Orion. (God, mens en wêreld.)
- Vosloo, W. en Van Rensburg, F.J. 1993. *Die Bybel in praktyk*. Vereeniging: CUM.
- Vosloo, W. en Van Rensburg, F.J. 1999. *Die Bybellennium eenvolumekommentaar*. Vereeniging: CUM.
- Watson, D.F. & Hauser, A.J. 1994. *Rhetorical criticism of the Bible. A comprehensive bibliography with notes on history and method*. Leiden: EJ Brill.
- Watson, W.G.E. 1984. *Classical Hebrew poetry. A guide to its techniques*. Sheffield: JSOT Press. (JSOT Supplement Series 26.)
- West, G. 1991. Hearing Job's Wife: toward a feminist reading of Job. *Old Testament Essays 4*, 107-131.
- Wharton, J.A. 1976. Redaction criticism, in Crim 1976:729-732.

Whedbee, W. 1977. Comedy of Job. *Semeia* 7, 1-39.

Wilcox, K.G. 1998. 'Who is this...?': A reading of Job 38.2. *Journal for the Study of the Old Testament* 78, 85-95.

Williams, J.G. 1992. Job and the God of Victims, in Perdue & Gilpin 1992:208-231.

Wittenberg, G.H. 1991. Job the Farmer: the Judean *Am Ha-aretz* and the wisdom movement. *Old Testament Essays* 4, 151-170.

Wright, D.P. & Jones, R.N. Leprosy, in Freedman 1992a:277-282.